In the United States it has been argued that the 1926 Supreme Court decision in *Village of Euclid v Ambler Realty Co* moved that system in the direction of defining ownership in terms of its social function.[152] There was a growing awareness that the members of the population must come to grips with the problems of living next to one another. A comparison of important court decisions prior to 1987 reveals that the public interest in land had expanded and the private interest had retreated.[153] In 1987, however, a trilogy of Supreme Court decisions emphasising the private interest once again has had some negative repercussions for this trend.[154]

In Germany, the *Grundgesetz* guarantees ownership,[155] meaning that in principle an owner can use her property as she desires but subject to the provisions of the law.[156] In particular, city planning with its countless limitations on building,

---

147 Wadley (fn 136) 29–30.

148 *Idem* 30.

149 S 28(1). See comments and references above 6 2.

150 Neiderbach (fn 130) 900.

151 Or the ideology of private property and public interest versus the ideology of public participation (see McAuslan (fn 21) 2–7 267–270; see further Wadley (fn 136) 42).

152 Wadley (fn 136) 27. For case reference see fn 42.

153 Bayles and Polden (fn 21) 68; Wadley (fn 136) 29.

154 *Keystone Bituminous Coal Ass'n v De Benedictis* 480 US 470 (1987); *First English Evangelical Lutheran Church v County of Los Angeles* 482 US 304 (1987); *Nollan v California Coastal Commission* 483 US 825 (1987). See commentary by Roddewig "Recent developments in land use, planning and zoning law" 1990 *The Urban Lawyer* 719–831.

155 A 14. The article reads: "Das Eigentum und das Erbrecht werden gewährleistet. Inhalt und Schranken werden durch Gesetze bestimmt." See further Wilhelm *Sachenrecht* (1993) 71; Wolf *Sachenrecht* (1987) 14.

156 The guarantee of ownership comprises ownership both as a legal institution and as a fundamental right of the citizen vis-à-vis the state. See Peine *Öffentliches Baurecht* (1993) 95.

has the effect that the *Baufreiheit*[157] – or right (freedom) to build – is merely a restricted right to build.[158] Ownership also entails a social responsibility,[159] the relevance of which for planning law is clear. In densely populated areas the common good and public interest require a socially sensitive use of property. Besides the constitutional guarantee of ownership, article 903 of the Civil Code (*BGB*) provides for ownership in the "private law" sense.[160] In terms of this article, ownership is the most comprehensive right in respect of a thing, giving the owner every possible entitlement within the limits of statutory law and the rights of others.[161]

This view is echoed in South Africa, where the traditional approach to ownership proceeded from the private rights of the landowner rather than from society.[162] This approach seems to assume that a private property right is virtually sacrosanct, with only a minimal opportunity, if any, for a governmental entity to assert any dominant social interest.

In the South Africa of the present, the view of ownership has of necessity to be redefined to one of a more socially-oriented ownership or property.[163] The social function suggests that the fundamental concern of the analysis is to determine the extent to which the private property interest is subject to a dominant public or social interest asserted by the regulation.[164] Recent calls to democratise the process by bringing "planning to the people where it belongs",[165] decisions such as *Diepsloot*,[166] which looked at the larger social policy structure, and *Knop*,[167] which emphasised the public over the individual interest, the adjustment in the imbalances of the past as well as constitutional and legislative provisions emphasise the social approach.[168] This can only be positive since, in

---

157 Battiss, Krautzberger and Lohr *Baugesetzbuch Kommentar* (1994) 27. The *Baufreiheit* has been drastically eroded by statute. See also Schulte "Das Dogma Baufreiheit" 1979 *DVBl* 133–142 134.

158 Breuer *Die Bodennutzung im Konflikt zwischen Städtebau und Eigentumsgarantie* (1976) 162. As Peine (fn 156) 95 states "Bauen ist nich frei".

159 As expressed in a 14 2: "Eigentum verpflichtet. Sein Gebrauch soll zugleich dem Wohle der Allgemeinheit dienen." See further Wolf (fn 155) 2.2.

160 Wolf (fn 155) 14; Wilhelm (fn 155) 71.

161 "Der Eigentümer einer Sache kann, soweit nicht das Gesetz oder Rechte Dritter entgegenstehen, mit der Sache nach Belieben verfahren und andere von jeder Einwirkung ausschliessen." See Hagen "Privates Immissionsschutzrecht und öffentliches Baurecht" 1991 *NJW* 817–823 817; Wolf (fn 155) 38; Peine "Öffentliches und privates Nachbarrecht" 1987 *JuS* 169–180 170.

162 See eg Lewis "The modern concept of ownership of land" 1985 *Acta Juridica* 241–266; Cowen *New patterns of landownership: The transformation of the concept of ownership as plena in re potestas* (1984). See further Wadley (fn 136) 28.

163 Claassen and Milton (fn 3) 738; Van der Walt (fn 65) 189.

164 Wadley (fn 136) 28.

165 *Idem* 36.

166 See fn 36.

167 *Knop v Johannesburg City Council* (fn 1) 35A–B. Botha JA stated: "The purpose of the supervisory powers conferred on the Council . . . is to promote orderly township development in the public interest, and not to safeguard the plaintiff against pure economic loss . . ."

168 Eg the Restitution of Land Rights Act 22 of 1994; the Development Facilitation Act 67 of 1995.

terms of this view, planning may be seen as providing a structure of expectation in relation to the use of land.[169]

The increasing socialisation of property of necessity leads to more limitations. This raises the question of the position of neighbours in planning decisions.

8 4 Neighbour protection

8 4 1 Introduction

Neighbours, and here is meant neighbours in the wide sense,[170] stand in a relationship to the authorities as well as to owners.[171] One of the most difficult contemporary land-use issues is how to balance the desires of one landowner against the desires of another, while ensuring that one's use of land will neither cause harm to the other nor jeopardise legitimate public interests in land use.[172] In this lies the justification for neighbour protection within the context of a more socially-oriented concept of property.

The rights of neighbours are addressed in two respects,[173] first by their participation in drawing up plans and, secondly by their protection where the use of the land is altered by for example its rezoning subsequent to initial planning decisions.

8 4 2 Public participation

Protection of the rights of the public affected by planning decisions cannot be limited to judicial intervention after development has taken place. Protective measures should be integrated into preceding planning procedures.[174] This is where public participation[175] in planning becomes relevant.

Public participation evolved essentially from the democratisation of society which was the hallmark of the 1950s and the 1960s[176] in the United States of America and the United Kingdom. During this period, criticism of traditional planning arose, the response to which consisted in attempts to ascertain public goals, and to allow the public veto of plans.[177] Measures taken to implement more participation were generally unsuccessful because the process of producing

---

169 Milton (fn 107) 276.

170 Not only citizens, or direct neighbours, but all persons living in a particular area.

171 Schmidt-Assmann (fn 45) 99.

172 Wadley (fn 136) 24.

173 Schmidt-Assmann (fn 45) 99.

174 Ortloff "Nachbarschutz durch Nachbarbeteiligung am Baugenehmigungsverfahren" 1983 *NJW* 961–966 961; Schrödter *Baugesetzbuch Kommentar* (1992) 111.

175 Defined in the following terms: "Public participation is the right of members of an informed community to be actively involved in the planning process which affects them." See further Burdzik *The effect of public participation in land-use planning on the concept of ownership in South Africa* (LLM dissertation University of the Witwatersrand 1987) 14–17; Van Wyk (fn 23) 205–207.

176 Boden "Public participation and the planning process" 1979 *Planning and Building Developments* 14–19 49–51 14; Arnstein "A ladder of citizen participation" 1969 *American Institute of Planners Journal* 216–224 216; Fagence *Citizen participation in planning* (1977) 58.

177 Tomlinson "Some doubts regarding planning theory and professionalism" 1983 *Saipa Journal* 64–73 64 67.

plans was made longer and more cumbersome and little improvement was ascertained in the quality of the plans or in the public's confidence in the planning system.[178] Consequently, moves are afoot to reduce the participatory element in the preparation of plans. A new approach includes engaging participation at an earlier stage in the process so that it becomes one of the inputs of the production of the plan rather than challenges to the draft proposals. The idea is more one of representative than of participatory democracy.[179]

A similar approach exists in Germany. An innovation, operative since 1977, is the early two-phase procedure, whereby the public is involved at the plan-preparation phase.[180] This has had numerous advantages such as the strengthening of the democratic participatory rights of the public, increasing the quality of planning because the local authority is forced to defend its plans from the very earliest stages, and accelerating planning.[181]

In many African countries, public participation is not effective.[182] Moreover, it has remained static and has not taken note of developments elsewhere.[183] Since it is assumed that public participation should be an integral part of the planning process in South Africa,[184] one should determine what is the best way of achieving this. Developments in the United States, England and Germany towards a representative democracy at an earlier stage of planning, may serve as a guide,[185] keeping in mind that the proper vehicle for the South African situation must be developed.[186]

Besides their involvement in the planning process, neighbours also require more recognition of their rights where they, as neighbours, are detrimentally affected by planning decisions. This is the realm of neighbour law.

8 4 3 Neighbour law

Neighbour law as we know it is the traditional or private law neighbour law. This has existed for hundreds of years and in South Africa is derived from both

---

178 Bayles and Polden (fn 21) 78; Heap "Ambience and the environment – the shape of things to be" 1973 *Journal of Planning and Environmental Law* 201–205 201 209.

179 Bayles and Polden (fn 21) 78–79.

180 A 3 *Baugesetzbuch*.

181 Schrödter (fn 174) 110–111 where the general view is that participation delays the planning process with disadvantageous implications.

182 Planning legislation is derived from English law. That system is not necessarily the best vehicle for enacting African planning legislation. It also happens that despite the existence of specific participatory provisions, they are often ignored in practice and are not taken seriously by the authorities, who often turn them a blind eye. See further Van Wyk (fn 23) 216–217.

183 In some African countries, new planning legislation has recently either become operative, eg South Africa (Physical Planning Act 125 of 1991), Malawi (Malawi Town and Country Planning Act of 1988) and Lesotho (Lesotho Town and Country Planning Act of 1980), or has been drafted, eg Kenya (Kenya Draft Physical Planning Bill published in 1992). Except for the South African Development Facilitation Act 67 of 1995, few innovative measures have been introduced.

184 See eg Pienaar (fn 26) 94–96.

185 *Idem* 95–96.

186 Van Wyk (fn 23) 216–217.

Roman-Dutch and English law.[187] Neither common law, nor the contentious "Norms and Standards" chapter VII of the Abolition of Racially Based Land Measures Act[188] now assigned to the provinces, nor the increasingly important role played by neighbourhood associations[189] is sufficient to protect neighbours in a planning law context.

Some adjustments are necessary. German law, which contains some of the most progressive neighbour protection provisions, can possibly assist.

What existed there before the introduction of the Federal Building Code (*Baugesetzbuch*) in 1960 was pure private law neighbour law.[190] This was ineffective in coping with the problems which arose as a result of planning decisions and a so-called *öffentliches Nachbarrecht* developed.[191] The Federal Administrative Court (*Bundesverwaltungsgericht*) granted a public law neighbour action for the first time in 1960.[192]

In planning, conflicts essentially result from a neighbour's suffering injury by a development on an adjacent property. In private law terms, this entails a relationship between two parties acting on equal terms, namely owner and neighbour, and a solution is achieved by an action against the owner of the land for an injury caused by the development. A public law aspect is introduced by the fact that a permit which allows the development, has been granted by a building authority acting in terms of a statutory power. Here there are three parties to the relationship, namely the building authority, the owner and the neighbour. Where the neighbour is injured by the development allowed by the permit, in principle a different action lies against the authority.[193]

---

187 Van der Merwe *Oorlas in die Suid-Afrikaanse reg* (LLD thesis Unisa 1982) 601 provides a definition of neighbour law as "where the conduct of a person in occupation of property causes unlawful harm or annoyance, actual or potential, to neighbouring occupiers of property in the use and enjoyment of their property".

188 Act 108 of 1991. The provisions of this chapter have now been made applicable in all (9) new provinces. See *GG* 16049 of 1994-10-31. See further Van Wyk "The role of neighbourhood committees in maintaining norms and standards in residential areas" in Heyns *et al* (eds) *Discrimination and the law in South Africa* (1994) 198–208.

189 Van Wyk "Removing restrictive conditions and preserving the residential character of a neighbourhood" 1992 *THRHR* 369–385.

190 For the drafters of the *BGB* in 1888, any neighbour issue was to be regulated in terms of private law and conflicts between neighbours had to be decided in the civil courts.

191 Development was, however, slow. It was not until 1949 with the enactment of the *GG* that a change could be discerned. A 19 of the *GG* grants an action to anyone whose rights have been infringed by the authorities. It eliminated the procedural obstacles which had previously prevented a public law neighbour action and paved the way for the development of public neighbour law. See further Kleinlein *Das System des Nachbarrechts* (1987) 4; Schwarzer "Nachbarschutz im öffentlichen Baurecht" 1989 *UPR* 201–209 201.

192 *BVerwGE* 11, 95. See further Kleinlein (fn 191) 4; Schwarzer (fn 191) 201; Kleinlein "Neues zum Verhältnis von öffentlichem und privatem Nachbarrecht" 1982 *NVwZ* 668–670; Steinberg "Grundfragen des öffentlichen Nachbarrechts" 1984 *NJW* 457–464 458. This decision was confirmed in 1965 by the recognition of an independent public law action against the provisions of a building permit regardless of the rights of private neighbours – *BVerwGE* 22, 129.

193 Schwarzer (fn 191) 201; Breuer "Baurechtlicher Nachbarschutz" 1983 *DVBl* 431–440 431 433.

Today the private[194] and the public law[195] neighbour law exist side by side, the affected neighbour having a choice of remedies.[196]

The dual neighbour law system in Germany underpins the entire legal system where a very clear distinction exists between public and private law. Right now the debate there concerns the *Annäherung* between public and private law,[197] with planning law the example par excellence demonstrating that the dichotomy is not as strict as many would like to see it. In England the attitude was always that the expressions public law and private law were foreign imports which had to be treated with caution, if not suspicion.[198] Yet recently it has witnessed a radical and confusing change in the public law/private law divide recognising for the first time that there is a distinction.

In general terms, planning law may be said to have its feet in both public and private law. What does this fact hold for South African legal writing and practice? And what role does the Constitution play in this debate?

9 PUBLIC/PRIVATE LAW DEBATE

In South Africa, the acceptance of the distinction between public law and private law reflects both the English/American common law approach and the European civil law approach.[199] What is taking place in other countries – that one must

---

194 The private neighbour law is contained mainly in a 906 *BGB*. There is a choice of three remedies, viz: (1) abatement and prohibitory actions in terms of a 1004 1 *BGB* and a 1004 2 *BGB*, fault not being required; (2) (no fault) claims for compensation in terms of a 906 2(ii) *BGB* (intrusions); a 912 2 *BGB* (building over the boundary); a 917 2 *BGB* (way of necessity) – fault likewise not being a requirement; (3) a claim for damages, based on fault, from an impermissible act in terms of a 823 2 *BGB* (protective statutes) and a 823 1 *BGB*.

195 Public law neighbour law is contained in building planning law (*Bauplanungsrecht*), federal and regional immission protection law (*Bundesimmissionsschutzrecht & Landesimmissionsschutzrecht*) and in a 17 of the Federal Roads Act (*Bundesfernstrassengesetz*). The remedies include: (1) the *Anfechtungsklage*, aimed at setting aside an administrative act – a 42 1 *Verwaltungsgerichtsordnung*. In building law, it would be available to a neighbour against the building authority for any administrative decision, eg the granting of a permit, where the owner-builder is unduly advantaged and the rights of the neighbour infringed. The rights of neighbours may be affected when either (a) a constitutionally protected right, eg a 14 1 *GG*, or (b) the neighbour protective provisions of the building law are infringed. Whether a provision is neighbour protective and the extent of its protection are determined in terms of the so-called *Schutznorm* theory. This theory entails that a provision is protective when it is also intended to protect the private interests of neighbours; (2) the *Verpflichtungsklage* is employed to compel an administrative authority to make a valid decision to ensure compliance with its decisions. In building law this remedy may be used by an owner to direct an authority to issue a permit to which she is entitled or by a neighbour to compel an authority to act against a person who, without a permit, nevertheless erects a building which contravenes neighbour protective provisions; (3) the *Leistungsklage* (preventive prohibitory action); (4) the *Feststellungsklage* (declaratory order); and (5) *Normkontrollverfahren*.

196 See Breuer (fn 193) 433 and authorities mentioned there.

197 I had the privilege of attending discussions in this regard at the Institut für deutsches und europäisches Verwaltungsrecht at the University of Heidelberg in 1994.

198 Woolf "Public law – private law: Why the divide?" 1986 *Public Law* 220–238.

199 Ferreira "Enkele gedagtes oor die onderskeid tussen publiek- en privaatreg in die Suid-Afrikaanse reg" 1990 *SAPL* 50–65 65; Erasmus "Thoughts on private law in a new South Africa" 1994 *Stell LR* 105–132.

accept that there are differences but that there is a continuous interaction between the two – must apply equally here. However, this argument is incomplete. To complete it requires an examination of the effect of the Constitution on the distinction.

The Constitution is a supreme law.[200] All law is subject to its provisions and all law must be interpreted with due regard to the spirit, purpose and object of the Fundamental Rights chapter. The interpretation clause states specifically that in any interpretation of chapter 3 a court of law must promote the values which underlie an open and democratic society based on freedom and equality.[201] This means that all existing law, including private law, is open to being influenced and shaped by the values enshrined in chapter 3, albeit by way of seepage of the provisions of the chapter into horizontal relationships.[202] This negates the idea that the human rights chapter is vertical in operation only.[203] Moreover, it accentuates the presence of a continual osmosis between these divisions.

Perhaps an emergent planning law, which clearly indicates that a strict dichotomy no longer exists, can contribute to this debate.

10 CONCLUSION

In conclusion, and to place some perspective on the future of planning law in South Africa, it is significant to refer to a particularly severe indictment by JF Simmie, who wrote in 1971 that English planning had failed because of its narrow outlook, the lack of competence and the predominantly upper class and paternalistic ideology.[204]

These words ring equally true for previous South African planning law – if such a thing existed.

Now, however, Cinderella is on her way to the ball. Never before have circumstances been more favourable for a revitalised, conceptualised, development-oriented planning law. For Cinderella to emerge a princess, the lawyers, the planners, the owners, the neighbours and the authorities will have to put their heads together now.

---

200 S 4 provides: "This Constitution shall be the supreme law of the Republic and any law or act inconsistent with its provisions shall, unless otherwise provided expressly or by necessary implication in this Constitution, be of no force and effect to the extent of the inconsistency."

201 See above 6. See further Du Plessis and Corder (fn 64) 52.

202 Du Plessis and Corder (fn 64) 112–113. See also Rautenbach (fn 64) 75–80; Van der Walt (fn 65) 194–195.

203 See further Du Plessis and Corder (fn 64) 110–114.

204 Simmie "Physical planning and social policy" 1971 *Journal of the Royal Town Planning Institute* 450–453.

Die beslegtingsproblematiek in geval van mediese wanpraktyksgeskille

AJ Crous
BIur LLB
Senior Lektrise in Regstoepassing, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

Problems regarding the settlement of disputes in cases of medical malpractice

This article deals with the importance of medical expert evidence and the problems experienced in obtaining a medical expert witness mainly because of the strangeness of the court, hostile cross examination and insufficient witness fees. The available civil procedures, for example assessors (in the magistrate court), arbitrators (in the supreme court), expert witness summonses and pre-trial conferences are also dealt with. Finally, this article serves to suggest alternative means of settling a dispute such as the ombudsperson, screening panels, arbitration and mediation.

1 INLEIDING

Eise voortspruitende uit mediese wanpraktyk bied van die grootste bewys- en prosesregtelike kopsere vir 'n regspraktisyn.

Veral twee opvallende opvattings oor medici word in die gemeenskap aangetref. 'n Ouer, meer konserwatiewe benadering beskou die geneesheer as verhewe bo die reg, byna 'n heilige. In Suid-Afrika word hierdie opvatting vergestalt in 'n traagheid en selfs 'n botweg weiering om teen 'n beweerde nalatige geneesheer te ageer. 'n Tweede en nuwer, meer verligte denkrigting word veral in Amerika aangetref en is al as die sogenaamde "unruly horse" getipeer.[1] Astronomiese eisbedrae wat toegestaan word, tref die beskikbaarheid, kwaliteit en koste van mediese sorg uiteindelik nadelig. Hierdie opvattings baat nóg medici nóg hul pasiënte.

Ondanks fenomenale uitbreiding en ontwikkeling op die gebied van die mediese wetenskap en tegnologie, sal desondanks selfs die mees gesoute geneesheer toegee dat dit bloot menslik is om te fouteer in die diagnostiese, prognostiese en behandelingsproses van 'n pasiënt. Gesien vanuit die medici se oogpunt, is voorkoming beter as genesing en die beste beskerming teen mediese wanpraktykseise is juis voorkoming. Voorkomende maatreëls word geneem uit hoofde van professionalisme, wat op sigself die hoeksteen van die geneesheer-pasiëntverhouding vorm.[2] Dit is gerieflik om 'n leunstoel-kritikus te wees en by

---

1 Strauss *Doctor, patient and the law* (1984) 292–294; Havard "Medical negligence litigation adversarial system: a battleground for expert witnesses" 1989 *The Law Soc Gaz* 4–5.

2 Carstens "Prophylaxis against medical negligence – a practical approach" 1988 *De Rebus* 346 ev doen sekere wenke aan die hand om die regslaggate in 'n mediese praktyk te voorkom. Hoewel hy meld dat daar geen kitsklare oplossings en vaste reëls tov mediese

vervolg op volgende bladsy

nabaat wys te wees. Die mediese wetenskap hou geweldige groot voordele vir die mens in; voordele wat tesame met die risiko's daaraan verbonde op die koop geneem moet word.[3]

In hierdie artikel word eerstens die rol van medies-deskundige getuienis uitgewys, asook probleme met die bekombaarheid van 'n medies-deskundige getuie, hoofsaaklik as gevolg van die hofatmosfeer, "vyandige" kruisondervraging en lae getuiegelde. Voorts word die beskikbare en toepaslike prosedures van die siviele prosesreg, waaronder assessore in die landdroshof, skeidsregters in die hooggeregshof, opsommings van die medies-deskundige getuies en voorverhoorsamesprekings behandel. Ten slotte val die soeklig op alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes, naamlik die ombudspersoon, keuringspanele, arbitrasie en bemiddeling.

2 DESKUNDIGE GETUIENIS

Deskundige getuienis eerder as die konserwatiewe benadering in Suid-Afrika kan as rede aangevoer word vir die betreklik min mediese wanpraktykeise wat uiteindelik ingestel word. 'n Stygende of dalende tendens in die gehalte van gesondheidsorg sal 'n afname of toename in wanpraktyklitigasie meebring.[4] So pessimisties oor die kanse op welslae is 'n Engelse regsgeleerde[5] dat hy dit prontuit stel dat, tensy die saak so opvallend van nalatigheid of 'n wanpraktyk spreek (byvoorbeeld 'n pasiënt verlaat die operasietafel sonder 'n ledemaat in plaas van 'n blindederm of met 'n skalpel vergete in sy liggaam), die eiser-pasiënt probleme sal ondervind om 'n saak tot bevrediging van die verhoorregter uit te maak.

Die eiser-pasiënt sal die hof op 'n oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat die verweerder-geneesheer afgewyk het van die sorg en vaardigheid wat in die betrokke omstandighede van 'n redelike geneesheer in die betrokke praktyksveld verwag word.[6] 'n Geneesheer tree nalatig op indien die redelike geneesheer in die betrokke omstandighede die waarskynlikheid van nadeel redelikerwys sou voorsien en voorkom het.

Die graad van vaardigheid en sorg wat redelikerwys te wagte kan wees, hang grootliks van die getuienis af. Omdat die hof in staat is om sy eie opinie in die

---

wanpraktyk is nie, doen hy baie bruikbare wenke vir die geneesheer aan die hand ter voorkoming van wanpraktykseise.

3 *Roe v Ministry of Health* [1954] 2 All ER 131 137: "It is easy to be wise after the event and to condemn as negligence that which was only a misadventure. We ought always to be on our guard against it, especially in cases against hospitals and doctors. Medical science has conferred great benefits on mankind, but these benefits are attended by considerable risks. We cannot take the benefits without taking the risks. Doctors like the rest of us have to learn by experience and experience often teaches in a hard way."

4 Daar word verwag dat die pasiënt in die toekoms baie meer ingelig behoort te wees tov sy fundamentele regte op gesondheidsorg en reg van toegang tot die howe, soos vervat in hfst 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993. Vgl *Castell v De Greef* 1994 4 SA 408 (K) veral 426.

5 Lewis "Medical negligence: the difficulties of proof" 1983 *The Law Soc Gaz* 1647.

6 *Mitchell v Dickson* 1914 AD 519; *Buls v Tsatsarolakis* 1976 2 SA 891 (T); *Esterhuizen v Administrator, Transvaal* 1957 3 SA 710 (T); *Blyth v Van den Heever* 1980 1 SA 191 (A).

lig van die beskikbare getuienis te vorm, is die opinie van 'n getuie ingevolge die gemenereg ontoelaatbaar.[7] Dog, vanweë sy besondere vaardigheid en kennis van 'n onderwerp, is 'n deskundige getuie beter daartoe in staat om gevolgtrekkings te maak en 'n opinie te vorm op grond van die feitestel of ondersoek as die hof en is die opiniegetuienis toelaatbaar.[8]

Wanneer 'n geneesheer byvoorbeeld versoek word om mediese getuienis af te lê in 'n hof, word hy as 'n deskundige op die gebied van die geneeskunde beskou. Voordat die hof bereid sal wees om sy mediese getuienis aan te hoor, sal die geneesheer die hof moet oortuig dat hy 'n deskundige is.[9] Hy moet die hof as deskundige getuie inlig wat sy bevinding is en die feite waarop hy sy opinie grond, asook die redes (gronde) vir sy opinie aandui.[10]

Die vraag ontstaan hoe die hof deskundige getuienis moet benader:

> "Expert evidence presents peculiar difficulties in the assessment of its probative value. The court does not usually have any means by which it can verify the witnesses' conclusions, and if there is a conflict of expert testimony it may be thrown back upon doubtful factors such as the rival witnesses' reputations and experience. A court which relies upon an expert's opinion is therefore, to greater or lesser extent, taking a step in the dark – something which should be done only *with considerable caution*."[11]

Die primêre taak van 'n deskundige is om aan die hof leiding te gee om 'n juiste beslissing te maak ten opsigte van vrae wat binne sy gespesialiseerde veld ontstaan; sy persoonlike bevinding dien nie as plaasvervanger vir die bevinding

---

7 *R v Vilbro* 1957 3 SA 223 (A) 228–229.

8 *Coopers SA (Pty) Ltd v Deutsche Gesellschaft für Schädlungsbekampfung mbH* 1976 3 SA 352 (A) 370; Hoffman *South African law of evidence* (1970) 97; Schmidt *Bewysreg* (1989) 429.

9 'n Deskundige moet homself as 'n deskundige kwalifiseer: sy ondervinding, kwalifikasies en vermoë om 'n opinie te vorm, moet uitdruklik gestel word: *Menday v Protea Insurance* 1976 1 SA 565 (OK). Die geneesheer se kwalifikasies, die universiteit waar en wanneer die kwalifikasies verwerf is en die aantal jare ondervinding word voorgelê.

10 *S v Gouws* 1967 4 SA 527 (OK); *S v Adams* 1983 2 SA 577 (A) 586; *S v Januarie* 1980 2 SA 598 (K); Hoffman *South African law of evidence* 79–88; *R v Basson* 1946 CPD 479; *S v Harris* 1965 2 SA 340 (A). Die deskundige getuie lewer sy eie getuienis en daarna mag hy aanhaal uit mediese handboeke, tydskrifartikels, proefskrifte, ens om sy standpunt te staaf. Daar bestaan geen algemene reël dat die deskundige getuie kennis van die saak waaroor hy getuienis lewer, moet hê uit hoofde van persoonlike ervaring eerder as die van die lees van data verskaf deur andere nie. Opinies oor wetenskaplike aangeleenthede is normaalweg gebaseer op inligting verskaf deur andere in handboeke, tydskrifartikels, proefskrifte, ens. Waar 'n deskundige na boeke of artikels verwys om sy standpunte te steun, vir sover hy dit as getuienis aangeneem het, met of sonder kommentaar daarop, vorm dit deel van sy getuienis. Die hof mag nie gebruik maak van aanhalings waarna die deskundige getuie nie verwys het nie, of aanhalings wat nie aan hom in kruisondervraging gestel is nie. In *R v Mofokeng* 1928 AD 132 is 'n skuldigbevinding ter syde gestel omdat die voorsittende beampte aan die jurie 'n aanhaling voorgehou het uit 'n werk wat oor mediese reg gehandel het, welke aanhaling in stryd was met die getuienis wat die deskundige getuie afgelê het, maar nie aan hom gestel is in die loop van sy getuienis nie. 'n Getuie se opinie sal waardeloos wees tensy daar bewys is van die aanvaarde feite waarop die opinie gebaseer is. Eweneens mag die getuie die hof nie mislei deur 'n opinie op 'n valse premis te baseer nie. Hierdie is 'n aspek wat in kruisondervraging sal uitkom.

11 Eie kursivering. Hoffman *South African law of evidence* 81; *Keeton v R* 1906 EDC 56.

van die hof wat tot 'n beslissing moet kom oor die aangeleentheid voor hom nie.[12]

Om as 'n deskundige getuie op te tree in 'n siviele of strafsaak kan vanuit 'n finansiële oogpunt vir die geneesheer uiters nadelig wees. In siviele sake word vereis dat die getuie *viva voce* getuienis aflê.[13] Benewens die ondersoek van 'n pasiënt, die bestudeër van mediese verslae, 'n diepgaande studie van medieswetenskaplike en medies-tegnologiese literatuur, asook deeglike konsultasies met regsverteenwoordigers voor die verhoor, neem die verhoor self, vanweë die adversatiewe stelsel in Suid-Afrika, baie tyd in beslag.

Die appèlhofbeslissing in *Van Aswegen v Lombaard*[14] het dit boonop vir medici bemoeilik om vergoeding vir dienste, voorbereiding, verlies aan inkomste en tyd en die daadwerklike optrede as deskundige getuie te eis.[15] 'n Ooreenkoms tussen 'n gedingsparty en 'n getuie ingevolge waarvan die getuie vergoeding ontvang vir die lewering van getuienis of selfs vergoeding ontvang wat die maksimum getuiegelde oorskry, is *contra bonos mores* en gevolglik nietig.[16] Getuiegelde is skandalig laag en hou hoegenaamd nie verband met die mark waarin 'n geneesheer werksaam is nie.[17] Daar word gevrees dat getuies wat toegelaat word om 'n groter vergoeding by wyse van ooreenkoms te beding, in die versoeking kan kom om getuienis van watter aard ook al te versin.[18] Die lewering van getuienis deur medici as deskundige getuienis teen voorgeskrewe vergoeding volgens wet, word beskou as 'n verpligting wat die burger teenoor die gemeenskap en die staat het:[19]

> "It has been said that the duty of a witness, if subpoenaed to testify in court, is an obligation which the citizen owes to the community and the state; and that while today its discharge may embarrass and encumber them, tomorrow it may be his right and safeguard himself to demand such sacrifices from his fellow citizens in the interest of justice."[20]

---

12 *Maritime and General Insurance Company Ltd v Sky Unit Engineering (Pty) Ltd* 1989 1 SA 867 (T) 876I–877H: "The duty of experts is to furnish the Judge or jury with the necessary scientific criteria for testing the accuracy of their conclusions, so as to enable the Judge or jury to form their own independent judgment by the application of those criteria to the facts proved in evidence . . ." Sien ook *Abdo v Senator Insurance Company Ltd* 1983 4 SA 721 (OK) 725F–726E; *William Grant and Sons Ltd v Cape Wine Distillers Ltd* 1990 3 SA 897 (K) 912F; *Reyneke v Mutual and Federal Insurance Company Ltd* 1991 3 SA 412 (W).

13 In uitsonderlike omstandighede word wel toegelaat dat getuienis by wyse van 'n beëdigde verklaring afgelê word, mits die ander party nie die deskundige getuie wil kruisondervra nie. Wat strafsake betref, word getuienis normaalweg in 'n verklaring afgelê – *R v Manda* 1951 3 SA 158 (A); *R v Qwabe* 1939 PH H15 (A). Waar die klag een van moord is, is dit verkieslik dat deskundige getuienis persoonlik afgelê word.

14 1965 3 SA 613 (A).

15 Strauss *Doctor, patient and the law* 433.

16 *Knox v Koch* (1883) 2 SC 382; *Marais v Pilkington* 1905 TS 650; *Van Aswegen v Lombaard supra*.

17 Aanhangsel A: Tarief van toelaes ingevolge a 42 van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959 en a 51*bis* van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944.

18 Gordon, Turner en Price *Medical jurisprudence* (1953) 316.

19 *Van Aswegen v Lombaard supra* 619 623.

20 *Kruger v De Bruyn* 1943 OPD 38. 'n Getuie mag egter beding vir 'n kwalifiserende fooi vir die instudeer van sy onderwerp ten einde na die beste van sy vermoë te kan getuig –

vervolg op volgende bladsy

3 KRUISONDERVRAGING

'n Verdere struikelblok vir die medies-deskundige getuie is dat hy aan kruisondervraging blootgestel word, 'n wesenlike faset van die adversatiewe stelsel.

Hoewel die geloofwaardigheid van 'n getuie wel deur die teenparty aangeval mag word, het die hof 'n wye diskresie om irrelevantheid of misbruik uit te skakel. Dit is die plig van die voorsittende beampte om 'n getuie in te lig dat dit onnodig is om 'n inkriminerende of vernederende vraag te beantwoord. Die getuie het die reg om beswaar te maak teen die beantwoording van so 'n vraag en kan die hof vra of hy verplig is om die vraag te beantwoord. Indien die getuie uitdruklik versoek word om die vraag te beantwoord en hy dan sou weier, doen hy dit op eie risiko en stel minagting van die hof daar. Voor die hofverrigtinge kan die geneesheer weier om inligting oor sy pasiënt te gee, as sou dit professioneel oneties wees, maar in 'n getuiebank kan hy aangesê word om die vraag te beantwoord, in welke geval hy dit dan moet doen.[21]

Kruisondervraging is al bestempel as "the greatest legal engine ever invented for the discovery of truth".[22] Wanneer 'n regspraktisyn met sy kruisondervraging begin, is sy hoofdoel om getuienis aan die lig te bring wat sy party se saak steun en die juistheid van die teenkant se getuienis te betwyfel; ten tweede het hy voor oë om die getuie van die teenkant se geloofwaardigheid te toets. Kruisondervraging is dus gerig op 'n getuie se geloofwaardigheid en op feite relevant vir die regsvraag.[23] Die regspraktisyn sal op sy hoede wees vir die sogenaamde "partisaan"- (of partydige) getuie, 'n aanhanger of voorstander van 'n betrokke party se saak – gewoonlik die party vir wie daar opgetree word as deskundige getuie.[24]

> "The nature of the witness oath should be ever present before him: he is not there to take sides, but to tell the truth, the whole truth, and nothing but the truth."[25]

Kruisondervraging bring soms 'n vyandigheid by die medies-deskundige getuie na vore omdat sy professionele en persoonlike integriteit aangeval word.[26] Omdat daar na sekerheid gesoek word, word voortdurende druk op medies-deskundige getuies uitgeoefen om sonder aarseling gegronde en juiste getuienis af te lê. Vir medici beteken dit om op 'n vreemde wyse tot 'n wetenskaplike

---

Marais v Pilkington supra. Die deskundige getuie is ook geregtig om 'n voorlopige konsultasie en 'n verslag te doen: Gordon *et al Medical jurisprudence* 316–317.

21 *Parkes v Parkes* 1916 CPD 702. Sien ook die SAGTR se etiese reël 16.

22 Wigmore *Evidence* 5 par 1367 soos aangehaal deur Hoffman *South African law of evidence* 321 vn 3.

23 Hoffman *South African law of evidence* 322.

24 Geneeshere wat normaalweg optree as deskundige getuies vir sekere partye, bv versekeringsmaatskappye of die distriksgeneesheer vir die staat, moet met versigtigheid hanteer word. Daar kan 'n geneigdheid of versoeking wees om, uit die mag van die gewoonte of uit misplaaste lojaliteit, sy eie saak partydig te steun of bevooroordeeld teenoor die teenkant te wees, sonder om objektief medies-wetenskaplik deskundige getuienis te lewer.

25 Gordon *et al Medical jurisprudence* 331.

26 *S v Booi* 1964 1 SA 224 (OK); *S v Makaula* 1964 2 SA 575 (OK); *Mechanical and General Inventions Company and Lehwess v Austin and the Austin Motor Company* [1935] AC 346 360; [1935] All ER 22 27 28; Hoffman *South African law of evidence* 323.

gevolgtrekking te kom, 'n wyse waaraan hulle glad nie gewoond is nie en wat ook nie binne hulle alledaagse werkswyse val nie.

> "A court of law may be the workroom for the attorney but it is the torture chamber for the doctor."[27]

Om met 'n vooraf uitgewerkte, vooropgestelde teorie as deskundige getuie in die hof te staan, beteken vir die geneesheer dat hy onder kruisondervraging aan die kaak gestel kan word. Hoewel die howe altyd in die verlede vryheid ten opsigte van kruisondervraging[28] toegelaat het en dit so min as moontlik onderbreek het,[29] sal hulle tog ingryp waar 'n getuie of kruisondervraer sy humeur verloor of in 'n argument betrokke raak of woorde in die mond van 'n teenstander wil plaas.

Nie net kruisondervraging is medici se nemesis nie, maar ook die onderlinge onenigheid tussen deskundiges:

> "The spectacle of such disagreement is often very unedifying, and tends to bring the profession concerned, particularly medicine, into disrepute. In accident cases, for example, it can often be seen how the medical evidence is coloured according to the 'side' the witness is on. In such a case, evidence given by a hospital practitioner is often the most impartial. It is easy to see how the same symptoms and complaints by a patient may tend to take on rather different characteristics, according to whether the examining physician is the patient's own doctor, or is the medical advisor to an insurance company. It is possible to allow oneself to take an optimistic view or a pessimistic one, to be sympathetic or unsympathetic. Difficult as it may be in practice, the practitioner who is to give evidence must endeavour to steer a middle course between all these extremes."[30]

Regspraktisyns vind dit moeilik om beskikbare, bekwame medies-deskundige getuienis vir 'n hofsaak te vind, veral in optrede teen 'n verweerder-geneesheer. Die aantyging van die "King of Torts" in Amerika, Belli, waarin hy die medici van 'n "conspiracy of silence" beskuldig, word deur Strauss verwerp.[31] Strauss voer aan dat geneeshere nie koudbloedige lede van 'n esoteriese broederbond is wat opsetlik swyg ten einde gesamentlike voordeel te bereik en geensins ag slaan op die belange van pasiënte wat as gevolg van gebrek aan vaardigheid wel benadeel word nie.

Daar word dikwels uit die oog verloor dat die geneeskunde nie 'n eksakte wetenskap is nie en dat ondanks intensiewe navorsing en ongekende vooruitgang ook die geneeshere dit moeilik vind om 'n keuse tussen omstrede teorieë te maak en dit boonop in eenvoudige taal aan leke te verduidelik.

4 SIVIELE PROSESREG

Die vraag kan gestel word of daar nie alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes bestaan om 'n wanpraktyksgeskil op te los nie, eerder as om gebruik te maak van

---

27 Lombardi *Medical malpractice insurance* (1978) 21.
28 *Chester v Oldman* 1914 TPD 67; *S v Cele* 1965 1 SA 82 (A).
29 *R v Amod* 1958 2 SA 658 (N) 661; *Jones v National Coal Board* [1957] 2 QB 55; [1957] 2 All ER 155; [1957] 2 WLR 760; 101 Sol Jo 319, CA; Digest Cont Vol A 518.
30 Gordon *et al Medical jurisprudence* 331.
31 Strauss *Doctor, patient and the law* 231.

die litigasieproses. Alvorens dié vraag beantwoord word, moet eers besin word oor welke middele die siviele prosesreg self bied om die probleem uit beide geneesheer en regspraktisyn se oogpunt aan te spreek.

4 1 Assessore in die landdroshof

Vir landdroshowe maak die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 byvoorbeeld voorsiening dat die hof in enige aksie op aansoek van een van die partye die hulp kan inroep van een of twee persone wat kundig, ervare en bereid is om as assessore in 'n raadgewende hoedanigheid sitting te neem in die saak waarop die aksie betrekking het.[32] 'n Gedingsparty wat 'n verhoor met assessore verlang, moet van sy aansoek om 'n verhoor met assessore kennis gee.[33] Indien die gedingsparty die eiser is, moet hy die kennisgewing van aansoek om assessore tesame met die kennisgewing van ter rolleplasing vir verhoor aflewer; indien die gedingsparty die verweerder is, moet hy die kennisgewing van aansoek om assessore afgee nie later nie as vyf dae nadat hy kennisgewing van terrolleplasing vir verhoor ontvang het. Die kennisgewing moet óf die toestemming van die ander party bevat óf 'n kennisgewing waardeur die aansoek om aanhoor ter rolle geplaas word. Die aantal en name van die assessore wat in 'n saak sitting moet neem, word met die toestemming van die partye, of indien hulle nie kan ooreenkom nie, deur die hof bepaal.[34] Indien daar tot die aansoek toegestem word, of indien dit deur die hof toegestaan word, moet die klerk van die hof al die assessore wat in die toestemming genoem of deur die hof aangewys is, oproep deur 'n dagvaarding aan elkeen te beteken.[35] Indien enigeen van die assessore wat opgeroep is, hom nie by die verhoor aanmeld nie, kan die hof enersyds voortgaan met die verhoor met die hulp van die ander assessor (as daar een is) óf sonder hulp as geeneen hom aangemeld het nie; andersyds kan die verhoor verdaag word.[36] 'n Assessor is geregtig op die gelde betaalbaar soos voorgeskryf deur die wet,[37] welke gelde skandalig laag is en persone ontmoedig om as assessore op te tree.[38]

---

32 A 34 en r 59 Wet op Landdroshowe 32 van 1944.
33 R 59(5).
34 R 59(4).
35 R 59(7).
36 R 59(8).
37 Tabel D Bylae 2.
38 Tabel D Bylae 2 bepaal oa die gelde vir elke bywoning wanneer die saak in sy geheel of gedeeltelik verhoor is: R70 vir elke uur of gedeelte van 'n uur van sodanige bywoning, maar nie minder as R140 of meer as R350 vir elke sodanige bywoning nie. Vir elke bywoning wanneer die saak nie verhoor word nie, maar uitgestel of geskik word, teen bg tarief maar met 'n minimum van R70. Bywoning word bereken vanaf die uur waarvoor die assessor gedagvaar is tot die uur waarop vonnis gegee of voorbehou word of tot die uur waarop die assessor uitdruklik deur die hof vrygestel word van verdere bywoning, watter van die twee ook al eerste plaasvind. Wanneer die saak verdaag, uitgestel of geskik word, word bywoning bereken vanaf die uur waarvoor die assessor gedagvaar is tot die uur waarop die saak verdaag, uitgestel of geskik word of tot die uur waarop die assessor uitdruklik deur die hof vrygestel word van verdere bywoning, watter van die twee ook al eerste plaasvind. 'n Assessor is ook geregtig op reistoelae teen 'n tarief van R1 per kilometer vir elke rit wat hy werklik en noodsaaklikerwys tussen die hofgebou en sy

vervolg op volgende bladsy

Dit sou ideaal wees om 'n algemene mediese praktisyn, 'n spesialis of 'n professor in geneeskunde as assessor aan te stel; persone wie se bekwaamheid, reputasie en kundigheid van wesenlike belang in die evaluering van die mediesdeskundige getuienis is. Ongelukkig ontmoedig lae assessorsgelde en onnodige vertragings in die hofprosedure persone om as assessore op te tree en word daar in die praktyk baie min van hulle gebruik gemaak.

Die hof stel 'n lys op van persone wat blyk bevoeg te wees om as assessor op te tree en ook gewillig is om na redelike kennisgewing en teen betaling van die voorgeskrewe gelde diens te aanvaar. 'n Assessor wat gedagvaar is om in 'n aksie op te tree, kan nie sonder toestemming van die hof gedurende die verhoor bedank nie.[39] Die hof kan ook met toestemming van al die partye, persone wat nie op die lys genoem is nie as assessore roep.[40]

4 2 Skeidsregter in die hooggeregshof

Bykans 'n eweknie van die assessore in die landdroshof, is die skeidsregter in die hooggeregshof.[41] Die hooggeregshof kan in 'n siviele geding, met toestemming van die partye, onder andere enige aangeleentheid wat 'n wetenskaplike of tegniese ondersoek verg en wat nie geredelik deur die hof gedoen kan word nie, vir ondersoek en verslag na 'n skeidsregter verwys, welke verslag in sy geheel of gedeeltelik aanvaar kan word, met of sonder wysigings. Dit staan die hof ook vry om so 'n verslag vir verdere ondersoek of verslag of oorweging na die skeidsregter terug te verwys.[42] Vir doeleindes van sy ondersoek beskik die skeidsregter oor die bevoegdhede wat deur 'n spesiale hofbevel of die hofreëls voorgeskryf word[43] en sy verslag word deur die hof aanvaar met die nodige uitwerking van 'n hofbevinding in 'n siviele geding.[44] 'n Ondersoek kragtens artikel 19*bis* van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959 word geag 'n siviele geding te wees vir doeleindes van die verkryging van 'n getuie se aanwesigheid en die voorlegging van 'n dokument voor 'n skeidsregter.[45] Besoldiging waarop die skeidsregter geregtig is, word deur die hofreëls voorgeskryf. Indien geen sodanige besoldiging voorgeskryf word nie, word dit deur die hof bepaal. Voorsiening word onder andere gemaak vir enige redelike uitgawes deur die skeidsregter aangegaan vir ondersoekdoeleindes. Die takseermeester van die

---

woning of besigheidsplek aflê, mits die woonplek of die besigheidsplek nie binne vyf kilometer van die hofgebou is nie. Die party wat 'n assessor verlang ingevolge r 59(6), moet 'n bedrag van R350 vir elke assessor waarom aansoek gedoen word by die klerk van die hof inbetaal.

39 R 59(1) en (2).

40 R 59(3).

41 A 19*bis* Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959.

42 A 19*bis*(1)(c).

43 A 19*bis*(3).

44 A 19*bis*(2).

45 A 19*bis*(4). 'n Getuie wat sy samewerking weier (bv sonder voldoende rede in gebreke bly om aanwesig te wees of te bly, eed- of plegtige verklaringaflegging weier, onvolledig en onbevredigend vrae beantwoord, weier om 'n dokument in sy besit voor te lê) is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande.

hooggeregshof is verantwoordelik vir die taksasie van die besoldiging en uitgawes en dit is koste in die geding.[46]

Daar word groter inisiatief aan die dag gelê by die gebruikmaking van 'n skeidsregter in die hooggeregshof as in geval van 'n assessor in die landdroshof aangesien die skeidsregter die afneem van medies-deskundige getuienis self hanteer. Die deskundige getuie behoort meer op sy gemak te wees by die aflegging van mediese getuienis tydens die ondersoek as binne formele hofverband. Daar dien op gelet te word dat artikel 19*bis* slegs voorsiening maak vir een skeidsregter, en nie soos in geval van die assessore in die landdroshof waar daar van hoogstens twee gebruik gemaak mag word nie. In *Montres Rolex SA v Kleinhans* wys regter Seligson op die volgende:[47]

Die maatstawwe van *optrede wat derdes se belange meer as gewoonlik bedreig het*, *algemene lewenservaring* en *gebruiklike voorsorgmaatreëls* wat hierbo geblyk het, vertoon 'n soepelheid wat dit moontlik maak om talle gevalle wat andersins nie gehanteer sou kon word nie, tog sinvol af te handel. Dit handel hier kennelik oor objektiewe kriteria vir optrede; 'n gemeenskapsnorm word dus toegepas. Hier te lande word daardie soort waarde-oordeel gewoonlik oor die boeg van die onregmatigheidskriterium gegooi, soos duidelik na vore kom wanneer die *boni mores* of gemeenskap se regsoortuigings as maatstaf vir die bepaling van onregmatigheid bestempel word.

---

24 As A voor B moes lewer en versuim het, gaan B vry uit al versuim hy ook later sy plig omdat geen nadeel daardeur veroorsaak word nie aangesien die werk reeds deur A vertraag is.

25 Anders as in §830 *BGB*.

26 "Er hat eine der Bedingungen gesetzt, durch welche der Schaden herbeigeführt wurde" (Von Tuhr-Peter 95).

27 "Voraussetzung dieser Haftung ist, daß, wie beim Raufhandel, eine verbotene Handlungsweise vorliegt oder wenigstens *eine gemeinsame Veranstaltung, welche fremde Interessen über das übliche Maß hinaus gefährdet*" (Von Tuhr-Peter 95) (klem ingevoeg).

28 *Idem* 96 vn 47.

29 95 vn 43.

30 BGE 48 II 145 ev; Oftinger (1968) *SJZ* 228, asook die feite in BGE 79 II 69.

In die Switserse reg kan deelnemers aan 'n demonstrasie dus deliktueel aanspreeklik gehou word indien hulle voldoen aan die vereiste van "gemeinsam handeln", welke kriterium meer omvat as net 'n gesamentlike handeling of gemeenskaplike opset. Word dit oorweeg saam met die kriterium van bedreiging van derdes se belange bo wat gebruiklik is, of die uitbly van voorsorgmaatreëls wat volgens algemene lewenservaring gebruiklik is, is dit duidelik dat hierby 'n noodsaaklike soepelheid ingebou is wat die hantering van die moeilike verskynsel van groepsoptrede wat tot nadeel lei, kan vergemaklik. In belang van regsekerheid sal uiteraard by die toepassing van hierdie behorensmaatstaf toegesien moet word dat die vereistes vir sodanige aanspreeklikheid so duidelik moontlik omlyn en konsekwent toegepas word, sonder om uit die oog te verloor dat dit 'n proses is wat 'n waarde-oordeel vereis. By die maak van daardie waarde-oordeel is dit belangrik dat dit in hierdie konteks gaan oor die grondwetlik beskermde uitoefening van die fundamentele vryheid om te demonstreer.

3 NEDERLAND

3 1 Inleiding

'n Bespreking van die belangwekkende huidige stand van die Nederlandse reg in hierdie verband kom eintlik neer op 'n uiteensetting van die agtergrond, invoering, strekking en toepassing van artikel 166 van die nuwe Nederlandse privaatregkode.

3 2 Agtergrond tot artikel 166 *Nieuw Burgerlijk Wetboek*

In die *Burgerlijk Wetboek* van 1838 het geen bepaling oor aanspreeklikheid weens onregmatige dade gepleeg in groepsverband voorgekom nie. 'n Soort groepsaanspreeklikheid het nietemin vroeg reeds[31] bestaan. Met verwysing na De Groot, Van der Keessel en Van der Linden sê Van der Burg dat in die Romeins-Hollandse reg meerdere mense wat deelgeneem het aan byvoorbeeld 'n geveg waartydens iemand beseer is sonder dat dit bekend was wie die besering veroorsaak het, sáám met die ander deelnemers die skuldige moes aanwys, óf anders saam met die ander vir die hele nadeel aanspreeklik gehou sou word. Gelyksoortige reëlings het in die vroeë kodifikasies en ontwerp-kodifikasies voorgekom maar is nie behou nie.[32]

In die Nederlandse laere regspraak het egter so 'n vorm van aanspreeklikheid ontwikkel.[33] Van die gevalle wat in die laer howe gedien het, het gehandel oor 'n

---

31 Van der Burg "De onrechtmatige daad gepleegd in groepsverband" 1969 *WPNR* 5064 verwys in hierdie verband na sekere tekste uit die *Digesta*: 9 2 11 2, 9 2 11 4, 9 2 51 2, 9 2 11 3 en 9 2 51 2 in 'n poging om sy uiteensetting "in 'n historiese konteks" te plaas. Krities oor hierdie manier van doen hoegenaamd, en die vraag of dit deur Van der Burg korrek gehanteer is, veral vir sover na "turba" verwys word, is Brinkhof "Kanttekeningen bij het artikel 'De onrechtmatige daad gepleegd in groepsverband'" 1970 *WPNR* 5074. Boonekamp *Onrechtmatige daad in groepsverband volgens NBW* (1990) 1–2 steun egter Van der Burg se weergawe sonder om self diep op die historiese gegewens in te gaan. Ek gaan ook nie hier op die historiese agtergrond in nie.

32 *Toelichting: Ontwerp voor een Nieuw Burgerlijk Wetboek, Toelichting*, 3de Gedeelte Boek 6 (hierna Toelichting) 660; ten spyte van voorstelle in hierdie verband vanaf 1890 is geen reëling oor groepsaanspreeklikheid ooit in die 1838-Wetboek opgeneem nie.

33 Van der Burg 1969 *WPNR* 5065. Vriesendorp "Het comlex van handelingen, vormende één onrechtmatige daad" 1939 *WPNR* 3610 is gekant teen so 'n uitleg van die tendens in die laere howe se uitsprake.

klomp drinkebroers, een waarvan 'n leë bottel deur 'n ruit gegooi en iemand beseer het maar dit nie bekend was wie dit gegooi het nie; of 'n klomp kwaaijongens wat met kluite na 'n trein gegooi en 'n besering aan 'n passasier veroorsaak het, sonder dat dit bekend was wie die betrokke kluit gegooi het; of van knapies wat voetbal gespeel en hulle bal buite beheer geraak en 'n fietsryer beseer het.[34]

Die Hooge Raad het in 1867, in sy enigste uitspraak daaroor, siviele aanspreeklikheid op grond van *turba* afgewys, en beslis dat daarvoor minstens aan die vereistes vir medepligtigheid in die sin waarin dit in die strafreg gebruik word, voldoen moet word! Deelname aan *turba* kon dus selfs in die 19de eeu nie onregmatig gewees het as daar nie aan die vereistes vir strafregtelike medepligtigheid voldoen is nie.[35]

3 3 Artikel 166 *Nieuw Burgerlijk Wetboek*

Artikel 166 van die *Nieuw BW* is 'n nuwigheid sover dit die Nederlandse reg aangaan.[36]

Dit lui só:

> "1. Indien één van tot een groep behorende personen onrechtmatig schade toebrengt en de kans op het aldus toebrengen van schade deze personen had behoren te weerhouden van hun gedragingen in groepsverband, zijn zij hoofdelijk aansprakelijk indien deze gedragingen hun kunnen worden toegerekend.[37]
>
> 2. Zij moeten onderling voor gelijke delen in de schadevergoeding bijdragen, tenzij in de omstandigheden van het geval de billijkheid een andere verdeling vordert."

Anders as by gewone deliktuele aanspreeklikheid[38] ontstaan aanspreeklikheid ingevolge artikel 166 *Nieuw BW* sonder dat 'n feitelike kousale verband tussen enige aktiewe optrede van die aangesprokene en die intrede van die nadeel vereis word.[39]

---

34 Drion (red) *Onrechtmatige daad, Losbladige uitgave I* (Bloembergen) No 358 gee die regspraak weer: Rb Rotterdam 8 Januari 1923 NJ 1924 221 (feite nie gerapporteer nie); Rb Dordrecht 22 Februari 1933 NJ 1933 753 (dodelike skietparty langs die Vechtvaarwater); Hof's Hertogenbosch 9 Juni 1936 NJ 1937 102 (bierbottels deur ruit gegooi en oog beseer); Rb Almelo 15 December 1943 NJ 1944 312 (drie seuns gooi klippe na 'n ander wat op fiets verbyry en beseer hom); Rb Alkmaar 22 December 1949 NJ 1950 447 (seuns gooi met kluite na trein en beseer 'n insittende se oog); Rb Amsterdam 16 Maart 1962 NJ 1962 302 ('n voetbal het langs 'n straat buite beheer gerol en 'n bejaarde bromfietser het geval en is beseer); Rb Arnhem 16 Mei 1963 1963 NJ 455 (kollektiewe handeling van pontpersoneel by oplaai van te swaar vrag het veroorsaak dat pont sink en vrag waterskade kry); Rb Haarlem 19 November 1963 NJ 1964 133 (spelende kinders van 11 en 14 jaar het deksel van tenkwa oopgemaak; oudste trek vuurhoutjie en ontploffing beskadig tenkwa).

35 Boonekamp 3.

36 Rutten-Roos "Je was er bij, dus je bent er bij: Aansprakelijkheid bij geweld in groepsverband" 1986 *NJB* 305–310 (hierna Rutten-Roos) 307 ontken dit maar verwys slegs na laere regspraak.

37 'n Lid van 'n groep is dus, indien aan die vereistes van a 166 voldoen is, aanspreeklik vir al die nadeel wat uit die groepsoptrede ontstaan het al het hy self niks daarvan veroorsaak of medeveroorsaak nie (Boonekamp 217).

38 Ingevolge a 162 *Nieuw BW*.

39 Boonekamp 18 217.

Hierdie bepaling is bedoel om iemand wat deel was van 'n groep toe 'n delik gepleeg is maar nie self die nadeel aangerig het nie, en dan as verweer opwerp dat hy nie aanspreeklik is nie omdat die nadeel ook sou ontstaan het al het hy nie deel van die groep gevorm nie, van daardie gewaande verweer te ontneem. Vanselfsprekend moet die handeling wat die nadeel veroorsaak het, 'n delik teenoor die benadeelde daarstel. Die grond vir die aanspreeklikheid van passiewe lede van die groep[40] is dat die blote deel-wees van die groep reeds 'n delik daarstel.[41] Daarvoor word vereis dat sodanige deel-wees in 'n voldoende verband met die nadeel staan (dit word 'n "psychisch causaal verband" genoem).[42] Hierdie uitdrukking is kennelik uit die Franse reg oorgeneem[43] en dit het niks met (feitelike) kousaliteit te make nie ten spyte van die benaming daarvan.[44]

3 4 Evaluering van die nuwe Nederlandse posisie

In die Franse reg is volgens Van der Burg té ver gegaan; volgens Boonekamp se uiteensetting kan myns insiens egter nie hier van 'n té wye aanspreeklikheid gepraat word nie. Dit maak volgens hom nie saak of 'n lid van die groep hom aan die gebeure onttrek net voordat die nadeel berokken word, of juis dán afgelos word, of op die betrokke oomblik aan die slaap geraak het, of daar nie bewys kan word dat hy by die berokkening van die nadeel betrokke was nie. *Deur deel te wees en te bly van die groep het elke lid van die groep dus die onregmatige daad in groepsverband gepleeg.* Rutten-Roos[45] toon aan dat dieselfde resultaat sal volg al is dit ook bekend wie van diegene wat by die enkele "complex van onrechtmatige daden" betrokke was, die nadeel aangerig het. Waar daar dus "in concerted action" opgetree is, volg hoofdelike aanspreeklikheid ongeag of die identiteit van die skadetoebrenger bekend is of nie.

---

40 Hierdie uitdrukking is minder goed gekies hoewel dit wyd gebruik word. Dit kan die onnodige wanindruk laat ontstaan dat die aangesprokene nie aktief aan die groepshandeling deelgeneem het nie terwyl dit juis is wat teen hom gehou word; hy het wel nie self die nadeel aangerig nie. Hierin word gevolglik eerder van "die aangesprokene" gepraat.

41 Toelichting 660–661.

42 *Mr C Asser's Handleiding tot de beoefening van het Nederlands burgerlijk recht, Verbintenissenrecht Deel III: De Verbintenis uit de Wet* 9de druk (1994) (hierna Asser-Hartkamp) 89; *Parlementaire geschiedenis van het Nieuwe Burgerlijk Wetboek Boek 6* (1981) 662.

43 Boonekamp 4–5.

44 *Idem* 32–35 217. Dit gaan dus daaroor dat deur die optrede van die lede van die groep *'n psigiese sfeer* daargestel is wat vir die onregmatige daad wat die nadeel veroorsaak het nodig was. Hierna verwys die Franse uitdrukkings "contagion réciprogue" en "le psychisme de la faute collective", wat in die rigtinggewende uitspraak van die *Cour de Cassation* van 5 Juin 1957 *Recueil Dalloz* 1957 493 (kommentator: Savatier) gebruik is: 'n Lid van 'n groep van agt jagters wat die groep reeds verlaat het, is in die oog getref deur 'n skoot wat deel gevorm het van 'n laaste salvo wat kragtens onderlinge afspraak deur die sewe toe nog aanwesige lede afgetrek is. Daar kon nie bepaal word wie se skoot hom getref het nie. Al sewe die deelnemers aan die *action concertée* word toe hoofdelik aanspreeklik gehou "par une action concertée, ou même spontanément sous l'effet d'une excitation mutuelle", omdat hulle almal deel gehad het aan die daarstel van die betrokke psigiese sfeer (1969 *WPNR* 5065). Savatier (495) het dit "une jurisprudence nouvelle" genoem, wat nuwe vrae na vore gebring het oor dinge soos *psychisme collectif* en persoonlike aanspreeklikheid weens nadeel deur 'n anonieme lid van 'n groep aangerig.

45 307.

Ten spyte van Van der Burg se bedenkinge teen die Franse invloed op die Nederlandse reg, word nou veral op die gebied van skadevergoedingseise weens verkeersongelukke deur die Nederlandse howe al hoe meer na aspekte van die Franse reg vir leiding opgesien. Dit behels dat die tendens in die Franse reg (dat nou van "implication" in plaas van "causalité" – dit wil sê van *betrokkenheid* in plaas van *kousale verband* gepraat word) in die Nederlandse reg inslag gevind het. Dit bring mee dat aanspreeklikheid in hierdie gevalle, soos in Frankryk, eintlik direk op sosiale oorwegings berus.[46]

Aanspreeklikheid vir onregmatige dade in groepsverband gepleeg verskil dus wesenlik van aanspreeklikheid as mededader (dit wil sê gevalle van konkurrente veroorsaking) en aanspreeklikheid op grond van alternatiewe kousaliteit (a 99-gevalle), omdat in albei daardie gevalle die gewone kousaliteitsvereiste steeds ten opsigte van die aangesprokene gestel word.[47] Daar is nietemin wel ook ooreenkomste tussen hierdie vorme van aanspreeklikheid. By sowel mededaderskap as alternatiewe kousaliteitsgevalle is daar, net soos in artikel 166-gevalle, ook meerdere persone by die berokkening van die nadeel betrokke, terwyl in albei daardie gevalle aanspreeklikheid opgeloop kan word weens nadeel wat (ook) deur 'n ander aangerig is.

Die ooreenkomste of raakvlakke tussen artikel 166-gevalle, mededaderskap en alternatiewe kousaliteitsgevalle is dus duidelik aanwesig, maar die wesensverskil[48] tussen hierdie gevalle blyk ewe duidelik. Daar bestaan dan ook afsonderlike maniere om die eiser se bewysprobleme by mededaderskap en alternatiewe kousaliteit mee op te los.

Mededaderskap word nie in die *Nieuw BW* spesiaal gereël nie. Mededaders moet elkeen gewoonweg voldoen aan al die vereistes van artikel 162 *Nieuw BW* (vroeër a 1401 *BW*),[49] maar die eiser hoef nie te bewys wie van die mededaders welke deel van die nadeel veroorsaak het nie: hy spreek eenvoudig enige een van hulle vir die geheel aan ook al het die mededaders nie bewustelik saamgewerk nie; die mededaders moet dan maar onderling langs die omweg van regres uitmaak wie van hulle vir watter gedeelte aanspreeklik is.

Die reël in verband met mededaderskap kan nie die probleem in gevalle van alternatiewe veroorsaking oplos nie omdat dit daar duidelik is dat net een van die daders die nadeel veroorsaak het – dit is net onbekend watter een. Vanweë die eiser se bewysnood in sulke gevalle is die bewyslas in artikel 99 *Nieuw BW* op die verweerders geplaas om te bewys dat hulle nie die nadeel veroorsaak het nie. Anders is hulle elkeen vir die hele nadeel aanspreeklik en selfs onderlinge regres sal nie volledige ewerediheid tussen hulle kan bewerkstellig nie.[50]

Die pasgenoemde uitweg, wat steeds in Kanada en Amerika geld, is nie meer in Engeland beskikbaar nie. In Engeland word die kwessie waar albei alternatiewe

---

46 Hulst "Een nieuwe grondslag voor aansprakelijkheid" 1992 *NJB* 693–700 698–699.

47 Boonekamp 13 ev wys daarop dat die *conditio sine qua non*-toets faal in hierdie gevalle; Van Rensburg *Juridiese kousaliteit en aspekte van aanspreeklikheidsbeperking by die onregmatige daad* (LLD-proefskrif Unisa 1970) 49 ev het ook na sulke gevalle (giftoediening) verwys.

48 Nl dat die aangesprokene ingevolge a 166 deliktueel aanspreeklik gehou word sonder dat sy feitelike kousale bydrae tot die nadeel ter sprake kom.

49 Dit stel eintlik die gewone vereistes van handeling, onregmatigheid, skuld, nadeel en kousale verband vas.

50 Boonekamp 29.

oorsake op nalatigheid berus, opgelos deur die andersins alternatiewe oorsake as kumulatiewe oorsake aan te merk op grond van die wesenlike bydrae wat elkeen tot die nadeel gemaak het.[51] Waar een alternatief met skuld en die ander met onskuld gepaard gegaan het, faal die eiser, tensy hy kan bewys dat die aangesprokene die nadeel (en nie net 'n kans op die intrede daarvan nie) veroorsaak het.[52]

By sowel mededaderskap as alternatiewe kousaliteit word uit billikheidsoorwegings die onbekendheid van 'n gegewe feit (bydrae tot die nadeel onbekend/veroorsaker van die nadeel onbekend) op die verweerders gelaai, maar word hulle nie vir nadeel wat deur 'n ander veroorsaak is, aanspreeklik gehou as die anonimiteit ontbloot word nie.[53] By artikel 166-gevalle speel die bekendheid van lede se bydrae tot die nadeel, of van die identiteit van die dader daarenteen geen rol nie[54] – al wat tel, is of die aangesprokene by die groep betrokke was soos in artikel 166 bedoel word.

Hier is twee argumente moontlik: (a) die tradisionele rede om iemand op grond van sy lid-wees van 'n groep aanspreeklik te hou vir nadeel wat onregmatig in groepsverband veroorsaak is – naamlik die bewysnood van die eiser – val weg die oomblik wanneer die identiteit van die dader bekend is, en dan kan die eiser eenvoudig teen die bekende dader eis. (b) Hierteenoor is dit egter ook weer so dat daar geen rede is waarom die aangesprokene wat deel was van 'n groep waaruit nadeel onregmatig veroorsaak is, van sy aanspreeklikheid onthef moet word net omdat dit bekend is wie die (ander?) dader was nie. Die eiser kan andersins benadeel word deurdat hy 'n potensieel kapitaalkragtiger verweerder verloor. Artikel 166 skep dus 'n "materieelregtelike norm"[55] vir groepsoptrede op grond waarvan die lede vir mekaar se onregmatige, skadeveroorsakende handelinge aanspreeklik gehou word as aan die vereistes daarvoor voldoen is.

3 5 Vereistes vir aanspreeklikheid ingevolge artikel 166 *Nieuw BW*

Die vereistes vir aanspreeklikheid kragtens artikel 166 is dat die gedraging aan die aangesprokene *toegereken moet kan word*: hy pleeg immers self 'n delik.[56] Dit beteken dat dit 'n gedraging moet wees wat aan sy skuld te wyte is, of aan 'n oorsaak wat kragtens die wet of verkeersopvattings aan hom toegereken word (a 162(3)), en dat hy ouer as 14 jaar moet wees (a 164). Daarbenewens is dit geen verweer dat die dader onder die invloed van 'n geestelike of liggaamlike gebrek opgetree het nie, met dien verstande dat 'n derde wat weens ontoereikende toesig oor die dader teenoor die eiser aanspreeklik is, teenoor die dader ook vir kontribusie tot die omvang van sy aanspreeklikheid teenoor die eiser aanspreeklik is.[57]

---

51 Iets hiervan blyk ook uit die Suid-Afrikaanse benadering tot die verdeling van skadevergoeding ingevolge bydraende nalatigheid.

52 Fleming *The law of torts* (1992) (hierna Fleming) 199–200.

53 In albei gevalle is die verweerders afsonderlike daders as die anonimiteit opgeklaar is.

54 Volgens Boonekamp 30 217–218.

55 *Idem* 217–218.

56 Toelichting 661.

57 A 165 (Asser-Hartkamp 90). Asser-Hartkamp 90–91 (en andere waarna hy verwys) meen dat dit hier nie moet gaan oor die toerekeningsvatbaarheid van die dader nie maar oor dié van die aangesprokene, anders kan lg dalk daarmee wegkom dat die dader onder 14 jaar oud was! Hy gee 'n voorbeeld van 'n groep jeugdiges wat na 'n voetbalwedstryd delituele nadeel veroorsaak terwyl die aktiewe dader onder 14 jaar is. Hierdie bekommernis

vervolg op volgende bladsy

3 6 Die plek van artikel 166-aanspreeklikheid in die Nederlandse regstelsel

Die gebrek aan effektiwiteit van siviele aanspreeklikstelling vir lede van groepe as 'n metode om geweld en vandalisme hok te slaan wat in groepsverband gepleeg word, lyk vir Rutten-Roos[58] só ernstig dat privaatregtelike aanspreeklikheid volgens hom eintlik nutteloos is omdat die meeste van die verweerders in hierdie soort gevalle in elk geval insolvent is, of só jonk is dat hulle nie regtig deur die gevaar van aanspreeklikheid geraak word nie. Met hierdie besware sal 'n mens ook deeglik rekening moet hou – die bes gefundeerde aanspraak op teoretiese gronde maar wat in die praktyk faal, sal immers nie die huidige posisie verbeter nie.

Balkenstein[59] pleit egter in sy reaksie op die kritiek vir wyer erkenning van die voorkomende werking van privaatregtelike aanspreeklikstelling, en bepleit eintlik daarmee voortgesette beklemtoning van die gedagte van individuele verantwoordelikheid ook op hierdie ingewikkelde terrein waar kollektivisering deur versekering[60] toenemend die norm begin word het.[61] Ten spyte van die rol van uitsluitings in versekeringspolisse, voer hy aan dat daar in die onderhawige gevalle vir sowel versekering as vir deliktuele aanspreeklikstelling plek is. Dat sy betoog steek hou, staan vas[62] veral as onthou word dat vergrype deur enkele deelnemers aan 'n geoorloofde, andersins vreedsame demonstrasie, nie onder "binnelandse onrus" geklassifiseer[63] en gevolglik nie sonder meer van versekeringsdekking uitgesluit word nie.[64]

3 7 Bied die strafreg nie beter antwoorde op die behoefte aan effektiewe regsmiddele op hierdie gebied nie? – 'n regsvergelykende blik

Die vraag het ook in Nederland ontstaan of baie van die probleme op die onderhawige gebied nie deur die oplegging van strafregtelike sanksies opgelos kan

---

maak mi net sin as Hartkamp daarmee wil sê dat siviele aanspreeklikheid ter voorkoming van vandalisme/geweld ingespan moet word: Waar die dader óf aangesprokene onder 14 is, is die ouers immers aanspreeklik vir sy onregmatige dade sodat die eiser nie bedroë daarvan sal afkom nie (ingevolge a 169 *Nieuw BW*), al sal die kind self nie aanspreeklik wees nie – 'n gevolg wat uit die oogpunt van individuele verantwoordelikheid nie aanvaarbaar lyk nie (so meen ook Nieuwenhuis "Beantwoording rechtsvraag (5)" 1984 *Ars Aequi* (hierna Nieuwenhuis) 572).

58 1986 *NJB* 308.

59 1986 *NJB* 925.

60 Met die gevolglike onderbeklemtoning van elke mens se individuele verantwoordelikheidsin.

61 Sien hieroor ook Nieuwenhuis 571.

62 Hoewel darem in gedagte gehou moet word dat dit baie algemeen voorkom dat versekeringspolisse aanspreeklikheid uitsluit vir nadeel wat deur oorlog, burgeroorlog, burgerlike onrus, oproer en dergelike "politieke risiko's" ontstaan (bv Martin *Sachversicherungsrecht, Kommentar* (1992) F I 4–14; Maurer *Schweizerisches Privatversicherungsrecht* (1986) 506). In sodanige gevalle sal dus steeds van die gewone regsmiddele gebruik gemaak moet word.

63 Sien die vorige vn.

64 Martin F I 8. Ingevolge die tipiese bewoording wat in Suid-Afrikaanse versekeringspolisse voorkom, word aanspreeklikheid uitgesluit oa vir skade wat voortspruit uit politieke opstand, burgerlike oproer en binnelandse onlus (die sg SAVV-uitsonderings). Hier te lande vervul Sasria se spesiale risikoversekering weliswaar in die behoefte aan skadevergoeding op hierdie terrein. Of dit ver genoeg strek, en of dit in beginsel bevredigend is dat dmv die een of ander vorm van versekering wegbeweeg word van individuele verantwoordelikheid, is iets waaraan in Deel IV van die verslag (sien 'n latere uitgawe van die *THRHR*) aandag geskenk word.

word nie. Hiermee is in die Franse reg ondervinding opgedoen. Die gewese artikel 314 *Code Penal* het met die oog op 'n fase van geweld in Frankryk in die sestigerjare sowel strafregtelike as sivielregtelike aanspreeklikheid bepaal vir deelnemers aan gewelddadige versteurings van die openbare orde. By ongeoorloofde byeenkomste is die skadeveroorsakers, die organiseerders wat nie die verrigtinge betyds ontbind het nie en meelopers wat hulle nie onttrek het toe hulle gesien het dat dinge gewelddadig raak nie, aanspreeklik gestel. By geoorloofde byeenkomste was aanhitsers tot geweld (maar nie blote meelopers nie) aanspreeklik gestel. Die regter kon elkeen se aanspreeklikheid bepaal volgens sy bydrae tot die nadeel. Hierdie vorm van kollektiewe strafbaarheid en aanspreeklikheid is egter weinig gebruik en is in 1981 afgeskaf.[65] Dit lyk dus nie of dit die weg is om in te slaan nie. Kriminalisering van 'n ongewensde toedrag van sake kan nie noodwendig as die korrekte reaksie van die gemeenskap op iets soos geweld en nadeel wat in die loop van demonstrasies ontstaan, beskou word nie, al is dit so dat die strafreg op die oog af meer moontlikhede bied om op die gewraakte situasie te reageer. Spesifiek binne 'n demokratiese regstaat is dit 'n vraag of sommer maklik na kriminalisering gegryp moet word om lastige kwessies te hanteer. Die risiko van kriminele aanspreeklikheid en alles wat dit kan meebring, is van so 'n aard dat dit mense baie maklik te veel kan hinder in die uitoefening van hulle grondwetlike vryheid om te demonstreer.

3 8 Samevatting

Die ervaring in Nederland, waar gevorder is van pogings om die soort gevalle onder die rubriek van *turba* te hanteer, verby vrugtelose pogings om dit deur middel van die analisering van iets soos die handelings- of kousaliteitsmaatstawwe op te los, tot by 'n nuwe benadering tot die onderhawige gevalle, kan vir ons baie leersaam wees. Die ontwikkeling in Nederland toon duidelik dat 'n vars benadering hier gevestig moet word wat kan lei tot die erkenning van 'n "nuwe"[66] vorm van deliktuele aanspreeklikheid.

So 'n "nuwe" vorm van aanspreeklikheid kan nie ontwikkel solank die insig ontbreek dat die tradisionele kousaliteitsmaatstaf in die geval van aanspreeklikheid weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg, deur 'n ander beginsel vervang moet word nie.[67] In hierdie ontwikkeling is Nederland vir Frankryk, Switserland en Duitsland (in opgaande orde) ver vooruit.[68] In Duitsland gaan daar wel stemme op[69] dat van die vereiste van kousaliteit afgesien moet word by die toepassing van §830I1 *BGB*,[70] terwyl daar in Switserland ook die moontlikheid bestaan om te vorder van die strakke vereiste van 'n kousale verband tot by die vereiste van betrokkenheid by die gewelddadighede in die algemeen.

---

65 Rutten-Roos 309.

66 Tussen aanhalingstekens aangesien dit mi nie meer vereis as 'n konsekwente toepassing van die algemene aanspreeklikheidsbeginsels wat reeds in ons reg bestaan op die besondere soort gevalle nie. Daardie algemene beginsels moet net bevry word van sommige van die beperkings wat weens tydsverloop en herhaalde aanwending tot gekunstelde teoretiese doodloopstrate (oftewel heilige koeie) gedegenereer het.

67 Boonekamp 35.

68 Volgens Boonekamp 35.

69 Soos Fränkel *Tatbestand und Zurechnung bei §823 Abs 1 BGB Schriften zum bürgerlichen Recht* Nr 51 (1979) (ongelukkig was dit nie tot my beskikking nie).

70 Boonekamp 49.

4 DIE AARD EN GRONDSLAG VAN PRIVAATREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID WAAR NADEEL DEUR ONBEKENDE LEDE VAN 'N GROEP TOEGEBRING IS, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD EN HOE DIT BY DIE TRADISIONELE REËLS INPAS

4 1 Die aard en grondslag van die aanspreeklikheid

- By wyse van herhaling[71] word daarop gewys dat iemand op verskillende maniere by 'n groepsaktiwiteit betrokke kan wees, byvoorbeeld as 'n voor- of teenstander van of 'n simpatiseerder met 'n bepaalde sienswyse of optrede, 'n organiseerder, 'n toesighouer, 'n veiligheidsbeampte in diens van die owerheid, 'n nuuskierige, of iemand met 'n eie (bose) oogmerk.
- Iemand wat as gevolg van die optrede van 'n onbekende lid van 'n groep benadeel word, behoort in beginsel 'n geskikte regsmiddel tot sy beskikking te hê ten spyte van die algemene uitgangspunt van *casum sentit dominus*, net soos iemand wat deur 'n bekende dader benadeel word mits daar aan die *facta probanda* vir sodanige regsmiddel voldoen word. Geen besondere ingrype deur die wetgewer is nodig om hier die gewensde situasie vir die onderhawige gevalle te bereik nie.
- Benewens die moontlikheid van regsmiddele vanuit ander regsgebiede (byvoorbeeld ingevolge die straf-, versekerings- of administratiefreg), is daar 'n groot behoefte aan geskikte privaatregtelike regsmiddele waarmee 'n benadeelde skadevergoeding, kompensasie of genoegdoening in die onderhawige soort gevalle kan eis. Die aangewese regsgebied hiervoor is dié insake onregmatige daad.
- Die bekende *facta probanda* vir die ontstaan van die samegestelde verbintenisskeppende regsfeit onregmatige daad, naamlik 'n handeling,[72] skuld[73] en nadeel,[74] behoort in beginsel nie anders as normaalweg gehanteer te word waar dit oor nadeel handel wat deur 'n onbekende lid van 'n groep aan 'n ander toegebring word nie. Oor die vereistes van onregmatigheid[75] en kousaliteit[76] moet egter meer gesê word.

4 2 Die moontlike onregmatigheid van 'n aangesprokene se deel-wees of -bly van 'n groep

- Iemand wat deel word of deel bly van 'n groep, welke groep begin of besig is met 'n aktiwiteit wat die gevaar van benadeling van ander geoordeel volgens die regsoortuigings van die gemeenskap bo die gewone vlak verhoog, handel onregmatig en behoort in beginsel daarvoor deliktueel aanspreeklik gehou te kan word mits aan die ander deliksvereistes voldoen word. Die gemeenskapsoortuigings word op hulle beurt bepaal deur die algemene kennis en spesifieke

---

71 Sien Deel I par 3 5 van die verslag (1995 *THRHR* 432).

72 In die sin van 'n willekeurige menslike gedraging.

73 Hetsy in die vorm van opset of nalatigheid. Hierby moet ook die gevalle in gedagte gehou word waar aanspreeklikheid berus op risikoskepping of -verhoging, benewens die gemeenregtelike gevalle van skuldlose aanspreeklikheid wat steeds in ons reg bestaan.

74 Hetsy dit van 'n vermoëns- of nie-vermoënsaard is.

75 In die sin van 'n skending van die regsoortuigings van die gemeenskap, wat gewoonlik manifesteer in die inbreukmaking op iemand anders se subjektiewe regsfeer of die nienakoming van 'n regsplig. Sien par 4 2 hieronder.

76 Sien par 4 3 hieronder.

ervaring wat ten aansien van die besondere soort groepsoptrede in die gemeenskap of elders in soortgelyke situasies bestaan. Geykte faktore, soos die aard van die optrede en die belange wat daarby betrokke is, die benadelingspotensiaal van die groepsoptrede, die nut van die groepsoptrede en die aangesprokene se betrokkenheid daarby, die moontlikheid, koste en moeite verbonde aan onttrekking aan die groepsoptrede en dergelike oorwegings, kan van hulp wees om uit te maak of aan die groepsoptrede sodanige risiko van benadeling gekleef het dat dit onredelik was vir die aangesprokene om in die omstandighede by die groep betrokke te raak of daarvan deel te bly.

- 'n Belangrike oorweging by die vasstelling van onregmatigheid in hierdie gevalle, is dat mense besig was om hulle konstitusioneel gewaarborgde fundamentele vryheid om te demonstreer, en sodoende hulle reg op vryheid van spraak, uit te oefen toe 'n onbekende dader uit die groep die nadeel toegebring het; aan die ander kant moet ingesien word dat sodanige uitoefening begrens word deur die ander beskermde belange van die gemeenskap en van individue. Indien 'n regsmiddel algemeen weerhou sou word waar daar onregmatig opgetree is deur deel te word of te bly van 'n groep van waaruit nadeel toegebring is bloot omdat mense daarop geregtig is om te demonstreer, en derdes se regtens beskermde belange ten opsigte van hulle persoonlikheid, liggaam of goed dus aangetas kan word sonder dat die geskonde ewewig deur 'n gepaste privaatregtelike regsmiddel reggestel kan word, is anargie ons voorland. Aan die ander kant mag ook nie deur oormatige ywer met die toevoeging van regsmiddele meegebring word dat mense nie kans sal sien om van hulle vryheid om te demonstreer gebruik te maak nie, want dan het ons eweneens die baba saam met die badwater uitgegooi.

4 3 Die kousaliteitsvereiste en groepslidmaatskap in die onderhawige gevalle

- Die *conditio sine qua non*-toets vir die bestaan van 'n kousale verband se mislukking in die geval waar 'n onbekende lid van 'n groep nadeel aan 'n ander toegebring het, kan nie ondervang word deur die handelingsfiguur aan te pas, of deur dit te vervang deur die een of ander vorm van gesamentlike handeling nie. Die probleem kan ook nie opgelos word deur die splitsing van die kousaliteitselement in kumulatiewe of alternatiewe of watter ander klas van kousaliteit ook al nie, al is dit met die oog op die hantering van bepaalde ander gevalle wat kan voorkom inderdaad sinvol om sodanige onderskeidinge te maak.
- Wanneer sommiges beweer dat in die onderhawige gevalle heeltemal met die kousaliteitsvereiste weggedoen moet word, moet dit nie só verstaan word dat daar geen kousale verband tussen die tersaaklike groepsgedrag en groepsgebeure en die intrede van die nadeel hoef te wees nie; wat wél daaronder verstaan moet word, is dat nie vereis word dat die aangesprokene iets meer hoef te gedoen het as om deel te word of te bly van die groep van waaruit die nadeel teweeggebring is, ten einde te voldoen aan die vereiste dat die aangesprokene by die intrede van die nadeel sodanig *betrokke* was dat deliktuele aanspreeklikheid in beginsel daaraan verbind kan word nie.
- Die oplossing vir die probleem kan daarin gevind word dat aan die kousaliteitsvereiste ten opsigte van die aangesprokene in die onderhawige gevalle die betekenis geheg word van *betrokkenheid by die groepsaktiwiteit*. Daaronder word dan verstaan dat die aangesprokene deel geword of gebly het

van die groep toe die groepsaktiwiteit 'n buitengewone risiko van benadeling vir ander daargestel het. Die gedagte van *betrokkenheid by die daarstel of instandhouding van die psigiese sfeer verbonde aan die gebeure* is, ten spyte van die metafisiese skyn daarvan, nuttig om te verduidelik waaruit sodanige betrokkenheid bestaan. Deur in die "verkeerde" omstandighede deel te word of te bly van 'n groep, dra die aangesprokene by tot die daarstel of voortsetting van 'n bepaalde psigiese klimaat van waaruit die gewelddadigheid ontstaan wat tot die benadeling lei.

(*word vervolg*)

Die werweldier se reg op biopsigiese integriteit

JMT Labuschagne*
MA DPhil LLD
Professor in Inheemse Reg, Universiteit van Pretoria

AC Crosby
BLC LLB
Voormalige junior dosent in Inheemse Reg, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Vertebrata's right to biopsychic integrity

In this article it is pointed out that scientific and legal interest in animal protection and animal rights has exploded at both national and international level. The vertebrata's right to biopsychic integrity is explained. Scientific experiments on animals are scrutinised. The Draize test as well as the LD-50 test is criticised. Legal measures directed at protection of animals during scientific experiments are critically evaluated. References are made throughout to various foreign legal systems. It is contended that vertebrata have a right to avoidance of pain, a right to freedom of movement in order to satisfy basic instincts, and a right to intactness of anatomic functionality.

1 INLEIDING

Die afgelope paar dekades was daar 'n ontploffing van (onder andere) regswetenskaplike publikasies oor dierebeskerming en ook oor diereregte.[1] Dierebeskerming en gepaardgaande daarmee die aandrang op diereregte, het inderdaad 'n internasionale dimensie verkry.[2] Dit het naamlik reeds in internasionale ooreenkomste neerslag gevind.[3] Hofbeslissings, selfs verreikendes, het nie uitgebly nie. So het 'n Frankfurtse hof beslis dat psigologie-studente geregtig is op eksperimente wat nie die dood van diere tot gevolg het nie.[4]

---

* Dank word uitgespreek teenoor die Universiteit van Pretoria wat my in staat gestel het om 'n deel van dié navorsing in 1993 te doen aan die Max-Planck Institut für ausländisches öffentliches Recht und Völkerrecht, Heidelberg, Duitsland. Die menings uitgespreek verteenwoordig nie noodwendig dié van die Universiteit van Pretoria nie.

1 Chase "Animal rights: an interdisciplinary, selective bibliography" 1990 *Law Library J* 359–391.

2 Gündisch "Tierschutz im Gefüge von Verfassungsrecht und europäischen Recht" 1986 *MDR* 537.

3 Wengler "Tierschutz und internationales Strafrecht" 1980 *JR* 487.

4 VG Frankfurt, Urt v 24/10/1990, 1991 *NJW* 768. Sien ook Brandhuber "Kein Gewissen an deutschen Hochschulen?" 1991 *NJW* 725.

Die onderhawige bydrae word beperk tot werweldiere (*vertebrata*). Ryke[5] verklaar in hierdie verband:

> "Ten opsigte van kompleksiteit wissel die Vertebrata van relatief eenvoudige visagtige diere tot hoogs georganiseerde soogdiere. Almal besit die drie kenmerkende chordaatstrukture – notochorda, hol dorsale senuweestring en kieusakke of kieusplete – tydens een of alle lewensstadiums. By sommige primitiewe werweldiere is hierdie strukture in die volwassenes teenwoordig, maar by die hoër ontwikkelde groepe is sommige kenmerke slegs in die embrio herkenbaar.
>
> By sommige laer werweldiere bestaan die swak ontwikkelde *werwelkolom* uit kraakbeen, en die hele chorda of 'n gedeelte daarvan bly in die volwasse dier as 'n ondersteuning vir die rug en werwelkolom. Die hoër werweldiere het meestal 'n benige werwelkolom en by hulle verplaas dit die chorda tydens embriogenese.
>
> Die hoofskeletraamwerk van 'n werweldier is inwendig en bevat lewende selle. Dit het dus die vermoë om te groei en wysiginge te ondergaan gedurende die lewe van 'n individu. Die *kranium* of skedel wat die brein beskerm, is kenmerkend van alle hoër werweldiere en selfs die primitiefste vorme het 'n rudiment daarvan."[6]

Pyngevoel en -lyding is by werweldiere meer intensief.[7] Daarom word sekere vorme van beskerming in die Duitse reg tot werweldiere beperk.[8] Binne die biopsigiese struktuur van die werweldier word aandag aan drie regte gegee, naamlik die reg op pynvermyding, die reg op basies-instinkmatige bewegingsvryheid en die reg op anatomies-funksionele intaktheid. Aangesien hierdie regte dikwels by wetenskaplike eksperimentering ter sprake kom, word 'n afsonderlike afdeling aan die problematiek in verband daarmee afgestaan. 'n Verwysing na "dier" in die bespreking wat volg, is 'n verwysing na "werweldier".

2 WETENSKAPLIKE EKSPERIMENTE

Wetenskaplike eksperimente op diere is nie nuut nie. So verklaar McDonald:[9]

> "Animals have been the subject of scientific research and experiments since the third century BC. Although painful experiments are no longer justified by resorting

5 *Dierkunde* (1975) 666.

6 Sien ook Hildebrand *Analysis of vertebrata structure* (1987) 1.

7 Lorz *Tierschutzgesetz* (1992) 15; Von Loeper en Reyer "Das Tier und sein rechtlicher Status" 1984 *ZRP* 206. Sien ook Squire "On animals and pain" 1985 (Summer) *Between the species* 20: "The fact that animals cannot communicate with us verbally has reinforced the notion that they cannot think, and therefore, do not experience pain. In a 1984 Congressional hearing on the steel jaw leghold trap, one trapping advocate stated that he would not believe that a trapped animal was in pain until the animal told him so in our own language! But, as we have seen, the capacity to sense pain is basic and is unrelated to language. We do not doubt that human infants feel pain even before they have learned to talk; so, why should the fact that animals cannot talk lead us to doubt that they feel pain? There can be no justification for applying one set of criteria to humans and a different set to animals. All the evidence indicates that animals are more similar to humans than we have ever suspected. If they are like us, are we justified in doing things to animals that we would not do to other humans? Or do we have an obligation to treat animals the way we would wish to be treated? Luckily, more and more people are recognising the similarity between animals and humans and are demanding that animals be treated with the consideration and respect that their sentient natures require."

8 Lorz 84.

9 "Creating a private cause of action against abusive animal research" 1986 *Univ of Penn LR* 399.

> to the Cartesian view that animals are simply machines, research on animals continues in the hope of discovering answers to medical and biological questions. With the development of an active movement for the recognition of animal rights, however, both the use of animals in research and the pain that is inflicted on them in the name of science are coming under increasing scrutiny."

Honderde miljoene diere word jaarliks wêreldwyd in wetenskaplike eksperimente gedood.[10] 'n Vraagteken hang egter oor baie van hierdie eksperimente.[11]

2 1 Tipes eksperimente

Die tipes eksperimente wat uitgevoer word, kan in drie (dikwels oorvleuelende) kategorieë ingedeel word, naamlik (1) toksiologiese navorsing; (2) mediese navorsing; en (3) gedragsnavorsing.

2 1 1 Toksiologiese navorsing

Diere word gebruik om die veiligheid van verbruikersgoedere en medisynes te toets. Produkte soos insekdoders, bleikmiddels, oondskoonmaakmiddels, deodorante, ink, grimering, verf en sjampoe word eers op diere getoets om vas te stel of dit vir die mens nadelig kan wees. Veral twee toetse wat gebruik word, het grootskaalse kritiek uitgelok, naamlik die Draize-toets en die LD-50-toets. Ten aansien van eersgenoemde toets verklaar Gendin:[12]

> "The test consists of placing rabbits in stocks that immobilize their heads and then dropping the substance to be tested into one eye, using the other eye as a control. The testing takes place over several days and may lead to opacity of the cornea, haemorrhage, ulceration, blindness, and nearly always to considerable irritation and pain. Indeed the pain is sometimes so great that rabbits have been known to break their backs in efforts to free themselves from the stocks. Rabbits are particularly well suited for this experiment because their tear ducts are too inefficient to wipe away or dilute the product being tested."

Volgens Thomas[13] bestaan daar reeds effektiewe alternatiewe vir dié toets en is die resultate daarvan in ieder geval nie baie akkuraat nie.

Die doel met die LD-50-toets is om te bepaal welke hoeveelheid van die stof wat getoets word, nodig is om 50% van die toetsdiere te dood. Gewoonlik word die toetsdiere eers baie siek voordat hulle sterf. Hierdie toets is al dikwels gekritiseer, veral omdat dit in elk geval nie akkurate resultate oplewer nie. Mens en dier reageer nie altyd dieselfde op 'n giftige stof nie. So is bensien en arseen nie noodwendig vir toetsdiere giftig nie maar potensieel dodelik vir die mens. Regan[14] sê die volgende oor die nodigheid van hierdie toetse:

> "[T]here already are plenty of lipsticks, eyeshadows, oven cleaners, paints, brake fluids, crayons and other products competing in the market and readily available to consumers. There is no demonstrable human need that would be served by having new products from which to choose, nor is there any credible basis for believing that any consumer would be harmed by being deprived of yet another Christmas

10 Gendin "The use of animals in science" in Regan (red) *Animal sacrifices* (1986) 15; Ryder *Animal revolution* (1989) 242–243; Dudeck "The use of animals in medical research and testing: does the tail wag the dog?" 1987 *Ohio Northern Univ LR* 871.

11 McDonald 399.

12 22.

13 "Antinomy: the use, rights, and regulation of laboratory animals" 1986 *Pepperdine LR* 735.

14 Regan *The case for animal rights* (1983) 373.

> tree spray or nail polish from which to choose, least of all that this deprivation in any given case would be prima facie comparable to the harm done to animals in say the LD-50 test."

Die LD-50-toets word ook gebruik om medisynes te toets. Dwyer toon aan dat, in die farmaseutiese veld in geheel, slegs 1 uit 100 nuwe middels wat op diere getoets word, goed geag word om op die mens te toets en slegs 2% daarvan uiteindelik bemark word.[15] Ook hier is die toetsresultate dikwels onakkuraat. Penissilien is byvoorbeeld soms baie giftig vir diere maar van groot waarde vir mense. Die middel thalidomide is daarenteen op diere getoets en veilig bevind. Toetse van dié middel op gekultiveerde menslike embrio-weefsel het egter katastrofiese gevolge gehad. 'n Verdere tekortkoming van die toets van medisyne op diere is dat diere nie newe-effekte, soos hoofpyn en naarheid, aan wetenskaplikes kan meedeel nie. Buyukmihci[16] se samevatting is onderskryfbaar:

> "[O]nly experimentation on the human animal can provide results that can accurately be applied to the human condition, there is no such thing as a model of a human being."

2 1 2 Mediese navorsing

Diere word ook in mediese navorsing met betrekking tot byvoorbeeld kanker, vigs en hartsiektes gebruik. Verskeie mense bevraagteken die noodsaaklikheid van dié tipe navorsing. Buyukmihci[17] wys daarop dat

> "most advances, in terms of increasing the longevity and quality of our lives, have not come about through the use of non-human animals. The greatest benefits have come from adequate nourishment and proper sanitation".

Volgens Gendin[18] weet wetenskaplikes wat baie tipes kanker veroorsaak. Hierdie kennis het aan die lig gekom deur epidemiologiese studies en nie deur eksperimente op diere nie. Sommige kritici is selfs van oordeel dat eksperimente met diere gevaarlik vir die mediese wetenskap is omdat dit die aandag weglei van die model wat werklik bestudeer moet word, naamlik die mens. So verklaar Sharpe:[19]

> "But since animal-based research is unable to combat our major health problems and, more dangerously, often diverts attention from the study of humans, the real choice is not between animals and people, rather it is between good science and bad science."

2 1 3 Gedragsnavorsing

'n Wye reeks eksperimente word in dié verband op diere uitgevoer. So word gedeeltes van 'n dier se senustelsel vernietig of gestimuleer om te bepaal hoe dit sy gedrag affekteer. Elektriese skokke word aan diere toegedien om breinstimuli te monitor. Pasgebore apies word van hulle ma's geskei en in totale isolasie aangehou om die invloed daarvan op hul persoonlikheidsontwikkeling vas te

---

15 "The role of laboratory animals in pharmaceutical research in South Africa" in *South African Association of Laboratory Animal Science* (1978) 33.

16 "The use of nonhuman animals in research" 1990 *Law Library J* 357.

17 356.

18 31.

19 "Animal experiments – a failed technology" in Langley (red) *Animal experimentation* (1989) 88 111.

stel. Diere se oë word verwyder om te bepaal welke effek blindheid op hulle gesigsuitdrukking het.[20] Gendin, met verwysing na Heim wys dié tipe toets tereg af:[21]

> "[E]xperimenters do experiments to animals that would be unthinkable to perform on humans and justify them on the grounds that animals are utterly different from us. On the other hand, they believe that the results gained from the experiments may be extrapolated to form conclusions about people. This is inconsistent."

2 2 Juridiese beheermaatreëls

In die VSA word eksperimente op diere deur die Animal Welfare Act (AWA) van 1985 gereël.[22] Daarin word standaarde neergelê vir die versorging van proefdiere en vir die aanstelling van 'n inspeksiekomitee. Hierdie komitee moet 'n veearts en 'n gemeenskapslid as lede hê en het die bevoegdheid om laboratoriums waarin diere in eksperimente gebruik word, te inspekteer. Die AWA vereis ook dat laboratoriums gelisensieer moet word. 'n Lisensie sal slegs uitgereik word indien aan voorgeskrewe standaarde ten aansien van huisvesting, hantering, voeding, sanitasie, ventilasie en mediese sorg voldoen word. Artikel 2143(a) van die AWA maak ook voorsiening vir die gebruik van narkotiese en verdowingsmiddels. Hierdie bepaling is egter nie gebiedend nie. Die LD-50- en Draize-toets is in party gebiede in die VSA verbied.[23] Die Universiteit van Harvard het in 1984 ongeveer 600 000 dollar bestee om 4 000 honde vir eksperimente te koop, te kondisioneer, te voed en te huisves. In Massachusetts is dit egter tans verbode vir navorsingsliggame om diere by 'n openbare skut te koop wat baie goedkoper is.[24]

Die posisie in Brittanje word gereël deur die Animals (Scientific Procedures) Act van 1986.[25] Hierdie wetgewing vereis dat beide 'n persoonlike en projeklisensie aan 'n navorser en navorsingsinstansie respektiewelik toegeken word. Ten einde te kwalifiseer vir 'n persoonlike lisensie moet die applikant bewys dat hy oor die nodige opleiding beskik om die eksperimente waarvoor hy aansoek doen, te kan uitvoer en ook dat hy bewus is van die vereistes wat vir die versorging van die diere gestel word. By 'n aansoek om 'n projeklisensie moet onder andere vermeld word hoe ernstig die diere geaffekteer gaan word. In dié verband word drie vlakke van pyn onderskei, naamlik lig ("mild"), matig ("moderate") en substansieel ("substantial"). Die betrokke vlak van pyn mag nie oorskry word sonder dat die Home Office daarvan in kennis gestel is nie. Ook word van die applikant verwag om 'n waardeskatting te maak, met ander woorde die waarskynlike nadelige gevolge van die eksperiment op die diere moet opgeweeg word teen die voordele wat die projek moontlik kan inhou. Die projeklisensiehouer

---

20 Gendin 23–27; Regan *The case for animal rights* (1983) 352.

21 26.

22 Dresser "Assessing harm and justification in animal research: federal policy opens the laboratory door" 1988 *Rutgers LR* 723–795; sien ook Moretti *Animal rights and the law* (1984) 42.

23 Gavin "Constitutional limits in the regulation of laboratory animal research" 1988 *Yale LJ* 369.

24 Silas "The dogs win" 1984 *ABA J* 37.

25 Cooper *An introduction to animal law* (1987) 44–72; Hickman *Recent local advances in the regulation of animal experimentation* (1991) 32.

het spesifieke verantwoordelikhede, soos rekordhouding van al die diere en eksperimente wat op hulle uitgevoer is. Slegs diere wat in erkende broei-eenhede ("breeding establishments") geteel is, mag in laboratoriums gebruik word. Die Sekretaris van Binnelandse Sake (Home Office) is gemagtig om 'n lisensie vir drie maande op te skort indien hy dit in belang van die diere ag. In sekere omstandighede is eutanasie op 'n sekere voorgeskrewe wyse verpligtend. Inspekteurs, met mediese of veeartsenykundige kwalifikasies, kan laboratoriums te eniger tyd besoek en het die bevoegdheid om die eutanasie van 'n dier wat onnodig ly, te beveel.

In die Europese Gemeenskap is 'n konvensie in 1986 aangeneem, bekend as die European Convention for the Protection of Vertebrate Animals used for Experimental and other Scientific Purposes. Die idee is dat die bepalings van dié konvensie in nasionale wetgewing opgeneem word. Dit stel naamlik sekere minimum standaarde vir die aanhouding en versorging van proefdiere, maak voorsiening vir behoorlike rekordhouding en verbied die aanwending van rondloperkatte en -honde as proefdiere.[26]

In Suid-Afrika bestaan daar nie wetgewing wat spesifiek gerig is op die beheer van wetenskaplike eksperimente op diere nie. Die Dierebeskermingswet 71 van 1962 is ook op wetenskaplike eksperimente van toepassing. Daar bestaan egter 'n dringende behoefte aan spesifieke wetgewing in die onderhawige verband.[27] Die Mediese Navorsingsraad (MNR) het egter wel 'n etiese kode neergelê vir navorsers wat fondse van die MNR ontvang. Dit is 'n redelik omvattende kode wat onder andere voorsiening maak vir die gebruik van alternatiewe eksperimente indien moontlik, die gebruik van narkose en pynstillers waar die dier ernstige pyn kan verduur en die aanstelling van etiese komitees om toesig oor die hele proses te hou.[28]

2 3 Riglyne vir verbetering

In dié verband kan die volgende aan die hand gedoen word:

2 3 1 Kontrole deur lisensiëring

Soos reeds hierbo aangetoon is, mag slegs persone wat in besit van 'n lisensie is in Brittanje eksperimente op diere uitvoer.[29] In die land word ook noukeurig rekord gehou van elke dier waarop daar geëksperimenteer word. In 1987 is daar byvoorbeeld 3 631 393 gelisensieerde eksperimente op diere uitgevoer. Hiervan was 4 935 op katte, 5 078 op primate en 10 853 op honde. Daar word ook rekord gehou van die tipe eksperimente waarvoor die diere gebruik is. So is daar in 1987 14 534 diere gebruik om kosmetiese produkte te toets en 91 934 is in bestralingseksperimente gebruik.[30] Ook in Duitsland moet individue en organisasies wat toetse op diere doen, in besit van lisensies wees.[31] Hierdie

26 Cooper 177.
27 Sien Bleby "What is laboratory animal science and the need for a South African Association for Laboratory Animal Science" *South African Association for Laboratory Animal Science* (1978) 43.
28 Hickman "The regulation of animal experimentation" 1991 *Bluestocking* 32.
29 Sien ook Ryder "Speciesism in the laboratory" in Singer (red) *In defence of animals* (1985) 80.
30 Ryder *Animal revolution* 242.
31 Cooper 177.

benadering behoort as uitgangspunt ook in Suid-Afrika aanvaar te word. Sonder kontrole kan diere op groot skaal mishandel en misbruik word.[32]

2 3 2 Pyn- en benadelingsbeperking

In die VSA vereis die AWA dat navorsers 'n veearts by beplanning van 'n navorsingsprojek moet raadpleeg en dat hulle verdowingsmiddels en pynstillers moet gebruik tensy dit wetenskaplik noodsaaklik is dat dié middels nie gebruik word nie. In Australië moet enige dier wat ernstige, onomkeerbare pyn verduur op 'n menslike wyse gedood word, ongeag of die navorsingsdoel bereik is of nie. In Brittanje word, soos hierbo[33] aangetoon, met vlakke van pyn gewerk. Die pynvlak, soos in die lisensie vermeld, mag nie oorskry word nie. Indien 'n dier aan 'n eksperiment onderworpe is wat ernstige pyn veroorsaak en nie verlig kan word nie, moet die dier onmiddellik op 'n menslike wyse gedood word.[34] Hierdie benaderingswyse kan onderskryf word en behoort ook in Suid-Afrika gevolg te word.

2 3 3 Verbetering in die aanhouding en versorging van die diere

Die Animal Welfare Institute in die VSA lê die volgende riglyne neer:

> "Experimental animals, sacrificed for human benefit, should be provided optimum living conditions before, during and after their use. This is a minimum repayment for their services."

Die AWA vereis dan ook dat navorsingsfasiliteite voorsiening moet maak vir oefening vir honde en 'n fisiese omgewing moet geskep word wat bevorderlik vir primate se psigiese welstand is.[35] Dit is vereistes in die regte rigting en is onderskryfbaar.

2 3 4 Vermindering van eksperimente met diere

Soos hierbo[36] genoem, word honderde miljoene diere jaarliks in wetenskaplike eksperimente gebruik. Baie van die eksperimente is onnodig en waardeloos. Lewensvatbare alternatiewe eksperimente sonder diere bestaan in 'n veelheid van gevalle. Dit is duidelik dat die aantal eksperimente wat op diere uitgevoer word, aansienlik verminder kan word. Die ideaal moet wees om dit drasties te verminder en sekere tipes eksperimente behoort verbied te word.[37]

2 3 5 Die daarstelling van 'n ombudsman vir dierebelange

Daar behoort 'n ombudsman aangestel te word om oor dierebelange te waak. Hy/sy behoort bygestaan te word deur inspekteurs wat te eniger tyd laboratoriums kan besoek en sodoende toesig oor die welstand van diere hou. Algehele outonomie van wetenskaplikes by eksperimente op diere is geheel en al onaanvaarbaar.[38]

---

32 Sien Karstaedt "Vivisection and the law" 1982 *THRHR* 350.
33 Par 2 2 *supra*.
34 Dresser "Standards for animal research: looking at the middle" 1988 *Journal of Medicine and Philosophy* 125–128.
35 Dresser "Standards for animal research" 128–129.
36 Par 2 2 *supra*.
37 Sien *ibid*.
38 Vgl Kloepfer "Tierversuchbeschränkungen und Verfassungsrecht" 1986 *JZ* 212.

3 DIEREREGTE

In hierdie afdeling word aanvanklik enkele opmerkinge oor die regsubjektiwiteit van die dier gemaak. Daarna word na spesifieke regte verwys.

3 1 Regsubjektiwiteit van die dier

Die algemene benadering is dat slegs mense of 'n menslike groep regsubjektiwiteit kan hê.[39] Hierdie benadering is sterk antroposentries gefundeerd: die ganse natuur sentreer, volgens die mens, om homself.[40] Die Duitse Bundesverfassungsgericht[41] het beslis dat die Tierschutzgesetz ten doel het om die medeverantwoordelikheid van die mens vir die lewende wesens wat aan hom toevertrou is, te reël. Die vroeëre mens het homself nie bokant die diereryk geag nie.[42] So wys die bekende Switserse psigoloog Jung[43] daarop dat die Afrika-mens sekere diere, soos die olifant en die leeu, as van 'n dierkundig hoër klassifikasie as homself beskou. Diere is aanvanklik selfs aan die strafreg onderworpe gestel.[44] Die antroposentrisme van die moderne mens is by ander geleenthede[45] verwerp. Die argumente daarin geopper, word nie hier herhaal nie. Diere verdien regserkenning en -beskerming ter wille van hulleself en nie ter wille van die mens nie.[46]

3 2 Diereregte as 'n natuurlike konsekwensie van die sosio-emosionele evolusieproses van die mens

Die *pater* (tropleier; hoofman; koning) het aanvanklik die *ius vitae necisque* oor sy ondergeskiktes gehad en is, volgens Freud, deur hulle beide gevrees en bewonder.[47] Hy het die reg gesimboliseer en was die enigste "draer van regte". Uit hierdie sosio-emosionele gevangenskap het die "ondergeskiktes" en andersoortiges geleidelik ontwikkel. So het met die verloop van tyd slawe, anderskleuriges, anderskulturiges, vroue en kinders sekere regte verkry.[48] Hierdie probleme is nog nie afgeloop nie. Seksisme, rassisme, kulturisme en adultisme is derhalwe deur die eeue juridies geërodeer. Dieselfde proses, hoewel nog in 'n beginstadium, is besig om ook spesisisme te erodeer.

---

39 Sien White *Rights* (1984) 90; Liddell "The consistency-from-marginal cases argument for animal rights: a critical examination" 1985 *Victory Univ of Wellington LR* 147.

40 Sien Hargrove "Foundations of wildlife protection attitudes" 1987 *Inquiry* 3; Sitter *Plädoyer für das Naturrechtsdenken. Zur Anerkennung von Eigenrechten der Natur* (1984) 39–40.

41 (1973) BVerfGE 36 47 56–57; (1978) BVerfGE 48 376 389 gelees met a 74 (20) van die *Grundgesetz*; Schmidt-Bleibtreu en Klein *Kommentar zum Grundgesetz* (1990) 834.

42 Lorz 27.

43 *Modern man in search of a soul* (vertaling van Dell en Baynes (1949)) 165.

44 Evans *The criminal prosecution and capital punishment of animals* (1987) 1 ev.

45 Labuschagne "Regsubjektiwiteit van die dier" 1984 *THRHR* 334; "Regsobjekte sonder ekonomiese waarde en die irrasionele by regsdenke" 1990 *THRHR* 557.

46 Sien Goetschel *Tierschutz und Grundrechte* (1989) 28–34; Emrich "Tierschutz und Tierschutzrecht" 1949 *MDR* 676; Von Loeper en Reyer 208; Sitter 32; Weinreb "Natural law and rights" in George (red) *Natural law theory* (1992) 284–285.

47 *Complete psychological works* vol 18 (vertaal onder redaksie van Strachey (1971)) 127 128; Labuschagne "Die voorrasionele evolusiebasis van die strafreg" 1992 (1) *TRW* 28–29.

48 Sien Ryder 177; Albright "Animal welfare and animal rights" 1986 (Winter) *National Forum* 34; Rollin *Animal rights and human morality* (1981) 85; Magel "Animals: moral rights and legal rights" 1985 (Spring) *Between the species* 13–14.

3 3 Diere kan hulleself nie in drukgroepe organiseer nie

Anders as slawe, anderskleuriges, anderkulturiges, vroue en tot 'n sekere hoogte ook kinders, kan diere hulleself nie organiseer en in opstand kom nie.[49] Diere kan gevolglik nie self hulle regsposisie verbeter nie. Hiervoor is hulle geheel en al afhanklik van diereliefhebbers en welsynsorganisasies.[50] In beide Suid-Afrika en die VSA, om twee voorbeelde te gebruik, het sodanige groepe *locus standi in judicio* om "namens diere" te litigeer.[51] Hierdie feit sal in 'n toenemende mate tot gevolg hê dat die regsposisie van diere nie slegs onder die aandag van die howe nie maar ook onder die aandag van die publiek kom.

3 4 Die dier se reg op pynvermyding

Daar is verskeie bepalings[52] in die Dierebeskermingswet wat daarop gerig is om pyn by diere te vermy.[53] Dié bepalings is ook op wetenskaplike eksperimente van toepassing.[54] Die Duitse Tierschutzgesetz (TSG) van 1986 bevat bepalings wat dieselfde veld dek.[55] Artikel 254(1) van die Nederlandse Strafkode bepaal in dié verband soos volg:

> "Met gevangenisstraf van ten hoogste zes maanden of geldboete van de derde categorie wordt gestraft:
>
> (1) hij die, zonder redelijk doel of met overschrijding van hetgeen ter bereiking van zodanige doel toelaatbaar is, opzettelijk een dier pijn of letsel veroorzaakt of de gezondheid van een dier benadeelt;
>
> (2) hij die, zonder redelijk doel of met overschrijding van hetgeen ter bereiking van zodanige doel toelaatbaar is, opzettelijk aan een dier dat geheel of ten dele aan hem toebehoort en onder zijn toezicht staat, of aan een dier tot welks verzorging hij verplicht is, de nodige verzorging onthoudt."[56]

Dat al hierdie bepalings om diere self gaan, blyk uit die feit dat dit ook teenoor die eienaar van die dier geld. So het 'n Duitse hof beslis dat die eienaar van 'n dier aanspreeklik is as hy die dier mishandel deur oorafrigting.[57] Soos by ander geleenthede aangetoon is, het 'n dier, as uitgangspunt, 'n reg om op 'n pynvermydende wyse behandel te word.[58]

3 5 Die dier se reg op basies-instinkmatige bewegingsvryheid

Kragtens artikel 2(1)(b) van die Dierebeskermingswet stel dit 'n misdaad daar om 'n dier aan te hou in 'n plek waar onvoldoende ruimte is. Artikel 2(1) van die Duitse TSG bepaal dat 'n dier nie teen sy aard of behoeftes aangehou mag word nie. Kragtens artikel 2(2) TSG mag 'n dier nie op 'n wyse aangehou word wat

---

49 Ryder 105; McDonald 399; Rollin 85–86; Sitter 36–39.

50 Goetschel 34. In die VSA bestaan daar 'n organisasie, "Attorneys for Animal Rights", bestaande uit regsgeleerdes wat hulle vir diereregte beywer.

51 *SPCA, Standerton v Nel* 1988 4 SA 42 (T); *Sierra Club v Morton* 405 US 727, 31 LEd 2d 636, 92 S Ct 1361.

52 A 2(1) a–s en regulasies onder genoemde wet uitgevaardig.

53 Sien Labuschagne en Bekker "Dieremishandeling" 1986 *Obiter* 33 waarin dié bepalings bespreek word.

54 Sien Karstaed 351.

55 A 3–18; Lorz 36 ev.

56 Sien Remmelink *Wetboek van Strafrecht* Boek 2 (1992) 788.

57 OLG Hamm, Urt v 27/2/1985, 1985 *NStZ* 275.

58 Labuschagne 1984 *THRHR* 334; 1990 *THRHR* 557; Labuschagne en Bekker 33.

hom pyn of vermybare lyding veroorsaak of beseer (beskadig) nie.[59] In Duitsland het veral die aanhou van lêhenne in batterye onder skoot gekom omdat hulle nie daarin genoeg ruimte het om hulle instinkte, soos die versorging van hul vere, te bevredig nie.[60] Ook in die VSA word die sogenaamde agribesighede of fabrieksboerdery gekritiseer. So verklaar Frank:[61]

> "Factory farming, characterized by overcrowding, restricted movement, unnatural diets and unanesthesized surgical procedures utilizes intensive farming procedures in such a way that results in severe suffering for the farm animal. The poultry industry uses factory farming techniques in nearly every phase of poultry production and, consequently, most vividly illustrates the abuses of factory farming. However, factory farming occurs in the raising of all farm animals – hogs, calves, dairy cows, cattle and so forth."

Die aanhouding van wilde diere in hokke behoort, as uitgangspunt, verbied te word.[62] Daarom is die bestaan van dieretuine as sodanig onaanvaarbaar.[63]

3 6 Die dier se reg op anatomies-funksionele intaktheid

Kragtens artikel 2(1)(a) van die Dierebeskermingswet is dit strafbaar om 'n dier te vermink. Ingevolge artikel 254(1)(1) van die Nederlandse Strafboek stel dit 'n misdaad daar om 'n letsel aan 'n dier te veroorsaak. Kragtens artikel 6(1) van die Duitse TSG mag 'n ledemaat van 'n dier, geheel of gedeeltelik, slegs geamputeer word of liggaamsorgane verwyder of versteur word indien dit dierartskundig goedgekeur word.[64] Wat duidelik uit dié bepalings blyk, is dat die dier se anatomies-funksionele intaktheid beskerm word. 'n Dier se liggaam mag hiervolgens nie geskend word nie selfs al sou dit sonder pyn en ongerief geskied.

4 KONKLUSIE

In bogenoemde bespreking is aangetoon dat die werweldier se biopsigiese integriteit, in die sin van pynvermyding, basies-instinkmatige bewegingsvryheid en anatomies-funksionele intaktheid, regtens beskerm word. Hierdie beskerming geskied ter wille van die dier self. Daarom is van die standpunt uitgegaan dat die dier regte in dié verband het, selfs al sou sodanige beskerming ook 'n beskerming van die mens se gevoelslewe, en veral van menslike waardigheid, wees.[65] Namate die mens meer sensitief vir dierebelange en -regte word, sal gebruike wat die mens vir eeue beoefen het, soos die jag van diere as 'n

---

59 Lorz 95.

60 Brandhuber "Das neue Tierschutzgesetz – ein grundlegender Fortschritt für den Tierschutz?" 1988 *NJW* 1952; Sojka "Käfighaltung von Legehennen aus rechtlicher Sicht" 1985 *MDR* 364; Gündisch 529; vgl ook OLG Frankfurt, Beschl v 14/9/94, 1985 *NStZ* 130.

61 "Factory farming: an imminent clash between animal rights activists and agribusiness" 1979 *Boston College Environmental Affairs LR* 425.

62 Händel "Kein halbherziger Tierschutz" 1986 *ZRP* 122.

63 Erwin en Deni "Strangers in a strange land: abnormal behaviours or abnormal environments?" in Erwin, Maple en Mitchell (reds) *Captivity and behaviour* (1979) 6; Jamieson "Against zoos?" in Singer 108.

64 Lorz 188.

65 Sien Bässler en Daxer "Die Gesetzentwürfe zur Änderung des Tierschutzgesetzes" 1982 *ZRP* 198; Sitter 40; Jamieson "Experimenting on animals: a reconsideration" 1985 (Summer) *Between the species* 4.

sportsoort,[66] in die slag bly. In Suid-Afrika bestaan daar 'n behoefte aan omvattender navorsing oor die kwessie van diereregte en die begrensing daarvan. Ons hoop hierdie artikel het 'n bydrae tot aktivering van sodanige navorsing gemaak.

66 Sien Thomas "Hunting as a political issue" 1986 *Parliamentary Affairs* 30.

Erfregtelike ontwikkelinge aan die Kaap: 1806–1828

(*vervolg*)*

Willemien du Plessis
BJur LLD
Professor in Regspluralisme en Regsgeskiedenis, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

3 FORMALITEITE, *CLAUSULE RESERVATOIR, QUERELA INOFFICIOSI TESTAMENTI*

3 1 Romeinse regsontwikkeling

Verskeie testamentvorme het in die Romeinse reg bestaan. Die vroegste vorme was die *testamentum calatis comitiis* en die *testamentum in procinctu.* Hierdie twee vorme het reeds vroeg verdwyn. Alle latere testamentvorme is van die *testamentum per aes et libram* afgelei. Dié testament was 'n formele testament waarvoor vyf getuies, 'n skaalhouer en 'n *familiae emptor* vereis is. Die boedelgoedere is deur middel van 'n skyn *mancipatio*-handeling oorgedra. Indien nie aan die formaliteite voldoen is nie, was die testament nietig.[183]

Vanweë die nietigheid wat 'n gebrek aan formaliteite meegebring het, het die *praetor* ingegryp en *bonorum possessio secundum tabulas* verleen indien die erfgename die *tabulae* kon toon waarin hulle as erfgename ingestel is en kon aantoon dat die testament deur sewe getuies verseël is.[184] In die na-klassieke tyd het die keisers sekere wysigings aangebring wat later deur Justinianus in die *testamentum tripertitum* opgeneem is. Die vereistes vir dié testament was dat sewe getuies die testament moet verseël, die erfgename en erflater 'n *subscriptio* moet aanbring by die ondertekening van die testament en dat die testament ononderbroke verly moet word.[185] Mondelinge testamente met sewe getuies wat voor 'n regterlike amptenaar verklaar is, was ook geldig. In sekere gevalle is die aantal getuies verminder soos waar daar pes was, die persone op die afgeleë platteland gewoon het of slegs die kinders as erfgename aangewys is en die erflater in eie skrif die name van sy kinders neergeskryf het.[186]

---

* Sien 1995 *THRHR* 585–602.

183 Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 208; Spiller *A manual of Roman law* 143–149; Kaser-Dannenbring *Roman private law* (1984) 290–291; Thomas *Institutes* 484; Feenstra 272–273.

184 Feenstra 263–274; Spiller 144–145; Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 484–485.

185 Feenstra 274–275; *C* 6 23 21; *I* 2 10 3; Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 208–209; Lee 356.

186 Kaser-Dannenbring 293; Thomas *Textbook* 485; Lee 356.

In die Middeleeue moet mondelinge testamente op skrif gestel word. Die getal getuies is op grond van die kanonieke reg (waarskynlik met 'n beroep op Galasiërs 13:1) na drie verminder waarvan een 'n kerkman moet wees. Namate die kerk se invloed afgeneem het, is die kerkman se plek deur 'n notaris ingeneem.[187] In Frankryk is 'n testament wat die erflater self geskryf het en geheim gehou is, as 'n geldige testament aanvaar – hierdie testament ontwikkel uit die 15de eeuse gewoontereg.[188]

Die Romeinsregtelike testamente is in die 15de eeu in die Nederlande geresipieer. Die inheemse vorme het steeds 'n rol gespeel. Hierdie vorme is na die Kaap oorgedra. In 1845 is sekere formaliteite neergelê vir testamente wat sewe getuies gehad het. Die notariële testament en testamente uit die *clausula reservatoir* het dié vereistes vrygespring.[189] Daar is onderskei tussen die oop en geslote notariële testament.[190] Die oop testament is aan die getuies voorgelees – die nie-ondertekening daarvan deur die erflater en getuies het nie nietigheid tot gevolg gehad nie.[191] By die geslote testament word slegs voor die notaris en getuies verklaar dat dit die testament van die erflater is; die erflater moet die stuk onderteken; daarna is dit in die teenwoordigheid van die partye verseël en het die notaris 'n "superskripsie" daarop aangebring dat die testament tot die dood van die erflater verseël moet bly.[192] Die notariële testament moet gedateer word anders was dit nietig.[193]

Die mondelinge testament waarvoor sewe getuies teenwoordig moet wees, het ook in die Kaap voorgekom.[194] Waar die ouer 'n testament ten gunste van sy kinders skryf, is dit as 'n geprivilegieerde testament beskou.[195] Dit lyk nie of 'n testament *ad pias causas* bevoorregte status geniet het nie.[196]

'n *Clausule reservatoir* of *clausula reservatoria* is

> "'n bepaling in 'n testament waardeur 'n testateur vir homself die bevoegdheid voorbehou om die testament te verander of aan te vul in afwesigheid van getuies, hetsy in 'n afsonderlike geskrif, hetsy aan die voet van die testament wat die bepaling bevat".[197]

Volgens Joubert[198] verwys Bartolus na die *clausula* en is dit geleidelik in die Romeins-Hollandse reg geresipieer.[199]

Op 1 Januarie 1954 het die Wet op Testamente 7 van 1953 eenvormige reëls vir testamente daargestel en is daar slegs vir twee testamentvorme (een met twee getuies en die soldatetestament) voorsiening gemaak. Die *clausule reservatoir* mag nie meer gebruik word nie.[200]

---

187 Feenstra 274–275; De Smidt 52.
188 Sedert die 16e eeu word dit as 'n *holografisch testament* aangedui – Feenstra 274.
189 Van der Merwe en Rowland 121–122 132.
190 Vgl ook Lee 357–358.
191 133–134.
192 134–135.
193 Lee 358.
194 Van der Merwe en Rowland 134–136.
195 *Idem* 139–145; Lee 360.
196 Van der Merwe en Rowland 145; Lee 359.
197 Van der Merwe en Rowland 145; Lee 361.
198 1958 *THRHR* 32 ev; vgl ook Feenstra 276.
199 Van der Merwe en Rowland 146.
200 *Mirvish v The Master* 1945 AD 674; Van der Merwe en Rowland 148–149.

Die *querela inofficiosi testamenti* kon aanvanklik ingestel word wanneer die erflater enige van sy *descedentes* of *adscendentes* onterf het. Broers en susters kon dit instel as hulle ter wille van 'n eerlose persoon onterf is. Later kon dit ingestel word indien die erflater nie 'n legitieme porsie aan sy intestate erfgename nalaat nie. Die legitieme porsie is bereken na gelang van die aantal kinders. In die Justiniaanse tyd is byvoorbeeld bepaal dat as daar vier of minder kinders was, hulle ten minste vir 'n derde van hulle intestate erfdeel as erfgename ingestel moet word. Was daar meer as vier kinders moet hulle ten minste die helfte van hulle intestate erfdeel erf.[201] In die Middeleeue het die beperking ontstaan dat die legitieme porsie nie beswaar mag word nie.[202]

Die kodisil word reeds in die Romeinse reg aangetref. 'n Kodisil het tot toevoeging van die testament gedien en hoef aanvanklik nie aan al die formaliteite van 'n testament te voldoen het nie.[203] Justinianus vereis egter vyf getuies.[204] Hierdie vorm van kodisil is in Wes-Europa geresipieer.[205]

In die oud-Nederlandse reg is 'n "kodisil" meestal op grond van 'n *clausula reservatoir* opgestel.[206] Die doel hiermee was om die vormvereiste van vyf getuies te ontkom.[207] Kodisille kon by wyse van 'n testament of 'n latere kodisil herroep word.[208]

Die Romeins-Hollandse outeurs het 'n groot debat gevoer of daar werklik 'n verskil tussen testamente en kodisille was. Dit lyk of die meeste outeurs hulle aan mekaar gelykgestel het.[209]

3 2 Die reg van toepassing aan die Kaap

In *Anossi & Neetling (Smuts) v Fleck*[210] het Maria Smuts en Fleck (leraar van die Hervormde Kerk) 'n gesamentlike testament verly. Sy erf sekere eiendom van haar suster wat nie deel van die gemeenskaplike boedel uitmaak nie. Op 9 April 1800 skryf sy in haar eie handskrif dat die huise wat sy van haar suster geërf het na haar dood op 'n openbare veiling verkoop moet word, dat die helfte van die opbrengs na haar man moet gaan en die ander helfte onder haar broer en ander suster verdeel moet word. Op 13 Junie 1801 herroep sy haar deel van die gesamentlike testament en verklaar dat haar man die enigste erfgenaam sal wees. Die eisers word as eksekuteurs aangewys. Hierdie "geskrif" en die kodisil met betrekking tot die broers en susters word op 1 Februarie 1804 notarieel bevestig. Sy het beide onderteken – die eerste as kodisil en die laaste as haar uiterste wil.[211] Dit was 'n geslote testament en die notaris het in teenwoordigheid van getuies 'n "superskripsie" aangebring.[212]

---

201 Vgl in die verband Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 217–218; Thomas *Textbook* 495; Kaser-Dannenbring 301; Feenstra 269–270; Spiller 154; De Smidt 56–57.
202 Feenstra 269; De Smidt 57.
203 Feenstra 275–276.
204 *I* 2 25*pr*.
205 Feenstra 276.
206 De Smidt 54.
207 Feenstra 276.
208 De Smidt 54.
209 Lee 370; Van der Merwe en Rowland 115 (met 'n beroep op Voet *Commentarius* 29 7 5).
210 1806 CJ 1419 6–300.
211 15.
212 23.

Die eisers plaas die "geldigheid" van die testament in geskil. Volgens hulle is haar man die eksekuteur van die gesamentlike testament van 30 Maart 1790. Sy kon egter te eniger tyd die testament herroep en oor haar boedelgoedere beskik.[213]

In die *Antwoord* is beweer dat 'n testament slegs gewysig mag word as dit voldoen aan die wette en formaliteite van die land en dat die geringste *omissio* die testament nietig kan maak. Haar testament het wesenlike gebreke volgens Huber[214] se uiteensetting van die formaliteite, naamlik dat een notaris en twee getuies die testament moet teken.[215] Van Leeuwen[216] is van mening dat die notariële testament gelykstaande is aan testamente waarvoor daar vyf of sewe getuies vereis is. Hierdie verwysing moet met *C* 4 20 en 2 9 bestudeer word waar daar aangetoon word dat waar net een getuie nie kon teken nie, die testament nietig was.[217] Volgens *C* 6 22 8 en die *Hollandsche consultatien*[218] moet die getuie vyf grade van die testateur verwyder wees.[219]

'n *Placaat* van 22 Desember 1733 en 'n ordonnansie van 30 September 1746 het bepaal dat die uiterste wil op 'n behoorlike "zegal" geskryf moet word en dat alle vorige testamente van "nul en geener waarde" verklaar word.[220] Die verweerder is van mening dat die wetgewing ook die geslote testament raak. Die testament moet aanvanklik in teenwoordigheid van sewe getuies verly, onderteken en verseël word om die bemaking geheim te hou[221] en dan ook as geslote verklaar word in die teenwoordigheid van die notaris en getuies.[222] Volgens Lybrechts[223] mag die notaris geen voordeel uit die testament bekom nie anders is die testament kragteloos. Rochefort,[224] Schomaker[225] en De Groot[226] sou die standpunt ondersteun. Een van die getuies wie se name in die "superskripsie" voorkom, is vier grade van die testatrise verwyder en daarom is die testament volgens verweerder nietig.[227] Dit word soos volg in die saak uitgebeeld:[228]

213 24–34.
214 2 20 5 (121).
215 112–121.
216 *RHR* 3 2 7 (121–122).
217 Daar word ook verwys na *I* 2 10 5 dat die getuie ouer as 14 jr moet wees.
218 4 245 (124).
219 In die verband word daar ook na Wassenaar *Practyk notariael* 18 19 ivm legate en *fideicommissa* verwys (124).
220 125.
221 De Groot *Inleydinge* 2 17 12 (126).
222 *Idem* 2 17 24.
223 *Redeneerend vertoog over 't notaris ampt* 1:271.
224 *Civile wetten* 26 6 (127).
225 *Selecta consilia et responsa iuris* 2 43 5; 2 46 1 (127).
226 *Inleydinge* 2 24 2 (128).
227 129.
228 165.



Daar is dus slegs een getuie oor. Volgens *C* 4 20 9[229] kan dit beskou word asof daar geen getuies teenwoordig was nie. In die verband verwys hy ook na die *Hollandsche consultatien.*[230]

In die *replicq* is beweer dat die testatrise die testament self geskryf het; dit is na drie jaar verseël en voldoen wel aan al die vormvoorskrifte. Sy is bowendien geregtig om haar gesamentlike testament te herroep; dit kan ook beskou word asof sy op grond van die *clausule reservatoir* gehandel het. Indien dit so in die "kodisil" vermeld word en deur die handtekening van die testatrise bekragtig is, is die testament volgens Van Bijnkershoek[231] afdwingbaar en die eksekuteure soos in dié laaste skriftelike stuk aangewys.[232] Van Zutphen[233] toon aan dat 'n eksekuteur ook in 'n kodisil of minder plegtige testament aangestel mag word. Ten aansien van die gebrekkige seël word daar na Voet[234] verwys in die sin dat "het recht den geene hulpe bied, welke zonder quaed opzet struykeld". Die

229 130.

230 4 245: 431 in die Rotterdamse druk van 1669. Die saak verwys self na *C* 4 20 10–112 en Mantica *De conjectur ultim volunt* 66 3 16. Die rechtsdoctoren P van der Meulen en Cornelis van der Broek het in Delft die advies gelewer – vgl 'n uiteensetting van hierdie saak op 131–134.

231 *Verhandelingen over burgerlijke rechtszaaken* 342 (184).

232 184–185. Daar word ook verwys na Voet *Commentarius* 26 2 5, 9 (185).

233 *Nederlandsche praktycque* 6 (185).

234 *Commentarius* 26 5 4 (187).

verwysings na die tekste wat bepaal dat die getuies vyf grade van die testateur verwyder moet wees, hou verband met die openbare testament. Die beperking is ingevoer ten einde te verseker dat daar geen "valscheid, bedrog of quade handelingen" teenwoordig sou wees nie.[235] Die tekste wat die ander party aanhaal, dui ook op 'n testament waarvan die inhoud aan die getuies bekendgemaak word. In hierdie geval is 'n geslote testament ter sprake waar nóg die notaris nóg die getuies geweet het wat in die testament staan.[236] Hulle verklaar slegs dat die testament aan hulle oorhandig is en voor die notaris en testateur geseël en geteken is. Bowendien sou volgens Bartolus, Merula, Costalis en Van Zutphen[237] selfs broers en susters kon getuig. Moller het verder opgetree as klerk van die notaris en het dus nie as familielid geteken nie; hy het ook geen verwagting op 'n deel van die erfenis gehad nie. Lybrechts[238] toon aan dat daar volgens die Hof van Holland maar een gekwalifiseerde getuie buiten die testateur nodig is.

Die volgende redes word aangevoer waarom die testament geldig sou wees:[239] Die testatrise het die testament self geskryf; die notaris het dit bevestig; die notaris en twee getuies het bevestig dat hulle die testament geattesteer het; bogemelde is met die dood van die testatrise herbevestig; die vorige testament is behoorlik herroep; die erfgename, legatarisse en eksekuteur is *in forma* benoem; en die Weeskamer het die testament as behoorlik verly beskou. Die verweerder doen 'n beroep op billikheid en die *mobile et benignam judiciis officium* om van die streng vereistes van die reg af te sien.[240]

Verweerder gaan verder ten einde aan te toon dat die "testament" ook 'n kodisil kan wees. Hy verwys na Van Bijnkershoek[241] waar aangetoon word dat legate in 'n kodisil bemaak mag word. Die Hooge Raad het in 1706 byvoorbeeld 'n *fideicommissum* op grond van 'n *clausule reservatoir sine forma* bekragtig. Aan die ander kant het die Romeinse reg vyf getuies (mans en vrouens) vir 'n kodisil en vir 'n testament sewe (mans) vereis.[242] 'n Kodisil en testament is volgens verweerder gelykgestel en eersgenoemde kan gevolglik ook notarieel verly word (met 'n beroep op Voet en die *Digesta*).[243] Indien die testament of kodisil nietig is, moet die boedel intestaat vererf.[244] Die testatrise kon ook die testament herroep.[245]

---

235 Met verwysing na *Hollandsche consultatien* 245; Lybrechts *Redeneerend vertoog* 1 256 12, 14 (189).

236 189.

237 *Nederlandsche praktycque en getuigen* 10 (190).

238 *Redeneerend vertoog* 1: 18 (191).

239 195–196.

240 Met 'n beroep op *D* 50 17 183 en Voet *Commentarius* 26 1 4 (197).

241 *Verhandeling over burgerlijke rechtszaaken* 3 4.

242 De Groot *Inleydinge* 2 25 1 (201).

243 Voet *Commentarius* 29 7 8; 29 11 1; *D* 28 1. 'n Erfgenaam kan selfs in 'n kodisil herroep word. Met beroep op P Voet *D de codicillus*; Munniks *Handleiding tot de hedendaagse rechtsgeleerdheid* 13 5: 100 (205).

244 Lybrechts *Redeneerend vertoog* 1: 21; Schomaker 2 455; 46 1 ev; Bort *Nagelaten wercken* 226; Van Bijnkershoek *Observationes* 2 2: 37–38 (212).

245 Guido Papaquest 200; Faber 6 5 29 (207); Groenewegen verwys na die Howe van Holland op 1644-07-29 in die sake van *Wouter van Hendoorn cum locis requiranten contra Michiel Tormein* (207); De Groot *Inleydinge* 2 24 13; *C* 4 20 27 (202–203).

Indien die erflater geen direkte intestate erfgename het nie maar wel 'n gebrekkige testament opgestel het waarin ander bloedverwante as erfgename aangewys is, sou daar aan so 'n testament uitvoering gegee kan word.[246]

In die *duplicq* is aangevoer dat al die gesag en verwysings in die *replicq* oor die openbare testament handel en dat die geldigheid van sodanige testament wel afhang of daar valsheid of bedrog ter sprake is. Die formaliteite mag egter nie geheel en al by die notariële testament genegeer word nie – daar mag nie in die "superskripsie" skielik minder formaliteite vereis word as wat in die ander wette voorgeskryf word nie.[247] Hy beroep hom op Lybrechts,[248] Van Leeuwen[249] en Groenewegen[250] in die verband. Die beroep wat op Merula gedoen is ten einde te bewys dat selfs broers en susters mag getuig, is nie op testamentêre getuies spesifiek van toepassing nie maar handel oor die instelling van 'n voog in die saak van *Gerbe Tans Grade* voor die howe (in Holland) in Februarie 1725.[251] Volgens die advokaat sou Moller selfs indirek as 'n legataris beskou kan word.[252] Die argument van die advokaat in die *replicq* dat slegs een getuie voldoende is as die erfgename bloedverwante is,[253] word ook verwerp. Dié argument sou slegs in Friesland op grond van die gewoontes aldaar geldig wees.[254] Volgens die *Hollandsche consultatien*[255] is 'n testament ongeldig waar een van die getuies onder 14 jaar oud was en twee predikante verklaar het dat die erflater in hulle teenwoordigheid gesê het dat dit sy testament is.[256] Volgens die *Hollandsche consultatien*[257] moet die oorspronklike testament geldig wees om die bemaking uit die *clausule reservatoir* geldig te maak.[258]

Daar is volgens die prokureur geen voorbeeld in die *costume locaal* of selfs in die hele Bataafse republiek op grond waarvan daar van die voorgeskrewe formaliteite afgewyk mag word of 'n "vryer" kodisil mag bestaan nie.[259]

Eiser voer ten slotte die volgende aan oor waarom die 1804-testament nie geldig is nie:[260] Die testament is onbestaanbaar met die reg; die bemaking van 1804 is nie 'n kodisil nie en voldoen bowendien nie aan die formaliteite nie; die 1804-testament val nie onder een van die vorme van geprivilegieerde testamente nie (byvoorbeeld net aan kinders iets nalaat of die soldatetestament; persoonlike

---

246 Van Bijnkershoek *Obs Tum* 2 2: 37–38. Hyself verwys (216) na *D* 28 3; *D* 3 7 4 12 1; *C* 420 21 (213–217). Daar word ook verwys na Conanis *Comm iuris* 9 7; Voet *Commentarius* 28 1 2 (217).

247 226–228.

248 *Redeneerend vertoog* 19 29–36 (228).

249 *Censura forensis* 3 1 2 7 (229).

250 *Tractatus* 4; Paulus Voet *ad* 3 *Inst* 2 (229).

251 232.

252 *Ibid.* Hy verwys ook na Lybrechts 6 1: 28 (5e druk) (233).

253 Lybrechts 1 18 (234–236).

254 233.

255 245: 431.

256 236–237. Lybrechts 1 252 3 sou ook hierdie aangeleentheid beskryf het.

257 6 28 3.

258 248. Daar word verder verwys na *D* 10 51 (255) en Faber *Breviarium in Codicem* 6 5 3. Ivm die vraag hoeveel getuies 'n kodisil sou benodig en die bevoegdheid van die getuies word daar verwys na die *Hollandsche consultatien* 5 151 (256); *C* 6 36 2; Van Bijnkershoek 559 se verwysings na die Hooge Raad. Vgl ook die gesag aangehaal op 258–260.

259 270.

260 273–275.

testament in eie skrif tydens 'n oorlog voor twee getuies verly; testament *ad pias causas*); die testament is nie op grond van die *clausule reservatoir* uit die gesamentlike testament geskep nie; 'n *testamentum singulare* het nog nie in hierdie kolonie voorgekom nie – ten minste twee bevoegde getuies word vereis; en die gesamentlike testament is al wat geldig is.

Die hof gee die eiser gelyk dat die testament van 1 Februarie 1804 nietig en onbestaanbaar met die reg is en dat daar geen effek daaraan gegee kan word nie.[261]

Omvangryke gesag word in die *Anossi & Neethling*-saak aangehaal. Van al die sake wat oor testamente handel, word in hierdie gewysde na die meeste gesag verwys. Die prokureurs val mekaar ook aan oor die wyse waarop die ander die gesag sou siteer en gebruik en verwys telkens na nuwe gesag om hulle standpunte te staaf. Wat veral opval, is dat daar hoofsaaklik op Romeins-Hollandse gesag gesteun word – veral omdat die geskil oor 'n notariële testament en die *clausule reservatoir* handel. Die eiser se prokureur toets egter ook die standpunte van die verweerder aan die plaaslike reg en bevind dat daar geen voorbeeld daarvoor in die Kaap bestaan het nie. Wat ook opval, is dat daar verskeie kere deur beide partye na die beslissings van die Hooge Raad en die Howe van Holland verwys word.

In *Nielen & Hamman (Disch) ea v Nielen*[262] is aangevoer dat 'n testament nietig is omdat die formaliteite nie nagekom is nie. Die testament sou in Stellenbosch opgestel wees deur 'n notaris wat in Kaapstad woon. Bowendien sou een van die getuies 'n swaer van die notaris wees en die ander getuie onder 15 jaar oud. Daar is 'n beroep gedoen op 'n beslissing van die Hooge Raad van 11 Januarie 1626 waar beslis is dat 'n testament slegs verly mag word in die stad waar die notaris (in die geval Delft) werk.[263] Die Raad van Justisie het egter bevind dat die testament geldig is.[264]

Die geldigheid van geslote en oop notariële testamente is in *Leeson v Cruywagen*[265] betwis. Die notaris het sy ernstige siek skoonsuster (suster van sy vrou – Cruywagen) besoek sodat sy haar testament kan teken waarkragtens sy vrou en hulle kinders sou erf. Die bewering is gemaak dat sy "delirious" was tydens die maak van die testament. Sy het voorheen geen testament gehad nie. Haar helfte van die boedel sou dus intestaat op haar twee susters (Appeldoorn – haar kind is Leeson) en Cruywagen vererf het. 'n Geskil het bestaan oor die vraag of die testatrise by haar volle positiewe was toe sy die testament gemaak het en of daar dokters teenwoordig was.[266] Appellant voer aan dat die gesag wat die advokaat vir die respondent in die hof *a quo* aangehaal het (ten einde te staaf dat die

261 CJ 918 426–428.

262 1811 CJ 1534 140–378; 1814 GH 48/2/19 631–821.

263 CJ 1534 (260). Verdere gesag wat in die verband aangehaal word, is Coren *Observationes* 37 (262); Van der Keessel *Theses selectae* 295 (263–264); *Resolutie van de Staaten van Holland* 1608-11-27 (261); landreg (375 360 tav testamentêre vereistes); natuurlike billikheid (366). Tav die getuies is aangehaal *I* 2 10 6 (236); *I* 2 12 1 (258); *D* 22 6 9*pr* (256); *D* 22 5 1, 3 (258–259 322); *Roomsche wette* (376).

264 1811 CJ 929 278–283. Die Siviele Appèlhofsaak het hoofsaaklik gehandel oor die bemaking in 'n kodisil wat tot die gesamentlike testament gevoeg is – sien die bespreking van gesamentlike testamente hierbo.

265 1820 CJ 1741 2–518; GH 48/2/44 444–674.

266 GH 48/2/44 444 ev.

handtekening van die testateur nie nodig is nie), geen aanwending kan vind nie.[267] Die regulasies (a 37–38) vir notarisse wat in 1793 aan die Kaap uitgevaardig is, skryf voor dat 'n notariële akte slegs geldig is as dit deur die betrokke party(e), getuies en die notaris onderteken is.[268] As appèlgronde word onder andere aangevoer dat[269] die gekrap (*scribble*) onder aan die testament nie die handtekening van die testatrise was nie; die notaris wie se familie bevoordeel is, ongewens tydens die verlyding teenwoordig was; en dat die testatrise nie by haar volle positiewe was toe sy die testament geteken het nie.

Respondent voer aan dat daar voldoende mediese getuienis bestaan wat aantoon dat die testatrise wel bevoeg was om die testament te maak. Die volgende redes word vermeld waarom die bevel van die hof *a quo*[270] (dat die aansoek om ongeldigverklaring van die testament van die hand gewys word) gehandhaaf moet word:[271] Die "merk" van die testatrise is voldoende – dit is in elk geval deur die notaris bevestig;[272] die optrede van die notaris is nie ongewens nie – met 'n beroep op *I* 2 10 mag slegs persone wat self bevoordeeldes is, nie as getuies optree nie;[273] die teenwoordigheid van die notaris en sy kinders speel geen rol nie (Die enigste twee redes vir nietigverklaring van 'n testament sou wees (a) waar 'n *suus heres* verbygegaan was of (b) die formaliteite nie nagekom is nie.[274] Volgens Van Leeuwen[275] rus die bewyslas op die persoon wat die ongeldigheid beweer.); die testatrise was by haar volle positiewe (In die verband verwys die advokaat na die *mores hodierna* waar die oop en geslote notariële testament aangetref word en waar by die geslote testament die handtekening van die testatrise in die teenwoordigheid van getuies aangebring moet word. By die oop testament is dit nie nodig nie; slegs die bevestiging van die notaris en die getuies is noodsaaklik – soortgelyk aan die Romeinse *testamentum nuncupativa*.[276] Volgens Voet[277] is die handtekening van die testateur bloot 'n beter bewys.[278] Daar is ook na verskillende hofuitsprake van die howe van Holland verwys soos aangehaal deur Van Leeuwen,[279] Coren[280] en Lybrechts[281].); en in die Kaap word

267 Dié gesag is *C* 6 23 21; *D* 33 7 (geldigheid van die testament word per handtekening bevestig tot die teendeel bewys is – CJ 1741 164–168). Verweerder se kommentaar daarop is te vinde op 189. Daar word verder verwys na Böckelmann *Compendium Institutionum* 10 9: "jure novo testamentum dicitur vel privilegatum vel solemna, utrumque est semptum vel nuncupiativum" (177); *Querela inofficiosi testamenti* (181–182). In die *duplicq* is daar verder verwys na Van Leeuwen *RHR* 3 2 3 en *C* 4 20 (454 461).

268 469–470.

269 465–487.

270 1820 CJ 939 480–482.

271 532–585.

272 538.

273 538–543.

274 'n Beroep word gedoen op *D* 2 8 3 1 (548–549).

275 *RHR* 3 2 3 (549–550).

276 554–556.

277 38 13 3.

278 In die verband word verder verwys na Huber *Praelectiones iuris civilis ad D* 28 1 12–13; Groenewegen *ad Instit* 2 10 3; Van Leeuwen *Censura forensis* 1 3 2 8; *RHR* 3 2 3–4.

279 *Censura forensis* 1 3 2 14 (1693).

280 *Observationes* 2 2.

281 *Notarieel praktijk* 1 32 2. Daar word ook verwys na die Hooge Raad van 1779-07-13 en Van der Linden *Collection of decisions* 25.

sowel die oop as geslote testament aangetref wat verskil van die Romeinse testamente – veral die rol van die notaris is belangrik.[282]

Die Siviele Appèlhof het die Raad van Justisie se bevinding bekragtig dat die testament geldig is.[283] 'n Merk van die testatrise was dus voldoende om die openbare testament te bevestig. Die notaris se verbintenis met haar suster het ook geen invloed op die geldigheid van die testament gehad nie. Die hof het waarskynlik bevind dat sy dus by haar volle positiewe was toe sy die testament verly het. Die verweerder/respondent het hoofsaaklik op die Romeins-Hollandse reg gesteun vir gesag vir sy standpunte. Belangrik is dat ook hierdie saak heelwat verwysings na vroeëre Nederlandse regspraak bevat.

'n Kodisil, opgestel na aanleiding van 'n gesamentlike testament, was weer eens die geskilpunt in *Van Druten v Le Roux*[284] en in die appèl van *Van Druten & Sappe v Widow Kiesewetter & Haupt*.[285] Daar is in die saak uiteindelik aansoek gedoen om verlof tot appèl na die Privy Council.[286]

Die feite[287] was kortliks dat in 'n gesamentlike testament van 20 Augustus 1806 Michiel Kiesewetter en Dina le Roes die eiser/appellante (hierna appellante) as eksekuteurs van die boedel en voog oor die testateurs se minderjarige kinders aangewys is. Michiel is op 16 Oktober 1812 oorlede. Die respondente (Kiesewetter en Haupt) het appellante nie kennis gegee nie en as eksekuteurs van die boedel opgetree op grond van 'n kodisil wat die dag voor Michiel se dood opgestel is. Appellant voer aan dat Michiel op hierdie dag reeds te swak was om sy naam te teken. 'n Aansoek om insae in die kodisil te verkry, is deur respondente geweier, waarna by die hof om blootlegging aansoek gedoen is. 'n Interdik is op 8 Mei 1813 verleen ten einde vas te stel wie as eksekuteurs mag optree. Na inspeksie het dit vir appellante geblyk dat die kodisil deur Haupt geskryf was waarin hy homself en die weduwee Kiesewetter as eksekuteurs aanwys; dat die handtekening nie ooreenstem met die bekende handtekening van die oorledene nie; dat die optrede van Haupt "inconsistent [was] with the law and several precedent decisions in this colony";[288] en dat volgens "Dutch law and customs observed in this colony, [it] is illegal and pro non scripto habetur".[289] Die kodisil is nie behoorlik opgestel, geattesteer en publisiteit aan verskaf nie.[290] Daar kan 'n nadelige afleiding gemaak word uit die feit dat die respondente nie die kodisil beskikbaar wou stel nie. In die Raad van Justisie-beslissing van 3 Maart 1814[291]

---

282 574–583 – daar word verwys na Van Bijnkershoek *Quaest iuris priv* 3 5, 8. Selfs kopieë van testamente kan geldig wees. Daar word verder verwys na Voet *Commentarius* 28 4 1, 4; *Lex Cornelia de falsis*; tav die *querela inofficiosi testamenti: I de iniust test* 1 (waarskynlik *D* 28 3 1). In CJ 1573 word verwys na Hooge Raad van 1712-07-03 (152).

283 GH 48/1/2 86.

284 1814 CJ 1573 33–609.

285 1814–1815 GH 48/2/21 578–1347.

286 GH 48/1/1 296. Daar kon nie vasgestel word of die saak wel in die Privy Council voorgekom het nie.

287 GH 48/2/21 1069–1081.

288 GH 48/2/21 1077.

289 1080.

290 In CJ 1573 303–305 word gesag aangehaal tav die formaliteite van kodisille en gesteun op Lybrechts *Vertoog over't notaris ampt* 19 10: 253. Selfs die vors van 'n land moes die formaliteite nakom: Huber *Hedendaegse rechtsgeleerdheid* 139; *C* 6 36; De Groot *Inleydinge* 2 25.

291 1814 CJ 2226 164–166.

is bevind dat Haupt nie as eksekuteur kon optree nie, maar dat appellante (eisers in Raad van Justisie) moet aantoon dat hulle wel as eksekuteurs en voogde van die minderjariges kon optree.[292]

Die volgende redes is in appèl aangevoer waarom appellante as eksekuteurs moes optree:[293] 'n Kodisil is slegs geldig as dit deur die testateur self geskryf is, anders moet dit behoorlik opgestel en geattesteer word; 'n bevoordeelde kan nie self 'n testament skryf en hom die voordele laat toekom nie; 'n ongeldige kodisil kan nie 'n bestaande testament ophef nie – daar kan in elk geval nie bewys word dat die kodisil die wil van die erflater bevat het nie; geen getuies was teenwoordig nie – daar bestaan onsekerheid oor die handtekening van die erflater; 'n kodisil of testament kragtens 'n *clausule reservatoir* is onderworpe aan *stamp duties* van Rd 1 – geen sodanige aantekening van betaling kom voor nie; die hof het fouteer deur appellante nie as eksekuteurs aan te wys nie aangesien hulle in 'n behoorlik verlyde en geattesteerde testament aangewys is; en die kodisil stel nie uitdruklik dat die appellante nie meer as eksekuteurs moet optree nie – dit is duidelik dat die oorledene nooit bedoel het dat sy vrou alleen as eksekuteur aangestel moes wees nie.[294]

Daarteenoor het respondent aangevoer dat volgens die Hollandse reg die testateur geregtig is om sy testament te wysig kragtens die voorbehoudsklousule – soos dit bevestig is deur verskeie sake van die Raad van Justisie. Alhoewel die Hollandse reg bepaal dat niemand vir homself 'n voordeel in 'n testament mag beding nie, staan in *Hollandsche consultatien* 1 103 dat 'n notaris wel as eksekuteur aangestel mag word. Al sou 'n legataris en sy seun getuies by 'n testament wees, sou so 'n testament nie nietig wees nie.[295] Die legate verval maar die aanstelling van die eksekuteur bly geldig. Hieruit lei appellante af dat individue op dieselfde wyse gehanteer moet word.[296]

Die respondent verwys na die posisie van skuldeisers en skuldenaars waar die skuldeisers 'n skuldbrief opstel en die skuldenaar dit onderteken; die skuldenaar word aan die "brief" gebonde gehou volgens die reg van die kolonie.[297] Volgens respondent moet appellant bewys dat hierdie gewone reël nie ook op testamente by die aanstelling van eksekuteurs van toepassing is nie. *Hollandsche consultatien* 2 147 wat bepaal dat iemand nie 'n voordeel mag bekom nie, is slegs op erfgename en legatarisse van toepassing en nie op die eksekuteur nie.[298]

In appellant se "rejoinder" verwys hy na die geval in die Engelse reg waar 'n testament, geskryf in die testateur se eie handskrif, geldig is solank daar voldoende bewys bestaan dat dit wel sy handskrif is. In die Raad van Justisie is verwys na 'n beslissing van die Hooge Raad van 31 Mei 1732 waar 'n testateur in sy eie handskrif 'n kodisil op grond van 'n *clausule reservatoir* geskryf het.[299] Blackstone adviseer dat dit egter veiliger is om dit aan 'n kerklike regter oor te

292 Vgl ook GH 48/2/21 1081.
293 1082–1093.
294 Vgl ook 1193.
295 1136 1195–1196.
296 1137.
297 1193–1196.
298 1195–1196.
299 CJ 1573 111. Behoorlike bewyse moet egter bestaan: Van Bijnkershoek *Verhandelinge over burgerlijke rechtszaaken* 2 5 5: 577ev (111); Lybrechts *Redeneerend vertoog over't notaris ampt* 1: 355 (112); *Hollandsche consultatien* 157 215 (113–114).

laat om toe te sien dat die testament behoorlik geteken en verseël is. In die kolonie moet die Hollandse reg[300] egter nagekom word en was dit in belang van die testateur dat die testament deur 'n notaris opgestel en deur twee getuies bevestig word.[301] As nie daaraan voldoen is nie, was die testament nietig.[302] Volgens De Groot[303] is die aanstelling van die eksekuteur aan dieselfde formaliteite onderworpe. 'n Kodisil hoef nie aan die formaliteite te voldoen nie net as dit deur die testateur self onderteken en geskryf is[304] of deur iemand geskryf is wat geen belang by die testament het nie.[305] Die kodisil voldoen nie aan hierdie vereistes nie. Volgens Blackstone[306] sou die eerste testament dus geldig wees.[307] 'n Testament wat 'n ander herroep, moet self ook aan alle formaliteite voldoen.[308] Volgens die Hollandse reg moet daar bewys wees dat dit die handtekening van die testateur was.[309] Die feit dat daar 'n *clausule reservatoir* was, hef nie die formaliteite op nie en daar moet steeds daaraan voldoen word – die doel van die formaliteite is juis om korrupsie en bedrog te voorkom en kan nie afgewater word nie.[310] Daarteenoor het die hof waarskynlik reeds verweerder se standpunt in die Raad van Justisie[311] aanvaar dat 'n beskikking sonder formaliteite in 'n *clausule reservatoir* gemaak kan word.[312]

Die eksekuteur ontvang ook 'n voordeel uit die testament volgens die Hollandse reg en tradisie. Die "salaris" van die eksekuteur is 2,5% van die boedel plus 'n kwart van die betaling van skulde aan die boedel. In die geval van 'n boedel van ongeveer Rd 200 000 sal die eksekuteur dus Rd 7 500 ontvang. In die kolonie word daarenteen 5% van die boedel aan die eksekuteur (soos ook deur die howe in Holland en aan die Kaap bevestig) oorbetaal.[313] Dit is dus 'n voordeel wat die eksekuteur uit die boedel toekom en hy behoort dit nie vir homself in 'n testament te beding nie.[314] In die Raad van Justisie[315] is geopper dat volgens

---

300 De Groot *Inleydinge* 2 7 6–7 (1218).

301 Van Leeuwen *Censura forensis* 1 3 11 10 – CJ 1573 76. Volgens Wassenaar *Practyk notariael* 18 167 (CJ 1573 77) word daar onder die "Doctoren gecontroverteert" of die notaris en twee getuies by 'n kodisil op grond van *clausule reservatoir* benodig word. Volgens "onse costumen" sou hy dit wel so voorstel.

302 1216–1217.

303 *Inleydinge* 2 17 6–7.

304 In die CJ 1573 73–76 word verwys na Voet *Commentarius* 28 1 29. Legate kan op dieselfde wyse bemaak word – Van Bijnkershoek *Verhandelingen over burgerlijke rechtszaaken* 3 4 en tov die bemaking van 'n *fideicommissum* die beslissing van die Hooge Raad van 1706 soos aangehaal in *Smuts v Fleck* 1809 CJ 1492 258.

305 Met verwysing na *D* 34 8: "quae quis sibi vel suis adscripsit, in alieno testamento pro non scripto habetur" (1219) – ook CJ 1573 87–88.

306 Vol 2 502.

307 1223. De Groot *Inleydinge* 2 24: "revocatio prioris testamenti per testamentum imperfectum non valet ex defecti solemnitatis non adhibitio legitimo testium numero" (1223–1224).

308 *Hollandsche consultatien* 6 (417) – CJ 1573 416.

309 1225. Volgens Blackstone vol 3 369 ev kan getuies wat self 'n belang by die testament het, se getuienis nie aanvaar word nie – gevolglik behoort die weduwee se getuienis nie in ag geneem te word nie.

310 1229–1230.

311 CJ 1573 72.

312 In die verband word verwys na Papinianus *lib* 17 soos vervat in *D* 28 5 77.

313 Hof van Holland van 1725-07-28 – CJ 1573 430.

314 1234–1236.

315 CJ 1573 88.

Van Leeuwen[316] 'n notaris geen voordeel vir homself in die testament mag inskryf nie selfs al sou dit die wil van die erflater wees. Die doel sou volgens Van Zurck[317] wees om enige bedrieglike handelinge te stuit.

Die pligte van die eksekuteur is om die wil van die erflater uit te voer.[318] 'n Administrateur (of voog) sou daardie persoon wees wat 'n insolvente boedel administreer. Volgens die appellante is hulle volgens die oorspronklike testament beide as eksekuteurs en administrateurs aangestel. Hulle verwys ook na die onderskeid wat Blackstone[319] in dié verband maak.

Die Siviele Appèlhof bevestig egter die uitspraak van 3 Maart 1814 dat weduwee Kiesewetter die enigste eksekuteur van die boedel en administrateur (as voog) van die minderjarige kinders is.[320]

Uit hierdie saak kan afgelei word dat die hof steun op die Romeins-Hollandse reg en die gebruike aan die Kaap, naamlik dat dit moontlik is om 'n bemaking in 'n ander skriftelike stuk (wat nie aan die formaliteite voldoen nie) te maak. Die testateur moet die testament óf self skryf óf onderteken. Niemand wat op enige wyse uit die testament bevoordeel word, mag die testament skryf nie – die res van die testament bly egter geldig. Dit blyk ook dat daar aan die Kaap 'n eiesoortige praktyk ontstaan het waar die eksekuteur in plaas van 2,5% van die boedel 5% as voordeel ontvang. Daar sou afgelei kan word dat dié voordeel as 'n vorm van 'n "legaat" deur die hof beskou is eerder as vergoeding vir dienste.

In *Anossi (Hayning) v Smuts (Buissine)*[321] het die erfreg van die graafskap Zutphen ter sprake gekom.[322] Ene Moller en Hayning is sonder 'n huweliksvoorwaardekontrak in Holland getroud. Moller koop 'n stuk grond (met 'n huis daarop) vir weiding in Zutphen. In Moller se testament (behoorlik verly voor die hof van Zutphen) word sy vrou as universele erfgenaam benoem. Daar word beweer dat volgens die plaaslike reg van Zutphen 'n eggenoot in 'n huwelik sonder 'n huweliksvoorwaardekontrak nie meer as die helfte van die erflater se deel of 'n kwart van die totale gesamentlike boedel mag erf nie. 'n Ooreenkoms is in die Kaap bereik waarvolgens die boedel onder die weduwee, twee broers van die erflater en die weduwee Buissine (voormalige vrou van erflater se broer) verdeel is. Op grond van dié ooreenkoms is *res iudicata* gepleit en het die appellant se appèl nie geslaag nie.[323]

In *Vermaak v De Wet*[324] het die legitieme porsie ter sprake gekom. Ene Dempers het 'n gesamentlike testament met sy eerste vrou opgestel waarin die boedel onder hulle vier kinders verdeel moet word. Na sy eerste vrou se dood is hy weer getroud en hy het drie kinders by die tweede vrou gehad. Sy tweede huwelik is in gemeenskap van goed sonder 'n huweliksvoorwaardekontrak gesluit. Die

316 *Censura forensis* 1 3 4.
317 *Codex Batavus* 1 5 4 – CJ 1573 88–89. Vgl ook Voet 48 10 (89–92); *Utrechtse consultatien* 2 64 (92–93); *C* 9 22 3–4 (97).
318 Lybrechts *Vertoog over 't notarieel praktyk* 1: 539 (1238–1239).
319 Vol 2: 32 (1239–1240).
320 1814–1815 GH 48/1/1 240.
321 1817 CJ 1645 253–382; 1818 GH 48/2/35 310–597.
322 Die saak het hoofsaaklik oor *res iudicata* gehandel.
323 GH 48/2/35 310–312; GH 48/1/1 344 (319).
324 1820 CJ 1725 149–310.

vraag het ontstaan of die tweede eggenote meer as die legitieme porsie van die wettige kinders kan bekom. Daar is 'n beroep gedoen op *C* 5 9 6 dat[325]

> "in de Verenigden Nederlanden gerecipieerd ist geworden en steeds geobserveerd word en van daar in deze colonie is overgebracht en in dezelve ook steeds onderhoud en geword volgens welke wet, het aan de ouders, voorkinderen hebbende, verboden word, aan hun tweede egtgenoot, iets meerder te begiftigen, aan alleen ter concurrentie van zoodanig erfdeel, als voorkind geniet het welk in de minste portie, ist geinstitueerd geworden".

Coren,[326] Neostadius[327] en Peckius[328] verwys na die geval waar 'n huweliksvoorwaardekontrak gesluit is – eiser maak dit egter ook van toepassing op 'n huwelik sonder sodanige kontrak.[329]

Die vraag of boedelsamesmelting kan plaasvind en of 'n tweede huwelik in gemeenskap van goed gesluit kan word, is breedvoerig deur verweerder bespreek met verwysing na De Groot.[330] Die kinders moet dus ten minste 'n legitieme porsie bekom het.

In die *Pleidooy van antwoord*[331] wys die verweerder daarop dat *C* 5 9 6 verkeerd toegepas is en dat dié verkeerde interpretasie deur die Hof van Holland en die Hooge Raad verwerp is.[332] Volgens hom kan boedelvermenging in Holland plaasvind nieteenstaande die teks. Hierdie verskynsel het reeds in die gewoontereg voorgekom voordat die *Codex*-teks daar geresipieer is. Die Romeinse reg was subsidiêr tot die plaaslike of gewoontereg. Joan Cos[333] beskryf die "gevoelens" van die Hollandse regsgeleerdes in die verband die beste. Die *Hollandsche gerechtshoven* van 22 Mei 1586,[334] Van der Keessel[335] en Van der Linden[336] dui duidelik aan dat boedelvermenging nie op grond van die *Codex*-teks ontstaan het nie.[337]

Die bevinding van die Raad van Justisie was dat die tweede huwelik wel in gemeenskap van goed gesluit is en dat die verweerder op die helfte van die boedel, sowel as die slavin Louisa van die Kaap (wat in 'n kodisil van 18 September

---

325 156.
326 *Observatien* 100 29, 54 (167).
327 *De pactis antenuptialibus* 4 (167).
328 *Tractatus de testamentis conjung* 2 18 8; Lybrechts *Redeneerend vertoog* (167).
329 167–168.
330 *Inleydinge* 2 11 8 (254–255); 2 12 6 (256–260); ook die *Hollandsch rechtsgeleerd woordenboek* 158 steun De Groot se standpunt dat sodanige verbod bestaan sodat die kinders uit die eerste huwelik nie benadeel word nie (261–270). Die verweerder se regsverteenwoordiger haal die eiser se regsverteenwoordiger oor die kole omdat hy die reg nie noukeurig ontleed het nie (265).
331 305 ev.
332 305.
333 *Verhandelingen over de boedelvermenging* 6 (306).
334 In *Gerrit Laurens cum locis impetranten in cas appel ende Eliz Corn Gysbrechts weduwee Laurens* soos aangehaal deur Coren *Observationes* 30 29: "Quamvis inter Doctores et alium etiam inter nostri fori patronos id practiens non satis convenerit utrum consuetudo illa introducens communionem inter conjugens, in casu existentium aliborum anterioris matrimonium restrigenda sit . . . praxis invaluit eo casu consuetudine non restringi" (306).
335 *Theses selectae* 229 (307).
336 *Koopmans handboek* 1 3 8 (307).
337 De Groot *Inleydinge* 2 2 5 (308).

1817 aan haar bemaak is) geregtig is. Die helfte van Dempers se erfdeel moet so verdeel word dat die weduwee nie meer as die legitieme porsie ontvang nie. Die gedeelte wat meer as die legitieme porsie is, moet onder die kinders uit die eerste huwelik verdeel word.[338]

Dit blyk dus dat die hof wel gevolg gegee het aan sowel die gewoontereg wat in Holland bestaan het ten aansien van die tweede huwelik wat in gemeenskap van goed gesluit is, as aan die Romeinsregtelike reëling met betrekking tot die legitieme porsie. Dit is duidelik dat die 16de- en 18de-eeuse Hollandse gewoontereg in die verband aan die Kaap toepassing gevind het en nie noodwendig die 17de-eeuse Romeins-Hollandse reg nie.

4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die erfreg het 'n belangrike rol in die regslewe aan die Kaap gespeel. Dit blyk uit die aantal erfregsake wat voor sowel die Raad van Justisie as Siviele Appèlhof gedien het.

Van die belangrikste onderwerpe wat aangespreek was, was gesamentlike testamente, die *fideicommissum familia, substitutio, clausule reservatoir*, kodisille, legitieme porsie en die *querela inofficiosi testamenti.*

4 1 Reg aan die Kaap

Die vraag kan gestel word watter reg aan die Kaap ten opsigte van die erfreg toepassing gevind het. 'n Duisternis gesag is deur die verskillende regspraktisyns aangehaal ten einde hulle stellings te staaf. Buiten die Romeinse en Romeins-Hollandse reg word daar ook na ander skrywers uit die Europese *ius commune* verwys. Hierdie gebruik dui dan ook daarop dat nie net die "eng" reg soos in Holland aan die Kaap gegeld het nie, maar die Europese *ius commune*. Daar word ook ruim van 18de-eeuse Romeins-Hollandse outeurs gebruik gemaak en dit bewys stellings wat sou beweer dat die reg van Holland soos in 1652 aan die Kaap gegeld het, ook foutief. Blackstone word hoofsaaklik as bron van die Engelse reg aangehaal. 'n Geskiedkundige outeur (Holme/Solme) en selfs Shakespeare is as gesag vir die Engelse reg aangehaal. In 1818 is die eerste keer in die erfregsake wat ondersoek is van die Engelse reg melding gemaak.

Daar is verskeie verwysings na regspraak van die Howe van Holland en die Hooge Raad, waaruit die afleiding moontlik gemaak kan word dat 'n informele stelsel van *stare decisis* toenemend 'n rol begin speel het. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die *ius commune* aangevul is deur plaaslike gebruike en gewoontes. Nie alleen verwys die regspraktisyns na *costume locaal* of plaaslike gebruike nie, maar ook na Kaapse wetgewing in dié verband.

4 2 Gesamentlike testamente

'n Gesamentlike testament is waar meer as een testateur hulle wilsverklarings in een dokument uiteensit. Aan die Kaap was dit die algemene gebruik dat egpare wat in gemeenskap van goed getroud is, 'n gesamentlike testament (waarin daar gewoonlik 'n *clausule reservatoir* vervat is) verly. Dit sou volgens die een saak ooreenkomstig die *costume locaal* erken word.[339] Die gesamentlike testament het probleme opgelewer wanneer een van die testateurs te sterwe kom en die ander

338 1820 CJ 938 562–563.

339 *Roux en Hamman (Disch) v Nielen* 1811 CJ 1534 140–378.

een weer trou. Van dié partye het dan die vorige gesamentlike testament herroep en 'n nuwe gesamentlike testament met die tweede eggenoot (eggenote) opgestel.

Ten aansien van prelegate is daar op die Romeinse en Romeins-Hollandse reg gesteun. Daarvolgens moet die eerste gesamentlike boedel eers afgehandel word wat die prelegate van die eerssterwende (eerste boedel) betref, alvorens die boedel kragtens die tweede gesamentlike testament verdeel kon word.[340]

Nie alleen die prelegate nie maar ook die boedel van die eerste eggenoot (helfte van gesamentlike boedel) moet volgens die "gebruik in hierdie kolonie" eerste afgehandel word.[341]

'n Beroep is veral op die Romeins-Hollandse reg (soos in die *Hollandsche consultatien* beskryf) gemaak ten einde die posisie uit te klaar of kinders wel 'n eis het as hulle deur die erflater verbygegaan is.[342]

4 3 *Fideicommissa familia*

Die *fideicommissa familia* wat reeds in die Romeinse reg bestaan het, het ten doel gehad om bepaalde bates na die dood van die erflater in die familie te hou.

Dit blyk dat die hof aanvaar dat daar in die Kaapse praktyk voorsiening gemaak is vir 'n *fideicommissa familia*.[343] Die Nederlandse reg het egter steeds 'n groot rol gespeel in die interpretasie of daar direkte of *fideicommissêre* substitusie ter sprake was. In verskeie sake was daar selfs 'n geskil oor die vraag of hierdie *fideicommissum* wel in die Kaap aanwending gevind het.

In een saak is aangevoer dat die *fideicommissa familia* as gevolg van die feodale reg verder uitgebou is. Alhoewel een van die partye betoog het dat die feodale reg nie in die kolonies (selfs die hele Afrika) toepassing kon vind nie, blyk dit dat die hof die standpunt aanvaar het dat dié reg soos deur die Romeins-Hollandse outeurs "verwerk" is wel toepassing kon vind. Die hof het wel die plaas aan die seun as oudste erfgenaam laat toekom maar hom verplig om aan sy susters hul "intestate erfdeel" waarop hul andersins geregtig sou wees, te gee.[344] 'n Mengsel van Hollandse gewoontereg en Romeins-Hollandse reg is toegepas.

4 4 Formaliteite, *clausule reservatoir* en *querela inofficiosi testamenti*

Die formaliteite van testamente het deur die eeue verskeie ontwikkelings ondergaan. Die nie-nakoming van hierdie formaliteite het meestal nietigheid van die testament tot gevolg gehad. Aangeleenthede wat met 'n beroep op gebreke in die formaliteite ter sprake gekom het, was die *clausule reservatoir* (waarkragtens die erflater vir homself die reg voorbehou om in 'n ander skriftelike stuk 'n bemaking te maak), kodisille, *querela inofficiosi testamenti* (klag teen die onpligmatige testament), die aanstel van die eksekuteur, bevoordeling van getuies en die legitieme porsie.

Aan die Kaap is daar hoofsaaklik van oop en geslote notariële testamente gebruik gemaak. Die grootste problematiek was of 'n kodisil of testament opgestel kragtens 'n *clausule reservatoir* aan sekere vormvereistes moet voldoen.

---

340 *Eksteen v Eksteen* 1823 GH 48/2/59 1–14.
341 *Roux en Hamman (Disch) v Nielen* 1811 CJ 1534 140–378.
342 *Ventura (Janssens) v Danielse (De Oude)* 1810 CJ 1509 264–544.
343 *Laubscher v Orphan Chamber* 1819 GH 48/2/38 235–329.
344 *Laubscher v Orphan Chamber* 1818 CJ 1677 320–566; 1819 GH 48/2/38 235–329.

Aangesien die notariële testament 'n Middeleeuse en na-Middeleeuse ontwikkeling toon, word daar hoofsaaklik op Romeins-Hollandse gesag gesteun.[345]

Uit die pleitstukke blyk dit dat die verskillende regsverteenwoordigers telkens meld dat hulle standpunte aan die plaaslike reg getoets moet word. Ook in die geval van formaliteite word daar gereeld na regspraak van die Howe van Holland en die Hooge Raad verwys. Die gevalle waar gepleit is dat die testateur nie by sy volle positiewe was toe die testament verly is nie, is telkens deur mediese getuienis verwerp en daar moes teruggeval word op ander moontlike formaliteitsgebreke. Daar is verder aangevoer dat 'n merk nie voldoende ondertekening van 'n kodisil is nie of dat die handtekening van 'n testateur vervals was. In beide gevalle was 'n geslote testament ter sprake en het die hof hierdie verwere verwerp.[346]

In 'n bepaalde geval was die notaris met die suster van die erflater getroud – dié verbintenis het geen uitwerking op die geldigheid van die testament gehad nie. In 'n ander geval was die aanstelling van 'n eksekuteur nietig omdat hy die testament namens die erflater geskryf het. Slegs die aanstelling van die eksekuteur is nietig verklaar. Daar is bevind dat op grond van Kaapse gebruike die eksekuteur 5% van die boedelinkomste ontvang en dat dit op 'n voordeel neerkom. Waar een van die getuies binne vyf grade van die erflater verwyder was, was die latere testament gemaak op grond van die *clausule reservatoir* ook nietig. Ook in hierdie gevalle is daar hoofsaaklik op die Romeins-Hollandse outeurs en regspraak gesteun. Die Engelse regsposisie soos deur Blackstone uiteengesit, is ook bespreek maar daar is pertinent gestel dat aan die Kaap daar op die reg soos in die Nederlande beskryf is, gesteun word.[347]

Waar 'n tweede huwelik aangegaan en 'n gesamentlike testament opgestel word, blyk dit dat die tweede vrou se bemaking nie meer mag wees as die legitieme porsie wat die kinders van die eerste vrou ontvang het nie. Daar het 'n strydvraag ontstaan of *C* 5 9 6 of die gewoontereg in Holland soos deur die voor 16de-eeuse en na 17de-eeuse outeurs beskryf, toepassing moet vind. Dit lyk of die hof aanvaar het dat in sekere gevalle die Romeinse reg subsidiêr tot die Nederlandse gewoontereg gegeld het aangesien bevind is dat 'n tweede huwelik wel in gemeenskap van goed gesluit mag word. Die Romeinsregtelike posisie met betrekking tot die legitieme porsie is egter wel gevolg.[348]

4 5 Gevolgtrekking

Die erfreg aan die Kaap het uit verskillende elemente bestaan, naamlik die Romeinse reg, die *ius commune* van Wes-Europa, onder andere soos dit in die Romeins-Hollandse reg weergegee is, en in bepaalde gevalle die plaaslike Kaapse gebruike en gewoontes. Alhoewel daar verwysings na die Engelse reg was, kan op hierdie stadium nie 'n afleiding gemaak word dat wat die materiële erfreg betref daar enige beïnvloeding was nie. Uit die feit dat daar in die onderhawige tydperk deur die praktisyns aan die Kaap toenemend na beslissings van die Hooge Raad en die Hof van Holland verwys is, kan moontlik afgelei word dat die Engelse beginsel van *stare decisis* informeel toepassing begin vind het.

---

345 Vgl bv *Anossi v Neethling (Smuts) v Fleck* 1806 CJ 1419 6–300.

346 *Leeson v Cruywagen* 1820 CJ 1741 2–518; GH 48/2/44 444–674.

347 *Van Druten v Le Roux* 1814 CJ 1573 33–609; *Van Druten & Sappe v Widow Kiesewetter & Haupt* 1814–1815 GH 48/2/21 578–1347.

348 *Vermaak v De Wet* 1820 CJ 1725 149–310.

AANTEKENINGE

DIE STOKVEL: ENKELE INLEIDENDE OPMERKINGS OOR TERMINOLOGIE EN OMSKRYWINGS*

1 Inleiding

Marknavorsing deur Markinor toon aan dat daar in 1993 in die metropolitaanse gebiede van Suid-Afrika nagenoeg 'n miljoen stokvel-lede teenoor 680 000 in 1989 was (Scott-Wilson "The growth of stokvels" 1992 *Markinor: new perspectives* April 3–4). Daar word geskat dat daar ongeveer vyf jaar gelede landwyd meer as 800 000 stokvels, met 'n omset van R200 miljoen maandeliks, gefunksioneer het (Cairncross "Tapping the cash potential of SA's 'stockvel' members" *Business Day* 1989-09-04 8; McGregor "Cash in hand" 1989 *Leadership* 126). Met 'n gemiddelde ledetal van tien per stokvel, kon daar in 1992 reeds geskat word dat daar min of meer agt miljoen aktiewe stokvelbydraers in Suid-Afrika is (Anon "Market in waiting – sector and individual buyer both chronically underfinanced" 1992 *Finance Week* 28).

Die indrukwekkende omvang in getalle en omset wat stokvels tans in Suid-Afrika aanneem, beteken dat hierdie fenomeen nie deur juriste geïgnoreer kan word nie. 'n Ontleding van dié regsfiguur gaan mank aan regswetenskaplike literatuur. Bronne wat wel oor die onderwerp beskikbaar is, is hoofsaaklik vanuit óf 'n populêr-wetenskaplike óf 'n antropologiese invalshoek geskryf.

Daar dien verder beklemtoon te word dat hierdie bydrae slegs inleidend en verkennend van aard is om gedagtes rondom die onderwerp te prikkel en hoegenaamd nie poog om enigsins finale oplossings te verskaf nie.

2 Terminologie en basiese konstruksie

Die stokvel kan omskryf word as die plaaslike, spesifieke verskyningsvorm van die wêreldwye generieke verskynsel van roterende kredietverenigings. Volgens Thomas ("Rotating credit associations in Cape Town" in *South Africa's informal economy* (1991) 291–292) is variasies van die woord "stokvel" wat ook dikwels aangetref word, "stockfel" en "stockfair". Ander benamings vir die verskynsel is volgens Thomas "gooi-gooi" (veral in die Wes-Kaap), "mahodisana", "mohodisana",

---

* Hierdie bydrae is gebaseer op navorsing vir 'n projek van die Sentrum vir Ondernemingsreg, UOVS, befonds deur die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie en die Getrouheidsfonds vir Prokureurs.

"kuholisana", "umgalelo" en Hindi- en Tamil-uitdrukkings in die Indiër-gemeenskap van Suid-Afrika, "chita" en "chitu".

Ardener ("The comparative study of rotating credit associations" 1964 *The Journal of the Royal Antropological Institute of Great Britain and Ireland* 201–229) ontleed roterende kredietverenigings in verskillende gemeenskappe en bespreek spesifieke verskyningsvorme daarvan in Asië, Afrika, die Wes-Indiese eilande, die Amerikas en Europa. (Sien ook Schrader "Rotating savings and credit associations – institutions in the 'middle rung' of development" *Working Paper no 148: Sociology of Development Research Centre, University of Bielefeld* (1991); Bouman "Indigenous savings and credit societies in the Third World. A message" in *Savings and development* (1977); Miracle en Cohen "Informal savings mobilisation in Africa" in *Economic development and cultural change* (1980).)

Ardener 201 definieer 'n roterende kredietvereniging as 'n vereniging wat deur 'n groep deelnemers gevorm word, welke deelnemers ooreenkom om gereelde bydraes tot 'n fonds te maak wat, in die geheel of gedeeltelik, aan elke deelnemer op 'n rotasie-grondslag oorhandig word. (Sien ook Schrader 1; Bouman (1977) 182; Bouman "Indigenous savings and credit societies in the developing world" in *Rural financial markets in developing countries* (1983) 262; Kurtz "The rotating credit association: an adaptation to poverty" 1973 *Human Organization* 50; Cope en Kurtz "Default and the Tanda: a model regarding recruitment for rotating credit associations" 1980 *Ethnology* 213; Morton "Mobilizing money in a communal economy: a Tongan example" 1978 *Human Organization* 53.)

In eenvoudige vorm sien die konstruksie van 'n roterende kredietvereniging soos volg daar uit: 'n aantal persone kom ooreen om op 'n gereelde basis (hierna die verdelingstydperk genoem) te vergader en elkeen 'n bedrag by te dra, wat om die beurt aan een van die lede oorhandig word. By die aanbreek van die volgende verdelingstydperk ontvang 'n ander lid van die vereniging die totale bydraes. Hierdie prosedure word herhaal met die gevolg dat aan die einde van 'n volledige rotasietydperk, wat gelyk is aan die verdelingstydperk vermenigvuldig met die aantal lede, elke lid 'n spesifieke bedrag bygedra het en uiteindelik presies dieselfde bedrag ontvang het (Geertz "The rotating credit association: a 'middle run' in development" 1962 *Economic Development and Cultural Change* 253; Bouman (1983) 262; Bouman (1977) 182).

3 Omskrywings

3 1 Skrywers

Volgens Lukhele (*Stokvels in South Africa* (1990) 1) is 'n stokvel 'n kredietvereniging waar 'n groep persone 'n ooreenkoms aangaan om 'n vasgestelde bedrag geld aan 'n gemeenskaplike fonds op 'n weeklikse, twee weeklikse of maandelikse basis by te dra. Afhangende van die reëls van die spesifieke stokvel, kan hierdie geld of 'n deel daarvan deur lede onttrek word, hetsy op 'n rotasiebasis of in tye van finansiële nood. Hierdie onderlinge finansiële ondersteuning is die hoofdoel van stokvels, maar hulle het ook belangrike sosiale en vermaaklikheidsfunksies (*ibid*). Lukhele (Anon "What is a stokvel?" 1990 *Black Enterprise*

Des/Jan 45) beskryf die stokvel andersyds bloot as 'n informele, roterende kredietvereniging met vermaaklikheids-, sosiale en ekonomiese funksies.

Botto (*Some aspects of the leisure occupations of the African population in Cape Town* (1954) 136–137) beskryf die prosedure tydens 'n stokvel-byeenkoms as een waar lede, gewoonlik tussen vier en agt, elke week sosiaal by die huis van 'n ander lid bymekaarkom. Laasgenoemde word dan die "eienaar" van die stokvel vir die geleentheid. Elke lid betaal 'n klein weeklikse ledegeld aan die "eienaar". Lede is geregtig op gratis verversings en daar word ook gesteun op die teenwoordigheid van betalende besoekers. Botto meld verder dat 'n lid, na betaling van die voorgeskrewe weeklikse bydrae, aan die einde van die rotasietydperk 'n relatief groot bedrag ontvang wanneer dit telkens haar beurt is om die "eienaar" van die stokvel te wees. Hierdie inkomste word verder vergroot deur die betalings van besoekers.

Krige ("Some social and economic facts revealed in native family budgets" 1934 *Race Relations* 102) wys daarop dat sosiale byeenkomste die belangrikste ontspanningswyse van die destydse tradisionele bevolking was en dat hierdie tydverdryf mettertyd toenemend met die hou van 'n "mohodisana" in verband gebring kon word. Voorts wys die skrywer op die belangrike gevoel van samehorigheid wat onderling tussen die lede van 'n "mohodisana" bestaan. Die "mohodisana" het funksies ten opsigte van beskerming, sekuriteit, ondersteuning en hulp verrig, nie net aan lede van die "mohodisana" nie, maar ook hulle gesinne.

Kuper en Kaplan ("Voluntary associations in an urban township" 1944 *African Studies* 178) meen dat 'n stokvel 'n spaarvereniging is waarvan die sirkulasie van bedrae geld tussen lede onderling enersyds en sosiale byeenkomste tussen lede andersyds die karakteristieke eienskappe is.

Coplan ("The African musician and the development of the Johannesburg entertainment industry, 1900–1960" 1979 *Journal of Southern African Studies* 137) beskryf die stokvel hoofsaaklik in terme van sy sosiale funksie en toon aan dat 'n stokvel 'n klub vir partytjies is waar die weeklikse bydraes van vroulike lede gebruik word om musiek en verversings aan betalende lede van ander klubs te verskaf.

Marais ("Regulating informal finance in South Africa" *EBM Research Conference Vista University Port Elizabeth* (1992) 5) meen dat die hoofkenmerke van stokvels die volgende is: die skepping van 'n deurlopende kapitaalpoel deur die mobilisering van spaargeld; die feit dat die hoofoorweging vir die toestaan van lenings aan lede nie die sekuriteit is wat hulle kan bied nie, maar eerder hulle karaktereienskappe; die sukses van stokvels hang grotendeels van die vrywillige insette van die lede af en handelinge word beperk tot 'n geslote kring van die lede tussen wie daar 'n gemeenskaplike band bestaan.

Die uiteenlopendheid van die omskrywings beklemtoon die wye verskeidenheid verskyningsvorme wat die stokvel in die praktyk kan aanneem.

3 2 Die Bankwet 94 van 1990

Die begrip "stokvel" word tans ook statutêr omskryf en wel vir die doeleindes van die Bankwet 94 van 1990 (hierna "die wet"). Dit is vir huidige doeleindes dienlik om die omskrywings van direk relevante terme as vertrekpunt te neem.

Die wet definieer "deposito" as 'n bedrag geld wat deur 'n persoon aan 'n ander persoon betaal word, onderworpe aan 'n ooreenkoms ingevolge waarvan 'n gelyke bedrag of enige gedeelte daarvan terugbetaal sal word en geen rente betaalbaar sal wees nie. Dit wil voorkom of hierdie definisie die handeling van inbetaling van geld deur lede van die stokvel aan die stokvelfonds en uitbetaling van die saamgestorte fonds aan die lede op 'n rotasiebasis, kan insluit. Hierdie waarneming laat die vraag ontstaan of die stokvel as 'n bank beskou kan word.

Die wet definieer die begrip "bank" bloot as 'n publieke maatskappy wat ingevolge die wet as 'n bank geregistreer is. Dit is die tradisionele stokvel ten ene male nie. Die omskrywing van die begrip "bank" word egter aangevul deur die omskrywing van "die bedryf van 'n bank".

Ingevolge artikel 1 sluit "die bedryf van 'n bank" onder andere in die neem van deposito's van die algemene publiek as 'n staande kenmerk van die betrokke bedryf en in die geval van 'n bank, ook van die persone wat by hom in diens is. Ook behels hierdie bedrywigheid die werwing van of advertering vir deposito's en die aanwending van geld of rente verdien op geld, vir die toestaan van lenings, vir beleggings of vir finansiering soos omskryf. Die verkryging van geld (as staande kenmerk van die betrokke bedryf) deur die verkoop van 'n bate aan 'n ander persoon as 'n bank onderworpe aan 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die verkoper onderneem om op 'n toekomstige datum die bate wat verkoop is of enige ander bate van die koper te koop, ressorteer ook kragtens die wet onder "die bedryf van 'n bank". Die Registrateur van Banke kan ook na oorleg met die President van die Reserwebank by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n bedrywigheid tot bankbedrywigheid verklaar.

Die woordomskrywing in artikel 1 bevat egter ook 'n aantal uitsonderings deurdat "die bedryf van 'n bank" nie insluit die neem van 'n deposito deur 'n persoon wat homself nie uitgee as iemand wat op 'n gereelde grondslag deposito's neem en wat nie vir sodanige deposito geadverteer of dit gewerf het nie, met dien verstande dat die persoon nie deposito's van meer as twintig persone of wat in totaal meer as R500 000 bedra, hou nie.

Uitgesluit van die bepaling is ook 'n aantal bedrywighede ingevolge ander wetgewing wat met goedkeuring van óf die minister en/of die Registrateur van Banke geskied.

Kragtens die verbodsbepaling in artikel 11 kan alleen 'n publieke maatskappy die bedryf van 'n bank uitoefen, mits dit voorlopig of finaal as 'n bank geregistreer is. 'n Persoon wat strydig met hierdie bepaling optree, is aan 'n misdryf skuldig. Wanneer so 'n publieke maatskappy as sodanig geregistreer is, is die reëlings en toesig van die wet ten opsigte van die publieke maatskappy wat deposito's van die publiek neem, op die maatskappy van toepassing. Hierdie toesig sluit ingevolge hoofstuk VI van die wet onder meer die voorsorgvereistes van 'n minimum aandelekapitaal, onaangetaste reserwefondse, minimum likwiede bates en reëlings met betrekking tot groot blootstellings in.

Uit die omskrywings van die stokvel hierbo blyk dat die bedrywighede van sommige stokvels denkbaar binne die omskrywing van "die bedryf van 'n bank" kan val. Aan die hand van die omskrywings van "deposito" en "die bedryf van

'n bank", wil dit voorkom of finansieel-georiënteerde stokvels denkbaar binne die verbodsbepalings van artikel 11 van die Bankwet kan val.

3 3 Kennisgewings in Staatskoerant

In GK 16 (gepubliseer in *SK* 15416 van 1994-01-05) word 'n bedrywigheid aangewys wat nie binne die betekenis van "die bedryf van 'n bank" val nie. Dit is naamlik die bedrywigheid van 'n groep persone indien daar tussen die lede 'n gemeenskaplike band bestaan. Die stokvel word as so 'n groep aangewys en ook omskryf. Hierdie goewermentskennisgewing het gegeld gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1994. Dieselfde bepalings is vervat in GK 2173 (gepubliseer in *SK* 16167 van 1994-12-14) en geld vanaf 1 Januarie 1995 tot 31 Desember 1995.

Volgens die woordomskrywing van "stokvel" in die onderhawige goewermentskennisgewing is 'n stokvel 'n *genus* van die spesie van groepe persone waartussen daar 'n gemeenskaplike band bestaan. By die stokvel word hierdie band verbesonder deur dit soos volg te beskryf: Die "stokvel" is 'n formele of informele roterende kredietskema met onthaal-, sosiale en ekonomiese funksies. Die stokvel bestaan in wese uit lede wat onderlinge steun ter bereiking van bepaalde doelwitte aan mekaar belowe het en wat 'n deurlopende kapitaalpoel vestig deur die verkryging van fondse deur middel van ledegelde. Die stokvel staan krediet aan en ten behoewe van lede toe, maak voorsiening vir lede om in wins te deel en om 'n bestuur te benoem en steun op selfopgelegde regulering ten einde die belange van sy lede te beskerm.

Die wetgewer maak die uitsluitingsbepaling onderworpe aan die voorwaarde dat die stokvel lid van die Nasionale Stokvel-vereniging van Suid-Afrika (NASVSA) moet wees. Ander kwalifiserende voorwaardes waaraan 'n stokvel moet voldoen wat vir hierdie bydrae relevant is, sluit ooreenkomstig paragraaf 3 van die goewermentskennisgewing in:

- die reëls van 'n groep mag geen lid te eniger tyd daarop geregtig maak om die volle bedrag van sy bydraes te onttrek nie;
- die voordele van die groep mag nie uitsluitlik bestaan uit die verskaffing van lenings wat ingevolge die reëls van die groep terugbetaal moet word nie;
- 'n groep moet rekeningkundige rekords hou;
- 'n groep moet 'n datum bepaal waarop sy finansiële jaar eindig;
- 'n groep moet binne 120 dae na die einde van elke finansiële jaar toesien dat jaarlikse finansiële state opgestel word;
- 'n groep wat ledegelde hou wat in totaal meer as R1 miljoen beloop, moet bowendien sy finansiële state voorlê aan 'n persoon behoorlik geregistreer ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991 vir verslagdoening aan die lede van die groep en aan NASVSA. As die rekenmeester of ouditeur nie sodanige verslag sonder voorbehoud kan maak nie, moet hy 'n stelling te dien effekte in sy verslag insluit en afskrifte van die ouditverslag van die groep binne 60 dae na voltooiing aan die lede van die groep en aan die NASVSA voorlê;

- 'n groep mag in elk geval nie ledegelde hou wat in totaal R9,99 miljoen oorskry nie. (Indien hierdie bedrag oorskry word, moet die groep aansoek doen om as 'n bank of as 'n onderlinge bank geregistreer te word.)

Bedrywighede wat deur die wetgewer ingevolge paragraaf 2 van gemelde goewermentskennisgewing aangetoon word as bedrywighede waarvoor geld deur of ten behoewe van 'n groep ontvang word ten einde vir die uitsluiting te kwalifiseer, sluit onder meer in vir:

- onderhoud tydens onmondigheid, ouderdom, weduweeskap, siekte of ander gebrek;
- die voorsiening van 'n bedrag geld wat betaal sal word by die geboorte van 'n lid se kind, by die dood van 'n lid, vir die uitgawes verbonde aan die begrafnis van 'n lid of gedurende 'n tydperk van gekluisterde rou deur 'n lid;
- doeleindes van die uitgawes verbonde aan enige ontspannings- of sosiale gebeurtenis van 'n lid;
- ondersteuning van lede tydens hulpbehoewende omstandighede;
- die voorsiening van geld vir die bevordering van die opleiding van lede;
- die vestiging van enige besigheid deur 'n lid;
- die ontwikkeling van die gemeenskap waaraan die lede behoort.

Aan die hand van die voorafgaande statutêre maatreëls is dit moontlik om saam te vat dat 'n kwalifiserende stokvel wat homself op die oog af met bankbedrywighede besig hou, nie die bepalings van artikel 11 van die Bankwet sal oortree nie omdat die bedrywighede van so 'n groep tussen wie daar 'n gemeenskaplike band bestaan, per definisie uitgesluit word van die omskrywing van "die bedryf van 'n bank".

Daar dien egter op gelet te word dat die groep persone wie se bedrywighede uitgesluit word van die omskrywing van "die bedryf van 'n bank" beperk word tot natuurlike persone. Dit beteken uiteraard dat die uitsluiting nie van toepassing is op 'n stokvel waarvan een of meer regspersone lede is nie.

4 Slotopmerkings

Daar kan denkbaar geargumenteer word dat die woordomskrywing van 'n stokvel in die onderhawige goewermentskennisgewing primêr met die oog op die voorskrifte van die Bankwet geformuleer is en dus die klem plaas op stokvels waarvan die bedrywighede ooreenkomste met "die bedryf van 'n bank" toon. Dit beoog derhalwe nie noodwendig om 'n omskrywing te verskaf vir alle tipes stokvels wat in die praktyk aangetref word nie, maar dit is nogtans die enigste regstegniese omskrywing van 'n stokvel wat in bestaande kenbronne nagespeur kon word.

Dit is verder moontlik om sekere elemente uit hierdie statutêre definisie te haal wat as die wesenskenmerke van 'n stokvel beskou kan word. Hierdie kenmerke word ook aangetref in omskrywings wat in populêre geskrifte vervat is en sluit in: roterende kredietskema, onderlinge steun, deurlopende kapitaalpoel, ledebydraes, winsdeling en ledeseggenskap oor bestuur en selfregulering.

'n Ontleding van die wesenskenmerke van die stokvel vorm egter liefs die onderwerp van 'n afsonderlike bespreking.

JJ HENNING
DJ VILJOEN
DHC VAN DER MERWE
Sentrum vir Ondernemingsreg
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

VERMOEDELIKE TOESTEMMING AS REGVERDIGINGSGROND IN DIE STRAFREG*

1 Inleiding

Die regverdigingsgrond bekend as vermoedelike toestemming het, met die uitsondering van 'n kort maar waardevolle bespreking deur Labuschagne ("*Negotiorum gestio* (saakwaarneming) as verweer in die straf- en deliktereg" 1994 *TSAR* 811–814), tot dusver nog nie veel aandag in ons strafregliteratuur gekry nie. Die soort optrede wat onder hierdie hoof tuisgebring kan word, word gewoonlik deur handboekskrywers baie kortliks onder die hoof saakwaarneming of *negotiorum gestio* behandel (De Wet en Swanepoel *Stafreg* (1985) 97; Burchell en Milton *Principles of criminal law* (1991) 194; Snyman *Strafreg* (1992) 144). Sover bekend, is daar ook nie besprekings van hierdie regverdigingsgrond se rol in die strafreg in ons regspraak nie. Artikel 20(3) van die Transkeise Strafkode van 1983 bevat egter 'n bepaling wat grootliks die verweer tans onder bespreking dek. Die artikel lui soos volg:

> "No act or omission shall be an offence by reason of any harm which it may cause to a person for whose benefit it is done in good faith, even without that person's consent, if the circumstances are such that it is impossible for the person to signify consent, or if that person is incapable of giving consent and has no guardian or other person in lawful charge of him from whom it is possible to obtain consent in time for the thing to be done with benefit."

Die rede waarom besprekings van hierdie onderwerp in die regsbronne maar skaars is, is waarskynlik die volgende: Eerstens is die inbreukmaking op 'n ander se belange in baie gevalle waar hierdie regsverdigingsgrond wel ter sprake kom, van so 'n betreklik geringe aard dat die aangeleentheid nie die hof se aandag geniet nie weens die uitwerking van die stelreël *de minimis non curat lex*. Tweedens is dit, soos hierna gesien sal word, in baie feitestelle waarin hierdie

* Die skryf van hierdie aantekening is moontlik gemaak deur finansiële steun wat die skrywer van die *Alexander von Humboldt Stiftung* in Duitsland ontvang het. Die steun word met dank erken. Die menings uitgespreek in die aantekening is egter dié van die skrywer en nie van die *Von Humboldt Stiftung* nie.

regverdigingsgrond ter sprake kom, so voor die hand liggend dat die dader se optrede geregverdig is, dat dit nie eens by 'n mens opkom om die presiese regsgronde vir die dader se onskuld te probeer uitstippel nie. Uit hierdie oorwegings behoort na my mening egter nie afgelei te word dat die verweer maar geïgnoreer kan word of dat dit van geen belang is nie.

'n Tipiese voorbeeld van 'n feitestel waarin hierdie regverdigingsgrond in werking tree, is die geval waar 'n geneesheer 'n operasie uitvoer op 'n bewustelose slagoffer van 'n verkeersongeluk ten einde sy lewe te red of hom andersins van ernstige skade aan sy gesondheid of liggaamlike welsyn te vrywaar.

In boeke oor die Duitse strafregwetenskap word hierdie regverdigingsgrond gewoonlik beskryf as "mutmassliche Einwilligung" – vermoedelike toestemming (Jescheck *Lehrbuch des Strafrechts* (1978) 309–312; Jakobs *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1993) 449–452; Roxin *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1992) 516–526; Roxin "Über die mutmassliche Einwilligung" *Welzel Festschrift* (1974) 447; Maurach en Zipf *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1987) 381–388; Schönke en Schröder *Strafgezetzbuch Kommentar* (1991) 491–494; Baumann en Weber *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1985) 332–335; Kühl *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1994) 300–302; Wessels *Strafrecht Allgemeiner Teil* (1990) 106–107; Triffterer *Österreichisches Strafrecht Allgemeiner Teil* (1994) 244–245). 'n Mens tref ook uitdrukkings soos "optrede ter beskerming (of bevordering) van 'n ander se belange" as beskrywing van hierdie regverdigingsgrond aan (Jakobs 449; Kühl 300; Wessels 106). Die onderliggende beginsels van toepassing op *negotiorum gestio*, vermoedelike toestemming en optrede ter beskerming van 'n ander se belange skyn egter identies te wees.

Na my mening is "vermoedelike toestemming" die beste beskrywing van hierdie regverdigingsgrond, want, ofskoon die dader se handeling altyd daarop gerig is om die klaer of beseerde se belange te beskerm, is dit in hierdie gevalle laasgenoemde party se vermoedelike toestemming wat hierdie regverdigingsgrond se mees karakteristieke eienskap is.

2 Omskrywing

Die regverdigingsgrond bekend as vermoedelike toestemming tree in werking as die dader (X in die bespreking wat volg) 'n handeling verrig wat met die eerste oogopslag beantwoord aan die verbodsomskrywing van 'n misdaad, maar wat by nadere ondersoek blyk nie wederregtelik te wees nie omdat die optrede waardeur hy oënskynlik inbreuk maak op die slagoffer (Y in die bespreking wat volg) se regte of belange in werklikheid gemik is op die beskerming of bevordering van Y se belange, in omstandighede waarin Y se toestemming voor die daad nie verkrygbaar was nie maar daar nogtans ten tyde van X se optrede redelike gronde is om aan te neem dat Y wel sou toegestem het tot X se optrede indien hy in 'n posisie was om daaroor 'n besluit te neem.

3 Tipiese voorbeelde

Tipiese voorbeelde van gevalle waarin hierdie regverdigingsgrond aangewend kan word om X van 'n skuldigbevinding te vrywaar, is die volgende:

- Terwyl Y weg is met vakansie breek 'n waterpyp in sy huis. In 'n poging om die skade van Y se huis sover as moontlik te beperk, breek sy buurman X by sy (Y se) huis in en herstel die gebreekte pyp. X kan dan nie skuldig bevind word aan huisbraak of saakbeskadiging nie.
- 'n Variasie op die vorige voorbeeld: Terwyl Y weg is met vakansie, word daar by sy huis ingebreek en sekere artikels wat in die huis is, gesteel. In 'n poging om Y se skade sover as moontlik te beperk, gaan sy buurman X Y se huis binne en dra sekere waardevolle artikels wat nog in Y se huis oorgebly het, na sy (X se) eie huis, ten einde dit tydelik te bewaar totdat Y terugkom van vakansie. X het hom dan nie aan betreding of diefstal skuldig gemaak nie (*Amod Salie v Ragoon* 1903 TS 100).
- Terwyl sakeman Y vir 'n week in die buiteland is en nie daar telefonies bereikbaar is nie, ontvang sy sekretaresse X 'n brief wat aan hom gerig en "Uiters dringend" gemerk is. Ofskoon Y normaalweg self al sy pos oopmaak, besluit X om in hierdie geval self die brief oop te maak in 'n poging om te verhoed dat Y se sake dalk skade ly. Indien dit agterna blyk dat die brief van Y se minnares afkomstig is en die inhoud daarvan uiters persoonlik was, kan X, indien sy van *crimen iniuria* aangekla word, haar suksesvol op hierdie regverdigingsgrond beroep.
- Y verloor sy bewussyn in 'n motorongeluk. X1, 'n ambulansman wat na die ongeluk ontbied is, vervoer hom na die hospitaal waar geneesheer X2 'n operasie op hom uitvoer ten einde sy lewe te red. X1 kan dan nie aan menseroof skuldig bevind word en X2 nie aan aanranding nie. Indien Y die operasie nie oorleef nie, kan X2 ook nie aan strafbare manslag skuldig bevind word nie. (In hierdie voorbeeld sou X1 hom moontlik ook op amptelike bevoegdheid as regverdigingsgrond kon beroep.) Die feit dat een en dieselfde optrede onder meer as een regverdigingsgrond tuisgebring kan word, doen egter nie afbreuk aan elk van die regverdigingsgronde se selfstandige bestaansreg nie en getuig ook nie van enige denkfoute omtrent die sistematiek van strafregtelike aanspreeklikheid nie – van deurslaggewende belang is nie die presiese beskrywing van die regverdigingsgrond waaronder X se gedrag tuisgebring kan word nie, maar die feit dat die gedrag ingevolge die *boni mores* of regsoortuiging van die gemeenskap as geregverdig (nie wederregtelik nie) beskou word (*S v I* 1976 1 SA 781 (A) 788–789).

4 Vergelyking tussen vermoedelike toestemming en sekere ander regverdigingsgronde

Die verskil tussen die regverdigingsgrond tans onder bespreking en die regverdigingsgrond toestemming is voor die hand liggend. By laasgenoemde is daar 'n werklike wilsmanifestasie deur Y, terwyl eersgenoemde 'n "normatiewe konstruksie" is (Roxin *Strafrecht* 517): 'n vermoedelike wil word aan Y toegeskryf. Daar is nietemin die volgende twee punte van ooreenstemming tussen die twee regverdigingsgronde: Eerstens moet by albei vasgestel word of daar *op die oomblik waarop X sy handeling verrig het*, werklike of vermoedelike toestemming was. Dit is nie voldoende vir X om slegs te hoop of te glo dat toestemming later verkry sal word nie. Tweedens, net soos by werklike toestemming vereis

word dat Y *bevoeg* moet wees om toestemming te kan gee (hy moet bv nie geestesongesteld of 'n *infans* wees nie), word by vermoedelike toestemming ook van die standpunt uitgegaan dat die persoon wie se toestemming vermoed word iemand is wat *bevoeg* is om geldige toestemming te gee (Jescheck 312; Maurach-Zipf 385; Wessels 106–107).

Die huidige regverdigingsgrond toon ook ooreenkoms met die regverdigingsgrond noodtoestand, veral as die reël in gedagte gehou word dat 'n mens ook in noodtoestand kan optree ter beskerming van 'n ander se belange (Snyman 125; *S v Pretorius* 1975 2 SA 85 (SWA)). Nietemin is die kern van noodtoestand geleë in die afweging van twee botsende belange, terwyl die kern van die onderhawige regverdigingsgrond geleë is in 'n beoordeling van die vraag of Y sou toegestem het tot X se inmenging in sy regsbelange. Dit gaan dus by vermoedelike toestemming nie soseer oor 'n objektiewe opweging van belange nie, maar eerder oor die vasstelling van die hipotetiese wil van Y (Schönke-Schröder 492; Roxin *Strafrecht* 517; Maurach-Zipf 386). By noodtoestand moet X doelbewus 'n keuse maak tussen twee botsende belange wat hom raak. By vermoedelike toestemming is die posisie anders: X is hier 'n buitestander wat voor die keuse te staan kom of hy gaan ingryp om 'n belang van iemand anders (die reghebbende Y) te beskerm of nie. Y se belange raak hom nie direk nie. X *hoef* nie in te gryp om Y se belange te beskerm nie. Dit staan hom vry om te besluit om passief te bly en maar toe te sien hoe Y se huis besteel word of deur water oorstroom word. As X besluit om hom wel met Y se belange te bemoei, is die deurslaggewende vraag of Y sou toegestem het tot X se optrede of nie.

5 Vereistes vir geldige beroep op vermoedelike toestemming as regverdigingsgrond

Daar word vervolgens gelet op die vereistes vir 'n geldige beroep op hierdie regverdigingsgrond.

(a) *Dit moet nie vir X moontlik wees om vooraf Y se toestemming te kry nie* (Jakobs 450; Roxin *Strafrecht* 519; Maurach-Zipf 385). Hierdie regverdigingsgrond kom ter sprake in gevalle waar Y ten tyde van die bedreiging van sy belange afwesig of onbereikbaar of bewusteloos is. Indien dit wel moontlik is om vooraf Y se toestemming (soos hierdie begrip in die reg verstaan word, nl 'n wilsuiting gegrond op 'n ware kennis van die wesenlike feite en gegee deur iemand wat oor die nodige rypheid en insig beskik wat van regsweë vereis word) te verkry, moet dit verkry en daarvolgens gehandel word. Die feit dat dit vir X moeite (soos 'n telefoonoproep) kos om Y te bereik, bied X nog geen grond om eiemagtig in Y se belange in te meng nie, behalwe as die dreigement of gevaar vir Y se belange so dringend is dat daar nie tyd is om Y nog op te soek deur middel van byvoorbeeld 'n telefoonoproep nie. Die dringendheid van die gevaar kan uit die aard van die saak slegs vasgestel word aan die hand van die omstandighede van elke individuele geval.

As Y 'n jong kind is (bv ses jaar oud), moet sy ouer of voog se toestemming versoek word (indien die omstandighede sodanig is dat daar nog tyd is om sodanige toestemming te verkry).

'n Geneesheer (X) sal nie slaag met 'n beroep op hierdie regverdigingsgrond in die volgende omstandighede nie: Y, wat bewusteloos is, word na hom gebring. Dit blyk dat, deur net 'n bietjie te wag, Y sy bewussyn sal herwin sonder dat sy gesondheid daaronder sal ly, en dat Y dán, nadat hy sy bewussyn herwin het, in staat sal wees om te besluit of hy toestem of nie tot die operasie wat X op hom wil uitvoer. X besluit egter om nie te wag totdat Y sy bewussyn herwin nie maar sommer daar en dan die operasie op Y uit te voer – wat hy dan ook doen (Roxin *Strafrecht* 519; Maurach-Zipf 387–388). Eweneens kan geneesheer X hom nie op hierdie regverdigingsgrond beroep nie as pasiënt Y vóór die operasie, terwyl hy by sy volle positiewe was, toestemming tot die operasie geweier het, want in so 'n geval is dit duidelik wat die pasiënt se wil was; daar is niks wat vermoed kan word nie.

(b) *Daar moet redelike gronde wees vir die aanname dat, indien Y bewus was van die wesenlike feite, hy geen beswaar sou hê teen X se optrede nie* (Maurach-Zipf 386; Jescheck 309). Die toets of so 'n aanname gemaak kan word, is derhalwe objektief (Baumann-Weber 334; Jakobs 451). Indien X dus subjektief glo dat Y nie beswaar sou hê teen sy optrede nie terwyl daar in werklikheid nie redelike – dit wil sê objektiewe – gronde vir so 'n aanname is nie, en hy (X) voortgaan om in te meng in Y se belange, is sy optrede wederregtelik. Indien hy aangekla word van 'n misdaad ten opsigte waarvan opset 'n element is (soos saakbeskadiging), kan hy egter aanspreeklikheid vryspring op grond van die afwesigheid van skuld (opset). Dit is dus nodig om te onderskei tussen vermoedelike toestemming en vermeende toestemming (Triffterer 244). Eersgenoemde is 'n regverdigingsgrond; laasgenoemde 'n skulduitsluitingsgrond.

Indien daar aan die ander kant wel redelike gronde is vir 'n aanname dat Y geen beswaar sou hê nie en X voortgaan om in te meng in Y se belange, is sy optrede geregverdig *selfs indien dit later aan die lig kom dat Y wel beswaar sou gehad het teen X se inmenging* (Jescheck 322; Baumann-Weber 334; Schönke-Schröder 493; Roxin *Strafrecht* 523). Die volgende voorbeeld illustreer hierdie reël. X sien dat sy buurman Y, wat vir 'n dag afwesig is van sy huis, sekere meubelstukke buite op sy grasperk laat staan het. 'n Donderstorm steek op. X vrees dat die meubelstukke in die storm beskadig kan word en dra dit tydelik na sy eie huis ten einde dit te beskerm. Die aanname dat die meubels in die storm beskadig kan word, sal na alle waarskynlikheid as redelik beskou word. Indien dit agterna blyk dat Y die meubels buite op sy grasperk geplaas het juis om vas te stel of 'n stof waarmee hy hulle behandel het die meubels waterbestand maak, en dat hy dus glad nie genoeë geneem of sou geneem het met X se verskuiwing van sy meubels nie, sal X se optrede nog steeds geregverdig wees (Roxin *Strafrecht* 523).

The defence in *Diners Club v Livingstone* was one of unilateral mistake. A unilateral mistake arises where one party mistakenly believes that his intention as declared in the document conforms to his real intention. In contrast, the declared and real intention of the other party are the same. Although there is no consensus because of the unilateral mistake of the first party (*Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A) 238), this does not mean that only the one party is mistaken about the other party's intention. Usually each party will be mistaken about the other's intention, unless the party relying on the declared intention had no real basis for doing so, or the first party had deliberately formulated his declared intention incorrectly (Reinecke "Toepassing van die vertrouensteorie by kontraksluiting" 1994 *TSAR* 375; see also Kerr "Good faith in negotiating a contract – the duty to enquire if there is a perceived or apparent mistake in communication" 1993 *THRHR* 299). The unilateral mistake

must be both essential (material) and reasonable (*justus*) before it will render the contract void (Hutchison (ed) *Wille's principles of South African law* (1991) 418; Gibson *South African mercantile and company law* (1988) 61; Van der Merwe *et al Contract: general principles* (1993) 33; see also Christie *The law of contract in South Africa* (1991) 383–384). Whether the mistake is essential and reasonable is a question of fact to be decided on the evidence (*George v Fairmead supra* 472).

In *Diners Club v Livingstone* the question whether the mistake was essential (material) was not in issue. The crux of the matter was whether it was reasonable (*justus*). (For a summary of some of the meanings given to *justus error* by our courts, see Hutchison and Van Heerden "Mistake in contract: a comedy of (justus) errors" 1987 *SALJ* 524. On the *justus* requirement in *justus error* see Février-Breed "A perspective on the *justus* requirement in *justus error*" 1995 *TSAR* 300.) It seems that the circumstances in which a party can rely on *justus error* to escape liability are very limited (*National & Overseas Distributors Corpn (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A) 479; *Diners Club v Thorburn supra* 874).

In considering whether a party may repudiate his apparent assent on the basis of *justus error*, Fagan CJ in *George v Fairmead supra* 471 stated that our courts have asked whether the party in question has been to blame in the sense that

> "by his conduct he had led the other party, as a reasonable man, to believe that he was binding himself ... If his mistake is due to a misrepresentation, whether innocent or fraudulent, by the other party, then, of course, it is the second party who is to blame, and the first party is not bound".

(Although our courts have referred to mistakes caused by misrepresentation – see eg *ibid*; *National & Overseas Distributors v Potato Board supra* 479; *Kempston Hire v Snyman supra* 468 – it should be borne in mind that confusion could arise, as the word "misrepresentation" may be used in either a wide or a narrow (legal) sense. See, in this regard, McLennan "Reliance and justus error: theories of contract" 1994 *SALJ* 236–237.) The mistaken party could have been misled by the other party's words or conduct. This would include conduct which may have led the mistaken party not to expect to find a specific clause in the document. (See eg *Mans v Union Meat Co* 1919 AD 268; *Shepherd v Farrell's Estate Agency* 1921 TPD 62; *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk supra*; *Spindrifter (Pty) Ltd v Lester Donovan (Pty) Ltd* 1986 1 SA 303 (A) 316; *Kempston Hire v Snyman supra* 468; *Dlovo v Brian Porter Motors Ltd t/a Port Motors Newlands* 1994 2 SA 518 (C) 526. See also the English case of *Curtis v Chemical Cleaning and Dyeing Company Limited* 1951 1 All ER 631 (CA). See, however, *Diners Club v Thorburn supra* 874–875. For a discussion of the interrelationship between mistake and rectification, see Février-Breed "Mistake and rectification" 1992 *TSAR* 306.) The mistaken party may well have been misled by the other party's silence (see *Spindrifter v Lester Donovan supra* 316; *Kempston Hire v Snyman supra* 468).

Generally, a party will not be able to rely on *justus error* unless he can show that the other party knew or had reason to know of, or caused the mistake (*Logan v Beit* 1890 7 SC 197 215; Christie 383; see also *George v Fairmead*

supra; *Kempston Hire v Snyman supra*). This was interpreted by Coetzee J in *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 540 to mean that the fault principle underlies the doctrine of *justus error*. However, Harms AJA in *Sonap Petroleum supra* 240 criticised this point of view. Apart from the fact that he could not find any authority to support this proposition, the judge asserted that it causes practical difficulties and in any event seems to be unnecessary. (Cf Floyd and Pretorius "A reconciliation of the different approaches to contractual liability in the absence of actual *consensus*" 1992 *THRHR* 671–673; Van der Merwe and Van Huyssteen "Kontraksluiting en toerekenbare skyn" 1993 *TSAR* 496.)

Harms AJA in *Sonap Petroleum supra* 239 corrected the perception that a mistake can only be reasonable if it was caused by a misrepresentation made by the other party to the contract. After considering the *justus error* doctrine, the judge concluded that the decisive question in the case of mistake is (239–240):

> "[D]id the party whose actual intention did not conform to the common intention expressed, lead the other party, as a reasonable man, to believe that his declared intention represented his actual intention? . . . To answer this question, a three-fold enquiry is usually necessary, namely, firstly, was there a misrepresentation as to one party's intention; secondly, who made that representation; and thirdly, was the other party misled thereby? . . . The last question postulates two possibilities: Was he actually misled and would a reasonable man have been misled?"

(This has been interpreted to mean that the doctrine of *justus error* is an indirect application of the reliance theory: Reinecke 1994 *TSAR* 375 378. For a comment on the use of the phrase the "common intention expressed", see Kerr 300.)

Even though the court in the *Sonap Petroleum* case made it clear that a misrepresentation is not necessary for a mistake to be reasonable (cf Hutchison and Van Heerden 1987 *SALJ* 527), this analysis concentrates on the situation where a mistake has arisen as a result of words or conduct of one of the parties to the contract. This is because the question that arose in *Diners Club v Livingstone* was whether the defendant's mistake was reasonable in the light of the fact that the get-up of the application form, drafted by Diners Club, was misleading (495).

Illustrations of the principle that a party will be entitled to resile from an apparent contract where the mistake was caused or induced by the other party, can be found in our case law. In *Mans v Union Meat Co supra* the appellant signed a memorandum written on the counterfoil of a cheque which included a guarantee, under the misapprehension created by the respondent's representative that he was simply acknowledging receipt of the cheque. The respondents sought to hold the appellant to the terms of the memorandum. The court found that the agreement was an oral one, and that the writing on the counterfoil of the cheque was merely evidence of the oral agreement. On the evidence, the court found that the respondents had not proved that the guarantee had in fact been given. Although the appellant had not read the memorandum, the court held that he was not bound by his signature.

Another example is the case of *Shepherd v Farrell's Estate Agency supra*. Here an advertisement by the defendant read "Our Motto – No Sale No Charge". The appellant signed a document authorising the respondent estate agency to sell the appellant's business. The document conflicted directly with

the advertisement in that it gave the respondent a sole mandate and the right to claim commission if the business was sold within three months, whether through the agency or not. The business was subsequently sold but not by the respondent estate agency, who claimed commission in terms of the contract. The appellant was held not to be bound to the contract because the respondent had not pointed out to him that the terms of the document differed materially from the advertisement.

In *Curtis v Chemical Cleaning and Dyeing Company Limited supra*, an English case, the plaintiff took her wedding dress to the defendant to be cleaned. When she handed over the dress, a representative of the defendant asked her to sign a document. The plaintiff asked why she had to sign the document and was informed that the defendant would not accept any liability for damage to beads or sequins on the dress. It subsequently transpired that the document contained a clause attempting to exempt the defendant from liability "for any damage howsoever arising". The court found that the defendant could not rely on the wider exemption clause as the plaintiff had been induced to sign the document by an innocent misrepresentation (634). (On the question whether a mistake induced by an innocent misrepresentation should be regarded as *justus*, see Hutchison and Van Heerden 1987 *SALJ* 526.) Lord Denning put it as follows in *Curtis*:

> "When one party puts forward a printed form for signature, failure by him to draw attention to the existence or extent of the exemption clause may in some circumstances convey the impression that there is no exemption at all, or, at any rate not so wide an exemption as that which is in fact contained in the document" (634).

Du Toit v Atkinson's Motors Bpk supra provides another example of a case where a party was held not bound to a contract which he had signed. Here a car, described as a 1979 model, was offered for sale. Relying on the advertisement, the appellant signed a document to purchase the car. This document excluded the respondent's liability for representations in respect of the car, including the year of manufacture. When the appellant discovered that the car was a 1976 model, he attempted to cancel the contract. The court found that the advertisement was inconsistent with the terms of the document and that by not alerting the appellant to the effect of the exclusion clause, the respondent had misled him. It was held that the appellant's mistake was indeed a reasonable one and that he was not bound by the exclusion clause in so far as it excluded liability for representations.

As is apparent from the above-mentioned examples, the defence of unilateral mistake is most often raised in situations where the mistake is induced or caused by the previous advertisement or description of the transaction in terms inconsistent with those contained in the document. However, it may be that the document itself is structured in such a way that it misleads the party who signs it. Just as a person can be misled by an advertisement or representation, so too can he be deceived by the get-up of the document (*Diners Club v Thorburn supra* 875). We submit that Fagan CJ in *George v Fairmead* was correct in stating that there is no difference in principle between a misdescription of the document and a misrepresentation of the contents of the document (472). What is important is that the party must have been misled about what the document contains.

The question that arises is whether a signatory to a document, who admits that he has not read the actual offending clause, can rely on *justus error* to escape from the contract on the grounds that he was misled by the get-up of the document as a whole. This issue arose in *Keens Group Co (Pty) Ltd v Lötter* 1989 1 SA 585 (C), where the defendant signed a document headed "Confidential: Application for Credit Facilities" as director on behalf of his company. One of the clauses contained in the document provided as follows:

> "I, by my signature, do hereby bind myself in my private and individual capacity as surety and co-principal debtor with the applicant for the payment to the creditor of any amounts which may at any time become owing to the creditor by the applicant, from whatever cause arising" (587).

It was alleged by the defendant that the whole get-up of the document was of such a nature that it caused him to overlook the fact that it contained the above-mentioned clause binding him, the signatory, as surety and co-principal debtor, for the debts of the company of which he was a director. He was under the impression that he was simply signing an application form on behalf of his company in order to obtain credit from the plaintiff company. The defendant would not have signed the document if he had realised that he was undertaking a personal suretyship (587). After admitting that he was negligent in not "reading it through" (589), the defendant submitted that the question that the court had to decide was whether he should have expected to find a surety agreement hidden away within the conditions contained in the application for credit (590).

Tebbutt J stated that the onus was on the plaintiff company to show on the facts that the defendant knew that he was undertaking a personal obligation (588). The judge extracted the following principle from previous cases:

> "[I]f a signatory to a document signs it under a misapprehension as to its real effect and for that misapprehension the other party is itself to blame then the signatory will not be bound" (590).

In discussing the appearance of the document, Tebbutt J said that the fact that the document was headed "Application for Credit Facilities", and was intended for use by a company as all the details requested related to a company or firm, created the impression in the defendant's mind that he was applying for credit on behalf of his company (590). The signature required on the form was that of the "applicant" (which was the company) or "its duly authorised agent". Although the clause containing the suretyship obligation was not in a particularly inconspicuous place and appeared directly above his signature, Tebbutt J was not convinced that the defendant had necessarily seen and read it. The fact that the signatory had sufficient time to read the document did not affect the position (591). The plaintiff should have alerted the defendant to the unusual obligation placed on him as no one would reasonably expect to be bound as a surety at a stage where he signs an application for credit facilities which could be accepted or rejected (591–592; but see Sharrock "Inappropriate wording in a contract: a basis for the defence of iustus error?" 1989 *SALJ* 462).

In commenting on the *Keens* case, Sharrock stated that the question that should have been asked was whether the signatory had been misled by the clause which preceded the terms upon which the credit facilities would be granted (*idem* 461). This clause provided that the applicant was binding itself only to

these terms. (In addition, there was a clause purporting to bind the signatory (the defendant) in his personal capacity as surety and co-principal debtor with the applicant company.) According to Sharrock,

> "[t]he fact that a particular clause or term in the document signed by the signatory would have misled a reasonable man is irrelevant if the signatory did not actually read and absorb it" (*ibid*).

We agree that the fact that a reasonable man would have been misled is irrelevant. The signatory himself must have been misled. If, however, Sharrock is suggesting that the signatory could not have been misled by a specific term if he has not actually read that particular term, we cannot agree. The signatory could have scanned the document and could have been misled by its heading and general layout. As a result, he could have signed the document under the impression that there were no onerous clauses binding him personally.

In *Diners Club v Thorburn supra* Burger AJ was of the view that it is a sound principle that a party who drafts a document in such a manner as to create a trap containing onerous clauses which would not reasonably be expected by the other party, would be to blame (875). In this case the respondent, an employee of the applicant company, signed an application for a Diners Club Air Travel Card. This form included a clause purporting to impose personal liability on the respondent as a signatory. After considering the layout of the form, Burger AJ found that it had not been drafted in such a way as to mislead the signatory. The judge regarded it as decisive that all the undertakings were contained in one clause and that the signatory had to sign immediately below this clause. He found that if the signatory was interested in what he was signing, all he had to do was to read the clause which appeared directly above his signature (875). The judge distinguished this case from the *Keens Group* case *supra*, which was relied upon by counsel for the respondent, on two grounds. First of all, in the *Keens Group* case the suretyship undertaking was contained in a clause separate from the other undertakings, whereas in the *Thorburn* case all the undertakings were together in one clause. Secondly, in the *Thorburn* case the signatory was required to sign directly below the offending clause, which was not the case in *Keens Group* (875).

This matter is by no means settled, as evidenced by the judgment in *Diners Club v Livingstone*. As said, in this case an application form (the Diners Club Corporate Account Enrolment Form) signed by the defendant contained a clause (in incredibly small print) binding him, the signatory, as surety and co-principal debtor. It was submitted on behalf of the defendant that the application form was drafted in such a way as to mislead him and that he therefore did not realise that it also contained a suretyship obligation. He never intended to sign a suretyship and, had he been aware of the existence of the offending clause, he would not have signed the form (495).

Labe J described the layout of the form. The first section requested details relating to the company and the place where the signatures were to be appended appeared to relate simply to the company itself. The name of the company was required to be printed or stamped on the document and thereafter two "authorised signatories" had to sign on behalf of the company. Under the section headed "Corporate Cards – special terms and conditions" at the back of the form,

certain conditions appeared in very small print. These conditions related to the liability of the company applying for the card and the cardholder, without any reference to the potential personal liability of the signatories of the form (495).

The judge found that the layout of the application form as a whole was misleading. A person signing the form may be deceived into believing that he was simply applying for a card on behalf of the company and that only the company was being considered as a potential Diners Club Corporate Account holder (495). There was an obligation on the plaintiff to alert the defendant to the possibility of personal liability if he signed the application form. Failure to do so may reasonably have resulted in the defendant's signing the application form without being aware of the existence of the suretyship obligation (496). (Even if a single signature can be construed as binding a person in two capacities simultaneously, it may be argued that the signatory's intention as to the capacity in which he binds himself should be decisive.)

Labe J also referred to *Diners Club v Thorburn supra* and quoted from it in some detail. He disagreed with Burger AJ's interpretation of the application form for a number of reasons. He criticised Burger AJ, first of all, for not treating the form as a whole; secondly, for not considering the conditions which appeared on the back of the application form relating to companies; and finally, for ignoring the fact that the signature required was clearly one on behalf of the company only (496–497). The application for summary judgment was therefore dismissed.

The judgment of Labe J in *Diners Club v Livingstone* centred on his assessment of the application form. Although this point was not specifically raised in the present case, it should be remembered that the document was simply an application which could be rejected or accepted in the discretion of Diners Club. No one would reasonably anticipate incurring the obligations of a surety and co-principal debtor when he signs an application for credit facilities (see *Keens Group supra* 591; cf Sharrock 1989 *SALJ* 462). Furthermore, it may be purely fortuitous who actually signs the application form (see eg *Kempston Hire supra*). It is submitted that Diners Club should have drawn Livingstone's attention to the fact that the application form contained a clause binding him in his personal capacity. Where an application for a credit card has already been accepted and the cardholder signs the back of the card, after having received the conditions relating to the card, the position may be different. Perhaps it is arguable that a cardholder could reasonably expect to be personally liable for obligations incurred by his use of the credit card. But even then it must be clear from the conditions that he is binding himself in his personal capacity. The way in which the conditions are framed should not be such as to mislead him into believing that he is simply binding the company.

In *Diners Club v Livingstone* the court seems to have followed the *justus error* approach. Labe J looked at whether Livingstone's mistake in believing that he was simply signing an application form and not also binding himself as a surety and co-principal debtor was reasonable or not, taking into account the get-up of the document. Perhaps to be more in line with the approach followed by the

Appellate Division in *Sonap Petroleum supra*, Labe J should have focused his enquiry on whether Diners Club was reasonable in relying on Livingstone's apparent consent. In *Sonap Petroleum*, Harms AJA stated that generally the law "concerns itself with the external manifestations, and not the workings, of the minds of parties to a contract" (239). However, where one of the parties alleges a lack of consensus, the court will apply the reliance theory to establish whether a contract was concluded. In terms of the reliance theory, the decisive question is whether the party whose actual intention did not conform to the common intention expressed, led the other party, as a reasonable man, to believe that his declared intention represented his actual intention (239; see *Smith v Hughes* 1871 LR 6 QB 597 607; *George v Fairmead supra* 471; *Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 1 SA 49 (A) 61; Hutchison and Van Heerden 1987 *SALJ* 528). Where there is no *prima facie* contract, it would appear, according to Reinecke, that the reliance theory is applied directly and the party who asserts that there was indeed a contract bears the onus of proving that his belief in the existence of the contract was reasonable (1994 *TSAR* 378). However, where there is *prima facie* consensus (eg, where the parties have appended their signatures to a document) the *justus error* approach, which is an indirect application of the reliance theory, seems to be appropriate (*ibid*). According to Reinecke ("Regstreekse of onregstreekse toepassing van die vertrouensteorie?" 1989 *TSAR* 511), the underlying difficulty with the *justus error* approach is that it is not a basis for contractual liability, but simply a means of establishing when a person will not be contractually liable. The mistaken party would be required to prove that the reliance of the other party on the appearance of consent was unreasonable (*idem* 510; see also Reinecke 1994 *TSAR* 378).

If the reliance theory were to be applied indirectly to the facts of *Diners Club v Livingstone*, the question would be whether, even if Livingstone had created the impression that he intended to be bound, it was reasonable for Diners Club to believe that Livingstone's declared intention represented his actual intention. The answer to this would depend on the court's assessment of whether the document was misleading or not. That is precisely the question which Labe J addressed in his judgment. Although he construed the defence as being that of *justus error* and dealt with the issues on that basis, it is unfortunate that he did not place his judgment on a firm theoretical basis.

In conclusion, it is submitted that a reasonable man in Diners Club's position would not have relied on Livingstone's signature as reflecting his actual intention. It was the conduct of Diners Club in drafting the form in a misleading way which led Livingstone not to expect to find a clause binding him as surety and co-principal debtor in the application form and therefore to sign it. Thus even if one accepts that Diners Club was *bona fide*, Livingstone's conduct in signing the form was not the cause of Diners Club's reliance that consensus had been reached. Diners Club was the author of its own misfortune and for this reason Livingstone was not bound.

JB CILLIERS
SM LUIZ
University of South Africa

GEEN VERGOEDING VIR BEWUSTELOSE EISERES

Collins v Administrator, Cape 1995 4 SA 73 (K)

1 Feite en beslissing

As gevolg van nalatige optrede deur die personeel van die Tygerberg-hospitaal het Lee-Anne, 'n dogtertjie van 16 weke, onomkeerbare breinskade opgedoen. Haar tragiese toestand word soos volg deur die hof opgesom (76B):

> "Although her brainstem function is sufficient to maintain adequate ventilation and circulation she has no intellectual function. She has no awareness of environmental stimuli and no apparent awareness of herself. There is no hope of recovery and she will in all probability die within the next few years."

Die belangrikste vraag waaroor die hof moet beslis, is of die verweerder aanspreeklik is vir die betaling van die bedrag van R200 000 wat namens Lee-Anne geëis word as vergoeding vir pyn, lyding, skok, ongemak en verlies van lewensgenietinge. Na oorweging van die gesag kom regter Scott tot die gevolgtrekking dat hy 'n funksionele benadering moet toepas ingevolge waarvan die toekenning van vergoeding vir persoonlikheidsnadeel slegs geregverdig is vir sover die geldbedrag 'n "nuttige rol" kan speel (95C). Aangesien, volgens die hof, geen geldbedrag *in casu* so 'n rol kan vervul nie, hoef hy geen vergoeding toe te ken nie: "The claimant, by reason of her condition, is in truth incapable of being compensated by a monetary award" (95C).

Alhoewel 'n mens die hof gelyk moet gee dat die toekenning van R200 000 of enige groot bedrag geld nie geregverdig sou wees nie, wyk die hof af van die tot nou toe geldende posisie wat min of meer in ooreenstemming is met die oplossing in belangrike vergelykbare regstelsels waarvolgens vergoeding in analoë gevalle nie heeltemal geweier word nie. Die hof volg in effek die "oplossing" van Van der Merwe en Olivier (*Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 195) wat ook van mening is dat in sodanige geval daar geen ruimte vir enige vergoedingsbedrag is nie.

2 Basiese kritiek

Die uitspraak van die hof is om verskillende redes nie aanvaarbaar nie. Alhoewel 'n mens die hof gelyk kan gee oor 'n verskeidenheid kwessies (bv dat daar geldige besware teen aspekte van die Engelse reg in hierdie verband is; dat al die argumente in die twee gerapporteerde Suid-Afrikaanse uitsprake waarin vergoeding in derglike gevalle toegeken is, nl *Gerke NO v Parity Insurance Co Ltd* 1966 3 SA 484 (W) en *Reyneke v Mutual & Federal Insurance Co Ltd* 1991 3 SA 412 (W), nie korrek is nie; dat vergoeding vir verlies van lewensverwagting 'n anomalie is; en dat die funksie van 'n vergoedingsbedrag van belang is) getuig te veel van die hof se redenasies *in casu* van onvoldoende navorsing en besinning.

Ek het die hele problematiek van persoonlikheidsnadeel en vergoeding by bewustelose eisers al by verskeie geleenthede behandel en dit is dus onnodig om

hier opnuut na alle relevante kwessies te verwys (vgl in die algemeen Visser *Kompensasie en genoegdoening volgens die aksie weens pyn en leed* (LLD-proefskrif Unisa 1980) 72–90; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 243–247; Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 97–99; Visser "Genoegdoening in die deliktereg" 1988 *THRHR* 480; "Die aard van persoonlikheidsnadeel by skending van die fisies-psigiese integriteit" 1981 *THRHR* 130–135; vgl ook Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 57–59).

'n Nuwe relevante faktor wat intussen bygekom het, is die verskansing van fundamentele menseregte in hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 200 van 1993 waarvolgens grondwetlike erkenning verleen word aan persoonlikheidsregte op onder meer menswaardigheid (a 10) en die vryheid en sekuriteit van die persoon (a 11). In die lig van die "gees en strekking" van hierdie bepalings (a 35(3)) wat aangewend moet word by die toepassing van die gemenereg, val dit vreemd op dat regter Scott nog kan argumenteer dat om selfs 'n geringe simboliese bedrag aan Lee-Anne toe te ken, dieselfde is as om geld aan 'n dooie persoon te betaal om hom te "kompenseer" vir die verlies van sy lewe (93H)! Lee-Anne was ten tyde van die verhoor beslis nog nie dood nie en 'n regstelsel wat haar in sekere opsigte soos 'n dooie behandel, is nie net onrealisties nie, maar minag haar menslike waardigheid op onverskoonbare wyse (sien ook Claassen R in *Reyneke v Mutual and Federal Ins Co Ltd supra* 425). Ingevolge die menseregte-bedeling wat tans in Suid-Afrika die toon aangee, word die lewens van die afskuwelikste moordenaars en verkragters gespaar (bv *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC)) en moet die belastingbetaler die koste dra om hierdie tipes vir dekades op menswaardige en gerieflike wyse in gevangenisse te laat aanhou. Dit is daarom des te moeiliker om te glo dat die reg nie eers simboliese genoegdoening aan iemand soos Lee-Anne beskikbaar kan maak nie (sien par 6 hieronder).

3 Objektiewe en subjektiewe elemente van persoonlikheidsnadeel

Persoonlikheidsnadeel het sowel objektiewe as subjektiewe elemente (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 236–237 241). Hierdie stelling weerspieël bloot die werklikheid en berus nie op die een of ander dogmatiese beskouing of die kasuïstiek van die Engelse reg nie (sien oor lg die hof se opmerkings 94D). Trouens, die appèlafdeling het uitdruklik aanvaar dat persoonlikheidsnadeel uit meer as 'n subjektiewe gevoelskrenking kan bestaan en hierdie feit gebruik ter ondersteuning van die erkenning van persoonlikheidsregte by regspersone waar gevoelens geen rol kan speel nie (sien *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings Ltd* 1993 2 SA 451 (A) 462; vgl verder Neethling en Potgieter "Die reg op privaatheid: regspersone, onregmatigheid en die openbare inligtingsbelang" 1993 *THRHR* 704; Visser 1981 *THRHR* 123; *Neethling's Law of personality* 78).

Sonder behoorlike inagneming van die objektiewe en subjektiewe elemente by persoonlikheidsnadeel as gevolg van 'n liggaamlike aantasting, is dit kwalik moontlik om 'n korrekte uitspraak te kan maak oor die *funksie* wat vergoeding vir sodanige nadeel moet vervul. Die indruk wat die hof *in casu* laat, is dat hy nie bloot die funksionele vergoedingsteorie gebruik nie maar 'n onvanpaste subjektivistiese siening van persoonlikheidsnadeel. Dit is daarom nie verbasend nie dat hy aanvegbare gevolgtrekkings oor die vergoeding van sodanige nadeel maak.

4 Die funksionele teorie by kompensasie

Die hof plaas heelwat klem op die sogenaamde funksionele benadering tot die vergoeding van persoonlikheidsnadeel waarvolgens 'n toekenning net geregverdig is in die mate waarin dit 'n "useful purpose" kan vervul (92I 93F 95C). In 'n bekende uitspraak oor hierdie kwessie (*Southern Insurance Association Ltd v Bailey NO* 1984 1 SA 98 (A); vgl ook *Hoffa v SA Mutual Fire and General Insurance* 1965 2 SA 944 (K) 954 oor die funksie van vergoeding) het die appèlafdeling slegs daarop gewys dat die funksie van 'n vergoedingsbedrag *saam met al die ander omstandighede van die geval* oorweeg behoort te word. Al was die jong eiseres se omstandighede in *Bailey* nie presies dieselfde as die van Lee-Anne in die huidige geval nie, kan die appèlafdeling se opmerkings oor die funksie van vergoeding kwalik as 'n onbelangrike *obiter dictum* geïgnoreer word. Die appèlafdeling se uitspraak maak dit duidelik dat die funksionele teorie by kompensasie nie ten koste van ander relevante oorwegings aangewend kan word nie. *In casu* volg regter Scott egter 'n benadering waarvolgens alle ander omstandighede deur die feit dat hy geen nuttige rol in enige vergoedingsbedrag kan bespeur nie, verdring word.

Daar is in ieder geval heelwat vrae ten aansien van die werking van die funksionele teorie. Hoe eienaardig hierdie benadering soms is, blyk uit 'n voorbeeld wat die hof self gee:

> "A conscious person who, by reason of his injuries, is incapable of deriving any advantage from a monetary award can *notionally* obtain some consolation from the receipt of money and from being able, if he pleases, to give it away. An unconscious person cannot even have this consolation" (92H; my beklemtoning).

Eerstens bewys die kwalifikasie deur die woord *notionally* (denkbeeldig, idieel, begriplik) van die vertroosting ("consolation") wat die ontvanger van die geld in die hof se voorbeeld verkry, dat dit nie noodwendig om *werklike* genot of vertroosting gaan nie (vgl ook die woorde "if he pleases"). Alles berus dus in effek maar op 'n tipe fiksie dat daar genot vir die aanvanklike ontvanger van die geld bereik kan word. Dit laat onmiddellik die vraag ontstaan waarom hierdie fiksie nie ook by 'n *bewustelose eiser* aangewend kan word nie: As Lee-Anne se verstandelike funksies nie deur die verweerder se nalatige optrede vernietig is nie, sou sy nie gelukkig gewees het deurdat haar ouers 'n bietjie geldelike voordeel uit haar beserings trek nie? (Dit is in elk geval nie die oplossing wat ek voorstaan nie – sien par 6 hieronder.)

Tweedens is regter Scott se voorbeeld ook kwalik te versoen met sy houding dat dit eintlik maar net Lee-Anne se ouers is wat benadeel word as daar nie vergoeding vir haar persoonlikheidsnadeel toegeken word nie (94G). As ernstig beseerde eisers vir wie geldelike vergoeding self niks meer positief kan doen nie, dit tog kan ontvang mits hulle nog die vermoë het om te besluit om dit aan iemand anders te gee, waarom dan nie maar die knoop deurhak en 'n bewustelose eiser deur 'n toekenning in staat stel om dit deur die werking van die *erfreg* aan sy erfgename te besorg nie?

Wat die funksionele teorie alles kan insluit, word ook aangetoon deur die volgende voorbeeld van regter Scott:

> "Where, as a result of his injury, a plaintiff is mentally retarded even to the extent that he may have no insight into his loss, provided only that he has awareness, an

> award of non-pecuniary damages can be utilised for his benefit even if the expenditure is frivolous and does no more than amuse him" (93H).

Hierdie voorbeeld beteken dat die aanwending van die geld nie noodwendig verband hoef te hou met die eiser se subjektiewe ervaring van die objektiewe aspek van sy persoonlikheidsnadeel nie. In so 'n (tragiese) geval gaan dit egter duidelik nie meer om kompensasie vir 'n bepaalde nadeel nie aangesien die eiser dit nie so ervaar nie. Hierdie voorbeeld toon dat regter Scott te veel van die bewussyn van die eiser maak.

Benewens die kwessies hierbo na verwys, maak die funksionele vergoedingsteorie soos deur regter Scott toegepas klaarblyklik diskriminasie moontlik tussen eisers wat weens vermoënskade, en eisers wat weens nie-vermoënskade (persoonlikheidsnadeel) eis. Terwyl dit duidelik is dat die reg nie belangstel in wat 'n eiser met sy vergoedingsbedrag as gevolg van *vermoënskade* doen nie (bv *Dhlamini v Government of the RSA* Corbett en Buchanan *The quantum of damages in bodily and fatal injury cases* III 583; Visser 1988 *THRHR* 485; Visser en Potgieter 159) – en ook waarskynlik nie by 'n toekenning op grond van *iniuria* nie – verwag die funksionele teorie dat die eiser die hof moet kan oortuig oor die aanwending van die vergoedingsbedrag by liggaamlike beserings. Oor hierdie (onbillike?) diskriminasie laat Stoll *Haftungsfolgen im bürgerlichen Recht* (1993) 358 hom soos volg uit:

> "Wohl aber wird die Festsetzung einer substantiellen Entschädigung als ausgeschlossen betrachtet, solange keine sinnvolle Verwendung der Entschädigung vorstellbar ist, auf welche sie ausgerichtet werden kann. Hierauf ist zu erwidern, daß bei Verletzung eines Vermögensgutes auch nicht danach gefragt wird, ob und auf welche Weise eine sinnvolle Verwendung der als Kompensation geleisteten Entschädigung möglich ist. Die Einführung zusätzlicher Kriterien für die Ersatzfähigkeit von Nichtvermögensschäden *läuft auf eine Diskriminierung dieser gerade für schwerste* Verletzungen typischen Schäden hinaus, was der verfassungsrechtlichen *Gewährleistung des Rechts auf körperliche Unversehrtheit zuwiderläuft*."

Hierdie standpunt kan waarskynlik ook geopper word in die lig van die Suid-Afrikaanse bepalings wat onbillike diskriminasie verbied (a 8 van die Grondwet).

Nog 'n geval waar die funksionele teorie klaarblyklik nie goed werk nie, is by die vergoeding aan regspersone vir skending van hulle persoonlikheidsregte (genoegdoening vir persoonlikheidsnadeel) (bv *Caxton Ltd v Reeva Forman (Pty) Ltd* 1990 3 SA 547 (A) 575). Hoe word die eiser – 'n abstrakte regspersoon – "gelukkig gemaak" deur die ontvangs van 'n bedrag genoegdoening? Of watter ander persoonlike voordeel van watter aard ook al is daar vir die eiser? Tot wie se voordeel is die toekenning werklik? Hierdie vrae is slegs bedoel om daarop te wys dat die besondere klem op die funksie van 'n vergoedingsbedrag klaarblyklik nie orals in ons deliktereg van belang is nie. (Selfs by vermoënskade kan die funksionele teorie nie altyd aangewend word nie. So kan 'n skadevergoedingsbedrag bv nie help om 'n unieke skildery of unieke juwele wat vernietig of gesteel is, te vervang nie. Dit bied hoogstens 'n tipe onvolmaakte geldelike ekwivalent.)

5 Straf en vergoeding

In casu wys die hof daarop dat daar nie ruimte vir straf in ons deliktereg is nie (94C; sien in die algemeen oor straf in deliktuele verband Visser "Genoegdoening met betrekking tot nie-vermoënskade" 1983 *TSAR* 68–73; 1988 *THRHR*

486–489; Stoll 55–78). Nietemin laat die hof na om te verwys na die gevalle ingevolge die *actio iniuriarum* waar daar 'n duidelike strafelement is (bv *Bruwer v Joubert* 1966 3 SA 334 (A) 338; *Buthelezi v Poorter* 1975 4 SA 608 (W) 617; *Pont v Geyser* 1968 2 SA 545 (A) 558; *South African Associated Newspapers v Yutar* 1969 2 SA 442 (A) 458). Straf is dus inderdaad deel van ons deliktereg – weliswaar by die *actio iniuriarum* waar genoegdoening 'n rol speel by skade wat gewoonlik nie-kompenseerbaar is (net soos by persoonlikheidsnadeel van permanent bewustelose eisers wat ook nie kompenseerbaar is nie). Nog 'n geval waar 'n verweerder in 'n sin gestraf word (waar hy dus meer betaal as die skade van die eiser), is waar 'n *ex gratia*-betaling aan 'n eiser nie as voordeel teen sy skadevergoedingsbedrag verreken word nie (bv *Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A)).

Die hof gebruik die afwysing van straf in die deliktereg om die voorstel (deur Visser en Potgieter 99) te verwerp dat 'n klein bedrag "vergoeding" aan 'n permanent bewustelose eiseres soos Lee-Anne toegestaan word as 'n tipe simboliese herstel van die ernstige privaatregtelike onreg wat haar aangedoen is (94B). Nogtans verduidelik die hof nie hoe die toekenning van so 'n nominale bedrag as "straf" deur die verweerder ervaar sal word nie. In die geval van 'n kapitaalkragtige verweerder sou 'n veroordeling tot die betaling van 'n bedrag van byvoorbeeld R500 as simboliese en objektiewe genoegdoening kwalik 'n geldelike straf wees. Simboliese vergoeding is beslis nie "penal damages" waarin die hof so 'n afkeer openbaar nie. Word dit as nominale skadevergoeding gesien, kan dit aanvaarbaar wees aangesien ons reg waarskynlik steeds vir so-iets voorsiening maak (bv *Bhika v Minister of Justice* 1965 4 SA 399 (W); *Fraser v De Villiers* 1981 1 SA 378 (D); *Winterbach v The Master* 1989 1 SA 922 (OK)).

6 Evaluasie

In die saak onder bespreking moet die hof gelyk gegee word dat daar geen grond sou wees om die bedrag van R200 000 toe te staan wat namens Lee-Anne geëis is nie. Vir pyn en skok wat sy nie ervaar het nie, bied ons reg tereg nie vergoeding nie. Wat verlies aan lewensgenietinge betref (wat ook 'n objektiewe element het), kan tereg geargumenteer word dat 'n groot bedrag nie die doel kan dien om 'n teenwig vir haar ongelukkigheid te vorm of haar kan help om die terugslag te oorwin nie. Nogtans is die hof se gevolgtrekking dat ingevolge ons reg geen bedrag hoegenaamd vir die ernstigste persoonlikheidsnadeel denkbaar toegeken kan word nie, totaal onaanvaarbaar en stuur waarskynlik 'n verkeerde sein aan die gemeenskap. Óf die hof se beoordeling van ons deliktereg, óf ons deliktereg self is foutief. Dit wil lyk of eersgenoemde die geval is.

Dit staan vas dat 'n toekenning vir persoonlikheidsnadeel 'n geldige doel moet hê. Daardie doel hoef egter nie bloot die verwekking van subjektiewe geluksgevoelens as teenwig vir ongelukkigheid te wees nie (sien in die algemeen Visser "Kompensasie van nie-vermoënskade" 1983 *THRHR* 43). Die feit dat 'n eiser weens beserings deur die verweerder veroorsaak nie in staat gaan wees om die geld subjektief te geniet nie, beteken dus nie dat die deliktereg *functus officio* is nie. Vergoeding as genoegdoening (ook ingevolge die aksie weens pyn en leed – sien Visser en Potgieter 179–180) kan ook plaasvind. Genoegdoening (vgl in die algemeen hieroor Pecher 1971 *Archiv für die civilistische Praxis* 60 ev)

beteken nie bloot die verwekking van 'n psigiese gevoel van genoeë of bevrediging by die slagoffer van 'n onregsdaad nie. In die wydste sin beteken genoegdoening ook regshandhawing (1983 *TSAR* 55) en dit is by uitstek dié funksie wat relevant is indien werklike kompensasie in gevalle van ernstige liggaamlike beserings wat bewusteloosheid, kranksinnigheid of persoonlikheidsverandering tot gevolg het, nie meer bereikbaar is nie. Die toekenning van 'n simboliese bedrag – waarvan die kwantum uiteraard van geval tot geval kan wissel – moet dien tot herstel van die onreg. Dit geskied deurdat die verweerder veroordeel word om dit te betaal en sowel die familie en vriende van die eiser as die breë gemeenskap behae en tevredenheid daarin kan skep dat die skuldige verweerder nie skotvry afkom nie en dat die reg gepas reageer op die privaatregtelike onreg teenoor die ernstige beseerde eiser.

Hierdie tipe genoegdoening is nie altyd simboliese straf nie. 'n Voorbeeld waar die klem bloot val op die verwekking van tevredenheid by die gemeenskap, is waar 'n versekeraar namens die dader moet betaal en die dader dus nie eers self veroordeel word nie.

Die situasie wat regter Scott egter skep, is dat die eiser ten onregte soos 'n dooie behandel word. 'n Mens kan beswaarlik glo dat die fundamentele reg op menslike waardigheid (a 10 van die Grondwet) en die reg op sekuriteit van die persoon (a 11) so 'n resultaat kan veroorloof. Die (ironiese) uitdrukking, "it is cheaper to kill than to maim" (91G), waarna soms verwys word, beskryf die posisie nie korrek nie en kan nie relevant wees nie aangesien eisers soos Lee-Anne nie gedood is nie.

As 'n eiseres soos Lee-Anne nie eers 'n simboliese genoegdoeningsbedrag in 'n geval soos die onderhawige mag ontvang nie, vervul dit 'n mens met weersin in die regstelsel. Hopelik sal die appèlafdeling die regsposisie by die eersvolgende geleentheid opklaar.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

VADERLIKE OMGANGSREG, DIE BUITE-EGTELIKE KIND EN DIE WERKLIKHEIDSONDERBOU VAN GEREGTIGHEID

B v S 1995 3 SA 571 (A); BVerfG, Beschl v 7/3/1995, NJW 1995 2155; Keegan v Ireland EHRM 26 Mei 1994, CEDH, Series A vol 290, 1995 NJ 247

1 Inleiding

In hierdie drie belangwekkende sake, onderskeidelik van die Suid-Afrikaanse appèlhof, die Duitse konstitusionele hof (*Bundesverfassungsgericht; BVerfG*) en die Europese Hof vir die Regte van die Mens (EHRM), het die vraagstuk van die

omgangsreg – of ten minste die toekomstige moontlikheid daarvan – van die ongehude vader met sy buite-egtelike kind weer eens onder die vergrootglas gekom. Hierdie vraagstuk word, veral teen die agtergrond van die problematiek wat in dié sake aangespreek is, in hierdie bydrae onder die loep geneem.

Dit moet ten aanvang gestel word dat 'n groot getal buite-egtelike kinders hedendaags uit konkubinate, dit wil sê langtermyngerigte saamwoonverhoudings, gebore word. Die feitestel van 'n saak wat op 26 Mei 1977 (NJ 1978 417) voor die Nederlandse Hoge Raad gedien het, illustreer die onderhawige problematiek treffend. Uit die huwelik van A en B word C gebore. A en B skei intussen maar gaan voort om saam te woon. 'n Kind D word uit dié verhouding gebore. A het uit hoofde van die feit dat C binne huweliksverband gebore is 'n omgangsreg met hom of haar. Met D het hy nie sonder meer (in ons reg) so 'n reg nie (sien in die algemeen Labuschagne "Biogenetiese vaderskap: bewysregtelike en regpluralistiese problematiek" 1984 *De Jure* 58 332). Hierdie reëling is strydig met die sosiologiese beleweniswerklikheid van die betrokke partye, naamlik die ouers en kinders. Trouens, dit stel sinlose en mensverwyderde reg daar, indien dit hoegenaamd die begrip "reg" waardig is.

2 Terminologie

Met verwysing na slegs Engelsregtelike gesag kom appèlregter Howie in *B v S* 581–582 tot die volgende slotsom:

> "The *dicta* in these cases are clear and persuasive. They show that no parental right, privilege or claim as regard access will have substance or meaning if access will be inimical to the child's welfare. Only if access is in the child's best interests can access be granted. The child's welfare is thus the central, constant factor in every instance. On that, access is wholly dependent. It is thus the child's right to have access, or be spared access, that determines whether contact with the non-custodian parent will be granted. Essentially, therefore, if one is to speak of an inherent entitlement at all, it is that of the child, not the parent."

In Nederland is tot 1971 van 'n "bezoekrecht", in navolging van die Franse "droit de visite", gepraat. Sedertdien word die woord "omgangsrecht" gebruik (Doek "De 'definitieve' regeling van het omgangsrecht: een weerbarstige kwestie" 1992 *FJR* 26). In Duitsland word die woord "Umgangsrecht" gebruik. Die begrippe "toegangsreg" en "right of access" is misleidend. Die omgangsreg is wesenlik 'n interaksiereg wat in onderhawige verband (gelyktydig) 'n reg van beide vader en kind is en slegs kan wees (sien Labuschagne "Persoonlikheidsgoedere van 'n ander as regsobjek: opmerkinge oor die ongehude vader se persoonlikheids- en waardevormende reg ten aansien van sy buite-egtelike kind" 1993 *THRHR* 416 428–429). Appèlregter Howie se opmerkings is onvanpas en mis die wese van die vaderlike omgangsreg.

3 Menseregtelike dimensie

Artikel 8(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 bepaal tans dat elke persoon die reg op gelykheid voor die reg en op gelyke beskerming deur die reg het. In artikel 8(2) word daarop gewys dat nie teen 'n persoon op grond van sy sosiale herkoms gediskrimineer mag word nie. Blykens artikel 30(1)(b) het elke kind die reg op ouerlike sorg. Volgens artikel 30(3) word die beste belang van die kind in alle gevalle rakende hom of haar voorop

gestel. Die presiese veld wat hierdie bepalings dek, is nog nie deur ons howe vasgelê nie. Ek dink dat 'n mens, in die lig van die universele aard van menseregte, kan aanvaar dat dit op een lyn met internasionale en interregionale aktes van menseregte uitgelê sal word (sien Labuschagne "Doelorganiese regsnormvorming: opmerkinge oor die grondreëls by die uitleg van 'n akte van menseregte" 1993 *SA Publiekreg* 127).

Daar is aanvanklik oral teen buite-egtelike kinders en hulle ouers, veral ongehude vaders, gediskrimineer maar hulle posisie is voortdurend besig om te verbeter (sien Labuschagne 1993 *THRHR* 418–428; Salgo "Zur Stellung des Vaters bei der Adoption seines nichtehelichen Kindes durch die Mutter und deren Ehemann" 1995 *NJW* 2129; Doek 26–28).

In *B v S* 575 579 wys appèlregter Howie daarop dat die vaderlike omgangsreg uit ouerlike gesag ("parental authority") ontspring en dat die ongehude vader nie regtens in sodanige gesagsverhouding tot sy buite-egtelike kind staan nie. Volgens artikel 6(2)(1) van die Duitse *Grundgesetz (GG)* kom die reg en plig van die versorging en opvoeding van 'n kind die ouers toe. Die *BVerfG NJW* 1995 2156 beslis in navolging van vroeëre gewysdes dat die ongehude vader van 'n buite-egtelike kind wat met sy of haar moeder saamleef of saam met haar die opvoedingstaak waarneem 'n artikel 6(2)(1) *GG*-regshebbende is (sien ook Salgo 2130). Artikel 8 van die Europese Verdrag vir die Regte van die Mens (EVRM) bepaal soos volg:

> "1. Everyone has the right to respect for his private and family life, his home and his correspondence.
>
> 2. There shall be no interference by a public authority with the exercise of this right except such as is in accordance with the law and is necessary in a democratic society in the interests of national security, public safety or the economic well-being of the country, for the prevention of disorder or crime, for the protection of health or morals, or for the protection of the rights and freedoms of others."

In *Keegan v Ireland* par 44–45 beslis die EHRM teen dié agtergrond soos volg:

> "The Court recalls that the notice of the 'family' in this provision is not confined solely to marriage-based relationships and may encompass other *de facto* 'family' ties where the parties are living together outside of marriage . . . A child born out of such a relationship is *ipso iure* part of that 'family' unit from the moment of his birth and by the very fact of it. There thus exists between the child and his parents a bond amounting to family life even if at the time of his or her birth the parents are no longer cohabiting or if their relationship has then ended . . . In the present case, the relationship between the applicant and the child's mother lasted for two years during one of which they co-habited. Moreover, the conception of their child was the result of a deliberate decision and they had also planned to get married. Their relationship at this time had thus the hallmark of family life for the purpose of Article 8. The fact that it subsequently broke down does not alter this conclusion any more than it would for a couple who were lawfully married and in a similar situation. It follows that from the moment of the child's birth there existed between the applicant and his daughter a bond amounting to family life."

Die Nederlandse howe stel die vraag of 'n ongehude vader 'n omgangsreg met sy buite-egtelike kind het onderworpe aan die vraag of 'n gesinslewe ("family life") tot stand gekom het of nie (Hoge Raad 1991-01-04, NJ 1991 253; Hoge Raad 1993-06-11, NJ 1993 560; Labuschagne "Aanvaarding van verantwoordelikhede as ontstaansbron van 'n omgangsreg vir 'n ongetroude vader met sy buite-egtelike kind" 1995 *TSAR* 162–164; Labuschagne "Vaderlike omgangsreg

en die toepassing van die vermoede *pater est quem nuptiae demonstrant* op 'n konkubinaat" 1994 *Obiter* 266–267). Die EHRM het in *Keegan v Ireland* par 56–58 beslis dat die Ierse regsreël dat 'n ongehude vader nie inspraak het in die aannemingsprosedure ten aansien van sy buite-egtelike kind nie, in stryd is met artikel 6(1) EVRM wat bepaal dat

> "[i]n the determination of his civil rights and obligations . . . everyone is entitled to a fair and public hearing . . . by an independent and impartial tribunal . . ."

Trouens, die EHRM ken aan Keegan ook genoegdoening van IR £12 000 toe ter goedmaking van die trauma, ongerustheid en frustrasie wat hy in die regsprosesse moes deurmaak (par 65–71). Die *BVerfG NJW* 1995 2156–2157 bevind in dieselfde trant dat artikel 1747(2) *BGB* wat wegdoen met die ongehude vader se toestemming by 'n aannemingsprosedure van sy buite-egtelike kind onkonstitusioneel is as synde in stryd met artikel 6(2)(1) *GG* (sien ook Salgo 2132). Kragtens artikel 18(4)(d) van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 is slegs die moeder se toestemming by die aanneming van 'n buite-egtelike kind in Suid-Afrika 'n vereiste (sien ook Labuschagne 1993 *THRHR* 422).

4 Konklusie

In Europese lande word die regte van die ongehude vader wat sy verantwoordelikhede teenoor sy buite-egtelike kind aanvaar in 'n toenemende mate met dié van die gehude vader gelykgestel. In *B v S* 584–585 verklaar appèlregter Howie soos volg:

> "In addition it seems to me to be necessary to lay down that where a parental couple's access (or custody) entitlement is being judicially determined for the first time – in other words where there is no existing Court order in place – there is no *onus* in the sense of an evidentiary burden, or so-called risk of non-persuasion, on either party. This litigation is not of the ordinary civil kind. It is not adversarial. Even where variation of an existing custody or access order is sought, and where it may well be appropriate to cast an *onus* on the applicant, the litigation really involves a judicial investigation and the Court can call evidence *mero motu* . . . *A fortiori* that is so in the 'first time' situation. And it matters not in this regard whether the child concerned is legitimate or illegitimate."

Wat presies hiermee bedoel word, is vir my onduidelik. Wat gebeur in geval van twyfel? Is dit nie juis dan wanneer 'n bewyslas ter sprake is nie? Die resultaat van dié beslissing van die appèlhof is dat beheptheid met regstegnikaliteite en reëlrasionalisasie 'n sinvolle en sosiologies werklikheidsgetroue benadering tot die onderhawige problematiek verdring het. Binne die feitestel van die Nederlandse saak waarmee die onderhawige problematiek hierbo ter inleiding verduidelik is, blyk derhalwe uit die bestaande Suid-Afrikaanse reg (nog steeds) dat A (*ipso jure*) 'n omgangsreg met C het, maar nie met D nie. Slegs indien "bewys" kan word dat dit nie in C se beste belang is nie, kan A sy omgangsreg *ontneem* word. In D se geval sal "bewys" moet word dat dit in sy of haar beste belang is voordat 'n omgangsreg *gevestig* word. Daar bestaan gevolglik 'n werklikheidsvreemde en sinlose dispariteit tussen die regsposisies van C en D in dié verband. Ons appèlhof het die geleentheid om dit reg te stel, laat verbygaan en die geregtigheidstrein verpas. Geregtigheid moet in die sosiale werklikheid geanker wees anders verloor dit sy funksionele waarde. Trouens, dan is daar nie werklik meer sprake van geregtigheid nie. Aan regsekerheid, soos veral beliggaam in die presedenteleer, mag nooit 'n hoër status as aan geregtigheidsekerheid en

regsinvolheid toegeken word nie (sien ook Labuschagne "Die opkoms van die teleologiese benadering tot die uitleg van wette in Suid-Afrika" 1990 *SALJ* 573). Of dit nou 'n *obiter dictum* of wat ook al was, regter Van Zyl was in *Van Erk v Holmer* 1992 2 SA 113 (T) aan die hoë waardes van regstaatlikheid getrou.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

Ek het 'n werklike probleem, dat indien ek sou beslis dat die Hof wel 'n inherente diskresie het om 'n persoon anders as 'n advokaat toe te laat om vir 'n persoon, soos die beskuldigde, te verskyn, daardie beslissing dalk 'n beslissing van substantiewe reg gaan wees. Die vraag is of ek nie daardeur afbreuk doen aan die regtens beskermde regte van advokate om in die Hooggeregshof te verskyn nie. Ek meen egter dat hierdie 'n kwessie van prosedure is en dat dit nie substantiewe reg is nie. Ek wil my die geval voorstel waar 'n persoon oor 'n lang tyd verteenwoordig word deur 'n advokaat, bygestaan deur 'n prokureur en waar die advokaat om een of ander rede nie verder beskikbaar is nie. Dit mag vir die ander party van belang wees om voort te gaan met die saak en ek sou my bedink dat dit in belang van die regspleging in die geheel sou wees en in belang van die litigante in besonder, in 'n saak soos daardie, vir die Hof om wel die prokureur wat bevoeg en in staat is om die saak voort te sit, toe te laat om dit te doen. Daardie prosedurele reëling word gemaak in belang van die regspleging. Dit beteken egter nie dat 'n Hof voor die voet prokureurs kan toelaat om in die Hooggeregshof te verskyn nie. Dit sal duidelik 'n groot inbreuk maak op die regte van advokate. Daar moet kennelik buitengewone omstandighede bestaan (per Hartzenberg R in *S v Lombard* 1994 3 SA 217 (T) 223–224).

BOEKE

LANDLORD AND TENANT
by WE COOPER
Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1994, vii and 387 pp
Price R139,00 (soft cover)

It is commendable that lawyers outside academia find time to publish, thus sharing their expertise with students and fellow practitioners. It is even more impressive when they continue to pursue their academic interest by updating original publications even after their elevation to the bench. In this regard, the second edition of *Landlord and tenant* by the eminent jurist Judge Cooper must be welcomed. Two decades have passed since the publication of the first edition, which means that this edition has undergone significant changes.

The format and division of the work have remained largely the same. However, chapter 25, which dealt with the provisions of the Liquor Act 30 of 1928, and Part 9 of the first edition, which covered The Rents Act 43 of 1950 (which has been replaced by the Rent Control Act 80 of 1976) have been omitted from this edition. Part 9 is replaced by an invaluable chapter 24 titled "Practice", which deals with aspects of civil practice concerning ejectment proceedings and other related matters.

It is interesting to note that the recently revived concept of *bona fides* was applied to the contract of lease by Cooper as early as 1972 as a requirement which could prevent a defendant from making a mockery of an ejectment order. Cooper emphasises the self-evident need to temper the lessee's right to raise the existence of a dispute about the magistrate's court's jurisdiction with the requirement that the dispute must be *bona fide*.

Chapter 5, which deals with "Rent", has been expanded to reflect the position regarding certainty of rent after *Proud Investments v Lanchem Inter* 1991 3 SA 738 (A). Chapter 9, titled "Maintenance", rectifies the erroneous reference made in the first edition (96) to a seller's liability for damages. The new edition of Cooper (109) also correctly reflects the opinion that, in principle, a lessor should be liable for all damage sustained by a lessee, if such damage results from the breach of the lessor's obligation to maintain the let premises in proper condition. The author categorically rejects the view that the lessor's duty in this regard constitutes an implied warranty.

Although Cooper does not deal explicitly with the latest question on lease, that is, whether the "huur gaat voor koop" rule grants a lessee a right of election to

discontinue the lease on the sale of the premises, he very positively states the law surrounding the "huur gaat voor koop" rule as protecting the lessee's existing rights. From the attitude reflected in his work, one is inclined to deduce that Cooper would support the election theory propagated in *Genna-Wae Properties (Pty) Ltd v Medio-Tronics (Natal) (Pty) Ltd* 1994 1 SA 106 (D).

This recently revised edition of the standard text on the letting and hiring of immovable property in South Africa has been written with such clarity that it is easy to use and persuasively authoritative. It is an essential addition to all law libraries and valuable to both students and legal practitioners.

L HAWTHORNE
University of South Africa

STUDENT CASE BOOK ON BUSINESS ENTITIES

deur JT PRETORIUS, PA DELPORT, M HAVENGA en M VERMAAS (reds)

Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1994; xvi en 235 bl

Prys R49,00 + BTW (sagteband)

In die voorwoord van *Student case book on business entities* word daarop gewys dat hierdie boek vir voorgraadse regstudente en nie-regstudente (handelstudente) bedoel is; en verder dat alhoewel die keuse van hofsake wat in so 'n bundel opgeneem word in 'n sekere mate van eie opinie afhang, die doelwit van die skrywers was om net sake wat vir onderrigdoeleindes bruikbaar is, op te neem. Dit word ook duidelik gestel dat die boek spesifiek saamgestel is om Cilliers *et al Entrepreneurial law* aan te vul.

Die werk bestaan uit 'n voorwoord, inhoudsopgawe, vier dele en alfabetiese vonnisregister.

Die eerste deel handel oor die vennootskapsreg (1–50); dit word gevolg deur die maatskappyereg (51–226). Die derde deel bevat een vonnis oor die beslote korporasiereg (227) en die vierde deel twee vonnisse oor die reg insake besigheidstrusts (228–229).

In sommige gevalle word bloot net die toepaslike aanhaling uit 'n hofsaak weergegee, terwyl by ander sake ook 'n kort maar handige opsomming van die feite verskaf word.

Artikels 9, 10, 11 en 12 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991 word ook volledig weergegee (208–210). Dit word egter nie in die inhoudsopgawe aangedui nie maar slegs in die alfabetiese lys van sake agter in die boek.

Hoewel hierdie 'n handige en bruikbare boek is, veral vir die nie-regstudent, sou die praktiese nut daarvan verhoog geword het indien 'n wyer seleksie gemaak is ten opsigte van die beslote korporasiereg, veral in die lig van die

doelwit van die publikasie, naamlik dat dit saam met *Entrepreneurial law* gebruik moet word. Ook wat die handels- of besigheidstrust aanbetref, kon 'n beslissing soos *Goodricke and Sons (Pty) Ltd v Registrar of Deeds* 1974 1 SA 404 (N) die waarde van die werk verhoog het.

Die proefleesgehalte van die werk is goed en slegs enkele en uiters geringe foute kom voor, soos verkeerde lettertipes (vii). Die drukwerk en tegniese afwerking is bevredigend hoewel 'n beter kwaliteit papier gebruik kon gewees het. Die gebruik van die minder goeie kwaliteit papier kan nietemin verskoon word in die lig van die bekostigbaarheid van die boek.

Hierdie werk behoort as handige studiehulpmiddel algemeen onder die teikenmark byval te vind.

ELIZABETH SNYMAN
Sentrum vir Ondernemingsreg
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

PERSONEREG STUDENTEHANDLEIDING
deur T DAVEL en RA JORDAAN
Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1995; 200 bl
Prys R69.00

Die personereg het die afgelope paar jaar grootskaalse veranderinge ondergaan. Meeste van die bestaande handboeke oor die onderwerp is dus nie meer op datum nie. Voorts het die personereg ontwikkel tot 'n afsonderlike vakgebied – dit word aan vele universiteite nie meer saam met die familiereg as een kursus aangebied nie. Die skryf van 'n afsonderlike handboek wat slegs oor die personereg handel, word dus grootliks verwelkom.

Die inhoud van *Personereg studentehandleiding* is baie goed uiteengesit en volledig. Daar word telkens melding gemaak van spesifieke ontwikkelinge op elke gebied van die personereg. Moontlike toekomstige veranderinge word ook telkens uitgewys. Die volgorde van die bespreking van die inhoud wyk af van die gewone volgorde deurdat die totnietgaan van regsubjektiwiteit laaste bespreek word, na diverse faktore wat 'n persoon se status kan beïnvloed. Die rede hiervoor is seker dat 'n persoon te sterwe kom nadat al die statusbepalende faktore reeds plaasgevind het. Dood is immers die laaste statusbepalende faktor.

Personereg studentehandleiding is van 'n volledige bibliografie, vonnisregister, statuteregister, Regskommissieverslae en woordregister voorsien. Dit is verblydend om te verneem dat dié publikasie ook binnekort in Engels gaan verskyn.

MARIÉ BLACKBEARD
Universiteit van Suid-Afrika

1994 SUPPLEMENT TO THE LAW OF SUCCESSION IN SOUTH AFRICA

by ELLISON KAHN

Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1994, xxvi and 216 pp

Price R99,00 (soft cover)

The object of this opusculum, as Professor Ellison Kahn chose to call it, is to state the law of succession in South Africa as it stood at the end of April 1994. Since the publication of the 1985 Supplement, new legislation on wills and intestate succession and important decisions by the courts necessitated a supplementary update of the work. Kahn has very successfully heeded this call, providing in his inimitable style a brief and concise but comprehensive and authoritative exposition of developments in the law of succession over the fourteen years after the first publication (1980) of the main work (by Corbett, Hahlo, Hofmeyr and Kahn). He not only documents the legal position, but by referring to South African Law Commission Reports and working papers, presents a clearer perspective on the development of certain aspects of the law. For students and lawyers alike, the supplement is a timeous and valuable addition to the library of succession law in South Africa.

ALET ELLIS
University of the Orange Free State

LEADING CASES ON INSOLVENCY

deur LEONARD GERING

Butterworths Durban 1994

Prys R142,50 (sagteband)

Die outeur van die vonnisbundel het hom ten doel gestel om die doel en beleid van die insolvensiereg en ook die skema van die Insolvensiewet te illustreer deur gebruikmaking van hofsake. Daar word goed in hierdie doel geslaag.

Die boek volg 'n duidelike indeling en indien nagegaan wil word of 'n bepaalde onderwerp in die boek aangespreek word, is dit met 'n enkele blik op die inhoudsopgawe duidelik of daardie onderwerp in besonderhede behandel word of nie.

Die boek is in dertien onderafdelings verdeel, naamlik: die doel, beleid en skema van die Insolvensiewet; aansoek om sekwestrasie; die gevolge van sekwestrasie op die eiendom van die insolvent; die gevolge van sekwestrasie op die solvente gade; vernietigbare regshandelinge; vervreemding van roerende

bates; die invloed van sekwestrasie op 'n huurkontrak; onvoltooide kontrakte; versekerde eise en sessie *in securitatem debiti*; "subordination of debts"; akkoord; uitwysingsbevele by rehabilitasie; en jurisdiksie.

Die alfabetiese lys (en indeks) van beslissings, artikels van die wet, lys van wetgewing en ook 'n baie handige trefwoordindeks aan die einde van die boek, verhoog die toeganklikheid daarvan aansienlik. Hoewel slegs enkele sake in besonderheid bespreek word, word daar genoegsaam na ander relevante sake verwys (ook vervat in die indeks van sake). Gevolglik is daar voldoende verdere verwysings vir die praktisyn en student wat verder wil lees.

Elke uittreksel uit 'n saak word deur 'n inleidende gedeelte voorafgegaan wat die saak in konteks plaas. Die belangriker sake bevat ook 'n kort uiteensetting van die feite, die regsvraag en soms ook die beslissing. In hierdie verband is dit prysenswaardig dat die outeur in die weergee van die beslissing die moeite gedoen het om ook die betrokke bladsyverwysing in 'n voetnoot te vermeld. Die vooraf opmerkings word gevolg deur uittreksels uit die beslissing. Dit word weer gevolg deur 'n aanvullende nota waarin nuwe ontwikkelings soms aangespreek en na addisionele bronne verwys word.

Die verwysing na die addisionele bronne is kort en kragtig – miskien té kort aangesien die tydskrifartikels waarna verwys word, nie van titels voorsien is nie. Die outeur maak ook soms gebruik van afkortings soos *Tydskrif* sonder om in die lys van afkortings te vermeld of *Tydskrif* verwys na byvoorbeeld die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* (*THRHR*) of die *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* (*TSAR*). Dit blyk wel later dat die outeur eersgenoemde in gedagte het. Vir die oningewyde student wat die verwysing vinnig wil opvolg, skep dit 'n onnodige oponthoud. Dit is egter wenslik om by die erkende afkortings van regstydskrifte te hou ten einde verwarring te voorkom.

Hierdie boek het besliste voordele vir die student van die insolvensiereg. Nie net word die student gehelp deur die uiteensetting van die feite en die weergee van die uitspraak nie; hy het ook die voordeel van die aanvullende nota wat hom na addisionele bronne en ander beslissings verwys waarin die betrokke saak aangehaal word. Op hierdie wyse word die student geleer dat 'n hofsaak verdere gevolge kan hê en deel van ons regsontwikkeling uitmaak. Die boek is egter meer omvattend en bevat verwysings na meer sake as wat normaalweg van voorgraadse LLB-studente in die insolvensiereg vereis word. Die prys van die boek, opgeweeg teen die beperkte gedeelte daarvan wat die meeste studente waarskynlik sal gebruik, sal seker meebring dat die meeste studente die boek nie sal aanskaf nie.

Dit is jammer dat die drukwerk op sommige bladsye deurslaan met die gevolg dat die maklike leesbaarheid van die werk benadeel word.

In die geheel gesien, vul hierdie vonnisbundel 'n leemte wat geruime tyd reeds bestaan het. Wat die inhoud betref, is dit 'n aanwins vir enige ernstige student van die insolvensiereg. Ook die insolvensieregspraktisyn kan veral die verdere verwysings in die addisionele nota aan die einde van elke saak van groot waarde vind.

EC SCHLEMMER
Universiteit van Suid-Afrika

Professionele aanspreeklikheid teenoor derdes*

J Neethling
BA LLM LLD
Professor in Privaatreg, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

Professional liability to third parties

It can be accepted as a premise that a member of any profession is delictually liable for damages for patrimonial damage or injury to personality which he has caused in a professional capacity to a third party in a wrongful and negligent manner. In this article the focus falls on the delictual elements of wrongfulness, negligence and causation. The overall conclusion is that the general principles of delict can cater quite comfortably for professional liability to third parties. It is only with regard to wrongfulness and negligence that cognisance must be taken of the fact that the actor belongs to a certain profession which requires particular expertise, skill and knowledge and consequently creates expectations of professional conduct from the public. In connection with wrongfulness this fact plays an important role in determining whether there was a legal duty on the member of the profession concerned to prevent harm to third parties – this applies to liability for omissions in respect of damage to property or injury to personality, as well as to liability for pure economic loss and negligent misrepresentation (as a species of liability for pure economic loss); and with regard to negligence the well-known test of the reasonable expert (member of a profession) is applied. Be that as it may, to reiterate the general principles of the law of delict may successfully be applied *mutatis mutandis* to conduct from any professional sphere which causes damage to third parties.

1 INLEIDING

Na woordlui betrek professionele aanspreeklikheid die regsaanspreeklikheid van 'n lid van 'n professie uit hoofde van professionele optrede. Ten einde die onderhawige gebied nader te presiseer, is dit nodig om duidelikheid omtrent die begrip professie te verkry. Volgens die HAT beteken professie "beroep – veral gebruik vir werk van 'n intellektuele aard". Hierdie omskrywing is egter te wyd om regstegnies bruikbaar te wees aangesien dit uiteindelik enige werk of beroep kan omvat. Daarom is Pretorius[1] se benadering te verkies. Volgens hom is 'n professie 'n beroep met 'n verhoogde status wat 'n sekere mate van teoretiese en praktiese opleiding en bygevolg kennis en vaardigheid verg, lede aan 'n etiese gedragskode onderwerp, en onder beheer van 'n professionele liggaam staan. Die regsaanspreeklikheid van 'n lid van 'n professie moet in die lig van hierdie kenmerke – veral die verhoogde status en die daaruit voortvloeiende

---

* Referaat gelewer by geleentheid van 'n seminaar oor *Professionele aanspreeklikheid*, aangebied deur die Departement Privaatreg, Unisa te Pretoria op 1996-03-15.

1 *Aanspreeklikheid van maatskappy-ouditeure teenoor derdes op grond van wanvoorstelling in die finansiële state* (1985) 14–16.

verwagtinge van die publiek – beoordeel word.[2] Professies sluit gevolglik onder andere regs- (soos advokate en prokureurs), mediese (soos geneeshere en tandartse), bou- (soos argitekte, ingenieurs en bourekenaars) en finansiële (soos ouditeurs en bankiers) beroepe in.

Ten aanvang moet gestel word dat die aanspreeklikheid van 'n lid van 'n professie teenoor 'n kliënt met wie hy in 'n kontraktuele verhouding staan, in die geval van nie-nakoming van die kontraktuele verpligtinge, afgesien van kontrakbreuk, in beginsel ook op delik gegrond kan word mits natuurlik aan die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid voldoen word. Dit blyk egter dat die howe – na aanleiding van *Lillicrap, Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (Pty) Ltd*[3] – anders as in die geval waar die kontrakbreuk tot saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking lei, weens beleidsoorwegings nie maklik 'n deliksaksie naas 'n kontraksaksie sal erken in gevalle van *suiwer ekonomiese verlies*[4] nie. By die nalatige verskaffing van professionele dienste ingevolge 'n ooreenkoms sal die benadeelde in die reël dus net die kontraksaksie tot sy beskikking hê.

Hierdie huiwerigheid om 'n deliksaksie aan 'n kliënt by kontrakbreuk toe te staan, kom uit die aard van die saak nie by nie-kliënte of derdes voor nie – daar is bloot nie sprake van 'n kontrak wat in die weg staan nie.[5] As uitgangspunt kan daarom aanvaar word dat 'n lid van enige professie deliktueel aanspreeklik is vir vergoeding van vermoënskade of nie-vermoënskade wat hy in professionele hoedanigheid aan 'n derde op onregmatige en skuldige wyse veroorsaak het. Wat hierdie artikel betref, moet drie verdere punte vooraf uitgelig word: Eerstens word gekonsentreer op die algemene toepassing van deliksbeginsels in gevalle van professionele aanspreeklikheid teenoor derdes; eiesoortige probleme in verband met 'n besondere professie word dus sover moontlik vermy. Tweedens word die aandag meer toegespits op die hantering van die onregmatigheids-, nalatigheids- en kousaliteitselemente van die onregmatige daad in die huidige verband; die handelings- en skadevereistes lewer in die algemeen met betrekking tot professionele aanspreeklikheid nie unieke probleme nie. Derdens word in verband met onregmatigheid onderskei tussen deliktuele professionele optrede wat tot saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking lei en sodanige optrede wat net suiwer ekonomiese verlies tot gevolg het; die toepassing van die algemene deliksbeginsels met betrekking tot suiwer ekonomiese verlies verg naamlik 'n ander benadering – en is minder goed ontwikkeld – as in die geval van saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking.

2 ONREGMATIGHEID

2 1 Saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking

Soos bekend, is onregmatigheid in ons reg – ook ten aansien van professionele optrede – basies geleë óf in die skending van 'n subjektiewe reg[6] óf in die

2 Vgl *idem* 16.
3 1985 1 SA 475 (A) 499–500.
4 Hierdie begrip word *infra* 195 omskryf.
5 Vgl nietemin Midgley *Lawyers' professional liability* (1992) 90–91 oor die moontlikheid van 'n *stipulatio alteri* tgv 'n derde.
6 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 44 47 ev 51–52; *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 (T) 381–383 387; Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 79–81.

verbreking van 'n regsplig om nadeel vir 'n ander te vermy.[7] In die geval van saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking word eersgenoemde benadering uit die aard van die saak in die reël gevolg, behalwe waar die inwerking op die saak of die persoon as gevolg van 'n late[8] teweeggebring is en die regspligbenadering dan toepassing vind.

Nou geld die algemene reël dat, in die afwesigheid van 'n regverdigingsgrond, enige saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking in beginsel in stryd met die algemene onregmatigheidsnorm van ons reg, te wete die *boni mores*- of redelikheidsmaatstaf, en daarom onregmatig is – oftewel die betrokke saaklike of persoonlikheidsreg aantas. Anders gestel, sou 'n mens ook kon sê dat saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking *prima facie* onregmatig is, welke onregmatigheid deur die aanwesigheid van 'n regverdigingsgrond opgehef word.[9] Hierdie benadering geld natuurlik ook waar 'n lid van 'n professie deur sy positiewe optrede 'n derde se saak beskadig of sy persoonlikheid krenk.

Voorbeelde van *prima facie* onregmatigheid is waar 'n geneesheer 'n operasie op 'n bewustelose persoon uitvoer;[10] waar 'n hotel wat nie meer in besit van die oorspronklike eienaar-bouer is nie, afbrand as gevolg van 'n defektief argiteksontwerpte kaggel;[11] waar 'n stutmuur wat verkeerd deur 'n ingenieur ontwerp is, begin oorhel en herboukoste vir die koper van die eiendom teweegbring;[12] en waar 'n prokureur 'n brief, wat hy namens 'n kliënt aan 'n derde geskryf en lasterlike bewerings aangaande die geadresseerde bevat het, aan ander instansies openbaar maak.[13]

Regverdigingsgronde wat hierdie *prima facie* onregmatigheid kan ophef, is byvoorbeeld noodtoestand in die geval van die geneesheer wat op die bewustelose persoon opereer,[14] en bevoorregte geleentheid of privilegie in die geval van die publikasie van die lasterlike brief.[15] So gesien, verg die onregmatigheidsvraag by professionele aanspreeklikheid in die onderhawige gevalle nie 'n eiesoortige hantering nie.

---

7 Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 53 ev.

8 *Idem* 54 ev.

9 Sien in die algemeen *idem* 35 ev 43–44 51–52; vgl Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 90 ev 101 ev mbt liggaamsaantasting. Uitsonderings kom wel voor, bv by bepaalde persoonlikheidskrenkings, soos laster of eerskending, waar eers bepaal moet word of die laster of belediging *contra bonos mores* is (Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 43 vn 43; *Neethling's Law of personality* 144 ev 212 ev).

10 Vgl *Burger v Administrateur, Kaap* 1990 1 SA 483 (K) 489; *Neethling's Law of personality* 101 vn 124.

11 Vgl *Cathkin Park Hotel v JD Makesch Architects* 1993 2 SA 98 (W) (hier was die hotel egter steeds in besit van die eienaar-bouer wat die deliksaksie ingestel het).

12 *Tsimatakopoulos v Hemmingway, Isaacs & Coetzee CC* 1993 4 SA 428 (K); sien Van Aswegen "Concurrence of contractual and delictual claims and the determination of delictual wrongfulness" 1994 *THRHR* 147 ev. Alhoewel die hof *in casu* die skade weens die koste om die muur te herbou as suiwer ekonomiese verlies hanteer, hou dit myns insiens direk verband met "beskadiging" van die eiser se saak (onbruikbaarheid van die muur) en is daarom nie suiwer ekonomies van aard nie.

13 Vgl *Eksteen v Van Schalkwyk* 1991 2 SA 39 (T).

14 Vgl *Burger v Administrateur, Kaap* 1990 1 SA 483 (K) 489; *Neethling's Law of personality* 105 vn 162; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 85 vn 275 276.

15 Sien hieroor *Neethling's Law of personality* 155 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 335.

Waar 'n late tot saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking lei, word, soos aangedui,[16] ook met betrekking tot professionele aanspreeklikheid die regspligbenadering tot onregmatigheid in ons reg gevolg. Anders as by die *commissio*, is beskadiging of krenking deur 'n *omissio* nie *prima facie* onregmatig nie.[17] Dit is eers die geval as daar volgens die *boni mores* 'n regsplig was om op te tree ten einde bedoelde benadeling te vermy; en hier moet alle relevante faktore "in die totaal van omstandighede van 'n bepaalde geval" oorweeg word wat op die bestaan van 'n regsplig kan dui,[18] soos voorafgaande positiewe optrede, beheer oor 'n gevaarlike voorwerp, 'n regsvoorskrif,[19] die besondere verhouding tussen die partye, die bekleding van 'n bepaalde amp of beroep, 'n kontraktuele onderneming om die veiligheid van 'n derde te verseker en die verwekking van 'n skyn dat 'n ander beskerm sal word.[20] Hierbenewens speel die feit dat die dader *geweet* het dat sy late benadelend vir 'n ander kan wees, veelal by hierdie faktore 'n belangrike rol;[21] en in verband met professionele aanspreeklikheid kan die etiese riglyne of gedragskode wat vir lede van 'n bepaalde professie voorgeskryf word,[22] insgelyks aanduidend van 'n deliktuele regsplig wees.[23]

Toegepas op professionele aanspreeklikheid, kan die volgende gestel word: Die feit dat 'n persoon 'n bepaalde professie beoefen, is op sigself waarskynlik onvoldoende om 'n algemene regsplig te skep om benadeling (saakbeskadiging of persoonlikheidsnadeel) van derdes deur professionele optrede te voorkom; sodanige plig sou 'n te swaar las op lede van professies plaas. So gesien, mag 'n geneesheer se versuim om aan mediese hulpbehoewendes wat sy pad kruis bystand te verleen, morele verontwaardiging ontlok en selfs in stryd met sy etiese kode wees, maar dit is op sigself waarskynlik nie deliktueel onregmatig nie.[24] Lidmaatskap van 'n professie kan nietemin 'n faktor in die totaal van die

16 Sien weer Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 54 ev.

17 Sien ook Neethling en Potgieter "Deliktuele onregmatigheid by die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif" 1995 *THRHR* 529.

18 Sien *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 597.

19 Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 63–64. Hierdie faktor speel ook 'n rol by die bepaling van die regsplig om suiwer ekonomiese verlies te vermy of, in die geval van nalatige wanvoorstelling, die regsplig om die korrekte inligting te verskaf (*infra* 201 204). Eiesoortige vereistes het in die regspraak (*Da Silva v Coutinho* 1971 3 SA 123 (A) 140) rondom aanspreeklikheid weens "breach of a statutory duty" ontwikkel. Hulle is (volgens McKerron *The law of delict* (1971) 257 ev): "(1) the statute was intended to give a cause of action; (2) he [plaintiff] was one of the persons for whose benefit the duty was imposed; (3) the damage was of the kind contemplated by the statute; (4) the defendant's conduct constituted a breach of the duty; and (5) the breach caused or materially contributed to the damage." Sien ook Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* 267–267; Burchell *Principles of delict* (1993) 46; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 69–71; Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 532.

20 Sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 54–69.

21 Vgl *idem* 42 59–60 vn 119 61–62 vn 126 364 vn 110; Van Aswegen 1994 *THRHR* 153.

22 Sien bv Strauss *Doctor, patient and the law* (1991) 25–26 oor die rol van medies-etiese riglyne (sien 449–457 oor die gedragskode van die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR)).

23 Vgl Van Wyk "VIGS, *boni mores* en vertroulikheid" 1992 *THRHR* 120–123; Van Wyk "VIGS, vertroulikheid en 'n plig om in te lig?" 1994 *THRHR* 143 144–147.

24 Vgl Strauss *Doctor, patient and the law* 23 ev.

omstandighede wees wat op 'n regsplig dui.[25] 'n Paar voorbeelde, hoofsaaklik uit die mediese professie, kan ter illustrasie dien: Waar 'n geneesheer vasstel dat sy pasiënt VIGS het, sal sy professionele kennis van die ernstige gevare wat die siekte vir derdes inhou, die wete dat die pasiënt getroud is of 'n seksuele verhouding met 'n identifiseerbare persoon of persone het en dat hulle dus kan aansteek, en die feit dat hierdie persone relatief maklik[26] bereikbaar is, waarskynlik 'n regsplig op die geneesheer plaas om diesulkes in te lig;[27] of waar 'n geneesheer vasstel dat 'n pasiënt 'n statutêr aanmeldbare siektetoestand het[28] – welke aanmelding juis ten doel het om die samelewing te beskerm – sal die geneesheer se professionele kennis van die siekte en die gevare wat dit vir andere inhou, tesame met die statutêre voorskriftelikheid van aanmelding,[29] hom waarskynlik deliktueel verplig om toe te sien dat die betrokke gesondheidsowerhede ingelig word;[30] of waar 'n geneesheer 'n medisyne voorraadkamer langs sy spreekkamer het, en sodoende beheer oor 'n gevaarlike voorwerp uitoefen,[31] rus daar 'n regsplig op hom om te voorkom dat ongemagtigde persone, soos kinders, toegang kan verkry en hulleself benadeel deur byvoorbeeld skadelike pille te drink; of waar 'n geneesheer telefonies teenoor 'n ouer onderneem om na sy dodelike siek kind te kom kyk, is hierdie onderneming sterk aanduidend van 'n deliktuele regsplig om mediese bystand aan die kind te verleen;[32] of waar 'n argitek, nadat 'n gebou voltooi is, bewus word van 'n defek in die ontwerp daarvan wat 'n gevaar van benadeling vir derdes inhou, sal hierdie wete, asook die feit dat hy deur sy ontwerp 'n potensieel gevaarlike toestand geskep het (*omissio per commissionem*),[33] aanduidend wees van 'n regsplig om stappe te doen om die gevaar af te weer.

2 2 Suiwer ekonomiese verlies

Skadevergoeding weens suiwer ekonomiese verlies is in beginsel *ex lege Aquilia* verhaalbaar,[34] ook in gevalle van professionele aanspreeklikheid teenoor derdes.

---

25 Strauss *idem* 25 wys bv op die volgende faktore wat die vraag na die redelikheid al dan nie van die geneesheer se late kan beïnvloed: "(1) The doctor's actual knowledge of the patient's condition; (2) the seriousness of the patient's condition; (3) the professional ability of the doctor to do what is asked of him; (4) the physical state of the doctor himself . . .; (5) the availability of other doctors, or even of nurses and paramedics; (6) the interests of other patients; (7) whether attending the patient would expose the doctor to danger; (8) whether the patient is desirous or not to be treated; (9) professional ethical considerations."

26 Vgl *Regal v African Superslate (Pty) Ltd* 1963 1 SA 102 (A) 111.

27 Vgl Van Wyk 1992 *THRHR* 123 vn 7; Van Wyk 1994 *THRHR* 147. Daar bestaan egter nie 'n plig om kollegas (tandarts en geneesheer) in te lig waar die kanse skraal is dat hulle die pasiënt in die toekoms sal behandel nie (*Jansen van Vuuren v Kruger* 1993 4 SA 842 (A)).

28 Ingevolge a 45 van die Wet op Gesondheid 63 van 1977.

29 Vgl Strauss *Doctor, patient and the law* 24; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 63–64.

30 Vgl Van Wyk 1992 *THRHR* 123 vn 7.

31 Vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 60–63; Strauss *Doctor, patient and the law* 24.

32 Vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 66–67; Strauss *Doctor, patient and the law* 24.

33 Vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 55–59.

34 Sien *idem* 12–13 286 ev.

Ter wille van begripshelderheid is dit noodsaaklik om vooraf duidelikheid omtrent die begrip "*suiwer* ekonomiese verlies" te verkry. Suiwer ekonomiese verlies omvat enersyds vermoënsverlies wat hoegenaamd nie die gevolg van saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking is nie,[35] byvoorbeeld waar 'n maatskappy-ouditeur ekonomiese verlies vir derdes veroorsaak as gevolg van wanvoorstellings in die finansiële state van die maatskappy;[36] of die geval in *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen*,[37] waar 'n prokureursfirma, wat namens die eksekuteurs van 'n bestorwe boedel die bereddering daarvan behartig het, versuim het om die nodige stappe te doen om die opbrengs van sekere polisse binne 'n redelike tyd aan die begunstigdes te laat uitbetaal – *in casu* het die uitbetaling eers vyf jaar na die testateur se dood geskied – en hulle dientengevolge finansiële verliese gely het. Andersyds het suiwer ekonomiese verlies te make met vermoënsverlies wat wel uit saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking resulteer, maar sodanige beskadiging of krenking nie ten aansien van die *eiser* se saak of persoonlikheid geskied het nie (soos afhanklikes se eis vir verlies van onderhoud teen 'n narkotiseur wat die broodwinner se dood tydens 'n operasie op 'n nalatige wyse veroorsaak het);[38] of waar dit wel die geval is, die *verweerder* nie die saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking veroorsaak het nie. (Byvoorbeeld: A word as gevolg van B se nalatigheid in 'n motorongeluk so ernstig beseer dat hy permanent bewusteloos is. A se vrou gee opdrag aan 'n prokureur om 'n eis vir skadevergoeding weens mediese onkoste en pyn en lyding in te stel maar hy laat die eis teen die MMF verjaar weens sy versuim om dit betyds in te dien en A ly dientengevolge ekonomiese verlies.)[39]

Die onregmatigheid van 'n handeling by die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies is vir die regspraak feitlik deurgaans geleë in die nienakoming van 'n regsplig om dié verlies te vermy.[40] In *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen*[41] stel regter Marais hierdie benadering ten aansien van die prokureursprofessie soos volg:

> "Setting the boundaries of liability *ex delicto* for causing what has come to be styled as pure economic loss not flowing from physical damage has been a major concern of Western Courts in recent times. The problems involved in so doing are reasonably well known and I do not intend to review them generally yet again . . . As I see the position it comes to this. A defendant may be held liable *ex delicto* for causing pure economic loss unassociated with physical injury but before he is held liable it will have to be established that the possibility of loss of that kind was reasonably foreseeable by him and that in all the circumstances of the case he was under a legal duty to prevent such loss occurring . . . It is not possible or desirable to attempt to define exhaustively the factors which would give rise to such a duty

35 Sien *idem* 286 vn 102.
36 Sien Pretorius *Wanvoorstelling passim*.
37 1991 2 SA 301 (K).
38 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 287 vn 103.
39 Sien *idem* 287 vn 104.
40 Sien bv *Barlow Rand Ltd t/a Barlow Noordelike Masjinerie Mpy v Lebos* 1985 4 SA 341 (T) 346–347 348 (regsplig van prokureur teenoor sy opponent); *Leite GFM v Leandy and Partners* 1989 2 PH F18 (D) (regsplig van prokureur teenoor onverteenwoordigde teenparty – Midgley 111); *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 797–798 (regsplig van invorderingsbankier teenoor die ware eienaar van 'n verlore tjek); *Fedgen Insurance Ltd v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 399 (W) 404 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 288 vn 109 vir verdere gesag.
41 1991 2 SA 301 (K) 307 309.

> because new situations not previously encountered are bound to arise and societal attitudes are not immutable. However, that does not mean that capriciousness in the adjudication of claims of this kind is permissible. If liability is to be imposed, a court must satisfy itself that there are adequate grounds for doing so and be able to say what they are."

Hierdie benadering is aanvaarbaar, mits maar in gedagte gehou word dat waar daar wel 'n subjektiewe reg in gedrang kom, onregmatigheid ewe goed in die skending van dié reg – as keersy van die regsplig – geleë kan wees. Skending van 'n subjektiewe reg kom op die onderhawige gebied nogal dikwels voor – ook ten aansien van die optrede van lede van professies teenoor derdes – soos in die geval van onregmatige mededinging waar die reg op die werfkrag in gedrang kom, of die bemoeiing met die kontraktuele verhouding van 'n ander waar 'n vorderingsreg meestal op die spel is. Voorbeelde van hierdie tipe "onprofessionele" gedrag – wat streng gesproke egter nie optrede is wat uit hoofde van professionele kennis en vaardigheid onderneem word en daarom nie tot professionele aanspreeklikheid lei nie – is waar 'n geneesheer onware neerhalende bewerings aangaande 'n mededingende mediese praktyk maak ten einde pasiënte af te skrik en hulle sodoende vir sy eie praktyk te wen;[42] of waar prokureur A 'n boikot teen sy mededinger prokureur B aanstig;[43] of waar 'n argitek hom in advertensies van sy praktyk beter gekwalifiseerd voordoen as wat hy werklik is;[44] of waar 'n ingenieur 'n kliënt van 'n mededinger afrokkel deur hom tot kontrakbreuk aan te spoor.[45]

Nou moet egter goed voor oë gehou word dat, net soos met betrekking tot aanspreeklikheid weens 'n late, daar nie 'n algemene regsplig bestaan om suiwer ekonomiese benadeling van andere te voorkom nie;[46] anders gestel, die feitelike veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies is nie *prima facie* onregmatig nie.[47] Dit geld ook met betrekking tot professionele aanspreeklikheid. Daarom moet in elke geval volgens die redelikheids- of *boni mores*-onregmatigheidskriterium vasgestel word of bedoelde regsplig bestaan het. Soos bekend, vereis dié kriterium dat die hof "a value judgment embracing all relevant facts and involving considerations of policy" moet uitspreek. Dit word gewoonlik beskryf as die "policy-based aspect of the 'duty of care' concept, by means of which the scope of delictual liability is judicially controlled", en hier volg die howe in die algemeen 'n konserwatiewe benadering.[48] Die *boni mores*-kriterium behels basies 'n noukeurige afweging van die belange van die betrokke partye met inagneming van die gemeenskapsbelang.[49] Die volgende faktore, wat nie 'n *numerus clausus* is nie, kan volgens die regspraak hier 'n rol speel:

---

42 Vgl Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* 283 ev.
43 *Idem* 307 ev.
44 *Idem* 149 ev.
45 *Idem* 257 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 306 ev.
46 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 53–54.
47 Sien *Knop v Johannesburg City Council* 1995 2 SA 1 (A) 26; Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 530–531; Van Aswegen *Die sameloop van eise om skadevergoeding uit kontrakbreuk en delik* (1991) 117 ev 146.
48 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 13 vn 66.
49 Sien bv *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 797; *Fedgen Insurance Ltd v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 399 (W) 406–409; *Trope v South African Reserve Bank* 1992 3 SA 208 (T) 214; sien verder die gesag aangehaal in Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 289 vn 114 115. Sien in die algemeen *idem* 288 ev; Midgley 94 ev mbt die regsprofessie.

(a) Eerstens, en uiteraard vir doeleindes van die huidige bespreking onontbeerlik, die feit dat die verweerder 'n bepaalde beroep of professie beoefen wat besondere vaardigheid, bekwaamheid en kennis veronderstel. Dit beteken dat waar die verweerder professionele dienste verskaf, dit aanduidend van 'n plig is om nie suiwer finansiële verlies aan andere te veroorsaak nie. Hierdie standpunt is veral bevestig met betrekking tot invorderingsbanke. Daar rus naamlik 'n regsplig op die invorderingsbankier om finansiële verlies vir die eienaar van 'n gesteelde of verlore tjek te vermy deur die tjek nie aan 'n onregmatige besitter uit te betaal nie.[50] Hierdie faktor is waarskynlik op sigself egter nie deurslaggewend vir die bepaling van 'n regsplig teenoor derdes nie[51] aangesien dit professionele aanspreeklikheid te wyd sal laat uitkring.

(b) Daarom speel die feit dat die verweerder inderdaad *geweet* of *subjektief voorsien* het dat nalatige optrede aan sy kant die eiser gaan benadeel, 'n baie belangrike – straks deurslaggewende – rol by die bepaling van die regsplig.[52] In *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen*[53] word die rol van die wete of kennis van die verweerder-prokureur soos volg uitgelig:

> "It may well be that usually the person issuing the policy will be the person upon whom it would be appropriate to impose such a duty [dws om die begunstigdes van hulle aanspraak op die polis te verwittig], but an executor who is in possession of the policy, who *knows* of the beneficiary's entitlement, who *knows* that the insurer has not informed the beneficiary of it and that the insurer is acting on the assumption that the executor has done so or will do so, and who has received from the insurer, and not returned to it, appropriate discharge forms sent for completion by the beneficiaries is, so it seems to me, no less appropriate a person upon whom to impose such a duty. An attorney who has undertaken to do an executor's work for him cannot expect to be regarded any differently."

Die onregmatigheid van die verweerder se optrede word sodoende beperk tot derdes wat hy op die oomblik van sy gewraakte optrede geweet het benadeel gaan word, dit wil sê tot eisers wie se identiteit op daardie oomblik reeds vir

---

50 Sien bv *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A); *Fedgen Insurance Ltd v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 399 (W) 406–409; *Kwamashu Bakery Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd* 1995 1 SA 377 (D); *Holscher v ABSA Bank* 1994 2 SA 667 (T); sien verder die gesag aangehaal in Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 291 vn 126.

51 Sien Pretorius *Wanvoorstelling* 293–294; Burchell "The birth of a legal principle – negligent misstatement causing pure economic loss" 1980 *SALJ* 5–6.

52 Sien bv *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 799 (invorderingsbankier); vgl *Tsimatakopoulos v Hemmingway, Isaacs & Coetzee CC* 1993 4 SA 429 (K) 435 (ingenieur – Van Aswegen 1994 *THRHR* 153); sien ook die ander regspraak aangehaal in Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 290 vn 118; sien in die algemeen *idem* 289–290; Midgley 98–99. Subjektiewe wete of voorsienbaarheid van vermoënsnadeel moet egter nie met redelike (objektiewe) voorsienbaarheid gelykgestel word nie. Lg het as prognose trouens geen rol te speel by die vasstelling van die regsplig by onregmatigheid (diagnose) nie (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 148 290 vn 122; die *Indac*-saak *supra* 787; vgl *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 833–834). So gesien, kom die vraag na redelike voorsienbaarheid van skade slegs by nalatigheid en juridiese kousaliteit ter sprake (*contra Arthur E Abrahams and Gross v Cohen* 1991 2 SA 301 (K) 309 (aangehaal hierbo); vgl ook *Bedford v Suid-Kaapse Voogdy Bpk* 1968 1 SA 226 (K) 231; Midgley 97).

53 1991 2 SA 301 (K) 311 (sien hierbo vir die feite); vgl Midgley 113–114.

hom vasgestaan het. Spekulasie oor die identiteit van ander moontlike eisers en bygevolg onbegrenste aanspreeklikheid word dus uitgesluit.[54]

(c) 'n Faktor wat nou verband hou met die vorige, is die feit dat die situasie tot onbepaalbare (onbeperkte) aanspreeklikheid kan lei, of "one fraught with an overwhelming potential liability" is. Dit is byvoorbeeld die geval waar die gewraakte optrede waarskynlik 'n "multiplicity of actions" wat "socially calamitous" kan wees, tot gevolg gaan hê. In sodanige omstandighede word dan te kenne gegee dat die verweerder nie 'n regsplig gehad het om benadeling te vermy nie.[55] In *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen*[56] laat die hof hom soos volg met betrekking tot die regsplig van die prokureur uit:

> "This is not a case in which the recognition of a legal duty to inform the beneficiaries and the imposition of liability for loss arising from the failure to do so may have the undesirable consequences about which Courts have expressed concern in the cases dealing with liability for pure economic loss unassociated with physical injury. The persons to whom the duty is owed are not members of a large and indeterminate class. They are few in number and immediately identifiable. The nature of the loss which they may suffer is not indeterminable. On the contrary, it is obvious what it will be. The time when such loss may be suffered is similarly not indeterminate; it is also known. The relative ease with which the duty may be discharged and liability avoided is also a factor which predisposes me towards recognising that such a duty exists. I can certainly think of no public policy to which the recognition of such a legal duty would be inimical. Indeed, I believe that society at large would regard it as entirely reasonable and recognise a legal duty of this kind and to impose liability for loss suffered as a consequence of its negligent breach."[57]

---

54 Sien *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen* 1991 2 SA 301 (K) 312; vgl *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371 (D) 386–387; *Greenfields Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 910 (N) 916–917: "Looking at the facts involved in the plaintiff's . . . claim it is important that the extent of the potential loss is finite. Nor is it necessary in such a situation for a defendant to speculate as to the identity of the possible claimant. It is further a case of a single loss occurring but once and hardly likely to bring in train a multiplicity of actions. The loss, moreover, is a direct and not an indirect economic consequence of the defendant's negligence. If I may borrow from the language of an American decision (*Rozny v Mornul* (1969) 43 Ill 2d at 54, 250 NE 2d at 656): 'The situation is not one fraught with an overwhelming potential liability'. Trying to balance the individual interests of the claimant against the broader ones of the community I am unable to perceive that the imposition of liability in a case such as this is likely to prove socially calamitous."

55 Vgl *Greenfields Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 910 (N) 916–917 (*supra* vn 54); sien ook Pretorius *Wanvoorstelling* 268 ev; Midgley 113–114; *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 798; *Tsimatakopoulos v Hemmingway, Isaacs & Coetzee CC* 1993 4 SA 428 (K) 433–434 (Van Aswegen 1994 *THRHR* 153); die ander sake aangehaal in Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 292 vn 129.

56 1991 2 SA 301 (K) 312.

57 In *Tsimatakopoulos v Hemmingway, Isaacs & Coetzee CC* 1993 4 SA 428 (K) 433–434 (Van Aswegen 1994 *THRHR* 153) het die hof insgelyks nie die omvang van die skade as onbeperk hanteer nie. Foxcroft R stel dit soos volg (434): "Mr *Griessel* submitted that to allow a claim to a person in the position of the present plaintiff [nuwe eienaar van erf eis van ingenieur herboukoste van 'n defek-ontwerpte stutmuur] would render every building contractor and subcontractor, architect, engineer, plumber, electrician, etc liable not only *ex contractu* to his immediate co-contracting party (with whom he may have agreed on the limitation or exclusion of his own liability) but *ex delicto* to all their successors in

vervolg op volgende bladsy

Indien 'n mens nou aanvaar dat "an overwhelming potential liability" genoegsame rede verskaf om die dader vry te laat uitgaan, behoort sodanige vryspraak slegs te geskied waar die dader inderdaad 'n te wye professionele aanspreeklikheid sal oploop (waarmee bedoel word dat byvoorbeeld in die geval van 'n "multiplicity of actions" elkeen van die eise beslis sal slaag omdat die dader se optrede ten aansien van elk aan al die vereistes van die Aquiliese aksie – ook dié van subjektiewe kennis van benadeling in bogenoemde betekenis – voldoen). Wanneer dit die geval sal wees, sal van die omstandighede afhang. Waar byvoorbeeld slegs 'n enkele eis (of benadeling) subjektief voorsienbaar is terwyl daar 'n element van spekulasie bestaan oor die identiteit van ander moontlike eisers (hulle behoort met ander woorde tot "an unascertained class of potential victims"), behoort die eerste eis nie weens hierdie beleidsoorweging te faal nie. Aanspreeklikheid met betrekking tot die ander moontlike eisers word in so 'n geval uitgesluit bloot weens ontbreking van subjektiewe kennis en bygevolg die afwesigheid van 'n regsplig om ten aansien van hulle benadeling te vermy.[58]

(d) Voorts word gekyk na die praktiese stappe wat die verweerder (betrokke lid van 'n professie) kon doen om die ekonomiese verlies te voorkom. Die volgende oorwegings word ook hier in ag geneem: die waarskynlike sukses van sodanige stappe, die redelikheid al dan nie van die koste verbonde aan die stappe in verhouding tot die skade wat die eiser gely het, en die relatiewe gemak waarmee die stappe gedoen kon word.[59]

(e) Ander faktore wat ook deur die howe in ag geneem word, is onder andere dat die verweerder 'n etiese professionele gedragsreël oortree het;[60] dat 'n

---

title . . . In answer to this proposition Mr *Rosenthal* submitted that where the facts are such as in the present case, the wall which was about to fall over can only fall over once as a result of the admitted negligence of the structural engineer, namely defendant. That event has occurred, and will not happen again. Therefore the spectre of an unlimited class of possible plaintiffs cannot haunt on the present facts. The offending wall has been rebuilt, and the claim is for the economic loss sustained by the cost of the rebuilding of the wall."

58 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 292. Van Aswegen ("Policy considerations in the law of delict" 1993 *THRHR* 192–193; *Sameloop van eise* 178) toon oortuigend aan dat die onderhawige faktor nie relevant mbt onregmatigheid is nie, maar eerder benut moet word mbt juridiese kousaliteit wat die vraag na die omvang van aanspreeklikheid direk betrek. Hoe dit ook al sy, die vraag ontstaan ten slotte of die oorweging van "an overwhelming potential liability" werklik vir 'n sinvolle en rasionele *toepassing* deur die howe vatbaar is. Myns insiens is die antwoord hierop negatief en wel om die voor die hand liggende rede dat dit in die reël uiters moeilik – trouens onmoontlik – gaan wees om te besluit of die omvang van die dader se aanspreeklikheid te wyd of "overwhelming" is. Dit is waarskynlik ook om hierdie rede dat die onderhawige beleidsoorweging nog nooit 'n rol by die vasstelling van aanspreeklikheid weens *saakbeskadiging* gespeel het nie. Daarom behoort die toepassing daarvan ook op die terrein van suiwer ekonomiese verlies laat vaar te word.

59 Sien bv *Arthur E Abrahams and Gross v Cohen* 1991 2 SA 301 (K) 312 (aangehaal hierbo); *Kwamashu Bakery Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd* 1995 1 SA 377 (D); sien ook die ander gesag in Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 291 vn 125; Midgley 101–102.

60 Verbreking van die professionele gedragskode lei uiteraard tot dissiplinêre optrede teen die betrokkene; sodanige verbreking kan egter ook aanduidend van die nie-nakoming van 'n regsplig wees waar dit nie net professionele morele verontwaardiging ontlok nie, maar ook strydig met die regsoortuigings van die gemeenskap is. Vgl oor die regsprofessie Midgley 103–105 111 vn 186; *Leite GFM v Leandy and Partners* 1989 2 PH F18 (D).

statutêre bepaling uitdruklik of by implikasie voorskryf dat die verweerder die (ekonomiese) benadeling moet voorkom;[61] die graad of omvang van die risiko van ekonomiese verlies wat die eiser in die gesig staar;[62] dat die eiser nie in staat is om homself teen die betrokke ekonomiese verlies te beskerm nie; dat die verweerder hom voldoende kan beskerm deur versekering uit te neem;[63] en die omvang van die plig wat op ander persone geplaas word wat hulle in dieselfde posisie as die verweerder bevind.[64]

2 3 Nalatige wanvoorstelling

Wanvoorstelling as verskyningsvorm van *damnum iniuria datum* bestaan daarin dat die dader (ook 'n professionele persoon) op 'n onregmatige en skuldige wyse 'n verkeerde of misleidende voorstelling maak – wat natuurlik ook as 'n late in die vorm van die nie-openbaarmaking van inligting kan bestaan[65] – aan 'n ander persoon wat op grond daarvan tot sy nadeel handel. Hier moet voor oë gehou word dat die eiser self die persoon moet wees wat op grond van die wanvoorstelling tot sy nadeel gehandel het.[66] Indien slegs *derdes* tot nadeel van die eiser op die wanvoorstelling gereageer het, het die eiser nie 'n deliksaksie weens nalatige wanvoorstelling teen die wanvoorsteller nie. Dit beteken natuurlik nie dat die eiser hom nie op 'n ander deliktuele skuldoorsaak kan beroep nie, soos wanvoorstelling (misleiding) ten aansien van die eie prestasie (byvoorbeeld waar 'n argitek die publiek oor sy kwalifikasies en ervaring mislei) of wanvoorstelling ten aansien van die eiser se prestasie (byvoorbeeld onware neerhalende bewerings oor 'n mededingende prokureurspraktyk) as verskyningsvorme van onregmatige mededinging.[67]

By professionele aanspreeklikheid weens 'n wanvoorstelling wat saakbeskadiging of persoonlikheidsnadeel tot gevolg het, geld die posisie soos hierbo ten aansien van saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking uiteengesit is. 'n Voorbeeld is waar 'n ingenieur na 'n vloed 'n brug vir veiligheid inspekteer en nalatig 'n verklaring uitreik dat die brug veilig vir verkeer is. Die brug stort in duie toe 'n groot vragmotor daaroor beweeg; die bestuurder word ernstig beseer en die vragmotor afgeskryf.[68]

Hierdie bespreking word daarom beperk tot professionele wanvoorstellings wat *suiwer ekonomiese verlies* teweegbring; in der waarheid kan hierdie skuldoorsaak as 'n *specie* van die *genus* aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies beskou word wat aparte behandeling verg omdat eiesoortige reëls in die

---

61 Vgl *The Cape of Good Hope Bank v Fischer* (1886) 4 SC 386 (ekonomiese verlies weens versuim om verbandakte volgens wetsvoorskrif te registreer); *Knop v Johannesburg City Council* 1995 2 SA 1 (A) 31 33; vgl ook Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 293 vn 132.

62 Sien bv *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 798–799; *Fedgen Insurance Ltd v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 399 (W) 407; *Kwamashu Bakery Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd* 1995 1 SA 377 (D) 393 – invorderingsbankier.

63 *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Ltd* 1992 1 SA 783 (A) 799; Midgley 101–102.

64 Vgl *McLelland v Hulett* 1992 1 SA 456 (D) 465.

65 Vgl *McCann v Goodall Group Operations (Pty) Ltd* 1995 2 SA 718 (K) 721 726; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 295.

66 *Alliance Building Society v Deretitch* 1941 TPD 203 216–217.

67 Vgl Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* 62 149 ev 283 ev 290–291.

68 Vgl ook Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 293 vn 136.

regspraak daaromtrent ontwikkel het. Die volgende voorbeelde kan ter toeligting dien: waar 'n maatskappy-ouditeur wanvoorstellings teenoor derdes aangaande die finansiële state van die maatskappy maak;[69] of waar A (verweerder-bankier) op navraag van B (eiser-bankier) op 'n nalatige wyse foutiewe inligting aangaande die kredietwaardigheid van 'n kliënt van A aan B verskaf. As gevolg van die verkeerde bankverslag verdiskonteer B 'n wissel getrek op bedoelde kliënt van A. B ly skade toe die wissel gedishonoreer word en die volle bedrag daarvan nie van die kliënt verhaal kan word nie;[70] of waar A, 'n geswore waardeerder, op nalatige wyse 'n te hoë waardasie van B se grond maak. Op sterkte hiervan leen C (eiser) geld aan B en verkry as sekuriteit 'n verband oor die grond. B kom nie sy kontraktuele verpligtinge na nie en C laat die grond in eksekusie verkoop. Hy ly skade aangesien die grond veel minder werd is as wat A beraam het. Dit blyk dat indien dit nie vir die verkeerde waardasie was nie, C nooit 'n verband oor die grond sou geneem het nie;[71] of waar 'n transportbesorger (prokureur) wanvoorstellings in verband met die oordrag van eiendom aan die eiser maak – onder andere dat die eiendom vry van verbandbeswaring aan die eiser oorgedra is terwyl die teendeel waar is – en die eiser dientengevolge skade ly.[72]

Soos by ander gevalle van suiwer ekonomiese verlies, is die onregmatigheidselement van besondere betekenis by die bepaling van aanspreeklikheid weens nalatige wanvoorstelling. Nou is dit so dat waar 'n wanvoorstelling suiwer ekonomiese verlies teweegbring, 'n identifiseerbare subjektiewe reg gewoonlik ontbreek. Daarom word onregmatigheid ook hier bepaal, soos alreeds gevestigde praktyk in die regspraak is, aan die hand van die vraag na regspligskending. Die kernvraag by nalatige wanvoorstelling is dus of daar in die besondere omstandighede 'n *regsplig* op die dader (ouditeur, prokureur, bankier) gerus het om die korrekte inligting te verskaf (oftewel of die verweerder die reg gehad het op die korrekte inligting of om nie mislei te word nie) en sodoende vermoënsnadeel vir die verweerder te vermy. Om vas te stel of sodanige regsplig bestaan, moet soos in alle gevalle by die onregmatigheidsvraag die redelikheids- of *boni mores*-maatstaf aangewend word.[73] 'n Aantal riglyne of faktore (wat nie as 'n *numerus clausus* beskou moet word nie) betreffende die bestaan al dan nie van 'n regsplig om die korrekte inligting te verskaf, kan reeds uit die regspraak of andersins afgelei word:

(a) Eerstens bestaan daar in beginsel geen regsplig om die korrekte inligting te verskaf waar inligting bloot *informeel* gegee word nie. In 'n Engelse saak[74] word gesê dat

---

69 Sien Pretorius *Wanvoorstelling passim.*

70 Sien *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A).

71 Sien *Perlman v Zoutendyk* 1934 CPD 151 328; vgl ook Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 294 vn 138.

72 Sien *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross en Jacobs* 1977 3 SA 185 (T); Midgley 109–110.

73 Sien bv *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 769–770; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 913–914; *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross en Jacobs* 1977 3 SA 185 (T) 187; Pretorius *Wanvoorstelling* 229 ev 250–254; sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 295–296.

74 *Mutual Life and Citizens' Assurance Co Ltd v Evatt* [1971] 1 All ER 150 162, aangehaal in *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 834.

> "it would be quite unreasonable for the enquirer to expect more in such circumstances and quite unreasonable to impose any greater duty on the adviser. The law must keep in step with the habits of the reasonable man and consider whether ordinary people would think they had some obligation beyond merely giving an honest answer".

Hierdie riglyn geld na alle waarskynlikheid ook vir professionele persone aangesien dit 'n buitengewone swaar las op diesulkes sou plaas om in alle omstandighede – ook bloot sosiaal – die korrekte inligting te verskaf. Daarom ontbreek 'n regsplig in beginsel by 'n advokaat of bankier om nie sy buurman in 'n informeel-vriendskaplike gesprek oor die muur oor regs- of finansiële sake te mislei nie. Desnietemin kan ander faktore 'n teenoorgestelde gevolgtrekking genoodsaak, soos waar die sosiale advies van die bankier met 'n *onbehoorlike of kwaadwillige motief* (soos om sy buurman 'n finansiële knou toe te dien) gepaard gegaan het.[75]

(b) As teenpool tot die regmatigheid van informele verskaffing van inligting, staan die verskaffing van inligting uit hoofde van 'n amp, beroep of professie. Daar kan sonder vrees vir teëspraak gekonstateer word dat daar in beginsel 'n regsplig bestaan om in professionele hoedanigheid die korrekte inligting te verskaf. Dit blyk onomwonde uit die volgende riglyne wat reeds in die regspraak uitgekristalliseer het: Daar bestaan naamlik 'n regsplig

• waar 'n persoon wat uit hoofde van 'n bepaalde beroep aanspraak maak op professionele kennis en vaardigheid, in professionele hoedanigheid inligting verskaf.[76] Pretorius[77] is trouens van mening dat "[p]rofessionele kennis en vaardigheid ... 'n deurslaggewende oorweging [kan] wees wat op die bestaan van 'n regsplig om misleiding te voorkom, dui veral waar die regsverkeer 'n besondere belang het in en waarde heg aan die inligting wat die verweerder wat oor professionele kennis en vaardigheid beskik, verskaf";

• waar 'n persoon, uit hoofde van 'n bepaalde openbare amp wat hy beklee (soos 'n notaris, geswore waardeerder en ouditeur) "a kind of patent of credibility and efficiency conferred upon [him] by *public authority*" het, in amptelike hoedanigheid inligting verskaf. Die rede hiervoor is dat "[m]embers of the public are invited and entitled to repose confidence and trust in the acts of such persons performed in their respective capacities";[78] en

• waar 'n persoon uit hoofde van 'n bepaalde beroep uitsluitlik oor bepaalde inligting beskik en dié inligting dus op geen ander wyse as van daardie persoon (of 'n beroepsgenoot) bekom kan word nie – 'n toedrag van sake wat by uitstek ook op professionele kennis, weens die besondere wetenskaplike en teoretiese onderbou daarvan, van toepassing is.[79]

---

75 Vgl oor die rol van 'n onbehoorlike motief by die vraag na onregmatigheid, Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 42 112–113.

76 Sien Pretorius *Wanvoorstelling* 289–294; *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 770; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 913; sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 297.

77 *Wanvoorstelling* 294.

78 Vgl *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 (A) 488; *Perlman v Zoutendyk* 1934 CPD 151 328; Midgley 111–112.

79 Bv *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 770 ("particular knowledge" van bankier); sien verder Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 297 vn 161.

(c) Die verpligting om in professionele verband korrekte inligting te verskaf, word versterk waar 'n statutêre voorskrif hierdie plig rugsteun,[80] waar die professionele etiese gedragskode dit ook voorskryf,[81] of waar daar 'n kontraktuele onderneming gegee is om korrekte inligting te verstrek. Sodanige kontraktuele verpligting kom ook tot stand waar die korrektheid van die inligting, uitdruklik of stilswyend, gewaarborg is. Vir huidige doeleindes is van belang dat die kontraktuele verpligting waarskynlik aanduidend van die bestaan van 'n regsplig *ex delicto* teenoor derdes kan wees.[82]

(d) Die feit dat aanwesigheid van een of meer van al hierdie faktore op die bestaan van 'n regsplig om die korrekte inligting te verskaf in die algemeen dui, beteken nog nie dat by verbreking daarvan onregmatig teenoor 'n *bepaalde persoon* (derde) opgetree is nie. Om sodanige gevolg te hê, moet dit vasstaan dat die regsplig inderdaad teenoor daardie (geïdentifiseerde of identifiseerbare) persoon bestaan het; en dit is volgens die howe die geval, soos reeds met betrekking tot suiwer ekonomiese verlies aangedui is, indien die dader (wanvoorsteller) op die oomblik van die verskaffing van die inligting *geweet of subjektief voorsien* het wie die persoon(e) is wat daarop gaan reageer of staatmaak.[83] Die dader se regsplig en bygevolg aanspreeklikheid word sodoende beperk tot eisers wie se identiteit op bedoelde oomblik reeds vir hom vasgestaan het.[84]

Die volgende voorbeeld kan ter toeligting dien: 'n Ma bekom namens haar dogter professionele regsadvies van 'n advokaat oor die dogter se dreigende egskeiding. Die advokaat verskaf op nalatige wyse 'n foutiewe regsmening. Die ma deel die inligting mee aan sowel haar dogter as haar vriendin wat ook op egskeiding staan. Albei reageer tot hulle nadeel daarop. Omdat die advokaat net van die dogter bewus was, en daarom nie geweet het dat die vriendin ook op die advies gaan staatmaak nie, het sy regsplig om korrekte inligting te verstrek net teenoor die dogter bestaan.

In hierdie verband moet daarop gelet word dat die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeurs en openbare rekenmeesters teenoor derdes vir nalatige wanvoorstelling sedert 1982 deur wetgewing gereël word. Volgens die statutêre reëling rus daar op sodanige persoon 'n regsplig om misleiding te voorkom indien hy geweet het of daar redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet dat 'n persoon op die inligting wat hy verskaf het, gaan reageer. Hierdie statutêre regsplig is klaarblyklik wyer as die regspraak se voorskrif van subjektiewe kennis aangesien bloot redelike voorsienbaarheid ook aanvaar word as 'n faktor wat op die bestaan van die regsplig kan dui.[85]

---

80 Sien Pretorius *Wanvoorstelling* 297 358 ev mbt ouditeurs; vgl *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 694; vgl ook hierbo tav 'n late en suiwer ekonomiese verlies.

81 Vgl *supra* 200 vn 60 .

82 Sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 296.

83 Sien ook Midgley 98–99 100 109–111 oor die regsprofessie; Pretorius *Wanvoorstelling* 297; *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 770; sien verder Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 297–298.

84 Vgl *Greenfields Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 910 (N) 916–917, aangehaal *supra* vn 54.

85 Die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeure 80 van 1991, a 20(9); sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 300–301; vgl in die algemeen Pretorius *Wanvoorstelling* 535 ev oor die vorige wet.

(e) Laastens is dit in verband met onregmatigheid – weer eens net soos by aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies – belangrik om in gedagte te hou dat die hof, ten spyte van die aanwesigheid van bovermelde faktore, om (ander) regspolitieke oorwegings steeds kan weier om 'n regsplig te konstrueer om die korrekte inligting aan derdes te verskaf, soos waar "a spectre of limitless liability" moontlik is of aanspreeklikheid tot 'n "multiplicity of actions" kan lei wat "socially calamitous" kan wees.[86]

Let ten slotte daarop dat die regspraak tradisioneel afkeurend gestaan het teenoor die verlening van 'n deliktuele aksie om skadevergoeding vir suiwer ekonomiese verlies wat spruit uit 'n *nalatige wanvoorstelling wat kontraksluiting tot gevolg gehad het*. 'n Welkome kentering in die houding van die howe het egter ingetree wat deur die appèlhof in *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost*[87] bekragtig is. Hoofregter Corbett bevind dat daar in beginsel geen goeie rede bestaan waarom by die erkenning van 'n deliksaksie op grond van nalatige wanvoorstelling, 'n onderskeid gemaak moet word tussen 'n wanvoorstelling wat tot kontraksluiting lei en een wat buite die kontraktuele sfeer gemaak is nie. 'n Nalatige wanvoorstelling kan dus, afhangende van die omstandighede en met dien verstande dat al die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid aanwesig is, aanleiding gee tot 'n delikseis vir skadevergoeding selfs al het die wanvoorstelling die eiser oorreed om 'n kontrak met die wanvoorsteller aan te gaan.[88] Dit geld natuurlik ook met betrekking tot professionele aanspreeklikheid.

3 NALATIGHEID[89]

Soos bekend, word die redelike man-toets vir nalatigheid[90] in die geval van deskundiges vervang deur die redelike deskundige-toets.[91] Die kernvraag is dus of die redelike deskundige skade aan 'n ander sou voorsien het, en of hy stappe sou gedoen het om die skade te voorkom.[92] Dit geld ook vir deskundiges uit die professies: daarom, of die redelike geneesheer,[93] argitek,[94] prokureur,

86 Sien bv *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 770–771; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 914; Pretorius *Wanvoorstelling* 268 ev; sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 298.

87 1991 4 SA 559 (A) 568 570.

88 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 301.

89 Die vraag na opset of *animus iniuriandi* by benadeling van 'n derde deur 'n lid van 'n professie word net soos opsetlike benadeling buite professionele verband hanteer en verg daarom nie 'n afsonderlike behandeling nie.

90 *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430; sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 126 ev; Scott "Die reël imperitia culpae adnumeratur as grondslag vir die nalatigheidstoets vir deskundiges in die deliktereg" *Petere Fontes LC Steyn-Gedenkbundel* 124–125; Midgley 120–122.

91 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 133–134; Burchell *Delict* 87–89.

92 Sien Scott *LC Steyn-Gedenkbundel* 126 ev; Midgley 122 ev.

93 Sien Strauss *Doctor, patient and the law* 40 95 267 290; *Richter v Estate Hamman* 1976 3 SA 226 (K) 232; *Lymbery v Jeffries* 1925 AD 236; *St Augustine's Hospital (Pty) Ltd v Le Breton* 1975 2 SA 530 (D) 536–538 ("professional competence" van verpleegsters); *S v Kramer* 1987 1 SA 887 (W) 893–894; *Pringle v Administrator, Transvaal* 1990 2 SA 379 (W) 384–385; *Castell v De Greef* 1993 3 SA 501 (K) 509 517; 1994 4 SA 408 (K) 416 423.

94 *Dodd v Estate Cloete* 1971 1 SA 376 (OK) 379.

advokaat,[95] ouditeur,[96] ingenieur,[97] bankier[98] ensovoorts skade aan derdes sou voorsien en voorkom het. In *Kwamashu Bakery Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd*[99] word die nalatigheid van byvoorbeeld die invorderingsbankier bepaal met verwysing na

> "what reasonable, practical and affordable measures would the reasonable, prudent collecting banker have taken in order to have prevented the harm which resulted to the plaintiff".

Die redelike deskundige is in alle opsigte soos die redelike man maar dan aangevul deur 'n redelike mate van toepaslike deskundigheid. Die standaard van deskundigheid word as redelik beskryf omdat daar nie gewerk word met die hoogste mate van deskundigheid nie maar met die algemene en gemiddelde vlak van deskundigheid wat daar heers.[100] So word daar in *Van Wyk v Lewis*[101] in hierdie verband verwys na "the general level of skill and diligence possessed and exercised at the time by members of the branch of the profession to which the practitioner belongs". In hierdie saak is dan ook beslis dat wat die mediese professie betref,[102] nie dieselfde deskundigheid van 'n algemene praktisyn as van 'n spesialis verwag kan word nie.[103]

Uiteraard sal die omstandighede van elke geval die nalatigheidsbeoordeling beïnvloed. Die volgende faktore kan nietemin uitgelig word. Die standaard van redelike deskundigheid maak nie voorsiening vir beginners, oftewel persone wat aan die begin van hulle professionele loopbaan staan nie – die ervare of onervare ingenieur, geneesheer of advokaat word dus oor dieselfde kam van redelike deskundigheid geskeer.[104] Insgelyks behoort die plek waar die professionele persoon praktiseer, in beginsel geen invloed op die redelike deskundige-toets te

---

95 Sien Midgley 122 ev; Scott *LC Steyn-Gedenkbundel* 146–147; *Van der Spuy v Pillans* (1875) 5 Buch 133 135; *Broderick Properties (Pty) Ltd v Rood* 1964 2 SA 310 (T) 314–315; *Honey & Blanckenberg v Law* 1966 2 SA 43 (R) 46; *Mouton v Die Mynwerkersunie* 1977 1 SA 119 (A) 142; *Bezuidenhout v AA Mutual Insurance Association* 1978 1 SA 703 (A); *Rampal (Pty) Ltd v Brett, Wills and Partners* 1981 4 SA 360 (D) 365; *Mosala v Santam Insurance Co Ltd* 1986 1 SA 808 (O); *Guardian National Insurance Co Ltd v Weyers* 1988 1 SA 255 (A) 263; *President Insurance Co Ltd v Retsos* 1988 1 SA 276 (A).

96 Sien Pretorius *Wanvoorstelling* 400 ev 425; *Tonkwane Sawmill Co Ltd v Filmalter* 1975 2 SA 453 (W) 455; Scott *LC Steyn-Gedenkbundel* 156.

97 *Randaree v Dixon* 1983 2 SA 1 (A) 4; *Tsimatakopoulos v Hemmingway, Isaacs & Coetzee CC* 1993 4 SA 428 (K) 435; vgl in die algemeen Loots *Construction law and related issues* (1995) 280 ev.

98 *Bonus argentarius* (*Fedgen Insurance Ltd v Bankorp Ltd* 1994 2 SA 399 (W) 411); "bank manager, *diligens et peritus*" (*Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 912).

99 1995 1 SA 377 (D) 395.

100 Burchell *Delict* 87.

101 1924 AD 438 444; vgl ook *Pringle v Administrator, Transvaal* 1990 2 SA 379 (W) 384–385.

102 Sien ook Midgley 124–125 mbt die regsprofessie. Let daarop dat die prokureurs en advokate twee verskillende professies verteenwoordig, elk met sy eie standaard van kundigheid en bekwaamheid.

103 Sien ook Scott *LC Steyn-Gedenkbundel* 148–151.

104 Vgl Midgley 126–127; Scott *LC Steyn-Gedenkbundel* 151; Van der Walt *Delict: principles and cases* (1979) 71–72; Burchell *Delict* 89–90; Pretorius *Wanvoorstelling* 415; *S v Mkwetshana* 1965 2 SA 493 (N); *Clark v Welsh* 1976 3 SA 484 (A) 486; *African Flying Services (Pty) Ltd v Gildenhuys* 1941 AD 230 245.

hê nie.[105] Wat wel in ag geneem word, is dat die dader volgens algemene praktyk of alledaagse gebruike in sy professie opgetree het. Sodanige optrede is egter hoogstens *prima facie* bewys van redelike professionele optrede; daar kan dus steeds aangetoon word dat die algemene praktyk in stryd met die standaard van redelike deskundigheid is.[106] Ook kan die feit dat die dader 'n statutêre voorskrif oortree het, *prima facie* aanduidend van nalatige professionele optrede wees.[107]

4 KOUSALITEIT

Afgesien van onregmatigheid en skuld, speel kousaliteit ook 'n rol om professionele aanspreeklikheid binne redelike perke te hou. Sowel feitelike as juridiese kousaliteit is in hierdie opsig van wesenlike belang: By eersgenoemde gaan dit om die vraag of die betrokke professionele optrede die ingetrede nadelige gevolg(e) vir die derde(s) feitelik veroorsaak het; by laasgenoemde vir welke van die gevolge wat die dader feitelik veroorsaak het, hy professioneel aanspreeklik gehou moet word.[108]

4 1 Feitelike kousaliteit

Die howe hang in hierdie verband die *conditio sine qua non*- of "but for"-toets aan.[109] Soos elders gestel,[110] behoort hierdie "toets" weens grondige oorwegings egter nie nagevolg te word nie. Die toets is in werklikheid geen kousaliteitstoets nie maar hoogstens 'n *ex post facto* wyse om 'n voorafbepaalde kousale verband uit te druk.[111] Die korrekte wyse om 'n feitelike kousale verband te bepaal, is om aan die hand van die feite van 'n bepaalde geval (oftewel die getuienis daaromtrent) vas te stel of *een feit uit 'n ander gevolg het*. Wat professionele aanspreeklikheid in die algemeen betref, moet dit dus vasstaan dat die derde se skade uit die professionele optrede gevolg het oftewel daardeur veroorsaak is. Waar 'n vader byvoorbeeld regsadvies inwin oor 'n ooreenkoms wat sy seun wil aangaan, welke advies swak is, en die seun wel wetende dat die advies nie nagevolg behoort te word nie nogtans die transaksie sluit, sal 'n kousale verband ontbreek as die seun dientengevolge skade ly.[112] In die geval van nalatige wanvoorstelling in die besonder moet daar 'n feitelike kousale verband tussen die wanvoorstelling, die misleiding en die skade bestaan. Dit beteken eerstens dat die derde

---

105 Pretorius *Wanvoorstelling* 404; Van der Walt *Delict* 71; vgl nietemin Midgley 127–128.

106 Sien Pretorius *Wanvoorstelling* 414 ev; Midgley 129; vgl Van der Walt *Delict* 82; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 143–144; *Colman v Durbar* 1933 AD 141 157.

107 Vgl Van der Walt *Delict* 83–84; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 144.

108 Sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 165 ev.

109 Sien bv *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 764; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A) 907–908 914–918; *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 700; *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A) 34; *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A); vgl Pretorius *Wanvoorstelling* 437 ev; Midgley 153 ev; sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 166 ev 299 (mbt nalatige wanvoorstelling). Let daarop dat in die geval van 'n late (wanvoorstelling inbegrepe) die *conditio sine qua non*-toets anders as by positiewe optrede toegepas word (Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 172–173; Pretorius *Wanvoorstelling* 447 ev).

110 Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 168–172.

111 Sien ook Neethling en Potgieter "Juridiese kousaliteit bereik volle wasdom" 1995 *THRHR* 347 mbt *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 764.

112 Vgl *Van der Merwe v Rathbone* 1934 SWA 62, bespreek deur Midgley 154.

deur die verkeerde voorstelling mislei moet gewees het; dat hy met ander woorde inderdaad geglo het dat die wanvoorstelling waar is. Tweedens beteken dit dat die derde op grond van die wanvoorstelling tot sy nadeel moet gehandel het. Indien ander oorwegings as die professionele optrede dus die misleiding en nadeel veroorsaak het, is daar nie feitelike kousaliteit nie.[113]

4 2 Juridiese kousaliteit

Sedert 1990 volg die appèlhof 'n soepele benadering met betrekking tot juridiese kousaliteit.[114] Hiervolgens deug vir die bepaling van juridiese kousaliteit nie een van die bestaande juridiese kousaliteitsmaatstawwe (soos adekwate veroorsaking en redelike voorsienbaarheid) vir alle gevalle nie. Daarom moet 'n "elastiese maatstaf" gebruik word. Die kernvraag is of daar 'n genoegsame noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg bestaan dat die gevolg die dader met inagneming van "beleidsoorwegings" op grond van "redelikheid, billikheid en regverdigheid" toegereken kan word. Die bestaande juridiese kousaliteitstoetse kan wel 'n subsidiêre rol speel by die bepaling van juridiese kousaliteit aan die hand van die soepel maatstaf. In *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd*[115] waar dit oor die nalatige wanvoorstelling van 'n bankier gegaan het, verklaar hoofregter Corbett:

> "[T]he test to be applied is a flexible one in which factors such as reasonable foreseeability, directness, the absence or presence of a *novus actus interveniens*, legal policy, reasonability, fairness and justice all play their part."

In casu het veral redelike voorsienbaarheid 'n rol gespeel by die bevinding dat daar wel 'n juridies kousale verband tussen die wanvoorstelling en die skade bestaan het, met ander woorde dat die skade nie "too remote" was nie.

5 SLOTSOM

Uit die bespreking hierbo blyk dat die deliktuele aanspreeklikheid van professionele persone teenoor derdes relatief gemaklik deur die algemene beginsels van die deliktereg hanteer kan word. Trouens, soos gesien hoef daar net met betrekking tot die onregmatigheids- en nalatigheidselemente direk kennis geneem te word van die feit dat die dader lid van 'n professie is wat besondere kennis en vaardigheid verg en daarom verwagtinge van professionele optrede by die publiek skep. Hoe ook al, hierdie algemene beginsels behoort met groot vrug *mutatis mutandis* toegepas te kan word op optrede vanuit enige professionele sfeer wat nadeel aan derdes veroorsaak.

---

113 Sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 299 vn 175 176; vgl ook Pretorius *Wanvoorstelling* 443 ev.

114 Sien *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A), bevestig in *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 764–765; *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 701; *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 (A) 16 ev; sien ook Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 343 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 175 ev 300 (mbt nalatige wanvoorstelling); Midgley 160–161.

115 1994 4 SA 747 (A) 765.

The "fault principle" and *justus error* in mistake in contract

P Février-Breed
BA LLD
Professor in Mercantile Law, University of the North

OPSOMMING

Die skuldvereiste en *justus error* by dwaling ten opsigte van kontraksluiting

Die skuldvereiste, spesifiek nalatigheid, is al dikwels genoem of oënskynlik gestel in beslissings oor dwaling by kontraksluiting. Die onderhawige ondersoek handel oor nalatigheid in vermelde verband in ons gemenereg, die Engelse reg en in verskeie Suid-Afrikaanse beslissings. Die gevolgtrekking is dat die toets waaraan die kommunikasie van die wilsuitinge en die verstaan daarvan deur die onderskeie kontrakspartye gemeet word, nie die toets vir nalatigheid in die deliktereg is nie (soos in die toonaangewende *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430 vasgelê is), maar dat 'n reël van interpretasie toegepas word om te bepaal wat die bedoeling van die partye was; dit wil sê, of daar wel wilsooreenstemming bestaan het en wat die inhoud daarvan was. Volgens hierdie reël word die kommunikasie van die wilsuitinge en die verstaan daarvan deur beide partye tot die beweerde ooreenkoms getoets aan die redelikheidsnorm, naamlik of die partye alles gedoen het wat redelikerwys nodig was om hulle bedoelinge oor te dra, en of die redelike ontvanger van die kommunikasie dit ook sou of kon verstaan het soos die betrokke party dit verstaan het.

1 INTRODUCTION

1 1 General remarks

In the solution and discussion of cases on mistake in contract, our courts and authors have fairly often referred to the role of fault – either on the part of the mistaken party, and/or on the part of the other party to the contract.[1] The question, however, is whether (in view of the historical background, and our law as

1 *Maritz v Pratley* 1894 SC 345 347; *Patel v Le Clus (Pty) Ltd* 1946 1 TPD 30 34; *Dickinson Motors (Pty) Ltd v Oberholzer* 1952 1 SA 443 (A) 450; *Papadopoulos v Trans-State Properties and Investments Ltd* 1979 1 SA 682 (W) 689; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 3 SA 978 (A) 1003F with regard to estoppel; *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp en De Beer* 1979 4 SA 74 (A) 79B–D; *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 539F–G; *Osman v Standard Bank National Credit Corporation Ltd* 1985 2 SA 378 (C) 387G–H; *Standard Bank Credit Corporation Ltd v Naicker* 1987 2 SA 49 (N) 53I–J. In the recent case of *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Papadogianis* 1992 3 SA 234 (A) 240E–H, though, the court stated that the application of the "fault principle" in instances of mistake seems unnecessary: also see Lewis 1992 *Annual Survey* 51; Van der Merwe and Van Huyssteen 1993 *TSAR* 496.

applied in these cases) negligence[2] has a determining role to play in respect of the effect of a mistake in the conclusion of a contract, and if not, which test is to be applied, or is in fact applied in such cases.

1 2 Historical background

Owing to the significance of Roman, Roman-Dutch and English law in the formation of South African law on this topic, it is necessary briefly to look at the role of fault with regard to the effect of mistake in contract in each of these legal systems.

1 2 1 Roman and Roman-Dutch law

Nowhere in the most important texts dealing with mistake in contract in Roman law is there a reference to the role of negligence in the effect of such a mistake.[3]

In *D* 45 1 22, which deals with a mistake in a *stipulatio*, the reference is to the *actio doli* which could be instituted if the *clausula doli mali* formed part of the *stipulatio* and there had been fraud on the part of the promisor. This instance therefore obviously envisages liability based on fraudulent misrepresentation; consequently it does not contribute towards a solution of the present problem, namely negligence in relation to the effect of a mistake upon a contract.

Even the reference in *D* 18 1 41 1 to the imprudence or indiscretion (or does imprudence merely refer to the seller's lack of knowledge?)[4] of the seller who was ignorant that the solid silver table he had sold me had only a veneer of silver, is not relevant to the effect of negligence in cases of mistake in the conclusion of an agreement.[5] It is well-known that a contract could not be challenged on account of negligent misrepresentation[6] unless such representation

---

2 Obviously where an allegedly mistaken party is aware of his own mistake, he is not mistaken. The position where the other party is aware of the mistake, in fact or by inference from the facts, does also, it is submitted, not cause problems. The focus will therefore be mainly on negligence.

3 Cf *D* 45 1 22; *D* 45 1 83 1; *D* 45 1 137 1; *D* 50 17 116 2; *Inst Iust* 3 19 23; *Inst Iust* 4 13 *pr* and 1; *D* 45 1 32; *D* 12 1 32; *D* 44 7 57; *D* 19 2 52; *D* 18 1 9 *pr* – 2; *D* 12 1 18 *pr* – *1*; D 18 1 10; *D* 18 1 11 *pr* – 1; *D* 18 1 14; *D* 18 1 34 *pr*; *D* 18 1 41 1; *D* 19 1 21 2; *D* 19 1 34 and *D* 19 2 60 8; Thomas *Textbook of Roman law* (1981) 228–232; Van Oven *Leerboek van Romeinsch privaatrecht* (1945) 324–329; Van Warmelo *An introduction to the principles of Roman civil law* (1976) 265–267; Van Zyl *History and principles of Roman private law* (1983) 257–259. *Contra*, however, De Wet *Dwaling en bedrog by die kontraksluiting* (1943) 8: *D* 22 6 9 2, which is relied upon, is as the author himself admits, very general. Moreover, this text does not deal with mistake in contract. *D* 4 1 2, cited by the author, states that the praetor may grant *restitutio in integrum* in a case of *iustus error*, *inter alia*, if justice/fairness (*iustitia*) demands it upon examination of the facts of the case. There is no reference to fault and moreover the remedy of *restitutio in integrum* was not the appropriate remedy for mistake in contract; cf all the texts cited on mistake in contract above. The other texts cited by the author likewise do not deal with mistake in contract. Therefore, I do not agree with the court in *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 541E–F, that fault was the basis of the *iustus error* doctrine in Roman law (see Février-Breed *A critical analysis of mistake in South African law of contract* (LLD thesis UP 1991) 18–73).

4 Van Oven 327.

5 Liability for *dolus* and *culpa* in the *negotia bonae fidei*, of which sale was the most common, was *ex contractu* – here the sale is *nulla*; therefore no such liability arose *ex contractu*.

6 Joubert *General principles of the law of contract* (1987) 97; Van Oven 320–330; Van Warmelo 260–267.

could be brought within the ambit of the *actiones aediles*.[7] It is moreover doubtful whether negligence in this regard could have been relevant in the time of Julian,[8] to whom this text is ascribed.

Roman-Dutch law on this topic follows Roman law:[9] there is no authority on the role of negligence.[10] De Groot[11] requires blameworthiness in causing the mistake as a prerequisite for holding the party in question liable for ensuing damage. Again, this is irrelevant to the legal effect of the mistake upon the agreement or the effect of negligence in this regard.

There is accordingly no authority in our common law heritage for requiring the absence of negligence on the part of the mistaken party or the presence of negligence on the side of the other party, for mistake to nullify the alleged *consensus*.

1 2 2 English law

In the English law on mistake in contract, however, fault is relevant to the legal effect of the mistake upon the contract:

- In *McRae v Commonwealth Disposals Commission*[12] there is a *dictum* suggesting that a party who entertains an erroneous belief without reasonable grounds (negligence, carelessness, or unreasonableness?) and who induces this mistake in the other party, will be estopped from relying on this mistake.
- Lack of real coincidence between offer and acceptance will also not affect (the existence or contents) of a contract if one of the parties has negligently caused the other party to believe that there was a contract, or a contract of certain content, between them.[13]
- A mistake in a declaration of intent/promise, known to the other party, will render the agreement void.[14]
- A mistake as to the identity of the other party will in certain circumstances render an agreement void, *inter alia* if the identity is material to the agreement and if the other party was, in addition, aware of the mistake.[15]

---

7 Ie the *actiones redhibitoria* and *quanti minoris* which were available in certain circumstances in case of incorrect *dicta promissave* by a seller.

8 He lived around the beginning of the second century AD; Thomas 36 (iii); Van Warmelo *Die oorsprong en betekenis van die Romeinse reg* (1978) 73 (c).

9 De Wet and Van Wyk *De Wet and Yeats: Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (De Wet and Yeats) (1978) 15–16.

10 Huber *ZU Huber Heedendaegse rechts-geleertheyt (soo elders, als in Frieslandt gebruikelijk)* (1726) 3 2 13; cf Van Apeldoorn *De Groot: Inleiding tot de Hollandsche rechts-geleerdheid met aantekeningen van Fockema Andreae* (1939) 3 1 19, 3 2 4, 3 14 4; Van Bijnkershoek *Observationes juris Romani* (1752) 4 14; Vinnius *In iv libros institutionum imperialium commentarius* (1709) 3 20 22; Voet *Commentarius ad pandectas* (1716) 18 1 5, 45 1 6. See Février-Breed 85–95 on mistake in contract in Roman-Dutch law.

11 *De jure belli ac pacis* (1625) 2 11 6 3.

12 [1950] 84 CLR 377; Chitty on *Contracts. General principles* vol 1 (1983) 197 *et seq* § 349–351; Février-Breed 110.

13 Cheshire, Fifoot and Furmston *Law of contract* (1986) 236; Chitty § 330 186; Corbin on *Contracts* vol 3 (1960) § 593 596 599; Février-Breed 111 *et seq*.

14 *Hartog v Colin Shields* [1939] 3 All ER 566; Chitty § 332 188–189; *The digest annotated British, Commonwealth and European cases* 34 (1983) 439 no 3579; Halsbury's *Laws of England* vol 32 (1980) § 21 14; Février-Breed 114.

15 *Cundy v Lindsay* [1878] 3 App Cas 459; Cheshire *et al* 14; Chitty § 334–339 189–193; Corbin § 601 602 608 618–620; Février-Breed 115 *et seq*.

- A party who would otherwise be entitled to rely on the plea of *non est factum* (that is, that he was not liable in terms of a document which he has signed), will be successful only if there was, in addition, no negligence or carelessness on his part.[16] Even a party who has been deceived about the character of a written agreement, but who has negligently/carelessly signed the agreement, will be estopped from pleading *non est factum* as against a third party.[17]
- In equity, a mistaken party may under certain circumstances rely on his mistake as a defence against a claim for specific performance, unless his mistake is due to his own carelessness.[18]

It is therefore clear that in English law, otherwise than in our common law, negligence on the part of the parties to a contract is taken into account in determining the effect of a mistake upon an agreement.

2 FAULT IN THE SOUTH AFRICAN LAW OF MISTAKE IN CONTRACT

Although fault has often been mentioned in this regard,[19] it nevertheless merits examination to determine whether fault in its ordinary sense is intended.[20] Towards this end the authorities cited for the application of the "fault principle" have to be scrutinised:

In *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd*[21] the fault requirement was perhaps more explicitly emphasised. The court relied on a passage from *George v Fairmead*.[22] However, it is incorrect to conclude that this

---

16 *Saunders v Anglia Building Society* [1971] AC 1004; Chitty § 345 195.

17 Guest *Anson's Law of contract* (Anson) (1969) 290; Halsbury vol 11 (1955) § 10 8; Corbin § 606 654, 607 666; Février-Breed 120 *et seq*.

18 Chitty § 349 197; Corbin § 612 700 *et seq*; Février-Breed 125 *et seq*.

19 See fn 1 above. However, in a greater number of (important) decisions it has not been done, and, with respect, correctly so: eg *Logan v Beit* (1890) 7 SC 197; *I Pieters & Co v Salomon* 1911 AD 121; *Van Rhyn Wine and Spirit Co v Chandos Bar* 1928 TPD 417; *Hodgson Bros v South African Railways* 1928 CPD 257; *Collen v Rietfontein Engineering Works* 1948 1 SA 413 (A); *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A); *George v Fairmead* 1958 2 SA 465 (A); *Allen v Sixteen Sterling Investments (Pty) Ltd* 1974 4 SA 164 (D); *Micor Shipping (Pty) Ltd v Treger Golf & Sports (Pty) Ltd* 1977 2 SA 709 (W); *Usher v AWS Louw Elektriese Kontrakteurs* 1979 2 SA 1059 (O); *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 1 SA 978 (A). Note the sense in which the word "skuld" was used by the judge in *Du Toit v Atkinson's Motors Bpk* 1985 2 SA 893 (A) 904J–905C; *Spindrifter (Pty) Ltd v Lester Donovan (Pty) Ltd* 1986 1 SA 303 (A) 317A; esp the *Sonap Petroleum* case cited *supra* fn 1; also Christie *The law of contract in South Africa* (1991) 25–26 and Février-Breed 160–297.

20 Because negligence could indicate unreasonableness on the part of the negligent party. Care should be taken, though, not to equate the unreasonableness of a mistake with negligence, which in our law requires the application of the test for negligence as set out in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430.

21 1984 3 SA 537 (W).

22 1958 2 SA 465 (A) 539G–I: "Has the first party – the one who is trying to resile – been to blame in the sense that by his conduct he had led the other party, as a reasonable man, to believe that he was binding himself? ... If his mistake is due to a misrepresentation whether innocent or fraudulent, by the other party, then, of course, it is the second party who is to blame and the first party is not bound."

passage endorses the application of the "fault principle".[23] The judge in the *George* case explained that he was using "to blame" in the sense that the first party has by his conduct led the other party reasonably to believe that he was binding himself.[24] Conduct and words forming part of the alleged declarations of intent are interpreted in accordance with the understanding of a reasonable man in the circumstances – this is not the test for negligence, but a rule of interpretation.[25] With regard to the second portion of this passage dealing with the second party who might be "to blame" because he has caused the first party's mistake, it must be borne in mind that it is inherent in the nature of a misrepresentation that it would mislead a reasonable person in the same circumstances;[26] the conduct/understanding of both parties is therefore appraised as against the understanding/belief/interpretation of the reasonable man in those circumstances – which is a rule of interpretation. The innocent misrepresentation referred to in the relevant passage is not restricted to negligent misrepresentation – it includes negligent as well as blameless misrepresentation.[27] This is confirmed by the judge's reference to Christie[28] where the author *inter alia* mentions mere causation (that is, entirely blameless conduct) of the mistaken party's mistake, as a factor that would render the mistake *justus*.[29]

---

23 Also see Sharrock 1985 *SALJ* 1 *et seq*; Christie 25–26, according to whom the "fault principle" apparently refers to conduct which induced an erroneous belief; cf fn 29 below.

24 *Janowski v Fourie* 1978 3 SA 16 (O) 19: "'[S]kuld' kan in hierdie verband juis tot stand kom deur die maak van 'n voorafgaande wanvoorstelling." The "wanvoorstelling" is not qualified in respect of its blameworthiness at all.

25 Newman and McQuoid-Mason *Lee and Honoré: The South African law of obligations* (Lee and Honoré) (1978) § 3 78 27: "A person's intention is taken to be that which his words and/or conduct are *reasonably understood* to express. But a person is not bound by an expression of intention which to the knowledge of the person to whom it was made did not express the real intention of the person making it" (my italics); cf for comparative purposes the authority cited on English law in fn 43.

26 Joubert 84 and footnotes: Roberts *Wessels' Law of contract in South Africa* vol 1 (Wessels) 2nd ed § 1119 343 and Donellus *Opera omnia* 10 col 1312 cap 4 6 cited there: this factor is, upon closer examination, present in the very notion of misrepresentation: ie whether the representation is likely to mislead (whether a reasonable person would be misled thereby into entering into the agreement) (Coaker and Zeffertt *Wille and Millin's Mercantile law of South Africa* (Wille and Millin) 18th ed 95) with regard to the materiality of the misrepresentation, ie whether a reasonable man in that position would have been induced to contract (cf Christie 337). This further entails that the reasonable man would not be induced to contract if the incorrectness of the representation, or the possibility that it may be incorrect, was evident from the facts known to the innocent party. This is a finding of knowledge (by inference from the facts) of the incorrectness of the representation; on the other hand, the following qualification may be added, viz that the misrepresenter will not escape liability on this basis if he knew, actually or by inference, that the misrepresentee might or did in fact believe the representation. This would prevent the misrepresenter from exploiting the "ignorance, stupidity or trustfulness of the other [innocent] party" (cf Wessels § 1120 344 and authority cited there; *contra* Christie 338 and *Otto v Heymans* 1971 4 SA 148 (T) cited there).

27 Wille and Millin 95–96.

28 (1st ed 314 or 383 2nd ed) 540C.

29 I nevertheless disagree, but for different reasons: the mere causation (of the mistake) cannot suffice – the facts must be such that the causation would have resulted in a reasonable person being misled thereby. Cf, *inter alia*, *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 1 SA 978 (A) 985, where an invoice was held not to be a declaration of intent (an offer) even though it had *caused* the mistake of the appel-

continued on next page

The judge also relied on both JC de Wet and Christie[30] for the argument that "fault . . . underlies the iustus error doctrine". De Wet in this instance starts off by citing *Maritz v Pratley*.[31] It is conceded that the use of the words "gross negligence" would seem to indicate fault; this is unfortunate, since it is clear from the examination by the court of Pratley's conduct that the court was concerned with Pratley's understanding of the circumstances, that is, whether his understanding was reasonable.[32] It is submitted that the statement (criticised by De Wet) that the court would be "loth to find that there was a mistake" if there had been "gross negligence" on the part of the mistaken party, further supports this interpretation – only if the mistake, or the possibility thereof, would have been evident to the reasonable person upon the facts and in those circumstances, or if there was actual knowledge on the part of the mistaken party, will there be no mistake.[33] A party who is actually or constructively aware of his (possible) "mistake", is not mistaken and the court will consequently not find that there was a mistake. It is submitted, therefore, that the "gross negligence" referred to is not ordinary negligence, but the reasonableness rule of interpretation.

With regard to *I Pieters & Co v Salomon*[34] De Wet concludes that the real reason for holding the mistaken party bound to the contract, although the judge did not say so, was the mistaken party's own negligence. Note, though, that the words of the judge *inter alia* cited by the author, clearly indicate the application of the rules of interpretation, and not the test for negligence.[35] The same applies to the decisions in *Logan v Beit*,[36] *Van Rensburg v Rice*[37] and *Hodgson Bros v South African*

---

lant bank, because the reasonable man would not have been misled into thinking that it was. See also *Boerne v Harris* 1949 1 SA 793 (A) 810: "The offeror is not entitled to claim to be embarrassed by defects in lucidity which would certainly not embarrass a reasonable man"; fn 26 above in respect of the role of reasonableness in misrepresentation inducing a contract.

30 540C; *Dwaling en bedrog by die kontraksluiting* 4–5 and *Contract* 1st ed 314 respectively; to the same effect, but not cited, is De Wet and Yeats.

31 1894 SC 345 347.

32 The judge said in this respect (347): "[It is] no unusual thing to sell a mirror or pier-glass together with the mantelpiece on which it stands . . ."

33 As De Wet 15 correctly states, a mistake does not cease being a mistake because it was negligently committed, but it is my submission that it is different if the party was aware or can be taken to have been aware of his own misapprehension.

34 1911 AD 121.

35 "When a man makes an offer in plain and unambiguous language, which is understood in its ordinary sense by the person to whom it is addressed, and accepted by him bona fide in that sense, then there is a concluded contract . . . The promisor is bound to perform what his language justified the promisee in expecting" (137).

36 7 SC 197 (cited by De Wet 14). In this case the dispute concerned the interpretation of a certain phrase, namely "cum rights"; the judges found that the term was not ambiguous, that the seller did not cause the mistake of the buyer by false representations (217), or by any means (216) and that the seller also did not know, or have reason to know, of the buyer's mistake (215). This reference to knowledge, or reason to have knowledge, means (the absence of) actual, or constructive knowledge (ie knowledge by inference from the facts), or that the reasonable person in the same circumstances would not have been aware of the error.

37 1914 EDL 217 (cited by De Wet 15). This decision was decided on the basis of the interpretation of the written agreement – the agreement was found to be ambiguous in the surrounding circumstances and the "mistaken" party was found not to have been wilfully ignorant; his mistake was therefore reasonable.

Railways.[38] The author further relies on *Van Ryn Wine and Spirit Co v Chandos Bar*,[39] where the judge stated that the mistaken party may be estopped from setting up his mistake, because he "has rendered himself liable by his unreasonable conduct".[40] Admittedly, the use of "estopped" superficially justifies the conclusion that "unreasonable conduct" refers to negligent conduct, since negligence has generally been accepted as a requirement for a successful reliance on estoppel. However, in view of the fact that the famous passage from the English case *Smith v Hughes*[41] was cited by the court, and that the test for negligence[42] was not applied, it may at this early stage be opined that it is dangerous to infer from the use of this terminology that unreasonableness is to be equated with negligence and that negligence is therefore the basis of the mistaken party's contractual liability in these instances of mistake. Whilst negligence is arguably always unreasonable, unreasonableness is the wider concept of the two and the test is different from that for negligence.

The *dictum* from *Smith v Hughes* stated the rule of interpretation to be applied to the words and conduct of a party/parties in the negotiation of an alleged contract, in order to determine their respective intentions.[43] This is further supported by the quotation from Glück[44] who clearly refers to the rule of interpretation applied to determine the intention of the parties to an (alleged)

---

38 1928 CPD 257 (cited by De Wet 16), in which it was said that the "principle" to be applied is the one contained in the *dictum* from *Smith v Hughes* (cited fn 41 *infra*) which is discussed below. As is explained later, the relevant passage stated the rule of interpretation to be applied in such instances. The defendant had written a certain letter to plaintiffs in which an offer was made to purchase a certain lorry (together with certain parts) from the plaintiffs at £500, which the plaintiffs accepted. The defendant was held bound by this agreement and was not permitted to rely on a hidden intention to offer only £300.

39 1928 TPD 417.

40 422.

41 LR 6 QB 597 607: "If whatever a man's real intention may be, he so conducts himself that a *reasonable man would believe* that he was assenting to the terms proposed by the other party, and that other party upon that belief enters into the contract with him, the man thus conducting himself would be equally bound as if he had intended to agree to the other party's terms" (my italics).

42 As stated in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430.

43 Cheshire *et al* 236 *et seq*; Anson 273: "For it is a rule of our law that the intention of the parties must be inferred from their words and conduct *as interpreted by a reasonable man*" (my italics); the author then (274 fn 1) proceeds to cite this passage from *Smith v Hughes*; cf Mulligan 1959 *SALJ* 277–279; Lee and Honore *loc cit*; *Kalell (Pty) Ltd v Gundelfinger & Son (Pty) Ltd* 1961 1 SA 537 (T) 540H. On the other hand, this entails the application of estoppel: cf Halsbury vol 32 § 13 19 and Lee and Honoré 26 (73) relying on the authority of Halsbury; however, Lee and Honore 27 § 3 78 make the statement with regard to the interpretation quoted in fn 25 above.

44 *Commentary on the Pandects* 11 14 290: "[O]ne deduces a person's meaning and his intention *in accordance with commonsense*. If therefore one cannot *reasonably* infer anything else from a person's conduct in a particular case than that he conducted himself in a certain manner because he accepted and agreed to what had happened, then one is entitled to accept such conduct as a tacit declaration of his consent. Nobody can escape the result of such an interpretation of his conduct being given against him. Because should he desire this, then he really must claim to be judged according to different principles than those upon which all *reasonable beings* act, and he cannot do so as long as he is a unit of human society" (my italics). The court (*ibid*) also referred to MacKeldy *Lehrbuch des römischen Rechts* 163.

agreement, or an agreement of (alleged) different content, namely the understanding/belief of the reasonable person in the circumstances.

In *Patel v Le Clus*[45] the court again relied *inter alia* upon the relevant passage from *Smith v Hughes*. The court's decision, however, rested upon two different bases:[46] first, that the defendant was bound by the agreement by reason of his failure to discharge the onus of proof that the agreement alleged by him differed from the written agreement before the court; and secondly that the mistaken defendant was bound by the agreement as alleged (and proven) by the plaintiff, owing to the defendant's "carelessness or inattention" in signing the agreement.[47] It is submitted that if the defendant had not succeeded in discharging the onus as stated, he would have been liable on the contract as proved by the other party; it was also unnecessary and incorrect to base his liability on the contract upon his "carelessness or inattention" in signing the agreement.

The decision in *Dickinson Motors (Pty) Ltd v Oberholzer*[48] did not take the matter any further; neither did the decision in *Papadopoulos v Trans-State Properties and Investments Ltd.*[49] In *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman*[50] the court enquired into blameworthiness as a requirement for a reliance upon estoppel; it is consequently not relevant here. *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp en De Beer*[51] provides authority at first glance for the requirement of fault.[52] The judge cited Corbin on *Contracts* on the question whether the second party/appellant "knew or had reason to know" of the mistaken interpretation by the other party/respondent of the letter in question. It was found that a reasonable man would have known/understood that his letter could

45 1946 1 TPD 30.

46 34.

47 Wessels § 895 (who in turn relies on *D* 22 6 9 2 – cf fn 3 above) is cited here; the example given here by Wessels is of a person who, having misread one of the terms of an agreement, signs the agreement which he would not have signed but for the misapprehension. The author further states: "[A]s the mistake is due to his own carelessness or inattention, the law will take no notice of the mistake." In other words, this person's having "misread" a term means that he did not ascribe the "ordinary sense"/"common sense" meaning to the term, ie that the reasonable person would not have misread, or misunderstood the relevant term in those circumstances and that his understanding/interpretation/mistake was therefore not reasonable (as was the case in *Logan v Beit loc cit*) and, if the reader was unreasonable in misreading a term, it is irrelevant whether he was careless or inattentive or not.

48 1952 1 SA 443 (A) 450. It is again clear that negligence was equated with the unreasonableness of the mistake, because the judge stated that "no question arises here of neglect on the plaintiff's part giving rise to the mistake" and the mistake was called "reasonable and common" (450F).

49 1979 1 SA 682 (W). While unreasonableness was apparently equated with negligence in certain *dicta* of the court (689) with a reference to *National & Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A), *George v Fairmead (Pty) Ltd loc cit* and *Diedericks v Minister of Lands* 1964 1 SA 49 (N), this matter was referred to trial on the following issues: whether the applicant had agreed to take transfer of the relevant erf with residential rights only, and whether the applicant also shared the mistake of the respondent in thinking that the erf had residential rights only, while in actual fact it had business rights as well.

50 1979 3 SA 978 (A).

51 1979 4 SA 74 (A).

52 Per Jansen JA 79A–B.

be interpreted by the respondent as an undertaking, that is, that the mistake was reasonably possible. This, again, is not the test for negligence.

It is submitted that the expression "ought (reasonably) to have known of the mistake" is in many instances confused with the test for negligence:[53] this is a facet of the rule of interpretation applied in such circumstances, where the facts are such that the reasonable person would in those circumstances have been aware (of the mistake, or the possibility of a mistake). In other words, this is a case of an inference of awareness from the facts,[54] or so-called constructive knowledge – it is simply said that the party in question "ought [reasonably] to have been aware".

Osman v Standard Bank National Credit Corporation[55] and *Standard Credit Corporation Ltd v Naicker*[56] contained no new authority on the requirement of fault which has not been discussed above.

The reasonableness or reasonable person test is no stranger to the law of contract; it is encountered in various areas.[57] It is my submission that reasonableness or the reasonable person is confused with the reasonable man test for negligence:[58] In these instances of mistake in contract, the test applied to the conduct of the respective parties in order to determine the intentions conveyed to each other, is that of the understanding or belief of the reasonable person in the same circumstances (on the evidence), while the well-known test for negligence[59] has not found application in these cases. This rule of interpretation is applied so naturally and inconspicuously that it is often confused with negligence.

An example may further illustrate that reasonableness as opposed to negligence is the decisive factor in determining the effect of a mistake upon a contract: In a dispute about a mistake between two contracting parties, it appears that X, the mistaken party, was negligently mistaken, while the other party, Y, was unreasonable in that in those circumstances a reasonable person would have been aware of X's mistake (constructive knowledge).[60] X's mistake, although

---

53 Cf eg *Horty Investments supra* 540I; *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer supra* 79A–C with a reference to Corbin.

54 Cf Christie 94 *et seq* on tacit contracts, or declarations of intent by inference from the facts.

55 1985 2 SA 378 (C).

56 1987 2 SA 49 (N).

57 *Inter alia* in determining whether a breach of contract is material (and whether the innocent party is consequently entitled to cancel) (Joubert 238 and authority cited by the author in fn 120), whether an aggrieved party is entitled to the *actio redhibitoria* on the ground of a latent defect in an object purchased (Wille and Millin 232) and, in the rule of interpretation mentioned, which is applied to determine the intention(s) of parties to an (alleged) agreement (Lee and Honoré fn 25 above).

58 Analogous to what happened in some instances in the law of delict in respect of the reasonableness yardstick in the requirement of unlawfulness and the reasonableness (reasonable man) in the test for negligence, where two different independent requirements for delictual liability were in danger of being confused. Cf Van der Merwe and Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 131; Neethling, Potgieter and Visser *Deliktereg* (1996) 148 and authority cited by these authors.

59 See fn 42 above.

60 In the words of the judge in *Boerne v Harris supra* 810 quoted above in fn 29, the same may be said with regard to the party(ies) in a dispute about mistake; cf McLennan 1987 *SALJ* 385–386 in respect of a similar instance in *Nasionale Behuisingskommissie v Greyling* 1986 4 SA 917 (T).

negligent, will be effective/*justus* either with regard to the very existence of *consensus* or in respect of the contents of the *consensus*. Turning this example the other way round will likewise demonstrate that negligence has no role to play here: should X be unreasonable in his misapprehension (that is, he is either aware of his own (mis)apprehension or the reasonable person would have been aware of it), then he is not mistaken (or his mistake is unreasonable/*injustus* in legal phraseology). This illustration may be taken even further: Y has negligently caused X's alleged mistake, but the circumstances are such that the reasonable person would not have been misled, that is, the reasonable person would in those circumstances have been aware of the correct situation, or he would have been aware that an incorrect impression was being conveyed to him. It will not avail X to rely on his so-called mistake.[61]

3 CONCLUSION

In view of what has been said above, it is submitted that authority for the application of the "fault principle" is entirely absent in Roman and Roman-Dutch law; and despite the use of this terminology in some instances in our law, fault (negligence) is not necessary and was not intended to be the decisive factor in determining the effect of an alleged mistake in contract. The test applied in practice to the communication of the declarations of intent and to the respective understandings of the aforesaid communication, is the reasonableness test encountered in interpretation – not the accepted and well-known reasonable man test for negligence. It is therefore to be welcomed that the Appellate Division in the recent *Sonap Petroleum* case[62] regarded the application of the fault principle as unnecessary in cases of mistake.

> *'Though trade warfare may be waged ruthlessly to the bitter end, there are certain rules of combat which must be observed. "The trader has not a free lance. Fight he may, but as a soldier, not as a guerilla." In the interests of the public and the competitors themselves, boundaries have been set by the law, and numerous practices have been marked out as "unfair" competition . . .'*
>
> *The second respondent, Weir-Smith and Zeelie may be described as not fighting as soldiers but as guerillas or, as mentioned above, as pirates* (per Kirk-Cohen J in *Interflora African Areas Ltd v Sandton Florist* 1995 4 SA 841 (T) 849).

61 Eg in *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 1 SA 978 (A) – although the appellant bank was allegedly mistaken in thinking that an invoice was an offer by the respondent to sell to it (it was therefore allegedly misled by the invoice), the court found that "[o]n the evidence, no *reasonable man* would have regarded the invoice as an offer to sell and accordingly the appellant was not entitled to conclude that it was such" (985H; my italics). Also see previous note.

62 *Loc cit.*

Die beslegtingsproblematiek in geval van mediese wanpraktyksgeskille

(*vervolg*)*

AJ Crous
BIur LLB
Senior Lektrise in Regstoepassing, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

5 ALTERNATIEWE GESKILBESLEGTINGSMETODES

Alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes verwys na prosesse waarin'n onpartydige derde party gebruik word om die skikking van 'n dispuut te bewerkstellig sonder die gebruikmaking van formele hofprosedures.[71] Trollip[72] verkies die term *gepaste* eerder as alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes ("appropriate dispute resolutions"):

> "The fact is that the judicial institution, with its inherent sovereign quality, cannot be confronted by any alternative mechanism."

Voorstanders van alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes verwys dikwels na die patologie van gedingvoering: hiermee bedoel hulle dat dit onhanteerbaar word; onvoldoende is; nie in die beste belang van die partye is nie; nie bekostig kan word nie; ongunstige publisiteit uitlok; besigheidsverhoudings skaad; en die kragte van die partye dreineer.[73]

Die regsverteenwoordiger bevind hom soms in 'n dilemma deurdat 'n ongelukkige kliënt ten alle koste sy saak wil wen; indien hy die moontlikheid van 'n skikking of 'n alternatiewe geskilbeslegtingsmetode voor litigasie opper, word dit soms deur sy kliënt as 'n swakheid beskou. Dit is belangrik dat, uit hoofde van die vertrouensverhouding tussen prokureur en kliënt en uit hoofde van sy professionalisme, 'n regsverteenwoordiger onverskrokke sy kliënt se saak moet stel en beveg, maar ook objektief en eerlik die kliënt moet adviseer oor wat in sy beste belang is. Die keuse van alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes bo volskaalse gedingvoering verteenwoordig nie noodwendig vrees of swakheid nie.

---

* Sien 1996 *THRHR* 22–23

71 Trollip *Alternative dispute resolution in a contemporary South African context* (1991) 7.

72 *Ibid.* Die gedagte onderliggend aan alternatiewe metodes van beslegting is nie 'n aanval op die soewereiniteit van die regsprekende gesag nie. Inteendeel, alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes impliseer beter werkverrigting in die kader van die regsprekende gesag en 'n groter toeganklikheid vir die publiek tot geskilbeslegting. Alternatiewe metodes is nie 'n vereenvoudigde vorm van litigasie nie maar 'n metode ter vermyding van litigasie.

73 *Idem* 12–14.

5 1 Ombudspersoon

Een alternatief is dié van 'n mediese ombudsman of -persoon. Die mediese ombudspersoon word toegewys aan 'n betrokke streek waarbinne hy as mediese ondersoeker jurisdiksie het.[74] Afhangende van die hoeveelheid werk kan die amp op 'n voltydse of deeltydse basis beklee word. 'n Ervare geneesheer met 'n omvangryke algemene kennis van die mediese wetenskap en praktyk is die aangewese persoon vir hierdie amp. Die gemeenskap moet oortuig wees van sy professionalisme, kundigheid en integriteit – iemand uit die gemeenskap vir die gemeenskap.

Die mediese ombudspersoon sal ten doel hê om mediese wanpraktykeise te evalueer en reeds in 'n vroeë stadium kwelsieke, onbenullige en ongegronde eise van *prima facie* eise te skei. Hoewel so 'n keuringsproses 'n ideale voorloper tot 'n moontlike geding is,[75] staan die pasiënt onder geen verpligting hoegenaamd om van hierdie ondersoeker of keurder gebruik te maak nie en hy kan direk 'n dagvaarding in 'n geregshof uitreik. Die pasiënt kan sy klagte of eis indien by die ombudspersoon, wat te midde van die informele en *in camera*-verrigtinge die houdbaarheid van die eis oorweeg. Selfs die pasiënt wie se eis afgewys word omdat daar nie 'n *prima facie* saak uitgemaak kan word nie, is nie sonder 'n regsmiddel nie en kan nog steeds 'n aksie teen die mediese praktisyn instel. Sou die ombudspersoon van oordeel wees dat die pasiënt 'n grondige eis of klagte het, kan hy die pasiënt medies ondersoek of, na gelang van omstandighede (byvoorbeeld 'n ingewikkelde gespesialiseerde gebied), aan kundiges die versoek rig om die pasiënt en die klagte te ondersoek. Dit sou vir die ombudspersoon aangewese wees om 'n paneel van mediese deskundiges saam te stel en op dieselfde basis as 'n medies-deskundige getuie die pasiënt vir 'n mediese ondersoek en ondervraging na 'n lid van die paneel te stuur.[76] Die beskuldigde of verweerder moet volledig ingelig word insake die eis of klagte ten einde hom in staat te stel om 'n verduideliking aan die ombudspersoon te gee.

Die ombudspersoon sal in samewerking met sy assistente (waaronder sy personeellede en/of paneellede) 'n skriftelike bevinding maak wat aan beide die klaer of eiser en die beskuldigde of verweerder beskikbaar gestel word.[77] Dit sal te verwelkom wees indien die ombudspersoon waar nodig van regsadvies gebruik maak en dat, hoewel hy op enige mediese of regsaspek kommentaar kan

---

74 Strauss *Doctor, patient and the law* 287 ev.

75 Nie alleen is hierdie 'n siftingsproses nie, maar dit moedig medici aan om wel voor so 'n ombudspersoon getuienis af te lê sonder die vrese van vyandige kruisondervraging of dat een mediese praktisyn teen 'n ander afgespeel gaan word.

76 *Idem* 288. Die mediese ombudspersoon is in die ideale posisie om die hulp en bystand van mediese deskundiges te bekom. Hoewel die mediese deskundiges vrywillig op die paneel dien, behoort dieselfde reëling tov hulle te geld as by die medies-deskundige getuie, wat onder 'n regsverpligting staan om medies-deskundige getuienis af te lê en eweneens in aanmerking kom vir voldoende redelike vergoeding. Waar die wetgewer vir 'n mediese ombudspersoon voorsiening behoort te maak en aldus sy werksaamhede te reël, behoort die aangeleentheid van 'n mediese paneel met vrywillige aanvaarding van lidmaatskap, statutêr gereël te word. Indien nodig, moet paneellede in reaksie op getuie-dagvaardings, medies-deskundige getuienis in 'n hof gaan aflê. Paneellede behoort 'n groter vrymoedigheid te hê om uit hoofde van hulle amp as paneellede en deskundiges wat die nodige ondervraging en mediese ondersoeke gedoen het, die mediese getuienis in 'n hof af te lê.

77 *Idem* 288 ev.

lewer, hy hom daarvan weerhou om hom ten opsigte van die *quantum* van skadevergoeding uit te spreek.[78]

Sou die pasiënt die geneesheer dagvaar, verskaf die verslag van die ombudspersoon *prima facie* getuienis van die feite daarin aan die hof. Die verweerder (geneesheer) is geregtig om die houdbaarheid van die verslag aan te val deur kruisondervraging van die ombudspersoon of die aanbied van deskundige getuienis. Sou die verweerder nie die verslaginhoud betwis nie, word dit as deel van die getuienis beskou en is dit in die hof se diskresie om die feite te aanvaar of te verwerp. Die voorsittende beampte kan die verweerder (geneesheer), hoewel hy nie geregtig is om paneellede te kruisondervra nie, wel toelaat om hulle te ondervra.[79]

Partye tot die ondersoek deur 'n ombudspersoon sal op regsverteenwoordiging geregtig wees. Hoewel die proses vrywillig, privaat en informeel en die verslag van die ombudspersoon nie bindend sal wees nie, kan partye wel ooreenkom dat die verslag bindend, finaal en nie appelleerbaar nie, is.

5 2 Keuringspanele

Keuringspanele ("screening panels") het as 'n voorverhoormeganisme ontstaan in reaksie op mediese wanpraktykskrisisse. In die vroeë sestigerjare het die staat Virginië deur die samewerking van die balieraad en die mediese vereniging, mediese wanpraktykkeuringspanele ingestel,[80] gevolg deur 27 ander state regoor Amerika, om deur middel van die panele kwelsieke mediese wanpraktykseise te ontmoedig en 'n vroeë skikking te bewerkstellig. In die state Pennsylvanië en Florida is keuringspanele deur wetgewing in die lewe geroep.[81] Kort nadat die wetgewing gepromulgeer is, is die Pennsylvaniese hooggeregshof genader om uitspraak te lewer oor die vraag of die keuringspanele konstitusioneel toelaatbaar is.[82] In *Carter v Sparkman*[83] is die geldigheid van die Florida Medical Malpractice Reform Act ook konstitusioneel bevraagteken. In beide gevalle is beslis dat die remediërende bepalings wel konstitusioneel toelaatbaar is.

Alvorens met die vernaamste besware in die onderskeie gewysdes gehandel word, behoort kortliks gelet te word op die samestelling en doel van keuringspanele. Ingevolge die Health Care Services Malpractice Act (in kort HCSMA) is die doelstelling daarvan die volgende:

---

78 *Ibid.*

79 *Idem* 288 290 vn 41. Strauss wys heeltemal tereg daarop dat om kruisondervraging van paneellede sonder 'n bevel van die regter te doen, 'n situasie gaan skep van aanhoudende kruisondervraging. Ipv om die paneel te beman en die ombudspersoon behulpsaam te wees, word die getuiebank beman en laat dit die ombudspersoon sonder hulp. Om gemelde rede is ek van opinie dat die reg op kruisondervraging, 'n basiese prosessuele reg, nie goedsmoeds deur die hof toegelaat gaan word om aangetas te word nie, maar dat gemelde redes om duplisering te vermy tog aanvaarbaar is.

80 *Idem* 283 289 bronne in vn 10; Shepperd 1964 *Washington and Lee LR* 212 231–232.

81 The Health Care Services Malpractice Act 40 Pa Cons Stat Ann § 1301.101–1006 (Purdon Supp 1980) en Florida Malpractice Reform Act Fl Stat Ann § 168.44 (West Supp 1981).

82 *Parker v Childrens' Hospital* 483 Pa 106, 394 A 2d 932 (1978); Boyle "Medical malpractice screening panels: A judicial evaluation of their practical effect" 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 939–960.

83 335 So 2d 802 (1976).

> "To make available professional liability insurance at a reasonable cost . . . [and to] establish a system through which a person who has sustained injury or death as a result of tort or breach of contract by a health care provider can obtain a prompt determination and adjudication of his claim and the determination of fair and reasonable compensation."[84]

Aangesien keuringspanele oorspronklike, uitsluitlike jurisdiksie oor alle skadevergoedingseise voortspruitende uit nalatige mediese dienste het, word hulle as't ware as spesiale howe met beperkte jurisdiksie beskou.[85] Die beslissing deur die keuringspaneel het die uitwerking van 'n vonnis tensy die saak op hersiening gaan,[86] in welke geval 'n verhoor *de novo* gehou word. Die paneel se feitebevindinge is as getuienis toelaatbaar tydens die verhoor maar is nie afdoende nie.[87] Geen skadevergoedingsbedrag deur die paneel toegestaan, is egter as getuienis toelaatbaar nie.[88] Sommige keuringspanele het slegs 'n voorverhoorfunksie ten einde geskilpunte uit te lig en te verminder sonder dat daar 'n vasstelling plaasvind. Ander keuringspanele se bevinding het die uitwerking van 'n vonnis wat appelleerbaar is.[89]

Keuringspanele verskil wat betref samestelling en die prosedure wat hulle volg. Die Pennsylvanië-plan maak voorsiening dat indien 'n pasiënt na bewering deur die verskaffer van gesondheidsorg benadeel word, die pasiënt, as verbruiker, sy klag of eis aanhangig maak by die keuringspaneel bestaande uit drie lede, waarna 'n formele sitting plaasvind. Die samestelling van die paneel bestaan uit een gesondheidsorgverskaffer, 'n lid van die publiek en 'n prokureur wat as voorsitter optree en die regsvrae beslis.[90] Die gesondheidsverbruiker wil deurgaans die versekering hê dat daar geen botsing van belange tussen die paneellede is nie en dat die bevinding van die keuringspaneel bevredigend is. Paneellede word byvoorbeeld in Pennsylvanië deur 'n administrateur vir arbitrasiepanele gekies uit 'n lys wat vir doeleindes van elke eis saamgestel word.[91] Die vergoeding van paneellede is 'n redelike vergoeding ten einde te verseker dat voornemende lede hulle dienste wel aan die keuringspaneel beskikbaar sal stel.

Ernstige besware teen die keuringspaneel se houdbaarheid op konstitusionele gronde het nie uitgebly nie. In *Parker v Childrens Hospital of Philadelphia*[92] is onder andere beweer dat die keuringspaneelprosedure die leerstuk van skeiding van magte verbreek. Die hof bevind dat die delegasie van mag in die keuringspaneelprosedure toelaatbaar was, mits daar vir hersiening voorsiening gemaak word.[93]

---

84 40 Pa Cons Stat Ann § 1301.102 (Purdon Supp 1980).

85 Die interpretasie wat soms daaraan geheg word, is dat die wetgewer bedoel het om 'n enkele forum daar te stel om mediese wanpraktykseise op te los tot uitsluiting van vrywillige arbitrasie-ooreenkomste (Boyle 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 48).

86 40 Pa Cons Stat Ann § 1301.508–511 (Purdon Supp 1980).

87 Die verhoorhof kan alleen daarby baat om wel die paneel se beslissing of vasstelling tydens die verhoor toe te laat.

88 40 Pa Cons Stat Ann § 1301.510 (Purdon Supp 1980).

89 Boyle 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 948 vn 59.

90 *Idem* 949.

91 40 Pa Cons Stat Ann § 1301.308 (Purdon Supp 1980).

92 *Supra*.

93 Boyle 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 953.

'n Tweede beswaar in die *Parker*-saak,[94] wat bykans ooreenstem met die besware in die *Carter*-saak,[95] is dat die keuringspaneelprosedure inbreuk maak op die reg op 'n jurieverhoor. Sedert die inwerkingtreding van die Grondwet in 1790 is 'n persoon geregtig op 'n verhoor deur 'n jurie in alle aangeleenthede waarin die reg op 'n jurieverhoor erken is ten tyde van die inwerkingtreding van die Grondwet.[96] Die vraag of die deliksaksie weens mediese wanpraktyk in 1790 erken is, het nie voor die hof gedien nie en dit het ongehinderd voortgegaan om te oorweeg of die keuringspaneel inbreuk gemaak het op die reg op 'n jurieverhoor. Die hof verwys na *Emerick v Harris*[97] en 'n *Smit*-saak[98] en wys daarop dat die hof nie die konstitusionele bepalings so uitlê dat dit 'n volkome vrye of ongebonde reg op 'n jurieverhoor daarstel nie. Die hof verwys voorts na die toelaatbaarheid van "some inconvenience to the exercise of the right"[99] en dui daarop dat die doel van die konstitusionele bepalings juis is om die reg op 'n jurieverhoor te verseker voordat daar 'n finale beslissing ten opsigte van persoonlikheids- of eiendomsregte gemaak word.[100] Die *Parker*-hof kom tot die gevolgtrekking dat aangesien die paneel se bevindinge nie bindend is nie en daar 'n reg op jurieverhoor bestaan, die prosedure nie dié reg aantas nie maar hoogstens uitstel.[101] 'n Verdere argument in die *Parker*-saak wat namens die eisers gevoer is, kom daarop neer dat die reg op 'n jurieverhoor aangetas word omdat die keuringspaneelprosedure as voorwaarde vir 'n jurieverhoor gestel word. Die hof kom na oorweging van die doel van die betrokke wetgewing tot die gevolgtrekking dat enige teoretiese las op die reg van 'n pasiënt op 'n jurieverhoor reggestel word deur die wesenlike voordele wat die pasiënt ingevolge die wetgewing het en dat dit hoegenaamd nie as 'n beletsel beskou moet word nie. Die wetgewing bevorder juis die spoedige afhandeling van eise, bevredigende uitsprake en laer regskoste.[102]

Hoewel die eisers in die *Parker*-saak boonop oortuigende statistiek voor die hof gelê het om aan te toon dat die keuringspanele nie in hul doel slaag nie, het die hof by bestaande praktyk gehou en 'n redelike tyd toegestaan alvorens uitspraak gegee word ten opsigte van die geslaagdheid van wetgewing.[103] In *Carter v Sparkman*[104] is die grondwetlikheid van die Florida Medical Malpractice

---

94 *Supra.*
95 *Supra.*
96 *Parker v Childrens' Hospital* 483 Pa 106 118; 394 A 2d 932 938 (1978).
97 1 Binn 416 (PA 1808).
98 381 Pa 223; 112 A 2d 625 (1955).
99 Boyle 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 954.
100 *Ibid.*
101 *Ibid.*
102 483 Pa 106 120; 394 A 2d 932 939 (1978).
103 438 Pa 106 121; 394 A 2d 932 940 (1978). In *Mattos v Thompson* Pa 421 A 2d 190 195 (1980) beslis die hof in Pennsylvanië tog dat die keuringspaneelprosedure 'n ongrondwetlike las op die reg op 'n jurieverhoor plaas. In dié saak is ook ander laerhofsake aangehaal waarin die burokratiese aard van die prosedure uitgelig is, wat daarop dui dat die wetgewing ondoeltreffend is. Statistiese gegewens het aan die lig gebring dat 2 909 eise in 'n drie-en-'n-halfjaar periode sedert die inisiëring van die keuringspaneelprosedure ingestel is. Slegs 14 het inderdaad voor die keuringspaneel gedien en ses daarvan het in appèl gegaan. Van die 48 eise wat in 1976 aanhangig gemaak is, was ses onafgehandel in 'n stadium in 1980. Boyle 1981 *Univ of Pittsburg LR* 957–958 verwys na die uitspraak in *Mattos v Thompson.*
104 *Supra.*

Reform Act aangeval.[105] Die eiser in die *Carter*-saak het aangevoer dat die prosedure van die keuringspaneel die reg op toegang tot die howe ondermyn, aangesien partye hulle moet onderwerp aan 'n duur en lang proses van geskilbeslegting voordat daar 'n daadwerklike geregtelike bepaling plaasvind. Die hof het hierop geantwoord dat

> "[a]lthough courts are generally opposed to any burden being placed on the rights of aggrieved persons to enter the courts because of the constitutional guarantee of access, there may be reasonable restrictions prescribed by law".[106]

Die hof het voorts bevind dat die prosedure konstitusioneel is en volstaan met die opmerking dat

> "even though the prelitigation burden cast upon the claimant reaches the outer limits of constitutional tolerance, we do not deem it sufficient to void the medical malpractice law".[107]

Versekeringsmaatskappye se kennisname van die ongewildheid van keuringspanele word weerspieël in die styging van versekeringspremies wat in 'n bose kringloop uiteindelik deur middel van verhoogde mediese koste van die pasiënt verhaal word. Sekere doemprofete beskou die keuringspaneelprosedure as 'n middel om druk uit te oefen ten einde 'n skikking te bereik; ander beskou dit weer as 'n dobbelspel waarin die teenkant toegelaat word om, sou die prosedure voor die keuringspaneel misluk, 'n "fishing expedition" vir verhoordoeleindes te onderneem. Die doemprofete meen voorts dat indien die prosedure misluk, die verhoor vertraag en kosbare tyd en geld in die proses verspil word.

5 3 Spesiale tribunale

Daar is al dikwels gevra of mediese wanpraktyksgeskille nie uit die kader van die gewone siviele howe geneem en deur 'n spesiale tribunaal verhoor moet word nie. Die mediese tribunaal word beman deur regs- en mediese deskundiges wat gebruik maak van 'n meer inkwisitoriese proses as die adversatiewe stelsel wat tans heers. Soos Strauss tereg daarop wys,[108] gaan die waarskuwingsligte ten opsigte van spesiale howe op en hou juriste in Suid-Afrika aan die adversatiewe stelsel vas.

5 4 Arbitrasie

Arbitrasie van wanpraktyksgeskille is 'n geskilbeslegtingsmoontlikheid wat oorweeg kan word. Arbitrasie is vrywillig in die sin dat partye die keuse het of hulle 'n dispuut vir arbitrasie wil verwys; en bindend in die sin dat die beslissing van die arbiter finaal is. 'n Arbitrasie-ooreenkoms kan aangegaan word tussen

---

105 Fla Stat Ann § 168.44 (West Supp 1981).

106 335 So 2d 802 805 (Fla 1976).

107 335 So 2d 802 806. Die Florida hooggeregshof het in *Aldana v Holub* 381 So 2d 231 238 (Fla 1980) weer die geleentheid gekry om oor die kwessie van reg op toegang tot die howe te beslis. *In casu* is bevind dat die reg op toegang teoreties beswaar kan word deur die keuringspaneelprosedure, maar dat die werking van die wet sodanig is dat dit as arbitrêr beskou word en in meer as 50% van die gevalle 'n litigant van sy konstitusionele regte beroof – Boyle 1981 *Univ of Pittsburgh LR* 956. In *Kelly v Ruben* 78-15303 (Dade County Ct Fla Ct Oct 12, 1979) is daar op die teenproduktiwiteit van keuringspanele gewys en was dié saak een van 72 laerhowe in Florida wat die haalbaarheid van die keuringspaneelprosedure bevraagteken het – Boyle *supra* 957.

108 Strauss *Doctor, patient and the law* 286.

byvoorbeeld 'n pasiënt en sy of haar geneesheer of tussen 'n pasiënt en 'n hospitaal (privaatkliniek, ensovoorts).[109] Arbitrasie is 'n verwysing van 'n geskil na 'n onafhanklike onpartydige derde party vir beslissing deur hom na aanhoor analoog aan 'n regsproses van beide die partye.[110]

Die beslissing van 'n arbiter kan regtens afgedwing word en is nie vatbaar vir appèl nie. 'n Arbitrasiebevel kan deur 'n geregshof tersyde gestel word[111] indien 'n party kan aantoon dat die arbiter hom met betrekking tot sy pligte aan wangedrag skuldig gemaak het.[112] 'n Verdere grond vir die tersydestelling van 'n arbitrasiebevel is growwe onreëlmatigheid in die arbiter se hantering van die verrigtinge, die feit dat die toekenning van die arbiter nie op 'n behoorlike manier bekom is nie en dat die arbiter sy magte oorskry het.[113]

'n Aansoek om hersiening skort nie outomaties die nakoming van die bevel deur die arbiter op nie en die party wat die hersiening verlang, moet pertinent aansoek doen om opskorting tot tyd en wyl die hersieningsverrigtinge afgehandel is. Indien 'n arbiter gefouteer het ten opsigte van 'n feite- of regsbevinding en bereid is om sy oorspronklike beslissing te hersien, kan die hof die aangeleentheid na die arbiter terugverwys.

'n Swak toekenning is dus hersienbaar en nie appelleerbaar nie. Dit sal meebring dat 'n *bona fide* fout wat gemaak is net hersienbaar en nie appelleerbaar is nie. Vir doeleindes van hersiening is partye geregtig om buite om die rekord ekstrinsieke getuienis aan te voer om 'n onreëlmatigheid aan te dui waar 'n party in geval van appèl absoluut gebonde is aan die rekord.[114]

5 4 1 Voordele

Die voordele van arbitrasie bo litigasie is onder andere die volgende:

(a) *Deskundigheid en tydsfaktor* Bekwame deskundiges op 'n spesifieke gebied van die geneeskunde kan as arbiters optree. Op sterkte van sy persoonlike kennis kan die arbiter tot 'n beslissing kom sonder om van deskundige getuies gebruik

---

109 Sodra partye 'n arbitrasie-ooreenkoms skriftelik aangegaan het, vind die bepalings van die Wet op Arbitrasie 42 van 1965 toepassing. Die doel van die wet is die skikking van dispute dmv arbitrasie ingevolge die arbitrasie-ooreenkoms en die afdwinging van die toekennings of bevele deur die arbiter. Ingevolge a 1 is 'n arbitrasie-ooreenkoms 'n skriftelike ooreenkoms ingevolge waarvan enige bestaande of toekomstige dispuut tov 'n aangeleentheid in die ooreenkoms gespesifiseer, vir arbitrasie verwys word, of 'n arbiter benoem is al dan nie.

110 Trollip *Alternative dispute resolution* 21 23. *Re Carus-Wilson and Greene* [1887] 18 QB 7 (CA) 9: "If it appears, from the terms of the agreement by which a matter is submitted to a person's decision, that the intention of the parties was that he should hold an enquiry in the nature of a judicial enquiry, and hear the respective cases of the parties, and decide upon evidence laid before him, that case is one of arbitration. The intention in such cases is that there shall be a judicial enquiry worked out in a judicial manner."

111 *Benjamin v SOBAC South African Building & Construction (Pty) Ltd* 1989 4 SA 940 (K) en a 33 Wet op Arbitrasie 42 van 1965.

112 Bv, 'n arbiter kom nie die terme van die ooreenkoms na nie; verontagsaam die *audi alteram partem*-reël; het 'n belang by die dispuut; tree nie onpartydig op nie; stel 'n buitengewone hoë fooi vir sy dienste, ens.

113 Murphy "Voluntary arbitration: an alternative means of resolving medical malpractice disputes" 1987 *Medical Trial Technique Q* 410.

114 Trollip *Alternative dispute resolution* 26.

te maak.[115] Benewens die deskundigheid van die arbiter wat 'n baie groot pluspunt is, kom ook die besparing van tyd hier ter sprake. Tydens die litigasieproses neem dit tyd in beslag om aan die regsprekende beampte, wat 'n kenner van die reg maar 'n leek op die gebied van die geneeskunde is, mediese aspekte in besonderhede te verduidelik.[116]

(b) *Private forum – vertroulikheid* Die arbitrasieproses vind nie in 'n ope hof plaas nie. Die dokter se gedrag word geëvalueer in 'n private forum vry van die "martelkamer"-milieu, soos wat die hof in die oë van die medici bekend staan. Die pers het geen toegang tot arbitrasieverrigtinge nie en die rekord van die verrigtinge bly ook vertroulik.[117]

(c) *Informele prosedure* Die informele prosedure by arbitrasieverrigtinge maak dit vir die partye moontlik om baie nader aan 'n skikking te kom.[118] Geneeshere is baie gevoelig vir die formele en wat hulle soms as vreemde en "vyandige" optrede in die litigasieproses beskou.[119] Medici beskou potensiële regsgedinge as 'n hindernis in die vertrouensverhouding met 'n pasiënt, welke hindernis die gunstige herstel van 'n pasiënt kan skaad.[120]

(d) *Finaliteit van die beslissing* Daar bestaan nie 'n reg op appèl teen 'n arbiter se toekenning nie, hoewel die partye tog op so 'n reg kan ooreenkom.[121]

(e) *Billikheid* Die arbiter sal 'n billike toekenning maak eerder as 'n toekenning wat absoluut verkneg is aan die letter van die wet en dus 'n skikking ontmoedig.[122]

---

115 'n Deskundige is nie verplig om aan die partye uit te wys hoe sy deskundigheidskennis tov 'n aspek toegepas word nie. Indien dit nie hiervoor was nie, sou die arbiter hom in die snaakse posisie begewe het dat hy 'n getuie in die verrigtinge sou word (*idem* 24; *Rhodesia Electricity Supply Commission v Joelson Brothers and Bardone (Pty) Ltd* 1977 4 SA 639 (R)).

116 Trollip *Alternative dispute resolution* 25 wys tereg daarop dat, hoewel hierdie deskundige arbiter genoegsame kennis van die (mediese) wetenskap het, hy nie genoegsame ondervinding in die siftingsproses van getuienis het en om 'n beoordeling te maak oor aangeleenthede rakende die geloofwaardigheid van getuies nie. Die medies-deskundige arbiter het 'n gebrek aan regskennis en -opleiding en dit kan moontlik aanleiding gee tot onbillikhede of ongeregtighede. Die probleem kan mi ondervang word deur 'n tweede arbiter, 'n regsgeleerde, aan te stel wat ook as voorsitter van die arbitrasiepaneel kan optree.

117 *Idem* 24. Die vertroulike verrigtinge word nie oral in openbare geledere verwelkom nie. Die publiek wil sake rakende gesondheidsorg en die verskaffers daarvan in die reine, in die openbaar gestel hê, in plaas daarvan om beweerde nalatige optrede en die finale uitslag van die saak dig te hou.

118 Partye kan ooreenkom oor die wyse waarop arbitrasie sal plaasvind, die aangeleenthede wat ter sprake mag kom, die aard en omvang van die moontlike toekennings en kan die effek en toepassing van sekere bepalings van die Wet op Arbitrasie beperk.

119 "After some exposure to the courtroom, either as expert witnesses or as defendants in malpractice claims, many physicians come to regard it as an alien environment" – Polsky "The malpractice dilemma: a cure for frustration" 1957 *Temple LQ* 362, soos aangehaal in Sharp "Issues in medical law in Canada" 1981 *McGill LJ* 671–1047 1036.

120 Stetler "Medical legal relations – the brighter side" 1957 *Villa Nova LR* 390, soos aangehaal deur Sharp 1036.

121 Trollip *Alternative dispute resolution* 25 wys tereg daarop dat die doeleindes wat nagestreef word deur arbitrasie deur sodanige ooreenkoms verydel word aangesien 'n appèl op 'n beslissing 'n oponthoud in die proses gaan veroorsaak. Waar 'n litigant op beide 'n regs- en feitebeslissing mag appelleer, mag hersiening, soos reeds aangedui, net op sekere gronde plaasvind.

122 *Ibid.*

(f) *Keusevryheid* Die partye kan die tyd en plek van die arbitrasieverrigtinge kies.[123]

(g) *Spoedige afhandeling* Inaggenome die vol hofrolle en die feit dat dit etlike jare kan neem om 'n geding af te handel, is die spoedige afhandeling van 'n arbitrasieproses te verkies bo gedingvoering. Partye moet egter daarteen waak om nie 'n arbitrasieproses onnodig uit te rek deur ondeurdagte administratiewe reëlings nie. 'n Spoedige arbitrasieproses voorkom dat 'n skuldenaar sy verpligtinge ontduik. Ook gesien vanuit die benadeelde se oogpunt, is dit om geldelike redes (depresiasie, inflasie, ensovoorts) voordeliger om van arbitrasie gebruik te maak.

(h) *Verminderde koste* Dit is belangrik dat die arbitrasiepartye die verrigtinge so kort as moontlik hou. Die vergoeding van die arbiters en die koste verbonde aan 'n geskikte plek vir die arbitrasieverrigtinge – koste wat normaalweg in die litigasieproses deur die staat gedra word – kan dalk op die lang duur veroorsaak dat arbitrasiekoste nie noodwendig minder as litigasiekoste is nie.[124]

5 4 2 Nadele

Nadele[125] verbonde aan arbitrasie is onder andere: beuselagtige eise; meer kompromieë eerder as duidelike beslissings op feite en regsvrae; die gevaar verbonde aan nie-regskundiges wat as arbiters optree en beslis oor skadevergoeding en die geheimhouding van identiteit; en optrede van beweerde deliksplegers wat vir die gemeenskap onaanvaarbaar is. Dit is te verkies dat partye vooraf by wyse van ooreenkoms die reëls van 'n geregshof en die basiese reëls van die bewysreg in die verrigtinge sal navolg.

In Amerika het kritiek teen arbitrasie-ooreenkomste nie uitgebly nie. Die vernaamste besware is die volgende:

Vanweë die feit dat die geneesheer by ondertekening van die ooreenkoms in 'n magsposisie oor die pasiënt is, word die ooreenkoms as vernietigbaar aangemerk omrede:

(a) die pasiënt geen ander keuse gehad het as om die arbitrasie-ooreenkoms met die dokter te sluit nie; en/of

(b) die pasiënt sy konstitusionele reg op 'n jurieverhoor laat vaar het met die ondertekening van die ooreenkoms.[126]

Voordat arbitrasie by wyse van wetgewing in Amerika gereël is, het die gemenereg gegeld en het die howe arbitrasie-ooreenkomste beskou as 'n ongeldige metode om die regbank van sy jurisdiksie te ontneem. Gevolglik was howe traag om arbitrasie-ooreenkomste af te dwing.[127]

Die arbitrasie-ooreenkoms sluit 'n verhoor *de novo* uit en die toekenning is afdwingbaar asof dit 'n hofuitspraak is. Tien van die dertien state waarin wetgewing mediese wanpraktykarbitrasie reël, maak voorsiening vir ooreenkomste voordat 'n eis ontstaan, welke ooreenkomste gesluit word tussen die gesondheidsorgverskaffer en die pasiënt voor behandeling en waarvoor toestemming tot die

123 *Ibid.*
124 *Idem* 24 25.
125 Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 411.
126 *Ibid.*
127 *Idem* 412.

ooreenkoms nie 'n voorwaarde vir behandeling is nie.[128] Van die wetgewers het veiligheidsmaatreëls in die wetgewing ingebou om te verseker dat die pasiënt bewus is van die feit dat die arbitrasie-ooreenkoms bestaan en wat die effek daarvan is. Die pasiënt kry 'n geleentheid om her te besin oor sy besluit om voort te gaan met arbitrasie nadat die druk van mediese behandeling en die verkryging daarvan afgeloop het.[129] Die wetgewing bepaal die tydperk waarbinne herroeping van die arbitrasie-ooreenkoms mag plaasvind.[130]

Ten einde te verseker dat pasiënte vrywillig en met volle wete toestem tot 'n arbitrasie-ooreenkoms, word in die ooreenkoms self vir kursivering voorsiening gemaak. Daar word onder pasiënte se aandag gebring dat aanname van die ooreenkoms nie 'n voorvereiste vir behandeling is nie; dat daar nie 'n verhoor *de novo* naas arbitrasie is nie (dit wil sê afstanddoening van die jurieverhoor); en gewys op die moontlike herroepingsopsie wat hy kan uitoefen.[131] In die state Main en Michigan word selfs sover gegaan as om aan die pasiënt 'n inligtingsbrosjure te gee vir bestudering voor ondertekening van die arbitrasie-ooreenkoms.[132]

Die besware hou verder in dat die pasiënt in die stadium waarop hy mediese sorg benodig, nie nog kan rondsoek ("shop around") na 'n ander gesondheidsorgverskaffer nie.

> "In essence, the fundamental argument against medical malpractice arbitration agreements is that there can be no meeting of the minds in this context which would be sufficient to create an enforceable contract."[133]

In die toonaangewende *Doyle v Giuliucci*[134] beslis die Kaliforniese hooggeregshof in 1965 eenparig dat vrywillige kontraktuele arbitrasie grondwetlik houdbaar en geldig is. Die hof bevind voorts dat arbitrasie 'n redelike beperking op die reg op 'n jurieverhoor is, en nie substantiewe veranderinge meebring nie – dit stel slegs 'n spesifieke forum daar vir die afhandeling van dispute. In *Brown v Siang*[135] beslis die Michigan appèlhof dat 'n arbitrasie-ooreenkoms nie 'n voorvereiste vir die behandeling van 'n pasiënt is nie, selfs al bemoeilik die pasiënt se omstandighede en die opset van die gesondheidsorgverskaffer dit vir die pasiënt om die ooreenkoms te weier.[136] In die *Brown*-saak stel die hof dit baie duidelik met verwysing na *Wheeler v St Joseph Hospital*:[137]

---

128 *Idem* 413.

129 Kalifornië en Illinois laat die pasiënt of gesondheidsverskaffer toe om die kontrak te herroep en in Alaska, Louisiana, Main, Ohio en Virginia is die ooreenkoms slegs herroepbaar deur die pasiënt: *idem* 413 vn 11 12; Cal Civ Proc Code § 1295 (c) (1981); Ill Rev Stat c 10 209(c) (1982); Alaska Stat § 09.55.535 (c) (Supp 1981); La Rev Stat Ann § 9:4235 (1982); Me Rev Stat Ann tit 24 § 2702 (1) (C) (Supp 1982); Ohio Rev Code Ann § 2711.26 (b) (1981); Va Code § 8.01–581.12(A) (1977 & Supp 1982).

130 In Michigan word 60 dae toegelaat óf na uitvoering van die behandeling óf na ontslag uit 'n hospitaal. Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 413 vn 14; MSA § 27 A 5041 Subd (3) MCL § 600.5041 subd (3) (Supp 1982). In Suid-Dakota is daar geen tydsbeperking waarbinne 'n arbitrasie-ooreenkoms herroep mag word nie.

131 Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 414.

132 *Ibid* en die statute genoem *idem* 428 vn 18.

133 *Idem* 416 429 vn 27.

134 62 Cal 2d 606; 43 Cal Rptr 697 401 P 2d 1 (1965).

135 107 Mich App 91 (1981).

136 Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 418.

137 63 Cal App 3d 345; 133 Cal Rptr 775 (1976).

> "The form clearly states that the agreement to arbitrate is not a prerequisite to care. Furthermore, the patient is given sixty days after execution in which to revoke the agreement, thereby alleviating the possibility of coerciveness in the admission room found in Wheeler. The patient has a realistic and fully informed choice based upon the form and the booklet presented."[138]

Die vrese vir moontlike partydigheid by geneeshere wat lid is van die arbitrasiepaneel is onder andere besweer deur die feit dat hulle 'n geldelike belang het in die uiteindelike uitslag van die mediese wanpraktyksaak, aangesien dit die koste en beskikbaarheid van wanpraktykversekering nadelig kan beïnvloed.[139] Die appèlhof het met verwysing na die grondwetlikheid van die Michigan Arbitration Act die volgende vier faktore uitgelig:[140]

(a) Die geneesheer is een van drie lede op die paneel – hy kan nie alleen die beslissing maak nie;

(b) in die wet self word daar voorsiening gemaak vir die tersydestelling van 'n bevel indien 'n arbiter bevooroordeeld is;

(c) in die betrokke saak is geen getuienis aangevoer om 'n bevinding te steun dat geneeshere geldelike belang in die uitslag of 'n antagonistiese houding jeens hierdie tipe sake het nie; en

(d) daar is 'n behoefte aan 'n mediese deskundige op die paneel vanweë die hoogs tegniese aard van die verrigtinge.

Ten opsigte van die groot beswaar dat ondertekening van 'n arbitrasie-ooreenkoms 'n ongrondwetlike afstanddoening van die reg op 'n jurieverhoor is, het die Michigan appèlhof in *Moore v Fragatos*[141] beslis dat die toets vir die geldigheid van 'n arbitrasie-ooreenkoms is om vas te stel of daar voldoende getuienis is wat daarop dui dat die pasiënt bewustelik en vrywillig gekies het om afstand te doen van bedoelde konstitusionele reg.[142] Hoewel 'n jurieverhoor fundamenteel tot die Amerikaanse regstelsel is, ontmoedig die howe nie 'n arbitrasie-ooreenkoms nie en word arbitrasie nie as 'n minderwaardige beslegtingsproses beskou nie maar as 'n alternatiewe forum met 'n baie goeie rekord.[143]

Te oordeel aan die Heintz-studie en die Rubsammen-navorsing, blyk die arbitrasieproses in ten minste Michigan en Kalifornië 'n sukses te wees.[144] Vanaf Januarie 1976 tot einde 1981 is 24,7% van die 150 eise teruggetrek, 53,3% geskik en 22% het die arbitrasieproses deurloop. Skikkings het 'n gemiddeld van $20 000 bereik en toekennings was gemiddeld $9 200. Administratiewe koste en uitgawes in die arbitrasieproses het 'n gemiddeld van $1 470 beloop. Vanaf die stadium dat 'n eis aanhangig gemaak is tot by afhandeling daarvan het 'n gemiddeld van twee dae verloop. Ingevolge die Michiganplan neem dit ongeveer 'n jaar vir 'n gemiddelde bedrag van $9 000 om by wyse van arbitrasie verhaal te word.

---

138 107 Mich App 91 108 (1981).
139 Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 421.
140 107 Mich App 91 (1981).
141 321 NW 2d 781 (Mich App 1982).
142 Murphy 1987 *Medical Trial Technique Q* 419.
143 *Idem* 420 424.
144 *Idem* 423–426.

5 5 Bemiddeling

By bemiddeling as alternatiewe geskilbeslegtingsmetode word konflikoplossing hanteer deur 'n derde party, met vrywillige deelname deur die partye tot die geskil[145] en met die hoofdoel om partye te beweeg om self 'n oplossing te vind.

Bemiddeling is in die Suid-Afrikaanse reg nie 'n vreemde verskynsel nie. Niks verhoed partye tot 'n mediese wanpraktyksgeskil om die geskil vir bemiddeling voor te hou nie. Op die gebied van die arbeidsreg het organisasies soos die Independent Mediation Service of South Africa (IMSSA), die South African Association for Conflict Intervention en die South African Association for Mediation die bemiddelingsproblematiek aangespreek.

Na aard is bemiddeling nie 'n juridies bindende proses nie en ook nie finaal nie. In *Blue Circle Projects (Pty) Ltd v Klerksdorp Municipality*[146] is die aansoek om 'n bevel wat die bemiddelaar se opinie as bindend en finaal bestempel van die hand gewys. Op die regsvraag na die juridiese bindingskrag van 'n bemiddelaarsopinie, het die hof uitdruklik verklaar dat 'n bindende en finale bevel slegs deur 'n geregshof gemaak kan word.

'n Onafhanklike, objektiewe en geskikte persoon tree as voorsitter van die bemiddelingsproses op. Hoewel dit 'n eenvoudige proses is, hang die sukses daarvan af van die bemiddelaar se kuns om met begrip te kan luister sonder om emosioneel betrokke te raak.[147] Die bemiddelaar het geen bevoegdheid om te stem of om partye te verplig om 'n skikking te aanvaar nie. Voorts kan die bemiddelaar hom nie uitspreek oor 'n beslissing of beslegtingswyse nie. Sy bevoegdheid strek sover as die kontrolering en beëindiging van die bemiddelingsproses.

Die Wet op Howe vir Kort Proses en Bemiddeling in Sekere Siviele Sake[148] bied 'n riglyn ten opsigte van die kwalifikasies[149] van 'n bemiddelaar vir 'n bepaalde gebied waarvoor 'n hof vir kort proses ingestel is. Die Minister van Justisie doen die aanstelling op aanbeveling van die Vereniging van Prokureursordes, die Algemene Balieraad en die Departement van Justisie.[150]

Hoewel die pendulum na die regspraktisyn of regsprekende beampte oorhel om as bemiddelaar op te tree, behoort die regsgeleerde op sy hoede te wees om nie té regsanalities te werk te gaan nie.

> "Although a grasp of legal principle may sometimes be useful such expertise when misused is detrimental to mediation ... Legal analysis generally provides much too narrow a summation of perceptions, interests, needs and opportunities and more particularly approaches human affairs on the basis of their being devoid of perceptions and emotion ... It is for these reasons that conventional legal processes so often provide inadequate dispute resolution. Whatever the final legal determination it seldom lays to rest prevailing perceptions and emotions."[151]

---

145 Van der Merwe "Keuses tussen bemiddelingstegnieke" 1989 *Acta Academica* 92.

146 1990 1 SA 469 (T); Schulze "Arbitration and mediation – when is a final opinion final?" 1990 (1) *Codicillus* 55.

147 Simoncelli "Mediasie en arbitrasie in dispuutoplossing" 1992 *Entrepreneur* 14.

148 103 van 1991.

149 A 7: Die bemiddelaar moet in so 'n mate gekwalifiseer wees dat hy toegelaat kan word as prokureur of advokaat, of aangestel kan word as landdros of die persoon moet vir 'n ononderbroke tydperk van vyf jaar gepraktiseer het as prokureur of advokaat of by regsonderrig betrokke gewees het.

150 A 2(1).

151 Trollip *Alternative dispute resolution* 52.

Partye tot bemiddeling het die gerusstelling dat hulle geregtig is op regsverteenwoordiging; hulle regte ten opsigte van gedingvoering nie aangetas word nie; geen oorkonde van die verrigtinge gehou word nie; hulle geen getuienis in 'n geregshof hoef af te lê oor die bemiddelingsverrigtinge nie; vertroulike inligting aan die bemiddelaar as sodanig behandel sal word; dit 'n vrywillige proses is; en dat 'n party sonder opgaaf van redes kan onttrek.[152]

By die aanvang[153] van die bemiddelingsproses stel die bemiddelaar homself, sy kwalifikasies, sy spesialisasiegebied en bemiddelingsoptredes in die verlede aan die partye bekend. Die bemiddelaar dui die bemiddelingsdoel aan, naamlik die oplossing van 'n geskil en wys die partye daarop dat vanweë hulle bereidheid tot bemiddeling, dit 'n stap op die pad na sukses is en dat indien hulle 'n skikking sou bereik, dit die partye se eie oplossing vir die probleem is. Die bemiddelaar dui ook aan oor watter inligting hy beskik[154] en verseker die partye dat hy as onpartydige optree en hoegenaamd geen geldelike belang by die uitslag het nie. Voorts word die bemiddelingsprosedure kortliks verduidelik.

Elke party kry die geleentheid vir 'n openingsrede in mekaar se teenwoordigheid. Die feite waarop elke party steun, word uiteengesit. Die party wat bemiddeling versoek het, kry eerste geleentheid. Geen onderbreking word in hierdie stadium toegelaat nie. Partye kry daarna die geleentheid om op die weergawes te reageer. Hierop word die geskilpunte uitgelig en die bemiddelaar gee 'n kort weergawe van elke party se saak. Voorstelle ter oplossing van die geskil word gevra en partye kry geleentheid om te reageer. Voorstelle met die meeste steun word vervolgens bespreek.

Die bemiddelaar ontmoet partye individueel in koukus. Vertroulike mededelings wat partye maak, word op versoek aldus hanteer. Wanneer 'n skikking bereik is, word die ooreenkoms op skrif gestel en deur die partye onderteken. Partye moet dit eens wees oor die doeltreffendheid van die ooreenkoms en welke gevolge sal intree indien 'n party versuim om by die ooreenkoms te hou.

Indien 'n party *mala fide* optree of indien daar geen vooruitsig op 'n skikking is nie, kan die bemiddelaar die verrigtinge afgelas.

6 SLOTOPMERKINGS

Daar bestaan verskillende meganismes waardeur medies-deskundige getuienis in 'n geregshof aangebied kan word. Die gewone siviele prosedure beantwoord egter nie aan die verwagtinge wat medici, regsgeleerdes en die publiek in mediese wanpraktykseise stel nie. Geskikte assessore en skeidsregters kan 'n welkome oplossing bied mits hulle na behore vergoed word. Die waarde van voorverhoorsamesprekings kan nie genoeg beklemtoon word nie en 'n gebiedende bepaling in die landdroshof word in dié verband bepleit.

---

152 *Idem* 41–57.

153 *Idem* 45–46.

154 Trollip *idem* 43 verkies om dmv direkte kommunikasie en interaksie met partye as bemiddelaar die geskil te evalueer ipv oplees en voorbereidingswerk wat voor die bemiddeling reeds afgehandel word: "Direct and immediate recourse to documentation has the disadvantage of neutralising emotions and perceptions – it carries the risk of premature legal analysis which ... can be counterproductive ... and have the unfortunate effect of anchoring the process to the documentation ... [It] may very well give parties a sense that the mediator has already made up his mind ... in relation to the matter and is not listening to them impartially ... [and] documents may be misleading."

Alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes hou beslis meriete in. Hoewel keuringspanele onsekerhede laat, kan die waarde van die ombudspersoon, arbitrasie en bemiddeling nie geringgeskat word nie – aan laasgenoemde drie metodes is voor- en nadele verbonde. Die geskikste metodes is waarskynlik die optrede van die ombudspersoon as keurder in 'n voor-litigasieproses en arbitrasie in plaas van litigasie. Die ombudspersoon is vanweë sy kundigheid en professionaliteit in staat om kwelsieke, onbenullige en ongegronde eise te ontmoedig.

Indien 'n party wil voortgaan met litigasie kan die ombudspersoon, wie se verslag *prima facie* getuienis is, die hof van groot hulp wees. Die ombudspersoon behoort egter die bystand van 'n regsgeleerde in te roep rakende regsaspekte. Vrywillige arbitrasie bied deskundigheid, 'n private forum, informele prosedure, finaliteit van beslissing, billike toekennings, keusevryheid ten opsigte van plek en tyd van verrigtinge, spoedige afhandeling en verminderde koste. Enkele moontlike nadele kan by wyse van die arbitrasie-ooreenkoms ondervang word.

Benewens meganismes binne die geregshofstruktuur is daar dus ook alternatiewe gepaste forums vir 'n benadeelde pasiënt beskikbaar. Die vrese van die pasiënt, naamlik 'n "conspiracy of silence", en die vrese van die geneesheer, naamlik die geregshof as 'n "torture chamber", word in van bogenoemde forums grotendeels in die kiem gesmoor. Beide partye, asook die medies-deskundige getuie, kan met groot verwagting uitsien na 'n beslissing gebaseer op die grondslag van geregtigheid en billikheid aangesien die voorgestelde forums die klimaat vir groter "verbruikersvriendelikheid" skep.

The minister, priest, rabbi or moulana in our society performs an important function as the receptacle of their congregants' pain, anguish, indecision and lingering trauma. The importance of this function cannot be calculated in pecuniary terms, but the law respects it none the less. The right to speak frankly to one's advisers, medical, legal and indeed also spiritual, is in the end a matter of public interest. The defendant's entitlement to speak to her priest at her home, even at risk to the plaintiff's right to his reputation, must therefore be upheld (per Cameron J in *O v O* 1995 4 SA 482 (W) 492).

Nalatige wanvoorstelling in die Skotse reg: Betekenis vir die Suid-Afrikaanse reg

DJ Lötz
BIur LLM LLD
Medeprofessor in Handelsreg, Universiteit van Pretoria

CJ Nagel
BA LLD
Professor in Handelsreg, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Negligent misrepresentation in Scottish law: Significance for South African law

This article investigates the Scottish law of negligent misrepresentation. Apart from a brief historical overview, it deals with both the general legal principles as regards misrepresentation and the specific principles regarding negligent misrepresentation. Like the South African law on the subject, Scottish law is still in a process of development and it is submitted that it could be beneficial to our own law if cognisance is taken of the developments taking place in Scotland.

1 INLEIDING

Die Skotse reg (wat amptelik nie deel van die Engelse reg vorm nie) is sterk deur die Romeinse reg beïnvloed. Hierdie regstelsel is op algemene beginsels gebaseer en nie, soos die Engelse reg, op *ad hoc*-presedente nie. Omdat die Suid-Afrikaanse reg (wat ook van Romeinsregtelike oorsprong is) eweneens op beginselgrondslae funksioneer, word daar in hierdie bondige ondersoek van die Skotse reg na raakpunte met en gemeenskaplike oplossings rakende nalatige wanvoorstelling vir die Suid-Afrikaanse reg gesoek. Hierdie ondersoek bestaan uit 'n historiese oriëntering asook 'n bespreking van die algemene beginsels insake wanvoorstelling en die besondere beginsels rakende nalatige wanvoorstelling.

2 HISTORIESE ORIËNTERING

Die Skotse reg[1] het uit die Keltiese reg ontwikkel.[2] Gedurende die elfde eeu is feodalisme in Skotland gevestig, wat noodwendig 'n invloed op die Skotse reg

1 Alhoewel Skotland deel van die Verenigde Koninkryk is, het dit nie dieselfde regstelsel as Engeland nie: McCluskey "Auditors' and lawyers' negligence: the present law in England and Scotland" 1993 *De Rebus* 258.

2 "The laws of Scotland" *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 (1987) 225.

gehad het.[3] Die *Wars of Independence* het tot gevolg gehad dat die Skotse reg tot en met die einde van die sestiende eeu min ontwikkel het en dié tydperk staan as die "dark age" bekend.[4] Met die instelling van die *Court of Session* in 1532 het daar 'n opbloei (onder die invloed van die Romeinse reg) in die Skotse reg plaasgevind.[5]

Alhoewel die Romeinse reg (van die Justiniaanse tydperk) nie formeel[6] in die Skotse reg opgeneem is nie, is dit 'n gegewe dat die Romeinse reg, tesame met die Kanonieke reg, direk en indirek as *ius commune* 'n belangrike invloed op die Skotse reg (veral die kontraktereg[7]) gehad het.[8] Veral vanaf die einde van die vyftiende eeu is daar duidelike spore van Romeinsregtelike beïnvloeding op die Skotse statutêre reg.[9] Belangrike faktore vir die resepsie van die Romeinse reg is dat Skotse juriste hoofsaaklik in die Romeinse reg opleiding ontvang het en dat heelwat regsliteratuur op die Romeinse reg gebaseer is.[10] Hierdie resepsie het primêr deur die howe, veral die *Court of Session*, praktiese beslag gekry.[11] So meld regter Lesley in 1564:[12]

> "This far to the lawis of the Realme we are restricted, gif ony cummirsum or trubilsum cause fal out, as oft chances, quhilke can nocht be agriet be our cuntrey lawis, incontinent quhatevir is thoct necessar to purify this controversie, is cited out of the Roman lawis."

Omdat die Skotse reg aan die einde van die agtiende eeu tot 'n koherente nasionale unitêre regsisteem ontwikkel het, het die invloed van die Romeinse reg daarna stelselmatig afgeneem.[13]

3 ALGEMENE BEGINSELS RAKENDE WANVOORSTELLING

As algemene reël berus die Skotse sivielregtelike aanspreeklikheid op beginsels en nie *ad hoc*-presedente soos in die Engelse reg nie.[14]

---

3 *Idem* 225–228; Dickinson *Scotland from the earliest times to 1603* (1977) 82 ev; Smith *A short commentary on the law of Scotland* (1962) 19.

4 *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 228–230 en vol 11 (1990) 361; Paton "The dark age 1329–1532" in *An introduction to Scottish legal history* (1958) 18 ev.

5 *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 230–232; Smith 19.

6 Die resepsie van die Romeinse reg in die Skotse reg het *imperio rationis* geskied: *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 244.

7 *Idem* 247.

8 *Idem* 244; Redden ea *Modern legal systems cyclopedia* (1990) 3.240.12.

9 Bv die Prescription Act 1469 en die Tutors Act 1474: *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 246; Redden ea 3.240.13.

10 *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 246; Smith 19–21.

11 *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 246; Smith 20 22.

12 Soos aangehaal deur Stein "The influence of Roman law on the law of Scotland" 1963 *JR* 216.

13 *Stair memorial encyclopaedia* vol 22 247; Redden ea 3.240.13 ev; Smith 24.

14 *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 363; Cooper "The common and the civil law – a Scots view" 1950 *Harv LR* 468 471; Walker *The Scottish legal system* (1981) 126; McCluskey 1993 *De Rebus* 259; Marshall *General principles of Scots law* (1982) 284; Smith 24; Blaikie "Negligent solicitors and disappointed beneficiaries" 1990 *Scots LT* 317. Sien bv Gloag *The law of contract: a treatise on the principles of contract in the law of Scotland* (1985) 319 waar bevestig word dat die Skotse verbintenisreg (soos die Romeinse verbintenisreg) uit die volgende kategorieë bestaan: (a) *ex contractu*; (b) *quasi ex contractu*; (c) *ex maleficio*; en (d) *quasi ex maleficio*.

'n Wanvoorstelling[15] (wat tot kontraksluiting aanleiding gee[16] of die vorm van 'n kontraktuele waarborg[17] of beding[18] aanneem) is alleen gedingsvatbaar indien dit:[19]

(a) onwaar is;[20]

(b) op 'n bestaande feit slaan;[21]

(c) met 'n feitelike gegewe (nie 'n regsvraag[22] nie) handel;[23]

---

15 Wat uitdruklik, deur gedrag of nie-openbaarmaking gemaak kan word: Walker *Principles of Scottish private law* (1988) (*Principles*) 75 76–77; Walker *The law of contracts and related obligations in Scotland* (1985) (*Contracts*) 261 ev; *Beddie v Milroy* 1812 Hume 695; *Schneider v Heath* (1813) 3 Champ 506; *Murray v Selkrig* (1815) 18 Fac Coll 176; *Paul v Old Shipping Co* (1816) 1 Mur 64; *Broatch v Jenkins* (1866) 4M 1030; *White v Dougherty* (1891) 18R 972; *Murray v Marr* (1892) 20R 119; *Ferguson v Wilson* (1904) 6F 779; *Boyd and Forrest v The Glasgow South-Western Railway Co* 1912 SC 93 (HL); *Shankland v Robinson* 1920 SC 103 (HL); *Park v Anderson Brothers* 1924 SC 1017; *Zurich General Accident Insurance Co v Leven* 1940 SC 406. In *Cullen's Trustee v Johnston* (1865) 3M 935 936 beslis die hof: "A representation may be false by reason not only of positive misstatements made in it, but by reason of intentional suppressions, whereby the information it gives assumes a false colour, giving a false impression, and leading necessarily, or almost necessarily, to erroneous conclusions."

16 Die wanvoorstelling word gedurende die onderhandelingsfase gemaak, en vorm nie deel van die kontrak nie: *Behn v Burness* (1863) 1 B & S 751; *Manners v Whitehead* (1898) 1F 171; *Hay v Rafferty* (1899) 2F 302.

17 *Hunter v Carson* (1824) 2S 596; *Kembles v Mitchell* (1831) 9S 648; *Johnstone v Owen* (1845) 7D 1046; *Park v Gould* (1851) 13D 1049; *Wallace v Gibson* (1895) 22R 56 (HL).

18 *Woods v Tulloch* (1893) 20R 477; *Robey and Co Ltd v Stein and Co* (1900) 3F 278. Om te bepaal of 'n wanvoorstelling deel is van 'n kontraktuele beding is 'n feitevraag: *Behn v Burness* hierbo; *Bentsen v Taylor Sons and Co* (1832) 2 QB 274; *Huyslop v Shirlaw* (1905) 7F 875; *Paul and Co v Corporation of Glasgow* (1900) 3F 119; *Crichton and Stevenson v Love* 1908 SC 818. In hierdie geval is die benadeelde op alle kontraktuele remedies geregtig wat skadevergoeding insluit: *Wade v Waldon* 1909 SC 571; *Bentsen v Taylor Sons and Co* hierbo; *Behn v Burness* hierbo.

19 Dunedin, Wark en Black *Encyclopaedia of the laws of Scotland* vol 10 (1930) 54–56; Wilkinson ea *Gloag and Henderson Introduction to the law of Scotland* (1987) 89 ev; Walker *Contracts* 257–260; Gloag *Contract* 462; Walker *The law of damages in Scotland* (1955) 62–63.

20 Walker *Principles* vol 2 (1988) 75; *Contracts* 257; *The law of civil remedies in Scotland* (1974) (*Civil remedies*) 482; *Damages* 62; *MacDonald v Fyfe Ireland and Dangerfield* (1895) 3 SLT 124.

21 *Jordan v Money* (1854) 5 HLC 185; *Stewart v Kennedy* (1890) 17R 1 (HL); *Jackson v Stopford* 1923 2 Ir R 1; *Zurich General Accident Insurance Co v Leven* hierbo; Woolman *An introduction to the Scots law of contract* (1987) 79; Gloag *Contract* 462; Marshall *Scottish cases on contract* (1978) (*Cases*) 100; Walker *Principles* 75; *Contracts* 257; *Civil remedies* 482; *Damages* 62.

22 'n Regsmening aangaande 'n buitelandse regsvraag of die regsgevolge van 'n kontrak kan wel as 'n wanvoorstelling kwalifiseer: *Leslie v Baillie* (1843) 2 Y & CCC 91; *Stewart v Kennedy* hierbo; *Lendrum or Chakravarti v Chakravarti* 1929 SLT 96; Walker *Principles* 75; *Damages* 62–63; Wilkinson ea 90; Gloag *Contract* 462–463.

23 So kwalifiseer verkoopspraatjies, beloftes en die uitspreek van 'n mening of voorspelling regtens nie as 'n wanvoorstelling nie: *Dimmock v Hallett* (1866) LR 2 Ch 21; *Rashdall v Ford* (1866) LR 2 Eq 750; *City of Edinburgh Brewery Co v Gibson's Trustee* (1869) 7M 886; *Reese River Silver Mining Co v Smith* (1869) LR 4 (HL) 64; *Gowans v Christie* (1873) 11M 1 (HL); *Edgington v Fitzmaurice* (1885) 29 Ch 459; *Dunnett v Mitchell* (1887) 15R 131; *Paul and Co v Corporation of Glasgow* hierbo; *Ferguson v Wilson* hierbo; *Bell Brothers (HP) Ltd v Reynolds* 1945 SC 213; *Flynn v Scott* 1949 SC 442 (OH); Wilkinson ea 90; Walker *Principles* 75–76; *Contracts* 258–260; *Civil remedies* 482; *Damages* 62–63; Gloag *Contract* 462; Marshall *Cases* 100.

(d) wesenlik is;[24]

(e) die geadresseerde oortuig het om anders te handel as wat hy in afwesigheid van die wanvoorstelling sou doen;[25]

(f) deur die voorsteller (nie 'n derde nie) aan die geadresseerde gemaak is;[26] en

(g) veroorsaak dat die geadresseerde in *error* verkeer.[27]

'n Wanvoorstelling[28] maak 'n kontrak vernietigbaar[29] en nie nietig nie.[30] Waar die wanvoorstelling egter so wesenlik is dat *consensus* daardeur uitgesluit word,

---

24 *Royal Bank v Ranken* (1844) 6D 1418; *Kennedy v Panama Mail Co* (1867) LR 2 QB 580; *City of Edinburgh Brewery Co v Gibson's Trustee* hierbo; *Smith v Chadwick* (1882) 20 Ch 27; *Lees v Tod* (1882) 9R 807; *Menzies v Menzies* (1893) 20R 108 (HL); *Woods v Tulloch* hierbo; *Stewart v Kennedy* hierbo; *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustee* 1910 SC 257; *Ritchie v Glass* 1936 SLT 591; *Winram v Finlayson* 1977 SC 19; Walker *Principles* 80; *Contracts* 257 267–268; *Civil remedies* 482; *Damages* 63; Woolman 79. Die vereiste van wesenlikheid is nie op kontrakte *uberrimae fidei* van toepassing nie omdat alle voorstellings in hierdie geval wesenlik is: *Dawsons Ltd v Bonnin* 1922 SC 156 (HL); *Glicksman v Lancashire and General Assurance Co* 1927 AC 139; Woolman 79–80. In *Ritchie v Glass* hierbo 593–594 word die inhoud en aard van wesenlikheid in geval van 'n wanvoorstelling soos volg gestel: "[T]hat matter need not be an essential of the contract, but it must be material and of such a nature that not only the contracting party but any reasonable man might be moved to enter into the contract."

25 *Attwood v Small* (1835) 6 Cl & Fin 305; *McLellan v Gibson* (1843) 5D 1032; *Gillespie v Russel* (1856) 18D 677; *Western Bank v Addie* (1867) 5M 80 (HL); *Lees v Tod* hierbo; *Arnison v Smith* (1889) 41 Ch 348; *Jordan v Money* hierbo; *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustee* hierbo; *Robinson v National Bank of Scotland* 1916 SC 154 (HL). Dus analoog aan die vereiste van *dolus dans causam contractui*, in teenstelling met *dolus incidens in contractum: National Exchange Co v Drew* (1860) 23D 1; *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustees* hierbo; *Boyd and Forrest v The Glasgow South-Western Railway Co* hierbo; Walker *Principles* 81; *Contracts* 270 ev; *Civil remedies* 482; *Damages* 63; Gloag *Contract* 469. Die wanvoorstelling hoef egter nie die enigste faktor te wees wat die geadresseerde oortuig het om te kontrakteer nie: *Falconer v N of S Bank* (1863) 1M 764; *Western Bank v Addie* hierbo; *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustee* hierbo.

26 *Forth Marine Insurance Co v Burness* (1848) 10D 689; *Hockey v Clydesdale Bank* (1898) 1F 119; *Aitken v Pyper* (1900) 8 SLT 258; *Gillies v Campbell Shearer and Co* (1902) 10 SLT 289; *Laing v Provincial Homes Investment Co* 1909 SC 812; Walker *Principles* 80; *Contracts* 265–266. Waar 'n wanvoorstelling deur 'n verteenwoordiger in die uitvoering van 'n mandaat gemaak word, is die prinsipaal vir sodanige wanvoorstelling aanspreeklik: *New Brunswick Railway Co v Conybeare* (1862) 9 HL 725; *Western Bank v Addie* hierbo; *Mair v Rio Grande Rubber Estates Co* 1913 SC 74 (HL); Walker *Contracts* 266 ev; Gloag *Contract* 464–465.

27 *McLellan v Gibson* (1843) 5D 1032; *Ehrenbacher v Kennedy* (1874) 1R 1131; *Young v Clydesdale Bank* (1889) 17R 231; *Muir v Rankin* (1905) 13 SLT 60; *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustee* hierbo; *Davies v Hunter* 1934 SC 10; Walker *Principles* 80–81; *Contracts* 268–269. Sien vn 32–33 hieronder oor die onderskeid tussen 'n wanvoorstelling en *error*.

28 Ongeag of die wanvoorstelling onskuldig, nalatig of bedrieglik gemaak is: *Adamson v Glasgow Waterworks* (1859) 21D 1012; *Wilson v Caledonian Railways* (1860) 22D 1408; *Morrisson v Robertson* 1908 SC 332; Walker *Principles* 84. Waar die wanvoorstelling onskuldig gemaak is, het die benadeelde geen *ex delicto* remedie nie. *Adams v Newbigging* (1888) 13 AC 308; *Manners v Whitehead* hierbo; *Boyd and Forrest v The Glasgow South-Western Railway Co* hierbo; Walker *Principles* 652; Wilkinson ea 88; Woolman 80.

29 Wat *restitutio in integrum* tot gevolg het: Walker *Principles* 85; *Contracts* 284. Gedeeltelike *restitutio in integrum* is regtens onmoontlik: *Smyth v Muir* (1891) 19R 81; *United Shoe Machinery Co v Brunet* 1909 AC 330; Gloag *Contract* 480. Die volgende vereistes moet nagekom word alvorens 'n kontrak vernietigbaar is: (a) *Restitutio in integrum* moet regtens

vervolg op volgende bladsy

is die betrokke kontrak nietig.[31] Laasgenoemde is moontlik omdat daar nie 'n besliste onderskeid tussen 'n *error*[32] en 'n wanvoorstelling gemaak word nie en voormelde regsfigure juridies as sinonieme beskou word.[33] Verder maak 'n wanvoorstelling 'n kontrak slegs vernietigbaar indien dit 'n *error* aan die kant van die benadeelde veroorsaak.[34] Die benadeelde moet dus onbewus wees van die ware feite alvorens enige regshulp op grond van 'n wanvoorstelling verleen mag word.[35] 'n Wanvoorstelling aangaande 'n persoon se kredietwaardigheid maak 'n kontrak vernietigbaar slegs indien dit op skrif gestel is.[36]

Daar bestaan geen algemene openbaringsplig in die Skotse reg nie.[37] *Caveat emptor*[38] is 'n stelreël wat steeds algemene aanwending vind.[39] Gevalle waar

---

moontlik wees; (b) die kontrak moet nie deur die benadeelde aanvaar wees nie; en (c) die aksie moet so spoedig moontlik gebring word (sien Woolman 83; *Morrisson v Robertson* hierbo; *MacLeod v Kerr* 1965 SC 253).

30 *Tulloch v Davidson* (1860) 22D 7 (HL); *Graham v Western Bank* (1864) 2M 559; *Western Bank v Addie* hierbo; *Stewart v Kennedy* hierbo; *Woods v Tulloch* hierbo; *Ferguson v Wilson* hierbo; *Price and Pierce v Bank of Scotland* 1912 SC 19 (HL); *Edgar v Hector* 1912 SC 348; *Macleod v Kerr* hierbo; Walker *Damages* 63; *Principles* 74–75; *Contracts* 280 284; Gloag *Contract* 456 471; Marshall *Cases* 91 ev. Alhoewel daar regsonsekerheid bestaan, blyk dit dat 'n wanvoorstelling *essentialibus* moet wees alvorens dit 'n kontrak vernietigbaar maak: *Hart v Fraser* 1907 SC 50; *Boyd and Forrest v The Glasgow and South-Western Railway Co* hierbo; *Woods v Tulloch* hierbo; Walker *Principles* 75 84 ev; Wilkinson ea 89; Woolman 79 80; Marshall *Principles* 285; *Cases* 102 ev. Waar die wanvoorstelling skuldloos is, kan geen skadevergoeding *ex delicto* geëis word nie: *Stewart v Kennedy* hierbo; *Manners v Whitehead* hierbo; Walker *The law of delict in Scotland* (1981) 901; *Civil remedies* 483 ev. Indien die skuldlose wanvoorstelling egter deel van 'n kontraktuele beding vorm, kan skadevergoeding *ex contractu* verhaal word: Walker *Damages* 64. Waar die wanvoorstelling bedrieglik of nalatig gemaak is, kan daar benewens terugtrede ook skadevergoeding geëis word: Walker *Civil remedies* 482; par 4 hieronder.

31 *Adamson v Glasgow Water Works* hierbo; *Morrisson v Robertson* hierbo; Walker *Principles* 75; *Contracts* 280–281 284; Marshall *Cases* 88 ev.

32 Volgens Walker *Contracts* 281–283 word *error* in die volgende kategorieë ingedeel, nl ingevolge die (a) aard van die kontrak; (b) ware identiteit van die persoon met wie gekontrakteer word; (c) aard van die prestasie wat gelewer moet word; (d) omvang van die prestasie wat gelewer moet word; en (e) die wese ("subject matter") van die kontrak.

33 Walker *Principles* 74; *Contracts* 257 268–270.

34 *Attwood v Small* hierbo; *Ehrenbacher v Kennedy* hierbo; *Young v Clydesdale Bank* (1889) 17R 231; *Edinburgh United Breweries v Molleson* (1893) 20R 581; *Menzies v Menzies* hierbo; *McMorland's Trustees v Fraser* (1896) 24R 65; *Muir v Rankin* hierbo; *MacLeish v British Linen Bank* 1911 2 SLT 168; *Westville Shipping Co v Abram Shipping Co* 1922 SC 571; *Davies v Hunter* hierbo; *Ritchie v Glass* hierbo; *McCulloch v McCulloch* 1950 SLT 29; Walker *Contracts* 268–269; *Civil remedies* 482; *Damages* 62; Gloag *Contract* 468 472–473.

35 *Begbie v Phosphate Sewage Co* 1875 1 QB 679; *Paterson v Landsberg* (1907) 7F 675; Gloag *Contract* 468–469.

36 A 6 Mercantile Law Amendment (Scotland) Act, 1856; *Scott v Steele* (1857) 20D 253; *Robeson v Waugh* (1874) 2R 63; *Rough v Moir and Son* (1875) 2R 529; *Clydesdale Bank v Paton* (1896) 23R 22 (HL); *Robey and Co Ltd v Stein and Co* hierbo; *Huyslop v Shirlaw* hierbo; *Union Bank of Scotland v Taylor* 1925 SC 835; Gloag *Contract* 473–474; Walker *Damages* 65.

37 *Morison v Boswell* 1801 Hume 679; *Paterson v Allen* 1801 Hume 681; *Gillespie v Russel* hierbo; *Young v Clydesdale Bank* hierbo; *Murray v Marr* hierbo; *Park v Anderson Brothers* hierbo; *N of S Bank v Mackenzie* 1925 SLT 236; *Walker v Greenock Hospitals Board* 1951 SC 464; Walker *Principles* 77–78; Woolman 79–80; Gloag *Contract* 257; Marshall *Cases* 93 ev.

daar wel 'n spesifieke openbaringsplig bestaan, is by kontrakte *uberrimae fidei*,[40] waar die nie-openbaarmaking *per se* 'n wanvoorstelling sal meebring,[41] waar daar 'n fidusiêre verhouding tussen die partye bestaan[42] en waar nuwe feite (wat na kontraksluiting aan die lig kom) openbaarmaking noodsaak.[43]

Slegs persone wat direk of by implikasie deur die wanvoorstelling aangespreek is, het *locus standi* om op grond daarvan te litigeer.[44]

4 BESONDERE BEGINSELS RAKENDE NALATIGE WANVOORSTELLING

Alhoewel die Skotse positiewe reg aanvanklik nie 'n onderskeid gemaak het tussen onskuldige en nalatige wanvoorstelling nie,[45] bestaan daar tans 'n definitiewe onderskeid tussen onskuldige,[46] nalatige[47] en bedrieglike[48] wanvoorstelling.

---

38 Waar handelsware foutief omskryf word, geld die bepalings van die Trade Descriptions Act, 1968 wat bloot strafregtelike sanksies skep maar nie die regsgeldigheid van die kontrak raak nie: Walker *Contracts* 285.

39 *Murray v Marr* hierbo; Walker *Contracts* 263. Daar rus egter nie 'n verpligting op die geadresseerde om die korrektheid van elke voorstelling na te gaan nie: *Scottish Widows' Fund v Buist* (1876) 3R 1078; *Bloomenthal v Ford* 1897 AC 156; Gloag *Contract* 470–471.

40 *Stirling and Robertson v Goddard* (1822) 1 Ch App 238; *Buist v Scottish Equitable* (1878) 5R 64 (HL); *Harvey v Seligmann* (1883) 10R 680; *Blackburn v Vigors* (1886) 12 AC 531; *Zurich General Accident Insurance Co v Leven* hierbo; *Walker v Greenock Hospital Board* hierbo; *McCartney v Laverty* 1968 SC 207; Walker *Principles* 79; *Contracts* 263–264; Gloag *Contract* 257 471–472; Marshall *Cases* 98 ev.

41 *Schneider v Heath* hierbo; *Dimmock v Hallett* hierbo; *White v Dougherty* hierbo; *Smith v Soeder* (1895) 23R 60; *Patterson v Landsberg* hierbo; *Edgar v Hector* hierbo; *Royal Bank v Greenshields* 1914 SC 259; *Shankland v Robinson* hierbo; *Gibson v National Cash Register Co Ltd* 1925 SC 500; *Curtis v Chemical Cleaning Co* 1951 1 KB 805; Walker *Principles* 79; *Contracts* 265; Gloag *Contract* 459; Marshall *Cases* 95 ev.

42 *York Buildings Co v Mackenzie* (1795) 3 Pat 378; *Irvine v Kirkpatrick* (1850) 7 Bell 186; *Smith Cuninghame v Anstruther's Trustees* (1872) 10M 39 (HL); *Dempster v Raes* (1873) 11M 843; *Gillespie v Gardner* 1909 SC 1053; *Burrell v Burrell's Trustee* 1915 SC 333; *Park v Anderson Brothers* hierbo; Walker *Principles* 79; *Contracts* 264; Gloag *Contract* 488.

43 *Brownlie v Miller* (1880) 7R 66 (HL); *Blakiston v London and Scottish Banking and Discount Corporation Ltd* (1894) 21R 417; *Shankland v Robinson* hierbo; Walker *Principles* 79; *Contracts* 264–265; Gloag *Contract* 460–461.

44 *Macfarlane Strang and Co v Bank of Scotland* (1903) 40 SLR 746; *M'Lintock v Campbell* 1916 SC 966; Wilkinson ea 90; Walker *Contracts* 265 287; Gloag *Contract* 483.

45 Walker *Principles* 82; *Civil remedies* 482.

46 'n Wanvoorstelling is onskuldig indien die voorsteller *bona fide* in die waarheid daarvan glo: Walker *Contracts* 279; *Damages* 63; Gloag *Contract* 471; *Angus v Clifford* hierbo; *Ferguson v Wilson* hierbo.

47 'n Voorsteller is nalatig indien hy versuim om die nodige redelike sorg ("reasonable care") aan die dag te lê om seker te maak dat die inhoud van die voorstelling feitelik korrek is: *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* 1979 SC 422; *Foster v Craigmillar Laundry* 1980 SLT 100; *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 281; Woolman 82; Walker *Contracts* 274–275; *Civil remedies* 483; Gloag *Contract* 477.

48 'n Wanvoorstelling is bedrieglik indien die voorsteller bewus daarvan is dat die voorstelling onwaar is, of indien dit roekeloos gemaak word sonder dat die voorsteller omgee of dit waar is of nie: *Western Bank v Addie* hierbo; *Brownlie v Miller* hierbo; *Lees v Tod* hierbo; *Boyd and Forrester v The Glasgow and South-Western Railway Co* hierbo; *Smith v Sim* 1954 SC 357 (OH); Woolman 81; Walker *Contracts* 272–273; *Civil remedies* 483; *Damages* 63; Gloag *Contract* 475; Marshall *Cases* 110. In geval van 'n bedrieglike wanvoorstelling is 'n benadeelde ook op gederfde wins geregtig: *East v Maurer* hierbo.

vervolg op volgende bladsy

Van besondere belang vir hierdie bydrae is die feit dat die Skotse reg 'n algemene aanspreeklikheidsnorm op grond van nalatigheid erken.[49] Gevolglik kan 'n voorsteller vir skadevergoeding weens 'n nalatige wanvoorstelling (wat nie tot kontraksluiting aanleiding gegee het nie) aanspreeklik wees.[50] Die grondslag van aanspreeklikheid is deliktueel[51] en skadevergoeding word dienooreenkomstig bereken.[52] 'n Absolute voorvereiste is dat daar 'n "duty of care"[53] (onafhanklik van 'n kontrak[54]) moet bestaan om in die betrokke omstandighede nie 'n nalatige wanvoorstelling te maak nie.[55] Hierdie skadevergoedingsaksie is ook beskikbaar waar die nalatige wanvoorstelling deur 'n derde gemaak is.[56]

Indien 'n nalatige wanvoorstelling deur 'n kontraksparty tot kontraksluiting aanleiding gegee het, was die benadeelde aanvanklik[57] slegs op terugtrede maar

---

Alhoewel teensinnig, is die Engelse sleutelbeslissing *Derry v Peek* (1898) 14 AC 337 (HL) as deel van die Skote reg aanvaar: *Gamage Ltd v Charlesworth's Trustee* hierbo; *Boyd and Forrest v The Glasgow and South Western Railway Co* hierbo; Walker *Contracts* 274.

49 *Kemp and Dougall v Darngavil Coal Co Ltd* 1909 SC 1314; McCluskey 1993 *De Rebus* 259.

50 *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 281; Walker *Principles* 75 86; *Contracts* 276 284; *Civil remedies* 483 493 1012; *Damages* 62; Woolman 80; Marshall 284; Smith (TB) 862; *Graham v Western Bank* hierbo; *Campbell v Blair* (1897) 5 SLT 28; *Manners v Whitehead* hierbo; *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* 1913 AC 30; *Bryson and Co v B* (1916) 1 SLT 361; *Robinson v National Bank of Scotland* hierbo; *Barnes v Cadogan Developments Ltd* 1930 1 Ch 479; *Smith v Sim* hierbo; *Macleod v Kerr* hierbo; *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo; *Oliver v Douglas* 1981 SC 192. Aldus word die Engelse beslissings *Hedley Byrne and Co Ltd v Heller and Partners Ltd* 1963 2 All ER 575 en *Esso Petroleum Co v Mardon* 1975 1 All ER 203 aanvaar as synde in ooreenstemming met die Skotse reg. Daarenteen blyk dit dat *Derry v Peek* hierbo in stryd met die algemene beginsels van die Skotse verbintenisreg is: *Oliver v Suttie* (1840) 2D 514; *Campbell v Boswall* (1841) 3D 639; *Cullen's Trustee v Johnston* hierbo; *Brownlie v Miller* hierbo; *Lees v Tod* hierbo; *Dunnett v Mitchell* (1887) 15R 131; Gloag *Contract* 478; Walker *Delict* 899.

51 Walker *Delict* 899 is van mening dat die voorsteller redelikerwys moet voorsien dat die benadeelde op sterkte van die nalatige wanvoorstelling sal handel en dat skade daardeur veroorsaak sal word. Dieselfde aanspreeklikheidsvereistes as in geval van 'n bedrieglike wanvoorstelling word gestel: Walker *Delict* 900; *Damages* 65; Smith 674 739 834–835 862.

52 *Thin and Sinclair v Arrol* (1896) 24R 198; *Robbie v Graham and Sibbald* 1989 SC 578 (OH); Marshall 284; Walker *Civil remedies* 483; *Contracts* 265 275 284. Walker *Civil remedies* 1012 verklaar: "*Prima facie* the damages recoverable in such a case should be compensation for all loss which follows naturally and directly from reliance on the misrepresentation . . . but not such speculative loss as profit which might have been made if the representation had been true." Sien ook sy *Damages* 65 waar dieselfde standpunt gehuldig word. In *Watts v Morrow* 1991 WLR 1421 word hierdie berekeningsmetode verder onderskryf; die hof bevind dat die omvang van die skade die verskil tussen die werklike en voorgestelde waarde van die eiendom is.

53 Sien vn 66–79 hieronder tav hierdie "duty of care".

54 Walker *Delict* 900.

55 *Young v Clydesdale Bank* hierbo; *French v Cameron* (1893) 20R 966; *Aitken v Pyper* hierbo; *Russel v Farrell* (1900) 2F 892; *Arenson v Casson Beckman Rutley and Co* 1977 AC 405; Gloag *Contract* 477; Walker *Delict* 899. Die bestaan van 'n fidusiêre verhouding is nie 'n absolute voorvereiste om aanspreeklikheid daar te stel nie: Marshall 284.

56 *Webster v Christie* (1813) 1 Dow 247; *Young v Clydesdale Bank* hierbo; *Thin and Sinclair v Arrol* hierbo; *Aitken v Pyper* hierbo; *Robinson v National Bank of Scotland* hierbo; *Fortune v Young* 1918 SC 1; Walker *Contracts* 288.

57 Dit is egter onduidelik wat die werklike regsposisie was: Woolman 82; Gloag *Contract* 480. Walker *Delict* 896–897 meld egter: "It is a more difficult question whether damages are

vervolg op volgende bladsy

nie skadevergoeding nie, geregtig.[58] 'n Verdere anomalie het egter ontwikkel deurdat 'n benadeelde wel op skadevergoeding geregtig was indien die nalatige wanvoorstelling (wat tot kontraksluiting aanleiding gegee het) deur 'n derde gemaak is.[59]

Artikel 10(1) van die Law Reform (Miscellaneous Provisions) (Scotland) Act, 1985[60] het voormelde regsposisie[61] soos volg gewysig:

> "A party to a contract who has been induced to enter into it by negligent misrepresentation made by or on behalf of another party[62] to the contract shall not be disentitled, by reason only that the misrepresentation is not fraudulent, from recovering damages from the other party in respect of any loss or damage he has suffered as a result of the misrepresentation; and any rule of law that such damages cannot be recovered unless fraud is proved shall cease to have effect."[63]

Die geadresseerde moet in laasgenoemde geval steeds nalatigheid,[64] kousaliteit[65] en die aanwesigheid van 'n "duty of care"[66] bewys.[67] Daar bestaan egter nie 'n

---

recoverable *ex delicto* for loss caused by a negligent misrepresentation. It is clear that they can be recovered *ex contractu*, as between parties bound by contract, where one owes the other a contractual duty not to cause him loss, and is in breach thereof."

58 *Manners v Whitehead* hierbo waar die hof nie eers die kwessie van nalatigheid ondersoek het nie maar sonder meer die skadevergoedingseis van die hand gewys het. Sien ook *Brownlie v Miller* hierbo; *Dunnett v Mitchell* (1887) 15R 131; *Boyd and Forrest v The Glasgow and South-Western Railway* hierbo; Forte "Negligent Misrepresentation Law Reform (Miscellaneous Provisions) (Scotland) Act 1985 s 10" 1988 *Journal of the Law Society of Scotland* 93; Gloag *Contract* 471 478–479. Indien 'n bedrieglike wanvoorstelling gemaak is, was die benadeelde wel op terugtrede en skadevergoeding geregtig: *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 281; *Western Bank v Addie* hierbo. Waar die wanvoorstelling egter deel van 'n kontraktuele beding vorm, is die benadeelde op skadevergoeding geregtig: vn 83 hieronder. Indien die nalatige wanvoorstelling nie deel van 'n kontraktuele beding vorm nie, is dit steeds moontlik dat dit 'n kollaterale kontrak kan daarstel: *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* 1913 AC 30; Walker *Principles* 87; vn 93–94 hieronder.

59 Scottish Law Commission *Obligations: report on negligent misrepresentation* no 92 (1985) 2. Die rede vir hierdie anomalie is dat *Manners v Whitehead* hierbo steeds deur die positiewe reg as gesag aanvaar is. Sien veral *Foster v Craigmillar Laundry Ltd* hierbo; *Eastern Marine Services (and Supplies) Ltd v Dickson Motors Ltd* 1981 SC 355; *Twomax Ltd v Dickson McFarlane and Robinson* 1983 SLT 98 waar die howe uitdruklik bevind het dat *Manners v Whitehead* hierbo steeds van krag is.

60 Aanbeveel deur die Skotse Regskommissie (vn 59 hierbo).

61 Dws slegs daardie gevalle waar die nalatige wanvoorstelling tot kontraksluiting aanleiding gee: Scottish Law Commission *Negligent misrepresentation* 5.

62 Sien *Andrew Oliver and Son Ltd v Douglas* 1981 SC 192 waar die nalatige wanvoorstelling deur 'n derde gemaak is. Dus is bg anomalie uitdruklik deur die wetgewer ondervang: vn 60 hierbo.

63 Sodoende is die regsposisie soos uiteengesit in *Manners v Whitehead* hierbo uitdruklik deur die wetgewer gewysig. Sien ook Wilkinson ea 89; Woolman 82. Volgens Forte 93 sal die regsreëls ingevolge hierdie wetgewing *in tandem* met die bestaande deliktereg moet ontwikkel. Die regskommissie *Negligent misrepresentation* 7 bevind uitdruklik dat die gemeenregtelike reëls tov 'n nalatige wanvoorstelling wat nie tot kontraksluiting aanleiding gee nie, geen statutêre ingryping noodsaak nie.

64 As algemene reël is dit makliker om nalatigheid as bedrog te bewys, maar die bewys van nalatigheid is steeds problematies: *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 282. Forte 93 wys daarop dat die stelreël *res ipsa loquitur* van geen nut in die onderhawige geval is nie.

65 *McGhee v National Coal Board* 1973 SLT 14; Wilkinson ea 553–554. Kousaliteit word as 'n feitevraag (nie 'n regsvraag nie) hanteer: *Leyland Shipping Co v Norwich Union*

vervolg op volgende bladsy

algemene "duty of care" om nie 'n nalatige wanvoorstelling te maak nie.[68] 'n "Duty of care" om nie 'n wanvoorstelling te maak nie, bestaan sonder meer waar[69] –

(a) 'n nalatige wanvoorstelling binne besigheidsverband gemaak is;[70]

(b) die voorsteller oor besondere vaardighede beskik;[71]

(c) daar 'n "special relationship"[72] tussen die partye is;[73]

(d) die voorsteller bewus is of redelikerwys bewus moes wees dat die geadresseerde op die voorstelling staatmaak;[74] of

---

Fire Insurance Co 1918 AC 350; *Yorkshire Dale SS Co v MOWT* 1942 AC 691; *Brown v MOP* 1946 SC 471; *Boy Andrew v St Rognvald* 1947 SC 70 (HL).

66 In *Bourhill v Young* 1942 SC 78 (HL) 88 word hierdie "duty of care" soos volg omskryf: "The duty to take care is the duty to avoid doing or omitting to do anything the doing or omitting to do which may have as its reasonable and probable consequence injury to others, and the duty is owed to those to whom injury may reasonably and probably be anticipated if the duty is not observed." Sien ook *Muir v Glasgow Corporation* 1944 SLT 62 vir 'n soortgelyke omskrywing.

67 *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 282; Forte 94; Walker *Contracts* 275; *Andrew Oliver and Son Ltd v Douglas* hierbo. Forte 97 is van mening dat daar op die geadresseerde 'n plig is om self die korrektheid van die voorstelling na te gaan.

68 *Robinson v National Bank of Scotland* hierbo. Daarenteen bestaan daar altyd 'n "duty of care" om nie 'n bedrieglike wanvoorstelling te maak nie: Walker *Principles* 80; *Contracts* 276; *Delict* 899; Gloag *Contract* 477; Wilkinson ea 547; Blaikie 1990 *Scots LT* 317. In *Midland Bank v Cameron Thom Peterkins and Duncans* 1988 SC 209 (OH) 216 stel die hof die volgende vereistes alvorens daar 'n "duty of care" deur 'n prokureur teenoor 'n derde bestaan om nie benadeling deur 'n nalatige wanvoorstelling te veroorsaak nie: "(1) The solicitor must assume responsibility for the advice or information furnished to the third party. (2) The solicitor must let it be known to the third party expressly or impliedly that he claims, by reason of his calling, to have the requisite skill or knowledge to give the advice or furnish the information. (3) The third party must have relied upon that advice or information as matter for which the solicitor has assumed personal responsibility. (4) The solicitor must have been aware that the third party was likely so to rely." In *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo word soortgelyke vereistes vir die bestaan van 'n "duty of care" gestel.

69 *Argy Trading Development Co Ltd v Lapid Developments Ltd* 1977 3 All ER 785; *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo; *Foster v Craigmillar Laundry Ltd* hierbo; Forte 94; Scottish Law Commission *Negligent misrepresentation* 3–4.

70 *Arenson v Casson Beckman Rutley and Co* hierbo; *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo; *Foster v Craigmillar Laundry Ltd* hierbo; *Eastern Marine Services v Dickson Motors Ltd* hierbo; *Twomax v Dickson McFarlane and Robinson* hierbo; *Luxmoore-May v Messenger May Baverstock* 1990 WLR 1009; Walker *Contracts* 278–279; *Delict* 899–900; Gloag *Contract* 477.

71 Sien veral *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo; *Foster v Craigmillar Laundry Ltd* hierbo; *Eastern Marine Services v Dickson Motors Ltd* hierbo; *Twomax v Dickson McFarlane and Robinson* hierbo en *Luxmoore-May v Messenger May Baverstock* hierbo waar hierdie beginsel aanvaar is. Sien ook Walker *Contracts* 278–279.

72 Of daar 'n "special relationship" aanwesig is of nie, is 'n feitevraag wat van elke geval se besondere omstandighede afhang: Forte 94. Die regskommissie *Negligent misrepresentation* 6 bevind egter dat 'n "contractual or pre-contractual relationship" nie *per se* 'n "special relationship" daarstel nie, maar dat elke geval nav die besondere omstandighede beoordeel moet word. Die nabyheid ("proximity") van die partye se verhouding is 'n belangrike faktor om te bepaal of daar 'n "special relationship" aanwesig is: Walker *Delict* 899.

73 *Fortune v Young* 1918 SC 1; *John Kenway Ltd v Orcantic Ltd* hierbo; Gloag *Contract* 477; Walker *Delict* 900.

74 *Al Nakib Investments (Jersey) Ltd v Longcroft* 1990 WLR 1390; Walker *Contracts* 278–279 en gesag aldaar.

(e) daar 'n kontraktuele verhouding tussen die partye bestaan.[75]

Alhoewel daar 'n duidelike onderskeid tussen onregmatigheid[76] en skuld bestaan, blyk dit dat die regsbeginsels rondom nalatigheid en die "duty of care"-begrip vermeng word.[77] Nalatigheid en 'n "duty of care" word na aanleiding van die objektiewe redelike man-toets bepaal.[78] Tog blyk dit dat daar 'n onderskeid gemaak word[79] tussen 'n "duty of care" in geval van

(a) 'n fisiese handeling (wat saak- of persoonskade veroorsaak); en

(b) woorde (wat suiwer vermoënskade tot gevolg het).

Alvorens 'n skadevergoedingsaksie op grond van 'n nalatige wanvoorstelling sal slaag, moet die benadeelde aantoon dat sy vertroue op die voorstelling redelik is.[80] Die voorsteller beskik egter oor 'n geldige verweer indien hy kan aantoon dat hy redelike gronde het om in die waarheid van die voorstelling (of die bron waarop die voorstelling berus), te glo.[81]

Indien die nalatige wanvoorstelling egter deel vorm van 'n kontraktuele beding,[82] is die benadeelde op al die normale kontraktuele remedies, wat

---

75 *London Joint Stock Bank v Macmillan* 1918 AC 777; Gloag *Contract* 478. Die grondslag van die skadevergoedingsaksie is in hierdie geval kontraktueel: *Robinson v National Bank of Scotland* hierbo; *Luxmoore-May v Messenger May Baverstock* hierbo; Gloag *Contract* 286.

76 Onregmatigheid word op menslike belange gebaseer en enige skending van 'n privaat- of openbare reg is onregmatig. Eweneens is enige skuldige handeling (of late) onregmatig maar nie gedingsvatbaar nie, tensy kousaliteit tussen die handeling (of late) en die gevolg daarvan, tesame met skade bewys is: *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 362–363 367.

77 *Idem* 362–369. Ten einde nalatigheid te bewys, moet die benadeelde aantoon dat die verweerder 'n "duty of care" gehad het om redelike sorg aan die dag te lê, dat voormelde "duty of care" verbreek is en dat die nie-nakoming van hierdie "duty of care" skade veroorsaak het: Wilkinson ea 547.

78 *Muir v Glasgow Corporation* hierbo; *Bolton v Stone* 1951 AC 850; *Overseas Tankship (UK) v Miller Steamship Co* 1966 3 WLR 498; *Stair memorial encyclopaedia* vol 11 366–367; Wilkinson ea 547 552.

79 Gloag *Contract* 477.

80 Yates en Hawkins *Standard business contract: exclusions and related devices* (1986) 140; Forte 94.

81 *Dovey v Corey* 1901 AC 477; *Re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 Ch 407; Forte 95. Tav statutêre verwere in die onderhawige geval, sien bv a 151(1) en 167(1) van die Financial Services Act, 1986 wat maatskappydirekteure (in sekere omstandighede) teen aanspreeklikheid weens 'n nalatige wanvoorstelling in 'n prospektus vrywaar.

82 Dit is egter problematies om te bepaal of 'n nalatige wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm of uitsluitlik 'n wanvoorstelling is: *Robey and Co Ltd v Stein and Co* hierbo; Wilkinson ea 89–90; Gloag *Contract* 266–268; Walker *Damages* 64. Die bedoeling van die partye, die tydstip waarop die voorstelling gemaak is, skrifstelling, die kundigheid van die voorsteller en die steun wat die benadeelde op die wanvoorstelling plaas, is belangrike faktore om te bepaal of die wanvoorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm of nie: *Scott v Steele* hierbo; *Robeson v Waugh* hierbo; *Rough v Moir and Son* hierbo; *Paul and Co v Corporation of Glasgow* hierbo; *Hyslop v Shirlaw* hierbo; *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* hierbo; *Harrison v Knowles and Foster* 1918 1 KB 608; Woolman 96–97. Waar die voorstelling nie pertinent met die *res* van die betrokke kontrak handel nie, is dit bloot 'n wanvoorstelling en nie 'n kontraktuele beding nie: *Steward v Kennedy* hierbo; *Menzies v Menzies* hierbo; *Hart v Fraser* 1907 SC 50; Gloag *Contract* 467.

skadevergoeding insluit, geregtig.[83] In laasgenoemde geval moet die skadevergoeding ooreenkomstig kontraktuele beginsels bereken word.[84] Dus moet die benadeelde finansieel in die vermoënsregtelike posisie geplaas word asof die wanvoorstelling waar is.[85] Waar 'n koopkontrak ter sprake is, geld die bepalings van die Sales of Goods Act, 1979 wat bepaal dat die benadeelde geregtig is op[86]

> "the estimated loss directly and naturally resulting, in the ordinary course of events, from the seller's breach of contract".

Indien 'n markprys beskikbaar is, word die omvang van die skadevergoeding *prima facie* bereken as

> "the difference between the contract price and the market or current price of the goods at the time or times when they ought to have been delivered, or (if no time was fixed) at the time of the refusal to deliver".[87]

Omdat dit makliker is om te bewys dat 'n voorstelling deel van 'n kontraktuele beding vorm as wat dit is om aan te toon dat dit 'n nalatige wanvoorstelling is, sal die benadeelde eerder eersgenoemde uitweg volg.[88] Slegs skade wat redelik voorsienbaar is en *causa proxima non remota spectatur*,[89] kan verhaal word.[90]

---

83 *Wilson v Caledonian Railway* hierbo; *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* hierbo; *Lawrence v Hull* (1924) 41 TLR 75; Walker *Contracts* 291–292; *Damages* 64; Gloag *Contract* 467.

84 Walker *Principles* 164–165; Wilkinson ea 89.

85 *Fleming v Airdrie Iron Co* (1882) 9R 473; *Stroms Bruks v Hutchison* (1905) 7F 131 (HL); *Dougall v Dunfermline* 1908 SC 151; *D Portland v Wood's Trustees* 1927 SC 1 (HL); *Buchanan and Carswell v Eugene Ltd* 1936 SC 160; *Dudley Brothers v Barnet* 1937 SC 632; *Karlshamns Oljefabriker v Monarch SS Co* 1949 SC 1 (HL); *Jarvis v Swans Tours* 1973 1 QB 233; *Hussey v Eels* 1990 WLR 234; Marshall *Principles* 325. Die omvang van skadevergoeding is 'n feitevraag: *British Westinghouse v Underground Electric Railways Co Ltd* 1912 AC 637; *Karlshamns Oljefabriker v Monarch SS Co* hierbo; *Hussey v Eels* hierbo; Smith 861. In *British Westinghouse Electric and Manufacturing Co Ltd v Underground Electric Railways Co of London Ltd* hierbo 689 beslis die hof dat in geval van kontrakbreuk die benadeelde "is to be placed, as far as money can do it, in as good a situation as if the contract had been performed . . . the fundamental basis is thus compensation for pecuniary loss naturally flowing from the breach". Lg beslissing is in *Hussey v Eels* hierbo as deel van die Skotse reg aanvaar. Dieselfde beginsel geld waar die nalatige wanvoorstelling deur 'n verteenwoordiger in die uitvoering van sy mandaat gemaak is: Walker *Damages* 66.

86 A 51; Marshall 325.

87 *Peach v Chalmers and Co* 1992 SC 423 (OH) waar die omvang van die skade bereken is as die verskil tussen die *pretium* en die markwaarde van die *merx*. Die feit dat die *merx* later vir meer as die markwaarde (en die *pretium*) daarvan verkoop word, het geen invloed op voormelde berekeningsmetode nie: *Hussey v Eels* hierbo.

88 Woolman 98.

89 *Liesbosch v SS Edison* 1933 AC 449; *Malcolm v Dickson* 1951 SC 542; Wilkinson ea 555.

90 *Hadley v Baxendale* hierbo; *Macdonald and Co v Highland Railway Co* (1873) 11M 614; *Hobbs v London and South Western Railway Co* 1874 LR 10; *"Den of Ogil" Co Ltd v Caledonian Railway Co* (1902) 5F 99; *Carmarthenshire CC v Lewis* 1955 AC 549; *Harvey v Singer Co* 1960 SC 155; Wilkinson ea 547–548; Marshall *Principles* 327. Daar rus 'n plig op die benadeelde om alle redelike stappe te doen om die omvang van die skade (waar dit onafgebroke oploop) te beperk: *Ireland and Son v Merryton Coal Co* (1894) 21R 989; *Bellingham v Dhillon* 1973 1 QB 301; *Perry v Sydney Phillips* 1982 WLR 1297; *Hussey v Eels* hierbo; Marshall *Principles* 326; Walker *Civil remedies* 1012; Smith (TB) 860.

Waar die nalatige wanvoorstelling nie spesifiek handel met die *res* waaroor gekontrakteer word nie[91] maar 'n kollaterale aangeleentheid aanspreek, vorm sodanige wanvoorstelling nie deel van 'n kontraktuele beding nie.[92] Die voorsteller kan moontlik op grond van so 'n kollaterale kontrak[93] weens nalatige wanvoorstelling aanspreeklik gehou word.[94]

'n Eis vir suiwer vermoënskade word ook in die onderhawige geval erken.[95] As voorvereiste blyk dit dat daar 'n "special relationship"[96] tussen die betrokke partye moet bestaan alvorens suiwer vermoënskade verhaalbaar is.[97] Skadevergoeding word in die onderhawige geval op die volle omvang van die benadeling,[98] ooreenkomstig werklike en realistiese waardes,[99] bereken.[100] 'n Kontraktuele vrywaring teen aanspreeklikheid weens 'n nalatige wanvoorstelling is aan die bepalings van die Unfair Contract Terms Act, 1977 onderworpe,[101] wat bepaal dat sodanige vrywaring slegs geldig is indien dit redelik en billik is.[102] Deliktuele aanspreeklikheid word beperk[103] deur[104] –

---

91 Of die nalatige wanvoorstelling met die *res* waaroor gekontrakteer word, handel of nie, word deur die bedoeling van die partye bepaal: *Hyslop v Shirlaw* (1905) 7F 875; *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* hierbo; Wilkinson ea 90.

92 Wilkinson ea 90; *Robey and Co Ltd v Stein and Co* hierbo.

93 Sodanige kollaterale kontrak moet aan al die normale kontraktuele vereistes voldoen: *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* hierbo.

94 *British Workman's and General Assurance Co v Wilkinson* (1900) 8 SLT 67; *Heilbutt Symons and Co v Buckleton* hierbo; Walker *Contracts* 285; *Damages* 64.

95 *Robinson v National Bank of Scotland* hierbo; *Dynamco v Holland and Hannen and Cubitts Ltd* 1971 SC 257; *Vauglan v GGPTE* 1984 SLT 44; Walker *Principles* 653; *Al Nakib Investments (Jersey) Ltd v Longcroft* hierbo; *McLeod v Scottish Special Housing Association* 1990 SLT 749 (OH); *Parkhead Housing Association v Phoenix Preservation* 1990 SLT 812 (OH); Wilkinson ea 549–551. Walker *Civil remedies* 1010 meld egter dat "by no means every economic loss justifies a claim for damages against the person responsible".

96 Walker *Delict* 901 is van mening dat daar slegs in geval van 'n kontraktuele verbintenis 'n "duty of care" bestaan om nie suiwer vermoënskade deur 'n nalatige wanvoorstelling te veroorsaak nie. As gesag word aangehaal: *Somerville v Thomson* (1818) 6 Paton 393; *Wilson v Riddell* (1826) 4S 739; *Buchanan v Pearson* (1840) 2D 1177; *Goldie v Goldie* (1842) 4D 1489; *Robertson v Fleming* (1861) 4 Macq 167; *Williamson v Begg* (1887) 14R 720; *Raes v Meek* (1889) 16R (HL) 31; *Tully v Ingram* (1891) 19R 65; *Auchincloss v Duncan* (1894) 21R 1091.

97 *Andrew Oliver and Son Ltd v Douglas* hierbo; *Parkhead Housing Association v Phoenix Preservation* hierbo; Forte 94.

98 Uitgesonderd gederfde wins: *Cassaboglou v Gibb* (1883) 11 QB 797; *Johnston v Braham and Campbell* 1917 1 KB 586; Walker *Civil remedies* 1011.

99 *Twycross v Grant* (1877) 2 CPD 469; *Arkwright v Newbold* (1881) 17 Ch 301; *Glasier v Rolls* (1889) 42 Ch 436; *McConnel v Wright* 1903 1 Ch 546; *Shepheard v Broome* 1904 AC 342; Walker *Civil remedies* 1012.

100 *Polhill v Walter* (1832) 3 B & Ad 114; *Smout v Ilbery* (1842) 10 M & W 1; *Randell v Trimen* (1856) 18 CB 786; *Richardson v Silvester* (1873) LR 9 QB 34; *Wilkinson v Downton* (1897) 2 QB 57; *Starkey v Bank of England* 1903 AC 114; Walker *Civil remedies* 1011. Die omvang van suiwer vermoënskade word nie ooreenkomstig die hipotese, as synde dat die wanvoorstelling waar sou wees, bereken nie: *Twycross v Grant* hierbo; *Broome v Speak* 1903 1 Ch 586; *Clark v Urquhart* 1930 AC 28.

101 'n Nie-kontraktuele vrywaring is nie aan die bepalings van voormelde wet onderworpe nie: *Hadden v City of Glasgow District Council* 1986 SLT 557; Forte 98.

102 Sien a 15(1) 24(4) 25(3)(d). Sien verder *Continental Tyre and Rubber Co Ltd v Trunk Trailer Co Ltd* 1987 SLT 58; Forte 98. 'n Prinsipaal mag hom in soortgelyke omstandighede teen 'n nalatige wanvoorstelling van sy verteenwoordiger vrywaar: *Laing v*

vervolg op volgende bladsy

(a) statutêre maatreëls;[105]

(b) kontraktuele bedinge;[106]

(c) bydraende nalatigheid;[107]

(d) mede-aanspreeklikheid; en

(e) die verwyderdheid van skade ("remoteness of damage").[108]

Alhoewel die regsbeginsels vasstaan waarvolgens 'n skadevergoedingsaksie op grond van 'n nalatige wanvoorstelling (binne en buite kontraktuele verband) erken word, is die riglyne waarbinne hierdie aksie met regsekerheid moet funksioneer nog vir afronding vatbaar.

5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In die Skotse reg het 'n wanvoorstelling 'n spesifieke regstegniese betekenis, naamlik dat dit deur die voorsteller self of sy verteenwoordiger gemaak moet word, uit 'n wesenlike onware verklaring bestaan, op 'n bestaande feit slaan wat met 'n feitelike gegewe handel, die geadresseerde oortuig het om anders op te tree as wat hy in afwesigheid daarvan sou doen en die belangrikste oorsaak vir die geadresseerde se *error* is. Daar word egter nie 'n duidelike onderskeid tussen 'n wanvoorstelling en *error* gemaak nie.

As algemene reël maak 'n wanvoorstelling (met die voorbehoud dat dit 'n *error* aan die kant van die benadeelde moet veroorsaak) 'n kontrak vernietigbaar. Waar die wanvoorstelling egter so wesenlik is dat *consensus* daardeur uitgesluit word, is die betrokke kontrak nietig. Slegs persone wat direk of by wyse van implikasie deur die wanvoorstelling geadresseer is, het *locus standi* om op grond daarvan te ageer.

Aanvanklik was daar nie 'n onderskeid tussen 'n onskuldige en nalatige wanvoorstelling gemaak nie en het eersgenoemde laasgenoemde ingesluit.

Op grond van elke geval se feitelike omstandighede word daar onderskei tussen 'n wanvoorstelling wat –

(a) tot kontraksluiting aanleiding gee;

Provincial Homes Investment Co 1909 SC 812; *Mair v Rio Grande Rubber Estates Co* hierbo; Gloag *Contract* 465–466. Geen kontraktuele vrywaring teen 'n bedrieglike wanvoorstelling is regtens moontlik nie: *Boyd and Forrest v The Glasgow and South-Western Railway Co* hierbo; Walker *Civil remedies* 483; *Damages* 63. Die Engelse beslissing *Smith v Eric S Bush* 1990 1 AC 831 word as in ooreenstemming met die Skotse reg aanvaar: *Robbie v Graham and Sibbald* hierbo.

103 Dieselfde aanspreeklikheidsbeperkende faktore kan aangewend word om oewerlose aanspreeklikheid in geval van 'n nalatige wanvoorstelling te beperk.

104 Marshall 438–441.

105 Bv die Railway Fire Act, 1923 wat bepaal dat die spoorweë vir brandskade aan landbougewasse tot die maksimum bedrag van £200 aanspreeklik is.

106 Hierdie beperking is aan die bepalings van die Unfair Contract Terms Act, 1977 onderworpe. Sien vn 101–102 hierbo.

107 Die Law Reform (Miscellaneous Provisions) (Scotland) Act, 1940 bepaal dat waar die benadeelde bydraend nalatig is, die skadevergoeding ooreenkomstig die persentasie bydraende nalatigheid verminder moet word. Sien ook Marshall *Principles* 445. Geen gesag kon gevind word dat voormelde wet nie op 'n deliktuele skadevergoedingsaksie weens 'n nalatige wanvoorstelling van toepassing is nie.

108 Die toets vir die voorsienbaarheid van skade geld nie in die onderhawige geval nie: *McKillen v Barclay Curle and Co Ltd* 1967 SLT 41. Sien verder vn 89–90 hierbo.

(b) uitsluitlik 'n wanvoorstelling is; en wat

(c) deel vorm van 'n kontraktuele beding.

In laasgenoemde geval is die benadeelde op alle kontraktuele remedies (wat skadevergoeding insluit), geregtig. Faktore wat in ag geneem word om te bepaal of 'n nalatige wanvoorstelling deel vorm van 'n kontraktuele beding, is die tydstip waarop die voorstelling gemaak is, skrifstelling, die kundigheid van die voorsteller, die steun wat die benadeelde op die voorstelling geplaas het en of die voorstelling deel van die *res* van die kontrak uitmaak. Skadevergoeding word in hierdie geval ooreenkomstig kontraktuele beginsels bereken. Die benadeelde moet dus finansieel in die vermoënsregtelike posisie geplaas word asof die wanvoorstelling waar sou wees.

Omdat die Skotse reg 'n algemene aanspreeklikheidsnorm op grond van nalatigheid erken, word 'n deliktuele skadevergoedingsaksie op grond van 'n nalatige wanvoorstelling wat nie tot kontraksluiting aanleiding gegee het nie (sien (b) hierbo), sonder meer erken. Skadevergoeding (wat suiwer vermoënskade insluit) word in hierdie geval ooreenkomstig deliktuele beginsels bereken. Die benadeelde moet dus finansieel in die vermoënsregtelike posisie geplaas word asof die wanvoorstelling nie gemaak is nie. Verder is alle deliktuele aanspreeklikheidsvereistes van 'n bedrieglike wanvoorstelling *mutatis mutandis* in hierdie geval van toepassing.

Indien 'n nalatige wanvoorstelling tot kontraksluiting aanleiding gegee het (sien (a) hierbo), was die benadeelde aanvanklik slegs op terugtrede maar nie op skadevergoeding (*ex delicto*) nie, geregtig. Waar die nalatige wanvoorstelling in voormelde geval egter deel vorm van 'n kontraktuele beding, is skadevergoeding nog altyd *ex contractu* verhaalbaar. Anomalieë wat uit hierdie regsposisie ontwikkel het, was dat –

(a) indien 'n derde deur 'n nalatige wanvoorstelling benadeel is wat tot kontraksluiting aanleiding gegee het, hy 'n deliktuele eis vir skadevergoeding teen die betrokke kontraksparty gehad het; en

(b) indien 'n derde 'n nalatige wanvoorstelling gemaak het wat tot kontraksluiting aanleiding gegee het, 'n benadeelde kontraksparty eweneens 'n deliktuele eis vir skadevergoeding teen die derde gehad het.

Artikel 10 van die Law Reform (Miscellaneous Provisions) (Scotland) Act, 1985 het bogenoemde regsposisie gewysig deur 'n skadevergoedingsaksie (wat suiwer vermoënskade insluit) te erken waar 'n nalatige wanvoorstelling tot kontraksluiting aanleiding gegee het. Die grondslag van hierdie aksie is deliktueel en in ooreenstemming met die bestaande gemeenregtelike beginsels. Nalatigheid, onregmatigheid, kousaliteit en die aanwesigheid van 'n "duty of care" moet steeds bewys word. Nalatigheid word op grond van die objektiewe redelike mantoets bewys deur aan te toon dat die verweerder 'n "duty of care" gehad het om redelike sorg aan die dag te lê. Onregmatigheid is op menslike belange gebaseer en enige skending van 'n privaat- of openbare reg is *per se* onregmatig. Verder is enige skuldige handeling ook onregmatig maar nie noodwendig gedingsvatbaar nie. Ten einde gedingsvatbaarheid daar te stel, moet daar 'n kousale verband tussen die handeling, gevolg en skade bewys word. Kousaliteit word na aanleiding van die feitelike omstandighede bepaal.

Daar bestaan nie 'n algemene "duty of care" nie. Gevalle waar daar 'n "duty of care" bestaan, is binne besigheidsverband, waar die voorsteller oor besondere vaardighede beskik, waar 'n "special relationship" ter sprake is, by die aanwesigheid van 'n kontraktuele verhouding en waar die voorsteller bewus is of

redelikerwys bewus moes wees dat die geadresseerde op die voorstelling gaan reageer. Die benadeelde moet ook aantoon dat sy vertroue op die nalatige wanvoorstelling redelik is alvorens 'n skadevergoedingsaksie suksesvol sal wees.

'n Kontraktuele vrywaring teen aanspreeklikheid op grond van 'n nalatige wanvoorstelling is aan die bepalings van die Unfair Contract Terms Act van 1977 onderworpe, wat bepaal dat sodanige vrywaring slegs geldig is indien dit aan die maatstaf van redelikheid en billikheid voldoen. Aanspreeklikheidsbegrensing in die onderhawige geval word verder statutêr, op grond van bydraende nalatigheid, mede-aanspreeklikheid en die voorsienbaarheid van skade beperk.

Daar bestaan onses insiens geen twyfel nie dat die riglyne vir aanspreeklikheid in die onderhawige geval nog deur die maalstene van die praktyk in fyner besonderhede uitgewerk moet word.

Die belang van die Skotse reg vir die Suid-Afrikaanse reg is dat 'n skadevergoedingsaksie weens nalatige wanvoorstelling op 'n beginselgrondslag erken word. Verder blyk dit dat aanspreeklikheidsbegrensing in die Skotse reg onder beheer is en dat die vrees vir oewerlose aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg moontlik 'n oordrywing van die juridiese werklikheid is. Net soos die Suid-Afrikaanse reg, is die Skotse reg ook in die onderhawige geval nog in 'n ontwikkelingsfase. Onses insiens kan die Suid-Afrikaanse reg met vrug kennis neem van die verdere ontwikkelinge aldaar.

The significance of marriage as one of the foundation stones of any civilised community still pertains to this day. It cannot simply be regarded as a consensual contract which can be breached and cancelled as easily as it was concluded. It is true that our legal system is a supple and dynamic one which will adapt to changing circumstances, just as the concept of public policy is not static. The values and attitudes of the community have not, however, changed in regard to the importance of maintaining healthy marriage relationships. It is still, in my view, characterised by a reluctance to see marriages dissolved without proper consideration being given to all the relevant facts and circumstances. And for this to be done, the Judge must be given the opportunity to consider and evaluate the relevant evidence at a hearing which must be commenced by action (per Van Zyl J in *Ex parte Inkley and Inkley* 1995 3 SA 528 (C) 536).

Deliktuele aanspreeklikheid weens nadeel deur onbekende lede van 'n groep toegebring IV: Demonstrasies, geweld en benadeling, en die reg op vrye meningsuiting[1]

(*vervolg*)

CFC van der Walt
BJur et Art LLD
Professor in Privaatreg, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

Delictual liability brought about by unknown members of a group IV: Demonstrations, violence and harm, and the right to freedom of expression

The problem with mass actions leading to harm, like some demonstrations, is that it often proves to be impossible to establish that a particular member of the group caused the harm; and without such proof, no liability will normally follow. Although many measures have been taken to regulate demonstrations, some of which still exist, the 1993 legislation flowing from the work of the Goldstone Commission has not yet come into effect. Moreover, the existing enactments from the previous era now have to be qualified in the light of the chapter on fundamental rights in the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993.

Demonstrations are essentially of a political nature, as they are intended to influence people in positions of power, to achieve a desired change. They excite great attention and involvement, and have the propensity to increase the risk of harm being caused by unidentified members of the group involved in the activity as a whole.

In the light of the debate in Germany, Switzerland and the Netherlands about the requirements of unlawfulness and causation for liability in such cases, the conclusion is that a defendant who joined in with, or remained part of a group, under circumstances which must be regarded as unreasonable in view of the extent to which that activity increased the risk of harm, acted unlawfully, was sufficiently connected to the physical cause of the harm, and can be held to be delictually liable for that harm on a basis of solidarity.

---

1 Hierdie is die vierde deel van 'n ondersoek oor deliktuele aanspreeklikheid weens nadeel wat in die loop van groepsoptrede deur 'n onbekende dader toegebring is. Die ander drie dele het verskyn in 1995 *THRHR* 421; 1995 *THRHR* 613 en 1996 *THRHR* 57. Die finansiële en ander ondersteuning wat verleen is deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling, Getrouheidsfonds vir Prokureurs en PU vir CHO het meegehelp dat hierdie ondersoek onderneem kon word. Elke bydrae word met dank erken. Standpunte hierin ingeneem, moet uiteraard slegs aan die navorser toegeskryf word.

Although one has to be careful not to restrict the protection of the fundamental right to demonstrate by being overzealous in imposing liability in these cases, no such limitation can be construed from a situation where liability follows upon the defendant's unreasonable conduct; this is especially true where a demonstration is accompanied by violence.

While the initial question of the liability of a demonstrator for multi-causal harm brought about by some other person forming part of the group activity, and the requirements for such liability may have been answered for the present, it may be expected that changed circumstances will necessitate reconsideration of the matter from time to time in the light of the legal values of the community.

1 INLEIDING

1 1 'n Algemeen voorkomende probleem met massa-optrede

Die kwessie waaroor dit hierin gaan, doen hom in basies dieselfde gedaante in enige een van 'n aantal uiteenlopende situasies voor. Enkele grepe uit onlangse koerantberigte kan maklik illustreer waaroor dit handel en wat die probleme is waarmee dit ons reg in die algemeen en in die besonder in verband met multikousale nadeel konfronteer. Gestel krakers of betreders wend hulle tot die ongemagtigde besetting van geboue of persele om hulle aanspraak op huisvesting te demonstreer en nadeel vloei daaruit voort.[2] Of gestel 'n demonstrasie word deur 'n politieke groep gehou en dit het nadeel tot gevolg.[3] Of gestel verder dat 'n betoging plaasvind en dat nadeel daaruit ontstaan.[4]

Die volgende redaksionele kommentaar[5] skets nie alleen van die tipiese kenmerke van die betrokke vorme van groepsoptrede nie maar druk ook 'n bepaalde sentiment ten opsigte daarvan uit: "Betogers wat skade aanrig – ongelukkig gebeur dit deesdae te gereeld in Suid-Afrika – ontlok dikwels selfs by simpatiseerders 'n gevoel van diepe afkeer . . ."; dan word verwys na lede van die publiek en studente wat as selfaangestelde vredebewakers stokke, klippe, 'n wilde geskreeu en selfs honde ingespan het in pogings om die werk van die owerhede te doen – en word gesê hoe dit die werk van die polisie bemoeilik; dan gaan dit voort met: "Wie sy saak met massa-optrede wil stel, benadeel dit net as hy onbeskaaf optree. Dit geld ook buitestaanders wat hul neuse steek in sake wat niks met hulle te doen het nie."

Dit staan vas dat massa-optrede in 'n hoë mate die potensiaal vir benadeling het. Verder is dit duidelik dat meerdere groepe by 'n tipiese besetting, betoging of demonstrasie betrokke kan wees en dat elkeen se rol en posisie onderskei moet word, terwyl nooit uit die oog verloor mag word nie dat vir doeleindes van

---

2 Sien bv die berig: "Die huislose mense wat Uitbreiding 13 (Lenasia) verlede week beset het, het skade van R300 000 aan die huise berokken" (*Beeld* 1995-02-25 2).

3 Dink bv aan die berig: "Leiers van 'n massa-optog dreig met 'n rasse-oorlog, die optog ontaard in geweld; klippe word tussen voor- en teenstanders gegooi en die polisie gebruik rubberkoeëls en donshael om orde te herstel; namens die organiseerders van die betoging is gesê dat dit die laaste vreedsame betoging sal wees" (*Beeld* 1995-02-23 7).

4 "'n Senior offisier van die Polisie is omgery deur 'n bus en twee ander is beseer ten tyde van 'n betoging deur busbestuurders op Empangeni" (*Beeld* 1995-02-25 2). "Een soldaat is gewond en veertig ander is in hegtenis geneem nadat 'n mini-oorlog eergister tussen die soldate en militêre polisie uitgebreek het" (tydens 'n sitstaking in Johannesburg) (*ibid*).

5 Dit het verskyn in *Beeld* van 1995-02-25 8.

die onderhawige ondersoek alle betrokkenes beskou moet word as lede van die groep waaruit die nadeel toegebring is.

1 2 Enkele terreine waarop verskyningsvorme van die probleem hom voordoen

Elders[6] is reeds verduidelik dat dit in al hierdie gevalle eintlik gaan oor verskyningsvorme van wat toenemend "multikausale Schäden" genoem word.[7] As sodanig val dit in dieselfde kategorie as milieuregtelike en produkte-aanspreeklikheid op die gebied van medies-genetiese middele (DES-gevalle), asook (minstens gedeeltelik) bydraende skuld.

Die dilemma waarin die onregmatige daadreg in die gevalle van multikousale nadeel is, is dat dit gevalle betrek waar nie vasgestel kan word wie uit die betrokke groep die nadeel teweeggebring het nie. Die nadeel is egter daar, en die vraag is of en, indien wel hoe, die onregmatige daadreg aan daardie nadelige resultaat gepaste regsgevolge kan knoop.

2 DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA

2 1 Inleiding

Daar bestaan in Suid-Afrika 'n verskeidenheid maatreëls wat daarop gerig was – en eintlik steeds is, hoewel dit nie meer gebruik word nie – om die plaasvind van demonstrasies te verbied en onderdruk. Sedert die eerste vreedsame massa-optog teen apartheid met toestemming van die owerheid op 13 September 1989 in Kaapstad plaasgevind het, is talle pogings aangewend om sodanige aktiwiteite te orden. Hoewel ons reg hieroor kennelik nog in 'n oorgangsfase verkeer,[8] sal hierna gekyk moet word aangesien dit 'n deel van die raamwerk daarstel waarbinne die onderhawige onderwerp beoordeel moet word.[9] Vir doeleindes van ons

---

6 Sien die verwysings *supra* vn 1.

7 Bv Loser *Kausalitätsprobleme bei der Haftung für Umweltschäden* Diss Nr 1499 St Gallen (1994) (hierna Loser) 27.

8 Terwyl die nuwe Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993 nog nie in werking gestel is nie, en dit nie meer gerade is vir die polisie om op die vroeëre wetgewing (sien vn 9) terug te val as hulle ivm demonstrasies moet optree nie, tree die SAPD nou op met hulle gewone polisiëringsbevoegdhede, en in ooreenstemming met die beleid en verordeninge van plaaslike owerhede oor die hou van marse of optogte, die opstel van poste en/of byeenkomste op openbare paaie of strate. Een van die vereistes wat kragtens die beleid van die plaaslike bestuur van bv Potchefstroom geld, is dat die applikant wat só 'n massa-aksie wil hou teenoor die stadsraad verantwoordelikheid moet aanvaar vir enige skade of verlies wat die stadsraad gedurende die aktiwiteit kan ly, en die stadsraad moet vrywaar teen enige aanspreeklikheid of eise voortspruitend uit die beoogde aktiwiteit (sien klousule 3.7 van die Beleid van 1995-01-31).

9 Op die groot aantal bepalings en reëlings wat voor 1994-04-27 in hierdie verband gemaak is, en steeds bestaan, kan nie hier ingegaan word nie. Daaronder val veral die Wet op Byeenkomste en Betogings in die Omgewing van die Parlement 52 van 1973; Wet op Verbod op Betogings in of naby Hofgeboue 71 van 1982; sekere artikels van die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982; en die Wet op Byeenkomste en Betogings in of naby die Uniegebou 103 van 1992. Nav die verslag van die Goldstone-kommissie is talle verbeterings aan die heersende situasie voorgestel (*Financial Mail* 1992-07-19 44). Dit het daarop neergekom dat baie van die vorige maatreëls moontlik herroep kan word, en dat talle kwessies wat voorheen hoegenaamd nie of nie deeglik gereël was nie, deur die Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993 (wat op 1994-01-14 goedgekeur is maar nog wag om deur proklamasie in werking gestel te word) gereël of op 'n beter manier gereël word.

bespreking word net na enkele aspekte van demonstrasies as verskynsel, en na enkele bepalings van die Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993 verwys. Uiteraard moet die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 ook in die agterkop gehou word.[10]

2 2 Die begrip "demonstrasie"

"Demonstrasie" is nie 'n primêr juridiese begrip nie maar dit is duidelik dat die klem in elk geval rus op die publikasie van die een of ander standpunt of kennisgewing van die een of ander feit of toestand, en het meestal 'n politieke oogmerk.[11] Dit is dus altyd vir of teen iets of iemand gerig, en wil die openbare mening beïnvloed. Alle vorme daarvan kan tot nadeel of rusverstoring lei omdat dit dikwels reaksie ontlok – en eintlik juis daarop ingestel is.[12] Demonstrasies is dus op kennisname deur magshebbers ten opsigte van die betrokke kwessie gerig.

Dit kan op private grond (soos huisbesettings of besetting van sakepersele, kerke ensovoorts) of openbare terreine plaasvind. Laasgenoemde gevalle kom meer dikwels voor en het gewoonlik die grootste potensiaal om tot rusverstoring, geweld en nadeel te lei. Openbare strate het in die konteks van ons onderwerp 'n veel wyer gebruik as om net die beweging van verkeer te rig. Strate kan bestempel word as openbare plekke waar die fundamentele reg op vrye kommunikasie uitgeleef kan word.[13] Dit kom dus daarop neer dat openbare strate in beginsel vryelik ingevolge die fundamentele regte-leer vir enige "gemeenskaplike gebruik" beskikbaar is, terwyl daar slegs in uitsonderingsgevalle waar die gebruik die perke oorskry van wat vir die gemeenskap houdbaar geag word, vereis kan word dat toestemming gekry moet word en voorwaardes opgelê kan word.

Die belang van openbare strate vir die owerheid blyk uit die geskiedenis.[14] Daarom kan begryp word dat die owerheid beheer oor die gebruik daarvan wil

---

10 Hier kan veral gedink word aan: "Freedom of expression: 15(1) Every person shall have the right to freedom of speech and expression, which shall include freedom of the press and other media, and the freedom of artistic creativity and scientific research. 15(2) All media financed by or under the control of the state shall be regulated in a manner which ensures impartiality and the expression of a diversity of opinion." "Assembly, demonstration and petition: 16 Every person shall have the right to assemble and demonstrate with others peacefully and unarmed, and to present petitions." "Freedom of association: 17 Every person shall have the right to freedom of association."

11 Sien bv die *Brockhaus Enzyklopädie* sv "demonstration": "Beweisführung, Darlegung, Kundgebung." Sien ook Neuenschwander *Die Schadensersatzpflicht für Demonstrationsschäden* Zürcher Studien zum Privatrecht Nr 30 (1983) (hierna Neuenschwander) 9; Müller *Die Grundrechte der schweizerischen Bundesverfassung* (1991) (hierna Müller) 161.

12 Van Wyk "Protesoptogte en die rol van die Nederduitsch Hervormde Kerk" 1991 *Hervormde Teologiese Studies* 716 (hierna Van Wyk) 734–736 lys die positiewe en negatiewe aspekte en verskeie kenmerke van demonstrasies.

13 "Straßen [dienen] nicht nur dem Verkehr, sondern [sind] auch Foren öffentlicher, grundrechtsgeschützter Kommunikation, d.h. die für ideelle, soziale und wirtschaftliche Tätigkeiten im Rahmen der Interessen der Allgemeinheit grundsätzlich frei sind" (Saxer *Die Grundrechte und die Benützung öffentlicher Straßen, eine Untersuchung der Bundesgerichtspraxis unter Berücksichtigung deutscher Entscheidungen* Zürcher Studien zum öffentlichen Recht Nr 74 (1988) (hierna Saxer) 124 312).

14 "Straßen waren seit jeher Gegenstand staatlicher Machtansprüche und Herrschaftsausübung sowie Mittel zur Erschließung und Machtmäßigen Beherrschung eines Territoriums" (Saxer 46).

uitoefen, en dat vrye "gemeenskaplike gebruik" daarvan, asook "verhoogde gemeenskaplike" en "spesiale gebruik" daarvan as fundamentele reg beskerm moet word.[15]

Ongeag die plek waar 'n demonstrasie plaasvind, is dit altyd daarop gerig om die openbare aandag op 'n standpunt of toedrag van sake te vestig.[16] As sodanig is dit dus altyd daarop gerig om die openbare mening (of 'n deel daarvan, soos by verbruikers, pendelaars of inwoners) te verander, of die openbare mening as instrument te gebruik om die besluite en optrede van maghebbers in owerheidsliggame, maar ook in die handels- en bedryfswêrelde, die kerklike en ander terreine van die lewe te beïnvloed. In die sin van die beïnvloeding van magsuitoefening in die gemeenskap of 'n onderdeel daarvan deur die openbare mening te verander of te gebruik, kan gesê word dat demonstrasies altyd 'n politieke oogmerk het.[17] In hierdie opsig verskil 'n demonstrasie van 'n gedrang van winskopiejagters, straattog van luidrugtige sportondersteuners, of singende en jillende drinkebroers.

Sedert die groot demonstrasie teen die kernkragstasie te Brokdorf het die karakter van demonstrasies in Duitsland verander, in die sin dat dit toenemend weg van die beboude gebiede en strate in landelike omgewings plaasvind, terwyl die publisiteitskant daarvan aan die media oorgelaat word. Dit word ook toenemend gereël deur losse, informele aksiekomitees, wat net vir daardie doel byeengekom het en baie klein kan wees. Daar is dus nie meer 'n werklike organiseerder wat reëlings kan tref, toestemming kan vra, voorwaardes kan nakom, orde en dissipline kan handhaaf en, eventueel, aanspreeklik gehou kan word nie.[18] Hier kom dus dikwels al hoe minder publiekregtelike kwessies ter sprake, terwyl die polisiërings-, strafregtelike[19] en skadevergoedingsregtelike kwessies in verband daarmee nog nie opgelos is nie.[20] Daarmee is die probleem weer van die publiekregtelike na die straf- en privaatregtelike terreine verskuif sonder dat daardie terreine self genoegsaam ontwikkel is om die probleme bevredigend te hanteer.

Wat polisiëring betref, is dit veral die metodes wat die polisie aanwend deur 'n verbod op vermomming of die dra van uniforms op te lê,[21] of deur sommer voor die voet beeldmateriaal van byeenkomste te versamel, of om aanspraak te maak op beeldmateriaal deur joernaliste versamel wat as getuienis gebruik kan word.[22] Sekere polisiëringstegnieke, soos die lukraak afvuur van rookbomme, traangas, rubberkoeëls, waterkanonne, saamdruk van mense, gebruik van honde en perde,

---

15 "Die Ausübung von Herrschaft über und auf Straßen erscheint zu sehr als ureigene hoheitliche Domäne, als daß sie sich mit einer gleichgearteten Berechtigung von Privaten vertragen würde" (Saxer 46).

16 Neuenschwander 6; BGE 100 1 a 392 396.

17 Neuenschwander 7.

18 Saxer 113–114.

19 Van Oosten "Boekbespreking: Demonstration und Strafrecht, by Dieter Weingärtner" 1991 *De Jure* 216.

20 Saxer 114.

21 *Idem* 303; Müller 163.

22 In Switserland word sodanige aanspraak afgedwing omdat die *Strafprozeßordnung* van Zürich geen swygreg aan joernaliste verleen nie – BGE 107 1a 45, 50–51; BGE 107 1a 64, 66; Saxer 115–116 bestempel dit nietemin ook daar as omstrede.

ensovoorts word dikwels gekritiseer,[23] daar dit dikwels as oormatig of eintlik as net ter beskerming van die polisie en dus as misbruik van hulle amptelike bevoegdheid aangemerk word.[24]

Die oogmerk van 'n demonstrasie is myns insiens meestal irrelevant wanneer dit handel oor die privaat- of publiekregtelike aanspreeklikheid van iemand vir die nadeel wat daaruit ontstaan het. Demonstrasie is 'n legitieme manier van optrede in die demokratiese proses, welke feit nie deur die misbruik wat daarvan gemaak kan word, verander word nie.[25] Die teenkant hiervan is dat geweld of die aanstigting daartoe in enige vorm die grense van die aanspraak op demonstrasievryheid oorskry.[26] Waar geweld of skadeberokkening dus as gevolg van of in die loop van 'n demonstrasie beplan of voorsien word, kan die heg van regsgevolge daaraan in die vorm van moontlike aanspreeklikheid myns insiens nie as 'n beperking op die uitoefening van daardie fundamentele reg gesien word nie.[27]

Anders as in Suid-Afrika, erken die Switserse Grondwet en hofuitsprake geen afsonderlike reg om te demonstreer naas die regte op vrye meningsuiting en assosiasie nie.[28]

Demonstrasies kan georganiseerd wees in die sin dat iemand dit beplan of byeengeroep het, desnoods met kennisgewing of die aanvra van toestemming. Dit kan egter ook spontaan ontstaan.[29]

2 3 'n Skets van die Suid-Afrikaanse statutêre raamwerk[30]

Die Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993 is daarop gerig om die hou van openbare byeenkomste en betogings op sekere plekke te reël en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.[31] Hierdie wet is egter nog nie in werking gestel nie. In die tussentyd is alle betrokkenes dus nog aangewese op bepalings soos dié in artikels 46 to 53 van die Wet op Binnelandse Veiligheid 74 van 1982, besluite en verordeninge van plaaslike owerhede, ander maatreëls[32] en gewone polisiëringsoptrede. Dit was juis as gevolg van die leemtes wat in die bestaande maatreëls voorkom dat 'n subkommissie van die

---

23 Sien bv Louw "'Ja, die gewone polisieman is gefrustreerd'" Des 1989 *Die Suid-Afrikaan* 22.

24 Saxer 115–116. Sien bv ook Louw "Van Waalstraat tot 'wettige protesoptogte' – die SAP en die pyn van oorgang" Des 1989 *Die Suid-Afrikaan* 14–15.

25 Sien bv ook Van Wyk 720 727–728.

26 Sien bv *idem* 728.

27 Du Plessis en Olivier "Onrus, geweld en vrede" 1992 *SA Publiekreg* 311, nav *Nyamakazi v Minister of Law and Order* 1992 1 SA 265 (BGD) 270F.

28 Neuenschwander 8–9.

29 Bv in reaksie op 'n onverwagte sterfgeval of politieke sluipmoord.

30 'n Volledige oorsig kan gekry word uit Du Pisani, Broodryk en Coetzer "Teoretiese, historiese en politieke aspekte van protesoptogte in Suid-Afrika" 1990 *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 1–44.

31 Hier sal nie kommentaar gelewer word op die detail van die bepalings van Wet 205 van 1993 nie.

32 Bv besluite deur die raad van 'n universiteit mits dit natuurlik ordelik geneem is (sien bv *Durr v Universiteit van Stellenbosch* 1990 3 SA 598 (A), en die bespreking daarvan deur Ferreira en Olivier "Universiteitstudente en tugbepalings na *Durr*" 1991 *SA Publiekreg* 146). Verder val hieronder ook sekere provinsiale ordonnansies en regulasies, soos tov die hou van byeenkomste in openbare oorde (Ord 18 van 1969 (T) Bylae 2 Hfst 2 Reg 33).

Goldstone-kommissie van ondersoek sekere voorstelle met die oog op die beter reëling van aangeleenthede in verband met sodanige byeenkomste gedoen het.[33] Laasgenoemde voorstelle word reeds in 'n mate aangewend ten spyte daarvan dat die wet nog nie van krag is nie.[34]

2 4 Enkele bepalings van die Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993

Luidens die aanhef berus die wetgewing daarop dat elke persoon die reg het om vreedsaam en met behoorlike inagneming van die regte van ander met ander persone byeen te kom en sy sienswyse vryelik in die openbaar uit te druk. 'n *Betoging* word omskryf as 'n betoging deur een of meer as een persoon, met 'n maksimum van 15 persone, vir of teen enige persoon, saak, optrede of versuim om op te tree. 'n *Byeenkoms* word omskryf as enige vergadering, toeloop of optog van meer as 15 persone in of op enige openbare pad, of enige ander openbare plek of perseel wat geheel of gedeeltelik na bo oop is, en waarop die beginsels, beleid, optrede of versuim van enige regering, politieke party of politieke groepering (hetsy hulle geregistreer is al dan nie) bespreek, aangeval, gekritiseer, bevorder of gepropageer word; of wat gehou word om drukgroepe te vorm, versoekskrifte aan iemand te oorhandig, of steun of teenkanting teen die sienswyse, beginsels, beleid, optrede of versuim van 'n persoon of liggaam of instelling, met inbegrip van enige regering, administrasie of owerheidsinstelling, te mobiliseer of te betoon. *Onlusskade* word omskryf as enige verlies gely as gevolg van 'n besering aan of die dood van iemand, of enige skade aan of vernietiging van goed, wat regstreeks of onregstreeks en onmiddellik voor, tydens of na die hou van 'n byeenkoms veroorsaak word deur die hou daarvan.

Ingevolge artikel 11(1) van Wet 205 van 1993 is in die geval van 'n byeenkoms, elke organisasie namens of onder wie se beskerming die byeenkoms gehou is of, as dit nie so gehou is nie, die sameroeper en, in die geval van 'n betoging, elke deelnemer aan die betoging, behoudens enkele verwere,[35] gesamentlik en afsonderlik as gesamentlike daders ingevolge hoofstuk II van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 vir die onlusskade aanspreeklik, saam met enige ander persoon wat sodanige onlusskade onwettig veroorsaak het of daartoe bygedra het en enige ander organisasie of persoon wat ingevolge artikel 11(1) daarvoor aanspreeklik is. 'n Bepaling wat effens lig kan werp op die aard van die aanspreeklikheid waaroor dit hier gaan, is artikel 11(3). Dit bepaal dat die aanspreeklikheid ingevolge artikel 11(1), vir doeleindes van

33 "Demonstrations – maturity gap" in *Financial Mail* 1992-07-17 44. Daardie voorstelle is, al is die wet nog nie in werking gestel nie, bv reeds in 'n groot mate in die beleid van die stadsraad van Potchefstroom (kragtens Raadsbesluit 47(3) tot (7) van 1994-09-28, en gewysig deur Raadsbesluit 41(1) van 1994-11-30) oor optogte of marse, of die opstel van poste of byeenkomste op 'n openbare pad of plek, opgeneem.

34 Sien vorige vn.

35 A 11(2) bepaal dat 'n aangesproke persoon of organisasie hom teen aanspreeklikstelling kan verweer deur te bewys dat: (a) hy die handeling wat die skade veroorsaak het nie toegelaat of oogluikend toegelaat het nie, en (b) die betrokke handeling nie binne die bestek van die doel van die byeenkoms of betoging geval het nie, en dit nie redelikerwys voorsienbaar was nie; en (c) die aangesprokene alle redelike stappe binne sy vermoë gedoen het om 'n handeling van die betrokke soort te voorkom. Getuienis dat die aangesprokene handelinge van die betrokke soort verbied het, stel uitdruklik nie toereikende bewys daar dat hy alle redelike stappe gedoen het om die handeling te voorkom nie.

regres teen of 'n bydrae deur 'n organisasie of persoon wat opsetlik en wederregtelik onlusskade veroorsaak of tot die veroorsaking daarvan bygedra het, of vir doeleindes van 'n bydrae deur 'n persoon of organisasie wat ingevolge artikel 11(1) gesamentlik vir enige onlusskade aanspreeklik is, geag word aanspreeklikheid op grond van onregmatige daad te wees. Artikel 11(4) stel dit duidelik dat aanspreeklikheid ingevolge artikel 11 geensins afdoen aan enige gemeenregtelike of ander statutêre aanspraak van 'n persoon of liggaam om die volle skadevergoeding voortspruitend uit die nalatigheid, opsetlike handeling of versuim, of onregmatige daad van watter aard ook al verrig deur of ten behoewe van 'n ander persoon, te verhaal nie.

Uit die voorgaande is die duidelike standpuntinname oor die deliktuele aard van die moontlike sivielregtelike aanspreeklikheid in die onderhawige gevalle te verwelkom. Omdat egter sonder meer verwys word na dinge soos gesamentlike daderskap en hoofstuk II van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, kan afgelei word dat steeds aan die geykte vereistes vir sodanige aanspreeklikheid voldoen sal moet word. 'n Ander, wyer moontlikheid word wel geopen deurdat iemand wat net "bygedra het" tot die onlusskade ook aanspreeklikheid kan oploop. Of onder *bydra* iets anders as feitelike kousaliteit verstaan moet word, is egter onseker en lyk selfs onwaarskynlik.

Totdat behoorlike wetgewing daargestel word – hetsy deur die inwerkingstelling van Wet 205 van 1993 (soos dit tans daar uitsien, of in 'n gewysigde vorm), of deur die invoering van 'n nuwe, ander wet – sal die posisie in Suid-Afrika dus ongekoördineerd en onbevredigend bly. Dit laat die vraag ontstaan hoe sodanige kwessies in die ander regstelsels wat ondersoek is, binne die konteks van die onderhawige onderwerp gehanteer word.

3 BETOGINGS EN DEMONSTRASIES IN ENKELE ANDER LANDE

3 1 Duitsland

Vir aanspreeklikheid ingevolge §830 1 1 *BGB* word, soos reeds geblyk het,[36] vereis dat persone wat deel gehad het aan sodanige optrede opset moet gehad het.[37] Die dwingende aard van norme vir massa-optrede,[38] wat as moeilik weerstaanbare impulse op die individu oorgedra word weens die solidariserende krag van groepvorming asook die moeite wat individue kan hê om hulle aan 'n demonstrasie te onttrek wat eenmaal aan die gang gekom het, moet hierby in ag geneem word.

Deur hier opset te vereis, beperk die Duitse reg die aanspreeklikheid van deelnemers aan sodanige aktiwiteite: hulle word nie aanspreeklik gehou bloot omdat hulle as nuuskierige omstanders betrokke geraak het, of selfs deelgeneem het aan 'n besetting, boikot, betoging of demonstrasie, of omdat van die deelnemers daaraan sonder hulle goedkeuring té ver gegaan het, of omdat hulle hulle nie betyds kon onttrek toe dinge begin skeefloop het nie. Andersyds kan sulke feite uiteraard getuienis van die aanwesigheid van opset by hulle daarstel, byvoorbeeld om bewustelik psigiese steun aan die dader(s) te bied omdat hulle weens in-

36 Sien 1995 *THRHR* 629–631.

37 BGH NJW 72 40; Bassenge *et al Palandt Bürgerliches Gesetzbuch Band* 7 53e Aufl (1994) (hierna Palandt) §830 Rz 3.

38 Dit word die "Eigengesetzlichkeit und Zwänge" van groepsoptrede genoem.

standhouding van die groep anoniem sal kan bly, ensovoorts. Oorwegings soos dat dit by 'n besetting of demonstrasie gegaan het oor 'n openbare gebou,[39] of dat dit die enigste manier was om die openbare aandag op 'n probleem te vestig,[40] het nie teen sodanige bewese opset enige nut nie.[41]

Deelname aan groot demonstrasies moet verder beoordeel word in die lig van die feit dat die verloop van gebeure meestal nie in tyd en ruimte oorsienbaar is nie. Die nodige opset om saam nadeel onregmatig aan te rig of te help aanrig, moet dus hier in die betrokke tyd- en ruimtelike konteks aanwesig wees. Vir hierdie beperking van aanspreeklikheid is die samestelling van so 'n groot groep (byvoorbeeld tien tot twintig duisend mense) uit individue en subgroepe, wat verskillende motiewe, voornemens, aksie- en gebeurlikheidsplanne en grade van betrokkenheid kan hê, verantwoordelik. Selfs waar iemand meedoen en in die algemeen voorsien dat geweld in die loop van die demonstrasie dalk nodig kan word, word hy nie as mededader tot sodanige geweld beskou nie tensy hy hom opsetlik by die geweldpleging aangesluit het of hom nie daaraan onttrek het nie, met die oog daarop om aan die dader die aanmoediging en sekuriteit te verskaf wat anonimiteit binne die groep aan die dader kan bied.[42] Selfs wat die aanwending van geweld betref, moet in gedagte gehou word dat 'n aangesprokene dalk juis teen geweld deur lede van die veiligheidsmagte, óf geweld deur ander lede van die groep teenoor hom toegepas, self met geweld gereageer het. Om in sulke gevalle die moontlike aanspreeklikheid van blote simpatiseerders met 'n groot demonstrasie enigsins skerper te beoordeel, word ingevolge die Duitse Grondwet as strydig met die reg op vrye meningsuiting[43] of die reg op vrye assosiasie[44] beskou. Die feit dat dit oor 'n demonstrasie teen die bou van 'n kernkragsentrale gehandel het, is byvoorbeeld in die berugte Brokdorf-geval nie deur die hof as genoegsaam beskou om van die gewone beginsels in verband met onregmatigheid af te wyk nie.[45]

Waar partye afgespreek het om 'n onregmatige daad te pleeg, bly elkeen ten volle aanspreeklik vir die nadeel wat net deur een toegebring is, al het die aangesprokene ook sy deelname aan die onderneming verbreek of hom selfs uitdruklik daaraan onttrek, mits sy aanvanklike instemming steeds die dader se handeling bevorder het, byvoorbeeld deur die dader aanvanklik tot die daad te oorreed het of deur aanwysings vir die pleeg van die daad te verskaf het.[46]

3 2 Switserland

Gevalle van nadeel wat aangerig word in verband met demonstrasies, sogenaamd geweldlose aksies en dergelike verrigtinge, word ingevolge artikel 41 *OR* gehanteer vir sover dit oor die aanspreeklikstelling van individue weens onregmatige daad handel, en ingevolge artikel 50 1 *OR* vir sover dit oor die aanspreeklik-

39 Ingevolge a 14 van die *Grundgesetz*.
40 BGHZ 63, 129.
41 Horn (red) *J von Staudinger's Kommentar zum Bürgerlichen Gesetzbuch mit Einführungsgesetz und Nebengesetzen* 12e Aufl (Schäfer) (1986) (hierna Staudinger) §830 Rz 15.
42 Staudinger §830 Rz 15, nav BGH *NJW* 1984, 12226; JZ 1984, 521.
43 A 5 Abs 1 *GG*.
44 Ingevolge a 8 Abs 1 *GG*.
45 Staudinger §830 Rz 15.
46 *Idem* 18.

stelling van meerdere persone handel. Waar dit gaan oor die moontlike aanspreeklikstelling van 'n aangesprokene weens 'n onregmatige daad in groepsverband gepleeg, word dit ook vanuit die oogpunt van artikel 50 1 *OR* benader.[47]

Verskeie moontlike verweerders kom in sodanige gevalle ter sprake: die organiseerders se moontlike aanspreeklikheid staan gewoonlik voorop al het hulle ook op die agtergrond gebly tydens die verrigtinge self. Hulle aanspreeklikheid kan daarop berus dat hulle in verband met die verrigtinge volgens ervaring en wat in die omstandighede verwag kon word, met die aanwending van geweld teen mense of eiendom rekening moes gehou het. Dit kan wees dat die aanwending van geweld 'n oogmerk was maar geweld kan ook uit 'n andersins vreedsame demonstrasie ontspring. Organiseerders kan uiteraard natuurlike of regspersone of ander versamelings mense sonder regspersoonlikheid wees (soos 'n aksiekomitee wat op eie inisiatief of deur 'n toeloop van mense daargestel is). Individuele deelnemers is 'n verdere moontlikheid hetsy hulle natuurlike of regspersone is. Deelnemers wat hulle nie duidelik aan die geweldpleging onttrek sodra die andersins vreedsame verrigtinge gewelddadig word nie, word dan ook aanspreeklik gehou. Die doel van die demonstrasie is hierby nie van belang nie. Owerheidsinstansies (op plaaslike, streeks- of sentrale vlak), soos beskermhere, verleners van toestemming om die verrigtinge te laat plaasvind (met of sonder voorwaardes) waarby regterlike amptenare ingesluit kan wees, veiligheidsmagte en -personeel (polisie, verkeersmense, noodhulpdienste), kan ook ter sprake kom. Dit geld ook persone of instansies in beheer van eiendom of persele waar die verrigtinge sal plaasvind, media en joernaliste, en dergelike mense wat by die reël en hou van sodanige verrigtinge betrokke is.

Benewens die kwessies wat in verband met moontlike privaatregtelike aanspreeklikheid oorweeg moet word, kom die strafreg se moontlike antwoorde op die problematiek van demonstrasies wat hande uitruk ook ter sprake. In die breër konteks van demonstrasies as 'n vorm van meningsuiting word voorts aandag geskenk aan die vraag of die grondwetlike beskerming van die vryheid van meningsuiting nie in gedrang kan kom as deelnemers aan sodanige aktiwiteite hulle fundamentele reg moet uitoefen onder die bedreiging van deliktuele en strafregtelike aanspreeklikheid indien die gebeure op die ontstaan van nadeel sou uitloop nie. Hierop is nog geen finale antwoord gegee nie hoewel algemeen aanvaar word dat die aanwending van geweld meebring dat die grense van die reg om te demonstreer oorskry word.

3 3 Nederland

3 3 1 Algemeen

Bloembergen bespreek die volgende hipotetiese geval:[48] 'n Regspersoon, die *Liga tegen Vrouwenemancipatie*, die *Toffe Rinussen* genoem, het met die nodige toestemming van die plaaslike owerheid 'n demonstrasie gereël. Laasgenoemde

47 "Man bleibt nicht unschuldig, wenn man eine mit Ausschreitungen verbundene Veranstaltung durch Teilnahme und Verhalten Mitträgt; dass ist der Fall, wenn man an einer unbewilligten Demonstration, bei der mit Gewalttätigkeit zu rechnen ist, teilnimmt oder wenn man bei einer bewilligten, die ausartet, munter mitmarschiert und mit den Randalierern gemeinsame Sache macht, statt nach Möglichkeit von ihrem Tun Abstand zu nehmen" (Keller *Haftpflicht im Privatrecht* Band 1 5e uitg (1993) 115.

48 Rechtsvraag 1971 *Ars Aequi* 347.

het hulle natuurlik laat vrywaar teen enige aanspreeklikheid vir nadeel deur die demonstrante veroorsaak. Die bestuur en enkele lede van die gemeentepolisie loop toe voor in die optog. Hulle kom 'n klompie aggressiewe vroue teë en 'n geveg ontstaan tussen hulle waartydens die houtborde wat deur die demonstrante gedra is, hewig rondgeswaai is. 'n Derde (meneer Rustig (*sic*)) se ruit (ter waarde van F300) word getref en dit breek. 'n Waardevolle klein antieke vaas (ter waarde van F3 000) wat agter die ruit gestaan het, word ook gebreek.

Volgens die opstellers van die nuwe Nederlandse kode[49] is dit duidelik dat die enkele deelname aan 'n optog nie aanspreeklikheid in sulke gevalle sal meebring nie en waar 'n geveg uitgebreek het, sal slegs diegene wat daaraan deelgeneem het vir die nadeel aanspreeklik gehou kan word. Alle "vechtersbazen en vechtersbazinnen"[50] kan dus aangespreek word omdat hulle "behoort te begryp het dat hulle optrede die kans op die geswaai van die borde en die gevolglike intrede van die nadeel sou vergroot, en hulle van sodanige groepsoptrede moes weerhou het". Die rede wat Bloembergen hiervoor aangee, slaan duidelik op skuld in die vorm van nalatigheid. Wat die direkte dader betref, sal opset, skuldlose aanspreeklikheid en risiko-aanspreeklikheid ook voldoen.[51] Indien een van die vegtendes teenoor meneer Rustig aanspreeklik gehou sou word, sal daardie persoon 'n gedeeltelike verhaalsreg teen die ander hê.[52]

'n Aksie teen die *Toffe Rinussen* of die bestuurslede daarvan sal waarskynlik nie slaag nie, want in die Nederlandse gemeenskap kan niemand normaalweg daarvoor verwyt word dat hy 'n demonstrasie of betoging gereël het nie. Bloembergen stel dit egter duidelik dat hierdie beoordeling kan en sal verander indien dit sou blyk dat die kans op gewelddadigheid, in die lig van die aard van die optrede van die deelnemers aan die optog en dié van hulle uiteindelike teenstanders, en gesien die verdere omstandighede (soos die plofbaarheid van die situasie) nie negeerbaar klein was nie. Dit sal in sodanige omstandighede dus vasstaan dat die reël van of deelname aan die demonstrasie onregmatig was.

Indien bevind sou word dat die reël van so 'n optog in die omstandighede onregmatig sou wees, kom die vraag na vore in watter stadium die organiseerders moes begryp het dat die grense van die vergunning oorskry sou word.[53]

3 3 2 Regspersone

'n Regspersoon is nie volgens die Nederlandse reg aanspreeklik vir delikte deur sy lede gepleeg nie behalwe as hulle organe daarvan was en orgaanshandelinge verrig het. Die lede wat in bogenoemde voorbeeld aan gevegte deelgeneem het, het nie daartydens as ledevergadering opgetree nie en hoewel die bestuur die situasie laat voortgaan het, moet nie vergeet word nie dat individue in só 'n stadium, as dit eenmaal begin het, weinig kan uitrig om sodanige oproer te stop. Die vraag sou myns insiens selfs in sodanige gevalle gevra moet word of die bestuur vooraf genoeg gedoen het om te keer dat die verrigtinge gewelddadig

49 *Ontwerp voor een Nieuw Burgerlijk Wetboek, Toelichting* 3e Gedeelte Boek 6 661.
50 Hulle vorm saam die "groep" vir doeleindes van ons onderwerp.
51 Van der Burg 5065 *WPNR* 499; *Toelichting* 661.
52 In die nuwe a 166 *Nieuw BW* word nou ook só bepaal. Sien 1996 *THRHR* 63–64.
53 Uiteraard moes alles rondom die verlening van die vergunning dan ook volgens die daarvoor geldende beginsels korrek verloop het.

kan raak en of hulle genoeg gedoen het om dit te stop of te beperk toe dit eenmaal 'n aanvang geneem het.

3 3 3 Plaaslike owerheid

Die plaaslike owerheid het in die bogenoemde voorbeeld 'n bevoegdheid waaroor hy beskik, uitgeoefen deur die toestemming om te betoog te verleen en kan dus nie daarvoor aangespreek word nie. Dit sal uiteraard anders wees as hy sy bevoegdheid vir 'n ander doel aangewend het as waarvoor dit verleen is, of willekeurig opgetree het.[54] Indien só iets ter sprake sou kom, sal die vrywaringsklousule wat soos gebruiklik is met die gee van die toestemming gepaard gegaan het, uiteraard nie teen 'n totale buitestander soos meneer Rustig opgewerp kan word nie.[55] Wat die berekening van skadevergoeding betref, sou in Nederland sowel die skade aan die ruit as dié aan die vaas toegeken word as dit daartoe sou gekom het.[56]

Bloembergen[57] meen dat ook nie maklik teen die plaaslike owerheid op grond van sy gebrekkige handhawing van die openbare orde opgetree kan word waar daaruit oproer ontstaan het wat tot saakskade vir sy burgers gelei het nie. Die plaaslike owerheid het 'n groot mate van beleidsvryheid oor sake soos die toelaat van demonstrasies en sal nie maklik aanspreeklik gehou word waar nagelaat is om dwangmatige optrede deur die polisiemag te laat uitvoer nie.[58] 'n Mooi illustrasie hiervan is die volgende:[59] 'n Skadevergoedingseis is ingestel weens 'n versteuring van rus en genieting van die duine en natuur, en weens betreding van die eiser se grond deur kampeerders (plakkers) met 'n gevolglike afname in die grondwaarde. Die verweerder was 'n plaaslike owerheid wat die statutêre diskresie het om self teen oortreders van hulle dorpsbeplannings- en kampeerregulasies op te tree, maar wat nie tot sodanige optrede verplig is nie. Die eis is van die hand gewys en appèl volg. Die Hooge Raad bevind dat die plaaslike owerheid self sy beleid oor sodanige sake kan bepaal, en dat hy dus geen deliktuele aanspreeklikheid oploop waar hy nie kragdadig teen beskadiging van die duineveld deur onwettige bewoners en rommelstrooiers in 'n geproklameerde duinenatuurgebied opgetree het nie. Die Hooge Raad maak dit egter duidelik dat die plaaslike owerheid se versuim om daadwerklik iets te doen, of om sy eie beplanningsregulasies af te dwing, onregmatig sou wees indien dit sou gebeur volgens 'n beleid van geen-optrede al word daar ook in stryd met die wetlike voorskrifte oor die gebruik van sodanige openbare gebiede gehandel. Die Hooge Raad beslis dat sodanige voorskrifte ook ten behoewe van individue daargestel is – en nie net ten behoewe van die owerheid nie. Die enigste gevalle waar hiervan afgewyk sal word, is waar die omstandighede sodanig is dat dit vir hulle werklik geen ander uitweg ooplaat as om die voorskrifte te oortree nie.[60] Geen onwettige bewoner kan in elk geval enige regte vestig wat teen die wettige bewoner s'n opgeweeg kan word nie. Prins wys daarop dat die eiser 'n beter kans op sukses

54 Bloembergen (red) *Onrechtmatige daad* Losbladige uitgave) 1 (Met supplement 267 – Junie 1992) (hierna Bloembergen) 349.
55 Bloembergen 350.
56 *Idem* 351.
57 349.
58 HR 29 Maart 1940 NJ 1940, 1128 met nota van Meijers.
59 Dit kom voor in HR 12 Maart 1971 NJ 1971, 265 met nota van Prins.
60 750.

sou gehad het as hy die plaaslike owerheid op grond van die nie-nakoming van sy eie beplanningsregulasies aangespreek het, eerder as om sy eis te gooi oor die boeg van die onbehoorlike uitoefening van die diskresie om sterk teen (ander) oortreders van sy regulasies op te tree. Dit kom daarop neer dat die delikregtelike pad hier 'n beter resultaat sou opgelewer het as die meer administratiefregtelike weg, ofskoon daar natuurlik vir albei benaderings ruimte is.

4 STAATSAANSPREEKLIKHEID

4 1 Suid-Afrika

Staatsaanspreeklikheid[61] word lankal statutêr gereël.[62] Tans geld die Wet op Staatsaanspreeklikheid 20 van 1957, waarvan artikel 1 bepaal dat die staat vir die delikte van sy dienaars middellik aanspreeklik gehou kan word.[63] Omdat die kern van die probleem in die onderhawige gevalle juis is dat nie aan die gewone deliksvereistes voldoen word nie, bring die bepaling in hierdie stuk wetgewing ons nie nader aan 'n oplossing vir die gevalle van multikousale benadeling waar geen kousale verband bewys kan word nie.

Ons sal dus verder moet kyk om 'n moontlike oplossing te vind.

4 2 Duitsland

Reeds in 1850 was daar in Pruise en Beiere wetgewing om die staat te verplig om *Tumultschäden* meegebring deur owerheidsoptrede teen onrus te vergoed. Dit is opgevolg deur die *Reichsgesetz über die durch innere Unruhen verursachten Schäden* van 12 Mei 1920 (*TSchG*). Wat die berokkening van liggaamlike nadeel betref, is dit ook andersins statutêr[64] gereël, wat meegebring het dat die *TSchG* verder net vir saakskade gegeld het. Die verantwoordelikheid ingevolge daardie twee reëlings is toe staatsregtelik[65] aan die bondslande toegewys waarkragtens dit tans (1991) nog 'n taak van die onderskeie bondslande is.[66] Pogings om dit te wysig en om dit in 'n kodifiserende wet oor staatsaanspreeklikheid op te neem,[67] het tot nog toe nie geslaag nie.[68] Die feit dat die bondslande die verantwoordelikheid ingevolge die bestaande wetgewing dra, is nie die enigste probleem wat op hierdie terrein bestaan nie.

Die beperkte oogmerk met die regsmiddel wat bestaan, verskaf ook talle probleme. Die *TSchG* het naamlik in elk geval net die ekonomiese oorlewing van 'n slagoffer van sodanige owerheidsoptrede in die oog. Die beskerming is naamlik beperk tot 75% van die nadeel en tree net in werking as dit oor die ekonomiese oorlewing van die slagoffer gaan.[69]

---

61 Algemeen hieroor Steyn *Die aanspreeklikheid van die staat vir die onregmatige dade van sy dienare* (LLD-proefskrif 1929) (hierna Steyn) hfst 4.
62 Steyn hfst 6 bevat 'n oorsig van die vroeë wetgewing en regspraak.
63 Bv *Groenewald v Minister van Justisie* 1973 3 SA 877 (A) 879H.
64 In §18 van die *Personenschädengesetz* van 1922-07-15 (soos saamgevat in die wetgewing van 1927-12-22).
65 Ingevolge §§123–125 van die *Bonner Grundgesetz*.
66 Neuenschwander 161; Ossenbühl *Staatshaftungsrecht* 4e Aufl (1991) (hierna Ossenbühl) 317–318.
67 'n Poging daartoe van 1981 is weens tegniese redes deur die *Bundesverfassungsgericht* nietig verklaar.
68 Neuenschwander 161–162; Ossenbühl 370.
69 Neuenschwander 162.

In die praktyk word ook groot probleme ondervind om die regsmiddel (al is dit ook beperk) toe te pas, sodat dit al meermale gebeur het dat bondslande uitkerings aan slagoffers gedoen het sonder om hulle aanspreeklikheid te erken, eerder as om 'n potensieel langdurende hofstryd ingevolge daardie bepalings aan te knoop.[70] In die lig van al die probleme is daar skynbaar oorweeg om hierdie bepalings in die wetgewing oor sosiale versorging op te neem,[71] maar die oogmerk daarmee is klaarblyklik nie om slagoffers se beskerming teen benadeling deur owerheidsoptrede na besettings, betogings en demonstrasies uit te brei nie.[72] Volgens die huidige siening behoort die taak van die staat as die bewaarder van vrede eerder die grondslag te vorm van hierdie aanspreeklikheid, en nie die rol van die staat as sosiale versorger nie.

4 3 Aanspreeklikheid van die staat of *Gemeinwesen* in Switserland

4 3 1 Federale wetgewing

Ingevolge die *Verantwortlichkeitsgesetz* van 9 Desember 1850 was die federale bond nie aanspreeklik vir nadeel wat 'n beampte in die loop van sy diens onregmatig aan 'n derde toegebring het nie. Ingevolge die *Bundesgesetz über die Verantwortlichkeit des Bundes sowie seiner Behördenmitglieder und Beamten* (*Verantwortlichkeitsgesetz* genoem) van 14 Maart 1958[73] is die bond egter wel vir die vergoeding van sodanige nadeel kousaal aanspreeklik.[74] Dit gaan hier oor middellike aanspreeklikheid; hierdie aanspreeklikheid tree voorts slegs in waar dit oor die uitvoering van die take van 'n publiekregtelike aard van die bond gaan en vind dus nie eintlik in verband met demonstrasies aanwending nie.

Aangesien die beheer oor openbare strate en plekke en die handhawing van rus en orde in elk geval aan die kantons toegewys is, help die *Verantwortlichkeitsgesetz* 'n eiser boonop nie waar die nadeel onregmatig deur 'n kantonale beampte aangerig is nie. In die praktyk ontstaan die meeste van dié soort eise egter juis uit die optrede van kantonale amptenare. Die huidige posisie in Switserland kan dus nie juis as navolgenswaardig beskou word nie.

Die vraag word daar gevra of die gemeenskap (*Gemeinwesen*), wat vir die openbare veiligheid, rus en orde verantwoordelik is en oor die kompetensie beskik om dwingend op te tree om dit te bewaar, nie in gevalle waar nadeel deur owerheidsoptrede tydens demonstrasies veroorsaak word, as verweerder oorweeg moet word nie. In Switserland rus die taak om demonstrasies te beheer op die kantons wat dit deur hulle polisiemagte behartig. Die bond word net daarby betrek as 'n kanton nie meer sy taak kan uitvoer nie en 'n taak aan die bond oordra.[75] Aanspreeklikheid van die owerheid kan dus net ter sprake kom as dit uitdruklik deur 'n bonds- of kantonale verordening bepaal word.[76] Daar bestaan dus geen algemene aanspreeklikheidsreël vir nadeel veroorsaak deur

---

70 *Idem* 163; Ossenbühl 318 vn 16.
71 Neuenschwander 164.
72 Ingevolge die *Referentenentwurf des Staatshaftungsgesetzes* van 1976 het die opstellers daarmee klaarblyklik eerder op die oog om 'n absolute skadevergoedingsperk van 300 000DM aan alle eise op te lê.
73 SR 170.32.
74 BGE 115 II 237, 242.
75 Neuenschwander 143.
76 *Idem* 144–145.

owerheidsoptrede ten opsigte van of die bond óf die kantons nie. Dit moet uiteraard as onbevredigend beskou word.

Ingevolge artikel 13 *Absatz* 1 van die *Haftungsgesetz* kan die owerheid op billikheidsgronde vir skadevergoeding aanspreeklik gestel word al het die polisie in 'n noodtoestand (soos hulle die situasie gesien het) gehandel en dus regmatig opgetree.[77] 'n Voorbeeld hiervan kan wees waar dit vir die polisie weens die duur van en gebied ten opsigte waarvan die dreigende geweld voorkom, eenvoudig onmoontlik is om tegelykertyd alles en oral te beskerm, en hulle dan doelbewus sekere gebiede, periodes of goedere onbeskerm of net algemeen beskerm (byvoorbeeld deur periodieke waarneming) laat. Dit kan in sommige gevalle van nut wees waar nadeel ontstaan het uit die gebrek aan optrede deur die polisie teen 'n demonstrasie wat hande uitgeruk het.

4 3 2 Kantonale wetgewing

Op kantonale vlak is daar byvoorbeeld die *Gesetz über die Haftung des Staates und der Gemeinden sowie ihrer Behörden und Beamten, vom 14 September 1969 (Zürich)*[78] ingevolge waarvan die kanton (en nie ook die betrokke beampte nie) weens nadeel veroorsaak deur 'n beampte aanspreeklik gestel kan word.[79] Dieselfde vereistes as wat gewoonlik vir deliktuele aanspreeklikheid gestel word, geld egter ook hiervoor. Dit bring die aangeleentheid met betrekking tot multikousale benadeling weens demonstrasies dus ook nie nader aan 'n oplossing nie.

4 3 3 Burereg

Die staat kan uiteraard ook ingevolge die burereg aanspreeklik gehou word vir die manier waarop hy sy eiendomsreg uitgeoefen het afgesien daarvan of dit vir sake- of administratiewe doeleindes geskied.[80] Dit geld net waar die eiendom vir gemeenskaplike gebruik benut word in die uitvoering van die owerheid se pligte as owerheid, en vir sover dit handel oor voorsienbare nadeel of oor nadeel wat nie redelikerwys verhoed kon gewees het nie.[81]

4 3 4 'n Besondere reëling om organisasies kousaal aanspreeklik te stel

Die Switserse *Studienkommission für die Gesamtrevision des Haftpflichtrechts*[82] het in sy verslag[83] aanbeveel dat 'n nuwe vorm van kousale aanspreeklikheid vir organisasies daargestel word. Dit moet nie eenvoudige risiko-aanspreeklikheid wees nie maar wel 'n effens ligtere vorm van kousale aanspreeklikheid. Die grondslag daarvoor moet die een of ander fout of gebrek wees in die manier waarop die organisasie (ook een wat demonstrasies of sportbyeenkomste reël) sy taak uitgevoer het.[84]

---

77 *Idem* 157–158.
78 *GS* 170.1.
79 Neuenschwander 146–156.
80 A 684 ZGB, saamgelees met a 679 ZGB; Neuenschwander 160.
81 Neuenschwander 160.
82 Aangestel op 1988-08-26; onder voorsitterskap van dr Pierre Widmer, Lausanne.
83 Van Augustus 1991.
84 *Bericht der Studienkommission für die Gesamtrevision des Haftpflichtrechts* (August 1991 Bundesamt für Justiz Bern) 69–72.

Die *Studienkommission* se voorstelle moet vervolgens nog die hele voorfase van wetgewing in Switserland deurloop.[85] Hierdie voorfase is tans nog aan die gang.[86]

4 3 5 Samevatting

Ingevolge kantonale wetgewing kan die betrokke owerheid in Switserland soms wel aanspreeklik wees vir sekere nadeel wat die polisie aan buitestanders veroorsaak in die uitvoering van hulle taak om wet en orde te handhaaf deur teen oproermakers op te tree, maar dit geskied nie oral nie en die strekwydte daarvan is omstrede.[87] In elk geval word terughoudend gereageer op enige gedagte dat die breë publiek deur middel van belastinggeld die nadeel moet vergoed van mense wat as toeskouers of nuuskierige verbygangers by 'n demonstrasie rondgestaan het en in die loop van owerheidsoptrede daarteen beseer is.[88]

Staatsaanspreeklikheid het uiteraard verreikende implikasies. Neuenschwander[89] betoog dat die vraag of die owerheid aanspreeklikheid vir nadeel wat ontstaan uit owerheidsoptrede teen onrus moet oorneem, bespreek moet word teen die agtergrond van 'n reëling oor die vergoeding van die slagoffers van die geweldsmisdade. Hy meen dat dit nie wenslik is dat die owerheid algemeen so 'n verantwoordelikheid oorneem nie omdat dit te veel sal kos en groter geleentheid sal skep vir mense wat juis die bestaande gemeenskapsorde wil destabiliseer. Daarby sal dit lei tot sterker owerheidsoptrede teen onrus om sodoende die owerheid se aanspreeklikheid te beperk, wat maar net weer tot groter onrus sal lei en die openbare mening nadelig sal beïnvloed – 'n bose kringloop, dus.

Voorts is dit natuurlik so dat die owerheid in gepaste gevalle ook ingevolge die burereg aanspreeklikheid kan oploop vir wat op of van grond onder owerheidsbeheer gebeur.[90] Dit kan egter baie moeilik wees om by die verweer verby te kom dat die owerheid met die uitoefening van sy bevoegdhede ter wille van die openbare belang besig was, en dus nie onregmatig opgetree het nie. 'n Algemene oplossing kan die burereg in elk geval nie verskaf nie.

Terwyl die voorstel van 'n vorm van beperkte kousale aanspreeklikheid van organisasies klaarblyklik eers verder moet ontwikkel, bied dit intussen geen oplossing vir die talle probleme wat gereeld opduik nie.

5 VERSEKERING

Die gewone klasse versekering deug nie vir hierdie doel nie omdat hulle telkens nadeel veroorsaak deur onrus en oproer uitsluit.[91] Neuenschwander[92] meen dat

85 Eers word dit deur 'n *Expertenkommission* tot 'n *Vorentwurf* verwerk; dan moet dit 'n *Vernehmlassungsverfahren* (wye bespreking veral deur buiteparlementêre belanghebbendes) deurloop en dan in 'n *Botschaft des Bundesrates* aan die parlement voorgelê word, alvorens dit in die komitees van die parlement behandel kan word.

86 Loser 19 vn 57.

87 Sien bv Oftinger 1968 64 *SJZ* 228.

88 *Ibid* en gesag daar aangehaal.

89 164.

90 Dit sal ook in Suid-Afrika nie anders wees nie.

91 Neuenschwander 167–172. 'n Tipiese Suid-Afrikaanse korttermynpolis hieroor lui só: "Hierdie polisse dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie: (i) Burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus, of enige daad of handeling wat tot gevolg het of

vervolg op volgende bladsy

spesiale onrusversekering 'n uitweg bied.[93] Neuenschwander[94] voorsien, soos te verstaan is, vir die onrusversekeraar ook 'n verhaalsreg teen die delikspleger. Dit bring ons natuurlik weer te staan voor die moeilike vrae van die vereistes vir aanspreeklikstelling hoegenaamd. Die vraag is gevolglik of 'n versekeraar, gesien die probleem om aan die gewone vereistes vir aanspreeklikstelling te voldoen, hoegenaamd daarin sal belangstel om sy verhaalsreg uit te oefen as dit hom in elk geval in 'n duur hofsaak betrokke sal laat raak.

6 AANSPREEKLIKSTELLING VAN 'N GROEPSLID WEENS ONREGMATIGE DADE IN GROEPSVERBAND GEPLEEG EN DIE BESKERMING VAN FUNDAMENTELE REGTE – IS DAAR NOODWENDIG SPANNING?

Oor hierdie belangrike vraag moet ook in Suid-Afrika ernstig nagedink word. Elders is al heelwat daaroor gedebatteer en ons kan daar gaan kers opsteek. Asser-Hartkamp[95] meen byvoorbeeld dat artikel 166 *Nieuw BW* in die geval van demonstrasies baie versigtig gehanteer moet word in die lig van die grondwetlik gewaarborgde reg om te betoog.[96] Indien daar uit demonstrasies nadeel ontstaan weens die uitbreek van gevegte of die gooi van klippe, sal volgens hom in beginsel slegs diegene wat aktief aan die gebeure[97] deelgeneem het vir die nadeel

---

daarop gemik is om enige van die voormelde te veroorsaak . . . (iv) Enige optrede (hetsy ten behoewe van enige organisasie, liggaam of persoon, of groep persone) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang, of deur vrees, terrorisme of geweld omver te werp of te beïnvloed. (v) Enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring, of uit protes teen enige staat of regering, of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem. (vi) Enige poging tot optrede wat in klousule (iv) of (v) hierbo genoem word. (vii) Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna daar in klousules (i) . . . (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word." Hierdie sg SAVV-uitsonderings kan gedek word ingevolge 'n gepaste polis uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's (SASRIA), maar dit bevat ook bepaalde uitsonderings en beperkings, en bied dus ook net 'n gedeeltelike oplossing. 'n Tipiese langtermynpolis sluit ook die aanspreeklikheid van die versekeraar uit waar die risiko ingetree het agv "oproer, burgerlike onluste, opstand, geveg, . . ." Langtermynversekeraars behou egter uitdruklik die diskresie voor om uitbetalings in sulke gevalle te doen solank hulle dit goed ag.

92 173.

93 Quendoz *Modell einer Haftung bei alternativer Kausalität* Zürcher Studien zum Privatrecht Nr 85 (1991) (hierna Quendoz) 106 is teen die oplossing van die probleem dmv versekering gekant omdat dit enige voorkomende werking van deliktuele aanspreeklikheid loënstraf, en nie in ooreenstemming is met die etiese motief van individuele verantwoordelikheid vir onregmatig veroorsaakte skade nie. Met die invoer van SASRIA-versekering in Suid-Afrika is ook vir die versekeringsopsie gekies. Dit gaan mank aan dieselfde beginselbeswaar wat Quendoz opper.

94 174.

95 91.

96 A 9 van die Nederlandse Grondwet.

97 Hy sê nie of hy dáárónder aktiewe deelname aan die betoging of aan die gevegte en klipgooiery verstaan nie – dit lyk egter waarskynliker dat Ig bedoel is.

aanspreeklik wees.[98] Die individuele lid se verbondenheid tot die groep het sowel 'n objektiewe as 'n subjektiewe kant. Objektief beskou moet die lid deur sy optrede blyke gee van 'n aandeel in die gedraginge wat agterweë moes gebly het, gesien die verhoging daardeur van die kans op die intrede van nadeel. Subjektief beskou, moes daar blyke gewees het van "gedragingen in bewuste samenhang".[99] Of hierdie ontleding beter is as die een ingevolge waarvan daar vereis word dat 'n betrokkenheidsverband aanwesig moet gewees het,[100] is te betwyfel; dit behoort in elk geval op dieselfde neer te kom. Die vraag behoort te wees of die aangesprokene se deel-word of deel-bly van die groep redelik was, gesien die risiko dat nadeel uit die groepsoptrede kon ontstaan. Die betrokkenheid van die aangesprokene by die groepsaktiwiteit moet dus teen die agtergrond van die gemeenskap se regsoortuigings as onredelik aangemerk kan word alvorens só iemand se gedrag as onregmatig beskou kan word.

Hoe moet die voorgaande egter met die beskerming van die reg om te demonstreer versoen word? Die fundamentele belang van die reg op spraak- en meningsvryheid staan vas:

> "Das Grundrecht auf freie Meinungsäußerung ist . . . als unmittelbarster Ausdruck der menschlichen Persönlichkeit in der Gesellschaft eines der vornehmsten Menschenrechte überhaupt. Es ist für eine freiheitlich-demokratische Staatsordnung schlechthin konstituierend, weil es die ständige geistige Auseinandersetzung, den Kampf der Meinungen, der ihr Lebenselement ist, ermöglicht. Es ist in gewissem Sinne die Grundlage jeder Freiheit überhaupt."[101]

Dit is egter nie noodwendig so dat daar spanning bestaan tussen die fundamentele vryheid van spraak en meningsuiting, en potensiële aanspreeklikstelling weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg nie. Dit is nietemin 'n belangrike kwessie as daaraan in die konteks van optogte en demonstrasies gedink word. Onduidelikheid oor hierdie vorm van aanspreeklikheid het al gelei tot die vrees dat die moontlikheid van aanspreeklikstelling mense daarvan sal weerhou om hulle reg op meningsuiting te benut, of, andersyds, sal lei tot misbruik juis van daardie reg tot onregmatige benadeling van ander.

Van Leeuwen[102] bepleit, met die oog op sinvolle begrensing van die fundamentele reg op meningsuiting, dat die "clear and present danger"-toets aanvaar word, maar die Nederlandse wetgewer het nie daaraan gebyt nie. Daar word ter oorweging gegee dat die mate waartoe die gedrag van die aangesprokene die kans verhoog het dat nadeel deur iemand uit die groep toegebring kon word ook

---

98 Deelname aan 'n mediese span wat 'n op sigself verantwoorde operasie onbehoorlik uitvoer, stel glo nie 'n groep daar nie. Of deelname aan 'n demonstrasie waartydens nadeel veroorsaak word daaronder val, hang glo van die omstandighede van die geval af (volgens die *Memorie van Antwoord* (*Parlementaire Geschiedenis* 664 ev). Faktore van belang daarby is dan of die demonstrasie geoorloof of verbonde was en die mate waartoe die gewraakte gebeure voorsienbaar was. Meerdere bedrywe wat onafhanklik van mekaar die omgewing besoedel, sal glo ook nie as 'n groep ingevolge a 166 *Nieuw BW* aangemerk word nie (Asser-Hartkamp *Mr C Asser's Handleiding tot de beoefening van het Nederlands Burgerlijk Recht, Verbintenissenrecht Deel III: De Verbintenis uit de Wet* 9de druk (1994) (hierna Asser-Hartkamp) 91).

99 Boonekamp 218.

100 Sien 1996 *THRHR* 64 ev.

101 BVerfGE 5, 85, 205; 7, 198, 208 (sien Saxer 90).

102 "Aansprakelijkheid voor demonstratieschade en betogingsvrijheid" 1985 *NCJM-Bulletin Nederlands Tijdschrift voor de Mensenrechten* 99.

vir die Suid-Afrikaanse reg die gewensde resultate sal lewer.[103] Solank die aangesprokene se deelwees of -bly van die groep dus in die lig van genoemde omstandighede as onredelik bestempel kan word, kan hy aanspreeklik gestel word vir nadeel wat vanuit die groepsaktiwiteit toegebring is sonder dat die instandhouding van die fundamentele reg om te demonstreer daarmee in die gedrang kom. Dit gaan uiteraard hier oor 'n beleidsbesluit, wat wel deur sommige skrywers gekritiseer word maar wat myns insiens 'n wesenstrek van die deliktereg is.[104]

Die slotsom wat pas bereik is, maak dat die vraag wat hierbo gestel is maklik beantwoord kan word. Boonekamp[105] toon ook aan dat die vrees dat die moontlike aanspreeklikstelling weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg op die fundamentele reg op meningsuiting inbreuk sal maak, misplaas is omdat artikel 166 *Nieuw BW* eers ter sprake kan kom as bewys is dat, in die lig van *al die omstandighede*, waaronder ook byvoorbeeld die aanspraak van demonstrante om die openbare pad vir hulle demonstrasie te gebruik, die deelname aan die groepsaktiwiteit onregmatig was gesien die nadeel wat daardeur veroorsaak kon word. Onregmatige optrede wat nadeel tot gevolg het, kan immers beslis nie ingevolge artikel 9 van die Nederlandse Grondwet – of die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1993 – wat die vryheid van meningsuiting en reg om te demonstreer waarborg, geregverdig word nie. Dit geld des te meer vir enige vorm van gewelddadige optrede.[106]

Met hierdie slotsom[107] is die vraag wat aan die begin gestel is na die grondslag en vereistes vir die afwenteling van multikousale nadeel in 'n fundamentele regte-bedeling, op 'n demonstrant wat nie self nadeel aangerig het nie weens deelname aan so 'n groepsaktiwiteit,[108] voorlopig beantwoord. Aangesien dit in die deliktereg oor die voortdurende afweging van belange in die lig van die gemeenskap se regsoortuigings handel, kan verwag word dat veranderende omstandighede telkens 'n herevaluering van die inset wat vanuit die deliktereg gemaak kan word nodig sal maak.

---

103 Iets van Whiting "Factual causation in perspective" in Kahn (red) *Fiat justitia: essays in memory of Oliver Deneys Schreiner* (1983) 370 se siening (sien Deel 1 par 4 5 1995 *THRHR* 438) kom hierin tot sy reg.

104 Sien Boberg 386, wat meen dat Whiting (sien vorige vn) se benadering op *ex post facto* rasionalisering oor oplossings wat hy op onuitgesproke gronde as wenslik beskou, neerkom. 'n Soortgelyke siening word deur Mundell "Causation in delict: do the means justify the ends?" 1987 *THRHR* 379–397 gehuldig. Mundell verklaar dat die oogmerk wat in elke soort geval met aanspreeklikstelling primêr nagestreef word, bepalend is vir die siening van die aard van die kousaliteitsvereiste in daardie geval. Afgesien van wat moontlik van die ekonomiese analise van die onregmatige daadreg gesê kan word, beklemtoon Mundell (396–397) tereg dat iets soos die kousaliteitsvereiste nie los van die oogmerke met aanspreeklikstelling ingevolge die deliktereg – in 'n vakuum dus – beskou kan word nie. Vanselfsprekend het Boberg gelyk as hy suggereer dat 'n mens net moet seker maak dat die beleidsoorwegings wat toegepas word, duidelik gestel word.

105 193.

106 Die "clear and present danger"-toets is dus hier nie aangewese nie en is volgens Boonekamp 193 tereg nie bygesleep nie.

107 Soos aangevul deur die gevolgtrekkings wat aan die einde van Deel I par 5 2; Deel II par 4; Deel III par 4 bereik is.

108 Sien Deel I par 2 4.

AANTEKENINGE

DIE OOGMERK VAN VERGELDING UIT DIE OOGPUNT VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF

Inleiding

Een van die eerste en waarskynlik belangriker beslissings van die konstitusionele hof het oor die ongrondwetlikheid van die doodvonnis gehandel. Die bekende beslissing is gerapporteer as *S v Makwanyane* 1995 2 SASV 1 (CC) en was in menige opsigte 'n baanbrekersaak. Feitlik die hele Julie-uitgawe van die strafregverslae is daaraan afgestaan en dit is tot dusver die enigste beslissing van die konstitusionele hof waarin elke regter 'n afsonderlike uitspraak gelewer het. Volledige kommentaar oor die hele uitspraak is byna onmoontlik. Hierdie bespreking kyk net na die een aspek daarvan, naamlik die hof se hantering van die rol wat vergelding by vonnisoplegging speel.

Weens al die aandag wat vergelding al in Suid-Afrika geniet het, sou 'n mens 'n mening dat niks nuuts werklik oor die rol daarvan te sê is nie, kon begryp. Die teendeel is egter eerder waar want daar is waarskynlik min ander aspekte van ons strafstelsel waarby soveel onnadenkende napraat van vorige gesag plaasvind as juis by vergelding en die sogenaamde strafoogmerke. Die hoop dat die konstitusionele hof hierdie situasie sou verander, het nou ook beskaam. Ons land se hoogste hof het hom in *Makwanyane* en *S v Williams* 1995 2 SASV 251 (CC) deur verskeie monde oor die strafoogmerke uitgespreek maar die hantering daarvan was deurgaans teleurstellend. Daar is hoofsaaklik by bestaande beskouings gehou, terwyl die konstitusionele hof die leier behoort te wees en nie net navolger nie. Vergelding is só 'n basiese bousteen van elke vonnis wat in Suid-Afrika opgelê word dat 'n suiwer beskouing daarvan noodsaaklik is vir regverdige en konsekwente straftoemeting. Dit is dus jammer dat hierdie geleentheid verby is want die hof het nou 'n presedent geskep wat nie geredelik verander sal word nie.

Makwanyane se beskouing van vergelding

Tydens die argumenteringsfase van hierdie saak het die prokureur-generaal aangevoer dat die doodvonnis geregverdig kan word (al sou dit inbreuk maak op die reg op lewe en die reg teen wreedaardige en onmenslike strawwe) deurdat dit die gemeenskap se behoefte aan voldoende vergelding vir weersinwekkende misdade bevredig. In sy hantering van hierdie argument behandel president Chaskalson vergelding as een van die aanvaarde oogmerke van straftoemeting. Hy noem dat die hoofoogmerke van straf "have been held to be" afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding (vgl [46] 26*h*). As gesag vir hierdie

stelling word verwys na *S v J* 1989 1 SA 669 (A) 682G, *S v P* 1991 1 SA 517 (A) 523G–H en *R v Swanepoel* 1945 AD 444. Die president kon natuurlik na enige van tientalle ander sake verwys het waarin dieselfde beslis is. Dat hierdie strafoogmerke deur ons howe beskou word as die hoofoogmerke van straf, is sonder twyfel so. Die *Swanepoel*-beslissing word ook feitlik deurgaans gesien as dié oorspronklike bron van hierdie beskouing. Die ironie is egter dat die appèlhof in *Swanepoel* nié dit beslis het wat in die daaropvolgende beslissings daaraan toegeskryf is nie. Wat alom as die oorspronklike "bron" gesien word van die stelling dat die genoemde vier strafoogmerke die hoofstrafoogmerke in Suid-Afrika is, is nie werklik die bron daarvan nie. Hierdie mistasting word hieronder vollediger bespreek.

Later in sy uitspraak ([129] 52*d*) verwys president Chaskalson weer na vergelding as 'n strafoogmerk. Dan bring hy die geregverdigde woede van die vriende en familie van die slagoffer en die openbare verwerping van ernstige misdade ook met vergelding in verband. Hierdie woede, waarsku hy, kan maklik in 'n aanspraak op wraak ontwikkel. Ook die verband tussen vergelding en die *talio*-beginsel, volgens die Ou Testamentiese wet van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand (*Ex* 21:23–25), word genoem saam met die mening dat ons strafstelsel hierdie beginsel lankal ontgroei het:

> "Punishment must to some extent be commensurate with the offence, but there is no requirement that it be equivalent or identical to it" ([129] 52*f*).

Laastens lê die president ook daarop klem dat vergelding nie soveel gewig dra as afskrikking nie ([129] 52*d*).

Verskeie van hierdie stellings verdien kommentaar. Vir perspektief moet toegegee word dat president Chaskalson se standpunte heeltemal in lyn is met die algemene standpunte wat al oor baie jare in ons hoogste howe gehuldig word. Hierdie standpunte is egter aanvegbaar. Eerstens kan vergelding beswaarlik 'n *strafoogmerk* wees. Tweedens is die erkenning van die woede van die slagoffers en die gemeenskap nie sonder meer dieselfde as vergelding nie. Beide hierdie argumente word hieronder volledig bespreek. Die oorblywende standpunte van president Chaskalson moet egter ondersteun word. Die *talio*-beginsel behoort inderdaad tot die verre verlede, en daarmee saam die vereiste dat die straf net soos die misdaad behoort te lyk. Wat wel daarvan oorgebly het, is die beginsel van *proporsionaliteit* (soos dit in Amerika bekend geword het), wat vereis dat die straf in verhouding met die blaamwaardigheid van die misdadiger moet wees.

'n Hele paar ander regters het in hulle uitsprake ook na vergelding verwys. Regter Didcott spreek hom soos volg daaroor uit:

> "I share the view taken by him [Chaskalson P, in par 129–131] that retribution smacks too much of vengeance to be accepted, either on its own or in combination with other aims, as a worthy purpose of punishment in the enlightened society to which we South Africans have now committed ourselves, and that the expression of moral outrage which is its further and more defensible object can be communicated effectively by severe sentences of imprisonment" ([185] 72*i* ev).

Met alle respek teenoor regter Didcott is daar hoegenaamd geen aanduiding nie in enigiets wat president Chaskalson gesê het, of in die toon van enige deel van sy uitspraak, wat die stelling regverdig dat vergelding te na aan wraak is *om aanvaarbaar te wees*. Dit is onverantwoordelik van die regter om so 'n betekenis aan die president se uitspraak te heg. Ek het dan ook al akademiese stukke onder oë gehad wat hierdie *dictum* van regter Didcott (verkeerdelik) as die hof se

beskouing van vergelding beskryf. Sy behandeling van vergelding dui eintlik daarop dat hy dit met wraakneming gelykstel, wat dui op 'n misverstand oor die ware aard van vergelding. Dit is inderdaad ironies dat regter Didcott meen dat die aanvaarding van vergelding nie tuishoort in 'n moderne samelewing nie terwyl die moderne beskouing, soos wat dit byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika toegepas word, juis is dat "just deserts" die grondslag van konsekwente, regverdige vonnisoplegging is. Die ware aard van vergelding moet gevolglik ook hieronder bespreek word.

Waarnemende regter Kentridge verwys na vergelding as 'n element van straftoemeting ([203] 80*h*). Die vraag is of 'n "element" iets anders is as 'n "oogmerk". Hierdie vraag sal aandag geniet by die oorweging van die ware aard van vergelding.

Regter Langa verwys op sy beurt ook daarna dat die vonnis die regverdige woede van die gemeenskap moet weerspieël, maar waarsku dat dit steeds nie 'n boodskap mag stuur dat ons gemeenskap na die oog-vir-'n-oog-beginsel terugkeer nie ([232] 88*a*).

Vir regter Mahomed is vergelding 'n toelaatbare oogmerk van straf

> "because there is an inherent legitimacy about the claim that the individual victims and society generally should, and are entitled to, enforce punishment as an expression of their moral outrage and sense of grievance" ([296] 101*h*).

'n Mens kan nie help om te wonder waar hierdie eis dat individuele slagoffers straf moet afdwing en daarop geregtig is om straf af te dwing, vandaan kom nie. Ek is nie bewus van enige sodanige eis nie. Dit sou 'n mens inderdaad verstom want dit lyk besonder baie na die neem van reg in eie hande. Miskien lê die verklaring daarin dat regter Mahomed eenvoudig gepoog het om die verband tussen vergelding en die eise van slagoffers en die gemeenskap op 'n effens ander wyse as die geykte manier te bewoord.

Die enigste ander regter wat iets oor vergelding te sê het, is regter O'Regan. Sy meld basies net dat vergelding as strafdoelwit nie te veel gewig gegee moet word nie en spreek twyfel uit of vergelding self ooit die doodstraf sal kan regverdig ([341] 114*h*).

Opsommenderwys kan daar dus gesê word dat van die ses regters wat hulle oor vergelding uitspreek, drie daarna verwys as 'n strafoogmerk, een as 'n element van straftoemeting, en dat die ander dit eenvoudig deurtrek na die eise van die gemeenskap.

Daar is gevolglik hoofsaaklik drie aspekte van die konstitusionele hof se behandeling van vergelding wat verdere bespreking verdien, naamlik wat die betekenis van die woord "vergelding" is, wat die aard daarvan is (en of vergelding 'n strafoogmerk kan wees) en derdens, hoe 'n vonnis se weerspieëling van die gemeenskap se gevoelens oor misdaad met vergelding te rym is.

Die betekenis van "vergelding"

Dit is nuttig om na die algemene betekenis van die woord "vergelding" te verwys. Die woord beskryf logieserwys die proses of handeling waardeur vergeld word. "Vergeld" word in die woordeboeke wat ek nageslaan het hoofsaaklik beskryf in terme van terugbetaal, wraakneem en straf (vgl *HAT* (1994); *The Oxford English dictionary* (1989)).

"Terugbetaal" kan dieselfde as "wraakneem" beteken. Maar dit kan ook 'n meer letterlike betekenis dra, naamlik om geld te betaal vir skade wat aangerig

is. Engelse woordeboeke maak juis veral melding van "repayment" as sinoniem vir "retribution".

Die gelykstelling van vergelding en wraakneming in die gewone sin van die woord is verstaanbaar. Uit 'n juridiese oogpunt is die twee begrippe egter nie sinonieme nie. Om dit in te sien, hoef 'n mens maar net te kyk na die geskiedkundige ontwikkeling van strafstelsels wat deur staatsowerhede bedryf word. In vroeë tye was wraakneming die basiese metode waarop reg geskied het. Met verloop van tyd het die samelewing egter verander van losstaande en taamlik nomadiese stamme na 'n meer gestruktureerde samelewing, in baie gebiede met feodale landhere en onderdane. Hierdie landhere sou mettertyd ontwikkel in stadsregerings. Privaat wraakneming was 'n chaotiese proses – die gevolge van een stam wat 'n ander inval om wraak te neem, spreek vanself. Die sentralisasie van mag het die onaanvaarbaarheid van hierdie chaos toenemend beklemtoon. Die gevolg was dat die owerhede begin het om die straffunksie oor te neem en so het openbare strafstelsels ontstaan (die detail van hierdie ontwikkeling kan in Von Bar *A history of continental criminal law* (1968) 57–118 nagespeur word; hierdie proses het in die Engelse reg heelwat vroeër plaasgevind – vgl Bartlett *Trial by fire and water* (1986) 127 ev). Juis omdat die owerhede nie by die misdade betrokke was nie was dit moontlik om straf objektief toe te meet. Hierdie situasie het wraakneming (as subjektiewe, chaotiese menslike bedrywigheid) in vergelding (as objektiewe, geordende staatlike bedrywigheid) verander. Wraak en vergelding kan vandag alleen gelykgestel word indien hierdie algemeen aanvaarde historiese verloop ontken word, of indien die kommentator daarvan onbewus is. Dit maak in elk geval geen sin om die straf wat deur 'n onbetrokke hof opgelê word en dan deur 'n sogenaamde gesiglose staatsorgaan uitgevoer word, met die persoonlike element wat by wraakneming opgesluit is, te probeer gelykstel nie. Dit is inderdaad interessant dat die *Oxford English dictionary* "wraakneem" nie direk as 'n betekenisvorm van "vergelding" (*retribution*) aandui nie (dieselfde posisie geld in die *Longman family dictionary* (1984)). Die naaste wat die *Oxford* kom, is "return of evil".

Dit laat die oorblywende betekenis van vergelding, naamlik "straf". Om vergelding aan bestrawwing gelyk te stel, maak juridies meer sin as enige ander sinoniem vir die woord. Dit is nodig om vergelding in hierdie sin deeglik te bekyk maar vir eers bring dit hierdie bespreking by die volgende onderwerp.

Die aard van vergelding: Die siening van ons howe

Vergelding word deur ons howe in hoofsaaklik twee terme beskryf. In die beslissing waaraan feitlik alle besprekings van vergelding gekoppel word, naamlik *R v Karg* 1961 1 SA 231 (A) 236A, word vergelding as 'n *aspek* en 'n *element* van straf gesien. Die hof beslis ook dat vergelding steeds belangrik is maar dat dit plek gemaak het vir die aspekte van afskrikking en hervorming (kyk ook *Williams* [65] 269*d*). Op gesag van *Karg* het ons howe al dikwels na vergelding as 'n element van straftoemeting (of selfs van straf) verwys (vgl *S v Khumalo* 1984 3 SA 327 (A) 330D; *S v Skenjana* 1985 3 SA 51 (A) 55B; *S v Pieters* 1987 3 SA 717 (A) 728I as enkele voorbeelde).

Die bespreking van *Makwanyane* hierbo maak dit egter duidelik dat daar ook van vergelding as 'n strafoogmerk gepraat word. Dit het ook dikwels in die appèlhof gebeur. Die bron van laasgenoemde beskouing is, soos reeds genoem, die beslissing in *R v Swanepoel*. Hierdie beslissing moet van nader beskou word. Hier kan egter reeds genoem word dat om vergelding beide as 'n oogmerk van

straf en 'n element van straftoemeting te beskryf, veel sê van die verwarring oor die aard daarvan. 'n Oogmerk is die doel waarna gestrewe word. 'n Element, aan die ander kant, is 'n bestanddeel, 'n inherente deel van die groter geheel. Een ding, soos vergelding, kan moeilik terselfdertyd doel én bestanddeel wees.

Die *Swanepoel*-beslissing

Waarnemende appèlregter Davis ag dit in hierdie beslissing nodig om konseptueel na straftoemeting te kyk. In die proses kyk hy eers na die uitsprake oor straf van ons gemeenregtelike skrywers en Beccaria. Dit word gevolg deur verwysings na enkele resenter skrywers, soos Salmond en Kenny, wat in hulle werke oor die algemeen verwys het na die vier strafdoelwitte met besondere klem op afskrikking. Die regter se kommentaar hierop is: "This statement may well be an oversimplification of a most difficult problem" en "[w]hat the future may bring in this regard I cannot forecast" (455). Daar is geen beslissing in *Swanepoel* dat afskrikking die belangrikste strafoogmerk is nie – nie eens *obiter* nie. Daar is ook geen bevinding dat die genoemde vier strafoogmerke ook in die Suid-Afrikaanse reg toepassing vind *as strafoogmerke* nie. Hierdie feit is by enkele geleenthede in die appèlhof uitgewys. In *S v S* 1977 3 SA 830 (A) 837F–838C kasty hoofregter Rumpff die landdros wat 'n vonnis op grond van afskrikking probeer regverdig het (op gesag van *R v Swanepoel*) daaroor, juis omdat *Swanepoel* nie die gesag bied wat allerweë daaraan toegedig word nie.

Die enigste ander saak waarin *Swanepoel* noukeurig in oënskou geneem word, is die redelik onlangse *S v Nkambule* 1993 1 SASV 136 (A). Waarnemende appèlregter Harms kom na 'n deeglike kyk na die beslissing in *Swanepoel* eweneens tot die volgende (onvermydelike) slotsom:

> "Dit blyk hieruit [die aanhalings uit *Swanepoel*] dat Davis WnAR aanvaar het dat om altyd prioriteit aan afskrikking te gee, op 'n oorvereenvoudiging kan neerkom en dat hierdie filosofiese siening nie staties is nie . . . In besonder bied sy uitspraak nie 'n basis vir 'n benadering dat die hoofoogmerk van die oplegging van die doodvonnis afskrikking moet wees nie" (146*c*, 146*e*).

Benewens hierdie twee uitsonderlike beslissings het die appèlhof eenvoudig in een saak na die ander beslis dat daar vier strafoogmerke is (waarvan vergelding een is), dat afskrikking die belangrikste daarvan is en dat waarnemende appèlregter Davis se uitspraak in *R v Swanepoel* die gesag vir hierdie standpunt is (vgl *Whitehead* 1970 4 SA 424 (A) 436E–F; *Rabie* 1975 4 SA 855 (A) 862A–B; *Khumalo* 1984 3 SA 327 (A) 330D–E; *S v B* 1985 2 SA 120 (A) 124D–E; die sake hierbo waarna Chaskalson P verwys het).

Die ware aard van vergelding

Een van die redes hoekom dit so moeilik is om die aard van vergelding 'n konkrete vorm te gee, is omdat vergelding 'n abstrakte konsep is. Vergelding het egter, soos wat hierbo genoem is, sterk historiese bande met weerwraak en daarom kan heelwat oor die aard van vergelding uit die aard van weerwraak afgelei word. Dit is ten minste makliker om weerwraak in die verbeelding te sien afspeel en dit het dus 'n konkreter geaardheid as vergelding.

Die eerste kenmerk van weerwraak is dat dit 'n reaksie is. In die sin waaroor dit tans gaan, sal dit gewoonlik 'n reaksie deur die slagoffer van 'n misdaad teenoor die misdaadpleger wees. So 'n misdaad sal tipies die balans in die gemeenskap versteur omdat die slagoffer skade ly terwyl die misdadiger dikwels

voordeel daaruit trek. Gevolglik is dit 'n tweede kenmerk van weerwraak dat dit plaasvind ten einde hierdie balans te herstel. Oordadige weerwraak sal die balans egter nie herstel nie maar die wanbalans na die ander kant toe oorgooi en die oorspronklike misdadiger weer rede gee om self wraak te neem. Daarom is dit 'n derde kenmerk van geskiedkundige weerwraak dat dit slegs geregverdig was indien die omvang daarvan die versteurde balans herstel het. Hierdie kenmerk van weerwraak het gevolglik 'n perk geplaas op die omvang wat dit kon aanneem: té veel en die balans word na die ander kant versteur; té min en dit word nie herstel nie. Die oorsprong van hierdie gedagte lê taamlik stewig in die *talio*-beginsel geanker, dit wil sê in die gedagte dat 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand geneem kan word. Dit impliseer ook 'n lewe vir 'n lewe maar nie 'n lewe vir byvoorbeeld 'n arm nie.

'n Mens kan nou ook vra: wat kan of behoort die *doelwit* van die weerwraak te wees? Dit is interessant hoe maklik dit is om aan 'n paar kenmerke van weerwraak te dink maar hoe moeilik dit is om met enige nuttige doelwitte van weerwraak vorendag te kom. Eintlik is al wat geargumenteer kan word dat dit die doelwit van weerwraak is om die versteurde balans te herstel. Enige ander doelwit sal hiermee verband hou hetsy daar argumenteer word dat die doel van die weerwraak is om die misdadiger sy voordeel te ontneem, of om die slagoffer se skade te herstel, of bloot om die slagoffer beter te laat voel. Hierdie argumente is egter reeds die kenmerke van weerwraak, naamlik dat die wanbalans daardeur herstel word. Die doel met die aksie van weerwraak word dan eenvoudig dat die wreker die rede waarvoor die aksie bestaan, wil bereik. Dit skep onvermydelik die vraag of dit enige sin het om te vra wat die doelwit van weerwraak is. Myns insiens is die antwoord eenvoudig: indien die doelwit van weerwraak nie in ander terme as die wesenskenmerke daarvan beskryf kan word nie, het dit geen sin om doelwitte daarvoor te beskryf nie.

Elkeen van die kenmerke van weerwraak geld ook vergelding as nasaat van weerwraak: vergelding vind ook plaas in reaksie op die misdaad; vergelding herstel ook die wanbalans; die omvang van die vergelding word ook beperk deur die vereiste dat dit die wanbalans moet herstel en nie in die proses 'n nuwe wanbalans moet skep nie (vgl oa Rabie en Strauss *Introduction to punishment* (1994) 20–25; *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die RSA* (RP 78/1976) par 5 1 2 5 en 5 1 2 8). Hierdie kenmerke beskryf vergelding – dit is inderdaad vergelding. Wanneer 'n mens egter begin soek na die doelwit van vergelding lê daar net soos in die geval van weerwraak geen duidelike doelwit voor die hand nie.

Al hierdie kenmerke van vergelding is ook kenmerke van behoorlike, konsekwente, regverdige vonnisoplegging. 'n Misdadiger word ook vonnis opgelê omdat hy of sy 'n misdaad gepleeg het; die vonnis behoort ook sodanig te wees dat dit die versteurde balans herstel, wat ook behels dat die vonnis nie nuwe wanbalanse moet skep nie. Hierdie ooreenstemming in kenmerke dui op so 'n sterk verband tussen vergelding en straftoemeting dat dit die argument dat vergelding en straftoemeting eintlik maar dieselfde ding is, kragtig ondersteun (vgl wat hierbo gesê is oor die algemene betekenis van die woord vergelding).

Wat hierdie verband ook na vore bring, is die sinloosheid daarvan om vergelding as 'n doelwit van straf te beskryf – dit beteken uiteindelik dat vergelding 'n doelwit van sigself is. Daar word in elk geval algemeen aanvaar dat vergelding van die ander strafoogmerke verskil deurdat dit terugskouend is – dit is inderdaad een van die groot punte van kritiek daarteen. Iets wat terugskouend is, word

baie moeilik ook 'n doelwit of 'n oogmerk wat noodwendig vooruitskouend moet wees. Dit is dan ook baie maklik om aan afskrikking, voorkoming of hervorming te dink as iets wat deur 'n vonnis bereik kan word maar dieselfde kan beswaarlik van vergelding gesê word.

Hierdie siening van vergelding is geen nuwigheid in Suid-Afrika nie. In *S v S* 1977 3 SA 830 (A) 837F–838C verwys hoofregter Rumpff (met verwysing na die beslissing in *Swanepoel*) onder andere na die volgende:

> "Today, there are people who also think that the way in which the word 'retribution' has been used, is wrong. Helen Silving in 'Essays in Criminal Science', vol 1, expresses the following opinion on the subject of retribution: '. . . Retribution operates in the form of punishment, and the latter always *is* retribution, whatever other goals, e.g. deterrence or reformation, it may serve, for there is implied in 'punishment' a 'retribution' connection with the conduct the like of which is to be averted by deterrence or reformation . . .'" (838A–C).

Dieselfde sentiment kom van Ross *On guilt, responsibility and punishment* (1975) 61–63, waar hy verduidelik:

> "Retributive theories, for their part, quite clearly have nothing at all to do with the aim of punishment . . . Retribution has never been understood by retributivists themselves as an aim – an intended effect – of punishment, but its legitimation and a principle for its measurement. This is quite clear in the case of modern authors like Hart . . . But it is also true of classical theorists like Kant, Stahl, Hegel, Binding and any other one cares to mention. If it has ceased to be obvious, then, this is due in the first instance, simply to the fact that these authors are no longer read. People simply parrot one another's hearsay that the absolute theorists claim retribution, not prevention, to be the aim of punishment. No one stops to consider how unreasonable such an assumption is; how a thinker of Kant's calibre could have thought anything so foolish."

Miskien is Ross té dogmaties as hy beweer dat vergelding nooit deur "retributivists" as doelwit van straf gesien is of word nie. Maar wat duidelik is, is dat straf en vergelding twee terme is wat in 'n strafstelsel onafskeidbaar met mekaar gepaard gaan (kyk ook hieronder by die bespreking van *R v Karg*).

Die rol van vergelding

Watter rol behoort vergelding dus in ons straftoemeting te speel? Omdat iemand 'n daad gepleeg het wat deur die wetgewer of die gemenereg verbied en met straf bedreig word, verdien daardie persoon dit om gestraf te word. Straf is sy verdiende loon, sy "just deserts". Meer as wat verdien word, is nooit verdiende loon nie want amper belangriker as die regverdiging wat vergelding vir die bestaan van 'n strafstelsel bied, is die funksie daarvan om perke te stel aan die straf waarvoor dit in 'n individuele geval as regverdiging dien. Vergelding is nie, soos dikwels gesê word, die rede hoekom swaar strawwe opgelê word vir misdade wat minder ernstig voorkom nie. Want om misdaad doeltreffend te voorkom, of die oortreder doeltreffend van die herhaling van misdaad af te skrik, of doeltreffend te rehabiliteer, verg meestal baie langer vonnisse as wat vergelding toelaat. Die rede daarvoor is eenvoudig: al hierdie vooruitskouende strafoogmerke neem tyd om effek te toon, terwyl die oorgrote hoeveelheid vonnisse wat in Suid-Afrika opgelê word juis vir minder ernstige misdade is en besonder min potensiaal het om af te skrik, te rehabiliteer of te voorkom. Vergelding is gevolglik 'n broodnodige fondament van die straftoemetingsreg.

Vergelding as weerspieëling van die gemeenskapsgevoel

In *R v Karg* 1961 1 SA 231 (A) 236B beslis appèlregter Schreiner:

> "But the element of retribution, historically important, is by no means absent from the modern approach. It is not wrong that the natural indignation of interested persons and of the community at large should receive some recognition in the sentences that Courts impose, and it is not irrelevant to bear in mind that if sentences for serious crimes are too lenient, the administration of justice may fall into disrepute and injured persons may incline to take the law into their own hands."

Sedertdien het hierdie uitspraak geyk geraak. Hoewel daar nie gesê word dat vergelding die erkenning is van die gevoel van verontwaardiging van slagoffers en die gemeenskap nie, is dit wel die noodwendige implikasie van hierdie gedeelte. Daarvolgens het vergelding 'n dubbele rol, naamlik om eerstens erkenning te gee aan die "natuurlike" verontwaardiging en om tweedens te verhoed dat mense die reg in eie hande neem omdat die straf te lig is. Hierdie beskrywing noem egter nie die ander belangrike funksie van vergelding nie, naamlik om te verhoed dat die opgelegde straf te swaar is. Verder bevestig dit ook dat vonnisoplegging en vergelding eintlik maar dieselfde ding is, want die opgelegde straf moet tog die gemeenskap en die slagoffer se gevoelens van verontwaardiging weerspieël en die opgelegde straf moet nie so lig wees dat mense die reg in eie hande begin neem nie. In effek dui alles op dieselfde: die oortreder se blaamwaardigheid (in die lig van al die omstandighede van die saak) moet bepaal hoe swaar die straf behoort te wees. Natuurlik is dit baie maklik gesê en veel moeiliker gedoen – ek sal in die slotparagraaf weer iets hieroor sê.

Die internasionale aansien van vergelding

Die mening dat vergelding internasionaal min aansien het, het om die een of ander rede in Suid-Afrika vasgesteek (vgl die vele uitsprake dat vergelding in belangrikheid afgeneem het: Devenish "The historical and jurisprudential evolution and background to the application of the death penalty in South Africa and its relationship with constitutional and political reform" 1992 *SAS* 22). *Karg* was waarskynlik reg dat vergelding in daardie stadium in belangrikheid afgeneem het en dat afskrikking internasionaal as van groter belang geag was. Die vraag is natuurlik in vergelyking met watter tyd vergelding in belangrikheid afgeneem het. Geskiedkundig beskou, het vergelding die rol van weerwraak oorgeneem hoofsaaklik as regverdiging vir die staat om te mag straf. Maar afskrikking het te alle tye in die geskiedenis 'n geweldige rol gespeel. Die wrede strawwe wat die wêreld se strafstelsels tot in die negentiende eeu gekenmerk het, was suiwer op afskrikking gemik.

In die boek *Punishment* (1993) begin die Britse akademikus en redakteur Duff die inleiding met die volgende stelling:

> "The last two decades have seen striking changes in philosophical discussion of criminal punishment; most notably, they have produced a quantity of significant new writings on punishment, reflecting the renewal of interest in the subject. They have also seen the rebirth of retributivism in a variety of forms, both old and new" (*xi*).

Dit sou dus baie suiwerder wees om tans te sê dat *afskrikking* oor die laaste dekades minder belangrik geword het terwyl *vergelding* hernude erkenning geniet.

'n Laaste paar los toiings

In haar uitspraak oor vergelding het regter O'Regan ([341] 114*i*) verwys na regter Marshall se minderheidsuitspraak in *Furman v Georgia* 408 US 238 (1972) waar hy onder andere gesê het:

> "To preserve the integrity of the Eighth Amendment, the Court has consistently denigrated retribution as a permissible goal of punishment."

'n Mens moet egter baie versigtig wees om beslissings van ouer as 20 jaar as gesag van die Amerikaanse posisie oor straftoemeting aan te haal. In 'n stukkie elektroniese pos skryf Subin (op 1995-12-05): "While Justice Marshall may have 'denigrated retribution', the Supreme Court on which he sat certainly did not."

In elk geval het die Amerikaanse strafstelsel sedert 1972 'n drastiese verandering ondergaan. Onlangser beslissings is gevolglik veel toepasliker. Een voorbeeld is *Tison v Arizona* 481 US 137 (1987), 95 L Ed 2d 127 139 waar regter O'Connor beslis:

> "The heart of the retribution rationale is that a criminal sentence must be directly related to the personal culpability of the criminal offender."

Op dieselfde trant beslis regter White in *Enmund v Florida* 458 US 782 (1982) 801:

> "Enmund's criminal culpability must be limited to his participation in the robbery, and his punishment must be tailored to his personal responsibility and moral guilt. Putting Enmund to death . . . does not measurably contribute to the retributive end of ensuring that the criminal gets his just deserts."

In die Amerikaanse hoogste hof word ook nog gepraat van vergelding as doel van straf. Duidelikheid oor die presiese aard van vergelding is daar ook nog nie maar ten minste ontken die hof nie meer die belangrikheid van vergelding nie, selfs in sake van minder ernstige aard. In nog 'n stukkie elektroniese pos skryf professor Dressler (McGeorge School of Law, University of the Pacific op 1995-12-05):

> "There is small consolation in American death penalty jurisprudence for opponents of the death penalty, *but ironically some of the areas of protection are the result of retributivist philosophy*."

Teen hierdie agtergrond is dit nodig om nog 'n toiing op te klaar: Die kritiek teen die konstitusionele hof se hantering van vergelding raak nie die hof se uitspraak dat die doodvonnis ongrondwetlik is nie. Dit behoort baie duidelik te wees dat vergelding volgens die voorgaande beskouing daarvan, die doodvonnis nóg ondersteun nóg ondermyn.

"Much ado about nothing"?

Hoekom sou dit van praktiese belang wees om enige duidelikheid te verkry oor die ware aard van vergelding? Ons reg kom al eeue daarsonder klaar. Dieselfde geld in die geval van Amerika. Die antwoord op hierdie vraag verdien 'n verdere volledige artikel en sal dus nie meer as baie kernagtig hier beantwoord word nie. Eerstens word daar soveel tyd in ons howe verkwis met argumente oor vergelding dat duidelikheid alleen maar in die guns kan werk van almal wat by die praktiese regspleging betrokke is. Tweedens is daar 'n fundamentele oorweging: hoe kan howe beslissings uitbring oor 'n saak waaroor daar na dekades nog steeds geen duidelikheid is nie? Die derde oorweging is egter die belangrikste: vergelding dien as fondament vir straftoemeting. 'n Gebrek aan duidelikheid oor die aard van hierdie fondament moet die struktuur van straftoemeting noodwendig ook in die wiele ry. Terwyl daar onduidelikheid heers oor die rol van

vergelding sal verskillende howe in verskillende gevalle verskillende rolle aan vergelding toewys, met gevolglike inkonsekwente en dikwels onverdedigbare vonnisse. Terwyl hierdie ongunstige posisie voortduur, bly dit ook onmoontlik om groter helderheid te kry oor die kwantum en aard van straf wat in 'n bepaalde geval as *die gepaste straf* beskou behoort te word. Dit bly dus onmoontlik om vir ooreenstemmende misdade 'n groter mate van konsekwentheid tussen verskillende howe te bewerkstellig. Om die volle omvang van hierdie stellings te verduidelik en te omskryf, sal 'n groot deel beslaan van die "verdere volledige artikel" waarna hierbo verwys is. Hier kan bloot genoem word dat dit inderdaad moontlik is.

Verdere gesag

Dit is baie maklik om 'n aantekening oor 'n onderwerp soos hierdie onder gesag toe te gooi. Ek het spesifiek daarteen besluit. Enkele verdere nuttige bronne verdien nietemin 'n verwysing: Wasik *Emmins on sentencing* (1993) 43 ev; Von Hirsch *Doing justice: The choice of punishments* (1976); Morris en Tonry *Between prison and probation* (1990) 22 ev; Weigend "Sentencing in West Germany" in Tonry en Zimring (reds) *Reform and punishment: Essays on criminal sentencing* (1983) 21 45 ev; Van der Merwe *Sentencing* (1991) hfst 3 veral 3–10 tot 3–16.

STEPHAN TERBLANCHE
Universiteit van Suid-Afrika

SKADEVERGOEDING WEENS OORVERHALING VAN RENTE?

1 Inleiding en probleemstelling

Die doel van hierdie aantekening is om enkele gedagtes uit te spreek oor die vraag of dit vir 'n kredietopnemer moontlik is om, benewens die bedrag aan rente wat van hom oorverhaal is, bykomstig skadevergoeding van die kredietverskaffer te verhaal op grond van sodanige oorverhaling.

Die volgende eenvoudige voorbeeld illustreer die probleem (talle ander voorbeelde is denkbaar): Maatskappy ABC (Edms) Bpk is 'n kliënt van XYZ Bank Bpk. ABC het drie persele aangekoop en is deur XYZ (verbandhouer) gefinansier. ABC hou 'n lopende (tjek-) rekening by XYZ. Ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, onderneem XYZ om aan ABC 'n lening by wyse van oortrokke fasiliteite op die tjekrekening tot 'n bepaalde maksimum te verskaf teen 'n wisselende finansieringskoers gelykstaande aan XYZ se prima uitleenkoers soos wat dit van tyd tot tyd kan wissel. Ten spyte van bovermelde ooreenkoms het XYZ egter op 'n nalatige wyse hoër finansieringskoste gehef op die oortrokke bedrae deur ABC aan XYZ verskuldig en verkeerdelik rente ten bedrae van R100 000 teen ABC se rekening gedebiteer.

Dit is gemeensaak dat ABC die R100 000-bedrag aan rente wat van hom oorverhaal is, óf gemeenregtelik met die *condictio indebiti* óf statutêr ingevolge artikel 7 van die Woekerwet 73 van 1968 van XYZ kan verhaal (sien vir 'n

volledige bespreking en gesag Malan *et al Malan on bills of exchange, cheques & promissory notes* (1994) par 205). Gestel XYZ aanvaar aanspreeklikheid vir die oorverhaling en krediteer ABC se lopende rekening met sodanige bedrag. Die kwelvraag is nou of ABC bykomstig hiertoe ook skadevergoeding van XYZ kan verhaal weens die nie-beskikbaarheid van genoemde R100 000: ABC redeneer naamlik dat indien hulle sodanige bedrag tot hul beskikking gehad het, hulle dit op een of ander ekonomies aktiewe wyse sou kon aangewend het, byvoorbeeld ter vermindering en/of delging van een of meer van die verbande oor hul persele.

2 Regsbeginsels

Deur rente te hef teen 'n koers hoër as dié waarop ooreengekom is, het XYZ strydig met sy kontraktuele onderneming presteer en dus kontrakbreuk in die vorm van positiewe wanprestasie gepleeg: Ingevolge die skriftelike ooreenkoms sou XYZ voorskotte aan ABC maak, maar het hy ook onderneem om nie rente teen 'n koers hoër as 'n van tyd tot tyd geldende koers te hef nie. XYZ se prestasie ingevolge die kontrak het dus uit sowel 'n positiewe as 'n negatiewe dadigheid bestaan. Alhoewel XYZ hier positief presteer het, het hy hom nie daarvan weerhou (negatiewe dadigheid) om meer rente te hef as waarop ooreengekom is nie. Laasgenoemde is 'n verskyningsvorm van positiewe wanprestasie (vgl Van der Merwe *et al Kontraktereg. Algemene beginsels* (1994) 253 ev en gesag aldaar).

Die benadeelde (ABC) is in beginsel op die gewone kontraktuele remedies geregtig, naamlik terugtrede, spesifieke nakoming en skadevergoeding, asook addisionele kontraktueel bedonge remedies in soverre laasgenoemde nie eersgenoemde uitsluit nie.

Daar bestaan geykte reëls in verband met die omvang, bewys en verhaal van skadevergoeding op grond van kontrakbreuk (sien bv die bespreking in Van der Merwe *et al* 299 ev). Ten einde *in casu* met 'n eis om skadevergoeding te slaag, sal ABC in die besonder moet bewys dat

(a) XYZ kontrakbreuk gepleeg het;

(b) skade gely is;

(c) daar 'n feitelike kousale verband tussen die kontrakbreuk en die skade bestaan; en

(d) die skade vir doeleindes van die reg nie te ver van die kontrakbreuk verwyderd is nie, vir sover dit redelik voorsienbaar was of die partye daarop ooreengekom het.

2 1 Kontrakbreuk

In die probleemstelling hierbo is reeds vermeld dat XYZ die rekening van ABC met 'n bedrag van R100 000 gekrediteer het en sodoende 'n oorverhaling van rente – en dus ook kontrakbreuk – erken.

2 2 Skade is gely

Dit is geykte reg dat 'n kontraksparty wat skadevergoeding eis, moet bewys dat hy werklik as gevolg van die kontrakbreuk skade of verlies gely het (vgl *Swart v Van der Vyver* 1970 1 SA 633 (A) 643C). Die howe is nie bereid om nominale skadevergoeding toe te ken waar werklike skade nie bewys kan word nie (vgl Erasmus "Damages" 7 *LAWSA* par 12 en gesag aldaar).

Van besondere belang insake die berekening en bewys van skade is die uitspraak in *Broderick Properties (Pty) Ltd v Rood* 1964 2 SA 310 (T). Die volgende uittreksels uit die uitspraak van regter Boshoff is van belang vir die onderhawige aangeleentheid. In die eerste plek gaan dit oor die bewys van die moontlike aanwending van die nie-beskikbare bedrag wat oorverhaal is:

> "The damage suffered by the plaintiff depends upon the use to which it intended to put the money during that period. If, for example, the plaintiff intended to keep the money in his safe to use it for the payment of interest free debts or the investment in shares, the value of which remain unchanged during the delay, it cannot be said that it suffered any damage, because it had to pay the interest in any event, apart from the delay in the registration. If indeed the plaintiff intended to invest the money in shares, which had dropped in value during the period of delay, the plaintiff could even have benefitted by the delay . . . No evidence was adduced to what use the plaintiff intended to put the balance of the loan. It will depend on the circumstances and the nature of the investment whether or not he suffered damage by reason of the delay. No evidence was led in this regard" (316B–F).

In die tweede plek gaan dit oor die berekening en bewys van skade en skadevergoeding:

> "In respect of the alleged breach of contract the plaintiff is entitled to a money payment which would place him in the position he would have occupied had there not been a breach of contract (*Victoria Falls and Transvaal Power Company Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* 1915 AD 1 at 22) and in respect of the alleged negligence the plaintiff is entitled to a money payment which would compensate him for the pecuniary loss actually sustained (*Union Government v Warneke* 1911 AD 657 at 662) and in both cases the damage must be explicitly and specially proved. In the first mentioned class of cases where monetary damage has been suffered, it is necessary for the court to assess the amount and make the best use it can of the evidence before it. There are cases where the assessment is very little more than an estimate; but even so, if it is certain that pecuniary damage has been suffered, the court is bound to award damages. It is, however, not so bound in the case where evidence is available to the plaintiff which he has not produced. In those instances the court is justified in giving, and does give, absolution from the instance. But where the best evidence available has been produced, though it is not entirely of a conclusive character and does not permit of a mathematical calculation of the damage suffered, still, if it is the best evidence available, the court must use it and arrive at a conclusion based upon it (*Hersman v Shapiro & Co* 1926 TPD 367 at 379 and 380). Similarly in the latter class of cases based on negligence, where there is a finding or an admission that damage has been caused in a monetary amount, the court must do its best to assess the amount on such evidence as is available and should not refuse to award damages because, in the nature of things, the damage cannot be computed in exact figures (*Turkstra Ltd v Richards* 1926 TPD 276 at 283).
>
> In the present case there is no evidence of any damage suffered by the plaintiff by reason of the fact that it was without the benefit of the use of the money during the period of the alleged delay. The probabilities are that the plaintiff had to pay interest on the bonds which had to be cancelled, that such damage is capable of exact proof and it is therefore not incumbent upon this court to do its best to assess the amount on such evidence as is available on record. The best evidence available to the plaintiff was not produced and, on the evidence before court, it is not even possible to attempt an estimate of the damage suffered by the plaintiff" (316G–317B).

ABC sal dus spesifiek moet beweer waarvoor die geld aangewend sou word en dat skade gely is as gevolg van die feit dat dit nie beskikbaar was nie. In die lig van die *Broderick*-beslissing sou dit onses insiens nie voldoende wees om te

beweer dat skade gely is as gevolg van die feit dat ABC nie aan vrye ekonomiese bedrywighede kon deelneem nie. Daar moet naamlik in gedagte gehou word dat die howe minstens oënskynlik die sommeskadeleer of verskilteorie as uitdrukking van die skadevergoedingsmaatstaf aanvaar. Hiervolgens is skade die verskil tussen twee bedrae, die een hipoteties en die ander werklik, naamlik die waarde wat ABC se vermoë of boedel sou gehad het indien die kontrakbreuk nie plaasgevind het nie, en die waarde van sy vermoë nadat dit wel plaasgevind het. Die verskil tussen die twee bedrae is die belang of *interesse* van ABC (Van der Merwe *et al* 300; sien Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 62 ev).

2 3 Kousale verband

Feitelike kousaliteit word tradisioneel in kontraktuele verband aan die hand van die *conditio sine qua non*-toets bepaal (vgl bv De Wet "Opmerkings oor die vraagstuk van veroorsaking" 1941 *THRHR* 126; Van Rensburg *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf in die privaatreg* (1972); De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en handelsreg* vol 1 (1992) 225–226; Van der Merwe *et al* 303).

Om te bepaal of skade deur die betrokke kontrakbreuk veroorsaak is, moet die posisie nadat die kontrakbreuk plaasgevind het, vergelyk word met die posisie wat sou bestaan het indien dit nie plaasgevind het nie. Indien dit blyk dat daar geen skade sou gewees het as dit nie vir die kontrakbreuk was nie, is die kontrakbreuk die oorsaak van die skade. Die verlies of skade is egter dikwels die gevolg van meerdere oorsake. Indien XYZ argumenteer dat meerdere ekonomiese optredes bygedra het tot hierdie verlies, sal ABC moet bewys dat die kontrakbreuk op so 'n wyse bygedra het tot die skade dat dit deur die reg as belangrik beskou word. Anders gestel: Was dit belangrik genoeg in die omstandighede vir XYZ om aanspreeklik gehou te word vir hierdie skade? Kerr *The principles of the law of contract* (1989) 575 sê in hierdie verband:

> "It is often said that what is sought is a proximate cause but this phrase should be avoided. There are a number of cases in which the most significant factor or cause is disregarded. There are also many cases in which the factor or cause looked upon as legally significant is not proximate in time or space."

In *Shell Tankers Ltd v South African Railways and Harbours* 1967 2 SA 666 (OK) 674–675 verwys die hof met goedkeuring na 'n Engelse uitspraak, naamlik *Yorkshire Dale Steamship Company Ltd v Minister of War Transport (The Coxwold)* 1942 2 All ER 6 (HL). In dié beslissing sê Viscount Simon dat die dominante of bepalende faktor gesoek moet word en vervolg:

> "Most results are brought about by a combination of causes, and a search for 'the cause' involves a selection of the governing explanation in each case . . . It seems to me that there is no abstract proposition, the application of which will provide the answer in every case, except this: one has to ask oneself what was the effective or predominant cause of the accident that happened, whatever the nature of that accident may be" (9F–10A).

In dieselfde beslissing sê Lord Wright:

> "Once it is clear . . . that proximate here means, not latest in time, but predominant in efficiency, there is necessarily involved a process of selection from among the co-operating causes to find what is the proximate cause in the particular case" (14H).

Lord Porter merk op:

> "In this . . . problem, a proximate cause is alone to be looked at . . . [t]he proximate cause is not necessarily the nearest in point of time. It is the dominant cause" (19E).

2 4 Nie-verwyderdheid van skade: Algemene en besondere skade

In hierdie verband staan dit vas dat XYZ nie noodwendig vir alle skade as gevolg van kontrakbreuk aanspreeklik is nie al sou die skade feitelik uit sy optrede voortspruit.

Die appèlafdeling het herhaaldelik beslis dat tussen algemene (of intrinsieke) en besondere (of ekstrinsieke) skade onderskei moet word (vgl *Lavery & Company Ltd v Jungheinrich* 1931 AD 156; *Schatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas* 1976 2 SA 545 (A); *Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Company Ltd* 1977 3 SA 670 (A); die onderstaande bespreking van die verskillende tipes skade is gebaseer op Visser en Potgieter 58 ev; Van der Merwe *et al* 308 ev).

Algemene skade word geag deur die partye voorsien te gewees het en is derhalwe sonder meer verhaalbaar. Besondere skade kan egter slegs in uitsonderlike omstandighede verhaal word. Besondere skade moet ook spesifiek gepleit word, algemene skade nie. Alle skade anders as algemene skade is besondere skade. Algemene skade vloei natuurlik en algemeen voort uit die besondere tipe kontrakbreuk. Daar word regtens vermoed dat die kontrakspartye by kontraksluiting in gedagte gehad het (dws die kontemplasiebeginsel – sien hieronder) dat hierdie skade deur die kontrakbreuk veroorsaak sou word. Die bedrag rente wat *in casu* oorverhaal is, is algemene skade. Ten opsigte van die rente wat oorverhaal is, hoef ABC slegs die omvang van die skade te bewys en nie dat dit voorsienbaar was nie aangesien die reg aanneem dat dit voorsienbaar was.

Alle ander beweerde tipes skade sal dus besondere skade wees. Ten einde te bepaal of besondere skade verhaal kan word, gebruik die howe twee beginsels, te wete die kontemplasiebeginsel en die konvensiebeginsel. Die presiese toets vir aanspreeklikheid by besondere skade is egter omstrede. In *Lavery v Jungheinrich supra* 169 het die hof aan die hand van die kontemplasiebeginsel of voorsienbaarheidstoets bepaal of die skade "too remote" is of nie. Volgens hierdie beslissing sal ABC die volgende noodsaaklike bewerings moet maak indien hy besondere skade wil eis: ABC moet ten eerste beweer en bewys dat XYZ die nodige kennis van die spesiale omstandighede buite-om die kontrak gehad het en tweedens dat die kontrak op die basis van sodanige kennis gesluit is.

Volgens Visser en Potgieter 254 bring die tweede vereiste

> "iets meer as blote voorsienbaarheid, kontemplasie of kennis na vore aangesien dit na 'n besondere kontraksbedoeling of kontraksbeding verwys. Dit het gebruiklik geword om hierna te verwys as die konvensiebeginsel aangesien dit handel oor 'n vermoedelike ooreenkoms tussen die partye dat skadevergoeding vir bepaalde soorte skade betaal sal word".

Van der Merwe *et al* 308–309 verduidelik soos volg:

> "Die kontemplasiebeginsel vereis dat die skade wat intree werklik voorsien of redelik voorsienbaar moes gewees het toe die kontrak gesluit is . . . Volgens die konvensiebeginsel is blote kontemplasie van die skade nie genoeg om aanspreeklikheid te grondves nie: daar moet skynbaar bewys word dat die kontraktant wat kontrakbreuk gepleeg het dermate van die moontlike skade bewus was dat vir alle praktiese doeleindes aanvaar kan word dat hy ingestem het om die ander kontraktant vir sodanige skade te vergoed."

Die appèlafdeling het 1976 in die *Schatz Investments*-saak beslis dat die konvensiebeginsel steeds die geldende reg weerspieël maar gemeen dat dit miskien tyd geword het om die *Lavery*-saak krities te heroorweeg.

Visser en Potgieter 255–256 som die regsposisie soos volg op:

> "Ondanks standpunte dat die *Lavery*-saak net vir die kontemplasiebeginsel voorsiening maak, beslis die hof nie dat 'n mens kan sê dat die konvensiebeginsel nie meer in ons reg geld nie. Totdat die Appèlafdeling die *Lavery*-saak verwerp het, moet die bestaan van die konvensiebeginsel dus aanvaar word"

(sien ook MacKeurtan *Sale of goods in South Africa* (1984) 121 vn 45; Belcher *Norman's Purchase and sale in South Africa* (1972) 449; Kerr 628–629; Mulligan "Damages for breach: Quantum, remoteness and causality" 1956 *SALJ* 37–40).

Visser en Potgieter 256 meld ook dat, alhoewel die formulering van bogemelde maatstawwe daarop dui dat die skade deur beide kontrakspartye voorsien(baar) moet gewees het, daar skrywers is wat slegs melding maak van die voorsien daarvan deur die skuldenaar. Indien die kontrakspartye nie dieselfde skade-omvang voorsien nie, kan dit ook 'n probleem skep. (Vgl *Victoria Falls and Transvaal Power Company v Consolidated Langlaagte Mines Ltd* 1915 AD 1 22; *Witfield v Philips* 1957 3 SA 318 (A) 328; *Schatz Investments (Pty) Ltd v Kalovyrnas supra* 550; Joubert *General principles of the law of contract* (1987) 253; De Wet en Van Wyk 227–228; Lubbe en Murray *Farlam and Hathaway: Contract – cases, materials and commentary* (1988) 626; en Kerr 618–619.)

Die regspraak bied gesag vir die standpunt dat die besondere gevolg of tipe skade waarvoor skadevergoeding geëis word, voorsien(baar) moet gewees het, maar nie die presiese wyse waarop die skade veroorsaak is nie (sien Visser en Potgieter 256 ev en gesag aldaar). Anders as by deliktuele aanspreeklikheid, word by kontrakbreuk klaarblyklik vereis dat nie net die aard van die skade nie maar ook die omvang daarvan binne die kontemplasie van die partye moet gewees het (*ibid*).

Onder die skrywers is daar oortuigende kritiek teen die gebruik van die konvensiebeginsel as aanvulling tot die kontemplasiebeginsel (vgl *idem* 256–257 en gesag aldaar). Vir doeleindes van hierdie aantekening is die gesag egter, en ons moet dit so aanvaar, dat die kontemplasiebeginsel soos aangevul deur die konvensiebeginsel die geldende reg is, asook dat die skade deur alle partye tot die kontrak voorsien moet gewees het. Daar is egter skrywers (bv Van der Merwe *et al* 308–309) asook regspraak (bv *Edouard v Administrator, Natal* 1989 2 SA 368 (D) 385B) wat aandui dat die presiese omvang van die skade nie voorsienbaar hoef te wees nie.

3 Gevolgtrekking

Ons is van mening dat die skade onder bespreking slegs in buitengewone omstandighede verhaal sal kan word. Daar sal dus in die eerste plek werklike skade bewys moet word. In ons voorbeeld sal 'n bewering dat die nie-beskikbaarheid van R100 000 meegebring het dat ABC nie aan vrye ekonomiese bedrywighede kon deelneem nie, en dus skade gely het, nie voldoende wees nie. In die tweede plek sal natuurlik ook 'n feitelike kousale verband bewys moet word, naamlik dat die nie-beskikbaarheid van hierdie R100 000 die dominante oorsaak is waarom die skade gely is. In die derde plek sal beweer en bewys moet word dat XYZ die werklike skade voorsien het of dat dit redelik voorsienbaar was, en ook dat XYZ dermate van die moontlike skade bewus was dat vir alle praktiese doeleindes aanvaar kan word dat hy ingestem het om ABC vir sodanige skade te vergoed. Indien 'n hof oortuig kan word dat die *Lavery*-beslissing nie meer moet geld nie, moet nog steeds bewys word dat die skade redelikerwys voorsienbaar was of dat die partye daarop ooreengekom het.

Die spesifieke omstandighede waarin die skade gely is, moet dus nagegaan word. Indien dit in sulke buitengewone omstandighede gely is, behoort ABC se aksie te slaag.

WP DE VILLIERS
CJ NAGEL
Universiteit van Pretoria

THE RIGHT OF ACCESS OF A FATHER OF AN ILLEGITIMATE CHILD: FURTHER REFLECTIONS

The writer wrote an article on this topic under the title "The right of access of a father of an extramarital child: visited again" 1993 *SALJ* 261–275 (see also postscript *idem* 416). In that article, recent case law and academic opinion, as well as the considerations of the South African Law Commission in its Working Paper 44 Project 79 entitled *A father's rights in respect of his illegitimate child* were reviewed. The purpose of this note is to assess and comment upon the development in this area of the law since the time of writing and to make appropriate recommendations.

In order to pursue this goal, it is necessary to recapitulate briefly the more recent judgments reported in this matter, which were traversed in detail in the 1993 article. *B v P* 1991 4 SA 113 (T) was the first important decision that brought this vexed topic into the forefront of legal debate. It was a decision of the full bench of the Transvaal Provincial Division, and the crux of it was that there is no inherent right of access that vests in the father of an illegitimate child. In this case, Kirk-Cohen J, in an enlightened judgment, reminded us (115F–G; also see Goldberg 1993 *SALJ* 263ff), that the onus of proof in all civil litigation, including the issues of custody and access, is discharged on a balance of probability. This standard of proof cannot be altered by any qualification such as the one that various earlier judgments had erroneously read in, namely the requirement of strong compelling grounds before the court will intervene (see *Douglas v Mayers* 1987 1 SA 910 (Z) 914E–F, cited with approval in *F v B* 1988 3 SA 948 (D); also see Goldberg 1993 *SALJ* 262 fn 6 and 262–263).

Kirk-Cohen J went on to state (117B–D) that the test for determining issues of access to illegitimate children is simply what would be in the best interests of the particular child involved, which would turn on the facts of the particular case concerned. At the risk of being repetitious, it seems apposite to mention the statement of Milne DJP in *Dunscombe v Willies* 1982 3 SA 311 (D) 315H–316B which the judge in *B v P* cited with approval (117D–E):

> "I prefer, though this may be a difference of phraseology only, to think of the matter as being a question of the rights of the children, viz their right to have access to the non-custodian parent. It is in their interests, generally speaking, even where a family has broken up, that they should continue to have a sound relationship with both parents. Not infrequently, and perhaps more frequently than has been thought in the past, it is sometimes in the interests of the children to deprive them completely of access to non-custodian parents."

It would be interesting to review this statement at the present time, in the light of the interim Constitution, (Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993) which *inter alia* entrenches the protection of children in sections 8, 13 and 30. This aspect of the judgment in *B v P*, as well as the issues that it raises, will be revisited later in this note.

Another important decision that followed, which was highly controversial and which provoked a flurry of commentary, was that of *Van Erk v Holmer* 1992 2 SA 636 (W). Here, the lone voice of the single judge in the Witwatersrand Local Division was heard to champion the rights of the fathers of illegitimate children. Van Zyl J criticised the earlier cases and was of the view that where no legislation, precedent or custom exists to govern any particular matter, it should be decided in accordance with the principles of reasonableness, justice, equity and the *boni mores* (649F). The judge recognised that modern society has changed, so that cohabitation is widely recognised and practised. Women are making the choice to have children out of wedlock and the law should take cognisance of this. Van Zyl J opined that no distinction should be made between legitimate and illegitimate children nor between their fathers. He believed that the time had arrived for the recognition by South African courts of an inherent right of access by a natural father to his illegitimate child. This finding the judge believed to be justified by the precepts of justice, equity and reasonableness and the *boni mores* (649II–J 650A).

The judgment in *Van Erk* was welcomed by many and criticised by more. (See Goldberg 1993 *SALJ* 265 ff; also see Church "*Secundum ius et aequitatem naturalem*: a note on the recent decision in *Van Erk v Holmer*" 1992 (1) *Codicillus* 32; Clark "Should the unmarried father have an inherent right of access to his illegitimate child?" 1992 *SAJHR* 565; Sonnekus and Van Westing "Faktore vir die erkenning van 'n sogenaamde reg van toegang vir die vader van 'n buite-egtelike kind" 1992 *TSAR* 32; Kruger, Blackbeard and De Jong "Die vader van die buite-egtelike kind se toegangsreg" 1995 *THRHR* 696; Hutchings "Reg van toegang vir die vader van die buite-egtelike kind – outomatiese toegangsregte – sal die beste belang van die kind altyd seevier?" 1993 *THRHR* 310; Labuschagne "Persoonlikheidsgoedere van 'n ander as regsobjek. Opmerkinge oor die ongehude vader se persoonlikheids- en waardevormende reg ten aansien van sy buite-egtelike kind" 1993 *THRHR* 414.) Those who welcomed it seemed to do so for the same emotional reasons that the judge gave for delivering the judgment, while those who took exception to it felt largely that the judge ignored the precepts of legal precedent. The writer's view was that the judgment had gone too far (1993 *SALJ* 265ff). She felt that a *via media* approach should be adopted – that the position of the fathers should be ameliorated, but only once they have proved paternity and an existing commitment to the children involved. Once that has been achieved, a presumption should come into operation that it would be in the particular child's best interests for the father to have access, which presumption the mother can rebut.

After the *Van Erk* decision, there were further developments in this area of the law in 1993. One was the publication by the South African Law Commission of its Working Paper 44 Project 79 referred to above. This paper proposed two alternative solutions to this vexed problem. The more conservative proposition was that the *status quo* be retained in respect of the guardianship and custody of the mother, with the father having the option of approaching the court for relief in respect of access. In this matter, the court would have regard to the child's

best interests, based on certain recommended guidelines. Alternatively, all fathers, excluding rapists and gamete donors, could be given an automatic right of reasonable access, which right could be limited by the court on application by the mother. The writer submitted (1993 *SALJ* 274–275) that the former proposal is to be preferred.

Then two judgments in point were delivered by the Witwatersrand Local Division in 1993, both of which departed from *Van Erk*. In *S v S* 1993 2 SA 200 (W), Flemming DJP was of the opinion that Van Zyl J had breached the *stare decisis* principle, in that it has long been recognised in our law that there is no inherent right of access vesting in the father of an illegitimate child (205B). In this his lordship felt himself bound by the full bench in *B v P*, and considered that the decision in *Van Erk* was wrongly decided. (This case is discussed in detail by the writer in "*Law of persons and family law*" 1993 *AS* 109–110.)

In *B v S* 1993 2 SA 211 (W), Spoelstra J relied on Flemming DJP's criticism of *Van Eck* and found the latter case to be founded on fallacious and illogical argument and therefore clearly wrong (214C–D). What is interesting about the *B v S* decision is that Spoelstra J also felt constrained to follow *B v P*. He cited with approval a passage were the full bench in turn had referred (115) to a statement from *Douglas v Mayers supra* 914E, that the court will award access only if there is some very strong ground compelling it to do so.

Misrepresentation with regard to the engagement will occur when one of the parties to the contract makes a false representation to the other concerning his or her epilepsy which, had the other party known the truth, would have resulted either in the engagement not being concluded at all, or being concluded on different terms. A misrepresentation is regarded as material if the misrepresentation itself, whether express or tacit, is of such proportions that it would seriously jeopardise any possibility of achieving a happy and harmonious marriage (Barnard, Cronjé and Olivier *The South African law of persons and family law* (1994) 160). A misrepresentation about epilepsy will be material for this reason. If the misrepresentation is material, the engagement is voidable at the discretion of the misled party. A misrepresentation may take the form of positive action as well as the failure to remove a misconception when the person responsible for

the misrepresentation is aware of its existence, or not disclosing certain facts in circumstances where there is a duty to speak out (*idem* 165). In *Schnaar v Jansen* 1924 NPD 218 the man wanted to call off the engagement after finding out that one of his fiancee's uncles had murdered his wife, that her brother had served a prison sentence for theft and that her uncle had entered into a mixed marriage. The court held that the circumstances did not justify a unilateral repudiation of the engagement, as a man takes the risk of his fiancee's family being unsatisfactory if he gets engaged without having satisfied himself with regard to her family. According to Van den Heever (*Breach of promise and seduction in South African law* (1954) 26), the decision is incorrect as an engagement to marry is a contract of the utmost good faith and a party with a skeleton in his cupboard is obliged to disclose it.

I agree with Van den Heever, and suggest that a person with epilepsy likewise will always have to disclose the epilepsy to his or her fiancee as it will have a definite effect on the requirement of the utmost good faith (*uberrimae fides*).

The next question is whether a misrepresentation about the epilepsy may cause the marriage entered into to be voidable. A voidable marriage is a valid marriage although grounds are present either before or at the time of contracting the marriage, on the basis of which the court may be requested to dissolve the marriage. It affects the status of the parties because they are legally married. A court order dissolving the voidable marriage has retrospective effect, which means that the position after such an order is made is exactly the same as it would have been if there had never been a marriage, except that the children born of such a marriage remain legitimate (s 6 of the Children's Status Act 82 of 1987; Barnard, Cronjé and Olivier 174; Van der Vyver and Joubert *Persone- en familiereg* (1991) 517; Hahlo *The South African law of husband and wife* (1985) 108).

One of the requirements of a valid marriage is *consensus*. Factors that may influence *consensus* and cause a marriage to be voidable are mistake (*error*), misrepresentation, and so on (Joubert "Law of marriage" in Schäfer (ed) *Family law service* (1989) 26; Hahlo 102). A mistake occurs in the legal sense when the parties labour under a mistaken impression. Operative mistakes are, for instance, mistakes with regard to the identity of the other party, and will affect the validity of the marriage. Inoperative mistakes again are mistakes, for instance, with regard to the state of the other party's health (including epilepsy) and do not affect the validity of the marriage (Joubert in Schäfer (ed) 26–27; Voet 24 2 16; Huber *Prael Iur Civ ad D* 24 2 18; *Masekoameng v Masekoameng* 1919 TPD 405; Hahlo 102).

Where one of the parties has thus been mistaken about certain facts pertaining to the personal attributes (qualities) of the other person, without such a misunderstanding having been caused by misrepresentation on the part of the other party, it is known as an inoperative or non-essential mistake (Barnard, Cronjé and Olivier 160). If, therefore, a person has been mistaken about the other's epilepsy, and such misunderstanding was not caused by misrepresentation on the part of the other person, the marriage will be valid.

It is not certain whether a misrepresentation that one does not have epilepsy, which induces a marriage, affects the validity of the marriage, especially where the misrepresentation affects the conception of only one of the parties of the attributes of the other. According to Hahlo (102) the marriage will be unassailable. Ordinary (not fraudulent) concealment of epilepsy will therefore not have

any effect on the validity of the marriage (Joubert in Schäfer (ed) 27; Hahlo 102).

When one of the parties misleads the other prior to the marriage by making untruthful statements, or gives a false impression to the other party by concealing information which should have been made known, and therefore persuades the latter to contract a marriage, the resulting marriage may be annulled if the misrepresentation was of a serious nature. The question arises whether the concealment of epilepsy falls into this category. Thusfar, in our law, only fraudulent concealment of sterility, impotency or pregnancy at the time of the marriage have been regarded as sufficient grounds for the voidability of the marriage (Barnard, Cronjé and Olivier 160; Hahlo 86 103).

Hunt ("Error in the contract of marriage II" 1963 *SALJ* 107) is of the opinion, with regard to fraudulent concealment of sterility, that fraud should not turn the scales to make the marriage voidable, if ordinary concealment has no effect on the validity of the marriage. He furthermore states that it is true that this concealment seems particularly dishonest, but it is no more dishonest or shocking than fraudulent concealment of cancer, insanity or previous prostitution.

Whether the fraudulent concealment of epilepsy will cause a marriage to be voidable, is uncertain. On the one hand, there are decisions in which it was held that fraudulent misrepresentation of one party's conception of the attributes of the other did not justify the setting aside of the marriage (Joubert in Schäfer (ed) 27; *Stander v Stander* 1929 AD 349; *Leighton v Roos* 1955 4 SA 134 (N)). On the other, there are cases in which it was decided that the law will indeed take cognisance of the fraudulent misrepresentation (*Johnson v McIntyre* (1893) 10 SC 318; *Haupt v Haupt* (1897) 14 SC 39 40; *Venter v Venter* 1949 4 SA 123 (W) 131; Joubert in Schäfer (ed) 27). If the latter view is accepted, the requirements for setting aside a juristic act on the grounds of misrepresentation must be present before the validity of the marriage will be affected. This includes a misrepresentation which induced the juristic act of marriage (Joubert in Schäfer (ed) 27. Joubert is of the opinion that fault is not relevant; according to Van der Vyver and Joubert 497 *all* the requirements for misrepresentation must be complied with, including fault). Should the fraudulent misrepresentation of the non-existence of epilepsy induce the other spouse to marry, and this line of thought is followed, it may therefore be (and in my view should be) a reason to set the marriage aside. Epilepsy influences the day-to-day living of people, and should a spouse have entered into a marriage without any knowledge of the epilepsy of the other spouse, he or she should at least have the choice to have his or her marriage declared void should he or she so wish.

4 Summary

The effect of epilepsy on annulment as a way of terminating a marriage was discussed.

In the USA a marriage may be annulled *inter alia* because of fraud involving the essentials of the marriage or consent by force or duress. If a person with epilepsy fraudulently conceals his or her epilepsy, it may be a cause for the annulment of the marriage if this concealment involves the essentials of the marriage.

In England, a marriage is voidable if a person, at the time of the marriage, was suffering from a mental disorder of such a kind as to be unfit for marriage.

Epilepsy is not *per se* a mental disorder and will therefore not be a reason for the annulment of the marriage. Fraudulent misrepresentation of epilepsy will also not affect the validity of the marriage.

In South Africa, a marriage may be annulled due to the fraudulent misrepresentation of epilepsy before marriage, if the misrepresentation was of a serious nature. In our law, only fraudulent concealment of sterility, impotency or pregnancy at the time of marriage have so far been recognised as sufficient grounds for annulment, but these circumstances do not constitute a *numerus clausus*. Fraudulent misrepresentation of epilepsy should be recognised as a ground for annulment, as epilepsy is a serious illness that may seriously affect and disrupt family life. It is only fair towards the future spouse to inform him or her of the condition beforehand.

M BLACKBEARD
University of South Africa

MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE BESOPE MOTORVOERTUIGEIENAAR VIR DIE DELIKTE VAN DIE MOTORVOERTUIGBESTUURDER

1 Probleemstelling

Ons reg aanvaar dat 'n motorvoertuigeienaar aanspreeklik is waar hy iemand (wat nie sy werknemer is nie) toelaat om sy voertuig te bestuur en laasgenoemde nalatig skade veroorsaak (sien Cooper *Motor law* (1987) 361; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 369). Die basiese vereistes vir hierdie tipe aanspreeklikheid word soos volg aan die hand van *Roman v Pietersen* 1990 3 SA 350 (K) en *Boucher v Du Toit* 1978 3 SA 965 (O) in Neethling, Potgieter en Scott *Case book on the law of delict/Vonnisbundel oor die deliktereg* (1995) 815 uiteengesit:

> "(i) Normaalweg word vereis dat die eienaar die bestuurder moet *versoek* het om die voertuig te bestuur of *toesien* dat hy dit doen – *in casu* word toestemming van die eienaar voldoende geag.
>
> (ii) Gewoonlik word geverg dat die voertuig in die *eienaar* se belang bestuur word – *in casu* is dit genoegsaam dat 'n byna onbenullige, sosiale belang van die eienaar, ondergeskik aan dié van die bestuurder, gedien word.
>
> (iii) Laastens word gewoonweg vereis dat die eienaar 'n *reg van beheer* moet hê oor die manier waarop die voertuig bestuur word – *in casu* is namens die verweerder aangevoer dat hy slegs sodanige reg kan uitoefen indien die bestuur voortgevloei het uit, en deel gevorm het van, die uitvoering van 'n kontraktuele verpligting deur die bestuurder teenoor die eienaar, wat hier ontbreek het. Die hof bevind egter dat die blote feitelike beheer as gevolg van die eienaar se fisiese teenwoordigheid, voldoende is."

Die vraag wat in hierdie bydrae ondersoek word, is of hierdie tipe aanspreeklikheid behoort te geld waar die bestuurder onder die invloed van drank is (of enige ander stof wat 'n narkotiese uitwerking het). Oorweeg die volgende algemene voorbeeld:

X en sy vriendin Y gaan in X se motor na 'n partytjie. X het vooraf besluit dat hy heelwat gaan drink en versoek Y om hom na die tyd by die huis te besorg. Hy gee die sleutels aan Y voordat hy begin drink. Na afloop van die party is X in 'n besope toestand en raak aan die slaap op die agtersitplek van sy motor. Y het niks gedrink nie maar bestuur X se motor op nalatige wyse. Behoort X aanspreeklik te wees vir die skade wat Y in die proses veroorsaak het?

2 Oorsig van relevante beslissings

(a) In *Manickum v Lupke* 1963 2 SA 344 (N) was die feite kortliks soos volg: Die besope eienaar van 'n vragmotor het ene Crouch toegelaat om die vragmotor te bestuur. Die eienaar-passasier het gedurende die rit aan die slaap geraak en hulle was as gevolg van die bestuurder se nalatigheid in 'n botsing betrokke. In appèl bevind die hof dat die eienaar *in casu* middellik aanspreeklik gehou kan word vir die bestuurder se nalatigheid. Regter Caney formuleer die basis vir sy aanspreeklikheid soos volg:

> "Leaving aside the ordinary relationship of master and servant (car owner and his chauffeur, for instance) the owner of a motor vehicle who authorises another to drive it is liable for damage caused by negligent driving on the part of the latter if he, the owner, has the right of control over the manner of his driving. He *prima facie* does have the right if, having authorised the other to drive, he is himself present in the vehicle; indeed, not only has he the right, but he is also under a duty, as owner of the vehicle, to control the manner of its driving if it is being driven on his behalf or his purpose or for those of himself and the driver jointly" (346H).

Hieruit kan 'n mens aflei dat die regter, wat die eienaar se aanspreeklikheid betref, op twee gedagtes hink en in effek 'n tipe "persoonlik-middellike" aanspreeklikheid konstrueer: enersyds word verwys na die eienaar se teenwoordigheid in die voertuig en sy reg en plig om die bestuur daarvan te beheer (persoonlike aanspreeklikheid) maar andersyds word melding gemaak van die belange wat deur die bestuur daarvan gedien word ('n tipe *ratio* vir middellike aanspreeklikheid). 'n Ooglopende punt van kritiek teen die aangehaalde *dictum* is dat dit werklikheidsvreemd is om 'n reg en plig tot beheer deur 'n eienaar-passasier ten aansien van die bestuurder te bevind waar eersgenoemde se algemene verstandelike vermoë tydelik deur alkoholgebruik belemmer word.

(b) In *Du Plessis v Faul* 1985 2 SA 85 (NK) het die eerste verweerder sy motor se sleutels aan 'n vriend, die tweede verweerder, oorhandig vroeg een aand toe hulle saam op pad was na 'n gemeenskaplike vriend se "ramparty". Die aanvanklike rede waarom die eienaar die sleutels aan die vriend gegee het met die vooruitsig dat hy sou terugbestuur, was dat die eienaar nagblind is en daarom moeilik snags bestuur. Die vriende het te veel te drinke gehad. Na 'n stoeiery het die eienaar in die motor geklim en sy bewussyn op die agtersitplek verloor. Die tweede verweerder het hierna op nog 'n plek stilgehou en verder gedrink terwyl die eerste verweerder steeds rustig op die agtersitplek geslaap het. Die bestuurder het nalatig bestuur en was in 'n botsing betrokke. Dit was gemeensaak dat die ongeluk aan sy nalatigheid te wyte was.

Die hof beslis aangaande die aanspreeklikheidsvereistes wat gestel word vir middellike aanspreeklikheid dat–

(a) die "belang"-vereiste nie 'n vermoënsbelang hoef te wees nie maar dat 'n sosiale belang voldoende is om aanspreeklikheid te vestig. Verder is dit voldoende om die rit gedeeltelik in belang van die eienaar te onderneem en dat

sy belang in die rit selfs ondergeskik aan dié van die bestuurder kan wees (sien Scott "Du Plessis v Faul 1985 2 SA 80 (WK)" 1985 *THRHR* 478);

(b) wat die "reg op beheer"-vereiste betref, is dit om beleidsredes geregverdig om die eienaar van 'n motor middellik aanspreeklik te hou waar hy in sy motor teenwoordig is terwyl dit – minstens gedeeltelik – in sy belang bestuur word, omdat hy 'n reg en 'n verpligting het om beheer uit te oefen oor die manier waarop dit bestuur word. Die regter beslis dat die eienaar nie aanspreeklikheid kan ontkom nie deur vrywillige bedwelming soos drankinname, wat hom in 'n toestand plaas wat hom onbekwaam maak om behoorlik beheer uit te oefen oor die manier waarop die bestuurder bestuur; en dat dié geval op grond van beleidsoorwegings analoog aan die *Manickum*-saak benader moet word, waar die eienaar aanspreeklik gehou is vir die nalatigheid van die bestuurder ondanks die feit dat hy geslaap het. Die hof fundeer egter nie sy uitspraak op persoonlike aanspreeklikheid nie maar suiwer op middellike aanspreeklikheid en kom tot die gevolgtrekking dat die motorvoertuigeienaar middellik aanspreeklik gehou kan word. Cooper (*Motor law* 361) is egter van mening dat

> "in *Du Plessis v Faul* the court should have no qualms about the first defendant's [die eienaar se] liability. The first defendant (it is submitted) was liable both personally and vicariously".

Suiwer *de lege lata* beskou, is daar geen fout te vind met die regters in dié twee sake se benadering tot die vestiging van middellike aanspreeklikheid nie, want in beide gevalle het die eienaar aan al die gebruiklike aanspreeklikheidsvereistes voldoen. Dit is egter jammer dat die regters nie alternatiewe aanspreeklikheidsvereistes kon gestel het vir middellike aanspreeklikheid waar die eienaar nie in staat is om behoorlik beheer oor die bestuurder se optrede uit te oefen nie; ook is dit jammer dat die getuienis onvoldoende was vir die regter om die *Du Plessis-geval* van die *Manickum-saak* te kon onderskei. In die loop van sy uitspraak in *Du Plessis* sê regter-president Jacobs:

> "Daar was 'n suggestie aan tweede verweerder in kruisverhoor dat eerste verweerder se vader voor hulle vertrek aan hulle sou gesê het dat indien hulle probleme sou hê hy, die vader, hulle sou kom haal . . . Indien daar sulke getuienis voorgelê was, sou 'n afleiding moontlik gemaak kon word dat eerste verweerder se versoek aan tweede verweerder om te bestuur onderhewig daaraan was dat, indien tweede verweerder se bestuursvermoë weens die inname van drank ernstig aangetas sou word, die toestemming of versoek om te bestuur beëindig sou word. Nog eerste verweerder nog sy vader is egter geroep om te getuig dat daar wel so 'n versoek was" (94C–E).

Die regter se opmerking hou moontlik in dat hy tot 'n ander gevolgtrekking kon gekom het as daar genoegsame getuienis was om aan te toon dat die versoek aan die bestuurder om te bestuur onderworpe was aan 'n ontbindende voorwaarde. Die gevolg sou wees dat die eienaar nie middellik aanspreeklik gehou sal word as die onsekere toekomstige gebeurtenis wel sou plaasvind nie, soos wanneer die eienaar dermate beskonke of bedwelm is dat hy nie behoorlik beheer oor die bestuurder se optrede kan uitoefen nie.

3 Algemene evaluasie en aanbevelings

Die huidige regsposisie herinner aan iets uit die tydperk van *versari in re illicita*. Die argument dat 'n eienaar nie sy verantwoordelikheid kan ontkom deur te slaap nie (*Du Plessis v Faul supra* 94F met verwysing na *Manickum v Lupke supra*), stel nie 'n aanvaarbare oplossing vir die probleem daar nie. 'n Motoreienaar wat slaap of só besope is dat hy nie kan bestuur nie, is nie in die posisie om vir die bestuurder te sê dat hy die stuur aan hom, die eienaar, moet afstaan

nie. In *Samson v Aitchison* 1912 AC 844 formuleer Lord Atkinson die basis vir middellike aanspreeklikheid soos volg:

> "If an injury happen to the equipage while it is being driven, the owner is the sufferer. In order to protect his own property if, in his opinion, the necessity arises, he must be able to say to the driver, 'Do this' or 'Do not do that'. The driver would have to obey, and if he did not the owner in possession would compel him to give up the reins or the steering wheel" (849).

Dit is duidelik dat die eienaar bewus moet wees dat die bestuurder besig is om onverantwoordelik te bestuur. Die kopstuk van *Ringrose v Hunter* 1933 NPD 442 lui soos volg:

> "When a motorcar is being driven by the owner's friend and the owner is in the car, the owner is in control, and *in the absence of proof that he has abandoned his rights and duties of control by contract or otherwise* he is liable as principal for damage caused by the negligence of the driver" (my kursivering).

En in *Slabbert v Holland* 1936 NPD 238 merk appèlregter Carlisle op:

> "[The owner] necessarily has the power and the right of controlling the manner in which the car was to be driven unless he had in some way contracted himself out of that right or *is shown by conclusive evidence to have in some way abandoned that right*" (243; my kursivering).

Dié aanhalings is vatbaar vir die volgende interpretasie: In geval waar die eienaar uitdruklik of stilswyend afstand gedoen het van sy reg en plig om beheer oor die bestuurder uit te oefen – soos wanneer hy slaap of te besope is om te bestuur of verstandige bestuursaanwysings te kan gee – kan hy nie middellik aanspreeklik gehou word vir die bestuurder se nalatige optrede nie. In so 'n geval is een van die basiese elemente vir "middellike" aanspreeklikheid in derglike gevalle duidelik afwesig. Die positiefregtelike vereiste betreffende die reg om beheer uit te oefen, behoort verstaan te word as 'n reg van beheer deur 'n eienaar-passasier wat *regtens bevoeg is om aldus beheer uit te oefen.* Optrede soos die inname van alkohol (of enige ander middel met 'n soortgelyke uitwerking) of om aan die slaap te raak, is *in casu* aanduidend van 'n afstanddoening van 'n reg tot beheer. Die eienaar-passasier kan natuurlik wel in bepaalde gevalle persoonlik deliktuele aanspreeklikheid opdoen, soos waar hy in die een of ander opsig nalatig opgetree het in sy optrede ten opsigte van die bestuurder en so self blaamwaardig is met betrekking tot die uiteindelike skade.

4 Samevatting en slotgedagtes

Dit is tans (ongelukkig) nog goeie reg dat die eienaar van 'n voertuig (soos X in die voorbeeld in par 1 genoem), wat omrede hyself ongeskik is om te bestuur, die sleutels van sy voertuig aan 'n ander persoon toevertrou, middellik aanspreeklik gehou word vir die bestuurder se nalatigheid. Op grond van vroeëre uitsprake behoort dit egter steeds moontlik te wees om te argumenteer dat die eienaar middellike aanspreeklikheid kan ontkom in 'n geval waar daar genoegsame getuienis is om die afleiding te regverdig dat die eienaar van sy reg op beheer oor die bestuurder se optrede afstand gedoen het – soos waar hy slaap of te besope is om beheer oor die bestuurder uit te oefen. Dié voorstel benadeel ook nie noodwendig die persoon wat skade ly as gevolg van die bestuurder se nalatigheid nie omdat hy steeds die bestuurder deliktueel aanspreeklik kan hou. Die voordeel van die voorgestelde benadering is dat dit bestuurders wat inkompetent is om self te bestuur, sal aanmoedig om iemand anders met die stuur van die voertuig te vertrou wanneer hyself nie kan bestuur nie, terwyl die huidige regsposisie eerder dronk bestuurders aanmoedig om self te bestuur:

(a) In 'n geval waar die eienaar van 'n voertuig die motor sou bestuur terwyl hy onder die invloed van drank is en 'n ongeluk as gevolg van sy nalatigheid veroorsaak, word hy natuurlik deliktueel aanspreeklik gehou vir die benadeelde se skade (sien ook Visser "Vrywillige dronkenskap en deliktuele aanspreeklikheid in die lig van *S v Chretien* 1981 1 SA 1097 (A)" 1981 *THRHR* 423).

(b) Sou die eienaar van 'n voertuig die sleutels daarvan aan 'n ander oorhandig uit vrees dat hyself 'n botsing kan veroorsaak as gevolg van drankinname, word hy middellik aanspreeklik gehou vir die nalatigheid van die bestuurder omdat hy 'n reg en 'n plig het om beheer oor die bestuurder se optrede uit te oefen.

'n Alternatief sou natuurlik wees dat daar ander aanspreeklikheidsvereistes gestel word, soos in die volgende gevalle:

(a) X ly aan 'n siekte. Hy neem medisyne met 'n narkotiese uitwerking. Dit blyk egter dat X desnieteenstaande dringend 'n dokter moet gaan besoek. Net voor X in 'n toestand van semi-bewusteloosheid verval, vra hy sy vriend Y om te bestuur. As gevolg van Y se nalatigheid is hulle in 'n botsing betrokke. Waarom sou X in hierdie geval aanspreeklik gehou moet word? Sy geval het nie die afkeurenswaardigheid van dronkenskap nie.

(b) X is 15 jaar oud en erf 'n antieke sportmotor. X het geen kennis van voertuie nie. X vra haar vriendin Y, 'n ervare bestuurder, om haar na 'n plek te neem met die sportmotor en hulle is as gevolg van Y se nalatigheid in 'n botsing betrokke. Watter reg het X as eienaar om beheer oor Y se optrede uit te oefen? Aangesien X geen kennis van motorvoertuie het nie, sou dit tog belaglik wees om te veronderstel dat sy enige reg van beheer kan hê. Dieselfde redenasie sou ook gevolg kon word in 'n geval waar die eienaar geesteskrank is, en derhalwe ook nie beheer kan uitoefen nie.

Dit is duidelik dat daar op hierdie gebied van ons deliktereg 'n behoefte bestaan aan die invoer van nuwe beginsels ten einde praktiese situasies beter te kan hanteer (vgl ook Gerber "Middellike aanspreeklikheid van die motorvoertuigeienaar: Terugkeer na die tradisionele beskouing?" 1995 *THRHR* 337 ev, veral 340).

ALBERT BOTHA
Universiteit van Pretoria

VONNISSE

VERPANDING VAN VORDERINGSREGTE*

Twiggs v Millman 1994 1 SA 458 (K); Millman v Twiggs 1995 3 SA 674 (A)

1 Inleiding

Verpanding van vorderingsregte vind plaas waar 'n hoofskuldenaar 'n vorderingsreg teen sy/haar skuldenaar (ook derdeskuldenaar genoem om hom/haar van die hoofskuldenaar te onderskei) aanwend om betaling van die hoofskuld teenoor die hoofskuldeiser te verseker. Die hoofskuldenaar vestig 'n pandreg (saaklike reg) ten gunste van die hoofskuldeiser met die vorderingsreg as pandobjek. By die vasstelling van die regsbeginsels wat by die verpanding van vorderingsregte moet geld, kan as uitgangspunt die standpunt ingeneem word dat die reëls wat by die verpanding van liggaamlike sake (saakpand) geld sover moontlik ook by die verpanding van vorderingsregte (vorderingspand) toepassing vind. Die andersoortigheid van die pandobjek by 'n vorderingspand noodsaak egter bepaalde aanpassings. Die Duitse wetboek wat die verpanding van vorderingsregte as uitsondering erken (§ 1273–1296 *BGB*), het dit dan ook uitdruklik gestel dat die algemene beginsels van pandreg, sover doenlik, toepassing vind (§ 1273(2)), maar dan ook die spesifieke beginsels wat by die verpanding van vorderingsregte geld uitdruklik in die wetboek vasgelê.

Ten spyte van teoretici se besware teen verpanding van vorderingsregte is sessie *in securitatem debiti* in die Suid-Afrikaanse reg in verskeie sake reeds as 'n verpanding van vorderingsregte geïnterpreteer. Vroeër het die meeste sake oor dié onderwerp oor die regsposisie van die partye tot 'n sekerheidsessie by insolvensie gehandel. Dit het die howe genoodsaak om die aard van sekerheidsessies met spesifieke verwysing na insolvensie te bepaal. Vanweë verskeie oorwegings, wat hoofsaaklik met insolvensie verband hou, is beslis dat sodanige sessies op 'n verpanding neerkom en dat pandregbeginsels die regsfiguur beheer. Gevolglik is beslis dat die pandgewer die *dominium* (eiendomsreg) behou en dat die pandnemer 'n beperkte saaklike reg, te wete 'n saaklike sekerheidsreg verkry. By insolvensie word die partye se regsposisie deur die Insolvensiewet 24 van 1936 gereël. In die meeste uitsprake is gewone saakpand-beginsels direk op 'n vorderingspand toegepas. Aspekte van 'n vorderingspand, soos voldoening aan die publisiteitsvereiste, die rol van pandrypheid en die wyse van tegeldemaking wat

---

* Hierdie vonnisbespreking is gebaseer op 'n lesing wat op 1996-02-27 aan die Regsfakulteit van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO as HL Swanepoel-lesing aangebied is.

direkte toepassing bemoeilik, het, vreemd genoeg, nog in baie min sake ter sprake gekom. In die laaste tyd het veral die vraag na wie *locus standi* hangende die bestaan van die pandreg het egter ook in geskil gekom en tot uiteenlopende oplossings aanleiding gegee (sien bv *Ovland Management (Tvl) (Pty) Ltd v Pretprin (Pty) Ltd* 1995 3 SA 276 (N); *Coopers & Lybrand v Bryant* 1995 3 SA 751 (A); *Standard General Insurance Co Ltd v SA Brake CC* 1995 3 SA 806 (A)).

Direkte toepassing van saakpand-beginsels in die pas genoemde gevalle is moeilik en dit noodsaak analoë toepassing van daardie beginsels. Analoë toepassing verg egter vindingryke en soms ingrypende interpretasie van die howe. As gevolg hiervan moet die aangeleentheid na my mening eerder statutêr gereël word, soos wat die Duitsers (§ 1273–1296 *BGB*), die Nederlanders (a 227–258, en in die besonder a 239 *BW*) en die Belge (a 275 *BW*) gedoen het. In die afwesigheid van soortgelyke wetgewing is die Suid-Afrikaanse howe egter op direkte toepassing van saakpand-beginsels aangewese en, waar die aard van die vorderingspand dit noodsaak, op analoë toepassing ten einde die andersoortigheid van die pandobjek by 'n vorderingspand te akkommodeer. Suksesvolle implementering van analoë toepassing verg suiwer begrip van die saakpandregsbeginsels en hulle onderskeie funksies.

Ek beoog om in hierdie bespreking twee onlangse uitsprake te ontleed, naamlik *Twiggs v Millman* en die daaropvolgende appèlhofuitspraak in *Millman v Twiggs*. In beide uitsprake kom interessante aspekte van sessie, van die verpanding van vorderingsregte, van die reg insake saaklike sekerheid en die insolvensiereg na vore. Beide sake illustreer duidelik die probleme wat kan ontstaan wanneer die beginsels van saakpand en insolvensie, wat op die verpanding van liggaamlike sake afgestem is, sonder meer op die verpanding van vorderingsregte toegepas word. In albei uitsprake kom die hof tot dieselfde korrekte bevinding. Ek sal die twee beslissings egter afsonderlik bespreek omdat elkeen verskillende aspekte van bogenoemde regsfigure aanspreek of na vore bring. Voorts sal ek op die verpandingsaspek van die uitsprake konsentreer.

2 Feite

Die vereenvoudigde feite van die saak is soos volg: Continental Foods (hoofskuldenaar en pandgewer) het R200 000 aan Twiggs (hoofskuldeiser en pandnemer) geskuld en Cohen ('n ander hoofskuldenaar) het R300 000 aan Twiggs geskuld. In Maart 1991 het Continental Foods 'n vorderingsreg van R500 000 teen Tuna Marine (derdeskuldenaar) as sekerheid vir terugbetaling van sy eie skuld en dié van Cohen aan Twiggs "gesedeer". Cohen is op 12 September 1991 finaal gesekwestreer en Continental Foods op 26 September 1991 finaal gelikwideer. Twiggs het 'n versekerde eis van R200 000 ten opsigte van Continental Foods se skuld bewys en Millman (die likwidateur van Continental Foods se boedel) het die vorderingsreg as sodanig aanvaar en 'n versekerde dividend aan Twiggs betaal. Millman weier egter om te erken dat Twiggs geregtig is om op dieselfde wyse ten opsigte van die verdere eis van R300 000 teen Cohen behandel te word.

Twiggs het in die Kaapse Provinsiale Afdeling van die hooggeregshof om 'n verklaring van regte aansoek gedoen. Terwyl die aansoek hangende was, het dit onder Twiggs se aandag gekom dat Tuna Marine die volle skuld aan Millman betaal het. Regter Conradie het in die hof *a quo* bevind dat betaling op 30 Junie 1992 plaasgevind het, die betaaldatum van die skuld, maar appèlregter Hefer

meen dat dit nie uit die stukke blyk op watter datum betaling gemaak is nie en ook nie waarom betaling aan Millman geskied het nie ten spyte van die kennisgewing aan Tuna Marine van die bestaan van die sessie (pandreg). Die hof *a quo* het 'n bevel toegestaan dat Twiggs op betaling van die R300 000 geregtig is vanweë die feit dat hy 'n versekerde skuldeiser was. Hierteen appelleer Millman maar die appèlafdeling van die hooggeregshof bevind by monde van appèlregter Hefer dat die hof *a quo* tereg bevind het dat Twiggs geregtig was om as versekerde skuldeiser beskou te word.



3 Ontleding uitspraak hof *a quo*

3 1 Regspunte aangeroer en bevinding

3 1 1 Verpanding deur pandgewer vir ander se skuld (461G–462A)

Die beginsel dat 'n pandgewer sy saak in pand kan gee om die skuld van iemand anders te dek, word bevestig en op die feite toegepas. Die probleem wat by die toepassing van hierdie beginsel ontstaan, is dat artikels 44 en 83 van die Insolvensiewet 24 van 1936 nie op die pandhouer ten aansien van die R300 000 toepassing vind nie, aangesien hy nie 'n vorderingsreg teen die insolvente boedel het nie en gevolglik nie 'n versekerde skuldeiser van die boedel is nie (sien bespreking hieronder by 3 1 3).

3 1 2 Verdubbeling van vorderingsreg (462B–F)

Dit is 'n beginsel van die sessiereg dat die posisie van die skuldenaar nie deur die sessie verswaar mag word nie. Verdubbeling van eise teen die skuldenaar word as een van die gevalle van sodanige verswaring beskou. Gevolglik word die sessie ongeldig geag behalwe waar die skuldenaar sy toestemming tot die sessie verleen het.

Millman se advokate het aangevoer dat die sessie op 'n verdubbeling van die vorderingsreg neergekom het. Daar is op verdubbeling gesteun aangesien geargumenteer is dat as Cohen sy skuld aan Twiggs sou betaal, sou die R300 000-

gedeelte van die vorderingsreg na Continental Foods terugval en dan sou Tuna Marine (die derdeskuldenaar) teen twee skuldeisers te staan kom.

Die hof aanvaar die advokate se argument dat die geldigheid van sodanige sessies afhang van die vraag of die sessie nadeel vir die skuldenaar inhou, maar bevind dat daar in die betrokke feitestel geen nadeel vir die skuldenaar uit die sessie kon volg nie. Voorts bevind die regter ook dat die skuldenaar in elk geval tot die verdubbeling toegestem het en dat die sessie dus geldig was.

3 1 3 Toepaslikheid van artikels 44(1) en 83 van die Insolvensiewet 24 van 1936 (464F–467E)

Daar is namens Millman aangevoer dat Twiggs nie ingevolge bogenoemde artikels ten opsigte van die R300 000 'n skuldeiser van die insolvente boedel van Continental Foods is nie. In 'n duidelike poging om Twiggs tegemoet te kom, spreek regter Conradie die mening uit dat die enigste manier waarop 'n vorderingsreg vir Twiggs teen die boedel van Continental Foods gekonstrueer kan word, is as daar 'n verpligting aan die kant van Continental Foods bestaan het om nie betaling van Tuna Marine te ontvang nie. Na 'n lang en redelik onduidelike argument waarby die rol van kennisgewing van die sessie aan die skuldenaar ook betrek word, bevind regter Conradie dat Millman die opbrengs van die vorderingsreg in trust hou. Sonder om die grondslag van die trustverhouding te bespreek of aan te dui dat Twiggs op grond daarvan 'n skuldeiser van die insolvente boedel geword het, bevind die regter dan dat "[he] does not hold the proceeds in terms of s 83 of the Act, that is common cause, *but he is holding them nevertheless and something must be done with them*" (466F) (my kursivering). Sonder om dan eintlik die regsgrond vir sy beslissing aan te toon, beslis die regter dat Twiggs op die R300 000 sou kon aanspraak maak indien hy as versekerde skuldeiser behandel was, soos die regter meen moes gebeur het. Hy beslis egter dat Twiggs nie noodwendig op die volle bedrag van R300 000 aanspraak kan maak nie en laat die vasstelling van die kwantum na.

3 2 Evaluering van uitspraak

3 2 1 Rol van kennisgewing van sessie aan skuldenaar (465C–F)

In sy poging om 'n moontlike vorderingsreg ten gunste van Twiggs teen die insolvente boedel te konstrueer, betrek regter Conradie die rol van kennisgewing van die sessie aan die skuldenaar. Hy ontleed die rol wat kennisgewing by algehele sessies speel en maak in die proses uitlatings oor die effek van betaling aan die sedent deur die onkundige skuldenaar wat ernstig onder verdenking staan, maar wat gelukkig *obiter* is en in elk geval nie op die onderhawige feitestel ter sake nie: Dit blyk byvoorbeeld uit appèlregter Hefer se uitspraak dat Tuna Marine wel kennis van die sessie gedra het toe hy aan Millman betaal het (677G–H); dus kon die vraag na die posisie van die onkundige skuldenaar wat aan die sedent betaal nie ter sprake kom nie. Die skuldenaar wat, ten spyte daarvan dat hy van die sessie kennis dra, aan die sedent betaal, word nie deur sodanige betaling bevry nie. Die sessionaris kan dus nog steeds betaling van die skuld van hom eis. Die regter verwerp die gedagte dat die sessionaris op grond van ongeregverdigde verryking van die sedent kan eis (omdat die sedent nie ten koste van die sessionaris nie maar ten koste van die skuldenaar verryk is) (465D–E). Dit wil voorkom of die regter van mening is dat die sessionaris hom in dié omstandigheid slegs tot die skuldenaar kan wend. Hy meen dat die sessionaris, in die afwesigheid van bedrog, nóg 'n vorderingsreg nóg 'n interdik

teen die sedent het (465E–F). Ek stem saam met die regter dat daar nie direkte gesag vir die volgende argument bestaan nie, maar ek sou tog wou argumenteer dat die sedent deur betaling van die skuldenaar te ontvang hom nie alleen aan bedrog nie maar ook aan kontrakbreuk skuldig maak. Is dit nie die bedoeling van die partye in die verbintenisskeppende ooreenkoms wat die sessie voorafgaan, dat die sedent nie verdere handelinge ten opsigte van die oorgedraagde vorderingsreg sal aangaan nie? Is dit nie ten minste bedrog as die sedent, wetende dat hy nie meer skuldeiser is nie, betaling van die skuldenaar ontvang nie? Hierdie argument sal die sessionaris se posisie in die onderhawige feitestel in elk geval nie verbeter nie aangesien betaling aan die likwidateur geskied het en nie aan die sedent self nie. Voorts kan Twiggs ook slegs as versekerde skuldeiser van die insolvente boedel kwalifiseer as die sekuriteit (saaklike sekerheidsreg) aksessoor is aan die eis teen die insolvente boedel. (Sien veral a 83(10): ". . . is die skuldeiser geregtig op betaling, uit daardie opbrengs, van sy preferente vordering as daardie vordering volgens voorskrif van artikel vier en veertig bewys en toegelaat is en die Meester van oordeel is dat die vordering inderdaad deur die aldus tegeldegemaakte goed verseker was". A 44(4) maak dit ook duidelik dat die sekerheid op die betrokke eis betrekking moet hê: ". . . en as die skuldeiser in besit van sekuriteit *daarvoor* is, die aard en besonderhede van daardie sekuriteit . . .".) In die onderhawige geval was dit nooit Continental Foods, Twiggs of Cohen se bedoeling dat die vorderingsreg teen Tuna Marine ter versekering van enige ander skuld as dié van Cohen aan Twiggs sou dien nie. Hierdie argument van Millman se advokate kon hulle dus niks verder bring nie.

3 2 2 Aard van betrokke sessie

Twiggs het toegegee dat hy op advies van sy regsadviseurs aanvaar dat pandregbeginsels op 'n sessie *in securitatem debiti* toegepas moet word en dat die trustee ingevolge die gemenereg beheer oor die eiendom van die insolvent moet neem (466C–D). Terloops kan vermeld word dat Twiggs se advokate na my mening met verwysing na byvoorbeeld *Goudini Chrome (Pty) Ltd v MCC Contracts (Pty) Ltd* 1993 1 SA 77 (A) 87G–H en *Incledon (Welkom) (Pty) Ltd v QwaQwa DC Ltd* 1990 4 SA 798 (A) eerder moes geargumenteer het dat hierdie 'n algehele sekerheidsessie was en dat Tuna Marine dus aan Twiggs as sessionaris moes betaal het en nie aan die sedent nie. Tuna Marine het immers kennis van die sessie gedra. Volgens die algehele sekerheidsessie konstruksie sou Twiggs dus reghebbende geword het en sou die vorderingsreg geheel en al buite die boedel van Continental Foods geval het. Al wat Continental Foods (eintlik Millman as likwidateur) dan teen Twiggs sou gehad het, was 'n vorderingsreg (voortspruitend uit die *pactum fiduciae*) vir terugsessie (indien die hoofskuld betaal was) of oorbetaling van die oorskot nadat Twiggs se eis uit die opbrengs van die vorderingsreg teen Tuna Marine bevredig was. Hierdie aspek van die aangeleentheid val egter buite die oogmerk van hierdie bespreking en sal nie hier verder gevoer word nie (sien verder Scott *The law of cession* (1991) par 12.2.2).

In sy behandeling van die rol van kennisgewing, het die regter geen aandag geskenk aan die feit dat die onderhawige "sessie" op 'n verpanding van vorderingsregte neerkom nie en dat kennisgewing in sodanige geval moontlik 'n ander rol speel as in die geval van 'n gewone sessie. Hy ondersoek dus nie die publisiteitsfunksie van kennisgewing by die vestiging van 'n pandreg op vorderingsregte nie (sien bv die hantering van hierdie vereiste in *Sandilands v Sandilands' Trustee and Paul* 1913 CPD 632 635–636). Dit wil voorkom of die regter die mening toegedaan is dat die regsbeginsels wat op volkome sessies toepassing

vind ook hier aanwending vind. Nadat regter Conradie eintlik deurgaans van die "sessie", die "sedent" en die "sessionaris" gepraat het, beslis hy, met verwysing na die toonaangewende sake oor hierdie onderwerp (466D–F), dat die regsadviseurs se advies aan Twiggs korrek was. Hy aanvaar dus dat pandregbeginsels toepassing vind en beskou dan klaarblyklik dat die volgende stelling 'n noodwendige toepassing van daardie beginsels op die onderhawige probleem is:

> "I think, therefore, that it is correct, as Mr *Kuschke* for the applicant (Twiggs) has suggested, that the first respondent (Millman) is holding the proceeds of the payment in trust. He does not hold the proceeds in terms of s 83 of the Act, that is common cause, but he is holding them nevertheless and something must be done with them" (466F–G).

Sonder om dus die regsgrond daarvoor aan te toon, bevind die regter eenvoudig dat Twiggs 'n versekerde skuldeiser is wat moontlik selfs tot die likwidasiekoste moet bydra. Laasgenoemde afleiding maak ek uit die feit dat hy nie die volle bedrag van R300 000 aan hom toeken nie. Hy het aftrekking van Twiggs se bydrae tot dié koste moontlik in gedagte.

3 2 3 Probleme met toepassing van saakpand-beginsels

Hierdie uitspraak is 'n goeie illustrasie van die probleme wat kan ontstaan indien die beginsels wat op 'n bepaalde regsfiguur, naamlik die skepping van 'n saaklike sekerheidsreg ten opsigte van liggaamlike sake (verpanding) van toepassing is, op 'n verpanding van vorderingsregte (onliggaamlike sake) toegepas moet word. Dit illustreer dat die howe nie rekening hou nie met die andersoortigheid van die pandobjek by 'n vorderingspand en die invloed daarvan op die toepaslikheid van saakpand-beginsels. Analoë toepassing van saakpand-beginsels op 'n vorderingspand noodsaak vindingryke regskepping van die howe en die ingrypende aard van sodanige regspreking val waarskynlik buite regters se sienings van wat hulle taak is. Die hantering van die volgende aspekte van die verpanding van vorderingsregte in die uitspraak verdien aandag:

Terminologie Die regter maak feitlik tot aan die einde van die uitspraak van die terme "sessie", "sedent" en "sessionaris" gebruik. Sodanige terminologie moet vermy word waar die aard van die sekerheidstelling 'n verpanding is. Terme soos "verpanding", "pandgewer" en "pandhouer" moet eerder gebruik word. Dit maak die bedoeling van die partye duideliker en laat alle betrokkenes meer bewustelik aandag gee aan die regsbeginsels wat toepassing vind op die regshandeling waarmee hulle besig is.

Vestiging van pandreg In die betrokke saak en in die meeste sake (behalwe *Sandilands v Sandilands' Trustee and Paul supra*) wat oor die verpanding van vorderingsregte handel, word geen melding gemaak van die vereistes wat vir die vestiging van 'n vorderingspand geld nie. By 'n saakpand word 'n sekerheidsooreenkoms en fisiese lewering van die saak vereis. Die fisiese oorhandiging van die saak aan die pandnemer is noodsaaklik in die Suid-Afrikaanse reg aangesien dit neerkom op voldoening aan die publisiteitsvereiste by die vestiging van saaklike regte. By 'n vorderingspand is sodanige fisiese oorhandiging nie moontlik nie maar daar moet nietemin aan die publisiteitsvereiste voldoen word (oor die rol en funksie van die publisiteitsvereiste by die vestiging van saaklike regte en insolvensie, sien Sonnekus "Sekerheidsregte – 'n nuwe rigting?" 1983 *TSAR* 97; "Die notariële verband, 'n bekostigbare figuur teen heimlike sekerheidstelling vir 'n nuwe Suid-Afrika?" 1993 *TSAR* 117). In *Sandilands v Sandilands' Trustee and Paul supra* 635–636 het die hof dan ook kennisgewing as

voldoening aan die vereiste beskou. Dit is in ooreenstemming met die Duitse reg (sien § 1280 *BGB*). Deur middel van die kennisgewing word die skuldenaar ingelig oor die bestaan van die pandreg en die pandgewer se beheer oor die vorderingsreg word in 'n groot mate aan bande gelê (sien Sonnekus 1983 *TSAR* 978 en 1993 *TSAR* 110 se bespreking van die rol van publisiteit).

Effek van pandgewer se insolvensie by pandreg Drie aspekte van die effek van insolvensie by pandreg moet hier onder oë geneem word:

(a) Die effek van die pandgewer se insolvensie op 'n pandhouer waar die pandhouer 'n saak hou as sekerheid vir die nakoming van die pandgewer se skuld teenoor die pandhouer Die trustee (ek verwys na trustee, alhoewel die onderhawige geval met 'n likwidateur te make het) moet die boedelbates in beheer neem. Dit sluit in dat die trustee vorderingsregte van die boedel moet invorder. Die trustee kan dus 'n pandsaak van die pandhouer vorder en dit as boedelbate te gelde maak (met inagneming van die pandhouer se regte as versekerde skuldeiser) of die pandhouer kan self ingevolge artikel 83 die pandsaak realiseer en die opbrengs aan die trustee betaal. Ingevolge artikel 83(10) kan hy dan op betaling van sy voorkeureis aanspraak maak mits hy sy eis ingevolge artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 teen die insolvente boedel bewys het. Die normale beginsels van die saaklike sekerheidsreg en insolvensie vind dus toepassing.

(b) Die effek van die pandgewer se insolvensie op die pandhouer waar die pandhouer 'n saak van die pandgewer as sekerheid hou vir die nakoming van iemand anders se skuld teenoor die pandhouer Uit bogenoemde bespreking behoort dit duidelik te wees dat die pandhouer hier nie van artikel 83 gebruik kan maak nie aangesien hy nie 'n skuldeiser van die boedel is nie. As gevolg van die bepalings van artikels 44(4) en 83(10) kan hy nie self ingevolge artikel 83(1) die pandsaak realiseer nie. Die gemenereg moet dus toepassing vind (sien die bespreking hieronder).

(c) Die effek van die pandgewer se insolvensie op die pandhouer waar die pandhouer 'n vorderingsreg (vorderingspand) van die pandgewer as sekerheid hou vir die nakoming van die pandgewer se skuld teenoor die pandhouer Indien die effek van die vestiging van 'n vorderingspand bepaal moet word, blyk dit al gou dat die posisie hier meer kompleks is as by 'n saakpand omdat die realisasie van 'n saakpand nie aan prestasie deur 'n derde (die derdeskuldenaar) gekoppel is nie.

By 'n vorderingspand is "eiendomsreg" in die insolvente boedel en *quasi*-beheer van die pandobjek by die pandhouer. Die aard van die pandobjek noop 'n mens onmiddellik tot die besef dat die normale prosedure wat in die insolvensiereg vir tegeldemaking voorgeskryf word alleen deur analoë toepassing van die beginsels in hierdie geval gevolg kan word. Waar die pandhouer self die pandobjek wil realiseer, behoort daar nie probleme te wees nie. Hy kan hom op artikel 83(8)(c) en 83(10) van die Insolvensiewet 24 van 1936 beroep. Die trustee moet sy toestemming tot die wyse van realisasie verleen wat myns insiens inhou dat die pandhouer die vorderingsreg op 'n eksekusieverkoping kan verkoop of, 'n geskikter wyse van realisering by vorderingsregte, deur betaling van die skuldenaar te verg.

Probleme kan egter ontstaan waar die trustee van sy vindikasiebevoegdheid wil gebruik maak ten einde hom in staat te stel om self die bate te gelde te maak. Die skuldenaar weet dat daar 'n pandreg ten opsigte van die vorderingsreg

bestaan en dat hy terwyl die pandreg bestaan nie aan die pandgewer (of die trustee) kan betaal nie. Die "*quasi*"-beheer is immers by die pandhouer en die pandhouer moet dit eers aan die trustee oordra ten einde hom in staat te stel om die pandobjek te realiseer. Dit wil my dus voorkom of die pandhouer sy medewerking (byvoorbeeld deur kennis of opdrag aan die skuldenaar te gee dat hy aan die trustee moet betaal) sal moet verleen voordat die skuldenaar verplig sal wees om aan die trustee te betaal. Daar sou moontlik geargumenteer kan word dat dit wel 'n vorm van realisasie is wat nie uitdruklik deur die wet vermeld word nie maar wat by wyse van analoë toepassing by 'n vorderingspand toepassing vind. Dit kan egter nie beoordeel word met verwysing na die gewone sessiebeginsels wat by betaling deur die skuldenaar aan die sedent geld nie aangesien dit hier nie oor die vraag na bevrydende betaling aan die skuldeiser gaan nie, maar eerder oor die vraag of die skuldenaar wat weet van die bestaan van die pandreg 'n betaling aan die trustee kan maak sonder dat hy deur die pandhouer daartoe gemagtig is en dat dit nog as realisasie van 'n boedelbate ingevolge die insolvensiereg beskou kan word. Die antwoord is nóg in saakpandbeginsels nóg in die insolvensiereg te vind.

Uit bogenoemde blyk die valstrikke waarin 'n mens kan beland as saakpandbeginsels op 'n vorderingspand toegepas moet word. Die effek van die verdere kompliserende faktor in die onderhawige feitestel, naamlik die feit dat die pandgewer 'n saaklike sekerheidsreg ten gunste van die pandhouer geskep het vir iemand anders se skuld sal hieronder by die bespreking van die appèlhofuitspraak aandag geniet. Die effek van die feit dat die skuldenaar in die onderhawige feitestel ook reeds sonder medewerking van die pandhouer aan die trustee betaal het, sal ook later aangespreek word.

4 Ontleding appèlhofuitspraak

4 1 Regspunte aangeroer en bevinding

4 1 1 Aard van sekerheidsessie (676H–I)

Met verwysing na die toonaangewende sake waarin sekerheidsessies as 'n verpanding gekonstrueer word, bevind appèlregter Hefer dat saakpand-beginsels ook hier toegepas moet word. Die hof skakel 'n vorderingspand volkome aan 'n saakpand gelyk en beslis soos volg:

> "By the act of cession the right to receiving payment from Tuna Marine was pledged to him as effectively as if a corporeal movable asset of the company had been delivered to him in pledge ... That he thus acquired a *ius in re aliena*, equally effective against creditors as against the owner in respect of both debts, is beyond dispute" (678C–D).

4 1 2 Die effek van die pandgewer se insolvensie op die pandhouer waar die pandhouer 'n vorderingsreg (vorderingspand) van die pandgewer as sekerheid hou vir die nakoming van iemand anders se skuld teenoor die pandhouer (677J–680B)

Die aspek van die onderhawige saak wat veral probleme geskep het, is die vraag of die pandhouer (Twiggs) ten opsigte van die derde (Cohen) se skuld ook as versekerde skuldeiser van die insolvente boedel behandel moet word. Vanweë appèlregter Hefer se volkome gelykskakeling van 'n vorderingspand met 'n saakpand bevind hy dat aangesien 'n pandgewer sy goedere ("property") geldig kan verpand om 'n ander se skuld te verseker, "[t]here are accordingly no conceivable logical or legal grounds for applying the established principles to the one but not to the other" (678G).

Ten einde die konsekwensies van hierdie onvermydelike gevolgtrekking te probeer omseil, het die advokate vir Millman myns insiens tereg aangevoer dat die bepalings van artikel 391 van die Maatskappywet 61 van 1973 aan die een kant, en artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 aan die ander kant, Twiggs as versekerde skuldeiser van die insolvente boedel uitskakel. Hulle het voorts aangevoer dat Millman geregtig was om betaling van die R300 000 te ontvang en om die opbrengs as deel van die vrye oorskot aan te wend ten einde die eise van konkurrente skuldeisers te bevredig. Die argument lui dus dat Twiggs se aanspraak as saaklik geregtigde verval omdat hy nie ingevolge artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 kan bewys dat hy skuldeiser van die insolvente boedel is nie en dat hy dus ook nie ingevolge artikel 83 op voorkeurbehandeling aanspraak kan maak nie.

Die regter toon aan dat aanvaarding van hierdie argument daarop sou neerkom dat bogenoemde artikels die effek het dat 'n pandhouer in Twiggs se posisie nie alleen die objek van sy pandreg sou moes prysgee nie maar ook dat hy enige voordeel wat uit die pandreg vloei ten gunste van konkurrente skuldeisers moet verbeur. Die hof bevind gevolglik:

> "I am by no means convinced that such a pledgee is indeed obliged to surrender the object of his pledge; but, even if he is, what we have been urged to do is to deprive the pledgee of his lawful rights and to grant to concurrent creditors a benefit to which they are not entitled" (679A–B).

Die regter bevind dat, afgesien van die vermoedè teen die afstanddoening van regte wat by die uitleg van wette bestaan, sekere bepalings in die Insolvensiewet 24 van 1936 en die Maatskappywet 61 van 1973 juis daarop gerig is om die posisie van die pandhouer te versterk. Gevolglik weier hy om te aanvaar dat daar enige logiese of regsgronde is waarop hierdie tipe pandhouer (Twiggs tov die R300 000) so wesenlik anders behandel moet word as die normale pandhouer (Twiggs tov die R200 000).

Vervolgens keer appèlregter Hefer terug na die wesenlike probleem waarvoor die pandhouer in hierdie omstandighede te staan kom en dit is die feit dat hy nie 'n skuldeiser van die insolvente boedel van die pandgewer ingevolge artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 is nie en gevolglik ook van die werking van artikel 83 van die wet uitgesluit is. Die regter vind die oplossing van hierdie probleem in die gemenereg. Hy bevind dat aangesien die wet nie vir hierdie omstandigheid voorsiening maak nie, die gemenereg nog steeds geld en dat die pandhouer wat 'n saak van die pandgewer ontvang het ter versekering van iemand anders as die pandgewer se skuld, 'n versekerde skuldeiser ingevolge die gemenereg is en dat Twiggs gevolglik op die R300 000 aanspraak kan maak (679G–680B).

4 2 Evaluering van uitspraak

4 2 1 Aard van sekerheidstelling

Dit is interessant om daarop te let dat appèlregter Hefer slegs verwys na daardie sake waarin sekerheidstelling deur middel van vorderingsregte as 'n verpanding gekonstrueer word en nie na sake soos *Goudini Chrome (Pty) Ltd v MCC Contracts (Pty) Ltd supra* en *Incledon (Welkom) (Pty) Ltd v QwaQwa DC Ltd supra* nie waarin algehele sessiebeginsels op sodanige sessies toegepas is. Die regter pas dan ook suiwer saakpand-beginsels toe sonder om hoegenaamd aandag te gee aan die andersoortigheid van die pandobjek wat hy, interessant genoeg, as

"the right to receive payment" (678C) beskryf. Hy verwys ook deurgaans, myns insiens tereg, na Twiggs as die pandhouer en Continental Foods as die pandgewer.

Appèlregter Hefer gee geen aandag aan die andersoortigheid van die pandobjek nie en hou hom slegs besig met die vasstelling van die normale pandregbeginsels. Hy ag die feit dat Tuna Marine aan die likwidateur betaal het, ten spyte daarvan dat hy kennis van die sessie gedra het, skynbaar ook nie van wesenlike belang nie. In die geval van 'n normale saakpand sou die onderhawige probleem ook nie opgeduik het nie want die pandhouer sou in besit van die saak gewees het. By die verpanding van vorderingsregte het hy slegs *quasi*-besit van die pandobjek en daarom is kennisgewing as voldoening aan die publisiteitsvereiste van uiterste belang. Dit stel die skuldenaar in kennis van die bestaan van die pandreg asook van die feit dat slegs die pandhouer betaling mag ontvang. Vanweë die kennis wat die skuldenaar van die pandreg gedra het, sou die medewerking van die pandhouer nodig gewees het voordat die skuldenaar aan die pandgewer (of die likwidateur) kon betaal het. Die regter oorweeg egter nie eers die moontlikheid dat die normale beginsels van pandreg nie sonder meer hier toegepas kan word nie en gevolglik kom analoë toepassing glad nie eers ter sprake nie.

4 2 2 Regsposisie van die trustee (likwidateur)

By insolvensie is dit een van die basiese pligte van die trustee om die bates van die boedel te administreer en te realiseer (*National Bank of SA Ltd v Cohen's Trustee* 1911 AD 235 248). In *De Hart v Virginia Land & Estate Co Ltd* 1957 4 SA 501 (O) is die gemeenregtelike posisie van die trustee soos volg uiteengesit: Daar word aanvaar dat hy gesedeerde of verpande eiendom moet administreer onderworpe aan die regte van sessionarisse en pandhouers om betaling van hulle versekerde eise uit die opbrengs van die verpande sake te ontvang. In die *De Hart* saak meld regter Botha ook dat artikel 83 nie hierdie bevoegdheid van die trustee aangetas het nie, maar eerder aan die versekerde skuldeiser van die insolvente boedel die bevoegdheid gegee het om ook in die voorgeskrewe omstandighede van daardie artikel self sy sekuriteit te realiseer (505E–G).

Appèlregter Hefer het self ook in *Leyds v Noord-Westelike Koöperatiewe Landboumaatskappy* 1985 2 SA 769 (A) 780A–G beslis dat

> "die kurator in die insolvente boedel van die sedent van 'n vordering *in securitatem debiti* geregtig was om dit in te vorder en as 'n bate van die boedel te administreer op die basis dat die *dominium* van die reg in die sedent bly" (780B).

In die onderhawige saak spreek hy egter twyfel uit oor die vraag of die pandhouer die pandobjek aan die trustee moet oorhandig (679A–B), terwyl hy uitdruklik in *Leyds* bevind dat hy dit moet doen. Gebruikmaking van die woorde "such a pledgee" kan egter daarop slaan dat die regter twyfel het in 'n geval waar die pandhouer 'n vorderingsreg hou ter versekering van iemand anders as die pandgewer se skuld.

4 2 3 Die effek van die pandgewer se insolvensie op die pandhouer waar die pandgewer vir betaling van iemand anders se skuld sekerheid stel

As uitgangspunt aanvaar die regter dat daar geen regverdiging is om die pandhouer in hierdie omstandighede van sy pandregte te ontneem nie en aan konkurrente skuldeisers 'n voordeel te gee waarop hulle nie geregtig is nie (679A–C).

Hy bevind dan ook dat die pandhouer nie sy sekuriteit verloor nadat hy die pandobjek aan die trustee oorhandig het nie maar dat hy geregtig bly om as versekerde skuldeiser behandel te word (679D). Na my mening is die bevinding reg maar ek stem nie saam met die rede wat die regter gee waarom die pandhouer wel op voorkeurbehandeling geregtig is nie. Hy meen dat daar geen logiese of regsgronde is waarom Twiggs verskillend ten opsigte van die twee eise behandel moet word nie. Hy oorweeg dan die invloed van die feit dat Twiggs nie ingevolge artikel 44 van die Insolvensiewet 24 van 1936 as skuldeiser van die boedel beskou kan word nie. Volgens hom beïnvloed hierdie feit nie sy aanspraak op voorkeurbehandeling nie aangesien "his right to preferential treatment does not derive from s 83; it derives from the common law" (679H). Hy toon voorts aan dat die insolvensiereg nie in sy geheel gekodifiseer is nie en dat die gemenereg nog geld waar die Insolvensiewet oor 'n aangeleentheid swyg. Die onderhawige geval is volgens hom een van daardie gevalle en daarom is Twiggs "entitled to be treated as secured creditor" (680B).

Alhoewel ek met die regter se bevinding saamstem, is ek nie seker of ek hom goed verstaan oor wat hy met die gemenereg of die toepassing daarvan bedoel nie. Ek weet ook nie of hy hom slegs onnoukeurig uitdruk deur na Twiggs as 'n "versekerde skuldeiser" te verwys nie. Dit kan wees dat hy bedoel dat Twiggs ingevolge die insolvensiebeginsels van die gemenereg 'n versekerde skuldeiser van die insolvente boedel is, maar dit kan ook wees dat hy bedoel dat Twiggs ingevolge die gemeenregtelike pandbeginsels 'n beperk saaklike geregtigde is. Na my mening is laasgenoemde die korrekte benadering. Die pandhouer is in hierdie omstandighede dus nie 'n versekerde skuldeiser van die insolvente boedel nie maar hy het 'n beperkte saaklike reg op een van die bates van die insolvente boedel. Daardie bate kan dus net onderworpe aan die beperkte saaklike reg te gelde gemaak word. Die posisie is analoog aan dié van 'n serwituuthouer (soos 'n vruggebruiker) ten aansien van 'n plaas in 'n insolvente boedel: die serwituut plaas 'n beperking op die eiendomsreg self en die tegeldemaking van die plaas sal onderworpe aan die serwituut moet geskied. Die insolvensie van die eienaar van die plaas kan tog nie die beperkte saaklike regte van derdes affekteer nie en hulle geen aanspraak gee omdat hulle nie skuldeisers van die boedel is nie. Die bestaan van die serwituut verminder die inherente realisasiewaarde van die plaas. So beïnvloed die bestaan van die pandreg ook die realisasiewaarde van die pandobjek. Die bestaan van die saaklike sekerheidsreg kan moontlik op Vorm B, Aanhangsel V van die Eerste Skedule gereflekteer word. In die onderhawige geval is die pandhouer se vorderingsreg teen die derde toevallig dieselfde as die waarde van die vorderingsreg, maar meestal sal die waarde van die pandobjek (vorderingsreg) hoër wees as die pandhouer se eis teen die derde en dan val die balans in die insolvente boedel, waarskynlik in die vrye oorskot. Die pandobjek word in bogenoemde omstandighede dus as boedelbate te gelde gemaak met inagneming van die beperkte saaklike reg wat daarop rus.

5 Gevolgtrekking

Na my mening is die uiteindelike bevinding in albei hierdie uitsprake korrek. Beide bevredig 'n mens se regsgevoel nie alleen wat die toepassing van die regsbeginsels op die tersaaklike feite betref nie, maar ook wat die uiteensetting van die regsposisie in die breë betref. Alhoewel dit nie heeltemal duidelik is nie, verkies ek die wyse waarop appèlregter Hefer die pandhouer se aanspraak op die R300 000 fundeer bo die ietwat vae wyse waarop die verhoorregter dit gedoen

het. Appèlregter Hefer se uitspraak is ook een van die suiwerste toepassings van die beginsels van pandreg op 'n sekerheidsessie wat in die afgelope tien jaar gegee is.

Ek vind dit jammer dat appèlregter Hefer geensins toon dat hy bewus is van die probleme wat die andersoortigheid van die pandobjek in bepaalde omstandighede kan veroorsaak en inderdaad in die betrokke geval geskep het nie. Dit was waarskynlik nie vir hom nodig nie vanweë die wyse waarop die advokate die saak beredeneer het. Voorts was die feite relatief ongekompliseerd: al die skulde was byvoorbeeld op dieselfde dag betaalbaar en albei hoofskuldenaars (Continental Foods en Cohen) was in daardie stadium reeds insolvent. Wat sou die posisie byvoorbeeld gewees het as Cohen nog nie insolvent was nie of die eis teen hom nog nie opeisbaar nie? Vanweë die benadering wat hy gevolg het, was regter Conradie in 'n beter posisie om hom oor die andersoortigheid van die pandobjek en die effek daarvan op die toepassing van saakpand-beginsels uit te laat, soos ek hierbo aangetoon het, maar het dit tog ook nie gedoen nie.

Alhoewel ek van mening is dat die regters in die betrokke saak met groot vrug saakpand-beginsels op 'n vorderingspand toegepas het en hulle bevindings in die betrokke geval in ooreenstemming is met die idee dat saakpand-beginsels vir sover dit moontlik is op 'n vorderingspand toegepas moet word, dui die uitsprake tog daarop dat die howe moontlik nie genoegsaam bedag is nie op die andersoortigheid van die pandobjek by 'n vorderingspand wat direkte toepassing van saakpand-beginsels bemoeilik en analoë toepassing van daardie beginsels noop.

'n Besonder interessante aspek van die uitspraak is die feit dat 'n saak wat oor 'n vorderingspand handel die probleme en vaagheid beklemtoon wat die regsposisie omhul waar die pandgewer sy saak in pand gee ten einde iemand anders se skuld teenoor die pandhouer te verseker. Daar is geen gesag oor die effek van sodanige pandgewing nie behalwe die verwysings in *Wille's Law of mortgage and pledge in South Africa* (1987) 7 vn 46 waaruit 'n mens niks verder oor die aangeleentheid wys word nie, selfs nie eers as die bronne tot by die *Digesta* (sien *D* 20 1 5 2) nagegaan word nie.

Selfs na hierdie bemoedigende uitspraak van die appèlafdeling van die hooggeregshof, is ek nog van mening dat wetgewing die aangewese wyse is om die probleme in die sessiereg in die algemeen, maar in die besonder ten aansien van sekerheidsessies uit die weg te ruim. Vrae wat my nog steeds kwel, is die volgende: wat sal die howe doen in gevalle waar analoë toepassing van saakpandbeginsels op 'n vorderingspand onvermydelik en ingewikkeld is; sluit hierdie appèlhofuitspraak algehele sekerheidsessies uit of dui die afwesigheid van verwysings na die bekende uitsprake waarin dit erken word, op die moontlikheid dat dit in bepaalde gevalle tog nog toepassing kan vind? Sal die howe hulle weg oopsien om die netelige vraagstukke, soos wie *locus standi* by sekerheidsessies het, die aard van fidusiêre regshandelinge en die toelaatbaarheid van invorderingsessies, deur 'n proses van vindingryke interpretasie van die gemenereg aan te spreek?

SUSAN SCOTT
Universiteit van Suid-Afrika

TO WHICH CATEGORY OF PROVISIONS OF A CONTRACT DO PROVISIONS ORIGINATING IN TRADE USAGE BELONG? PROBLEMS IN REGARD TO QUASI-MUTUAL ASSENT

ABSA Bank Ltd v Blumberg and Wilkinson 1995 4 SA 403 (W)

In this case the court (Cameron J) held (409H–I):

> "For a term to be implied [in a contract] by trade usage, the implication must be made 'not by law but from the presumed common intention of the parties to include a term customarily included to the knowledge of both of them' (Christie *The Law of Contract in South Africa* 2nd ed (1991) at 187). The requirements for the implication of such a term are, amongst others, that it must be universally and uniformly observed within the trade concerned; established; well known; reasonable; certain; and not in conflict with the law or with the clear provisions of the contract (*Christie* at 188–94)."

When one refers to what Professor Christie says, it appears that the court has attributed a statement he makes about one category of terms to a different category which he seeks to distinguish from the first. He proposes a threefold classification of unexpressed provisions of a contract: (1) "terms implied by law" (184–187); (2) "terms implied by trade usage" (187–194); and (3) "tacit terms, or terms implied from the facts" (194–202). The first comprises those provisions which the law provides in the absence of express or implied provisions (using the word "implied" in its strict sense to describe provisions which pass the hypothetical bystander test: see my *The principles of the law of contract* (1989) 256–258 283–292 (*Contract*)). The third comprises those which pass the hypothetical bystander test.

The sentence immediately preceding the one from which the court drew its quotation reads:

> "If the trade usage is known to both parties their knowledge will be one of the surrounding circumstances indicating that the trade usage ought to be incorporated in their contract as a term *implied from the facts*" (emphasis added).

Hence the statement concerning the implication being made not by law "but from the presumed common intention of the parties" refers to a term which would pass the hypothetical bystander test, that is, a term in Professor Christie's third category. However, the requirements which the court listed are those for provisions originating in trade usage, which requirements Professor Christie gives for his second category which he regards as occupying an "intermediate position" (187), but which it is better to consider in relation to his first category (terms *implied by law*).

There is a more fundamental difficulty. Did the court intend to approve Professor Christie's approach to what he describes as "terms implied by trade usage", and is that approach correct? Of such terms Professor Christie (187) says:

> "But if one party cannot prove that the other knew of the trade usage it will nonetheless be incorporated as an implied term in the contract if, in addition to other requirements, it is so universal and notorious that *the party's knowledge and intention to be bound by it can be presumed.* The proper inquiry must be whether

> the party professing ignorance has so conducted himself that the other party, on the principle of quasi-mutual assent, is *entitled to assume that he knew* of the trade usage and intended to incorporate it tacitly in the contract" (emphasis added).

With respect, the doctrine of quasi-mutual assent is concerned, not with what the party sought to be bound *knew* but, *inter alia*, with whether *he conducted himself* in such a way that "a reasonable man would believe that he was assenting *to the terms proposed* by the other party" (per Blackburn J in *Smith v Hughes* (1871) LR 6 QB 597 607 (emphasis added), adopted and re-affirmed many times by the Appellate Division: *Contract* 10; Christie 14–16, to which may be added *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A) 239H and *Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 1 SA 49 (A) 61E).

As in Professor Christie's proposition it cannot be proved that the other party knew of the trade usage, the situation is one in which the person who does know it makes an offer *without mentioning the trade usage*. In the words of Innes JA (*I Pieters & Co v Salomon* 1911 AD 121 137, re-affirmed in later cases: *Contract* 60 and Christie 14):

> "He [an offeror who makes an offer in plain and unambiguous language] cannot be heard to say that he meant his promise to be subject to a condition which he omitted to mention, and of which the other party was unaware."

That being so, in such circumstances the trade usage is neither an express nor an implied term in the strict sense. In these circumstances, unless Professor Christie's second category is different in kind from his first, which I suggest it is not (*Contract* 292), there is only one way in which it can become part of the contract between two such parties and that is if the parties do not deal with the subject matter expressly or impliedly (in the strict sense) and the trade usage is in the contract as a residual provision.

Problems with Professor Christie's approach go deeper than just trade usage. Trade usage is only one of a number of methods by which residual provisions (terms "implied *by law*") originate: *Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd v Transvaal Provincial Administration* 1974 3 SA 506 (A) 531F–H. If Professor Christie's approach is adopted for trade usage, it holds also for statute, precedent, custom and the old authorities. This would mean that contracting parties would be presumed to know all the law, or at least all the law relating to any contract into which they may be contemplating entering. One has only to consider the complexities and controversial points both on the general principles of the law of contract and on special contracts to see that such a proposition is unrealistic and would lead to injustice (see eg the *Alfred McAlpine* case above *loc cit*).

What force as a precedent has the reference by the court in the *ABSA Bank* case to Professor Christie's views? With respect, the answer is "very little, if any". The court held that the term for which the plaintiff argued was not part of the contract because it "appears to conflict with the contractual arrangements that in fact existed between the parties" (409J–410J). A provision (or term) will not be implied in the strict sense as one which passes the hypothetical bystander test if it conflicts with express provisions of the contract (*Contract* 279). Nor will an alleged residual provision (in Professor Christie's proposed classification, one "implied by law") be part of the contract if it conflicts with express provisions, because such provisions (express ones) take precedence over residual ones (*Contract* 283). Hence the fact that the court in the *ABSA Bank* case found that the alleged provision conflicted with the express provisions of the contract, does not tell us whether the court was dealing with the provision as an alleged implied

one (in the strict sense) or an alleged residual one. This brings us back to the difficulty in the passage with which this note began: the court quoted a statement which Professor Christie makes of terms "implied from the facts" but then goes on to list requirements to which Professor Christie refers (187) after saying: "But if one party cannot prove that the other knew of the trade usage . . ." Normally, requirements so introduced indicate those for residual provisions, namely those "implied by law" in the older terminology. This would normally be what one would understand from the following statement by Cameron J (411A):

> "There is a second obstacle in the way of inferring that there was an implied term permitting the plaintiff in all circumstances to reverse a credit made in respect of an uncleared effect. This consists in *a line of authority* which tends to show the opposite" (emphasis added).

However, bearing in mind the statement with which this note opened, one cannot be sure which category the learned judge had in mind, especially as Professor Christie has three categories of unexpressed provisions, not two (see the second paragraph of this note above). With respect, the opinion in the case illustrates the obscurities and the attendant confusion that are likely to result from the use of the word "implied" in many different senses.

The question at issue in the case was stated by Cameron J (407H) as follows:

> "The plaintiff asks the court to hold that a bank is invariably free to reverse a credit entry it has made in a customer's account, regardless of the customer's good faith, no matter how negligently the bank acted in making the entry, and regardless of whether the customer, in the interim, has acted to his or her disadvantage on the strength of the credit."

Clearly, if the hypothetical bystander had asked a question incorporating this proposition, the defendant would not have replied "we did not trouble to say that; it is too clear". There was therefore no implied provision (in the strict sense) to that effect in the contract. The court found too that the proposition did not pass the tests for a residual provision based on trade usage (410H–412C). Hence there was no residual provision to that effect in the contract either. It follows that the statement quoted in the first paragraph of this note above is *obiter* and, with respect, ought not to be followed.

AJ KERR
Rhodes University

REGSPLIG VAN POLISIE OM SUIWER EKONOMIESE VERLIES TE VOORKOM?

Minister of Law and Order v Kadir 1995 1 SA 303 (A)

Die feite in hierdie saak was kortliks die volgende (sien Scott "Die regsplig by 'n late en die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies: Beleidsoorwegings gee die deurslag" 1995 *De Jure* 158 en Burchell "The role of the police: Public protector or criminal investigator?" 1995 *SALJ* 211 vir besprekings van hierdie saak; sien ook Neethling en Potgieter "Aspekte van aanspreeklikheid weens 'n

late en suiwer ekonomiese verlies" 1993 *TSAR* 525 en Van der Walt "Regsplig: die moeilike vraag" 1991 *TSAR* 691 vir besprekings van die uitspraak in die hof *a quo*: *Kadir v Minister of Law and Order* 1992 3 SA 737 (K); vgl ook Dendy 1992 *Annual Survey* 433–435; Burchell *Principles of delict* (1993) 40 vn 5; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 64–65 vn 140 287 vn 104): Terwyl die eiser met sy voertuig agter 'n ander motor gery het, het 'n bondel klere van die voorste voertuig afgeval. Dit het veroorsaak dat die eiser noodgedwonge moes uitswaai. Sy motor het die pad verlaat en die eiser is in die proses ernstig beseer. Kort na die ongeluk het twee polisiemanne op die toneel aangekom en terwyl hulle daar was, het die bestuurder van die voorste voertuig teruggekeer ten einde die bondel klere wat afgeval het, weer op te laai. Die konstabels het versuim om inligting omtrent die identiteit van laasgenoemde bestuurder in te win ten spyte daarvan dat hulle deur 'n ooggetuie van die ongeluk op die toneel verwittig is van die omstandighede waarin die ongeluk plaasgevind het. Die eiser stel 'n eis vir vergoeding teen die verweerder in op grond daarvan dat daar 'n plig op die konstabels gerus het – wel wetende dat die eiser beseer was en nie in staat was om self op te tree nie – om bedoelde inligting in te win, en dat hulle behoort te voorsien het dat hulle versuim in hierdie verband die eiser skade kon berokken. Die rede waarom gepoog word om die verweerder aanspreeklik te stel, is dat die eiser weens die konstabels se versuim nie die betrokke voertuig kon identifiseer nie en daarom, ingevolge die bepalings van die Motorvoertuigongelukkefondswet 93 van 1989, verhoed is om die eis teen die fonds in te stel. Die verweerder teken eksepsie aan onder andere omdat daar volgens hom in die bepaalde omstandighede nie 'n regsplig op die konstabels gerus het om die betrokke inligting te bekom nie. In die hof *a quo* wys regter Conradie die eksepsie van die hand maar die appèl teen dié afwysing word deur appèlregter Hefer gehandhaaf.

Die hof *a quo* gee in verband met die regsplig eerstens aandag aan aanspreeklikheid weens 'n late, en tweedens aan aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies. Wat eersgenoemde betref, beslis regter Conradie dat daar wel 'n regsplig op die konstabels gerus het om die inligting in te win. Dié deliktuele regsplig blyk nie net uit artikel 5 van die Polisiewet 7 van 1958 ingevolge waarvan die polisie onder meer verplig is om enige misdaad of beweerde misdaad te ondersoek nie, maar ook uit ander faktore:

> "We all know that it is not all the police do. They help people escape from swollen rivers, they pluck stranded mountaineers off mountain tops, they search for the bodies of drowned sailors on the seashore, and they notify parents if they happen to come across their runaway children. In short, in spheres determined, one supposes, largely by police standing orders and regulations, they, in general, seek to promote order and stability in the community" (739I–740A).

Kortom, die pligte van die polisie word sowel statutêr as nie-statutêr neergelê. Die nie-statutêre pligte hang volgens die regter af van die opvattinge van die gemeenskap op 'n bepaalde tydstip (740G–H). Regter Conradie aanvaar tereg dat statutêre bepalings nie sonder meer genoegsaam is om 'n deliktuele regsplig te skep nie maar dat 'n statutêre plig wel sterk op die aanwesigheid van 'n deliktuele regsplig kan dui. In gevalle soos *in casu* moet die gemeenskapsopvatting of *boni mores* (of, soos hy dit stel, "public expectations"), as 't ware dus die statutêre plig tot deliktuele plig aanvul (sien ook Neethling, Potgieter en Visser 53–55 63–64; vgl 69–71).

Tweedens, wat die regsplig by suiwer ekonomiese verlies betref, aanvaar die hof *a quo* dat aanspreeklikheid weens sodanige verlies in beginsel verhaalbaar is. In die onderhawige geval speel veral twee faktore 'n rol by die bepaling van so 'n regsplig: in die eerste plek lê die hof klem op veral die feit dat die verweerder *geweet* het of *subjektief voorsien* het dat nalatige optrede aan sy kant die eiser gaan benadeel. In die tweede plek benadruk die hof die feit dat aanspreeklikheid *in casu* nie tot onbeperkte aanspreeklikheid sal lei nie (742I–743A).

In teenstelling met die hof *a quo*, vind die appèlhof dit nie nodig om te onderskei tussen die bepaling van 'n regsplig by 'n late en dié by suiwer ekonomiese verlies nie. Met verwysing na die standpunt in *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 597 oor die bepaling van die regsplig by 'n late aan die hand van die regsoortuigings van die gemeenskap, verklaar appèlregter Hefer bloot:

> "This has since become the accepted norm for determining the wrongfulness of omissions in delictual actions for the recovery of economic loss" (317F).

Hiermee word in beginsel saamgestem aangesien die faktore wat aanduidend is van die regsplig by sowel 'n late (sien Neethling, Potgieter en Visser 54 ev) as suiwer ekonomiese verlies (*idem* 289 ev) sekerlik nie in waterdigte kompartemente beoordeel hoef te word nie en soms selfs kan oorvleuel.

Net soos die hof *a quo*, aanvaar die appèlhof sonder meer dat die skade *in casu* in die vorm van suiwer ekonomiese verlies bestaan. 'n Mens het met sodanige verlies te make enersyds waar die verlies *hoegenaamd nie* uit saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking resulteer nie; andersyds waar dit wel die geval is, is dit nogtans suiwer ekonomiese verlies óf omdat dit nie die *eiser* se saak of persoonlikheid is wat betrokke is nie, óf omdat die *verweerder* – soos in hierdie geval – nie die skade of krenking veroorsaak het nie (sien Neethling, Potgieter en Visser 286–287). In die lig van die appèlhof se handhawing van die eksepsie, verklaar Scott 1995 *De Jure* 164 met verwysing na die tweede uitgawe (1992) van Neethling, Potgieter en Visser se *Deliktereg*:

> "En dan sal die volgende uitgawe van die pas vermelde skrywers se *Deliktereg* beslis nou aangesuiwer moet word deur die skrapping van die derde geval van suiwer ekonomiese verlies wat hulle juis in die nuutste (1994, Engelse) uitgawe van hul handboek na aanleiding van die hof *a quo* se uitspraak geformuleer het."

Hiermee kan egter nie saamgestem word nie. 'n Mens moet 'n duidelike onderskeid maak tussen die verskillende tipes suiwer ekonomiese verlies wat kan voorkom en die onregmatigheidsvraag of daar in 'n bepaalde geval 'n regsplig was om die betrokke tipe ekonomiese verlies te vermy. Daar kan gevolglik steeds in die toekoms in 'n analoë geval – dit wil sê waar die verweerder wel die ekonomiese verlies maar nie die betrokke saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking veroorsaak het nie, en moet 'n mens byvoeg, die polisie nie betrokke is nie – 'n regsplig om die verlies te vermy, gekonstrueer word. 'n Voorbeeld waar sodanige regsplig wel kan bestaan, is die volgende: A word as gevolg van B se nalatigheid so ernstig beseer dat hy permanent bewusteloos is. A se vrou gee opdrag aan 'n prokureur om 'n eis weens mediese onkoste en pyn en lyding in te stel. Laasgenoemde laat die eis teen die MMF egter verjaar weens sy versuim om dit betyds in te dien, met gevolglike ekonomiese verlies vir A. Daar bestaan min twyfel dat as gevolg van sy professionele betrokkenheid daar 'n regsplig op die prokureur was om skade vir A te vermy.

Die appèlhof gaan tereg van die standpunt uit dat daar nie 'n algemene regsplig bestaan om suiwer ekonomiese verlies te vermy nie; anders gestel, die feitelike benadeling van 'n persoon in hierdie gevalle is nie *prima facie* onregmatig

nie. Daarom moet daar in elke besondere geval bepaal word of daar 'n regsplig was om suiwer ekonomiese verlies te vermy (sien ook *Knop v Johannesburg City Council* 1995 2 SA 1 (A) 26; Neethling en Potgieter "Deliktuele onregmatigheid by die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif" 1995 *THRHR* 530–531). Anders as die hof *a quo*, bevind appèlregter Hefer dat daar *in casu* nie 'n regsplig op die polisie gerus het om die suiwer ekonomiese verlies te vermy nie. Hoewel regter Hefer bevestig dat die statutêre ondersoekplig ingevolge artikel 5 van die Polisiewet ook hier 'n relevante oorweging was (319C–D), is hy van mening dat dit in die omstandighede van die saak nie dieselfde gewig as in die *Ewels*-saak *supra* dra nie. In *Ewels* het dit naamlik gegaan om 'n regsplig om te voorkom dat die eiser aangerand word, terwyl dit hier bloot gehandel het oor die versuim om besonderhede aangaande die bestuurder en sy voertuig neer te skryf. Regter Hefer motiveer sy standpunt soos volg:

> "Compared to that [die skokkende versuim in *Ewels*], the omission in the present case pales into insignificance despite its consequences to the plaintiff. The complaint is not that the policemen failed to investigate the incident . . . or to gather information about the offending driver and his vehicle: their only shortcoming was that they neglected to record it. Plaintiff's counsel argued that they should have conducted a proper investigation into an alleged traffic offence committed by the driver, but, assuming that they did not properly perform their duty to investigate crimes in terms of the Police Act by failing to record relevant information, their omission did not constitute a breach of a duty owed under the Act to the plaintiff. The police force is first and foremost an agency employed by the State for the maintenance of law and order and the prevention, protection and investigation of crime with a view of bringing criminals to justice. In the course of the performance of their duties in this regard its members often collect information relevant to the issues in civil proceedings. But the aim of the investigations is obviously not to provide the parties to such proceedings with useful information; nor does a prospective litigant have the right to demand a police investigation for the sole purpose of providing him with evidence. The fact of the matter is simply that, whereas parties or prospective parties to civil litigation often make use of information gathered by the police, they must make do with whatever the police have available and cannot insist on anything better.
>
> Can it in these circumstances be said that the policemen owed the plaintiff a legal duty to record the information relating to the driver or his vehicle? In my view not. Viewing the matter objectively, society will take account of the fact that the functions of the police relate in terms of the Act to criminal matters and were not designed for the purpose of assisting civil litigants . . . Bearing this in mind society will baulk at the idea of holding policemen personally liable for damages arising from what was a relatively insignificant dereliction of duty."

Hierdie *dictum* verg nadere beskouing en kommentaar.

(a) Eerstens kom die hof se woorde dat die betrokke late van die twee polisiemanne in vergelyking met *Ewels* "pales into insignificance" en "a relatively insignificant dereliction of duty" uitmaak omdat hulle enigste tekortkoming was dat hulle versuim het om die inligting *aan te teken*, neer op 'n geringskatting van die verweerder se plig en van die waarde van die eiser se belange. Die polisiemanne se verwyt was nie bloot dat hulle versuim het om besonderhede neer te skryf nie, maar dat hulle sodoende voorsienbare finansiële verlies (wat uit ernstige liggaamlike besering voortgevloei het) vir die eiser veroorsaak het. Soos Burchell 1995 *SALJ* 216 dit stel:

> "The plaintiff's loss could have been immense, including even his death. The extent of the harm must be considered in determining whether the dereliction of duty was insignificant or substantial."

Indien appèlregter Hefer die versuim na waarde geskat het, kon dit sy beoordeling van die regsplig *in casu* beïnvloed het.

(b) Tweedens lê die hof in die huidige geval na ons mening te veel klem op die werksaamhede van die polisie om wet en orde te handhaaf en om misdaad te voorkom, op te spoor en te ondersoek ten koste van die algemene funksie van die polisie om die belange van die gemeenskap te beskerm (vgl *Ewels supra* 33). Trouens, in die nuwe konstitusionele bedeling het daar klaarblyklik 'n klemverskuiwing ten aansien van die taak van die polisie plaasgevind. Anders as onder die ou bedeling waar die polisie nog as 'n *mag* tipeer is, word nou van die Suid-Afrikaanse Polisie*diens* gepraat (vgl a 214 215 236(7)(*a*), (*b*) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993). Die fokus verskuif dus nou na dienslewering aan die gemeenskap wat beslis meer behels as suiwer misdaadswerksaamhede – 'n faktor wat sekerlik 'n invloed sal hê op die verwagtinge van die Suid-Afrikaanse gemeenskap ten opsigte van die polisie, en daarom die regspligbeoordeling behoort te beïnvloed. Die rol van die verwagtinge van die gemeenskap word reeds in die hof *a quo* deur regter Conradie soos volg verwoord:

> "This case [*Ewels*] highlighted what one might call the principle of public expectation, which had been rather less clearly perceived before, and held, in effect, that the duty of a policeman towards an individual citizen is what the community expects it to be. His private-law duties are shaped by the community's expectation of him. Of course, this expectation is not just a wistful hope that the policeman will act as desired. It is a conviction that he ought so to act sufficiently firm to offend the community if he does not act as desired. Policemen are creatures of the public's perception of them . . . If the community would be so offended by a policeman's failure to live up to its expectations (which are based partly on statute and partly on what people see policemen doing every day) that it would demand compensation for a victim who suffered a loss because of such failure, then the policeman is liable" (740G–H).

(c) In die derde plek, ten spyte van die hof se beklemtoning van die polisie se misdaadwerksaamhede, oorweeg die hof glad nie die moontlikheid dat daar *in casu* inderdaad 'n misdaad (soos roekelose of nalatige bestuur of selfs potensiële strafbare manslag) aanwesig kon wees nie, in welke geval daar beslis 'n statutêre plig op die polisie gerus het om inligting – wat uiteraard in eerste instansie die identiteit van 'n moontlike verdagte sou insluit – betreffende die voorval in te win en aan te teken. Die versaking van hierdie plig kom onses insiens nie net op pligsversuim ingevolge die Polisiewet neer nie, maar is ook aanduidend van die nie-nakoming van 'n regsplig *ex delicto*. Soos Burchell 1995 *SALJ* 215 tereg aandui, is dit in elk geval onprakties en ondoenlik om in 'n geval soos hierdie tussen misdaad en delik te onderskei:

> "The distinction drawn by the Appellate Division in *Kadir* between investigation in criminal matters and recording of material for the purpose of civil litigation is unworkable and undesirable. All crimes against person and property are also delicts and the confluence of both civil and criminal remedies is a common feature of legal practice . . . Can one realistically expect a policeman arriving on the scene of an accident to assess immediately whether criminal or civil liability will arise from the event?"

(d) Vierdens moet ag geslaan word op Scott 1995 *De Jure* 163 se waarskuwing dat

> "die uitligting van die primêre misdaadvoorkomingsfunksie van die polisie as 'n faktor in die proses van beoordeling of 'n regsplig teenwoordig is, al dan nie, ander belangrike(r) faktore in die beoordelingsproses ten onregte sal oorskadu",

soos, volgens Scott, dalk reeds *in casu* gebeur het. Trouens, naas die rol van statutêre voorskriftelikheid waarna hierbo verwys is, is die enigste ander faktor wat die hof vermeld, moontlike "prior conduct" aan die kant van die polisie. Aangesien *omissio per commissionem* egter nie in die pleitstukke geopper is nie, is dit nie verder oorweeg nie (319F–H; vgl Burchell 1995 *SALJ* 213).

Ander faktore wat 'n rol kon gespeel het, is die volgende (sien ook Scott 1995 *De Jure* 160–161; Neethling, Potgieter en Visser 289–293; Neethling en Potgieter 1993 *TSAR* 528–530):

(i) Die *wete of kennis* van die polisiemanne dat nalatige optrede aan hulle kant die eiser gaan benadeel (sien ook *supra* tav die hof *a quo*). In hierdie verband moet Burchell 1995 *SALJ* 215 se gelykstelling van die wete of subjektiewe voorsienbaarheid met *dolus eventualis* bevraagteken word. Hy stel dit soos volg:

> "Moreover, the police in *Kadir foresaw* the possibility that the driver of the vehicle from which the parcel fell may well have been responsible for the accident. Through their being told this by a witness, there was arguably fault in the form of dolus eventualis on their part. The presence of dolus eventualis is a factor which can affect a finding on unlawfulness."

Na ons mening moet die wete of kennis as sogenaamde dadersubjektiewe faktor (Neethling, Potgieter en Visser 42) by die vraag na die regsplig by onregmatigheid onderskei word van die vraag na opset. Onregmatigheidsbewussyn as element van opset speel naamlik geen rol by die bepaling van die wete of kennis in verband met die regsplig by 'n late of suiwer ekonomiese verlies nie – sodanige rol kan ook geensins uit die regspraak afgelei word nie (vgl *idem* 289–290). Daarom is 'n verwysing na *dolus eventualis* in hierdie stadium waar dit nog bloot om onregmatigheid gaan, regstegnies ontoepaslik. Opset kom logies tog eers ter sprake wanneer onregmatigheid reeds vasstaan. Gevolglik is dit onjuis om soos Burchell te kenne te gee dat die dader se opset 'n faktor is wat die onregmatigheid van sy optrede kan medebepaal. Daar kan immers nie van onregmatigheidsbewussyn sprake wees alvorens onregmatigheid vasstaan nie – onregmatigheid moet eers vasstaan voordat 'n mens daarvan bewus kan wees (vgl Neethling en Potgieter "Die rol van opset by onregmatige mededinging" 1991 *SALJ* 33 ev).

(ii) Die feit dat aanspreeklikheid *in casu* nie tot onbeperkte aanspreeklikheid sou lei nie (sien ook *supra* tav die hof *a quo* 742I–743A).

(iii) Die bestaan al dan nie van praktiese stappe wat die verweerder kon gedoen het om die ekonomiese verlies te vermy, die waarskynlike sukses van sodanige stappe, die redelikheid al dan nie van die koste verbonde aan sodanige stappe in verhouding tot die skade wat die eiser gely het, en die relatiewe gemaklikheid waarmee die stappe gedoen kon word.

(iv) Die feit dat die verweerder 'n sekere beroep beoefen en daardeur oor besondere vaardigheid, bekwaamheid en kennis beskik of voorgee dat hy daaroor beskik.

(v) Die graad of omvang van die risiko dat die eiser ekonomiese verlies sal ly (sien ook die opmerkings by (a) *supra*).

(vi) Ander faktore wat ook hier relevant kan wees (sien Scott 1995 *De Jure* 160–161), is die eiser se onvermoë om hom teen die betrokke ekonomiese verlies te beskerm, en die omvang van die regsplig wat op ander persone geplaas sou word wat hulle in dieselfde posisie as dié van die verweerder bevind.

(e) Laastens kan hoegenaamd nie aanvaar word dat "society will baulk at the idea" om 'n regsplig op die polisie in die onderhawige omstandighede te lê nie. Trouens, in die menseregtelike bedeling ingevolge die nuwe Grondwet sal die gemeenskap waarskynlik eerder groter verwagtinge van die polisiediens koester as in die verlede. Hierbenewens is daar, afgesien van regter Conradie in die hof *a quo*, ook geen enkele akademiese kommentator waarvan ons weet wat teen die oplê van sodanige regsplig gekant is nie (sien bv Burchell 1995 *SALJ* 211; Van der Walt 1991 *TSAR* 691; Neethling en Potgieter 1993 *TSAR* 525; Neethling, Potgieter en Scott *Casebook on the law of delict/Vonnisbundel oor die deliktereg* (1995) 491–492; vgl Scott 1995 *De Jure* 158; Dendy 1992 *Annual Survey* 433).

Ons vertrou dat die appèlhof in die toekoms, soos reeds in die *Ewels*-saak gebeur het, alle toepaslike faktore sal oorweeg by die bepaling van die regsplig wat op lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens geplaas behoort te word ten einde benadeling, suiwer ekonomies en andersins, deur positiewe optrede te voorkom. Voorts word gehoop dat Scott 1995 *De Jure* 164 se voorspelling dat dit in die lig van die *Kadir*-appèlhofbeslissing al hoe onwaarskynliker word dat persone soos die geykte "kampioenswemmer" (Neethling, Potgieter en Visser 69) ooit delik-tuele aanspreeklikheid sal opdoen, insgelyks nie sonder deeglike besinning van al die vermelde faktore bewaarheid sal word nie.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

MATERIALITY IN INSURANCE LAW: THE CONFUSION PERSISTS

Theron v AA Life Insurance Association Ltd 1995 4 SA 361 (A)

1 Introduction

South African courts are frequently called upon to decide the materiality of representations and non-disclosures made by an insured in his or her proposal for insurance cover (see Havenga "The materiality of representations and non-disclosures in insurance contracts" 1995 *SA Merc LJ* 90 where some of the cases reported over the last eight years are noted). The frequency with which the issue of materiality is raised in court, is to my mind indicative of the uncertainty surrounding this issue. It is by no means clear exactly which facts are material and how materiality must be determined. It will also not be untrue to say that the question of materiality is perhaps the topic that has elicited the most comments from commentators on insurance law. (See, eg, Blackbeard "Is there an obligation to disclose epilepsy when entering into a (insurance) contract?" 1995 *THRHR* 121; Boberg "Insurance warranties are trumps" 1966 *SALJ* 220; Boberg "Trumping an insurance warranty" 1969 *SALJ* 335; Davids "Disclosure and insurance warranties" 1994 *Juta's Business Law* 12; Davis "The Roman-Dutch mist over the duty of disclosure" 1985 *SAILJ* 12; Davis "The duty of disclosure and the AD: A return to the charge" 1985 *SAILJ* 43; Havenga 1995 *SA Merc LJ* 90;

Havenga "The financial position of an insured and serious threats of physical attack on insured property as material facts" 1995 *SA Merc LJ* 110; Havenga "The test of materiality in insurance law: Another look at *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society*" 1995 *SA Merc LJ* 251; Kerr "The duty to disclose in a pre-contractual context – good faith and the role of the reasonable man" 1985 *SALJ* 611; Madhuku "The up-and-down fortunes of the insured: Is there a distinction between misrepresentation and non-disclosure?" 1994 *SALJ* 477; Oelofse "Die omvang van die versekerde se voorkontraktuele openbaringsplig" 1985 *Modern Business Law* 94; Reinecke "Wesenlikheid by versekeringswaarborge en voorstellings" 1993 *TSAR* 771; Reinecke and Becker "Die openbaringsplig by versekering: Uberrima fides oorboord" 1985 *TSAR* 86; Reinecke and Van der Merwe "Openbaarmaking van wesenlike inligting: Die inhoud van Pandora se kissie" 1989 *TSAR* 693; Scholtz "Materiality of a misrepresentation or non-disclosure. 'Material' differences between South African and English Law" 1995 *De Rebus* 304; Van der Merwe "Uberrima fides en die beraming van die risiko voor sluiting van 'n kontrak" 1977 *THRHR* 1; Van Niekerk "Enkele opmerkings oor die openbaringsplig by versekeringskontrakte" 1989 *SA Merc LJ* 87; Visser "Misrepresentations in insurance applications" 1994 *Juta's Business Law* 184; Van der Merwe "Insurance and good faith: Exit uberrima fides – enter what?" 1985 *THRHR* 456.)

At the risk of oversimplification, the present legal position may be stated very briefly. Three Appellate Division decisions serve as a point of departure, namely, *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 1 SA 419 (A), *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk* 1989 1 SA 208 (A) 216D–F and *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society* 1993 1 SA 69 (A). In the *Oudtshoorn Municipality* case the court held that the materiality of a non-disclosure must be determined by applying the reasonable man test. In *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk supra* 216D–F the court explained further that the test was whether the reasonable man would consider that the information should be conveyed to the prospective insurer so that the insurer itself could decide whether to accept the risk or to charge a higher premium than usual. In essence this test is an objective test.

In *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society supra* the court limited the application of the reasonable man test to instances of non-disclosure. The court held that where the materiality of a representation, whether warranted or not, must be determined, section 63(3) of the Insurance Act 27 of 1943 applies. In terms of this section a court must determine whether the representation is such that it probably affected the assessment of the risk undertaken by the particular insurer when it concluded the insurance contract. A simple comparison was made between two assessments of the risk: The first assessment is that made by the insurer on the basis of the facts incorrectly represented by the insured; in the second place one determines how the insurer would have assessed the risk had the facts been correctly stated. If a significant disparity between the two assessments exists, the requirement of materiality as stated in section 63(3) is satisfied. In contrast to the test in *President Versekeringsmaatskappy Bpk v Trust Bank van Afrika Bpk supra*, this test is subjective.

In *Theron v AA Life Insurance Association Ltd* the Appellate Division was, once again, called upon to decide whether certain representations and non-disclosures were material.

2 The facts

The Appellate Division's decision and certain *dicta* in *De Villiers NO v Delta Cables (Pty) Ltd* 1992 1 SA 9 (A) necessitate an investigation into the true identity of the owner of the insolvent estate. The purpose of this study is to determine whether it is *essential* that the trustee of an insolvent estate becomes owner of the assets of the insolvent estate. Through a short but thorough investigation of the Roman law, it becomes clear that the *magister* and later the *curator bonorum*, who handled the process of insolvency, never procured ownership. The position in Roman-Dutch law is uncertain. To my mind no general rule regarding the true identity of the owner of the insolvent estate can be formulated for this period. With reference to the powers and duties of the Master, the provisional trustee and the trustee, the conclusion is that whenever a specific estate is sequestrated, a statutory and official group of functionaries or administrators, without any legal personality, is established. Each performs a specific managerial function. These functionaries succeed one another with each having its own legal powers and duties. They thus successively take office on the granting of the sequestration order while remaining in office until the given task is completed. It is my submission that the transfer of ownership is superfluous for the proper execution of the trustee's duties. Certain powers of ownership, such as the right to alienate, to dispose of, to encumber and to vindicate, are in fact transferred to these functionaries. Ownership, although restricted to a great extent, can in my opinion, however, remain with the insolvent.

1 INLEIDING

'n Bespreking van die administrasie van 'n insolvente boedel deur 'n kurator kan nooit behoorlik of volledig wees as dit nie ook handel met die vraag wie die eienaar van die insolvente boedel is nie. Uit die uiteensetting wat volg, sal duidelik blyk dat ek krities staan teenoor die manier waarop hierdie sleutelaspek in die Insolvensiewet gehanteer is. Moontlik sal dit lesers noop om die heersende posisie meer krities te benader eerder as om klakkeloos te aanvaar dat 'n korrekte siening van ons eiendomsbegrip die Insolvensiewet ten grondslag lê. 'n Ander verklaring daarvoor sal gebied word.

Na aanleiding van die feit dat die boedel deur die kurator geadministreer word volgens die aanwysings of besluite van die *concursus creditorum*;[1] dat die

1 Smith *The law of insolvency* (1988) 192 208 ev; De la Rey en Sharrock *Hockly's Insolvency law* (1990) 84; Meskin *Insolvency law and its operation in winding-up* (1994) 7–16 ev. Sien ook a 41 en 43 Insolvensiewet 24 van 1936. Uit Wessels *History of Roman-Dutch law* (1908) 664 ev blyk dit dat die likwidasieproses oorspronklik in die hande van die skuldeisers of iemand uit hul geledere was. Alhoewel die posisie tydens die bestaan

vervolg op volgende bladsy

insolvent en iedere skuldeiser die reg het om enige bestaande of voorgenome handeling van die kurator op hersiening te neem as dit nie tot voordeel van die *concursus creditorum* geskied nie;[2] dat die meester die kurator *te eniger tyd* kan gelas om enige goed wat tot die insolvente boedel behoort, aan hom te oorhandig;[3] dat die kurator nie met die bates mag spekuleer met die hoop om sodoende hul waarde te vermeerder nie; dat hy nie die realiseringsproses sonder meer kan uitstel of geld op die boedel kan spandeer nie;[4] dat hy slegs 'n fidusiêre posisie beklee;[5] en dat die meester die kurator *te eniger tyd* kan gelas om enige goed wat tot die insolvente boedel behoort, aan hom te oorhandig,[6] is dit myns insiens geregverdig om te vra of dit hoegenaamd sinvol is om te volhard met die standpunt dat die kurator *eienaar* van die insolvente boedelbates word. Die vraag kom na vore of nie volstaan kan word nie met die erkenning dat die kurator *slegs beheer* en die *ius disponendi* met betrekking tot die bates *nodig het* vir die behoorlike administrasie van die insolvente boedel.[7]

Gepaard met my siening van die kurator as 'n statutêre, amptelike reghebbende ten opsigte van die boedelgoed[8] *vir doeleindes van die sekwestrasieproses*, wil ek 'n eie weergawe van die eiendomsposisie aanbied as 'n *beter verklaring* vir wat inderdaad gebeur, as wat bereik kan word met die oppervlakkige tipering van die kurator as "eienaar van die boedel" soos dit in die Insolvensiewet voorkom.

In die loop van die sekwestrasieproses kan dit gebeur dat die meester, dán 'n voorlopige kurator, dán 'n kurator, dán moontlik weer die meester en daarna weer 'n kurator beheer oor die boedel neem. Hierdie situasie noop 'n mens om te vra of die hele proses nie veel eenvoudiger afgehandel kan word nie indien erken word dat dit telkens slegs *beheer* in plaas van eiendomsreg is wat verskuif.[9]

---

van die Desolate Boedelkamer en vir 'n tyd daarna anders was, het die skuldeisers sedert 1829 reeds aansienlike seggenskap gehad oor feitlik alle besluite wat die likwidasie van die boedel raak. Hierdie patroon is in die huidige Insolvensiewet behou. Sien *Ex parte Serfontein: In re Insolvente Boedel Schoeman* 1978 1 SA 246 (O) 248.

2 Smith *Law of insolvency* 105 199–201. Igv wanadministrasie sal die kurator teenoor die insolvent (op grond van die insolvent se terugvallende belang in die boedel – *ibid*) en/of die skuldeisers aanspreeklik wees. Dit is as die skuldeisers kan bewys dat hulle verlies gely het agv die kurator se verbreking van sy algemene pligte. Die kurator is aanspreeklik tot die omvang waarin hul eise betaal sou word uit die opbrengs van bates, of groter opbrengs van bates, ens (sien ook *Callinicos v Burman* 1963 1 SA 489 (A) 499; a 144 116(*bis*); sien verder a 82(8)). Die kurator het 'n plig teenoor die skuldeisers en die insolvent op grond van die algemene beginsels van Aquiliese aanspreeklikheid (Meskin *Insolvency law and its operation* 4–28).

3 A 152(1).

4 *Thorne v The Master* 1964 3 SA 38 (N) 50.

5 In *Desai v Assignee Estate Desai* 1935 CPD 503 508 wys die hof daarop dat die kurator in 'n vertrouensposisie teenoor die skuldeisers en die insolvent staan. Agv sy aanstelling ingevolge wetgewing beklee die kurator 'n *amp*. Die oogmerk daarvan is die bestuur en bereddering van die insolvente boedel. Hy is dus 'n statutêre ampsbekleder in 'n fidusiêre posisie met verantwoordelikheid teenoor sowel die skuldeisers as die insolvent.

6 A 152(1).

7 En soos ek dit sien, die statutêre amptelike reghebbende word *ook wat die vorderingsregte betref.*

8 Wat die vorderingsregte insluit.

9 Wat onroerende goed betref, kan bv op die titelbewys daarvan bloot aangeteken word dat 'n persoon se boedel gesekwestreer is en dat beheer oorgedra is aan bestuursfunksionarisse soos deur die Insolvensiewet voorsien word.

2 ROMEINSE EN ROMEINS-HOLLANDSE REG

In die Romeinse reg het die *magister* of *curator* nie eiendomsreg op die bates of goed van die insolvent verkry nie. Hy het slegs die bevoegdheid verkry om titel aan 'n koper oor te dra.[10] Oor die posisie in die Romeins-Hollandse reg bestaan daar heelwat twyfel. Die meeste bronne wat bestudeer is, verwys slegs na die feit dat 'n *magister* of *curator* onmiddellik deur die hof aangestel word om *beheer oor die boedel uit te oefen en dit te administreer.*[11] In 'n aantal ander bronne word bloot gewys op die feit dat die skuldenaar ten behoewe van sy skuldeisers oorgawe van sy boedel kan verkry, sonder om in te gaan op die vraag of eiendomsreg vervolgens op die kurator oorgaan.[12] Volgens Lee[13] daarenteen was die posisie in die Romeins-Hollandse reg ook dat die kurator eienaar van die insolvente boedel geword het.[14] Wessels[15] wys daarop dat dit inderdaad die posisie was sedert 1829 met die daarstelling van Ordonnansie 64 van 1829. Of dit ook die regsposisie vóór daardie tyd was, word nie uitdruklik verklaar nie.

3 INSOLVENSIEWET 24 VAN 1936

Artikel 20(1)(a) bepaal dat die boedel *ophou om aan die insolvent te behoort* en op die meester oorgaan. Na aanstelling van 'n kurator gaan dit op daardie kurator oor. Ook artikel 25(2) bepaal uitdruklik dat wanneer 'n kurator sy amp ontruim of afgetree het, afgesit of oorlede is, die boedel op die oorblywende kurator oorgaan. Is daar nie een nie, gaan dit op die meester oor totdat 'n ander kurator aangestel is. Dit beteken dat daar formeel 'n onmiddellike, vasgestelde reg van huidige en toekomstige besit en beheer op hom geplaas word. Is hy dan bloot 'n regmatige beheerder of beteken die woord "oorgaan" dat hy eienaar van die boedelbates word?

Van der Merwe[16] se standpunt is dat die meester *eienaar* word. Hy noem dit 'n statutêre geval van eiendomsverkryging op *afgeleide wyse.* Volgens hom

---

10 Sien bv Wubbe *Kaser's Romeins privaatrecht* (1971) 405; Feenstra *Romeinsrechtelike grondslagen van het Nederlands privaatrecht* (1990) 299; Dannenbring *Roman private law: A translation of Kaser's Römisches Privatrecht* (1968) 356; Radin *Handbook of Roman law* (1927) 315; Buckland *A manual of Roman private law* (1947) 387; Leage *Roman private law* (1964) 469; Schwind *Römisches Recht: Geschichte, Rechtsgang, System des Privatrechts* (1950) 126 ev; Thomas *Institutes of Justinian: Text, translation and commentary* (1975) 197.

11 Henry *Van der Linden's Institutes of the laws of Holland* (1828) 463 501; sien ook Kotze *Van Leeuwen's Commentaries* Vol 2 337; Wessels *History of Roman-Dutch law* 664 ev; Van der Linden *Verhandeling over de judicieele practijcq* (1744) 399; Huber *Heedendaagse rechts-geleertheyt* (1726) 861 saamgelees met Schrorer *Groenewegen en De Groot's Inleydinge tot de Hollandsche rechts-geleertheyt* (1767) 768.

12 Sien bv Van Leeuwen *Het Rooms Hollands-recht* (1732) 500 ev; Huber *Heedendaagse rechts-geleertheyt* 861 ev; Groenewegen *De Groot's Inleydinge tot de Hollandsche rechts-geleertheyt* (1738) 449; (Genootskap van rechtsgeleerden Vol 2 Obs 100) *Honderd rechtsgeleerde observatien* (1776) 224 ev.

13 Lee *An introduction to Roman-Dutch law* (1953) 249.

14 Dit is egter interessant om daarop te let dat waar die beginsels behandel word van die wyses waarop 'n persoon eiendomsreg op boedelgoedere kan verloor, sekwestrasie glad nie genoem word nie (sien bv Lee *Jurisprudence of Holland by Hugo Grotius* Vol 1 (1926) 221; Maasdorp *The introduction to Dutch jurisprudence of Hugo Grotius* (1903) 145).

15 *History of Roman-Dutch law* 670.

16 Van der Merwe *Sakereg* (1989) 298.

word die meester outomaties, dit wil sê sonder lewering of registrasie, eienaar van die insolvente boedel. Na hom word die kurator eienaar. Dit is ook die standpunt van Van Zyl.[17] Olivier, Pienaar en Van der Walt[18] stel dit dat die skuldenaar met die sekwestrasie van sy boedel eiendomsreg deur regswerking verloor; die boedel gaan dan op die meester en daarna op die kurator oor.

Hoe onaanvaarbaar die standpunt is dat die kurator eienaar van die insolvente boedelbates word, blyk myns insiens duidelik uit die uitspraak in *De Villiers v Delta Cables (Pty) Ltd.*[19] Hierdie saak handel wesenlik oor die posisie van die solvente eggenoot (van die insolvent) en sy/haar skuldeisers. Appèlregter Van Heerden wys daarop dat wat die insolvent se bates betref, daar in artikel 20 nie uitdruklik bepaal word dat *eiendomsreg* van die bates op die kurator oorgaan nie.[20] Nogtans, meen die regter, word *algemeen aanvaar* dat die bates van die insolvent in eiendomsreg op die kurator oorgaan. Aangesien die bates ingevolge artikel 21 van die Insolvensiewet op die kurator "oorgaan asof dit goedere van die gesekwestreerde boedel was", is dit volgens die regter duidelik dat *die wetgewer bedoel het dat eiendomsreg van die solvente eggenoot op die kurator van die insolvente boedel oorgaan.* Hoewel hierdie opmerking van die hof *obiter* is, is dit steeds aanduidend van die onhoudbare situasie waartoe so 'n standpunt kan lei. Myns insiens kan hierdie bedoeling nie ondersteun word nie. Dit sal onredelik beperkend op die posisie van die solvente eggenoot en sy/haar skuldeisers inwerk terwyl dit inderdaad nie noodsaaklik is vir 'n behoorlike en billike hantering van die boedel van die solvente eggenoot en die eise teen daardie boedel nie.[21]

4 POSISIE IN ANDER INSOLVENSIEREGSTELSELS

Die pasgemelde standpunt is in ooreenstemming met dié in die Engelse en Amerikaanse reg. Volgens die Amerikaanse reg vestig die titel van al die insolvent se goed in die kurator vanaf die datum van die petisie vir sekwestrasie van die boedel. Dit geskied deur regswerking.[22] In die Engelse reg is die kurator die eienaar van die boedelbates en -geld *vir* die skuldeisers.[23] Wat egter in gedagte

17 "Die subjek van 'n bestorwe boedel: Meester of eksekuteur?" 1989 *THRHR* 187 189.

18 *Sakereg studentehandboek* (1989) 179.

19 1992 1 SA 9 (A).

20 15H.

21 In *Nel v Body Corporate of the Seaways Building* 1995 1 SA 130 (K) beslis die hof mbt die verkoop van 'n deeltiteleenheid dat die maatskappy in likwidasie die transportgewer is en nie die likwidateur van daardie maatskappy nie. Alhoewel dit dus oor die posisie van 'n likwidateur van 'n maatskappy in likwidasie handel, kan die redenasie van die hof om tot hierdie gevolgtrekking te raak (138C–139C) moontlik ook op die kurator en insolvente boedel van toepassing gemaak word.

22 Jeager ea *Williston's Treatise on the law of contract* Vol 18 (1978) 298 ev. Dit is dus nie die ekwivalent van 'n verkoop van eiendom nie.

23 Fletcher *The law of insolvency* (1990) 133 153. Die outomatiese regsoorgang van bates geskied eers sodra 'n kurator oor die boedel aangestel is. Vir die tydperk vóór sodanige aanstelling behou die insolvent sy titel. Sy bevoegdhede mbt die boedelgoedere word egter deur die hof opgeskort (Fletcher *Law of insolvency* 129 ev). Mbt daardie goedere is die insolvent tegnies slegs 'n okkupeerder (*idem* 135). Sien ook Sealy en Millman *Annotated guide to the 1986 insolvency legislation* (1987) 323 ev; Grier en Floyd *Personal insolvency: A practical guide* (1987) 40; Guest ea *Chitty on contracts: General principles* Vol 1 (1989) 915; Griffiths *Insolvency of individuals and partnerships* (1988) 109.

gehou moet word, is dat 'n totaal ander eienaarsbegrip in die Engelse regstelsel figureer. Volgens die Engelse reg kan dieselfde saak wel meerdere eienaars op dieselfde tyd hê. Die gebruik van "unincorporated associations" in die Engelse reg kan as voorbeeld gebruik word. In hierdie gevalle kom geen regspersoon tot stand nie. Die lede word as mede-eienaars van die verenigingsvermoë omskryf. Hulle is nie gewone mede-eienaars nie maar *equitable joint owners*.[24] Nou kan gesamentlike eiendom in eiendomsreg aan 'n trustee oorgedra word wat dan as die sogenaamde *legal owner* alle regshandelinge met betrekking tot die gesamentlike eiendom namens die lede uitvoer.[25] Die lede bly steeds *equitable joint owners* maar alle regshandelinge word deur die trustee uitgevoer. Hierdie sakeregtelike onderskeid tussen *legal owner* en *equitable joint owner* is vreemd aan die Suid-Afrikaanse reg en strydig met die betekenis van die begrip eienaar soos dit hier verstaan word. In die Engelse reg kan die trustee weens hierdie onderskeid maklik genoeg as eienaar aangemerk word terwyl die lede steeds as *equitable joint owners* beskou word – dus twee verskillende soorte eiendomsreg deur verskillende persone op een saak of vermoë.[26]

Die posisie in die Nederlandse reg is dat die insolvent persoonlik volkome "regsbevoeg" bly. Net sy beheer en beskikkingsreg oor die goedere wat in beslag geneem is, word hom tydens sekwestrasie ontneem.[27] Die kurator verkry derhalwe slegs die beheer- en beskikkingsreg ten opsigte van daardie boedelbates.[28] Ingevolge die Duitse insolvensiereg verloor die skuldenaar beheer en beskikkingsbevoegdheid oor die boedelgoed maar sy titel en regte daarop bly voortbestaan.[29] By voortsetting van 'n onderneming van die insolvent is die kurator ook nie koopman in die plek van die insolvent nie. Laasgenoemde behou sy koopmanskap.[30]

5 BEVOEGDHEID VAN KURATOR

Die hantering van die eiendomsbeskrywing in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg is nie bevredigend nie. Die oorheersende standpunt tans is dat die subjek van die insolvente boedel óf die kurator, óf die meester is, afhangende van die omstandighede.[31] Slegs die kurator[32] is bevoeg om bestuurshandelinge te verrig. Eiendomsreg setel in die meester of die kurator tot voordeel van en *vir* die skuldeisers van die insolvente boedel.

Tog, hoewel die kurator dus as eienaar van die insolvente boedel geag word, kan dit net in *amptelike hoedanigheid* geld. In *persoonlike hoedanigheid* beskik hy nie oor die gebruiks- en genotsbevoegdheid met betrekking tot die insolvente

---

24 *Graff v Evans* (1882) 8 QBD 373; Green "The dissolution of unincorporated non-profit associations" 1980 *MLR* 628; Smith *The law of associations* (1914) 85.

25 Green 1980 *MLR* 641; Smith *The law of associations* 19 90.

26 Pienaar *Die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg* (LLD-proefskrif PU vir CHO 1983) 172.

27 Polak *Faillissementsrecht* (1986) 15.

28 Van Zeben ea *Faillissementswet: Supplement* (1990) 1 3 2 68–1.

29 Baur en Stürner *Insolvenzrecht in Zwangvollstreckungs-, Konkurs- und Vergleichsrecht* Vol 2 (1990) 101.

30 Gottwald *Insolvenzrechtshandbuch* (1990) 237; Baur en Stürner *Insolvenzrecht* 154.

31 Sien ook a 83(4) wat bepaal dat 'n skuldeiser, as geen kurator voor die tweede vergadering van skuldeisers aangestel is nie, *met skriftelike toestemming van die meester* sekere bates te gelde mag maak.

32 Of die meester, afhangende van die omstandighede.

boedelbates nie. Artikel 72(1) bepaal ook dat die kurator strafbaar is indien hy enige geld van die insolvente boedel langer as die voorgeskrewe tyd hou, of vir 'n ander doel as ten bate van die boedel gebruik. Hy is nie persoonlik vir die boedelskulde aanspreeklik nie. Indien sy persoonlike boedel gesekwestreer word, val die bates van die boedel wat hy moet administreer nie in *sy* insolvente boedel nie. Sy persoonlike skuldeisers kan nie daarop beslag laat lê nie. Een geval waar die kurator verplig word om sy amp te ontruim, is juis wanneer sy boedel gesekwestreer word.[33] Daardie betrokke bates gaan derhalwe dadelik op die ander kurator of die meester oor.

Soos reeds genoem,[34] is die kurator 'n statutêre ampsbekleder.[35] Ingevolge die Insolvensiewet het hy sekere bevoegdhede, onder andere 'n vervreemdings- en beskikkingsbevoegdheid.[36] Hierdie beskikkingsbevoegdheid is egter nie onbeperk nie. In *Mookrey v Smith*[37] beslis die hof dat, na aanleiding van artikel 82, óf die skuldeisers, óf die meester aanwysings aan die kurator moet gee oor die verkoop van bates uit die insolvente boedel. Die kurator word nie toegelaat om sy eie kop te volg nie.[38] Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die onroerende bates immers nog in die naam van die insolvent geregistreer is. Hy behou verder 'n wesenlike terugvallende belang in die boedel.[39] Dit is ook duidelik dat die eiendom van die insolvente boedel deur die kurator verkoop moet word, *maar slegs indien dit nodig sou wees om die eise van die skuldeisers te bevredig.*[40]

'n Klakkelose aanvaarding van die standpunt dat die kurator (of meester) *eienaar* van die boedel in die ware sin van die woord is, word verder bemoeilik deur die feit dat dit uit sekere artikels van die wet met die eerste oogopslag kan lyk of die insolvent tog nog 'n reg of bevoegdheid ten opsigte van die insolvente

33 A 58(a).

34 Sien vn 5 hierbo.

35 Hy is mi nie die eienaar van die goed wat binne die insolvente boedel val nie. Die kurator tree as statutêre ampsbekleder in 'n fidusiêre posisie ten bate van die insolvente boedel, skuldeisers en insolvent op.

36 Daarom kan 'n mens nie, soos in die geval van 'n balju, sê dat die kurator ten bate van die insolvent optree nie. Die insolvent het nie meer daardie bevoegdheid om goedere te vervreem of daaroor te beskik nie.

37 1989 2 SA 707 (K) 711.

38 A 82(1) maak voorsiening vir aanwysings van die een of ander aard. In die afwesigheid van enige sodanige aanwysings is die verkoop van 'n bate uit die insolvente boedel ongeldig. Die hof beklemtoon dat die oogmerk van die wet is dat die skuldeisers van die insolvente boedel in laaste instansie in beheer van die likwidasieproses van daardie boedel moet wees. Daarom is dit belangrik en ook nodig dat die wet sekere riglyne moet verskaf om te verseker dat die kurator in ooreenstemming met die aanwysings van die skuldeisers optree. Sien ook a 53 80(*bis*) 81(3). Ivm die voortsetting van die insolvent se besigheid sien a 80(1).

39 Sien *Jordaan v Richter* 1981 1 SA 490 (O) 496. Daarom het die insolvent steeds 'n belang in die administrasie van sy boedel (*Mookrey v Smith* 1987 1 SA 332 (K) 335). Ingevolge a 116 kan die oorskot van gerealiseerde bates die insolvent toeval. Hy besit 'n erkende belang om daardie oorskot te beskerm en in verband daarmee te ageer. Dit is in ooreenstemming met 'n aantal uitsprake (*Jordaan* 335). Benewens die aansoek om rehabilitasie kan die hof ook deur die insolvent versoek word om 'n uitwysingsbevel mbt sekere eiendom te gee (*Ex parte Parker* 1946 CPD 536).

40 *Jacobs v Hessels* 1984 3 SA 601 (T); Stander "Mookrey v Smith NO and another 1987 1 SA 332 (K)" 1988 *THRHR* 252 ev; Stander "Mookrey v Smith NO and another 1989 2 SA 707 (K)" 1990 *THRHR* 273 ev; *Mookrey v Smith* 1987 1 SA 332 (K) 337.

boedel het. So bepaal artikel 24(1) dat indien die insolvent na sekwestrasie van sy boedel goed[41] of regte daarop sonder toestemming van sy kurator vir 'n teenprestasie vervreem, daardie vervreemding geldig is indien die teenparty onkundig oor die feit van die sekwestrasie was. Dit kan dus lyk of die insolvent slegs die *beheer* oor sy boedel verloor. Ook artikel 25(1)[42] bepaal dat die boedel van die insolvent onder die *beheer* van die kurator bly tot dit weer volgens 'n akkoord of rehabilitasiebevel op die insolvent oorgaan. Hierdie subartikel bevat wel die volgende voorbehoud:

> "Met dien verstande dat ... alle goedere wat onmiddellik voor die rehabilitasie onder beheer van die kurator val, na die rehabilitasie onder sy beheer bly om te gelde gemaak en verdeel te word."

Impliseer dít nou dat die insolvent eiendomsreg op daardie bates verloor het? Verdere verwarring kan ook deur die bewoording van sekere ander artikels veroorsaak word. In artikel 36(b)(ii) word onder andere bepaal dat die insolvent aan 'n misdryf skuldig is as hy versuim om binne veertien dae vanaf die aanstelling van die kurator van sy boedel, laasgenoemde in kennis te stel van die bestaan van enige *tot die boedel behorende goed*. Artikel 142(1) en (2) maak die verwydering of verberging van goed deur enige persoon om beslaglegging te verydel of die versuim deur enige persoon om goed te openbaar, strafbaar. In albei hierdie subartikels word gepraat van goed wat *tot 'n insolvente boedel behoort*. Subartikel 3 bepaal egter dat die bepalings van subartikels (1) en (2) nie van toepassing is *op 'n insolvent* met betrekking tot goed wat *tot sy eie insolvente boedel behoort* nie.

Soos reeds gemeld, is die algemeen aanvaarde standpunt egter dat die insolvent wel eiendomsreg verloor. Ek is van mening dat dit nie die geval *behoort* te wees nie omdat dit *geensins noodsaaklik* vir 'n behoorlike likwidasieproses is nie. Waarom gebruik die wetgewer telkens net die woord "beheer"?[43] Dit dui myns insiens daarop dat die kurator slegs *beheer* en die *ius disponendi* nodig het om sy funksies te volvoer.[44] In artikel 69(1) word uitdruklik bepaal dat die kurator so spoedig moontlik na sy aanstelling alle roerende goedere, boeke en geskrifte wat *aan die boedel behoort waarvan hy kurator is*, in sy besit of onder sy beheer moet neem. Met betrekking tot rehabilitasie word in artikel 129(2) bepaal dat die boedel van die insolvent weer op hom *oorgaan*. Daar is weer eens geen sprake van lewering of registrasie in die naam van die insolvent nie. Alhoewel dit in die praktyk deur middel van 'n aantekening in die akteskantoor geskied, is daar geen bepaling in die Insolvensiewet wat so 'n aantekening

---

41 Dit is goed wat ná sekwestrasie verkry is en deur daardie verkryging deel van die gesekwestreerde boedel geword het uit hoofde van a 20(2)(b).

42 Soos gewysig deur a 4 van die Insolvensiewysigingswet 122 van 1993.

43 Sien ook die standpunt van Joubert "De Villiers NO v Delta Cables (Pty) Ltd 1992 1 SA 9 (A)" 1992 *TSAR* 699 nl dat "oorgaan" nie noodwendig beteken dat eiendomsreg op die kurator oorgedra word nie.

44 So kan die kurator, voor of na die rehabilitasie van 'n insolvent, tov onroerende goed of 'n verband wat op die naam van die insolvent geregistreer is, 'n *caveat* laat aanteken teen transport of die rojering of sessie van die verband (a 18B, ingevoeg deur die Insolvensiewysigingswet 122 van 1993). Sien ook a 25(3) wat bepaal dat nadat die geldigheidsduur van elke *caveat* verval het wat ingevolge a 17(3), 18B of 127A tov die insolvent se goed aangeteken is, elke registrasiehandeling wat hy mbt die goed teweegbring regsgeldig is. Dit is die geval ten spyte van die feit dat die goed deel van sy insolvente boedel uitgemaak het.

gebied nie.[45] Subartikel (3)(c) bevestig dat die rehabilitasie geen invloed het op die reg van die kurator of skuldeisers op enige deel van die insolvente boedel wat onder *beheer* van die kurator is maar nog nie deur hom verdeel is nie. Insiggewend is die feit dat die wetgewer in al hierdie gevalle nie die woorde "bates waarop die kurator eiendomsreg verkry het", gebruik nie.

6 BEVOEGDHEID VAN MEESTER

Ook die meester is met uitgebreide bevoegdhede en pligte met betrekking tot die insolvente boedel beklee.[46] Hy oefen sy bevoegdhede onder toesig van die hof en die Minister van Justisie uit. Dit blyk onder andere uit artikels 53(4), 57(7)–(10), 109(3), 111(2), 127 en 151. Die bestaan van hierdie bevoegdhede dui nie noodwendig aan dat hy as subjek van die boedel optree wanneer hy genoemde bestuurshandelinge verrig nie. *Dit is blote bestuursbevoegdhede.* Dat die meester nie as subjek van die insolvente boedel kan handel nie, kan ook gemotiveer word deur die feit dat die staat (handelende deur die hof) bevoeg is om bestuurshandelinge te verrig. Dit is naamlik in die geval van hersiening en appèl. As die staat bevoeg is om bestuurshandelinge in verband met 'n insolvente boedel te verrig sonder dat dit die subjek van daardie boedel is, val dit nie in te sien waarom die meester die subjek daarvan móét wees as hy dieselfde soort handelinge verrig nie.[47] Die meester oefen slegs *statutêre* bevoegdhede uit. Hy is 'n skepping van die wetgewer en het slegs die bevoegdhede wat deur die wetgewer aan hom opgedra is. Daardie bevoegdhede moet binne die vier hoeke van sy wet, hetsy uitdruklik hetsy by noodwendige implikasie te vinde wees. Daar is ook reeds op die bevoegdhede van die hof en die *concursus creditorum* met betrekking tot die administrasieproses van die insolvente boedel gewys.

7 DIE EIENDOMSBEGRIP

Die omvang van eiendomsreg word aan die hand van die eienaar se uitoefening van inhoudsbevoegdhede op die saak omskryf. Dit is belangrik om daarop te let dat die eiendomsreg van die eienaar nie in die somtotaal van die inhoudsbevoegdhede geleë is nie. Die inhoudsbevoegdhede dui op die omvang van die eiendomsreg.[48] Dit is onbepaald deurdat dit van tyd tot tyd met betrekking tot dieselfde regsverhouding kan verskil. 'n Eienaar kan sy inhoudsbevoegdhede vrylik beperk sonder dat sy eiendomsreg op die saak daardeur beëindig word.[49]

---

45 Voorsiening daarvoor moes spesiaal in die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937 (soos gewysig deur Wet 122 van 1993) gemaak word (a 58(1)).

46 Sien bv a 18 23(3) en (12) 39–42 44(4) 45(3) 80–82 110 129(3) 152.

47 Vgl die standpunt van Van Zyl mbt die posisie by 'n bestorwe boedel soos deur hom bespreek in 1989 *THRHR* 188 ev. Dié skrywer voer aan dat die subjek van 'n bestorwe boedel 'n bestuursliggaam as *regspersoon* is. Dit is egter geensins die bedoeling om 'n soortgelyke standpunt (nl dat 'n regspersoon tot stand kom) mbt gesekwestreerde boedels in te neem nie.

48 Olivier *et al Studentehandboek* 42.

49 Van der Merwe *Sakereg* 175 praat van die elastisiteit van eiendomsreg. Die standpunt is dat inhoudsbevoegdhede nie los van die subjektiewe reg waaraan dit verkleef is, oorgedra kan word nie; dat sy inhoudsbevoegdhede ook nie deur die reghebbende van 'n saaklike reg soos eiendomsreg aan 'n ander oorgedra kan word nie; dat die eienaar nie *sy* inhoudsbevoegdhede aan die reghebbende van 'n beperkte saaklike reg soos 'n serwituut van weg oordra nie. Met totstandkoming van die beperkte saaklike reg verkry die reghebbende van die diensbaarheid uit hoofde van sy beperkte saaklike reg sy eie

vervolg op volgende bladsy

Skrywers erken dat dit moeilik is om 'n volledige of uitputtende lys van die inhoudsbevoegdhede te maak.[50] Oor die algemeen word die volgende gewoonlik as die belangrikste inhoudsbevoegdhede aangemerk: Beheers- (wat besitsbevoegdheid insluit), gebruiks- (wat benutting en genotsbevoegdheid insluit), beswarings-, vervreemdings- en vindikasiebevoegdheid. Geen besondere bevoegdheid kan egter as die kern van eiendomsreg aangemerk word nie aangesien inhoudsbevoegdhede slegs die omvang van eiendomsreg as saaklike regsverhouding bepaal. Eiendomsreg is 'n abstrakte konsep wat meer is as die somtotaal van bepaalde inhoudsbevoegdhede wat aan die saak kleef.[51] Van der Merwe[52] verwys na volle eiendom en naakte eiendom. Naakte eiendom kan weer tot volle eiendom aangroei indien die beperkings daarop wegval.

Inhoudsbevoegdhede kan wel deur publiek- of privaatregtelike maatreëls beperk word.[53] 'n Persoon verloor eiendomsreg op 'n saak indien dit ingevolge 'n *saaklike ooreenkoms*[54] met betrekking tot die oorgang van eiendomsreg deur lewering of registrasie aan 'n ander oorgedra word. Dit moet dus geskied met die bedoeling van die eienaar om eiendomsreg oor te dra en die bedoeling van die ontvanger om eiendomsreg te ontvang.[55] Ek is van mening dat daar nie sonder meer gesê kan word dat die insolvent met die toestaan van die sekwestrasiebevel daardie bedoeling het om eiendomsreg op sy bates aan die meester of die kurator oor te dra nie. Daar word sonder meer gekonstateer dat die meester en die kurator deur regswerking, en wel op grond van artikel 20(1) van die Insolvensiewet, eiendomsreg op die boedel van die insolvent verkry. Alhoewel erken word dat eiendomsreg nie meer kan bestaan as die eienaar van alle inhoudsbevoegdhede afstand gedoen het nie, is dit my standpunt dat die insolvent tog nog sekere bevoegdhede ten opsigte van sy boedel behou.[56] Veral belangrik is daardie wesenlike, terugvallende belang in die boedel en die feit dat daardie bates ter vereffening van sy skuld aangewend moet word. Sekere inhoudsbevoegdhede gaan inderdaad op die kurator oor, soos die vervreemdings-, beskikkings-, beheers-, beswarings- en vindikasiebevoegdheid. Dit is inderdaad

---

inhoudsbevoegdhede terwyl die ooreenstemmende bevoegdhede van die eienaar vir die duur van die beperkte saaklike reg opgeskort is. Sien Sonnekus en Neels *Sakereg vonnisbundel* (1994) 154. 'n Eienaar kan dus volgens hierdie standpunt kontraktueel aan 'n ander die bevoegdheid verleen om die saak te gebruik sonder dat hy daarmee sy bevoegdheid om die saak te gebruik, oordra. Vir doeleindes van my argument is dit egter nie nodig om krities hieroor standpunt in te neem nie. Dit is voldoende om te aanvaar dat dit wel moontlik is dat een persoon eiendomsreg tov 'n saak het terwyl 'n ander terselfdertyd oor sekere bevoegdhede mbt daardie saak beskik.

50 Olivier *et al Studentehandboek* 8; Van der Merwe *Sakereg* 173.

51 Olivier *et al Studentehandboek* 40; Van der Merwe *Sakereg* 174.

52 Van der Merwe *Sakereg* 173.

53 Vir 'n volledige bespreking sien Van der Merwe *Sakereg* 176 ev. Sonnekus en Neels *Sakereg vonnisbundel* 15 meen dat die eienaar se bevoegdhede hoogstens in ooreenstemming met die sg *police powers* deur die staat beperk kan word. Die staat of sy gesanksioneerde liggaam of persoon verwerf egter nie die ooreenstemmende privaatregtelike bevoegdhede of die onderliggende reg nie.

54 Die saaklike ooreenkoms is nodig slegs in die geval van eiendomsoordrag op afgeleide wyse. Vgl weer Van der Merwe *Sakereg* 298 se standpunt dat die kurator eiendomsreg op afgeleide wyse verkry.

55 Van der Merwe *Sakereg* 312 ev; Olivier *et al Studentehandboek* 135. Blote oordrag van die saak dui nie altyd op die bedoeling dat eiendomsreg op die ontvanger oorgaan nie.

56 Sien bv a 24(1).

nodig sodat die kurator volkome bestuursbevoeg kan wees. Sekere bevoegdhede kan hy egter nie uitoefen nie, soos die gebruiks- en genotsbevoegdheid.

By die bestudering van die beginsels van eiendomsreg soos dit in die Suid-Afrikaanse sakereg van toepassing is, lyk dit geregverdig om te vra of dit nodig is dat eiendomsreg inderdaad op die meester of kurator móét oorgaan. Eiendomsreg, hoewel in 'n baie groot mate beperk, kan myns insiens nog in die insolvent setel.

8 GEVOLGTREKKING

Die standpunt dat die kurator eienaar van die insolvente boedel word, kan na my mening nie met 'n beroep op die Romeinse en Romeins-Hollandse reg gestaaf word nie.[57] Die posisie in die Nederlandse en Duitse reg is ook dat die kurator net die volle beheer- en beskikkingsmag ten opsigte van daardie boedel verkry. Dit is my oortuiging dat met sekwestrasie van 'n spesifieke boedel die bevoegdhede van 'n reeks opeenvolgende, statutêre en amptelike bestuursfunksionarisse in werking tree. Dit spreek duidelik uit die feit dat die boedel[58] onmiddellik met verlening van 'n sekwestrasiebevel onder beheer van die meester geplaas word en met aanstelling van 'n kurator onder dié se beheer.[59] Die inhoudsbevoegdhede van die insolvent se eiendomsreg op die betrokke bates word deur die bepalings van die Insolvensiewet opgeskort.

Dié funksionarisse of bestuurders is met beheers- en bestuursbevoegdhede beklee. Met byvoorbeeld die sluit van kontrakte kan dié persoon betrokke wees, dan 'n ander persoon (albei in amptelike hoedanigheid), naamlik 'n voorlopige kurator, kurator of genoemde persone se ampsopvolgers. Dit geskied *telkens met die resultaat dat die regte en verpligtinge wat uit sulke kontrakte voortvloei, deel van een en dieselfde boedel vorm.* Dieselfde geld ook in die geval van verkryging van ander bates as vorderingsregte, die betaling van skulde en die voer van hofgedinge. Veral interessant is die omstandigheid dat een ampsbekleder deur 'n ander vervang kan word *sonder* dat die regte en verpligtinge waaruit die insolvente boedel bestaan, aan die nuwe ampsbekleder *oorgedra* hoef te word.

Hierdie bestuursfunksionarisse is die volgende persone en instansies: Die hof wat in 'n belangrike mate oor die likwidasie van insolvente boedels toesig hou en as opperbestuurder sekere regshandelinge deur bestuurders van laer rang kan magtig; die meester en adjunk- en assistentmeesters, wat enersyds hul funksie onder toesig van die hof vervul en andersyds as bestuurders van die tweede rang toesig oor die likwidasie van die insolvente boedel hou; een of meer van die volgende bestuurders van die laagste rang en hulle ampsopvolgers, afhangende daarvan of hulle in 'n bepaalde geval aangestel is, naamlik 'n voorlopige kurator en een of meer kurators. Elke skakel in hierdie opeenvolging van bestuurders het sy eie amp, bevoegdhede en verpligtinge. Dié verskillende ampte staan nie los van mekaar nie; hulle volg mekaar in 'n statutêr vasgestelde orde op; die *proses*

---

57 Sien par 2 hierbo.

58 Dit sluit ook die vorderingsregte in. Ek meen dat die kurator die statutêre, amptelike reghebbende daarvan word *vir doeleindes van die sekwestrasieproses*.

59 Waar twee kurators oor 'n boedel aangestel is, oefen hulle in gelyke mate beheer oor die boedel uit (a 56(4)). Wanneer een kurator sy amp ontruim of bedank het, afgesit of oorlede is, gaan die boedel (soos reeds genoem) op die oorblywende kurator oor. Is daar geen oorblywende kurator nie val die boedel weer terug onder beheer van die meester.

gaan voort, al wissel die kurator of die skuldeisers (byvoorbeeld in die geval van laat indiening van eise).

Die opeenvolging van bestuurders tree in werking sodra die sekwestrasiebevel toegestaan word en funksioneer sodanig totdat die taak waarvoor hulle daargestel is, afgehandel is.[60] Die kurator[61] beskik oor die vervreemdings-, beheers-, beswarings-, vindikasie- en beskikkingsbevoegdheid slegs vir doeleindes van die sekwestrasieproses volgens die wet.[62] Die kurator het slegs hierdie bevoegdhede nodig om sy funksie te volvoer. Oordrag van eiendomsreg in hierdie verband is inderdaad onnodig. Laasgenoemde standpunt word bevestig deur die posisie by likwidasie van maatskappye waar aanvaar word dat eiendomsreg nie op die likwidateur oorgaan nie. Dit wil derhalwe voorkom of 'n mens in die geval van sekwestrasie van 'n insolvente boedel met 'n jarelange wangebruik van die term "eienaar" te doen het en wel onder Engelsregtelike invloed. By nadere ondersoek blyk dat daar sedert 1829 die foutiewe opvatting gevestig het dat die meester en kurator eienaar van die insolvente boedel word. Dit is myns insiens te wyte aan die feit dat Engelsregtelike terminologie en Hollandse beginsels in een stelsel saamgeweef is om die beginsels van ons huidige insolvensieregpraktyk vas te stel.

60 Dit moet egter nié met 'n bestuursverband wat met regspersoonlikheid beklee is, verwar word nie. Vgl ook weer Van Zyl 1989 *THRHR* 340 ev.

61 Of meester, of voorlopige kurator, afhangende van die omstandighede.

62 Daar word erken dat hierdie benadering in stryd met dié van die Insolvensiewet is. Die voordeel daarvan is egter dat dit 'n opeenvolging van oordragshandelinge uitsluit, 'n veel eenvoudiger proses daarstel en 'n beter verklaring bied vir wat inderdaad by die sekwestrasieproses gebeur.

Different methods to determine the value of agricultural land

Lynette Olivier
BA LLM LLD HDipTax
Associate Professor of Mercantile Law, Rand Afrikaans University

OPSOMMING

Verskillende metodes om die waarde van landbougrond te bepaal

Wanneer gepoog word om die belasbare waarde van landbougrond te bepaal, is hoofsaaklik drie metodes beskikbaar. Ten eerste kan die waarde van elke eiendom individueel bepaal word en in 'n kadaster opgestel word. In Suid-Afrika bestaan 'n omvattende kadaster reeds in die vorm van die aktesregister ten opsigte van kommersiële plase. Hierdie kadaster kan wel as vertrekpunt gebruik word, maar kan om verskeie redes nie as afdoende bewys van die waarde van individuele eiendomme aanvaar word nie. Individuele waardasies sal moet plaasvind, wat duur en tydrowend is en die instel van 'n grondbelasting aansienlik kan vertraag. Indien besluit sou word om 'n kadaster ten opsigte van die geheel van die grondgebied van Suid-Afrika in te stel, sal dit nie net met aansienlike koste gepaard gaan nie maar ook tegniese kennis vereis. Ten tweede kan van individuele waardasies afgesien word en kan waardasies op 'n massagrondslag geskied. Hierdie blyk die geskikste metode te wees. Die voorbehoud is egter dat, ongeag die belasbare waarde wat bereken staan te word, homogene gebiede met verteenwoordigende eenheids-/gemiddelde waardes vergelyk word en dat vergelykings nie op 'n konstitusionele streeksgrondslag geskied nie.

Alhoewel massawaardasies goedkoper as die opstel van kadasters is, gaan dit nog steeds met koste gepaard en verg dit deskundige insette. Massawaardasies is dus buite bereik van baie lande. Hierdie lande maak soms van selfaanslag gebruik. Alhoewel selfaanslag ver te kort skiet by amptelike waardasies is dit beter as geen waardasies nie. Selfaanslag, verkieslik volgens 'n metode van ouditering en nie gedwonge verkopings nie, kan dus ingestel word totdat individuele of massawaardasies kan plaasvind.

Ongeag die waardasiemetode wat aangewend word, moet herwaardasies op 'n gereelde grondslag plaasvind. Gereelde herwaardasies sal nie net verhoogde staatsinkomste lewer nie maar ook tot groter billikheid lei.

1 INTRODUCTION

The Commission of Inquiry into Certain Aspects of the Tax Structure of the Republic of South Africa[1] brought out its first report in November 1994, in which several changes to the tax system were proposed. The report, however, contained no reference to the possibility of introducing a land tax in South Africa. Seen in the light of the active debate surrounding the introduction of such a tax,[2] a sub-committee was appointed to investigate the matter. This

1 The so-called Katz Report, named after the chairperson, Mr MM Katz.

2 Newspapers regularly carried reports on political leaders and advisers who were considering its imposition (Davis *The Star* 1993-03-11 19; Loots *Financial Mail* 1991-07-26 63–64 and Lunsche *Saturday Star* 1994-01-15 1). The issue was discussed at seminars and

continued on next page

sub-committee brought out its report in 1995.[3] Although the sub-committee did not recommend the introduction of a national land tax in the short to medium term, it is of the opinion that sufficient evidence exists to justify the possible implementation of a rural land tax at local government level.[4] The possibility cannot therefore be excluded that a land tax may be imposed in South Africa in the future.

Immovable property can have different values for land tax purposes. This value may be calculated according to the market value of the land only (the so-called unimproved land value), the market value of land and improvements, or its agricultural value. Three approaches may be employed to determine the agricultural value of land, namely the resources quality index,[5] the income capitalisation method[6] and the rental value method.[7] Sometimes the quality of land is not taken into account, but tax is levied according to the quantity of landholding, the so-called surface area oriented land tax.

The purpose of this article is, however, not to analyse the different taxable values.[8] What will be discussed are the different methods that may be used to determine the taxable value of land. These methods may also be employed in an adapted form to determine the value of urban properties for municipal rates purposes.

---

workshops (cf Franzsen and Heyns (eds) *A land tax for the new South Africa?* (1992) and Strasma *A tax (or "rates") on rural land in South Africa* Seminar: South African Agricultural Union Pretoria 1994-01-20) and an *ad hoc* committee of the Department of Finance has investigated this aspect (Franzsen and Lombard *'n Ondersoek na 'n grondbelasting vir Suid-Afrika* Report of the sub-committee on land and property taxes of the committee of investigation into intergovernmental fiscal relations in South Africa (1993)).

3 Ch 4 and Appendix B of the Third Interim Report of the Commission of Inquiry into Certain Aspects of the Tax Structure of South Africa.

4 Par 4 2 4.

5 In short, the resources quality index of the land is determined with reference to factors that influence production, the so-called farm and non-farm factors. The former include, *inter alia*, subterranean water sources, mineral deposits, height above sea level, declivity and climate (sunlight, wind, rain and temperature), plantations or orchards, permanent improvements and distance from markets, and the latter population density and farming debt.

6 When an attempt is made to calculate the value of agricultural land according to the income capitalisation method, two methods in particular play a role: the income potential of the land (or the expected net farming income that can be obtained from the land), and the expectation in respect of the interest compensation on the total capital investment in the land, or the so-called capitalisation rate. The net yield that can be generated from agricultural production must therefore be discounted at an appropriate rate.

7 In *R v Paddington, Valuation Officer: Ex parte Peachy Property Corporation Ltd* [1965] 2 All ER 836 (CA) 848 the concept "rental value" was defined as follows: "The rent . . . is a hypothetical rent, as hypothetical as the tenant. It is the rent which an imaginary tenant might be reasonably expected to pay an imaginary landlord for the tenancy of this dwelling in this locality, on the hypothesis that both are reasonable people, the landlord not being extortionate, the tenant not being under pressure, the dwelling being vacant and available to let, not subject to any control, the landlord agreeing to do the repairs, and pay the insurance, the tenant agreeing to pay the rates, the period not too short nor yet too long, simply from year to year. I do not suppose that throughout the length and breadth . . . [of the lease] you could find a rent corresponding to this imaginary rent."

8 This aspect was discussed in previous articles: see Theron "Belasbare waarde van landbougrond" 1994 *TSAR* 526 and 1994 *TSAR* 734.

There are primarily three methods that can be employed to calculate the value of the tax object. First of all, the so-called traditional approach can be followed, according to which each parcel of land is valued individually and recorded in a cadastre. Secondly, valuations can be conducted on a mass basis, so-called mass valuations. The disadvantages of both these systems sometimes induce countries to employ a system of self-assessment; in other words, taxpayers themselves place a value on their property.

2 TRADITIONAL APPROACH

Traditionally, information with respect to land values is recorded in a cadastre, which is an official record of the location,[9] extent, value and taxpayer's identity in respect of each individual parcel within a particular area.[10] This record usually consists of a series of maps on which the different units are indicated, as well as registers containing information according to which individual units can be identified.[11] The scope of the information contained in the registers depends on the value in respect of which the tax is levied.[12] Thus, for example, far less information needs to be recorded in the register if a surface area oriented land tax is levied than in the case of a tax based on the income potential of the land.[13] The ideal is to gather as much information as possible so that a tax may be levied in accordance with the precise value of each parcel of land. However, this ideal is often not practicable owing to cost and other considerations.

A distinction needs to be made between a fiscal and a legal cadastre, which may be explained as follows:[14]

> "[A] fiscal cadastre ... avoids complex problems of multiple ownership, etc. In principle, at least, it is strictly a tax on the land and not on the owner. Thus the fiscal cadastre is not concerned with proof of ownership and specifying title, which are key features of a legal cadastre. The fiscal cadastre is interested in the taxpayer and not necessarily the owner. A legal cadastre also involves far more accurate determination of the physical coordinates of each parcel. This requires formal surveying procedures for which highly trained specialists are necessary. Such a survey is far more expensive than a fiscal cadastre, since it is more time-consuming and involves either long training periods for local surveyors or the bringing in of high salaried experts."

The difference between a fiscal and a legal cadastre is therefore not so much a difference in information, but a difference in the accuracy of the information in respect of location, boundaries and ownership. Since the chief aim of a fiscal

---

9 A cadastre is therefore also used to identify the tax object.

10 Wald and Froomkin *Papers and proceedings of the conference on agricultural taxation and economic development* (1954) 292; Wald *Taxation of agricultural land in underdeveloping economies – a survey and guide to policy* (1959) 47.

11 Bird *Taxing agricultural land in developing countries* (1974) 229.

12 Bonbright *The valuation of property* (1937) 4–5; Kent "Property tax administration in developing countries: Alternatives for land registration and cadastral mapping" 1988 *Public Administration and Development* 105.

13 If the registers also contain information on the quality of the soil, and irrigation and cultivation possibilities, they can be used profitably in other fields, eg agricultural planning.

14 United Nations Secretariat "Site-value taxation in developing countries" in Bird and Oldman (eds) *Readings on taxation in developing countries* (1975) 473; cf also Holland "A study of land taxation in Jamaica" in Becker (ed) *Land and building taxes – their effect on economic development* (1969) 251.

cadastre is to serve as an aid to the levying of a land tax and not as proof of right of ownership, absolute accuracy is not required. Although the person liable for the tax has to be identified, the cadastre cannot be used as proof of right of ownership. If the tax is levied *in rem*, it is only necessary to indicate the person or persons who are *prima facie* liable for the tax owing to their use of the land. Should the tax be levied *in personam*, however, the cadastre has to indicate the real owner.[15]

The principal disadvantages of employing a cadastre are the time and costs involved, and the latitude it leaves for subjectivity.[16] Although guidelines are provided for valuers, valuations remain an estimate in the last instance:

> "While standardized valuation techniques and procedures have been developed which facilitate an orderly and consistent approach to value determination, the final value selected is in every instance an estimate, the accuracy of which will depend upon the value indicators available and the judgment and experience of the valuer."[17]

It therefore stands to reason that most of the criticism voiced against the levying of a land tax is aimed at the way in which the tax object is valued.[18]

3 MASS VALUATIONS

31 Stoljar 53–56. Sien ook Pound 78: "All we have here is a contrast of a right in the narrower sense with the absence of such a right and of a power with the absence of a power." Mullock "The Hohfeldian no-right: A logical analysis" 1970 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 265–270 toon aan dat daar logieserwys niks skort met Hohfeld se uiteensetting nie en Pound ea se kritiek daarom misplaas is. Mullock se reaksie is egter niksseggend: die blote feit dat die kategorieë in 'n uiteensetting logieserwys stand hou, beteken nie dat elke kategorie ekstra betekenis het nie.

32 Stoljar 60 is ook krities tav 'n ander punt. Volgens hom gee die uitoefening van énige reg aanleiding tot veranderinge in die regsverhoudinge tussen partye. Daaruit lei hy af dat bevoegdhede ens onnodige kategorieë is. Dié kritiek is doodgewoon misplaas. A se uitoefening van sy reg op spraakvryheid wysig nie enige regsverhoudinge nie. A beskik steeds oor die reg en die verhouding tussen hom en ander regsubjekte bly presies dieselfde.

33 Stoljar 60–61. Let daarop dat Y en Z se aanspreeklikheid nie daaruit kan bestaan dat die bemaking geadieer of gerepudieer moet word nie aangesien dit die uitoefening van 'n bevoegdheid behels.

34 Neem die arbeidsregtelike verhouding as voorbeeld: Werkgewer en werknemer wysig die onderlinge verhouding se juridiese aspek deur 'n proses van onderhandeling.

35 Hart "Bentham on legal rights" in Simpson (red) *Oxford essays in jurisprudence: Second series* (1973) 171–201 179 (hierna Hart).

Hohfeld se uiteensetting van bevoegdhede skiet volgens Hart verder in een opsig te kort. Dit maak nie voorsiening nie vir bevoegdhede wat deur die reg op regsubjekte afgewentel word om in te meng met of beheer uit te oefen oor objekte of die *corpi* van ander regsubjekte.[36] Hierdie bevoegdhede is egter niks anders as regte nie.[37]

4 3 Regte, verpligtinge en *claims*

Regte is volgens Hohfeld implisiet verwant aan verpligtinge en is 'n sinoniem vir eise. Op grond daarvan het verskeie skrywers 'n noodsaaklike verband tussen regte, eise (*claims*) en verpligtinge gepostuleer.[38] Volgens diesulkes is dit onsinnig om van 'n reg te praat indien daar nie in terme daarvan iets geëis kan word nie.[39]

White staan krities teenoor die standpunt dat daar 'n noodsaaklike verband tussen regte en eise is. Hy onderskei, met verwysing na die verwantskap tussen regte en eise, tussen 'n indikatiewe en subjunktiewe gebruik van die woord *claim*.[40] Daar is sprake van die indikatiewe gebruik as feite gestel word, byvoorbeeld: elke persoon beskik oor die reg op lewe (met verwysing na die Suid-Afrikaanse positiewe reg).[41]

> "A subjunctive claim is a call for acceptability of the proposal that something (*should*) *be* the case; it is a call *for* it, a request or demand for it."[42]

White wys voorts daarop dat 'n regsubjek op een van twee wyses oor 'n *claim* kan beskik; daar moet waarheid (indikatief) of regverdiging (subjunktief) daarin steek.[43] Dit het tot gevolg dat die *beskikking oor* en die *doen van* 'n *claim*, wedersyds onafhanklik is.[44]

Die vraag is of daar 'n noodsaaklike verwantskap tussen regte en *claims* is. White voer oortuigend aan dat die feit dat 'n reg ge*claim* kan word, nie van regte

---

36 Hart 178.

37 Sien *post* par 6 1.

38 Feinberg 64–67 en Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 183 beskou regte as geldige eise (*valid claims*). Vgl ook Stoljar 1–12.

39 Vgl Stoljar 3. Stoljar staan krities teenoor White se standpunt (*post*) dat daar nie 'n noodsaaklike verwantskap tussen regte en *claims* is nie ogv die stelling dat dit onsinnig is om van 'n reg te praat indien dit nie of daar nie in terme daarvan iets geëis kan word nie. White ontken egter nie lg stelling nie maar slegs dat die stelling die afleiding van 'n noodsaaklike verwantskap tussen regte en *claims* noodsaak: sien "Do claims imply rights?" 1986 *Law and Philosophy* 417.

40 Macfarlane *The right to strike* (1981) 13 maak 'n soortgelyke onderskeid. Volgens MacCormick 174 ev moet die ook imperatiewe gebruik van die woord onderskei word. Wat MacCormick imperatief noem, is egter niks anders as 'n *claim* nie – iets wat White wel in berekening gebring het.

41 White "Rights and claims" en "Concluding comments" in Steward (red) *Law, morality and rights* (1983) 139–160 140–141 189–198 (hierna White).

42 White 142: "Subjunctive claims, unlike indicative claims, are not true or false; they are not confirmed or unconfirmed, proved or disproved, made out or not made out. Nor are they supported or refuted by evidence. They are just or unjust, legitimate or illegitimate."

43 White 143–147. Indien 'n *claim* dus vals of ongeregverdig is, beskik die regsubjek nie oor 'n eis nie.

44 White 143–147. 'n Regsubjek hoef nie sy *claim* te *claim* om daaroor te beskik nie, en andersom.

claims maak nie, omdat regte en ander dinge sowel indikatief as subjunktief op presies dieselfde wyse ge*claim* word.[45]

Daar is ook nie 'n noodsaaklike konsepsuele of logiese verwantskap tussen die beskikking oor regte en *claims* nie tensy dit die regsbeskouing is dat 'n reg noodwendig 'n verpligting in 'n ander regsubjek veronderstel.[46] Dit bring natuurlik 'n sirkelredenasie mee want in die ondersoek na die inhoud van die reg word juis dit voorveronderstel wat vasgestel moet word:[47]

> "Certainly, one person's right may involve another's duty ... [b]ut, first, it is at most the *kind* of right which dictates whether there is an accompanying duty, not the *nature* of the right. At most we have different kinds of rights, not different concepts of rights."[48]

Op grond hiervan kom White tot die gevolgtrekking dat die wederkerige verpligting van sommige regte 'n uitvloeisel is van juridiese beskerming, eerder as 'n logiese gevolg van die aard van die besonderse regte. Dit, meen White, beteken dat daar nie verskillende soorte regte is nie maar regte met betrekking tot verskillende aangeleenthede en objekte.[49]

White se gevolgtrekking dat daar nie verskillende soorte regte is nie, oortuig nie. Die implikasie daarvan is dat dit onsinnig is om regte in die eng sin van die woord te onderskei. Dit blyk dat White onder die indruk is dat Hohfeld na aanleiding van sy onderskeid substansiële vraagstukke wou oplos.[50] Die doel van die onderskeid tussen regte in die eng sin is juis om verwarring te vermy en duidelikheid te bevorder – 'n akademies-legitieme doelwit.[51]

Desnieteenstaande word daar met MacCormick akkoord gegaan dat dit inderdaad 'n fout is om te verklaar dat regte wat 'n wedersydse verpligting het, die enigste konsep is wat die benaming reg waardig is.[52]

Die gevolgtrekking is dus dat daar nie 'n noodsaaklike verwantskap tussen regte, verpligtinge en *claims* is nie. Dat sommige regte egter 'n wedersydse verpligting het, kan nie betwyfel word nie. Sulke regte kan met reg as eisregte (*claim-rights*) geklassifiseer word.

5 DIVERSE TEORIEË

Voordat daar voortgegaan word om die soorte regte te kategoriseer, is dit nodig om vas te stel of daar nie 'n noodsaaklike universele verwantskap is wat misgekyk word nie. Daar is verskeie moontlikhede: die verwantskap tussen regte en

---

45 White 147–150. Sien ook 151–152: "One may have a right to something which one has not claimed ... one may claim something, either indicatively or subjunctively, to which one has no right ... not only is it often false to say that that which I claim I have a right to or that which I have a right to I claim ... it sometimes does not even make sense to talk of having a right to some of the things one can claim, for one can claim almost anything."

46 White 152–155.

47 Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 201, 'n aanhanger van die idee dat daar 'n noodsaaklike verband tussen regte en *claims* is, gee toe dat die standpunt 'n sirkelargument is. Hy gee egter ook toe dat sulke regte nie die enigste soort reg is wat bestaan nie: sien 187.

48 White 156.

49 *Idem* 159.

50 Vgl White 157–159 se kritiek op Hohfeld.

51 Vgl MacCormick 171–172; Stoljar 52.

52 MacCormick 172. Vgl ook Pound 80. Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 187 gee toe dat dit die geval is.

aansprake, regte en voordele,[53] regte en diskresies, en regte en objekte moet ondersoek word.[54]

5 1 Regte en aansprake

Die aanspraketeorie (*entitlement theory*) gee voor dat regte nie primêr uit eise bestaan nie. Volgens dié teorie is juridiese regte niks anders nie as juridiese aansprake.[55] Regte word nie omskryf met verwysing na verpligtinge op ander partye nie maar met verwysing na iets waarop dit betrekking het.[56] Wat dus onderstreep word, is dat aansprake sentraal is aan regte en derhalwe dat *eise teen* van *aansprake op* afhanklik is.[57]

Daar is verskeie punte van kritiek teen die aanspraketeorie. In die eerste plek verloor die teorie uit die oog dat *aansprake op* as regte sonder wederkerige beperkings op derdes sinloos is.[58] Die aanspraketeorie suggereer verder "that a right is something that is not only due to, but also considered *beneficial* to, the agent".[59] Die aanspraketeorie is dus verwant aan die voordeleteorie én die besware daarteen.[60]

5 2 Regte en voordele[61]

Die simplistiese voordeleteorie (*benefit theory*) bestaan uit die stelling dat die houers van regte diegene is wat voordeel trek uit ander se verpligtinge.[62] Dit is duidelik dat die teorie nie steek hou nie aangesien regte nie altyd voordeel hoef in te hou nie en omdat nie alle verpligtinge waaruit 'n regsubjek voordeel kan trek, impliseer dat laasgenoemde oor regte beskik nie.[63]

Lyons het die simplistiese voordeleteorie aangepas. Volgens hom is 'n regsubjek die houer van 'n reg as hy bedoel is om "the direct, intended beneficiary of that obligation" te wees.[64]

---

53 Hohfeld "Fundamental legal conceptions as applied in judicial reasoning" 1917 *Yale LJ* 717 het gesuggereer dat hy dié teorie aanhang: "the word 'right' is used . . . to denote any sort of legal advantage".

54 Vir 'n kort oorsig van die verskillende teorieë sien Benditt *Rights* (1982) 13–19.

55 McCloskey "Rights" 1965 *The Philosophical Quarterly* 116.

56 *Idem* 117–122. Bv die reg *op lewe*, die reg *op eiendom* en die reg *om te staak*.

57 Wasserstrom "Rights, human rights and racial discrimination" 1964 *The Journal of Philosophy* 629–631 is 'n aanhanger van die aanspraketeorie. Volgens hom beskik 'n regsubjek oor 'n juridiese reg indien die regsubjek 'n aanspraak op iets het. 'n Aanspraak word omskryf as 'n baie sterk *legal claim op* 'n objek.

58 Stoljar 8–10.

59 Marshall "Rights, options, and entitlements" in Simpson (red) *Oxford essays in jurisprudence: Second series* (1973) 228–241 229 (hierna Marshall) (my kursivering).

60 Sien *post* par 5 2.

61 'n Verwante teorie is die belangeteorie. Volgens dié teorie spruit regte voort uit persoonlike belange. Alle belange gee egter nie aanleiding tot regte nie en bowendien is regte nie daarvan afhanklik of dit 'n regsubjek se belange dien of nie (sien Stoljar 31–35). Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 188 wys daarop dat selfs die uitgangspunt dat slegs wesens wat belange het, regte kan hê, nie inhou dat regte gepositiveer word om daardie belange te bevorder nie.

62 Kearns "Rights, benefits and normative systems" 1975 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 465; Hart 176–178.

63 Sien Kearns 1975 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 465.

64 Lyons "Rights, claimants and beneficiaries" 1969 *American Philosophical Quarterly* 176. Vgl Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 184.

Kearns wys uit waarom ook die aangepaste voordeleteorie nie geslaagd is nie: om 'n reg te verkry hoef 'n regsubjek nie die bedoelde bevoordeelde van 'n verpligting te wees nie.[65] Die voordeleteorie omarm ook die aanname dat elke verpligting 'n wederkerige reg veronderstel,[66] 'n aanname wat hierbo as twyfelagtig uitgewys is.[67] Nog 'n beswaar teen die voordeleteorie is die kwessie van die aard van voordele: word dit objektief of subjektief vasgestel?

MacCormick gee toe dat "not everything which is good for any individual is his/hers/its by right", maar hou vol dat regte na "something" verwys wat in normale omstandighede as voordelig vir regsubjekte beskou word omdat dit iets is wat deur regsubjekte geniet kán word.[68] In effek sê MacCormick dus dat iets 'n reg kan wees as dit objektief as voordelig vir regsubjekte beskou word omdat dit subjektief as voordelig beskou kán word. Enige iets onder die son kán deur 'n regsubjek geniet word en dus 'n reg wees.[69] MacCormick se beskouing is dus so wyd dat dit niksseggend is.[70]

5 3 Regte en diskresies

Kearns staan die volgende voor met betrekking tot regte:[71]

> "[O]ne has a right if and only if he is the addressee of a second-order norm or rule by means of which he can alter or discharge another's obligation, or, in connection with the obligation he can activate enforcement responsibilities lodged in others."

Twee elemente is dus aanwesig. 'n Diskresie en 'n afdwingingsmeganisme – "a choice respected by law".[72] Hoewel daar met Kearns se standpunt saamgestem word dat juridiese regte binne 'n normatiewe juridiese sisteem bestaan en

---

65 Hart "Are there any natural rights?" 1955 *The Philosophical Review* 180–182 het Lyons se tipe standpunt oorspronklik gekritiseer deur gebruik te maak van die voorbeeld waar X teenoor Y onderneem dat hy Y se moeder (Z) sal versorg. Y is die houer van 'n reg sonder dat hy die bedoelde bevoordeelde is. Lyons 1969 *American Philosophical Quarterly* 182–183 het daarop gereageer deur aan te voer dat Y inderdaad voordeel trek uit die ooreenkoms. Lyons meen verder dat indien nie Y nie maar Z die direk bedoelde bevoordeelde is, Z (en nie Y nie) inderdaad die reghebbende is. Kearns 1975 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 466–473 dui egter (tereg) aan dat 'n bedoelde voordeel aan Y nie 'n *essentiale* vir die sluiting van 'n ooreenkoms is nie en dat Lyons se tweede verweer 'n sirkelargument is. Sien ook Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 194–195; Nino "Introduction" in Nino (red) *Rights* (1992) xi–xxxiv xv–xvi (hierna Nino: 1992) en *The ethics of human rights* (1991) 27 (hierna Nino: 1991); Stoljar 28–31.

66 Kearns 1975 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 474; Hart 190.

67 Vgl *supra* par 4 1.

68 MacCormick 162.

69 Vgl White 194.

70 Nino: 1991 33–34 handhaaf net so 'n niksseggende standpunt: "an individual has a right to a certain situation *S* when he belongs to a certain class *C* and it is assumed that access to *S* is normally a good so important for each of the members of *C* that he ought to have access to *S*, or that it is wrong to deny him of *S* . . ."

71 Kearns 1975 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 477. Sien *idem* 477–483 vir 'n volledige bespreking.

72 Hart 197. Hart was aanvanklik ook 'n aanhanger van dié teorie (sien "Definition and theory in jurisprudence" 1954 *LQR* 49 en vn 15. Lamont 1942 *Philosophy* 4–10 is 'n voorstander van dié teorie. Volgens hom is regte "sfere van outonomie" (sfere waarbinne regsubjekte hul belange na willekeur kan bevorder – maw sfere waarbinne regsubjekte oor diskresies beskik) wat deur die reg beskerm word.

afhanklik is van afdwingingsnorme,[73] is die term diskresie te eng om alle regte in te sluit. By sommige regte is daar nie 'n diskresie aanwesig nie. Hohfeld se immuniteite is hier ter sprake: 'n regsubjek kan nie afstand doen van sy fundamentele reg op lewe of op 'n regverdige verhoor nie.[74]

5 4 Regte en objekte

Aanhangers van die subjektiewe regte-leerstuk hou vol dat 'n (subjektiewe[75]) reg sonder 'n regsobjek 'n onmoontlikheid is.[76] Die leerstuk is verwant aan die aanspraketeorie deurdat die standpunt gehuldig word dat regte betrekking het op objekte.[77]

Binne die (Suid-Afrikaanse) tradisie van die subjektiewe regte-leerstuk vind 'n aardige verskynsel plaas. Indien die bestaande omskrywing van objekte nie meer voldoende is om positiewe regte te verklaar nie, word een van twee weë gevolg. Daar word tot die slotsom gekom dat daar nie van 'n reg sprake is nie[78] of die bestaande omskrywing van objekte word uitgebrei.[79]

Neem die omskrywing wat Van der Vyver aan regsobjekte toeskryf. Volgens hom sluit regsobjekte alles in wat waarde het in die sin dat dit 'n juridiese behoefte van 'n regsubjek bevredig.[80] Dié standpunt herinner sterk aan dié van MacCormick:[81] enigiets onder die son kan vir regsubjekte van waarde wees. Van

---

73 McCloskey 1965 *The Philosophical Quarterly* 117 meen anders: "We have legal rights in the absence of legal rules." Alhoewel regte moontlik is in die afwesigheid van norme wat die regte verbied, is alle juridiese norme afhanklik van norme wat dit binne 'n juridiese sisteem handhaaf en in stand hou. Sonder sulke norme is daar nie sprake van juridiese regte nie.

74 Marshall 236–239; Haksar 1978 *Archiv für Rechts- und Sozialphilosophie* 184–185 200; Hart 196–201. Hart is van mening dat alle regte volgens diskresies óf voordele verklaar kan word aangesien onvervreembare fundamentele regte juis vanweë die voordelige aard daarvan onvervreembaar is. Selfs al sou Hart reg wees, impliseer dit steeds nie 'n noodsaaklike verband tussen regte en diskresies óf voordele nie.

75 Volgens Joubert "'n Realistiese benadering van die subjektiewe reg" 1958 *THRHR* 100 is subjektiewe regte niks anders nie as *legal rights*, maw juridiese regte.

76 Joubert 1958 *THRHR* 105–108; Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding tot die regswetenskap* (1987) 415 ev (hierna Van Zyl en Van der Vyver); Van der Vyver *Regsubjek, regsobjek en die reg in subjektiewe sin* (1989) 15 (hierna Van der Vyver); Venter "Die publieke subjektiewe reg – 'n voorraadopname" 1991 *THRHR* 355 358. 'n Subjektiewe reg veronderstel twee verhoudings, nl 'n subjek-objek-verhouding en 'n subjek-derdes-verhouding. Die aard van subjektiewe regte word bepaal deur die objekte waarop hulle betrekking het.

77 Vgl Van Zyl en Van der Vyver 402–407 419; Van der Vyver 14: "'n Subjektiewe reg kan voorlopig gedefinieer word as die aanspraak van 'n regsubjek op 'n regsobjek"; Venter 1991 *THRHR* 355: "'n Reg bestaan tog *op* 'iets', anders is dit self net 'n voorwerp soos 'n toordokter se dolos waarmee die wêreld beïnvloed moet word."

78 Vgl die standpunt van Claasen *supra* par 1 oor die "sogenaamde" stakingsreg.

79 Joubert 1958 *THRHR* 108–109 wys daarop dat (hyself en) Dooyeweerd regsobjekte beskou as entiteite met ekonomiese waarde. Omdat die omskrywing van objekte met verwysing na ekonomiese waarde te eng is om oa persoonlikheidsgoed in te sluit, brei Van der Vyver 4–10 die omskrywing uit om alles in te sluit wat waarde het in die sin dat dit 'n juridiese behoefte van 'n regsubjek bevredig. Venter 1991 *THRHR* 358–364 beskou 'n regsobjek as iets wat regsobjektiveerbaar is in die sin dat dit regswaarde het aangesien dit bruikbaar is in die juridiese ordeningsproses, omdat hy wil aantoon dat ook publieke subjektiewe regte moontlik is.

80 Sien *supra* en Van Zyl en Van der Vyver 402 ev.

81 *Supra* par 5 2.

der Vyver kwalifiseer sy standpunt egter: die waarde moet "gemeenskapsordende werking hê", "daarom kan 'n persoon nie outeursreg op 'n pornografiese werk hê nie".[82] Dit blyk dus dat Van der Vyver pragmaties te werk gaan. Wanneer dit hom pas, word die omskrywing van regsobjekte uitgebrei om byvoorbeeld persoonlikheidsregte moontlik te maak. Is dit nie die geval nie, ontken hy die bestaan van 'n reg.

Beide die bovermelde uitweë is teoreties onaanvaarbaar. Deur te ontken dat sekere regte die benaming reg waardig is omdat dit nie betrekking het op 'n objektiveerbare entiteit nie, is in die eerste plek doodgewoon onrealisties. Neem Venter se standpunt as 'n voorbeeld. Volgens hom is die reg op lewe nie 'n subjektiewe reg nie maar dien dit bloot as 'n "kragtige regsmorele beginsel aan die hand waarvan die publiekregtelike verhouding gereguleer en in stand gehou moet word".[83] Dit sou tog sekerlik meer in pas met die werklikheid wees om die reg op lewe as 'n reg te beskou wat 'n regsubjek toekom en waarop daar inbreuk gemaak kan word![84] Tweedens bestaan die gevaar dat belange van individue wat nie op regsobjekte betrekking het nie, nie behoorlik in ag geneem word nie omdat hulle nie ingevolge subjektiewe regte uitgedruk kan word nie.[85]

Die tweede uitweg is ook onaanvaarbaar. Binne die subjektiewe regte-leerstuk is die kernvraag of daar 'n bepaalde regsobjek bestaan. Indien wel, is daar sprake van 'n subjektiewe reg.[86] Die "bestaande teorieë oor subjektiewe regte" hoef egter nie 'n *numerus clausus* aan regsobjekte op te lewer nie met die gevolg dat daar aan die sisteem "getimmer en geskaaf sou kon word om kritiek" te ondervang.[87] Deur regsobjekte voortdurend te herformuleer, kan enigiets wat die formuleerder pas, as regsobjek geklee word.

Die slotsom is dat daar met Pound akkoord gegaan word dat daar nie 'n noodsaaklike verwantskap tussen reg en regsobjek bestaan nie.[88] Dit blyk dat die inlees van regsobjekte by regte bloot afhang van 'n bepaalde formulering van regte en dus nie 'n onafhanklike bydrae lewer tot die betekenis van regte nie.

6 'N ALTERNATIEWE UITEENSETTING VAN REGTE

Drie aannames kan dien as uitgangspunt vir 'n analise van juridiese regte. In die eerste plek is juridiese regte afhanklik van afdwingingsnorme en bestaan dus as gepositiveerde regte binne 'n normatiewe juridiese sisteem.[89] Tweedens vestig regte in regsubjekte.[90] Derdens kan daar op regte inbreuk gemaak word.

Daar moet onderskei word tussen (juridiese) regte, vryhede en kompetensies. Die onderskeid sal vervolgens uiteengesit word.

---

82 Van Zyl en Van der Vyver 407.
83 Venter 1991 *THRHR* 366.
84 Vgl die alternatiewe uiteensetting *post* par 6.
85 Van der Walt "Kritiese vrae oor die leerstuk van regte in die Christelike regsleer" ongepubliseerde lesing gelewer tydens 'n *colloquium* aan die PU vir CHO op 1994-08-12.
86 Du Plessis se resensie van Venter *Die publiekregtelike verhouding* (1985) 1987 *THRHR* 120; Venter 1991 *THRHR* 362.
87 Du Plessis 1987 *THRHR* 121.
88 Vgl Pound 85.
89 Vgl die standpunte van Hart 1954 *LQR* 43 49, Kearns 4 3; MacCormick 161.
90 Vgl MacCormick 162.

6 1 Regte

'n Reg veronderstel 'n wederkerige verpligting óf 'n wederkerige onbevoegdheid in 'n ander regsubjek of regsubjekte omdat daar op regte inbreuk gemaak kan word. Die blote feit dat daar op regte inbreuk gemaak kan word, gesien in die lig daarvan dat regte binne 'n normatiewe sisteem bestaan, impliseer dat daar vir elke reg 'n wederkerige normatiewe (positiewe of negatiewe) beperking op 'n ander regsubjek of regsubjekte moet wees.[91] Die wederkerige normatiewe beperking hóéf egter nie uit 'n verpligting te bestaan nie – daar is ook die moontlikheid van 'n onbevoegdheid.[92]

Die tipe wederkerige beperking wat deur 'n reg geïmpliseer word, bepaal die soort reg waarvan daar sprake is.[93] Daar is twee soorte regte in die eng sin, te wete eisregte en vryheidsregte.

Op grond van 'n eisreg het ander regsobjekte verpligtinge teenoor die houer van die eisreg.[94] Die verpligting bestaan daarin dat die draer daarvan iets (in juridiese sin) positiefs of negatiefs verskuldig is aan die houer van die reg. Eisregte sluit in wat tradisioneel onder bevoegdhede tuisgebring is, sogenaamde bevoegdhede wat deur die reg op regsubjekte afgewentel word om in te meng met of beheer uit te oefen oor objekte of die *corpi* van ander regsubjekte.[95]

Vryheidsregte is soortgelyk aan Hohfeld se immuniteite.[96] Op grond van 'n vryheidsreg rus daar 'n onbevoegdheid[97] op 'n ander regsubjek of regsubjekte

---

91 Vir dié insig word daar veral op Rainbolt "Rights as normative constraints on others" 1993 *Philosophy and Phenomenological Research* 93–103 gesteun. Vgl ook Stoljar 13–24.

92 Die debat tussen diegene wat 'n noodsaaklike wederkerigheid van verpligtinge mbt regte (maw elke reg veronderstel 'n wederkerige verpligting(e) sien en diegene wat dit ontken, bestaan omdat beide groepe die derde moontlikheid, nl 'n aanvullende noodsaaklike wederkerigheid van onbevoegdhede mbt regte, miskyk. Vgl bv Braybrooke "The firm but untidy correlation of rights and obligations" 1972 *Canadian Journal of Philosophy* 361: "[T]he alleged right [without a correlative duty] has turned out to be a right that has no meaning . . . [for] . . . it does not protect . . ." Wat Braybrooke miskyk, is dat 'n reg nie 'n verpligting moet impliseer om betekenis te hê nie; 'n reg het betekenis so lank as wat daarop inbreuk gemaak kan word. Sien ook Montague "Two concepts of rights" 1980 *Philosophy and Public Affairs* 372–384. Montague sien 'n noodsaaklike wederkerigheid tussen regte en verpligtinge. Hy onderskei egter tussen regte wat "exercisable" is en verpligtinge voorafgaan sodat dit as basis vir verpligtinge dien, en regte wat "non-exercisable" is en dus deur verpligtinge voorafgegaan word. Alles hang af van hoe die betrokke reg geïnterpreteer word. Voorts gee Montague te kenne dat hy ook nie eintlik weet wat hy met "exercisable" bedoel nie sodat hy in 'n post-modernistiese hoender-of-die-eier-afhangende-van-watter-kant-gesien-standpunt verval.

93 Regte impliseer dus altyd 'n wederkerige begrip. Die feit dat die soort reg geken word aan die hand van sy wederkerige begrip beteken nie dat die reg daaruit voortvloei nie. Wederkerige verpligtinge en onbevoegdhede vloei uit regte voort omdat dit nie moontlik sou wees om daarsonder op regte inbreuk te maak nie.

94 Vgl Feinberg 56–63.

95 Volgens Stoljar 66 is bevoegdhede kombinasies van regte en verpligtinge. Hoewel sommige bevoegdhede daarin kan bestaan dat daar terselfdertyd regte en verpligtinge in 'n regsubjek vestig, is dit nie noodwendig die geval nie. Neem die voorbeeld van 'n persoon se bevoegdheid om sy eiendom te vervreem.

96 Vgl Lyons "The correlativity of rights and duties" 1970 *Nous* 49–52; Nino: 1991 28–29. Stoljar 13 noem vryheidsregte "defensive rights".

97 Onbevoegdheid in die sin dat 'n regsubjek iets juridies nie mag doen nie. In die opsig verskil die uiteensetting van dié van Rainbolt. Volgens Rainbolt 1993 *Philosophy and*

vervolg op volgende bladsy

om die juridiese aspek van die verhoudinge van die houer van die vryheidsreg met ander regsubjekte te wysig.[98]

Die verskil tussen onbevoegdhede en verpligtinge is daarin geleë dat dit by laasgenoemde gaan om gebeurtenisse met verwysing na die juridiese aspek van die verhouding en by eersgenoemde om die juridiese aspek van die verhouding *as sodanig*.

6 2 Vryhede

Vryhede word van regte onderskei deurdat 'n vryheid nie verpligtinge of onbevoegdhede op ander regsubjekte veronderstel nie.[99] 'n Vryheid is dus iets wat in 'n regsubjek vestig wat nie teenoor ander regsubjekte afgedwing kan word nie.

Die rede waarom vryhede (wat nie wedersydse verpligtinge of onbevoegdhede impliseer nie) nie regte is nie, is dat 'n verpligtinglose of onbevoegdheidlose reg niksseggend is. Vryhede is niksseggend omdat dit as gevolg van 'n normatiewe gaping bestaan.[100] Anders gestel: dit is nie moontlik om op vryhede inbreuk te maak nie;[101] daarom is dit van nul en gener waarde.

6 3 Kompetensies

Kompetensies is die vermoë van regsubjekte om verhoudinge met 'n juridiese kant aan te gaan en die regsaspek van verhoudinge in die algemeen te wysig.[102]

Die term kompetensie (en nie bevoegdheid nie) word gekies om verwarring te vermy. 'n Kompetensie veronderstel net soos 'n vryheid nie 'n wederkerige begrip nie.[103] 'n Kompetensie kan voorts ten aansien van 'n enkele aspek in meerdere regsubjekte vestig.

Phenomenological Research 97 verwys 'n verpligting na iets wat nie gedoen mag word nie en 'n onbevoegdheid na iets wat nie gedoen kan word nie.

98 Wysig moet wyd verstaan word. Dit impliseer die instelling, wysiging, handhawing en beëindiging van regte, verpligtinge, onbevoegdhede, vryhede en kompetensies.

99 Feinberg 58: "What the right adds to the liberty is the duty of others not to interfere."

100 Nino: 1992 xiii; Nino: 1991 25–26.

101 Rainbolt 1993 *Philosophy and Phenomenological Research* 102.

102 Wysig moet hier weer eens wyd verstaan word. Dit impliseer die instelling, wysiging, handhawing en beëindiging van regte, verpligtinge, onbevoegdhede, vryhede en kompetensies.

103 Indien 'n regsubjek 'n verhouding met 'n regsaspek aangaan of die regsaspek wysig sonder dat die regsubjek juridies kompetent is, is die handeling nietig. Die feit dat 'n betrokke party die handeling deur 'n hof nietig kan laat verklaar, beteken nie dat die applikant oor 'n reg beskik waarop inbreuk gemaak is nie. Neem die voorbeeld van die parlement wat gebonde is aan 'n grondwet. Die parlement kan nie verskanste fundamentele regte wegneem nie want die parlement beskik nie oor die kompetensie nie. Die parlement mag nie inbreuk maak (deur wetgewing) op fundamentele regte nie want die parlement is onbevoeg (maar wel kompetent) om dit te doen.

Epilepsy and delictual liability

M Blackbeard
BProc LLD
Associate Professor of Private Law, University of South Africa[1]

OPSOMMING

Epilepsie en deliktuele aanspreeklikheid

Indien 'n persoon wat aan epilepsie ly tydens 'n epileptiese aanval skade aan 'n ander persoon veroorsaak, ontstaan die vraag of hy of sy deliktueel aanspreeklik gehou mag word.

In die VSA is sodanige aanspreeklikheid uitgesluit tensy antesedente aanspreeklikheid bewys kan word. Dit is ook die posisie in Engeland aangesien daar geag word dat hy of sy nie skuld het nie; antesedente aanspreeklikheid is egter steeds moontlik.

Daarenteen sal so 'n persoon in Nederland aanspreeklik gehou kan word vir skade aangerig tydens 'n epileptiese aanval aangesien daar absolute aanspreeklikheid bestaan – 'n persoon word toerekeningsvatbaar geag indien hy of sy 'n onregmatige daad pleeg en ingevolge 'n wet of die mening van die gemeenskap toerekeningsvatbaar vir die handeling geag moet word. Ingevolge wetgewing word 'n persoon wat ouer as 14 jaar is en 'n onregmatige daad pleeg tydens 'n fisiese of geestelike steurnis, toerekeningsvatbaar geag. 'n Persoon met epilepsie sal dus aanspreeklik gehou kan word vir skade aangerig tydens 'n epileptiese aanval; dit is egter onbillik aangesien hy of sy onbewus is van die handelinge wat hy of sy verrig.

In Suid-Afrika is die posisie analoog aan dié in die VSA en Engeland; die persoon met epilepsie word geag nie toerekeningsvatbaar te wees nie. Aanspreeklikheid kan egter wel vir antesedente gedrag opgedoen word.

1 INTRODUCTION

Should a person with epilepsy cause harm to another while suffering from a seizure, the question arises whether he may be held delictually liable. In this article, this issue will be discussed with reference to the position in the USA, England, the Netherlands and South Africa.

2 THE USA

2 1 The tort of intentional interference with the person

The tort of intentional interference with the person comprises battery, assault, false imprisonment and infliction of mental distress. Only battery and assault are relevant in the present context. An action for the tort of "battery" protects the individual's freedom from intentional and unpermitted contact with his person. This protection extends to any part of the body or to anything which is attached to it and is practically identified with it.[2] As this tort requires intentional contact

---

1 This article has been derived from the author's LLD thesis *Epilepsy – Legal problems* (1994) Unisa.

2 Prosser *Handbook of the law of torts* (1971) 34; Keeton *Prosser and Keeton on the law of torts* (1984) 39 *et seq*; Kionka *Torts* (1988) 106–107.

with the other person, and a person suffering from epilepsy will usually not have any intention if he assaults someone during a seizure, it would appear that a person with epilepsy cannot be held liable for this tort.

An action for the tort of assault protects the freedom from apprehension of an intentional harmful or offensive contact with the person, as distinguished from the contact itself. It may take place without any physical contact.[3] It would appear that liability for this tort can likewise not be incurred by a person suffering from epilepsy harming another person during a seizure or shortly afterwards, as he would have had no intention because of the seizure.

2 2 The tort of negligence

Under the tort of negligence a person will be liable if he had a duty to act, breached the duty and caused damage to another person. He will not be liable if the breach was caused by an unavoidable accident which was unintentional and which, in the light of all the circumstances, could not have been foreseen or prevented by the exercise of reasonable precautions. An act is regarded as unavoidable if it did not result from any lack of proper care in the handling of an object (for example, driving a car) because both wrongful intent and negligence are lacking.[4] Thus a driver of a motor car who suddenly loses control of his car because he experiences a heart attack, a stroke, a fainting spell, or an epileptic fit, or is merely overcome by sleep, is not liable unless he was aware that he was likely to become ill, fall asleep or have an epileptic seizure. In such cases he will be found negligent merely because he drove the car.[5]

In *Eleason v Western Casualty & Surety Co*,[6] the driver, a person suffering from epilepsy, was involved in a motor vehicle accident during an epileptic seizure. Because he knew that he was likely to have a seizure, he was found negligent in driving the car and was held responsible for the accident.

Negligence is conduct which falls below the standard established by law for the protection of others against unreasonable risk of harm.[7] The definition of negligence in section 282 of the second *Restatement of torts*[8] includes only such conduct which involves a risk and not a certainty that the interest of another will be involved. It therefore excludes conduct which gives rise to liability because of the actor's intention to invade a legally protected interest of the person injured or of a third person.

Intention involves knowledge that the conduct will invade the interest as well as the purpose of invading it.[9]

Section 464 of the second *Restatement of torts*[10] provides that unless the actor is a child, the standard of conduct to which he must conform to avoid being negligent, is that of a reasonable man under like circumstances.

---

3 Prosser 37; Keeton 43 *et seq*; Kionka 107–108.
4 Prosser 140; Keeton 162 164–165; Kionka 136.
5 Prosser 140–141; *Wishbone v Yellow Cab Co* (1936) 97 SW 2d 452; *Shirks Motor Express v Oxenham* (1954) 106 A 2d 46 cert denied 350 US 966; *Moore v Capitol Transit Co* (1955) 226 F 2d 87 cert denied (1956) 350 US 966; Keeton 162.
6 (1948) 254 Wis 134, 135 NW 2d 301.
7 Keeton, Keeton, Sargentich and Steiner *Cases and materials on tort and accident law* (1983) 167 (hereinafter cited as Keeton *et al*); s 282 of the second *Restatement of torts* (1965); Kionka 13 136; Keeton 428–433.
8 Keeton *et al* 167; Kionka 13 136; Keeton 428–433.
9 *Ibid.*

No allowance is made for mental deficiency in judging whether a person's conduct conforms to the reasonable person's standard of care. However, the standard is subjective to the extent that, if a person has a physical deficiency or disability, his conduct is measured against that of a reasonably prudent person with his physical characteristics.[11] A person suffering from epilepsy will therefore be tested against the conduct of a reasonably prudent person suffering from epilepsy.

In *Breunig v American Family Insurance*,[12] a truck driver instituted action against the insurer of a car after he had been involved in a road accident. The defendant claimed that she was not negligent since immediately before the collision she was suddenly and without warning seized with a mental aberration or delusion that rendered her unable to operate the car with a conscious mind. A psychiatrist testified that she had been suffering from "schizophrenic reaction, paranoid type, acute". The court held for the plaintiff, and the defendant appealed against the verdict. The State Supreme Court held that whether the motorist had knowledge of her schizophrenic, paranoid condition and of the likelihood of hallucination while driving a motor car, was a question for the jury to decide.

Some forms of mental illness, or as generally referred to in the USA, "insanity", are a defence to and preclude liability for negligence under a doctrine that originated in *Theisen v Milwaukee Automobile Mutual Insurance Company*.[13] A driver fell asleep behind the wheel and caused an accident; the court accepted that negligence is not present if a person is unable to conform his actions through no fault of his own. The driver in this instance was, however, held to be negligent because every person has conscious warnings of drowsiness. If a person does not heed such warnings and continues to drive, he is negligent.

A sudden onset of mental incapacity, equivalent in its effect to such physical causes as a sudden heart attack, epileptic seizure, stroke, or fainting, must not be treated alike and certainly not under the general rule of mental illness.[14]

3 ENGLAND

3 1 The torts of trespass to the person and negligence

There are a number of specific torts in English law, for example trespass to the person, negligence, trespass to land, nuisance, etcetera.[15] These, however, do not constitute a *numerus clausus*. Trespass to the person and negligence will be discussed briefly, as they may be of relevance to a person suffering from epilepsy. Trespass (wrong) to the person includes assault, battery and false imprisonment.[16] Assault and battery may be relevant to a person with epilepsy as he could assault a person during a seizure. Battery is the intentional and direct

---

10 Keeton *et al* 168 185; Keeton 174; Kionka 13 136.
11 Kionka 14 138; Keeton 175–179.
12 (1970) 45 Wis 2d 536, 173 NW 2d 619, 49 ALR 3d 179; see also Keeton *et al* 187.
13 (1962) 18 Wis 2d 91, 118 NW 2d 140, 119 NW 2d 393; see also Keeton *et al* 187.
14 Keeton *et al* 189.
15 Rogers *Winfield and Jolowicz on tort* (1989) 50–52; Brazier "Trespass to the person" in Dias (ed) *The common law library no 3 Clerk and Lindsell on torts* (1989) 959 *et seq*.
16 Rogers 53–54 58; Heuston and Buckley *Salmond and Heuston on the law of tort* (1992) 125–132.

application of force to another person.[17] Assault is an act of the defendant which causes the plaintiff reasonable apprehension of the infliction of a battery on him by the defendant.[18] A blow inflicted in a state of automatism will not amount to battery or assault as no intention is present. However, it is no defence that, simply because of mental incapacity, the defendant did not know that what he was doing was wrong.[19]

Negligence as a tort is the breach of a legal duty to take care which results in damage, undesired by the defendant, to the plaintiff. Its ingredients are: (a) a legal duty on the part of A towards B to exercise care in such conduct of A as falls within the scope of the duty; (b) breach of that duty; and (c) consequential damage to B.[20] Should a person suffering from epilepsy have a seizure, there will be no legal duty on him to exercise care, since he will not be acting voluntarily.

3 2 Conduct

The wrong complained of must be attributable to the act or omission of the defendant. An act involves a bodily movement controllable by will.[21] Since epilepsy causes reflex movements that are not controlled by the will, the person suffering from epilepsy will not be held liable for harm caused during a seizure or shortly afterwards.

The mental element involved in the willed movement is distinct from that in malice, intention and negligence. The first refers to intention to do an act while the others involve bringing about some result. The requirement of voluntariness is also applicable to omissions. An omission is any failure to act where there is a duty to do so. An omission is involuntary when something, for example illness, prevents a person from doing what he should do. Persons of unsound mind are liable in tort to the same extent as sane persons, provided they know what they are doing. If they do not, there is no voluntary act. A person suffering from epilepsy will therefore not be liable in tort should he cause damage to a person during an epileptic seizure since it is regarded as an involuntary act due to unsoundness of mind. Should he have foreseen that he might have a seizure but still continues with his conduct and subsequently causes damage to another, it will be regarded as a voluntary act.[22]

3 3 Fault

Fault consists in either intention or negligence. It is difficult to define intention as it can only be inferred from the conduct of the wrongdoer. In those cases where it seems necessary to define intention, the law of tort would usually include the state of mind of a defendant who does not actively desire a consequence to ensue, but foresees it as likely.[23] Since a person suffering from

17 Rogers 54; Brazier in Dias (ed) 961; Heuston and Buckley 127–128; Tiernan *Tort in a nutshell* (1990) 1–3; Street *The law of torts* (1976) 18–21; Baker *Tort* (1986) 15–17.

18 Rogers 54; Brazier in Dias (ed) 970; Heuston and Chambers 115; Street 21–22; Baker 17–19; Tiernan 3–4.

19 Brazier in Dias (ed) 959–960.

20 Rogers 72; Dias and Tettenborn "Negligence" in Dias (ed) 427; Tiernan 8–9; Tyas, Pannett and Willett *Law of torts* (1989) 9.

21 Dias in Dias (ed) 40; *Moriss v Marsden* [1952] 1 All ER 925; *Roberts v Ramsbottom* [1980] 1 WLR 823.

22 Dias in Dias (ed) 41; Carty "Parties" in Dias (ed) 167.

23 Rogers 44–45; Dias in Dias (ed) 47–50.

epilepsy cannot have the intention to commit a tort during or shortly after a seizure, intention will not be discussed.

Negligence may mean either a careless state of mind or careless conduct (a tort in itself).[24] These are not mutually exclusive but are relevant in different contexts. Negligence as a careless state of mind may signify blameworthy advertence to the consequences by a defendant who either decided to take the risk or ignored it, for example in the case of a motorist who falls asleep at the wheel.[25] Such a person will be guilty of wilful or gross negligence or recklessness. Negligence as careless conduct refers to behaviour of a person who, although innocent of an intention to bring about the result in question, has nevertheless failed to act up to the standard set by law, which is usually the objective test of the reasonable man. This is the sense in which the term is used in the tort of negligence.[26]

The reasonable man does not have the courage of Achilles, the wisdom of Ulysses or the strength of Hercules. "Reasonable" may be described as achieving a reasonably exact compliance with the required standard; on the other hand, it may be recognised that exact compliance is neither attainable nor desirable. Furthermore, the judge has to decide what "reasonable" means, and it is inevitable that, with respect to such an elastic term, different judges may take variant views about the same issue.[27] A subjective standard is used in relation to physical attributes and the objective test with regard to mental and emotional characteristics. The physically handicapped person is judged by the standard that can be expected from a reasonably prudent man suffering from his disability.[28] A person who has epilepsy will therefore be tested against a reasonably prudent man suffering from epilepsy. A compromise has to be struck between allowing the handicapped a degree of freedom in participating in the ordinary activities of life and safeguarding the general public against the risks created by that section of the community. Drivers are usually excused for losing control because of involuntary conduct, for example, spasms during an epileptic fit. Previous symptoms, however, ought to have put the driver on his guard.[29]

Should epilepsy be regarded as unsoundness of mind, this is not in itself a ground of immunity from liability in tort. The true question in each case is whether the defendant had the requisite state of mind for liability in the particular tort with which he is confronted.[30]

In *Morriss v Marsden*[31] the plaintiff had been attacked by the defendant who was an adult catatonic schizophrenic and a certifiable lunatic. He knew the nature and quality of his conduct, but his incapacity of reason arising from the disease of his mind was of so grave a character that he did not know what he was doing. The defendant was held liable for assault and battery as he was capable of forming the requisite intention. The court found that the M'Naghten rules do not

24 Dias in Dias (ed) 50; Heuston and Buckley 199; Percy *Charlesworth and Percy on negligence* (1990) 3.
25 Rogers 45; Dias in Dias (ed) 50; Percy 3–5.
26 Dias in Dias (ed) 52; Percy 5–11.
27 Rogers 47–48; Heuston and Buckley 227; Tyas, Pannett and Willett 52; Tiernan 27.
28 Fleming *The law of torts* (1987) 102.
29 Fleming 102; *Hill v Baxter* [1958] 1 QB 277, [1958] 1 All ER 193.
30 Rogers 678–679.
31 [1952] 1 All ER 925; also see Keeton *et al* 29; Carty in Dias (ed) 168.

necessarily provide the correct test for determining liability in tort. Stable J[32] stated:

> "I cannot think that, if a person of unsound mind converts my property under a delusion that he is entitled to do it or that it was not property at all, that affords a defence."

According to Rogers,[33] the tort of negligence probably creates the greatest difficulty in determining negligence. The standard of negligence is said to eliminate the individual characteristics of the defendant. This does not mean, for example, that a driver who suffers a sudden unexpected and disabling illness is liable for the damage he causes – even the reasonable man may have a heart attack. The unexpectedness of the illness is important, because if a person has reason to believe that he will have an epileptic attack he may be negligent in setting out to do anything in the first place. Should he unexpectedly suffer a seizure, he would not be liable.

It will be regarded as a defence if the illness rendered the person an automaton, for example, an epileptic fit or total unconsciousness, but a person will not avoid liability if his consciousness was merely impaired, owing to some malfunctioning of the brain, or if the person knew beforehand he may have an epileptic attack.[34]

It is a question of fact for the court to determine in each case whether the defendant was sufficiently self-possessed to be capable of taking reasonable care in the circumstances. In cases of negligence the applicable standard of care is, however, objective.[35]

4 THE NETHERLANDS

4 1 Introduction

Article 6:162(1) of the *Nieuw Burgerlijk Wetboek* (*NBW*) stipulates that when an unlawful deed is committed and damage is caused to another person owing to the fault of the wrongdoer, he will be liable.[36] There are four elements for personal liability, namely a wrongful act, accountability, damages and causation.[37] Only accountability is discussed here.

4 2 Accountability

A person is liable for the damage caused by his wrongful act if he is accountable for his conduct.[38] In terms of article 6:162(3) a person is accountable for a wrongful act if it is due to his fault (*schuld*), or in terms of a stipulation in the Act, or in accordance with the opinion of the community.[39]

---

32 927; see also Rogers 679.
33 679.
34 Rogers 679; Carty in Dias (ed) 168; Percy 117–118 242 469; *Roberts v Ramsbottom* [1980] 1 WLR 823.
35 Tiernan 27; Percy 117; Tyas, Pannett and Willett 8 52; Heuston and Buckley 226.
36 Van Zeben *Boeken 3, 5, 6 en Titels 7 1, 7 7, 7 9, 7 14 Niew Burgerlijk Wetboek* (1990) 103.
37 Asser-Rutten-Hartkamp *Handleiding tot de beoefening van het Nederlands burgerlijk recht. Verbintenissenrecht* (1986) 26; Schut *Onrechtmatige daad volgens BW en NBW* (1985) 42.
38 Article 6:162(3) *NBW*; Asser-Rutten-Hartkamp 17.
39 Van Zeben 103.

Under fault is meant a "aan de dader toerekenbare onrechtmatige daad" (an unlawful act for which the wrongdoer is accountable) by art 6:162(3).[40]

For a person suffering from epilepsy, the requirement of fault is of the utmost importance, should he commit a delict during an epileptic seizure. The concept of fault has different meanings.[41] It is used when referring to culpability, carelessness or intention and is often used as a synonym for "wrongful act", which creates considerable confusion. Article 6:162 makes a distinction in principle between a wrongful act and fault. "Wrongful" refers to the act, and "fault" qualifies the wrongdoer.[42] However, in this sense fault means "verwijtbaarheid" (culpability) or "vermijbaarheid" (avoidability).[43]

Absolute liability is possible in terms of article 6:162(3): a wrongful act may be laid at the door of the wrongdoer if it is due to a cause for which he should be accountable in terms of a statute or according to the opinion of the community.[44] This is called "risk liability". There is no fault but the wrongdoer is liable.[45] Article 6:164 is one of the statutory provisions that may result in a person suffering from epilepsy incurring liability. In terms of this provision the fact that an act of a person older than 14 years was committed under the influence of a physical or mental deficiency, is no impediment to the imputation of the wrongful act to the wrongdoer.[46] A physical or mental deficiency (which may include epilepsy) will therefore not exempt a person from being liable.[47]

In die Verslag word tot die gevolgtrekking gekom dat die doel van die artikel is om die maatskappy en sy oordragsekretaris te beskerm teen die oploop van skade of verlies as gevolg van die registrasie van 'n ongeldige oordrag van sekuriteite (kyk par 2 3). Die rede vir artikel 138 blyk te wees dat sodra die titelbewys van die sekuriteite deur 'n maatskappy uitgereik is, die maatskappy geen beheer het oor die "omstandighede" waarin die sekuriteite gekoop en verkoop word nie (par 2 3 1). Die maatskappy word bevoordeel omdat dit baie moeilik is vir die maatskappy om hieroor ondersoek in te stel voor elke registrasie van 'n oordrag van genoteerde sekuriteite. Ingevolge artikel 138 van die Maatskappywet is die maatskappy derhalwe ook nie aanspreeklik waar die partye nie die vereiste kontraktuele bevoegdheid het nie, maar sal die makelaar wat indien aanspreeklikheid teenoor die maatskappy opdoen vir gelede skade as gevolg van so 'n ongeldige oordrag.

Die belang van artikel 138 kan slegs bepaal word wanneer alle maatreëls rakende die oordragprosedure nagegaan word. Die "omstandighede" waarin die oordrag van genoteerde aandele plaasvind, word egter nie slegs deur die werking van die Maatskappywet bepaal nie.

6 Prosedure by oordrag van genoteerde aandele

6 1 Algemeen

Die Maatskappywet en die statute van 'n maatskappy bepaal die wyse waarop die aandele of ander belang wat 'n lid in die maatskappy het, oorgedra moet word (a 91 Maatskappywet). Daar kan in hoofsaak drie noodsaaklike oordragstappe geïdentifiseer word (*Inland Property Development Corporation (Pty) Ltd v Cilliers* 1973 3 SA 245 (A) 251; kyk Vermaas 82–122 vir 'n volledige omskrywing). Die oordragnemer kom ten eerste met die oordraggewer ooreen oor die verkryging van aandele. Dit geskied meestal deur middel van 'n mondelinge koopkontrak tussen makelaars ten behoewe van hul onderskeie kliënte. Hierna is dit tweedens die plig van die oordraggewer om aan die oordragnemer 'n oordragakte en aandelesertifikaat te lewer om die oordrag te bewerkstellig. Wanneer die oordraggewer hierdie plig nagekom het, volg daar derdens registrasie van die oordragnemer se naam in die lederegister van die betrokke maatskappy. Die oordraggewer hou gevolglik op om 'n lid van die maatskappy te wees en die oordragnemer word 'n volwaardige geregistreerde aandeelhouer en lid van die maatskappy.

Die aandele van 'n publieke maatskappy kan op 'n effektebeurs verhandel word as dit 'n genoteerde maatskappy is ingevolge die betekenis van artikel 16 van die Wet op Beheer van Effektebeurse (1 van 1985 wat onlangs gewysig is deur die Wysigingwet op Beheer van Effektebeurse 54 van 1995). Die komitee van die JSE is by magte om die prosedure en dokumentasie van lewering in beurstransaksies voor te skryf (kyk *Johannesburg Stock Exchange Manual* (1985) 40 ev; reël 5 70 5; Cilliers en Benade *Korporatiewe reg* 280 par 18.10–18.14; Malan en Oosthuizen "Brokers, their customers and the transfer of securities 1988 *TSAR* 480). Die Maatskappywet maak ook verder spesiaal voorsiening vir die oordrag van genoteerde aandele (kyk a 134–140 waar die begrip "sekuriteite" gebruik word wat genoteerde effekte beteken soos dit omskryf word in a 1 Wet op Beheer van Effektebeurse 7 van 1947 (soos vervang deur Wet 1 van 1985); kyk ook a 134(c) Maatskappywet). Indien die Wet op Beheer

van Effektebeurse nagegaan word, is daar ook talryke bepalings rakende die oordrag van aandele (kyk a 1 12 22–29 37)).

Die wyse waarop bogenoemde drie oordragstappe in samehang met ander handelinge in die praktyk geskied, en die gebruike, maatreëls, voorskrifte en regsvereistes daaromtrent, is 'n gekompliseerde proses wat nie hier verder bespreek kan word nie. Artikel 138 het betrekking op die indiening van bepaalde stukke by die maatskappy vir die registrasie van die oordrag van aandele. Daarom word dit kortliks bespreek.

6 2 Oordrag van genoteerde effekte

6 2 1 Uitvoering van gepaste oordragakte

Die uitvoering van die gepaste oordragakte speel 'n belangrike rol met betrekking tot die oorgang van die regte in aandele en die verkryging van lidmaatskap in 'n maatskappy. Uitvoering in hierdie verband beteken dat sowel die oordraggewer as die oordragnemer die oordragakte moet onderteken voordat die maatskappy die oordragnemer as lid in sy lederegister sal aanteken (kyk a 133(2) Maatskappywet).

Die sekuriteite-oordragvorm bestaan uit 'n "A"- en "B"-gedeelte. Die "A"-gedeelte word deur die oordraggewer voltooi en onderteken. Die naam van die oordragnemer word blanko gelaat en daar word gemeld dat die sekuriteite oorgedra word aan diegene wat genoem sal word in deel "B" van die vorm of makelaarsoordragvorm.

Die makelaarsoordragvorm word deur die makelaar voltooi en onderteken. Die oordraggewer (verkoper) se handtekening word nie vereis nie maar wel dié van die makelaar. Laasgenoemde metode word gewoonlik gebruik waar oordrag geskied aan verskeie oordragnemers en slegs een sekuriteite-oordragvorm en aandelesertifikaat beskikbaar is of waar die oordraggewer slegs sommige van die aandele soos gemeld op die aandelesertifikaat oordra en die oorblywende aandele behou. 'n Afsonderlike makelaarsoordragvorm kan gebruik word ten opsigte van elke oordragnemer (a 135(1)(b)(iii)).

Die gedeelte ten opsigte van die oordragnemer van albei bogenoemde oordragvorms word eers voltooi wanneer die oordrag in die naam van 'n bepaalde oordragnemer geregistreer gaan word. Die Maatskappywet bevat geen bepaling wat registrasie van die oordrag verplig na elke verkoop en lewering van aandele nie. Dieselfde oordragakte (voor registrasie) kan dus wanneer dit blanko geëndosseer is, in opeenvolgende verkope van aandele gebruik word (die feit dat die oordragakte blanko voltooi word en saam met die aandelesertifikaat gelewer word, skep 'n sekuriteitsrisiko: kyk Vermaas 123 ev). Gevolglik is talle aandele selfs oor lang periodes in omloop sonder dat dit ooit vir statutêre oordrag ingedien word. Die gevolg hiervan is dat die geregistreerde aandeelhouer nie meer reghebbende van die aandele is nie (omdat hy sy aandele verkoop het), maar steeds as die aandeelhouer deur die maatskappy beskou word. Die geregistreerde aandeelhouer is geregtig om die aandeelhouersregte uit te oefen. Wanneer 'n koper dus besluit dat aandele in sy naam geregistreer moet word en die toepaslike gedeelte van die oordragvorm voltooi, kan die dokumentasie nie langer gesirkuleer word nie en moet dit by die oordragkantoor ingehandig word vir registrasie. Indien die koper van die aandele byvoorbeeld 'n algemene vergadering wil bywoon, of persoonlik 'n stem wil uitbring, of voor die dividendverklaring as lid geregistreer wil word, moet die aandele vir registrasie aangebied word.

6 2 2 Registrasie as lid in lederegister

Die verkoper se deelname in die oordragproses word met die indiening van die oordragakte en ander gepaardgaande stukke afgehandel. Die oordragproses eindig egter nie hier nie. Die ontvangende lid (wat 'n makelaarslid kan insluit) dien vervolgens die aandelesertifikaat saam met die voltooide oordragvorm by die oordragkantoor van die maatskappy vir registrasie in. Die oordragkantoor van die maatskappy kanselleer die aandelesertifikaat of ander titelbewys en hou dit daar. Die oordragakte word vervolgens geëndosseer om aan te dui dat die aandelesertifikate by die maatskappy ingedien is. By die indiening van die aandelesertifikaat en oordragakte reik die oordragkantoor van die maatskappy gewoonlik 'n oordragkwitansie aan die makelaar uit. Sodra die nuwe sertifikaat gereed is vir aflewering bied die makelaar die oordragkwitansie aan in ruil daarvoor.

Die koper is nog nie 'n lid van die maatskappy nie. Die makelaar moet toesien dat die kliënt se naam in die lederegister van die maatskappy geregistreer word. Die kopende makelaar se funksie is dus eers voltooi sodra die koopprys betaal is en die nuwe aandelesertifikate aan die kliënt gelewer is. 'n Persoon wat onderneem om lid van 'n maatskappy te word en wie se naam in die lederegister ingeskryf is, is lid van daardie maatskappy (a 103(2) Maatskappywet). Sodra die oordragnemer se besonderhede in die lederegister opgeteken is, tree hy in 'n regsverhouding met die maatskappy en word die regsverhouding tussen die maatskappy en die vorige lid beëindig.

7 Diverse beskermingsmaatreëls vir die koper van genoteerde aandele op die effektebeurs

Die reëls van die JSE tref verdere maatreëls ter beskerming van die koper van sekuriteite op die effektebeurs.

Elke lid moet sy sake op 'n regverdige en billike wyse doen en elke transaksie moet uitgevoer word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Beheer van Effektebeurse, die reëls en voorskrifte van die JSE, en komiteebesluite en JSE-gebruike wat van krag is wanneer die transaksie aangegaan en uitgevoer word (kyk reël 5 50 1). Die kopende lid is teenoor 'n verkopende lid (en omgekeerd) aanspreeklik vir die behoorlike uitvoering van alle effektetransaksies wat tussen hulle aangegaan word (reël 5 50 3). 'n Lid is ook teenoor sy kliënt aanspreeklik vir die behoorlike uitvoering van alle effektetransaksies wat namens hom uitgevoer word (reël 5 50 4).

Verder blyk dit dat die waarborg aangaande die egtheid van die oordragstukke nie slegs in artikel 138 van die Maatskappywet voorkom nie, maar ook in die reëls van die JSE. 'n Lid of gebruiker is verantwoordelik vir die egtheid en reëlmatigheid van elke dokument (insluitend die titelbewys) wat deur hom in die beurstransaksie gelewer word (reël 5 70 1). Dit is dan die plig van die verkoper om seker te maak dat goeie lewering van effekte gedoen word en dit is die plig van die koper om namens die kliënt goeie lewering aan sodanige kliënt of aan sy opdragontvanger te doen, en dié weer aan sy kliënt (reël 5 70 2 1). Die reëls van die JSE insake "goeie lewering" beskerm dus die koper van effekte op die effektebeurs. Die lid verifieer deur middel van sy handtekening die handtekening van die oordraggewer op die sekuriteite-oordragvorm. Die verskyning van die effekte-oordragstempel van die lid op oordragvorms en ander dokumente dien as waarborg deur die lid of agent teenoor sy kliënt vir die egtheid van die oordraggewer se handtekening, sy bevoegdheid om te teken en te kontrakteer, die

geldigheid van 'n volmag en die magtiging van die ondertekenaars van 'n maatskappy om namens die maatskappy te teken (reël 5 70 10 1). Hierdeur vrywaar die lid die oordragkantoor van die maatskappy teen verliese en skade wat kan voortvloei uit die ongeldige oordrag. Die lid het op sy beurt weer 'n regresreg teen alle vorige partye tot die transaksie, insluitende die oordraggewer (Cilliers en Benade *Korporatiewe reg* 281 par 18.14). Die verkopende lid word ingevolge die reëls aanspreeklik gehou teenoor die kopende lid aan wie hy die defekte of bedorwe sekuriteitbewyse gelewer het. Die verkoper is gevolglik verplig om die defekte stukke deur egte stukke te vervang. Die verkoper se aanspreeklikheid is absoluut.

Die reëls lê verder 'n plig op die lid om wanneer hy vermoed dat 'n titelbewys gesteel of andersins wanaangewend is, dit aan die hoofbestuurder van die JSE te rapporteer (reël 5 70 7). Alle betrokke inligting in verband met dié effekte word in die nuusblad van die JSE gepubliseer ten einde die lede daarvan in kennis te stel. Lede moet vervolgens onmiddellik hulle registers en ander aantekeninge laat deursoek. Indien die betrokke titelbewys in hulle besit of deur hulle hanteer is, moet die hoofbestuur daarvan in kennis gestel word en van die toepaslike inligting voorsien word (reël 5 70 7). Die lid wat defekte of bedorwe effektebewyse (skrip) ontvang, het 'n verhaalsreg teen die lid wat sodanige bewyse gelewer het (reël 5 70 8 1). Waar die lid tot 'n "wanbetaler" verklaar is, vervang die JSE sodanige effektebewyse aan die makelaarsfirma wat dit eerste ontvang het, teen (a) lewering aan die JSE van die betrokke titelbewyse en oordragaktes en (b) sedering aan die JSE van alle regte van die makelaarsfirma wat eerste die effektebewyse ontvang het teen die makelaarsfirma wat gelewer het of daardie firma se versekeraars (reël 5 70 8 2; reël 5 70 3 onthef die JSE-vereffeningstelsel van die verantwoordelikheid om defekte of bedorwe titelbewyse wat daaraan gelewer is, reg te stel of te verseker dat dit reggestel word).

Dit is duidelik uit die reëls van die JSE dat die koper van genoteerde effekte 'n verhaalsreg teenoor die lid het waar "defekte of bedorwe" effektebewyse aan hom gelewer word. Die beskerming aan die koper van effekte strek ook verder. Die Wet op Beheer van Effektebeurse bepaal dat 'n fonds gestig en in stand gehou moet word waaruit 'n effektemakelaar wat uitgewin is se verpligtinge uit die koop en verkoop van effekte betaal kan word (a 30(1)–(3); kyk ook reëls 9 10–9 20 van die JSE oor die werking van die waarborgfonds).

8 Evaluering

Soos hierbo aangedui, lê sowel die Maatskappywet as die reëls van die JSE 'n sorgsaamheidsplig op 'n bepaalde wyse op die indienende lid ten opsigte van dié stukke wat betrekking het op die oordrag van genoteerde aandele. Hierdie verantwoordelikheid word in sommige kringe as onbillik beskou en 'n wysiging van die bestaande artikel 138 van die Maatskappywet word deur die regskommissie voorgestel. Die vraag is wie behoort die sorgsaamheidsplig uit te oefen ten opsigte van die stukke wat betrekking het op die oordrag. (Kyk in die algemeen oor die sorgsaamheidsplig van die effektemakelaar Van Zyl *Aspekte van beleggersbeskerming in die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-proefskrif Unisa (1991) 95–96; Oosthuizen "Die rol van die effektemakelaar in beleggersbeskerming op die Johannesburgse Effektebeurs" 1990 *TSAR* 90 279.)

Indien die *status quo* gehandhaaf word, geniet die maatskappy vrywaring teen die eis om skadevergoeding wat ingevolge artikel 115 van die Maatskappywet teen 'n maatskappy toegestaan kan word. Die maatskappy kan ingevolge die

vrywaring waarvoor in artikel 138 voorsiening gemaak word, skadevergoeding eis van die persoon wat die stukke tot die oordrag ingedien het. Die maatskappy hoef nie te beweer dat die indienende party nalatig was nie, want die aanspreeklikheid van die indienende party is gebaseer op die outomatiese statutêre vrywaring.

Die gevolg van die huidige artikel 138 is dat die maatskappy en sy oordragsekretaris in bogenoemde situasie beskerm word ten koste van die indienende lid. Die feit dat die maatskappy wat die aandelesertifikaat uitgereik het geen beheer het oor die omstandighede waarin die sekuriteite gekoop en verkoop word nie, onthef dit, soos gesê, van gemelde aanspreeklikheid (Verslag par 2 3 1).

Die vraag is vervolgens of daar met die waarborg en statutêre vrywaring wat maatskappye geniet, weggedoen behoort te word. Die effek hiervan sal wees dat maatskappye, as gevolg van die werking van artikel 115 van die Maatskappywet, elke oordraggewer en oordragnemer moet opspoor ten einde te verseker dat die oordragstukke nie vervals of gesteel is nie. Die probleem is egter dat die genoteerde maatskappy nie in die praktyk daartoe in staat is om die geldigheid van die oordragstukke te verifieer nie omdat hulle geen direkte kontak het met die persone wat aandele koop en verkoop nie. Die reëling sou daarom onprakties wees.

Verder moet daar in gedagte gehou word dat die reëls van die JSE ook 'n waarborg deur die verkopende lid ten opsigte van die stukke skep (kyk par 7 hierbo). Sodanige wysiging in die Maatskappywet sal dus die sorgsaamheidsplig dupliseer aangesien twee partye dieselfde inligting moet verifieer. Die gevolg hiervan sal wees dat die partye hulself teen dieselfde risiko moet verseker wat weer die koste van die oordragprosedure sal verhoog (kyk Verslag par 4 4 5 oor die gelde wat die lid ontvang ter vergoeding van die risikokomponent).

'n Ander moontlikheid is die behoud van die waarborg en statutêre vrywaring met die byvoeging van 'n "versagtingselement" ter wille van billikheid. Die voorgestelde wysiging deur die regskommissie pas hier in (kyk par 2 hierbo). Die toets van nalatigheid is ingevoer sodat die vrywaring nie sal geld nie indien die indienende party kan bewys dat hy te goeder trou opgetree het en dat die maatskappy nalatig gehandel het. Waar die skade deels aan die nalatigheid van die maatskappy en deels aan die nalatigheid van die indienende party te wyte is, word die skadevergoeding deur die hof verminder.

Die invoering van die gemeenregtelike begrip nalatigheid in die voorgestelde wysiging van artikel 138 skep probleme aangesien die statutêre waarborg nie uitgesluit word nie. Hiervolgens sal maatskappye dus nie hoef te verseker dat die oordragstukke eg is nie. 'n Genoteerde maatskappy kan dus nie aanspreeklik gehou word in die geval waar die stukke vervals of gesteel is nie. In die lig van die feit dat daar geen positiewe plig op die maatskappy geplaas word om te verseker dat die oordragstukke eg is nie, sal die bewys van nalatigheid aan die kant van die maatskappy baie moeilik wees. Dit is ook nie duidelik welke standaard van optrede van die maatskappy verwag gaan word in die gebruikmaking van die toets van die redelike persoon (maatskappy) in sodanige omstandighede nie. Die praktiese uitvoerbaarheid van die gewysigde artikel word ook betwyfel indien in ag geneem word dat die indienende party waarborg dat die stukke eg is, maar terselfdertyd die maatskappy van nalatigheid moet "beskuldig" in die registrasie van die oordrag. Die indienende party word dus met die bykans onmoontlike bewyslas opgesaal om te bewys dat die maatskappy

nalatig opgetree het waar dit juis, op grond van die waarborg dat die stukke eg is, 'n oordrag geregistreer het.

Die invoering van die beginsel wat betrekking het op verdeling van skadevergoeding kan ook baie gekompliseerd raak. Die voorgestelde wysiging maak spesifiek daarvoor voorsiening dat die hof uitsluitsel moet gee in gevalle van bydraende nalatigheid. Die gevolg hiervan is dat partye gedwing word om in duur en tydsame hofgedinge betrokke te raak waarvan die eindresultaat onseker is (kyk Verslag par 4 4 7).

Hierbo is gewys op die onsekerheid rakende die interpretasie van die begrip "stukke" (par 4 1). Indien die waarborg en die statutêre vrywaring onveranderd bly geld, sal dit nietemin verwelkom word indien die aandelesertifikaat (of ander titelbewys) uitdruklik van die begrip "stukke" uitgesluit word. Die egtheid van die aandelesertifikaat val immers uitsluitlik in die kennisveld van die uitreikende maatskappy of sy oordragsekretaris wat redelike stappe kan doen om die egtheid van die sertifikaat te verifieer. Daar word tereg ook in die Verslag aangedui dat die regsvergelykende studie wat gedoen is nie die voorstel steun dat die indienende party aanspreeklik gehou moet word waar skade gely is as gevolg van 'n vervalste titelbewys nie (par 4 5 6, 3 1–3 4 4; kyk ook Pennington *Company law* (1990) 352–354).

9 Gevolgtrekking

Die regskommissie se hoofverslag weeg die beskerming van die *bona fide* koper van genoteerde aandele op teen die regte van die eienaar ten einde te bepaal of wetgewing vir 'n nuwe of gewysigde oordragprosedure vir die *bona fide* koper voorsiening moet maak. Die aanvullende verslag van die regskommissie weeg die regte en verpligtinge van die indienende party teen dié van die betrokke maatskappy op met betrekking tot die statutêre waarborg en statutêre vrywaring in die oordrag van genoteerde effekte. Uit beide ondersoeke blyk duidelik dat 'n billiker stelsel vir die oordrag van genoteerde aandele slegs meegebring kan word deur 'n fyn balansering van die belange van die betrokkenes in die oordragprosedure.

Die regskommissie is van mening dat die invoeging van gemeenregtelike nalatigheid en die toepassing van die beginsel van verdeling van skadevergoeding in die voorgestelde wysiging van artikel 138 'n billike oplossing vir die probleem bied. Ek is egter van mening dat die koste van die strenger sorgsaamheidsplig vir die maatskappye die oordragprosedure duurder sal maak. Ek is ook oortuig dat die aanwending van die toets van nalatigheid die prosedure gekompliseerd en omslagtig sal maak.

Aan die ander kant word die voorstel van die regskommissie om die aandelesertifikaat van die statutêre waarborg uit te sluit, verwelkom. Aangesien daar tot op hede geen gerapporteerde beslissing oor die uitleg van artikel 138 is nie, en die regskommissie in beide genoemde ondersoeke bevind het dat die aandelesertifikaat wel deel uitmaak van die "stukke" wat betrekking het op die oordrag, is dit belangrik dat die wetgewer die posisie aanspreek. Dit is immers nie billik dat die indienende lid geag word die egtheid van die titelbewys te waarborg waar dit in werklikheid slegs die uitreikende maatskappy is wat oor die ware feite beskik nie.

Die wysiging (op welke wyse ook al) van artikel 138 van die Maatskappywet bied slegs 'n korttermynoplossing vir die probleme in die Suid-Afrikaanse papiergebaseerde oordragprosedure. Dit is my oorwoë mening dat artikel 138 in

die breë raamwerk van die herstrukturering van die oordragprosedure hersien behoort te word; dit is vir enige party 'n onbenydenswaardige taak om die verantwoordelikheid vir die aandelesertifikaat en ander "stukke" in die bestaande oordragprosedure te dra. Die kern van die probleem lê in die veelvuldige hantering en fisiese beweging van die dokumente. In die ontleding van die oordragprosedure op die JSE kan gemerk word dat die proses vir kontrole en reguleringsdoeleindes grootliks steun op die gebruik van dokumentasie. Voordat daar nie hieraan aandag geskenk word nie bly die sorgsaamheidsplig ten opsigte van die stukke 'n netelige saak (kyk ivm die proses van immobilisasie of dematerialisasie as oplossings Vermaas 401–435).

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 138 van die Maatskappywet, met uitsondering van die uitsluiting van die aandelesertifikaat, in sy huidige vorm behou word omdat die geldende regsposisie die meeste sekerheid aan die partye verskaf, die goedkoopste oordrag verseker en die eenvoudigste proses daarstel.

MARIA VERMAAS
Universiteit van Suid-Afrika

GEGRONDE REDES BY DIE WYSIGING VAN ONDERHOUDSBEVELE: ENKELE GEDAGTES OOR VERANDERDE OMSTANDIGHEDE EN INFLASIE

1 Inleiding

In die onlangs gerapporteerde uitspraak *Beukes v Beukes* 1995 4 SA 429 (O) beslis die hof dat *gegronde rede* soos dit vir wysiging van 'n bestaande onderhoudsbevel uit hoofde van artikel 4(1)(b) van die Wet op Onderhoud 23 van 1963 vereis word, ook in stygende lewenskoste geleë is in die geval waar kinders die onderhoudsgeregtigdes is. Hierdie aangeleentheid word hierin verder vergelykenderwys met die posisie waar gewese eggenote aansoek vir wysiging van 'n onderhoudsbevel doen, onder die loep geneem. Die Wet op Onderhoud vereis dat daar *gegronde rede* vir die vervanging of opheffing van 'n onderhoudsbevel moet bestaan, maar bied self geen aanduiding van 'n verskil in benadering in die geval waar kinders en gewese gades onderskeidelik vir sodanige wysiging aansoek doen nie. Om doelmatigheidsredes word daar in die verdere bespreking slegs na dié situasie verwys waar daar 'n skikkingsooreenkoms tussen gades bereik is wat daarna in 'n hofbevel vervat is.

In casu het die huwelik tussen die partye in 1988 ontbind. Respondent is gelas om R200 per maand vir die onderhoud van die partye se (toe 11-jarige) seun by te dra. Die bedrag is later verhoog en appellante eis nou weer in die onderhoudshof vir verhoging van die bedrag op grond daarvan dat "appellante getuig . . . dat sy nie meer kan uitkom met die onderhoud nie" (431C). Na die afhandeling van haar getuienis het albei partye se regsverteenwoordigers betoog en die landdros het daarna in effek absolusie van die instansie gegee sonder dat respondent getuig het.

In die afwysing van appellante se eis verduidelik die onderhoudshof dat hy nie 'n ander hof se bevele na willekeur kan hersien nie en dat daar bewys moet word

dat die omstandighede van die partye sodanig verander het dat dit 'n ingryping regverdig (431G). Appellante het haar nie van hierdie bewyslas gekwyt nie en die onderhoudshof bevind dat sy nie bewys het dat haar finansiële posisie sodanig verander het dat daar met die bestaande bevel ingemeng moet word nie. Haar getuienis was eenvoudig dat lewenskoste op die datum van verhoor (1994) baie hoër was as in 1988 toe die bevel gemaak en die seun 11 jaar oud was.

In appèl word die bevel van die onderhoudshof tersyde gestel en na die onderhoudshof vir verdere ondersoek terug verwys. Ter motivering van die bevel verduidelik die hof dat dit

> "nie moeilik is om in te sien wat dit vandag kos om selfs 'n klein huishouding aan die gang te hou nie en om in die behoeftes van 'n 16-jarige seun te voorsien nie. Daar kan sekerlik kennis geneem word van die feit dat die lewenskoste vandag baie hoër is as wat dit in 1988 was" (431H–I).

Die hof maak dit duidelik dat gegronde rede nie noodwendig net veranderde omstandighede behels nie en stel hom daarmee dus ondubbelsinnig op die standpunt dat inflasie as sodanig (en die daarmee gepaardgaande verhoging in lewenskoste) gegronde rede vir die aanpassing van 'n onderhoudsbedrag kan bied waar die belange van kinders ter sprake is. Teenoor hierdie standpunt, wat geykte reg is in die geval waar die belange van kinders ter sprake is, blyk dit dat die benadering van die howe in die geval waar gewese eggenote hulle op inflasie as gegronde rede beroep, nie eenduidig is nie.

2 Inflasie as gegronde rede by beoordeling van aansoeke om wysiging van onderhoudsbevele

2 1 Wysiging van onderhoudsbevele in die geval van gewese gades

In die geval van aansoeke om wysiging van onderhoudsbevele tussen eertydse gades, is die howe enigsins terughoudend om inflasie as gegronde rede te beskou. In *Louis v Louis* 1973 2 SA 597 (T) verduidelik die hof dat 'n verhoging in die lewenskoste op sigself nie 'n gegronde rede vir die verhoging van 'n onderhoudsbevel is nie, want as dit die geval sou wees, sou die howe oorstroom word met aansoeke vir verhoging van onderhoud (599A–B). Gesag vir hierdie standpunt vind die hof in *Hossack v Hossack* 1956 3 SA 159 (W). Daar word gesê dat die korrekte uitleg van artikel 10(1) en (2) van die Wet op Huweliksaangeleenthede 37 van 1953, wat eweneens 'n gegronde rede vereis, beteken dat "[t]here must be something more than the financial position of the parties alone" wat 'n hof in aanmerking sal neem alvorens 'n wysiging aan 'n bestaande hofbevel aangebring word (165C). Verdere gesag vir hierdie benadering word in *Van Wyk v Van Wyk* 1954 4 SA 594 (W) en *Stone v Stone* 1966 4 SA 98 (K) gevind. In laasgemelde saak verduidelik die hof dat indien "a material change in the circumstances" nie plaasgevind het nie, dit maklik tot 'n situasie kan lei dat 'n gade eenvoudig onophoudelik sal probeer om verhoging/verlaging van 'n onderhoudsbevel te kry.

'n Soortgelyke benadering word in *Copelowitz v Copelowitz* 1969 4 SA 64 (K) gevind. Die hof stel dit daar dat tensy daar "special circumstances" ontstaan die oorspronklike onderhoudsbedrag gehandhaaf moet word.

Bovermelde benadering word enigsins genuanseer in *Levin v Levin* 1984 2 SA 298 (K), 'n gewysde wat eweneens oor die wysiging van 'n bestaande onderhoudsbevel tussen gewese gades handel. Die hof verduidelik dat *Louis* en *Copelowitz* nie verstaan moet word as sou hulle neerlê dat inflasie nooit op sigself 'n gegronde rede vir die verhoging van 'n onderhoudsbevel kan wees nie.

In die periode 1969–1973 toe dié gewysdes beslis is, was die bestaan van inflasie iets waarmee die gemeenskap moes saamleef – "the gradual depreciation over the years in the value of money was one of the facts of life" (304F). Die partye moet dus bewus van hierdie fenomeen gewees het en dat lewenskoste stadig maar seker sou styg. Wanneer hulle dan om onderhoud beding het, moet aanvaar word dat hulle hierdie feit in berekening gebring het. Die hof gee derhalwe ter oorweging dat dit die rede was hoekom daar in die vermelde beslissings tot die gevolgtrekking geraak is dat inflasie op sigself genome onvoldoende rede vir die verhoging van onderhoud aan 'n geskeide gade bied.

Die posisie is egter anders waar die effek van inflasie nie deur die kontrakterende partye voorsien is of redelikerwys voorsien kon word nie. Ter illustrasie van dié argument haal die hof die deskundige getuienis aan wat in *Ex parte Sidelsky* 1983 4 SA 598 (K) aangevoer is:

> "In my view, no economist, let alone a prudent businessman, foresaw or could have possibly foreseen anything like the inflation that has incurred since 1945 as it was simply unheard of in South African economics at that time, since nothing like this had occurred in South Africa, even during the Second World War" (304I).

Die hof konkludeer vervolgens dat geen makro-ekonoom in 1974 (toe die bevel gemaak is) die gevolge van die oliekrisis in 1973, en meer spesifiek die steeds opwaartse neiging in die lewenskoste as gevolg van 'n "rampant inflation" kon voorsien nie. Dit kon derhalwe ook nie van die partye betrokke in 'n egskeidingsgeding verwag word om dit te voorsien nie. Sou die partye egter oor die onderhoudsaangeleentheid geskik het terwyl die "ravages of inflation" aan hulle bekend was, of verwag kon word aan hulle bekend te wees, sou die situasie anders daar uitsien en sou inflasie op sigself genome nie 'n veranderde omstandigheid bied nie (305A–D).

Hierdie benadering strook breedweg met dié in *Roos v Roos* 1945 TPD 84 soos dit in *Hancock v Hancock* 1957 2 SA 500 (K) nagevolg is. In dié beslissings word van die standpunt uitgegaan dat

> "variation will be ordered not only in case of breach by either party, but because there had been such a change in the conditions that existed when the order was made that it would now be unfair that the order should stand in its original form" (501G).

Dit is enersyds dus duidelik dat daar in bogemelde beslissings in beduidende mate by die beginsel van *pacta servanda sunt* gehou word by die oorweging van sodanige aansoeke, en andersyds dat die posisie soos dit bestaan het voor die Wet op Huweliksaangeleenthede 37 van 1953, naamlik dat 'n hof nie 'n bevel kon wysig wat 'n skikkingsooreenkoms tussen gades beliggaam het nie (Hahlo *South African law of husband and wife* 4 uitg 442 vn 94), steeds in hierdie uitsprake neerslag vind.

Teenoor bogenoemde trant van argument word dié gevind dat veranderde omstandighede nie noodwendig as gegronde rede vereis word in die geval waar 'n gewese eggenoot aansoek doen vir die wysiging van 'n onderhoudsbevel nie. In *Havenga v Havenga* 1968 2 SA 438 (T) word die posisie byvoorbeeld soos volg verduidelik:

> "As algemene uitgangspunt kan dit gestel word dat in die afwesigheid van 'n wesenlike verandering van omstandighede daar nie gegronde redes kan bestaan vir die vervanging of opheffing van 'n onderhoudsbevel nie. Veranderde omstandighede is egter nie 'n statutêre voorvereiste nie. Daar kan omstandighede wees waar daar gegronde redes is vir die vervanging of opheffing van 'n onderhoudsbevel sonder dat daar 'n wesenlike verandering van omstandighede plaasgevind het" (445D).

Sonder om enigsins in 'n debat te verval oor die uitleg van veranderde omstandighede soos in artikel 4 van die Wet op Onderhoud uiteengesit, word ter oorweging gegee dat die benadering in *Havenga* die posisie korrek weergee. Veranderde omstandighede word nie in artikel 4(1) vereis nie en is inderdaad niks meer nie as 'n praktyksreëling wat ontstaan het. Daar word aan die hand gedoen dat die wetgewer hom doelbewus op so 'n wye omskrywing gestel het ten einde aan die onderhoudshof die verpligting op te lê om met 'n breë perspektief na die betrokke aansoek te kyk. Die benadering dat dit "unfair" moet wees dat die bevel in sy oorspronklike formaat moet bly voortbestaan (*Roos supra*) en dat "moral and ethical reasons apart from the financial needs of the parties which appear to necessitate the alteration of the order" (*Jacobs v Jacobs* 1955 1 SA 235 (W); *Barnard v Barnard* 1970 3 SA 161 (O)) as gegronde rede vir die wysiging van 'n onderhoudsbevel aanvaar kan word, lyk korrek. Daarom kan inflasie, as die besondere omvang daarvan nie voorsien kon word deur die partye tydens skikkingsonderhandelinge nie, wel as gegronde rede vir die wysiging van die bestaande bevel dien.

2 2 Wysiging van onderhoudsbevele waar kinders die onderhoudsgeregtigdes is

Waar aansoek gedoen word om die wysiging van 'n onderhoudsbevel waar kinders die onderhoudsgeregtigdes is, is die posisie duidelik uitgeklaar. In *Vedovato v Vedovato* 1980 1 SA 772 (T), waarna die hof in *Beukes supra* verwys, word kort en bondig verduidelik dat lewenskoste so snel styg dat wat voorheen as 'n buitengewoon hoë onderhoudsbedrag geag kon word, vandag nie meer as sodanig beskou kan word nie. Die hof sê:

> "This is a case of a father having to support his children, and their needs must inevitably be assessed against the rising cost of making provision for them" (775E–F).

Die "rising cost" is derhalwe op sigself 'n grond vir wysiging van 'n onderhoudsbevel vir kinders aangesien hulle veranderende behoeftes sodanige aanpassing noodsaak. Hierdie benadering strook met alledaagse realiteit en kan kwalik bevraagteken word. Die grondslag vir die onderhoudsbevel is in hierdie geval nie die aanvanklike ooreenkoms wat tussen partye bereik is nie, maar eerder die behoefte van die kind. Stygende lewenskoste word derhalwe ondubbelsinnig as gegronde rede vir die wysiging van 'n onderhoudsbevel gesien (774F–G; vgl ook *Prophet v Prophet* 1948 4 SA 325 (O) 329). Die beste belang van die kind is die deurslaggewende faktor in hierdie omstandighede en die kriterium vir die vasstelling van die onderhoudsverpligting is juis die onderhoudspligte se "station in life" (*Prophet supra* 329; *Herfst v Herfst* 1964 4 SA 127 (W) 130E–F).

Regter Ludorf stel die situasie in *Hossack supra* myns insiens in die regte perspektief waar hy verduidelik dat

> "'good cause' which an applicant must show in an application for the variation of an order for the maintenance of minor children . . . may differ materially from 'good cause' which an applicant must show in an application (by a divorced wife) . . . In the former type of application an applicant need usually only show an ability on the part of the respondent to pay more and a need that more should be paid. In my view, something more will have to be shown in most cases where a divorced spouse wishes to vary an agreement for maintenance entered into . . ." (163H).

3 Slot

Dit blyk dat waar kinders die onderhoudsgeregtigdes is, eenstemmigheid bestaan dat veranderde omstandighede nie vereis word vir die wysiging van 'n bestaande

onderhoudsbevel nie. Inflasie is derhalwe as sodanig 'n grond vir die wysiging van sodanige bevel. In die geval waar 'n skikkingsooreenkoms tussen gades 'n bevel van die hof gemaak is en daar om wysiging van daardie bevel aansoek gedoen word, is die posisie enigsins meer gekompliseerd daar die beginsel van *pacta servanda sunt* en die historiese aanloop ten aansien van die wysiging van sodanige aansoeke in beduidende mate 'n oorweging by sommige howe is. Daarom word daar gevind dat sommige gewysdes wel veranderde omstandighede vereis (*Stone* en *Louis supra*), dat ander dié benadering genuanseerd navolg deur te vereis dat dit "unfair" moet wees dat die oorspronklike bevel gehandhaaf word (*Levin supra*), en dat ander beslissings veranderde omstandighede nie noodwendig as vereiste sien nie (*Havenga supra*). Die benadering jeens veranderde omstandighede sal die siening aangaande inflasie as gegronde rede raak. Dit is gevolglik te verstane dat die hof in *Levin* inflasie as gegronde rede sou sien. In *Havenga* sou dit klaarblyklik ook as gegronde rede beskou word. Daarteenoor sou dit nie die geval in *Louis* wees nie daar die partye aan hulle ooreenkoms (wat in 'n bevel van die hof vervat is) gehou word behalwe as daar gegronde rede vir die wysiging daarvan bestaan.

JA ROBINSON
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

ARTIKEL 2(3) VAN DIE WET OP TESTAMENTE 7 VAN 1953 EN SUBSTANSIËLE NAKOMING VAN FORMALITEITE: VIER UITSPRAKE IN PERSPEKTIEF

1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse erfreg het verskeie ingrypende (en welkome) veranderings ondergaan met die inwerkingtreding op 1 Oktober 1992 van die Wet tot Wysiging van die Erfreg 43 van 1992. Hierdie wet het onder andere heelwat vernuwende bepalings in die Wet op Testamente 7 van 1953 ingevoeg. Die ingrypendste van hierdie bepalings is sekerlik artikel 2(3) wat ten doel het die verligting van die streng formalistiese benadering van die verlede wat 'n testament (of die wysiging daarvan) tot ongeldigheid verdoem het vanweë gebrekkige nakoming van die formaliteite vir testamentsverlyding en/of -wysiging (wat in artikel 2(1)(a) en (b) vervat word). Hierdie doel word bereik deur verlening van 'n kondonasiebevoegdheid aan die hof ingevolge waarvan dit die meester kan gelas om 'n dokument (of wysiging daarvan) wat deur die opsteller daarvan as testament (of wysiging) bedoel was, as sodanig te aanvaar, ten spyte van die feit dat dit nie aan al die voorgeskrewe formaliteite voldoen nie. Die volledige artikel lui soos volg:

> "Indien 'n hof oortuig is dat 'n dokument of die wysiging van 'n dokument wat opgestel of verly is deur 'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is, bedoel om sy testament of 'n wysiging van sy testament te wees, gelas die hof die Meester om daardie dokument, of die dokument soos gewysig, vir doeleindes van die Boedelwet, 1965 (Wet No 66 van 1965), as testament te

> aanvaar ofskoon dit nie aan al die vormvereistes vir die verlyding of wysiging van testamente bedoel in subartikel (1) voldoen nie."

Soos met enige nuwe wetgewing het verskeie kommentatore reeds voor inwerkingtreding van Wet 43 van 1992 heelwat vrae gehad oor die inhoud en toepassing van etlike artikels in dié wet. Artikel 2(3) was geen uitsondering nie. Een van die tergendste vrae is of 'n hof sy kondonasiebevoegdheid kan uitoefen ten opsigte van 'n dokument wat aan geen vormvereistes hoegenaamd voldoen nie. Anders gestel: behoort substansiële nakoming van formaliteite, oftewel 'n drempelvereiste (by uitstek ondertekening deur die erflater), nie 'n *sine qua non* te wees nie alvorens 'n hof ingevolge artikel 2(3) kan optree? Op hierdie vraag is geen konsekwente antwoord onder die onderskeie kommentatore te vind nie en daar is gevolglik met groot afwagting uitgesien na die eerste geleentheid vir ons howe om oor hierdie aangeleentheid te beslis. In 1995 is vier uitsprake gerapporteer waarin die hof die onderhawige kwessie onder die loep geneem het: *Horn v Horn* 1995 1 SA 48 (W), *Logue v The Master* 1995 1 SA 199 (N), *Ex parte Maurice* 1995 2 SA 713 (K) en *Letsekga v The Master* 1995 4 SA 731 (W).

In hierdie bydrae word bogenoemde vier uitsprake ontleed ten einde 'n antwoord op die gestelde probleemvraag te probeer vind. Daar word ook getoon in welke mate die hof se hantering van die aangeleentheid strook met die voorgestelde benadering van die onderskeie kommentatore.

2 Die noodsaaklikheid van formaliteite en die rol van 'n kondonasiebevoegdheid

Daar word algemeen aanvaar dat die aandrang op nakoming van formaliteite by verlyding en wysiging van testamente bestaan ten einde die egtheid van die testament te waarborg deur bedrog of vervalsing tydens die verlydings- en wysigingsproses uit te skakel (*Ex parte Naidu* 1958 1 SA 719 (D); *Philip v The Master* 1980 2 SA 934 (D) 937F). 'n Onbuigsame toepassing van formaliteitsvereistes bring egter mee dat selfs 'n onbeduidende vormgebrek die geldigheid van 'n testament in gedrang bring. Die onbillike resultaat van 'n starre toepassing van formaliteitsvereistes is in ons reg op die spits gedryf in *Kidwell v The Master* 1983 1 SA 509 (OK) toe die hof 'n testament ongeldig bevind het vanweë 'n te groot spasie tussen die laaste bepalings van die testament en die testateur se handtekening. Laasgenoemde handtekening het dus nie "aan die end" van die testament verskyn nie soos vereis deur artikel 2(1)(a)(i) van die Wet op Testamente. Die hof kom tot hierdie beslissing ten spyte van die feit dat geen twyfel oor die egtheid van die testament bestaan het en geen bedrog by die verlyding daarvan gepleeg is nie. Regter Kannemeyer spreek sy frustrasie met hierdie resultaat soos volg uit (514F):

> "The conclusion to which I have come is unfortunate for the applicant and may frustrate the testator's intention. This is the result of a failure to observe a statutory requirement for the validity of wills which is peremptory."

Hierdie (en soortgelyke) probleme word nou ondervang deur die kondonasiebevoegdheid in artikel 2(3) verleen: ten spyte van nie-nakoming van vormvereistes kan 'n hof die meester gelas om steeds die betrokke dokument as testament te aanvaar.

Die feite van die *Horn*-uitspraak *supra* bied 'n goeie illustrasie van die aanwending van artikel 2(3). Die oorledene het op die dag van sy selfmoord in 1993 'n dokument in sy eie handskrif geskryf en onderteken waaruit 'n laaste

wilsbeskikking oor sy bates geblyk het. Hierdie wilsbeskikking het afgewyk van dié vervat in 'n geldige testament in 1986 verly. Eersgenoemde dokument is egter nie in die teenwoordigheid van enige ander persoon deur die oorledene onderteken nie en geen getuie het uiteraard die dokument mede-onderteken nie. Die bevoordeeldes ingevolge die 1993-dokument doen aansoek dat dié dokument as die oorledene se laaste testament erken word. Die hof staan die aansoek toe.

In die loop van sy uitspraak merk regter Flemming op dat die oorledene inderdaad die dokument onderteken het, dat die dokument homself 'n testament noem en dat dit in al die omstandighede die "strekking en toon" van die dokument is dat dit bedoel is om as testament te funksioneer (49I). Hierdie omstandighede bied die ideale aanwendingsgebied vir artikel 2(3) aangesien sodoende verseker word dat die oorledene se laaste wilsuiting oor die beskikking van sy bates nie deur 'n vormgebrekkige testament gefrustreer word nie.

3 Substansiële nakoming van formaliteite as vereiste?

Regter Flemming maak in *Horn v Horn supra* enkele opmerkings in verband met die vraag of substansiële nakoming van formaliteite vereis word alvorens 'n hof sy kondonasiebevoegdheid mag uitoefen. Alhoewel hierdie opmerkings streng gesproke *obiter* is, is die regter se denkrigting tog insiggewend. Die algemene strekking van regter Flemming se opmerkings spreek ten gunste van substansiële nakoming van formaliteitsvereistes. Hy fokus veral op die gebruik van die woord "al" in artikel 2(3) ("ofskoon nie aan *al* die vormvereistes vir die verlyding van testamente ... voldoen is nie"). Die feit dat die wetgewer hierdie woord in artikel 2(3) ingevoeg het, sinspeel na die regter se mening op die oorweging dat ten minste aan 'n sekere minimum- of drempelvereiste ten opsigte van formaliteite voldoen moet word alvorens 'n hof 'n vormgebrekkige testament mag kondoneer (94F). Die relevante drempelvereiste hier is klaarblyklik dat die oorledene die betrokke dokument ten minste moet onderteken het. Hierdie oorweging is egter nie vir die hof in die *Horn*-saak 'n struikelblok op die weg na sy beslissing ten gunste van kondonasie nie aangesien die dokument *in casu* wel deur die oorledene onderteken is.

Bogaande standpunt van regter Flemming strook met dié van Jamneck (1994 *THRHR* 598) wat betoog dat die betrokke dokument minstens op die een of ander manier, hetsy by wyse van 'n handtekening of by wyse van 'n merk, as die wilsbeskikking van die oorledene geïdentifiseer moet kan word alvorens 'n hof ondersoek sal instel na die vraag of die dokument inderdaad as testament bedoel was.

Daar word ter oorweging gegee dat regter Flemming en Jamneck se standpunte ten gunste van 'n drempelvereiste nie navolgenswaardig is nie. Jamneck se uitgangspunt dat ondertekening deur die erflater vir identifikasiedoeleindes vereis moet word, is klaarblyklik gewortel in die oorweging dat formaliteitsvereistes as 'n effektiewe skans teen bedrog dien. Ondertekening deur die erflater is dus, ten spyte van die hof se kondonasiebevoegdheid, 'n minimum vereiste ten einde die egtheid van die wilsuiting te bepaal en die moontlikheid van bedrog uit te skakel. Hierdie standpunt sneuwel na my mening om twee redes:

(a) Daar word allerweë aanvaar dat die feit dat 'n handtekening op 'n dokument voorkom, geen waarborg bied ten opsigte van die egtheid daarvan nie. In *Horn v Horn supra* 490 merk regter Flemming byvoorbeeld op dat die getuienis van handskrifdeskundiges in hierdie verband van groot waarde is – dermate dat die

rol van getuies wat by verlyding van 'n testament die handtekening van die erflater bevestig, 'n "misbare funksie" is. Getuienis deur deskundiges of ander toelaatbare getuienis omtrent die omstandighede waarin die betrokke dokument opgestel is, bied moontlik beter beskerming teen bedrog as die aandrang op ondertekening deur die erflater. Daar word verder ter oorweging gegee dat selfs waar 'n hof gevra word om 'n dokument as testament te kondoneer wat die handtekening van die (beweerde) erflater bevat, die hof steeds na gelang van die omstandighede op verdere getuienis moet aandring ten einde homself te vergewis van die egtheid van die dokument.

(b) Indien aanvaar word dat Jamneck se standpunt tog meriete inhou, moet dit konsekwent deurgevoer word. Dit beteken dat nie alleen ondertekening aan die end van die dokument deur die erflater (ooreenkomstig a 2(1)(a)(i)) as drempelvereiste gestel moet word nie, maar, indien die dokument uit meer as een bladsy bestaan, ook elke ander bladsy as dié waarop dit eindig deur die erflater (ooreenkomstig a 2(1)(a)(iv)) onderteken moet word ten einde die egtheid van die hele dokument te waarborg.

Die uitspraak in *Logue v The Master supra* toon duidelik dat hierdie standpunt nie water hou nie. *In casu* het die oorledene ook 'n handgeskrewe dokument nagelaat waarin hy sy laaste wilsbeskikking ten opsigte van sy bates openbaar het. Dié dokument het uit twee bladsye bestaan en is op die laaste bladsy deur die oorledene onderteken. Niemand het egter as getuie geteken nie en die oorledene het ook nie die eerste bladsy onderteken nie. Die aansoek dat hierdie dokument as testament van die oorledene erken word, word toegestaan.

Ten opsigte van die afwesigheid van getuies tydens verlyding van die dokument, bevind die hof by monde van regter Booysen (soos in *Horn v Horn*) dat die bevestiging van die erflater se handtekening deur getuies in der waarheid weinig beskerming teen bedrog bied. Nie-voldoening aan hierdie formaliteitsvereiste is daarom kondoneerbaar, mits aan die ander voorskrifte van artikel 2(3) voldoen word (202D–H). Die hof sien nie die afwesigheid van die oorledene se handtekening op die eerste bladsy van die dokument as 'n struikelblok op die weg na kondonasie nie, aangesien die hele dokument in die oorledene se handskrif is (dit is nie in die hof betwis nie maar sou klaarblyklik deur 'n deskundige bevestig kon word) en dit 'n effektiewe skans teen moontlike bedrog bied (202I; sien ook Sonnekus 1992 *THRHR* 161). Die egtheid van die hele dokument as laaste wilsbeskikking van die oorledene is dus gewaarborg nie alleen deur ondertekening nie, maar veral deur die feit dat hy dit self geskryf het.

Regter Flemming se standpunt in *Horn v Horn* oor die gebruik van die woord "al" in artikel 2(3) is moeiliker te beantwoord as dié van Jamneck. Dié woord suggereer kennelik dat 'n hof slegs ingevolge artikel 2(3) kan handel indien wel aan sommige vormvereistes voldoen is. Wat die onderhawige aangeleentheid des te meer problematies maak, is die feit dat die wetgewer klaarblyklik afgewyk het van die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Regskommissie soos blyk uit die *Verslag oor hersiening van die erfreg* van Junie 1992 (par 2.20–2.22). Hierin spreek die regskommissie hom uit ten gunste van 'n kondonasiebevoegdheid wat "nie gekniehalter moet word deur 'n reël wat wesenlike voldoening aan testamentsformaliteite vereis nie". Die enigste vereiste wat die regskommissie stel, is dat die betrokke dokument op skrif gestel moet wees, met die implikasie dat selfs 'n dokument wat nie deur die erflater onderteken is nie, gekondoneer mag word.

Wat die uitwerking van die woord "al" op ons howe se toepassing van artikel 2(3) gaan wees, sal die tyd moet leer. Daar word egter ter oorweging gegee dat 'n hof hom nie blind moet staar teen dié woord nie, veral nie in die lig van die oorheersende bedoeling wat artikel 2(3) onderlê nie, naamlik om uitvoering te gee aan die bedoeling van die erflater sonder dat 'n vormgebrekkige testament hierdie bedoeling kniehalter. Indien "al" inderdaad geïnterpreteer word as sou dit 'n drempelvereiste vir kondonasie daarstel, sal dit opsigtelik onbillike resultate in die volgende situasie meebring:

'n Erflater wil 'n testament laat opstel en nader sy prokureur met besonderhede omtrent die inhoud daarvan. Die prokureur stel die dokument op maar op die dag waarop die erflater die dokument sou onderteken, sterf hy voordat aan enige formaliteitsvereistes voldoen kan word. Ten spyte van 'n totaal vormgebrekkige testament kan die prokureur bevestig dat die dokument bedoel is om die laaste en egte wilsuiting van die erflater ten opsigte van die verdeling van sy bates te wees. Daar word ter oorweging gegee dat die wetgewer nouliks kon bedoel het dat die hof wat om kondonasie van bogenoemde dokument genader word, dit kan weier bloot omdat 'n drempelvereiste ten opsigte van formaliteite nie nagekom is nie terwyl aan al die ander voorskrifte van artikel 2(3) voldoen en die egtheid van die dokument bevestig kan word. (Sien Sonnekus 1995 *TSAR* 361–362 wat oortuigend betoog dat, in die lig van moderne verlydingstegnieke en die bewoording van a 2(3), die kondonasiebevoegdheid nie beperk is tot eiehandiggeskrewe dokumente nie maar ook geld vir dokumente deur 'n ander opgestel.)

Sonnekus 363 betoog in hierdie verband dat die Wet op Testamente geen enkele formaliteitsvereiste belangriker as die ander ag nie. Die argument hou dus nie water nie dat 'n dokument by ontstentenis aan dáárdie bepaalde vereiste daarom nie langer kondoneerbaar is nie. Ook ondertekening deur die erflater is geen drempelvereiste vir die uitoefening van 'n hof se kondonasiebevoegdheid nie. Die interpretasie en toepassing van hierdie aangeleentheid is egter in die hande van ons howe en daar kan met Sonnekus saamgestem word dat dit "sekerlik die spilpunt in die toekomstige aanwending van die kondoneringsbevoegdheid [sal] vorm".

4 Beperking op die omvang van die kondonasiebevoegdheid

Die standpunt dat 'n hof ingevolge artikel 2(3) mag optree selfs ten opsigte van 'n dokument waarin aan geen enkele formaliteit voldoen is nie, beteken egter nie dat 'n algeheel ongebreidelde kondonasiebevoegdheid ten opsigte van enige vormgebrekkige wilsuiting bestaan nie. Die wetgewer het 'n effektiewe beperking in dié artikel ingebou, naamlik dat dit die oorledene se bedoeling moet wees dat die betrokke dokument inderdaad as testament moet funksioneer. Dit beteken dat 'n vormgebrekkige dokument wat bloot as konsep- of ontwerpdokument deur die oorledene bedag was, nie tot testament verhef kan word deur die kondonasiebevoegdheid van artikel 2(3) nie.

'n Goeie illustrasie van wat 'n hof se benadering in so 'n geval moet wees, is te vinde in *Ex parte Maurice supra*. Die oorledene het na sy aftrede verskeie dokumente saam met 'n brief aan sy opvolger by 'n bouvereniging gestuur. Dié dokumente het 'n uiteensetting bevat van sy laaste wilsbeskikking ten opsigte van sy bates. In die brief gee hy opdrag aan sy opvolger om die dokumente deur te lees, "[to] knock it into shape" en "to put it into 'legal jargon'". Aansoek word gedoen dat bogenoemde dokumente as die oorledene se testament erken word

ten spyte van die feit dat dit aan geen formaliteite vir die verlyding van 'n testament voldoen nie.

Die hof, by monde van regter Selikowitz, sit die regsposisie soos volg uiteen (716J–717B):

> "Had the Legislature intended to empower the Court to give a document which simply expressed the testator's wishes for the distribution of his estate to be treated as his will, the Legislature would have said so and would have focused upon the document having to reflect the testator's distribution intentions rather than his/her intention in regard to the status of the document as his/her will. Of course, to treat a document which simply reflects or expresses the testator's disposition intention as his will negates the need for testamentary formalities and allows any expression of intention to be treated as a will. The continued retention by the Legislature of the formal requirements for the validity of a will in section 2(1) of the Wills Act is inconsistent with the adoption of any alternative interpretation of section 2(3)."

Op die feite is regter Selikowitz tereg van mening dat die oorledene nie die betrokke dokumente as sy testament bedoel het nie – die dokument wat deur sy opvolger opgestel sou word met behulp van die inligting in eersgenoemde dokumente vervat, sou in die oorledene se oë as sy testament funksioneer (717F–G). Die hof weier gevolglik om sy kondonasiebevoegdheid uit te oefen en die aansoek word van die hand gewys.

Daar dien op gelet te word dat die regter se aandrang op die nakoming van vormvereistes soos blyk uit die laaste gedeelte van bogaande *dictum*, nie 'n poging is om substansiële nakoming van dié vereistes tot *sine qua non* vir uitoefening van die kondonasiebevoegdheid te verhef nie. Die fokus op formaliteite dien klaarblyklik eerder as meganisme om die oorledene se bedoeling vas te stel dat die betrokke dokument testamentêre status moet geniet in teenstelling met 'n bedoeling dat dié dokument bloot instruksies ten opsigte van die inhoud van die uiteindelike testament bevat en dus konsepstatus moet geniet. Sodanige nakoming is weer eens nie die enigste aanduiding van die oorledene se bedoeling nie – dié bedoeling kan ook deur middel van ander getuienis vasgestel word. (Let weer op die vb in par 3 *supra* bespreek.)

In *Letsekga v The Master supra* kom die hof tot 'n soortgelyke beslissing. Ook in hierdie geval het die oorledene, naas 'n bestaande geldige testament, 'n dokument nagelaat met bepaalde instruksies ten opsigte van die verdeling van sy bates. Hierdie dokument is deur die oorledene self opgestel maar het aan geen van die voorgeskrewe formaliteite voldoen nie. Aansoek word gedoen dat laasgenoemde dokument as wysiging van die geldige testament moet funksioneer soos in artikel 2(3) beoog. Met 'n beroep op die uitspraak in *Ex parte Maurice supra* wys regter Navsa die aansoek van die hand omdat die betrokke dokument bloot as konsepdokument gereken word. Die regter neem die volgende feite in aanmerking ten einde dié beslissing te bereik:

- die handgeskrewe dokument is sonder titel – geen aanduiding dus dat dit as selfstandige testament of wysiging van die bestaande testament moet funksioneer nie (735G);
- die bewoording en struktuur van die handgeskrewe dokument dui daarop dat dit as konsep bedoel is van wysigings wat later aan die bestaande testament aangebring moet word (735I–736G);
- die oorledene het nie die handgeskrewe dokument onderteken nie en daar bestaan geen ander aanduiding van 'n bedoeling aan sy kant dat dié dokument die status van 'n finale wilsbeskikking moet geniet nie (736I); en

- die oorledene was klaarblyklik 'n uitgeslape besigheidsman met 'n grondige kennis van die reg wat sou toesien dat daadwerklike wysigings aan sy bestaande testament aan die voorgeskrewe formaliteite voldoen (736I–J).

Die vraag na die erflater se bedoeling ten opsigte van die status van 'n vormgebrekkige dokument as óf 'n testament óf 'n blote konsepdokument het nie op die feite van die *Maurice*- en *Letsekga*-uitspraak veel probleme opgelewer nie. Die uitspraak in *Logue v The Master supra* bied egter 'n blik op 'n probleemsituasie wat in hierdie verband kan ontstaan. Die oorledene het 'n eiehandiggeskrewe dokument nagelaat, deur homself onderteken, waarin hy oor sy bates beskik het. Na die mening van die hof het die oorledene waarskynlik dié dokument geskryf met die doel om dit te laat tik. Dit word afgelei uit instruksies ten opsigte van, onder andere, die lettertipe wat die oorledene op die dokument aangebring het. Die dokument is ook deur die oorledene onderteken en gedateer met 'n pen wat verskil het van dié waarmee die dokument geskryf is. Op hierdie feite wil dit voorkom of die oorledene die dokument aanvanklik as konsepdokument opgestel het maar dit later onderteken en dateer het met die bedoeling dat dit as laaste wilsbeskikking ten opsigte van sy bates moet funksioneer (201G–I). Dit was dus na ondertekening nie meer 'n blote konsepdokument in sy oë nie. Aangesien aan al die voorskrifte van artikel 2(3) voldoen is, oefen die hof wel sy kondonasiebevoegdheid uit.

Die vraag wat onmiddellik ontstaan, is of die hof tot 'n soortgelyke beslissing sou kon kom indien die oorledene steeds sy bedoeling ten opsigte van die status van die dokument verander het maar nie die dokument onderteken of dateer het om dit aan te dui nie. Daar word ter oorweging gegee dat die antwoord op hierdie vraag positief moet wees mits die hof oortuig is van (i) die egtheid van die dokument en (ii) die oorledene se bedoeling dat dit as testament moet funksioneer. Beide kan deur middel van toelaatbare getuienis bevestig word en is nie uitsluitlik afhanklik van ondertekening van die dokument deur die oorledene nie.

5 Gevolgtrekking

Ten spyte van meningsverskil onder kommentatore wil dit voorkom of 'n hof se kondonasiebevoegdheid ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente nie beperk is tot gevalle waar daar wel substansiële nakoming van formaliteite geskied nie. Daar word egter aan die hand gedoen dat 'n hof wat om kondonasie genader word in 'n geval waar aan geen formaliteite hoegenaamd voldoen is nie, sy bevoegdheid met groot omsigtigheid moet uitoefen en homself deeglik moet vergewis van (i) die egtheid van die dokument en die afwesigheid van bedrog by die opstel daarvan en (ii) die oorledene se bedoeling dat die betrokke dokument inderdaad as testament moet funksioneer. Sodoende word die oogmerk van artikel 2(3) verwesenlik, naamlik dat 'n bewese en egte wilsuiting van 'n erflater ten opsigte van die beskikking oor sy/haar bates nie deur 'n (selfs algeheel) vormgebrekkige testament gekniehalter word nie.

F DU TOIT
Universiteit van Wes-Kaapland

DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE STAAT VIR FOUTE VAN DIE REGSPREKENDE GESAG: IS DIE OERVADER UITEINDELIK ONTHEILIG?

1 Inleiding

Op 19 Desember 1991 het die Belgiese *Hof van Cassatie*, in die sogenaamde *Anca-arrest*, beslis dat die staat in die algemeen aanspreeklik is vir skade veroorsaak deur jurisdiksionele handelinge van die regsprekende gesag (Cass 19 December 1991, Rev Reg Dr 1991, 411–418 – saamgevat deur Storme "De rechterlijke macht" 1993 *NJB* 917). Hierdie beslissing staan uit nie slegs as 'n baken in die (moderne) ordeningsgeskiedenis van die menslike gemeenskap nie maar ook in die sosio-emosionele evolusieproses van die mens. Hierdeur word die regsprekende gesag deliktueel verantwoordelik gestel teenoor die regsonderdane.

Dit is 'n bekende historiese feit dat ongekontroleerde mag die voedingsbron van tirannie en onderdrukking is (Tuttle en Russell "Preserving judicial integrity: Some comments on the role of the judiciary and the 'blending' of powers" 1988 *Emory LJ* 587). Die regsprekende gesag vervul 'n belangrike kontrolefunksie ten aansien van die wetgewende en uitvoerende gesag (sien Althouse "How to build a separate sphere: Federal courts and state power" 1987 *Harvard LR* 1485). In 'n onlangse artikel het ek verskeie "buite-juridiese" en "juridiese" kontrolemeganismes van die regsprekende gesag geïdentifiseer ("Tussen onafhanklikheid en tirannie: Opmerkinge oor die kontrolemeganismes van die regsprekende gesag" 1993 *De Jure* 347). In die *Anca-arrest* kom 'n verdere kontrolemeganisme ter sprake, naamlik deliktuele kontrole. Hiervolgens dien die regsonderdaan (die beslissingbetrokkene) se reg tot deliktuele aksie as kontrolemeganisme van die handelinge van die regsprekende gesag. Die regsprekende gesag word deur mense beman en mense toon oral die neiging om foute te maak. Kontrolemeganismes is juis daarop gerig om foute en benadeling te voorkom of reg te stel. Oor regterlike foute verklaar Kortmann ("Wie betaald de rekening?" 1993 *NJB* 921) soos volg:

> "Rechterswerk is mensenwerk. Ook door rechters worden fouten gemaakt. Zo zijn in de jurisprudentie voorbeelden te vinden van fouten waaroor de justiabele de toegang tot de appelrechter werd onthouden of bemoeilijkt. Ik noem hier als voorbeelden het niet tijdig voor het einde van de appeltermijn toesturen van de uitspraak aan de betrokkenen, het vermelden van een onjuiste appeltermijn in de uitspraak en het verkeerd beoordelen van de appelgrens in een geval waarin de appelabiliteit wordt bepaald door de optelsom van de vorderingen in conventie en reconventie. Ook de rechter die verzuimt aan zijn hoorplicht te voldoen of het beginsel van hoor en wederhoor niet in acht neemt, maakt zich schuldig aan een misslag. Rechterlijke fouten kunnen voorts veroorzaakt worden door slordigheden. Bijvoorbeeld het verzuim de beslissing uitvoerbaar bij voorraad te verklaren, hoewel dit de bedoeling van de rechter was; vermelding van een verkeerd bedrag in het dictum; het bezigen van verkeerde namen in een rechterlijke beslissing. Naast deze procedurele en slordigheidsfouten kan men voorts denken aan onjuiste juridische oordelen" (sien ook Verougstraete "De rechter en de macht" in Storme (red) *Recht en macht* (1990) 182; Eckhoff "Impartiality, separation of powers, and judicial independence" 1965 *Scandinavian Studies in Law* 22).

Die publiek is minder ingelig oor die regsprekende gesag as oor ander afdelings van die staatsgesag (Gordon "The judicial image: Is a facelift necessary?" 1985 *Justice System J* 315). Hierdie toedrag van sake is vinnig besig om te verander. Trouens, daar is al in die VSA voorgestel dat 'n meganisme of kanaal geskep word om die publiek se navrae oor regsgedinge en hofuitsprake te beantwoord (Johnson "Equal access to justice" 1989 *Alabama LR* 1). Die Supreme Court in die VSA bied 'n duidelike ondersteuning vir die belangstelling van die publiek in die aktiwiteite van die regsprekende gesag (howe) deur *in camera*-verhore slegs in uitsonderlike gevalle te onderskryf (*Globe Newspaper Co v Superior Court of the County of Norfolk* 449 US 894, 66 L Ed 2d 124, 101 S Ct 259 (1982)). Namate die regsonderdane meer kennis aangaande die regsprekende gesag bekom, sal ook meer kritiese vrae daaroor gevra word en sal die tipiese mensdimensie daarvan toenemend ontbloot word. Die aandrang op kompensasie vir en regstelling van foute, soos orals waar mense funksioneer, sal onvermydelik volg.

In die onderhawige bydrae word die deliktuele aanspreeklikheid van die staat vir foute van die regsprekende gesag kortliks onder die loep geneem.

2 Historiese perspektief

In dié verband is dit vir beter begrip nodig om die volgende onderskeid te maak:

2 1 Antropologiese geskiedenis en sosio-emosionele oorsprong

Soos dikwels nog in die diereryk voorkom, is die vroegste menslike gemeenskap deur die *pater* (tropleier; koning) met fisieke mag (en later ook met psigiese vernuf) regeer. Volgens Freud, en tereg ook, het die vroegste mens begeer om deur onbegrensde mag regeer te word (*Complete psychological works* vol 18 (vertaal deur Strachey, 1971) 127–135). Die *pater* is beide gevrees en bewonder. Hy is gevrees omdat die magsonderdanigheidsinstink van die dierelewe nog sterk in hom teenwoordig was. Hy is bewonder omdat hy as almagtig belewe is (Labuschagne "Die voorrasionele evolusiebasis van die strafreg" 1992 *TRW* 28–29). Hy het 'n almagtige en heilige status gehad (en is so beleef) en kon gevolglik nie foute maak nie, so is geglo (Sagan "Religion and magic: A developmental view" 1979 *Sociological Inquiry* 107; Labuschagne "Geloof in toorkuns: 'n Morele dilemma vir die strafreg?" 1990 *SAS* 252). Die onderhawige problematiek en ontwikkelinge kan in sy kern slegs teen dié sosio-emosionele agtergrond verstaan word.

2 2 Regshistoriese agtergrond

Omdat ons reg, veral ook in staatsregtelike verband, deur die Engelse reg beïnvloed is, moet die volgende onderskei word:

(a) Die Romeins-Europese reg

Hoewel die stelreël *princeps legibus solutus est* in die Romeinse reg aangetref word (*D* 1 3 31), blyk dat die *princeps* hom in die praktyk tog aan die wette gebonde geag het (sien *I* 2 17 8; *C* 1 14 4; Labuschagne "Die uitlegsvermoede teen staatsgebondenheid" 1978 *TRW* 44). 'n Aksie was egter wel beskikbaar teen 'n *iudex* wat op grond van partydigheid, nalatigheid of onkunde fouteer of 'n onbillike beslissing gegee het (*I* 4 5*pr*; *D* 44 7 5 4; *D* 50 13 6 soos bespreek in *Moeketsi v Minister van Justisie* 1988 4 SA 707 (T) 711). Die *actio iniuriarum* kon egter nie teen 'n gesagsdraer ingestel word nie (*D* 47 10 13 6). Regter Van Zyl sê ten aansien van laasgenoemde teks die volgende:

> "Hoewel hierdie teks handel oor die Romeinse *magistratus*, soos die *praetor* of *aedilis curulis*, het dit waarskynlik aanleiding gegee tot die meer genaakbare houding wat in die gemenereg teenoor regterlike amptenare geopenbaar is" (*Moeketsi supra* 711).

Die Romeinsregtelike stelreël *principes legibus solutus est* het nie in die Romeins-Europese fase van die ontwikkeling van ons gemenereg toepassing gevind nie (*Minister of Law and Order v Thandani* 1991 4 SA 862 (A) 872; Joubert "Die gebondenheid van die soewereine wetgewer aan die reg" 1952 *THRHR* 17; Labuschagne 1978 *TRW* 44–47). In dié fase is 'n regter slegs aanspreeklik gehou vir uitsprake wat hy bedrieglik gelewer het (*Moeketsi supra* 711–713 en die verwysings daarin opgeneem).

(b) Die Engelse reg

Oor die staatsregtelike posisie van die soewerein in Engeland verduidelik Kerr, Lawson en Bentley (*Cases in constitutional law* (1979) 72) soos volg:

> "A distinction was drawn in the first place between the natural and politic capacities of the King, the latter of which was made the personification of the State. To this politic capacity were attached certain qualities which could not without absurdity be predicated of a natural man, such as perpetuity and perfection. The former of these qualities might be made to have its practical uses in obviating the difficulties caused by the demise of the Crown, though few practical consequences flowed from it. Clearly, however, the latter had the greatest immediate importance. It was expressed in the maxim that the King can do no wrong. This maxim lost its medieval significance and came to mean first that no intention of abusing his power can be attributed to him, and finally that whatever he does is right. The renewal at this point of the medieval injunction against separating the natural and politic capacities of the King resulted inevitably in the attribution to the monarch as an individual of the qualities of omnipotent and infallible sovereignty."

Die koning is in die lig hiervan beskou as die fontein van geregtigheid (De Smith, Street en Brazier *Constitutional and administrative law* (1983) 144–145). Hy het egter reg gespreek deur sy regters, genoem "King's judges" (sien die argument van St John in *R v Hampden* (The case of ship money) (1637) 3 St Tr 825; Kerr, Lawson en Bentley 78; Labuschagne "Die vraagstuk van onpartydigheid by administratiefregtelike besluitneming" 1992 *SA Publiekreg* 130). Deur die *Star Chamber* het hy inderdaad die regspleging beheer (Kerr, Lawson en Bentley 72 96). Die almag en onfeilbaarheid van die koning is aanvanklik ook aan die regters toegeskryf, synde sy verteenwoordigers. Hierdeur word duidelik aansluiting gevind by die hierbo genoemde sosio-emosionele heilige status van die oervader of koning. Trouens, dit is klaarblyklik steeds gefundeer in dieselfde oeremosionele struktuur wat diep in die mens se gees geanker is. Gedingvoering teen die koning (soewerein) was, in die lig hiervan, ook nie toelaatbaar nie en selfs ondenkbaar. Die howe het voortdurende pogings aangewend om dié reël op 'n rasionele basis te plaas. So het die Amerikaanse Supreme Court by geleentheid verduidelik:

> "A sovereign is exempt from suit, not because of any formal conception or obsolete theory, but on the logical and practical ground that there can be no legal right as against the authority that makes the law on which the right depends" (*Kawanakoa v Polyblank* 205 US 349 353 (1907); Goldman "Can the king do no wrong? A new look at the discretionary function exception to the Federal Tort Claims Act" 1992 *Georgia LR* 837).

In 'n onlangse saak *M v Home Office* [1993] 3 All ER 537 (HL) 541 is bevind dat 'n staatsminister wat 'n hofbevel verontagsaam het in sy amptelike hoedanigheid aanspreeklik is vir minagting van die hof (sien Barrie "Accountability

of cabinet ministers and civil servants for contempt of court" 1993 *TSAR* 532 wat dié saak in 'n vroeër appèlfase bespreek).

3 Deliktuele aanspreeklikheid van die staat

Dat die staat deliktueel vir optrede van die staatsadministrasie (uitvoerende gesag) aanspreeklik gehou kan word, word in beginsel tans oral erken. (Sien Kerr, Lawson en Bentley 97; Hogg *Constitutional law of Canada* (1985) 229–230; Foster-Nolan "Government liability" 1989 *Duquesne LR* 161; Goldman 837.) In Suid-Afrika word veral hoë eise aan die polisie en ander "regshandhawingsmagte" gestel (sien Dendy "When the force frolics: A South African history of state liability for the delicts of the police" 1989 *Acta Juridica* 20; Labuschagne "Deliktuele beskerming van bewegingsvryheid: 'n Volkeregtelike dimensie by onregmatigheid?" 1992 *De Jure* 510). In 'n onlangse saak (*Tödt v Ipser* 1993 3 SA 577 (A)) het die appèlhof selfs beslis dat afwesigheid van wederregtelikheidsbewussyn nie deliktuele aanspreeklikheid weens onregmatige vryheidsontneming verskoon nie (sien verder Labuschagne "Wederregtelikheidsbewussyn by deliktuele aanspreeklikheid weens vryheidsontneming" 1994 *THRHR* 341). In die bespreking wat volg, word die regsposisie ten aansien van die aanspreeklikheid van die staat vir foute deur die regsprekende gesag gemaak kortliks, met verwysings ook na ander regstelsels, onder die loep geneem.

3 1 Die Suid-Afrikaanse reg

Ons howe het uit die staanspoor aansluiting gevind by die Romeins-Europese reg in dié verband (*Cooper v The Government* 1906 TS 436 439; *Tilonko v The Governor, A Judge, and the Attorney-General of Natal* 1908 NLR 70 73; *Clark v Gadd* 1910 EDC 278; *Matthews v Young* 1922 AD 492 509; *Penrice v Dickinson* 1945 AD 6 14–15; *Groenewald v Minister van Justisie* 1973 3 SA 877 (A) 883–884). 'n Interessante saak in dié verband is *Moeketsi v Minister van Justisie* 1988 4 SA 707 (T). 'n Streeklanddros het gedurende hofverrigtinge gelas dat eiser, 'n polisieman, wat die verrigtinge van die hof blykbaar versteur het, gearresteer, na die hofselle geneem en daar aangehou word. Eiser stel vervolgens 'n deliktuele eis vir onregmatige vryheidsontneming teen die minister en die streeklanddros in. Genoemde streeklanddros (tweede verweerder) het kragtens artikel 178(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 opgetree en volgens die hof 'n regterlike funksie vervul. Regter Van Zyl wys in sy uitspraak daarop dat die landdros se optrede onredelik en onregverdig was en vervolg:

> "Onredelikheid lê die skuldvorm van nalatigheid ten grondslag en sou onder normale omstandighede tot deliktuele aanspreeklikheid aanleiding kon gee. In die geval van 'n regterlike beampte soos die tweede verweerder is nalatigheid in die uitvoering van sy judisiële bevoegdhede egter nie voldoende om hom met deliktuele aanspreeklikheid te belas nie. Die gesag is duidelik dat daar *mala fides*, kwaadwilligheid of bedrieglike optrede aanwesig moet wees. Die getuienis het nie bewys dat die tweede verweerder hom aan enige sodanige optrede skuldig gemaak het nie, hoe onredelik sy optrede ook al mag gewees het. Dit volg dan dat die eiser se vordering nie kan slaag nie" (714; sien vir kritiek op die terminologie van Van Zyl R, Neethling "Amptelike bevoegdheid: Die aanspreeklikheid van 'n regterlike beampte vir onregmatige vryheidsberowing" 1989 *THRHR* 466).

Hierdie drastiese benadering dien beslis nie 'n hoë vlak van geregtigheid nie, veral nie in 'n gemeenskap waar burgerlike vryhede hoog aangeslaan word nie. Blykens artikel 7(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 geld fundamentele regte van burgers nie ten aansien van die regsprekende gesag nie.

3 2 Die reg in die VSA

Die staat is, in ooreenstemming met die Engelsregtelike tradisie, nie aanspreeklik vir genoegdoening of skadevergoeding vir 'n handeling verrig deur 'n regter in sy hoedanigheid van regter nie. (*Butz v Economou* 438 US 478 (1978); Cass "Official liability in America: Actors and incentives" in Bell en Bradley (reds) *Government liability: A comparative study* (1991) 132; Chase "Liability for false imprisonment predicated upon institution of, or conduct in connection with, insanity proceedings" 30 ALR 3d 523 534 (annotasie tot *Crouch v Cameron* (1967) 30 ALR 3d 520 (Kentucky CA). Sien ook ten aansien van Kanada *Mackeigan v Hickman* (1989) 2 SCR 796; Mullan "The law of Canada" in Bell en Bradley 75.) Die onregverdigheid van dié benadering blyk treffend uit die feitestel in die Oklahoma-saak *Quindlen v Hirschi* ((1955, Okla) 284 P2d 723; Chase 534). Die eiseres is deur 'n regter na 'n hospitaal vir geesteskrankes verwys waar sy vir ongeveer 10 jaar 'n inwoner was. Sy het aangevoer dat dié verwysing onregmatig was aangesien sy nie vooraf van die verrigtinge kennis gekry het nie, 'n *curator ad litem* nie vir haar aangestel is nie en sy in geen stadium geesteskrank was nie. Die hof beslis dat 'n regter volgens die Konstitusie van Oklahoma 'n judisiële amptenaar is, dat hy jurisdiksie in dié saak gehad het en dat dit gevestigde reg is dat 'n judisiële amptenaar nie privaatregtelik vir sy judisiële handelinge aanspreeklik is nie.

3 3 Die Duitse reg

Kragtens artikel 839(2) van die *Bürgerliches Gesetzbuch* (*BGB*) is 'n regsprekende beampte by skending van 'n ampsplig slegs deliktueel aanspreeklik indien die pligskending op 'n misdaad neerkom. Die pligstrydige weiering of vertraging van ampsuitoefening is nie hier van toepassing nie (Von Staudinger *Kommentar zum bürgerlichen Gesetzbuch* (1986) 981). Von Staudinger wys daarop dat enigeen wat in stryd met die voorskrifte van artikel 839 *BGB* gearresteer word 'n reg tot kompensasie ingevolge artikel 5(5) van die Europese Verdrag vir die Regte van die Mens (EVRM) het (977). Artikel 839(3) *BGB* bepaal uitdruklik dat 'n deliktuele eis nie begrond word indien die benadeelde opsetlik of nalatig versuim het om benadeling deur die aanwending van 'n beskikbare regsmiddel te voorkom nie.

Blykens die Bundesgerichtshof word regters in die lig van die bepalings van artikel 839 *BGB* teen, wat genoem kan word, gewone foute beskerm (BGH Urt v 11/3/1966 1968 *NJW* 989 990). Dit geld vir alle regterlike dadighede (BGH Urt v 10/2/1969 1969 *NJW* 876; BGH Urt v 27/4/1993 1993 *NStZ* 493).

3 4 Die Belgiese reg

Die feite van die bogenoemde *Anca-arrest* was in 'n neutedop soos volg: Hoewel die Anca-bedryf aan die Regbank van Koophandel in Brussels besonderhede van sy finansiële posisie verskaf het, word bevind dat hy versuim het om dit te doen nadat die getuienis van 'n skuldeiser in sy (die bedryf se) afwesigheid aangehoor is. Meer as 10 maande later word die bevel van die hof in hoër beroep verander. Laasgenoemde hof beslis dat die beginsels van "openbaarheid en tegensprekelijk debat" deur die verhoorhof geskend is. Intussen het die Anca-bedryf egter skade gely. Die Belgiese staat word vervolgens vir die skade veroorsaak deur die regterlike fout aangespreek. Die Hof van Cassatie beslis in finale sin dat die staat, soos die burgery, aan die reg onderworpe is en ooreenkomstig artikels 1382 en 1383 van die Belgiese Burgerlike Wetboek (*BW*) aanspreeklik is vir skending van die regte en belange van regsubjekte. Die staat

is egter slegs vir skade verantwoordelik nadat die benadeelde ander regsmiddels uitgeput het (Storme 918–920). Storme 920 verklaar samevattend oor dié revolusionêre beslissing:

> "Hoewel het revolutionaire Anca-arrest de logische voleinding is van de aansprakelijkheidscyclus van de overheid, toch denk ik persoonlijk niet dat wij een cascade van aansprekelijkheidsgedingen zullen meemaken."

Die staat sal volgens hom nie in duie stort nie aangesien daar weinig onoordeelkundige uitsprake in België voorkom.

3 5 Die Nederlandse reg

In die Nederlandse reg is ook reeds weggebreek uit die tradisionele verstardheid ten aansien van die aanspreeklikheid van die staat vir foute van die regsprekende gesag. Die Hoge Raad het reeds in 1971 beslis dat die staat kragtens artikel 140 *BW* aanspreeklik is indien by die voorbereiding van 'n regterlike beslissing so 'n fundamentele beginsel verontagsaam is dat van 'n eerlike en onpartydige behandeling van die saak nie sprake is nie en geen ander regsmiddel teen die beslissing beskikbaar is nie (HR 3 Des 1971 *NJ* 1971 137). Die aanspreeklikheid van die staat word deur die Hoge Raad gekoppel aan artikel 6 *EVRM* wat die staat verantwoordelik stel vir skade veroorsaak deur staatsoptrede. In 'n onlangse saak het die Hoge Raad 'n eis weens onregmatige vryheidsontneming teen die staat toegestaan waar die regter nagelaat het om regsverteenwoordiging by 'n verwysingsondersoek na 'n hospitaal vir geesteskrankes beskikbaar te stel en die verwysing inderdaad plaasgevind het (HR 12 Feb 1993 1993 *NJ* 524; sien ook Labuschagne "Deliktuele aanspreeklikheid van die staat weens onregmatige vryheidsontneming as gevolg van 'n regterlike fout" 1994 *THRHR* 169; sien verder HR 19 Jan 1990 *NJ* 1990 442). Die Hoge Raad het hierdie beginsels ook van toepassing gemaak op die administratiewe regbank (HR 17 Maart 1978 *NJ* 1979 204; HR 8 Jan 1993 *NJ* 1993 558; HR 24 Mei 1991 *NJ* 1991 646). Die uitgangspunt is deurgaans dat owerheidsoptrede op 'n regmatige grondslag moet berus (HR 27 Junie 1986 *NJ* 1987 898). Kortmann 922 wys daarop dat aangeleenthede soos die nie-voldoening aan die vereistes vir motivering van 'n uitspraak, die nie-tydige lewering van 'n beslissing en die nalaat van die stel van 'n spesifieke datum vir die afhandeling van 'n geskil, nie tot aanspreeklikheid van die staat aanleiding kan gee nie. Hy is egter persoonlik ten gunste van die benadering van die Belgiese Hof van Cassatie in die *Anca-arrest*.

4 Konklusie

Reeds in 1803 het die Amerikaanse Supreme Court in die saak *Marbury v Madison* (5 US (1 Cranch) 137 (1803); Jackson "The Supreme Court, the Eleventh Amendment, and state sovereign immunity" 1988 *Yale LJ* 126) verklaar dat die essensie van burgerlike vryhede, binne regstaatlike verband, die beskikbaarheid van 'n regsremedie teen die staat vir skending van burgerregte is. Hierdie opmerking is myns insiens ook vir die regsprekende gesag waar.

Daar is 'n duidelike en onafgelope proses van erodering van die heilige en almagstatus van bogenoemde oervadersfiguur in die menslike gemeenskap aan die werk en dit sal ook die regsprekende gesag moet tref. Die privaatregtelike verantwoordingstelling van die regsprekende gesag teenoor die burgery is hiervolgens onvermydelik (sien Richter "Die Rolle des Richters" 1974 *JZ* 345). Die fantasie van die heiligheid, almagtigheid, onskendbaarheid en onfeilbaarheid van die regsprekende gesag, met sy sosio-emosionele oorsprong in genoemde oervadersfiguur, kan nie meer standhou teen die groeiende menslike rede nie. In

die meer verfynde en ontwikkelde regstelsels van Noord-Europa, waarin die Belgiese Hof van Cassatie in dié verband die leiding geneem het, is genoemde fantasie reeds op sy sterfbed, hoewel dit duidelik is dat dit sosio-emosioneel 'n uitgebreide en stormagtige sterwensproses gaan wees. Die heilige oervader blyk toe ook maar 'n mens te wees! Dat hierdie ontwikkeling, hoewel miskien (aanvanklik) in 'n meer geartikuleerde vorm, uiteindelik ook by ons sal uitkom, is myns insiens onvermydelik aangesien dit in sy diepste wese natuurgefundeerd is. So 'n ontwikkeling sal die hoë aansien en voortreflike tradisie van ons regbank eerder bevorder as ondergrawe. Magsvertoon beïndruk in elk geval in 'n toenemende mate nie meer die redelike mens nie (sien Labuschagne "Minagting in *facie curiae*. Het so 'n misdaad werklik bestaansreg?" 1991 *SALJ* 405; "Minagting in *facie curiae* en regterlike onpartydigheid" 1994 *De Jure* 207). Doeltreffendheid, regverdigheid, begrip en insig beïndruk wel. Menslike feilbaarheid moet aangespreek word, nie ontken word nie.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

DIE EINDE VAN SIVIELE GEVANGESETTING IN SUID-AFRIKA

1 Inleiding

Tot onlangs het die hof die bevoegdheid gehad om 'n skuldenaar wat in gebreke gebly het om uitvoering te gee aan 'n vonnis of bevel wat die betaling van 'n skuld in paaiemente beveel, tot gevangesetting te beveel of tot periodieke gevangenisstraf te vonnis. Dit was die sogenaamde artikel 65-prosedure (sien veral a 65A en 65F(1) van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944, soos gewysig). Die bevel ter gevangesetting is verleen op grond van die vonnisskuldenaar se *minagting van die hof*. Minagting was geleë in sy versuim om te voldoen aan 'n vonnis wat die hof gevel het vir die betaling van 'n bedrag geld of die bevel om die bedrag in paaiemente te betaal. Die grondwetlike hof het egter bevind dat sommige bepalings van artikel 65 onversoenbaar is met die bepalings, gees en strekking van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993, en bogenoemde prosedure ongeldig verklaar. Die doel van hierdie aantekening is om vas te stel welke voorstelle ter vervanging of verbetering van die artikel 65-prosedure gemaak kan word.

2 Ontstaan

Siviele gevangesetting vir onvoldoende skuld is nie die breinkind van die Suid-Afrikaanse wetgewer nie. Dit het waarskynlik sy afkoms vanuit die *legis actio per manus iniectionem*-prosedure (sg Antieke tyd ± 753–250 vC) van die Romeinse reg (Van Zyl *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreg* (1977) 369; Wenger *Institutes of Roman law of civil procedure* (1955) 233). Hierdie prosedure het die tenuitvoerlegging van 'n regterlike beslissing behels (Van Zyl 371; Sherman *Roman law in the modern world* (1937) 398). Die prosedure was gerig teen die persoon self en nie teen sy vermoë nie (Van Zyl 371; Wenger 223; Buckland *A manual of Roman private law* (1928) 374; Hockly *The law of insolvency* (1968) 1).

Die eerste wetgewing waarop hierdie aksie gebaseer was, is in die *Twaalf Tafels* te vinde (Smith *The law of insolvency* (1988) 5; Hockly 1). Die prosedure het soos volg verloop: Die skuldenaar is die geleentheid gegun om sy skuld binne 30 dae te vereffen. Doen hy dit nie is hy gearresteer en in die gevangenis geplaas ten einde voor die regterlike beampte te verskyn (Hunter *A systematic and historical exposition of Roman law* (1903) 18 1034; Hockly 1; Wenger 223). Indien die skuldenaar steeds versuim het om sy skuld te vereffen en niemand na vore getree het om vir sy skuld in te staan nie, was die skuldeiser by magte om die skuldenaar te neem en hom met kettings of rieme vas te bind (Hunter 18 1034; Hockly 1; Smith 5; Buckland 375).

Gedurende die tyd dat die skuldenaar in kettings vasgebind was, moes die skuldenaar en skuldeiser 'n ooreenkoms aangaande die skuldenaar se skuld bereik het. Indien geen ooreenkoms bereik kon word nie, is die skuldenaar vir 60 dae aangehou. Na afloop van die periode van 60 dae is die skuldenaar voor die *praetor* gebring. Die *praetor* het dan gewoonlik beveel dat die omvang van die skuldenaar se skuld op drie opeenvolgende markdae in die publiek openbaar gemaak moes word (Buckland 375; Wenger 224; Hunter 18; Thomas *Textbook of Roman law* (1986) 79).

Indien niemand ingetree het om die skuldenaar van sy skuld te bevry nie, is die skuldenaar na afloop van die derde markdag met die dood gestraf (Hunter 18; Hockly 1; Dannenbring *Roman private law* (1984) 400). Alternatief kon hy as slaaf *trans Tiberim* verkoop word (Van Zyl 372; Hunter 18; Hockly 1; Thomas 79; Dannenbring 400). Sommige skrywers betwyfel of dit in die vroeë Romeinse tye aanvaarbaar was om 'n skuldenaar vir nie-betaling tot die dood te veroordeel (Hunter 1034; Smith 5). Siviele gevangesetting vir die nie-betaling van skuld het egter wel plaasgevind.

Die *Lex Poetelia* (326–313 vC) het 'n verslapping in die streng prosedure van die *legis actio per manus iniectionem* meegebring (Wenger 225; Thomas 79; Dannenbring 401). Die *lex Poetelia* het 'n verbod op die vasketting en doodmaak van 'n skuldenaar geplaas. Dit het verder ook die verkoop van 'n skuldenaar as slaaf verbied (Buckland 375; Hockly 1; Wenger 225; Hunter 1035; Thomas 79). Die beginsel onderliggend aan die *lex Poetelia* was dat vryheid onaantasbaar is (Hunter 1035; Thomas 79; Dannenbring 401; Borkowski *A textbook of Roman law* (1994) 65). Daar is egter ook standpunte dat gevangesetting steeds moontlik was en inderdaad plaasgevind het (Ledlie *Sohm's Institutes of Roman law* (1907) 287).

3 Misbruik van die artikel 65-prosedure

Die artikel 65-prosedure was 'n baie gerieflike middel vir 'n skuldeiser om uitstaande skuld in te vorder maar het nietemin probleme opgelewer. Laasgenoemde sal met die bespreking van *Matiso v Commanding Officer, Port Elizabeth Prison* 1994 3 SA 899 (SOK), 1994 4 SA 592 (SOK) toegelig word.

In hierdie saak het Matiso 'n aansoek gebring vir haar onmiddellike vrylating uit die gevangenis, hangende die uitslag van 'n aansoek wat aan die grondwetlike hof gerig sou word. Sy is gearresteer en aangehou uit hoofde van artikel 65F(1) en 65H van die Wet op Landdroshowe op grond van die versuim om aan 'n skuld te voldoen wat sy aan die tweede respondent verskuldig was. Matiso het aangevoer dat die betrokke artikels en sekere ander bepalings ingevolge die Grondwet ongrondwetlik was. Sy het ook aansoek gedoen om 'n bevel vir die

onmiddellike vrylating van alle ander vonnisskuldenare wat om dieselfde rede in aanhouding en onder beheer en toesig van die eerste respondent was.

Ten opsigte van die eerste aansoek het die hooggeregshof (by monde van Melunsky R) bevind dat die oorwig van waarskynlikheid vir 'n ongeldigverklaring duidelik in Matiso se guns is. Die bevel van die landdroshof is opgeskort en haar onmiddellike vrylating beveel. Met betrekking tot die ander vonnisskuldenare wat ingevolge artikel 65 in die gevangenis is, het die hof beveel dat hulle in die aansoek gevoeg kon word indien hulle so sou verkies. Dit is gedoen en 'n bevel *nisi* is uitgereik om ook oor daardie aansoek te beslis. Op die keerdag van die bevel *nisi* het die hooggeregshof (by monde van Froneman R) weer eens bevind dat daar 'n redelike vooruitsig was dat die grondwetlike hof die betrokke bepalings van die Wet op Landdroshowe ongeldig kon verklaar. Bygevolg is die bevel *nisi* bevestig. Sodoende is die opskorting van verskeie lasbriewe tot gevangesetting deur landdroshowe bekragtig. Die onmiddellike vrylating van die vonnisskuldenare op dieselfde voorwaardes as die eerste aansoek is beveel.

Ter wille van volledigheid word daarop gewys dat die uitspraak van die hooggeregshof tegnies nie korrek is nie. Die effek van die uitspraak is om die bepalings van 'n wet van die parlement (Wet op Landdroshowe) ten opsigte van die applikant en ander betrokkenes op te skort. 'n Hooggeregshof is nie by magte om dit te doen nie – nie deur middel van die gemenereg óf wetgewing nie. Artikel 229 van die Grondwet bepaal duidelik dat die hooggeregshof alle wette moet toepas totdat dit deur bevoegde gesag gewysig of herroep is (sien oa *Podlas v Cohen and Bryden* 1994 4 SA 662 (T); *Bux v Officer Commanding, Pietermaritzburg Prison* 1994 4 SA 562 (N)). Inderdaad was die applikante dus nie geregtig op 'n bevel vir die onmiddellike vrylating uit die gevangenis hangende die uitslag van die aansoek by die grondwetlike hof nie.

Wat laasgenoemde betref, was die regsvraag voor die grondwetlike hof in *Coetzee v the Government of the Republic of South Africa*; *Matiso v The Commanding Officer, Port Elizabeth Prison* 1995 4 SA 631 (CC) of die bepalings van artikel 65A tot 65M van die Wet op Landdroshowe geldig is ingevolge die Grondwet.

Die hof beslis dat artikel 65A tot 65M inbreuk maak op die fundamentele reg op vryheid en veiligheid van elke persoon soos omskryf deur artikel 11 van die Grondwet. Gevangesetting plaas 'n beperking op hierdie fundamentele reg. Die vraag was voorts of siviele gevangesetting binne die beperkings van artikel 33(1) van die Grondwet val. Die hof beslis dat 'n wet of aksie wat 'n beperking op die reg op vryheid plaas, 'n redelike doel moet hê. Die wyse waarop hierdie doel bereik moet word, moet ook redelik wees. Die doel van artikel 65A tot 65M is 'n metode om 'n bevel vir die betaling van siviele skuld af te dwing. Die hof beslis dat die doel redelik is maar die wyse waarop die doel bereik word, onredelik.

Volgens die hof is die bepalings van artikel 65A tot 65M ontoereikend en wel om die volgende redes:

(a) Die bepalings is gerig teen daardie skuldenaar wat nie bereid was om te betaal nie. Ongelukkig het dit ook die skuldenaar getref wat vir redes buite sy beheer glad nie sy verpligtinge kon nakom nie.

(b) Die bepalings het tot gevolg dat die skuldenaar in die gevangenis geplaas kon word sonder dat hy kennis van die oorspronklike vonnis of die ondersoek gehad het. Persoonlike betekening van kennisgewing was volgens die bepalings

van die wet nie 'n vereiste nie. Die eerste kennis wat die skuldenaar van die saak teen hom opgedoen het, was wanneer die lasbrief vir gevangesetting uitgevoer word. (In die praktyk is die onredelikheid van dié prosedure reeds in 1986 aangespreek. In hierdie tyd, na aanbevelings van die SA Regskommissie, is stappe deur die howe gedoen om die onredelikheid van die prosedure te verlig. Landdroste het bv persoonlike betekening van 'n a 65-kennisgewing vereis voordat 'n lasbrief vir arrestasie en gevangesetting uitgereik is.)

(c) Uit hoofde van artikel 65A is van die skuldenaar verwag om die redes te verstrek waarom hy nie betaal het nie. Artikel 65A self het niks gemeld van die verwere wat tot die skuldenaar se beskikking was nie. Die gevolg hiervan was dat die skuldenaar steeds in die gevangenis geplaas kon word omdat hy nie van die verwere tot sy beskikking bewus was nie. Die verwere word wel in artikel 65F uiteengesit maar slegs artikel 65A word in die kennisgewing soos deur landdroste vereis aangehaal. Daarom die bewering dat die skuldenaar oningelig was.

(d) Die bewyslas om "onvermoë om te betaal" aan te toon, het op die skuldenaar gerus. Alhoewel die skuldenaar in beginsel wel hierdie onvermoë kon aantoon, is die bepalings so wyd ingeklee dat dit ook die skuldenaar getref het wat eerlik nie kon betaal nie.

(e) Artikel 65F(3) het die verwere wat tot die skuldenaar se beskikking was, bevat. Hierdie bepaling is volgens die hof egter onredelik wyd. Die bewysbaarheid daarvan was moeilik en die skuldenaar het onder verdenking gebly. Daarom is die hof van mening dat die bepaling onredelik swaar gestraf het. Daar het ook geen plig op die landdros gerus om die skuldenaar in te lig oor sy bewyslas en die verwere tot sy beskikking nie.

(f) Om 'n skuldenaar vir siviele skuld swaarder te straf as vir 'n kriminele oortreding kan nie regverdig word nie. Artikel 25 van die Grondwet vereis 'n regverdige verhoor wat voorsiening maak vir prosessuele veiligheidsmaatstawwe.

(g) Ten slotte het artikel 65L geen voorsiening gemaak vir 'n beroep op 'n hoër instansie nadat 'n lasbrief vir gevangesetting uitgereik is nie. Selfs die skuldenaar teen wie 'n lasbrief tot gevangesetting *in absentia* toegestaan is, het geen beroep op enige hof gehad nie. (Alhoewel dit die geval is, is daar in die praktyk wel aan die skuldenaar wat so versoek het, die geleentheid gegee om voor 'n landdros gebring te word vir opskorting van die lasbrief tot gevangesetting.)

Dit is belangrik om aan te toon dat die hof sy uitspraak hoofsaaklik baseer op die feit dat daar geen voorsiening gemaak is vir 'n alternatiewe prosedure in die geval waar 'n skuldenaar sonder sy toedoen of skuld eerlik nie kan betaal nie. Hierdie argument word ondersteun. Die hof se redes soos hierbo uiteengesit, is teoreties korrek, maar die wyse waarop die artikel 65-prosedure en ander bepalings van die betrokke wet in die alledaagse praktyk deur landdroste geïmplementeer en toegepas is, is nie altyd in aanmerking geneem nie. Die onderliggende beginsel, naamlik dat 'n persoon nie vir siviele skuld in die gevangenis geplaas mag word nie, moes eerder ter ondersteuning van die afskaffing van artikel 65 aangevoer word as om die artikel bepaling vir bepaling te isoleer, te ondersoek en te kritiseer. Die vraag waaroor dit in werklikheid gaan, is of siviele gevangesetting inbreuk maak op 'n persoon se fundamentele regte soos in die Grondwet vervat.

4 Voorstelle van die Suid-Afrikaanse Regskommissie soos vervat in die verslag van Maart 1995

Klousule 19 van die Aanbevole Wetsontwerp ter Wysiging van die Wet op Landdroshowe beoog om artikel 65A te wysig deur voorsiening te maak vir 'n dagvaarding waarin die verweerder aangesê *kan* word om, indien hy nie die skuld kan betaal nie of nie verskyning aanteken nie, op 'n bepaalde datum voor die hof te verskyn vir 'n ondersoek na sy finansiële toestand. Die versuim om vir die ondersoek aan te meld, word strafbaar gestel. Hierdie prosedure is heelwat korter en minder omslagtig as die artikel 65-prosedure. Die gebruik van die woord *kan* hierbo het verder tot gevolg dat hierdie korter prosedure nie verpligtend is nie. Behalwe bogenoemde is die enigste sanksie wat die skuldenaar kan tref, die volgende:

(a) Indien hy 'n skriftelike onderneming gee om skuld af te betaal, kan sodanige onderneming 'n hofbevel gemaak word (kl 11 van die wetsontwerp maak a 58 van die Wet op Landdroshowe hier van toepassing). As die skuldenaar nou versuim, kan die verrigtinge uit hoofde van artikel 65E herhaaldelik op die rol geplaas word. Dit sal die skuldenaar nie loon om die kennisgewing om in die hof te verskyn, te ignoreer nie. Die voorgestelde artikel 65A(6) bepaal dat, as die skuldenaar versuim om te verskyn en dit duidelik is dat hy kennis van die verhoor gehad het, die hof op aansoek van die skuldeiser 'n lasbrief mag uitreik wat die bode magtig om die skuldenaar te arresteer en hom op die vroegste moontlike geleentheid voor die hof te bring. Dit word gedoen om die hof in staat te stel om die ondersoek kragtens artikel 65A(1) uit te voer. Die skuldenaar gaan dus nie na arrestasie direk gevangenis toe nie. Hy word voor die hof gebring. Hierdie bepaling bring 'n praktiese probleem na vore wat nêrens aangespreek word nie, naamlik waar word die skuldenaar aangehou totdat hy voor die hof gebring word? Die ondersoek na sy finansiële posisie kan nie vermy word nie. Dit is die hoofdoel van die artikel 65-prosedure. Die las is op die skuldeiser om seker te maak dat sodra die skuldenaar voor die hof is, die ondersoek produktief is. Voorgestelde wysigings van artikel 106 maak voorsiening vir 'n strafsanksie van 'n boete tot R500 of gevangesetting tot 6 maande vir enige persoon wat opsetlik nie 'n vonnis of bevel van die hof gehoorsaam of nakom nie. Die kwessie oor wat gebeur as die skuldenaar nie betaal nie, word nie pertinent aangeraak nie. Daar kan geredeneer word dat die skuldenaar wat niks het nie, niks sal betaal nie. Dit impliseer egter dat so 'n skuldenaar dan in die gevangenis geplaas word. In verband met die strafsanksie kom die Wet op die Aanpassing van Boetes 101 van 1993 dadelik in gedagte. Hou dit in dat, met verwysing na die 6 maande gevangenisstraf, die boete tans R10 000 kan wees? 'n Skuldenaar wat dus versuim om te verskyn, sal gearresteer en voor die hof gebring word waar hy die landdros sal moet oortuig dat sy versuim nie opsetlik was nie.

(b) 'n Lasbrief vir eksekusie teen roerende en onroerende eiendom kan uitgereik word. Voorsiening word ook daarvoor gemaak dat die skuldenaar bates privaat mag verkoop as hy op hierdie wyse 'n beter prys kan beding. Die lasbrief vir eksekusie omvat ook artikel 72 van die Wet op Landdroshowe, naamlik dat daar voorsiening gemaak word vir beslaglegging op skulde van die skuldenaar.

Die probleem is dat hierdie wysiging byna dieselfde bepalings as dié van die huidige artikel 65 bevat. Dit verminder net die sanksies wat die skuldenaar kan tref en spreek nie soseer al die probleme aan wat deur die regskommissie uitgewys is nie. Die verwysing na "onroerende" eiendom hierbo sal verdere

omslagtigheid meebring aangesien daar sekerlik getuienis vereis sal word dat sodanige eiendom onbelas is.

Daar word aan die hand gedoen dat die moontlikheid ondersoek en oorweeg moet word of, indien daar meerdere eise teen 'n skuldenaar bestaan, 'n verpligte administrasiebevel in hierdie stadium nie meer effektief aan die oplossing van die probleem sal meewerk nie. Dit sal in die eerste plek doeltreffender kontrole en vinniger afhandeling van die skuldinvorderingsproses verseker. Daarby kan byvoorbeeld bepaal word dat alle gelde wat ingevolge die administrasiebevel betaalbaar is, by die klerk van die hof inbetaal word. Sodoende word die prosedure uit die hande van prokureurs geneem en die koste van administrasie verminder. Behoorlike ondersoek en ondervraging van die skuldenaar kan dan geskied. Dit sal die skuldeisers beter geleentheid gee om op die finansiële ondersoek te konsentreer aangesien hulle slegs bevoordeel kan word waar die ondersoek behoorlik en deeglik hanteer word.

Klousule 9 van die wetsontwerp het ten doel om 'n artikel 55A te skep wat voorsiening maak vir "skuldinvordering" by wyse van aansoek. Hier word spesifiek na 'n eis vir die betaling van 'n som geld verwys. Dit kan slegs die geval wees indien die skuldenaar terselfdertyd aansoek doen om 'n bevel van beslaglegging op goed ingevolge artikel 32, of om die uitsetting van die respondent uit 'n perseel, of om teruggawe van goed in die respondent se besit. In dringende gevalle wat deur artikel 55A vermeld word, mag die hof na oorweging van artikel 55A(3) afstand doen van die voorgeskrewe vereistes van vorm, wyse en tydperk van betekening. Laasgenoemde bevoegdheid leen hom tot uitbuiting aangesien alle gevalle nou as "dringend" aangemerk sal word. Sodoende sal die proses vir billike en regverdige skuldinvordering in die wiele gery word. Benadeling van die skuldenaar en selfs ook ander skuldeisers is moontlik.

5 Gevolgtrekking

Hoewel dit so is dat die stelsel van siviele gevangesetting 'n baie kras maatreël was wat daarop uit was om die vonnisskuldenaar tot die maksimum te verontrief, sit 'n mens tans steeds met die probleem van 'n kultuur van wanbetaling. Daar bestaan ook groot bedrae van oningevorderde skuld wat 'n nadelige invloed op inflasie en die ekonomie het – aldus die regskommissie se bevinding in 1992. Die groot vraag is of hierdie nuwe maatreël werklik tot gevolg sal hê dat onvoldane skuld vereffen word. Die oogmerk is tog die betaling van siviele skuld.

Die vraag is ook of die voorgestelde metodes van skuldinvordering die knelpunte wat deur die regskommissie uitgewys is, gaan verlig. Die voorgestelde metodes is veronderstel om: (a) die proses meer koste-effektief te maak; (b) sake te bespoedig; (c) 'n stel reëls te skep wat eenvormige aanwending in die howe sal vind; en (d) 'n nuwe proses daar te stel wat werklik minder omslagtig en ingewikkeld is. Of dit inderdaad die geval is, sal slegs die toekoms leer.

'n Verdere probleem wat beslis aangespreek moet word, is die feit dat hier steeds geen onderskeid gemaak kan word tussen daardie persone wat op onskuldige wyse, deur byvoorbeeld 'n personeelvermindering, in die skuld beland en diegene wat roekeloos skulde aangaan soms selfs met die bedoeling om nie te betaal nie. Daar behoort 'n plig op die landdros geplaas te word om 'n onverdedigde skuldenaar ten volle oor sy verwere en regsposisie in te lig, sodat hy byvoorbeeld bewus is van die feit dat hy die landdros moet oortuig dat sy versuim nie opsetlik was nie. Die grootste probleem wat egter voorsien word, is dat

oorvol hofrolle nie tyd vir volledige ondersoeke laat nie. Hierdie is 'n probleem wat spoedig aandag sal moet kry veral omdat die fokus nou op die finansiële ondersoek geplaas word.

AL STANDER
PH MYBURGH
L JANSEN VAN RENSBURG
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

VONNISSE

PRIVAATHEIDSKENDING EN DIE TOESTEMMINGSVEREISTE BY BLOEDTOETSING VIR VIGS

C v Minister of Correctional Services saakno 8579/94 1995 (T)

Toestemming tot geneeskundige ingrepe is 'n aangeleentheid wat dwarsoor die wêreld in toenemende mate die aandag van howe geniet. Veral in die VSA is daar oor die afgelope aantal dekades talle uitsprake oor die een of ander aspek van toestemming in geneeskundige verband gelewer. Ook in Engeland is belangrike uitsprake gelewer. In Suid-Afrika daarenteen het die onderwerp dusver weinig aandag deur die howe geniet. Die eerste uitvoerige en, met die verskuldigde eerbied gesê, deeglik beredeneerde uitspraak wat te lande gelewer is, is dié van die volbank van die Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof (by monde van Ackermann R) in *Castell v De Greef* 1994 4 SA 408 (K).

Castell staan in die teken van twee kenmerke van die tweede helfte van hierdie eeu: eerstens, die beweging vanaf geneesheerpaternalisme na pasiënte-outonomie en, tweedens, die toenemende erkenning en beklemtoning – ook in die sogenaamde Derde Wêreld – van grondliggende menseregte. In *Castell* het die hof as 't ware 'n *quantum*-sprong gemaak (as dié gonswoord van ons tyd my vergun sal word) deur die geneesheer-georiënteerde norm van die mate van inligting wat 'n pasiënt van sy geneesheer kan vereis, prys te gee vir 'n pasiëntgeoriënteerde norm.

Daardeur het die hof onomwonde erkenning verleen aan die begrip ofte wel leerstuk van ingeligte toestemming. Interessant genoeg was die Engelse howe dusver nie bereid om daardie sprong te maak nie, wat hulle in lyn sou bring met die gedagtegang in sekere Noord-Amerikaanse jurisdiksies en ander Westerse lande. In *Sidaway v Bethlem Royal Hospital Governors* [1985] 1 All ER 643 (HL) het die House of Lords in 'n meerderheidsbeslissing die standpunt ingeneem dat die leerstuk van "informed consent" soos toegepas in sekere Noord-Amerikaanse jurisdiksies nie deel van die Engelse reg is nie.

Anders as in die geval van toestemming tot handelinge en aanvaarding van risiko's wat deel van die alledaagse lewe uitmaak en die aard waarvan elke normale mens reeds sedert kindsbeen, of minstens vanaf vroeë volwassenheid, begryp, moet toestemming tot geneeskundige ingrepe noodwendig 'n ingeligte toestemming wees. Dit beteken eenvoudig dat daar 'n (positiewe) plig op die geneesheer rus om aan die pasiënt 'n redelike mate van inligting oor die wesenlike aard van die voorgestelde ingreep en die belangrikste gevolge, newegevolge en risiko's daarvan te verstrek. Na gelang die trefwydte van moderne geneesmiddele en die verskeidenheid en ingewikkeldheid van operasies en vorme

van behandeling al groter, en vir die leek tegnies steeds meer onverstaanbaar, geword het, het die behoefte aan verstaanbare inligting by die pasiënt al groter geword. Daar kan geen sprake van ware toestemming wees nie tensy die pasiënt vooraf betekenisvol deur die deskundige, dit wil sê die geneesheer of ander gesondheidswerker, ingelig is. In beginsel rus daar 'n plig op die praktisyn wat die ingreep uitvoer, om die pasiënt in te lig.

Die VIGS-epidemie wat die wêreld sedert die vroeë tagtigerjare teister, en in besonder ook in Suid-Afrika tans rampspoedige afmetings begin aanneem, het 'n nuwe dimensie aan die geneeskundige "toestemmingsleer" verleen. Die belangrikheid van HIV-toetsing het spoedig op die voorgrond getree. Ofskoon VIGS van die staanspoor af geblyk het ongeneeslik te wees, en geen doeltreffende teenmiddel of immuniseringstof dusver ontwikkel is nie, is bepaling van sy HIV-status vanselfsprekend van die grootste belang vir die pasiënt om hom of haar voor te berei vir die onafwendbare en om – hopelik – sy of haar lewenstyl aan te pas in belang van mense aan wie hy of sy moontlik die virus kan oordra. Dit is ook van groot belang onder andere vir sy of haar eggenote of eggenoot, ander "seksmaats", onmiddellike gesinslede, werkgewer, medewerknemers en die gesondheidswerkers wat hom of haar behandel.

Die vraag het dus spoedig ontstaan welke mate van inligting aan die persoon van wie 'n bloedmonster met die oog op toetsing vir HIV onttrek word, vooraf verstrek moet word. (Talle ander vrae het ook opgeduik, byvoorbeeld hoe daar te werk gegaan moet word om die uitslag van 'n positiewe HIV-toets aan die betrokke persoon oor te dra en aan wie dit bekendgemaak mag of moet word, maar hierdie vrae is nie ter sake vir doeleindes van die onderhawige bespreking nie.) Twee verskillende standpunte is gestel.

Enersyds is daar die siening dat bloedtoetsing in die geval van krankes al lankal 'n algemene metode van geneeskundige ondersoek geword het. Dikwels word 'n bloedmonster aan 'n verskeidenheid toetse onderwerp. Dit is nie gebruiklik vir geneeshere om vooraf die pasiënt in te lig aangaande al die soorte toestande waarvoor die bloed getoets gaan word nie. So-iets sal in iedere geval die pasiënt waarskynlik net die skrik op die lyf jaag. Al wat nodig is, so leer voorstanders van dié siening, is dat die pasiënt toestemming (uitdruklik of stilswyend) moet verleen het tot die (fisiese) handeling van onttrekking van 'n bloedmonster met die wete dat dit vir geneeskundige doeleindes ontleed gaan word.

Andersyds is daar die siening dat aangesien VIGS 'n ernstige, ongeneeslike siekte is wat 'n dodelike gevolg het, en dit boonop 'n siekte is wat ernstige sielkundige en maatskaplike implikasies inhou vir die lydende asook vir ander mense, toestemming veel meer moet inhou as instemming tot bloedonttrekking self en inderdaad gegrond moet wees op voldoende inligting vooraf verstrek by wyse van oordeelkundige en deskundige raadgewing aan die pasiënt.

'n Mens kan nie sê dat daar juis 'n heftige debat rondom die twee standpunte gevoer is nie. Sommer spoedig het laasgenoemde siening internasionaal oorweldigende steun onder etici en juriste gewen. (Vgl Van Wyk *Aspekte van die regsproblematiek rakende VIGS* (LLD-proefskrif Unisa 1991) 141 ev; Gunase *Aids, privacy and autonomy – Legal issues in consensual and non-consensual HIV antibody testing* (LLM-verhandeling Wits 1992) 75; SA Regskommissie *Aspekte van die reg wat betrekking het op VIGS* (Werkstuk 58 Projek 85 1995) 43 ev.)

Nou is die eerste hofuitspraak in Suid-Afrika oor hierdie aangeleentheid gelewer. *C v Minister of Correctional Services* handel oor 'n gevangene in 'n Johannesburgse gevangenis wat 'n skadevergoedingseis vanweë beweerde privaatheidskending ingestel het. Die eiser is deur die verhoorregter, regter Kirk-Cohen, beskryf as 'n intelligente mens wat gematrikuleer en aan 'n hoër inrigting studeer het met die oog op 'n loopbaan as onderwyser; hy het egter sy studie na 'n ruk laat vaar. Hy was by die ter sake dienende tye in die gevangenis vanweë diefstal.

In September 1993, terwyl hy in die gevangeniskombuis werksaam was, is 'n bloedmonster van die eiser geneem. Dit is na die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsinstituut gestuur en vir HIV getoets. Die uitslag was positief. Die weergawe van getuies wat by die verhoor getuig het oor die omstandighede betreffende die neem van 'n bloedmonster was in verskeie opsigte botsend. Dié omstandighede is van belang vir hierdie bespreking en word vervolgens kortliks uiteengesit.

Die eiser het getuig dat ene sersant P, wat in bevel van die kombuis was, lede van die kombuispersoneel gelas het om na die hospitaalafdeling te gaan vir bloedtoetse. Agt of tien name is uitgeroep. C was een van hulle en is aangesê om onverwyld na die hospitaalafdeling te gaan. Niemand het gesê waarvoor die toetse uitgevoer sou word nie. By die hospitaal aangekom het ene sersant K op hulle gewag. Hy het in die fisioterapeut se kamer gesit wat ook as spreekkamer gebruik is. Volgens C het hy saam met die ander gevangenes tougestaan met die oog op bloedtoetsing. Toe hy die kamer binnegekom het, is hy deur K versoek om sy arm so te hou dat bloed getrek kon word. K het hom voor die neem van die bloedmonster niks vertel nie. Hy was verplig om sy "arm te gee". Nadat bloed getrek is, het K niks verder gesê nie en het C weer by die tou aangesluit en na die kombuis teruggekeer.

C getuig dat die deur na die kamer die heeltyd oop was. Hy het gesien wat met die ander gevangenes gebeur het en ook gehoor wat daar gesê is. Geen melding is gemaak van welke soorte toetse uitgevoer sou word nie en niemand het gemeld dat die bloed getoets sou word vir oordraagbare siektes nie. In besonder is daar nie gemeld dat die bloed vir HIV getoets sou word nie. C het niks vir K of enigiemand anders gevra nie. 'n Paar dae later, getuig C, het die gevangenis se mediese beampte hom meegedeel dat hy positief getoets is vir een of ander geslagsiekte. Die beampte het gesê dit was sifilis. Hy is voorts meegedeel dat hy nie toegelaat sou word om voedsel voor te berei nie totdat hy die geneesheer gesien het en behandeling kry. 'n Tydjie later is hy gesien deur dokter V, 'n distriksgeneesheer. Sy het 'n lêer voor haar gehad, afgekyk na die lêer en "koelbloediglik" gesê dat hy positief getoets is vir HIV.

Sersant K se weergawe was soos volg: Dokter V het gelas dat toetse uitgevoer moes word op die kombuispersoneel. Hy, K, is aangesê om bloedmonsters te neem. Die toetsing was beperk tot "voedselhanteerders". K het getuig dat hy die gevangenes aangesê het om in die gang tou te staan. Hy het hulle meegedeel dat toetse vir HIV en seksueel oordraagbare siektes op hulle uitgevoer sou word en dat hulle die reg gehad het om te weier om die toetse te ondergaan. Hy het hulle ook meegedeel dat weiering moontlik hul "posisie in die kombuis" kon beïnvloed. Op daardie tydstip (1993) was dit gevangenisbeleid dat slegs mense wat HIV-negatief was, toegelaat is om voedsel te hanteer.

In die hof verklaar K dat hy C kon onthou. C was "bewerig" en dit het gelyk of hy bang was. K het met hom daaroor gepraat en gesê dit is nie seer om bloed

te trek nie. Hy het C ook gevra of hy enige beswaar het teen toetsing vir HIV en seksueel oordraagbare siektes. C het sy kop geskud en "nee" gesê. Nadat bloed getrek is, het hy aan C gesê om 'n paar minute te sit sodat hy nie flou word nie. Volgens K was die deur na die spreekkamer toe terwyl gevangenes beurtelings die vertrek binnegekom het. Dit is 'n houtdeur en 'n mens kon nie buite hoor wat binne die vertrek gesê is nie.

K was met verlof toe die toetsuitslag ontvang is. Na sy terugkeer, so getuig K, het hy gesprekke met C gevoer om hom te kalmeer. Laasgenoemde was ontsteld en het K meegedeel dat hy nie verwag het dat die toetse positief sou wees nie. 'n Afspraak vir C is by die HIV-kliniek van die algemene hospitaal gemaak sodat hy die beste naberading-behandeling kon kry. K het voorts getuig dat C te gener tyd gekla het oor die wyse van neem en versending van monsters nie. K was ook nooit betrokke by 'n struweling of konfrontasie tussen hom en C nie.

Ten tyde van die neem van bloedmonsters was D, ook 'n gevangene, saam met K in die spreekkamer. Hy was werksaam as skoonmaker in die hospitaalafdeling en dit was sy taak om die gebruikte naalde weg te gooi in 'n "vernietiger" en om die gevangenes een vir een in te roep. D se getuienis was baie dieselfde as dié van K. Hy het die hof meegedeel dat hy en K nie vriende was nie. Hul verhouding was die normale tussen 'n beampte van die departement en 'n gevangene.

In sy uitspraak merk regter Kirk-Cohen op dat C se geheue hom telkemale in die steek gelaat het. Telkens was sy getuienis duidelik onbetroubaar. By geleentheid het hy teruggedeins vir die waarheid. Terwyl hy sy getuienis in hoof aangebied het, het hy byvoorbeeld geen melding gemaak van die feit dat hy homoseksueel ("gay") was nie. Tydens kruisondervraging maak hy melding van 'n enkele homoseksuele verhouding alvorens hy gevange geset is. Die volgende dag van die verhoor erken hy onder verdere kruisondervraging dat hy betrokke was by drie homoseksuele verhoudings voor gevangesetting. Hy voeg daaraan toe dat hy sy maat vertrou het. Die regter bevind dat hy 'n leuen vertel het ten einde te vermy om te erken dat hy besef het, of kon gedink het, dat hy meer blootgestel was aan die moontlikheid om met HIV besmet te word.

In sy getuienis het C gesê dat hy geen benul had van die doel van die toets en dat dit hom nie opgeval het dat hy kon vra nie. Toe daar egter tydens kruisondervraging druk op hom uitgeoefen is, het hy toegegee dat hy "dalk gedink het dat dit toetse vir geslagsiektes was". Gevra "Watter geslagsiekte?", antwoord hy: "Ek het moontlik [aan] sifilis gedink. Vandag aanvaar ek geslagsiektes sluit in VIGS. Ek het nie toe daaraan gedink nie." Die hof beoordeel hierdie antwoorde as onwaarskynlik en in werklikheid gefabriseer. C se getuienis betreffende sodomie of verkragting gepleeg ten aansien van hom in die gevangenis was in dieselfde trant. In besonder was daar sy getuienis dat hy nie gedink het dit kon moontlik tot HIV-infeksie lei nie. In die lig van sy getuienis in geheel genome, beskou die regter hierdie antwoord as onwaarskynlik en onoortuigend.

Bygevolg, verklaar die regter, moet die saak beoordeel word op die grondslag dat die eiser meegedeel is dat, eerstens, die toets vir HIV of ander oordraagbare siektes was en, tweedens, dat hy die reg had om te weier om die toets te ondergaan, in welke geval hy nie getoets sou word nie. Die toestemming moet "ingeligte toestemming" wees, soos in die *Castell*-saak *supra* beslis. In *Seetal v Privatha* 1983 3 SA 427 (N) is beslis dat 'n bloedtoets uitgevoer sonder toestemming regtens as privaatheidskending beskou word.

"[W]ith the ever growing scourge of the HIV virus and AIDS," vervolg die regter, "much thought has been given to what the minimum requirements of consent, with particular reference to blood tests for the HIV virus should be. This too has been referred to almost universally as informed consent.

Speaking generally, it is axiomatic that there can only be consent if the person appreciates and understands what the object and purpose of the test is, what an HIV positive result entails and what the probability of AIDS occurring thereafter is. Evidence was led in this case on the need for informed consent before the HIV test is performed. Members of the medical profession and others who have studied and worked with people who have tested HIV positive and with AIDS sufferers have developed a norm or recommended minimum requirement necessary for informed consent in respect of a person who may undergo such a blood test. Because of the devastation which a positive result entails, the norm so developed contains as a requirement counselling both pre- and post-testing, the latter in the event of a positive result. These requirements have become almost universal in the Republic of South Africa."

Dokumente wat die hof voor hom gehad het, was onder meer die aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad en 'n brosjure, geborg deur 'n groot lewensversekeraar, oor die hantering en behandeling van VIGS. Van besondere belang vir die hof was die feit dat die departement van korrektiewe dienste self die begrip "ingeligte toestemming" as 'n voorvereiste vir toetsing van gevangenes aanvaar het en bepaal het wat die norme is. Die regter vestig die aandag daarop dat hierdie norme op een lyn is met die sienings en aanbevelings van al die belangrikste bydraers in Suid-Afrika. Die departement se brosjure getitel *Management strategy: AIDS in prisons* beklemtoon en bevat uitvoerige voorskrifte oor berading van gevangenes sowel vóór toetsing as daarna.

Onder meer het die departement 'n ernstige beroep gedoen op streekskommissarisse om 'n (skriftelike) toestemmingsvorm vir doeleindes van HIV-toetsing te gebruik, 'n ontwerp waarvan versprei is. Die departement het dit as 'n beleidsaak van die grootste belang beskou om te besef dat die keuse om 'n toets te ondergaan al dan nie, die gevangene s'n was. Daardeur is te kenne gegee dat 'n gevangene nie verplig kon word om die vorm te onderteken nie. Die beleid van die departement was reeds van toepassing in Maart 1993, meer as vyf maande voordat die eiser getoets is. Die norm is bepaal deur die departement, verklaar die regter, en as 'n gevangene was die eiser geregtig om aan te dring op ingeligte toestemming soos vasgelê deur die departement wat sy inkerkering in die gevangenis beheer het. "It was not granted to him and it is obvious to what extent the consent obtained fell short of the informed consent laid down by the department itself", verklaar die regter. Onder meer is die betrokke gevangenes nie 'n redelike tyd gegun in die spreekkamer alvorens hulle gevra is of hulle tot die toets toestem nie.

"In these circumstances", beslis die regter, "the deviation from the accepted norm of informed consent, including the fact that there was no precounselling, was of such a degree that the deviation, in my view, was material and wrongful."

Die hof bevind voorts dat die vereiste *animus iniuriandi* teenwoordig was. Met 'n beroep op vroeëre regspraak en regskrywers wys die regter daarop dat vir doeleindes daarvan om 'n opsetlike privaatheidskending te bewys, dit nie nodig is om *mala fides*, wrewel of 'n bose motief aan te toon nie; trouens vir bepaalde vorme van *iniuriae* met betrekking tot perke gelê op persoonlike vryheid, kan aanspreeklikheid ontstaan selfs by ontstentenis van wederregtelikheidsbewussyn.

Die hof oorweeg die omstandighede wat ter sake dienend is by bepaling van 'n gepaste bedrag skadevergoeding. As die gevangene die voorafberading vereis vir ingeligte toestemming ontvang het, sou die emosionele slag vir hom kleiner gewees het. Dit moet opgeweeg word teen die feit dat hy, as 'n intelligente mens, *de facto* toegestem het toe hy meegedeel is waarvoor die toets was en dat hy 'n keuse had of hy hom aan die toets wou onderwerp al dan nie. Die hof neem ook in aanmerking dat uiteindelike berading, ná die toets, gegee deur 'n maatskaplike werker van die departement, blykbaar geslaagd was. In die lig hiervan bevind die regter dat die eiser geregtig was op nominale skadevergoeding en word die bedrag van R1 000 opgelê, asook betaling van sy koste deur die verweerder.

Hierdie belangrike – en met eerbied gesê – uitnemend billike uitspraak beklemtoon die belangrikheid van die verkryging van ingeligte toestemming tot VIGS-toetsing. Dit geld eweseer vir geneeskundige ingrepe oor die algemeen. Hier was nie 'n geneesheer betrokke by die ingreep nie. Wat beslis is ten aansien van die neem van 'n bloedmonster deur 'n gevangenisbeampte, geld egter in gelyke mate vir geneeshere, verpleegkundiges en ander gesondheidswerkers. Van groot belang ook is die onderskeid tussen blote instemming (*de facto*-inwilliging) en juridiese of ingeligte toestemming. Dit is denkbaar dat dié onderskeid ook ander gebiede van menslike doenigheid kan raak waarby die risiko net vasstelbaar is langs die weg van uiteensetting deur 'n deskundige. Dit is geykte reg dat toestemming twee kernaspekte behels: kennis en inwilliging. Waar besondere kundigheid nodig is om kennis en begrip tot die benadeelde te bring, kan stilswyende toestemming ook gewaagd wees en sou dokumentêre bewys van uitdruklike instemming raadsaam wees.

Die uitspraak dien ook as 'n goeie voorbeeld van die rol wat gewoonte, openbare beleid en etiese kodes van gerespekteerde beroepsliggame by regsvorming kan speel. (Vgl *Jansen van Vuuren v Kruger* 1993 4 SA 842 (A) 849–850 waarin die appèlhof ook deeglik kennis geneem het van geneeskundig-etiese beskouings.)

Interessantheidshalwe kan gemeld word dat 'n Zimbabwese regter, regter Robinson, in 1992 aan die hand gedoen het dat alle veroordeelde gevangenes vir HIV getoets – en aan hertoetsing onderwerp word – sodat dié wat seropositief is in afsonderlike selle as dié van ander gevangenes geplaas kan word. Die regter was van mening dat so 'n praktyk nie as 'n skending van gevangenes se menseregte beskou kan word nie (*S v Marachi* 1993 2 SASV 36 (Z)). Dit is nie bekend of enigiets van hierdie voorstel in die praktyk tereggekom het nie.

SA STRAUSS
Universiteit van Suid-Afrika

INVESTIGATION OF SERIOUS ECONOMIC OFFENCES ACT 1991

Park-Ross v Director: Office for Serious Economic Offences 1995 2 SA 148 (C)

In *Park-Ross v Director: Office for Serious Economic Offences* the court had to consider whether certain sections in the Investigation of Serious Economic Offences Act 117 of 1991 (the Act) violated the fundamental rights contained in,

inter alia, sections 13, 28 and 25 of the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993 (the Constitution). The germane sections deal with inquiries by the Director: Office for Serious Economic Offences (s 5); search and seizure (s 6); and disclosure, with the Director's permission, of information obtained by inquiry and search and seizure (s 7). (The matter came before the court in terms of s 101(6) of the Constitution.)

The court held sections 5 and 7 to be constitutional, but section 6 to be unconstitutional, as it conflicted with the right to privacy entrenched in section 13 of the Constitution. In consequence of this finding the Act was amended. These amendments are considered in the concluding section below.

Section 5

Section 5(1)(a) provides:

> "If the Director has reason to suspect that a serious economic offence has been or is being committed or that an attempt has been made or is being made to commit such an offence, he may hold an inquiry on the matter in question . . ."

For the purpose of such inquiry, the Director may summon any person who is able to furnish information on the subject of the inquiry or has in his possession any book, document or other object relating to the inquiry, to attend the inquiry to be questioned or to produce such book, document or object.

In terms of subsection 8(a), a person who is summoned to such inquiry "shall not be entitled to refuse to answer any question upon the ground that the answer would tend to expose him to a criminal charge", while subsection (8)(b) provides that "[n]o evidence regarding any questions and answers contemplated in para (a) shall be admissible in any criminal proceedings . . ."

Counsel for the applicants contended that section 5, and particularly section 5(8)(a) violated the right to a fair trial in section 25 of the Constitution and, more particularly, the right to remain silent protected by section 25(2)(a) and 25(3)(c) of the Constitution. Section 25(2)(a) provides, *inter alia*, that every *arrested* person has the right to remain silent, while section 25(3) provides that "every *accused* person" shall have the right to a fair trial including, in section 25(3)(c), the right "to remain silent during plea proceedings or trial" (emphasis added). The court therefore had to consider whether section 25 applies to a person who is compelled to give information but who is neither arrested nor accused. Tebbutt J held that it does not. He held that the very specific wording of section 5 confines the rights contained in it to the criminal process. He stated (163D–E) that the Constitution deals with the right to silence in a narrow and precise fashion and limits it to arrested persons and to accused persons during plea proceedings and trial. He stated further that it does not lend itself to a wider general interpretation applicable to investigations and inquiries *dehors* criminal proceedings of arrest and trial (163E):

> "To hold that a wide interpretation, for which applicants contend, exists, this Court would have to search for and find it in some general consideration and disregard the specificity of the framers of the Constitution in enacting s 25. Those framers, too, must have been aware of the interrogation procedures provided for in, for example, such statutory enactments as s 65 of the Insolvency Act 24 of 1936; ss 415 and 417 of the Companies Act 63 of 1973; . . . and s 6 of the Banks Act 94 of 1990. Should they have wished to extend the right to remain silent to those, one would have expected a provision to that effect instead of the very specific reference to such right in ss 25(2)(a) and 25(3)(c) only" (163E–H).

Tebbutt J could find no justification either from the wording of section 25 or generally to extend the scope of the right to remain silent to an inquiry such as the one provided for in section 5 of the Act. The *use* of evidence given by a person at such an investigation or inquiry in any subsequent criminal trial of that person, would, however, constitute a violation of his right to remain silent in terms of section 25(3)(c) (164I). While there is authority for the view that the exclusion of direct evidence alone would be a sufficient safeguard (see eg *Haywood Securities Inc v Inter-Tech Resource Group Inc* (1985) 24 DLR (4th) 724 (CA) referred to by Tebbutt J at 165F) the judge preferred the view that both direct evidence (evidence that would not have existed independently of the exercise of the power to compel it) as well as derivative evidence (evidence discovered in consequence of the direct answers given) should be excluded. In this regard he referred to *Morena v Mnr* (1991) 1 CTC 78, *Thompson Newspapers Ltd v Director of Investigation and Research* (1990) 54 CCC 4 (3d) 47 and the dissenting opinion of Lambert JA in *Haywood Securities Inc v Inter-Tech Resource Group Inc supra* where it was pointed out that all the major legal systems in the common law world contained protections against the introduction of derivative evidence. Tebbutt J thus found section 5 of the Investigation of Serious Economic Offences Act to be constitutional, since it contained the necessary safeguard of excluding the use of evidence obtained at a section 5 enquiry in any subsequent criminal proceedings.

The plain narrow meaning given by Tebbutt J to section 25 conflicts with the common law approach adopted by our courts. In *S v Shangase* 1994 2 BCLR 42 (D) Levinsohn J referred to the judgments in *R v Camane* 1925 AD 510 575 and *S v Khumalo* 1992 2 SACR 411 (N). In *Camane*, Innes CJ remarked:

> "Now it is an established principle of our law that no-one can be compelled to give evidence incriminating himself. He cannot be forced to do that either before the trial or during the trial. The principle comes to us through the English law and its roots go back far in history."

In *Khumalo* it was stated:

> "There is indeed even a greater need for protection against forced self-incrimination before the trial than there is at the trial."

Furthermore, common law rights are expressly reserved by section 33(3) of the Constitution. This section provides:

> "The entrenchment of the rights in terms of this chapter shall not be construed as denying the existence of any other rights or freedoms recognised or conferred by common law, customary law or legislation to the extent that they are not inconsistent with this chapter."

It would be a strange bill of rights that would reduce the scope of one of the oldest common law procedural rights by restricting its scope to exclude the investigation process.

A technical and narrow interpretation of the word "trial" would make little of the right to a fair trial. (See *S v Kramer* 1991 1 SACR 25 (Nm) and *S v Koekemoer* 1991 1 SACR 427 (Nm), where the Namibian courts stated *obiter* that a right to a fair trial is meaningless unless it includes the right to a fair pre-trial investigation. This remark was made in the context of the constitutional validity of entrapment.)

Although Tebbutt J referred to interrogation procedures authorised by, *inter alia*, the Companies Act, he seemed to have overlooked the finding of his own

court in *Wehmeyer v Lane* 1994 4 SA 414 (C), where this procedure was pertinently discussed. In this case the compulsory furnishing of information under a section 415 enquiry of the Companies Act was challenged as violating the self-incrimination privilege entrenched in section 25. The court rejected the argument that section 25 only applied at the criminal trial and remarked that this was "not an answer in as much as the possibility of prejudice in respect of a future trial exists" (449G–H).

The finding of the Constitutional Court in *Ferreira v Levin; Vryenhoek v Powell* 1996 1 SA 984 (CC) seems to support my argument that section 25 is not confined to persons who are accused or against whom evidence has been tendered at a subsequent criminal trial. In that case the court had to consider, *inter alia*, whether section 417(2)(b) of the Companies Act violates the fair trial rights contained in section 25(3) of the Constitution. (The question of the constitutionality of s 417(2)(b) and a number of related issues came before the court by way of a s 102(1) referral from the Witwatersrand Local Division.)

Section 417 allows for the examination of officers of the company, its debtors and persons with information about the affairs of a company when a company is being wound up by order of court because it is unable to pay its debts. Subsection (2)(b) provides:

> "Any such person may be required to answer any question put to him at the examination, notwithstanding that the answer might tend to incriminate him, and any answer given to such question may thereafter be used in evidence against him."

The majority of the court held that section 417(2)(b) violates the fair trial rights of an individual, which include a right not to be compelled to give potentially incriminating evidence in investigatory proceedings conducted with a view to possible subsequent prosecution. The court then considered whether the limitation was justified under section 33(1) of the Constitution.

In terms of the Companies Act, liquidators are required to determine the cause of the company's failure, and to establish what assets it has. Ackermann J (for the majority of the court) found that it was reasonable (in the sense that there was a rational connection between mischief and remedy) to compel persons to be interrogated in relation to the affairs of the company which are relevant to the discharge by liquidators of their duties, even where the testimony given tends to incriminate the person giving it. It was also necessary, in the sense that there is a pressing or compelling state interest to ensure that assets of the company are recovered for the benefit of creditors, especially from directors and officers of the company who may have been responsible for the failure of the company. The court also found it necessary to compel persons to answer all relevant questions put to them even when the answers may incriminate them, for without compulsion there would be a great reluctance on the part of persons to make a full and frank disclosure of their knowledge of the affairs of the company and their dealings with it (1061H par 126).

There was, however, no acceptable measure of proportionality between the objective sought to be achieved and the means chosen to achieve it. Other jurisdictions, particularly the United States and Canada, had achieved the same objective by means less invasive of the examinee's rights, namely by conferring on the examinee either a direct or both a direct and a derivative use immunity in respect of self-incriminating evidence given at the enquiry. There was nothing to suggest that the objective could not fully be achieved in South Africa by appending some form of use immunity to section 417(2)(b) (1061I–1062B par 127).

Section 98(5) of the Constitution empowers the Constitutional Court to invalidate legislation "to the extent of its inconsistency with the Constitution". To give effect to section 98(5) in the circumstances, the court's order was to the effect that evidence directly obtained by way of compelled testimony could not be used in criminal proceedings against an examinee. Derivative evidence could be admitted subject to the discretion of the court to exclude such evidence on the grounds of fairness to the accused. (The court expressly disagreed with Tebbutt J on the exclusion of derivative evidence (1077F par 152F).)

If one follows the approach of the Constitutional Court, it becomes clear that Tebbutt J should not have held that section 25 is confined to accused or arrested persons. What he should have held was that section 25 had no application in that case, as section 5 of the Investigation of Serious Economic Offences Act precludes the use of evidence obtained at a hearing from further use at any subsequent hearing. In such a case the right to a fair trial is not threatened. The rule against self-incrimination is adequately protected.

Section 6

Tebbutt J then turned to consider section 6 of the Act. For the purpose of any inquiry provided for in section 5, the Director is empowered by section 6 of the Act to "enter any premises on which or in which anything connected with that inquiry is, or is suspected to be" without notice, to seize copies of or extracts from any book or document and to request from any person an explanation of any entry therein.

Tebbutt J had no difficulty in holding that section 6 violates the right to privacy contained in section 13 of the Constitution as contended by the applicants:

> "The applicants . . . have referred to a large number of cases in which the right of every citizen to occupy and enjoy his home or property free from arbitrary or, as it has also been described, 'unreasonable invasion and search' has been stressed. No purpose would be served by an extensive quoting from them, or even listing them, here. Section 13 . . . containing as it does the right to privacy, entrenches that right in terms of our Constitution. It is, I think, undoubted that section 6 of the Act constitutes a violation of the right to privacy embodied in section 13 of the Constitution" (166F–G).

He stated that, since rights are not absolute, the Director should have the opportunity to prove that the limitation of the right by the Act was reasonable and justifiable in an open and democratic society based on freedom and equality. In interpreting section 33(1), the limitation clause, Tebbutt J relied on the criteria laid down in *R v Oakes* (1986) 26 DLR (4th) 200. *Oakes* has been approved as authoritative by our courts in *Qozeleni v The Minister of Law and Order* 1994 1 BCLR 75 (E) and *Phala v The Minister of Safety and Security* 1994 2 BCLR 89 (W). These criteria can be summarised as follows: First of all, the objective of the law must be sufficiently important to limit a constitutional right. Secondly, the law must be connected rationally to the objective. Thirdly, the law must impair the right no more than is necessary to accomplish its objective.

Tebbutt J was of the view that the first of the criteria had been met, namely that the Act pursues an objective that is sufficiently important to justify limiting individual constitutional rights. The objective is the "swift and proper investigation of serious economic offences". He stated (169D–E) that to enable the serious economic offences unit to operate effectively and to provide it with the necessary machinery to conduct its investigations properly, the interrogatory

procedures were necessary and were rationally connected to the objective of the Act.

In considering whether the law impaired the right more than was necessary to advance the objective of the Act, and whether there was proportionality between the effect of the measure and the objective sought to be achieved by the curtailment, Tebbutt J referred to *Hunter v Southam* (1985) 14 CCC (3d) 97 SCC 106 where Dickson J stated:

> "An assessment of the constitutionality of a search or seizure, or of a statute authorising the search and seizure must focus on its 'reasonable' or 'unreasonable' impact on the subject of the search or the seizure, and not simply on the rationality in furthering some blind government objective."

The major requirement laid down for reasonable search and seizure was that of prior authorisation. Dickson J said (109) that a requirement of prior authorisation, usually in the form of a valid warrant, had been a consistent prerequisite for a valid search and seizure both at common law and under most statutes.

The purpose of requiring prior authorisation was, in Dickson J's view, to provide an opportunity, before the event, for the conflicting interests of the state and the individual to be assessed, so that the individual's right to privacy would be breached only where the appropriate standard had been met, and the interests of the state were demonstrably superior:

> "For such an authorisation procedure to be meaningful, it is necessary for the person authorising the search to be able to assess the evidence as to whether that standard has been met, in an entirely neutral and impartial manner" (110).

In terms of section 6 of the Investigation of Serious Economic Offences Act it is the Director who determines whether search and seizure should take place. That power, Tebbutt J concluded,

> "ill accords with the neutrality and detachment necessary to assess whether the evidence reveals that the point has been reached where the interests of the individual must constitutionally give way to those of the state" (per Dickson J 112 in *Hunter supra*).

In his view, the Director could not "be the impartial arbiter necessary to grant effective authorisation".

Tebbutt J held that the spirit and purport of the Constitution would be best served by providing that before any search or seizure takes place pursuant to section 6 of the Act, prior authorisation for such procedure must be obtained from a magistrate or judge. Any application for such authorisation should set out, at the very least, under oath or affirmed declaration, information about the nature of the inquiry, and the need, in regard to that inquiry, for a search and seizure in terms of section 6 (172H). The obligation to obtain such authorisation would not, in Tebbutt J's view, prejudice the objective of the Act. Nor would there be any prejudice to the Director as far as the timely investigation of that objective is concerned, if he were to apply to a magistrate or judge for authorisation to conduct the search and seizure and to motivate such an application. He said (173A–B):

> "It would be akin to an application in a civil matter for an Anton Piller order. Nor would there be any prejudice to the Director on the basis that the person whose premises are to be searched and property seized may get word of the application. The same considerations as exist in respect of Anton Piller orders would apply."

Tebbutt J held that section 6 violates the Constitution in a further respect. Unlike section 5, section 6 contains no provision for excluding evidence obtained as a

result of a search and seizure conducted under that section in any subsequent criminal proceedings. He held that without such a safeguard the right to a fair trial embodied in section 25 of the Constitution would be violated (173B–E). In the result, Tebbutt J held that section 6 conflicts with section 13 of the Constitution, and that the court should exercise the powers it has in terms of section 98(5) of the Constitution and require Parliament to correct the defects in section 6.

The applicants attacked section 6 on another ground. They argued that it violates the property rights contained in section 28 of the Constitution. The latter deals with deprivation of rights in property, while section 28(3) deals with expropriation of rights in property. In relation to deprivations Tebbutt J had this to say:

> "[W]hile [s 28(2)] does provide that 'no deprivation of any rights in property shall be permitted', [it] goes on to specifically say [sic] that such deprivation may occur 'in accordance with a law'" (26).

He held that there may be a seizure of property pursuant to a search provided that it (the seizure) is permissible in accordance with "a law". Section 6 of the Investigation of Serious Economic Offences Act is, in his view, such a law. In the result, he decided that section 28 could not avail the applicants in their assault on section 6.

The first question which arises, is: what is meant by "a law"? If "a law" means any validly passed Act, ordinance, by-law, or delegated legislative provision, then only *ultra vires* executive action would be outlawed by section 28(2). This meaning, which it seems is the one Tebbutt J would have us attribute to it, does no more than set out the position as it was prior to the Bill of Rights and cannot, with respect, be correct. Moreover, it implies the unacceptable conclusion that the internal limitation in section 28(2) overrides the general limitation clause of section 33(1). Any exclusion of the general limitation clause would surely need to have been expressly provided for, given the function of section 33(1) and the Bill of Rights as a whole.

A better interpretation would be that, since a deprivation is a limitation of the right to acquire, hold and dispose of property provided for under section 28(1), and since all limitations on rights must be by law of general application which is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on freedom and equality under section 33(1), the law referred to in section 28(2) must be subject to the requirements of section 33(1).

Section 7

The applicants contended further that the right to privacy entrenched in section 13 of the Constitution was violated by section 7 of the Act. Section 7 prevents the disclosure of any information obtained as a result of any inquiry, search and seizure without the permission of the Director. Although it was not clear on what ground the applicants contended that the section was unconstitutional, counsel faintly argued that his objection to its constitutionality was that the Director may give permission for the disclosure of the information referred to in the section. Tebbutt J held that this section clearly *preserves* the right to privacy which in his view was the only right capable of being violated by the section and allows a departure from such preservation only with the Director's permission (173F–G). He stated (173H–I) that the Director does not have an "unfettered discretion" in deciding whether to permit such disclosure, and that his powers had to be exercised *intra vires*. Thus read, and having regard to section 232 of the Constitution, Tebbutt J held that section 7 does not conflict with the Constitution.

The Investigation of Serious Economic Offices Amendment Act 46 of 1995

In consequence of the finding of the court, section 6 of the Investigation of Serious Economic Offences Act was amended by the Investigation of Serious Economic Offences Amendment Act 46 of 1995. Section 6 now provides that premises may be entered and that a search and seizure may take place only pursuant to a warrant issued by a magistrate, regional magistrate or judge (subs 4). A warrant may be issued only if it appears that there are reasonable grounds for believing that anything relating to a section 5 inquiry is, or is suspected to be, on or in such premises. (The term "reasonable grounds" has been held to refer to an objective set of facts – *Craman Investments (Pty) Ltd v The South African Reserve Bank* case no 61/1989 (D).) The person requiring the warrant must state the nature of the inquiry in terms of section 5, the suspicion which gave rise to it, and the need, in regard to the inquiry, for a search and seizure (subs 5). This amendment is to be welcomed. It will go a long way towards preventing the issue of warrants on loose, vague or doubtful bases of fact, and will therefore offer protection against general searches.

Any entry or search of premises must be conducted with strict regard to decency and order, including a person's right to, respect for and the protection of his or her dignity, the right to freedom and security and the right to privacy (subs 2).

The Act also provides for the entry of premises and search and seizure without a warrant in certain circumstances. Search and seizure without a warrant may take place where the person concerned gives his consent or if the Director or any person referred to in section 3(4)(a), upon reasonable grounds, believes that the warrant would be issued if application were made *and* that the delay caused by obtaining a warrant would defeat the object of the entry, search and seizure and removal. This provision makes it clear that search and seizure without a warrant cannot be justified by the seriousness of the offence alone or by the plea that if such searches cannot be made, law enforcement will be more difficult. The amendments to section 6 therefore go a long way towards protecting the right to privacy contained in section 13 of the Constitution.

A further amendment specifically excludes the use of evidence obtained at an investigation or inquiry, in any subsequent criminal proceedings against the person from whom the evidence was obtained (subs 3). The words "no evidence ... shall be admissible" can be interpreted in two ways. Either only direct evidence is excluded, or both direct and derivative evidence is excluded.

Tebbutt J in *Park Ross* stated that the preferred interpretation would be one excluding both direct and derivative evidence. Referring to section 232(3) of the Constitution he held:

> "[S] 5(8)(b) and particularly the word 'evidence' must be 'read down' to give it the restrictive meaning of referring to both direct testimony and derivative evidence" (166C).

However, in *Ferreira supra* the Constitutional Court held that while direct evidence is not admissible, derivative evidence could be admitted subject to the discretion of the court to exclude such evidence on the grounds of fairness to the accused. This means that section 6(3) will be read to mean that only direct evidence need be excluded (see Ackermann J 1077F par 152F).

ANGELA ITZIKOWITZ
University of the Witwatersrand

DIE WENSLIKHEID VAN DIE GEBRUIKMAKING VAN MOSIEVERRIGTINGE BY ONBESTREDE EGSKEIDINGS

Ex parte Inkley and Inkley 1995 3 SA 528 (K)

Sedert die jare vyftig is daar 'n neiging onder regspraktisyns om al hoe meer van mosieverrigtinge in die hooggeregshof gebruik te maak. Die praktyk het ontstaan om sekere gedinge wat tradisioneel gewoonlik met 'n aksie begin was eerder met 'n aansoek te begin (sien *Minister of Native Affairs v Sekukuni* 1958 4 SA 99 (T) 101F). Hierdie neiging het onder andere ontstaan omdat mosieverrigtinge baie goedkoper en vinniger as aksieverrigtinge is. Maar ten spyte van hierdie neiging is die praktyk nog altyd om egskeidingsgedinge slegs met 'n aksie deur middel van 'n dagvaarding in te stel – selfs in omstandighede waar mosieverrigtinge by uitstek die gepaste prosedure is.

Voordat *Ex parte Inkley and Inkley* bespreek word, is dit wenslik om net eers weer die basiese beginsels van die prosesreg oor die verskillende litigasieprosedures uiteen te sit.

'n Persoon wat 'n geding in die hooggeregshof aanhangig wil maak, kan van een van twee prosedures gebruik maak, naamlik óf aksie- óf mosieverrigtinge. 'n Persoon kan egter nie na willekeur 'n keuse tussen hierdie twee prosedures uitoefen nie. Die omstandighede van elke saak sal telkens bepaal watter een van die twee prosedures gebruik moet word (sien *Room Hire Co (Pty) Ltd v Jeppe Street Mansions (Pty) Ltd* 1949 3 SA 1155 (T)).

Aksieverrigtinge moet gebruik word in gevalle waar 'n wesenlike feitedispuut voorsien word, dit wil sê waar die moontlikheid bestaan dat die partye met mekaar gaan verskil oor die feite wat die saak ten grondslag lê. 'n Aksie word begin deur 'n dagvaarding; en wanneer 'n saak wat deur 'n dagvaarding aanhangig gemaak is op verhoor gaan, moet die partye en hulle getuies voor die hof verskyn en *viva voce* getuienis lewer.

Aan die ander kant moet mosie- oftewel aansoekverrigtinge gebruik word in gevalle waar 'n wesenlike feitedispuut nie voorsien word nie, dit wil sê waar daar geen werklike geskilpunte tussen die partye oor die feite van die saak bestaan nie. 'n Aansoek word begin deur 'n kennisgewing van mosie ondersteun deur die applikant se funderende beëdigde verklaring. By die verhoor van 'n aansoek maak die hof sy beslissing op grond van die beëdigde verklarings voor hom (gewoonlik die applikant se funderende beëdigde verklaring en die respondent se antwoordende beëdigde verklaring). Die hof kan egter beveel dat mondelinge getuienis oor 'n bepaalde kwessie aangehoor moet word en dat die partye of enige getuies voor die hof moet verskyn.

In *Ex parte Inkley and Inkley* is die applikante in 1966 getroud. Twee dogters wat nou altwee meerderjarig en onafhanklik van die applikante is, is uit die huwelik gebore. Die huweliksverhouding tussen die applikante het egter onherstelbaar verbrokkel deurdat die applikante by die verhoor van hierdie saak reeds vir ongeveer drie jaar geheel en al afsonderlike lewens gelei het en nie meer as man en vrou saamgeleef het nie. Die applikante het 'n skikkingsakte onderteken waarin hulle ooreengekom het oor die vermoënsregtelike gevolge van die ontbinding van hulle huwelik.

Aangesien daar dus geen geskilpunte oor enige aspek van die egskeiding bestaan het nie, het die applikante die hof genader met 'n *ex parte* aansoek om egskeiding deur middel van 'n kennisgewing van mosie. Die kennisgewing van mosie is ondersteun deur 'n gesamentlike eedsverklaring deur die applikante waarin al die noodsaaklike bewerings en die redes vir die verbrokkeling van die huwelik uiteengesit is. Die applikante se advokate het die volgende redes aangevoer waarom die applikante daarop geregtig was om *in casu* van mosieverrigtinge gebruik te maak:

Hulle het aangevoer (529F) dat daar geen gebiedende bepaling in die Wet op Egskeiding 70 van 1979 of in die hooggeregshofreëls is wat 'n persoon verplig om 'n egskeidingsgeding deur middel van 'n aksie in te stel of wat 'n persoon verbied om mosieverrigtinge vir sodanige doel te gebruik nie.

Artikel 1(1) van die wet omskryf 'n egskeidingsgeding bloot as

> "'n geding waarby 'n egskeidingsbevel of ander regshulp wat daarmee in verband staan, aangevra word, en ook–
>
> (a) 'n aansoek *pendente lite* om 'n interdik of om die tussentydse bewaring van of toegang tot 'n minderjarige kind uit die betrokke huwelik of om die betaling van onderhoud; of
>
> (b) 'n aansoek om 'n bydrae tot die koste van so 'n geding of om so 'n geding of so 'n aansoek *in forma pauperis* in te stel of te doen of om die plaasvervangende betekening van prosesstukke, of die ediktale sitasie van 'n party, in so 'n geding of aansoek."

Daarbenewens bepaal artikel 11 van die wet dat "[d]ie prosedure wat met betrekking tot 'n egskeidingsgeding van toepassing is, is die prosedure wat van tyd tot tyd by hofreëls voorgeskryf word".

En wanneer daar dan na die hooggeregshofreëls gekyk word, blyk dit dat daar geen reël is wat spesifiek oor die prosedure handel wat by 'n egskeidingsgeding gebruik moet word nie. Die hooggeregshofreëls maak slegs in die breë voorsiening vir aansoekprosedure aan die een kant en aksieprosedure aan die ander kant.

Die applikante se advokate het verder geargumenteer (529G) dat die effek van hul aansoek niks meer as 'n verklaring van 'n gewysigde huwelikstatus van die partye is nie en dat hulle aansoek in hierdie opsig dus as analoog aan sekwestrasieverrigtinge beskou moet word. Sekwestrasieverrigtinge, wat ook op die wysiging van 'n persoon se status gerig is, word gewoonlik wel by wyse van 'n kennisgewing van mosie aanhangig gemaak.

Ten slotte het die applikante se advokate verwys na die sake waarin daar aanvaar is dat huweliksake en eise vir skadevergoeding nie deur middel van mosieverrigtinge aanhangig gemaak mag word nie. (Daar word nie in die saak aangedui na watter sake die advokate in hierdie verband verwys het nie, maar ek aanvaar dit is oa *Williams v Tunstall* 1949 3 SA 835 (T), *Room Hire Co (Pty) Ltd v Jeppe Street Mansions (Pty) Ltd* 1949 3 SA 1155 (T) en *Ex parte Van Loggerenberg* 1951 1 SA 771 (T).) Hulle betoog dat hierdie sake nie nagevolg behoort te word nie omdat daar vandag geen goeie rede vir die handhawing van so 'n vereiste bestaan nie.

Regter Van Zyl verwerp al hierdie argumente en weier om die egskeiding toe te staan omdat die partye die egskeidingsgeding in 'n aansoek deur middel van 'n kennisgewing van mosie aanhangig gemaak het en nie in 'n aksie deur middel van 'n dagvaarding nie.

Ten spyte van die feit dat daar geen bepaling in die Wet op Egskeiding is wat bepaal dat 'n egskeidingsgeding met 'n aksie deur middel van 'n dagvaarding

ingestel moet word nie, sê regter Van Zyl (531A–B) dat dit duidelik die bedoeling van die wetgewer is dat 'n egskeiding slegs met 'n aksie geëis kan word. Ter ondersteuning van hierdie interpretasie het die regter na verskeie artikels van die Wet op Egskeiding verwys wat dit volgens hom duidelik maak dat 'n egskeiding slegs met 'n aksie ingestel kan word. Die verwysing na hierdie artikels as staving vir sy interpretasie is egter nie oortuigend nie.

Regter Van Zyl verwys ten aanvang (531C–D) na die omskrywing van 'n "divorce *action*" (my kursivering) in artikel 1(1) van die wet. Volgens hom is dit dus duidelik dat 'n egskeiding met 'n aksie begin moet word en dat net die twee voorbeelde wat in (a) en (b) vermeld word met 'n aansoek deur middel van 'n kennisgewing van mosie ingestel mag word. Die punt is egter dat die Afrikaanse teks van die wet (wat weliswaar ook die ondertekende teks is) nie praat van 'n egskeidings*aksie* nie, maar van 'n egskeidings*geding*. En dit is tog duidelik dat 'n geding sowel 'n aksie as 'n aansoek insluit. Die Afrikaanse teks van die wet onderskraag dus die gedagte dat 'n persoon wat 'n egskeiding verlang 'n keuse het om óf van aksie- óf van mosieverrigtinge gebruik te maak.

Regter Van Zyl sê verder (531I–532A) dat die hof nie ingevolge artikel 4(1) van die wet in staat sal wees om sy diskresie uit te oefen by die beantwoording van die vraag of 'n huwelik onherstelbaar verbrokkel het as die hof nie die geleentheid het om die partye en moontlike getuies te sien en hulle getuienis aan te hoor nie. Die probleem met hierdie stelling is egter dat ons howe in die praktyk nie regtig getuienis van die partye of enige getuies in onbestrede egskeidingsake aanhoor nie. 'n Onbestrede egskeidingsaak word gewoonlik in minder as vyf minute afgehandel. Slegs die eiser hoef in die hof te verskyn en 'n paar formele vrae te beantwoord. Dit is hoogs uitsonderlik dat die verweerder of enige getuies by 'n onbestrede egskeidingsaak ook in die hof verskyn. Die feit is dat honderde huwelike elke Vrydag deur egskeiding in die verskillende afdelings van die hooggeregshof ontbind word sonder dat daar sprake van die aanhoor van getuienis in die ware sin van die woord is.

Regter Van Zyl verklaar vervolgens self ook (532D):

> "It is true that the facts and circumstances envisaged in this section [artikel 4(1)] may be placed fully before a Court by way of affidavit which may be accepted by the Court as evidence."

Maar ongelukkig vervolg hy dan:

> "On the other hand, it is common knowledge that, during the course of the leading of evidence, many other relevant facts and circumstances may come to the fore as a result of questions from the Bench, asked for purposes of clarity and elucidation."

Hierdie laaste stelling kan wel waar wees waar dit oor bestrede egskeidingsake gaan, maar dit is beslis nie die geval by onbestrede egskeidingsake nie. In onbestrede egskeidingsake is die verrigtinge na die uitreiking van die dagvaarding bloot 'n rubberstempelprosedure wat myns insiens net sowel op aansoek van die partye afgehandel kan word.

Regter Van Zyl verwys ook na artikel 6 van die wet wat oor die beskerming van die belange van afhanklike en minderjarige kinders handel. Volgens hom (533B) maak hierdie artikel baie duidelik dat die wetgewer bedoel het dat daar 'n verhoor moet wees van 'n egskeidingsaksie wat deur 'n dagvaarding ingestel is. As 'n mens artikel 6 aandagtig deurlees, is dit egter moeilik om te sien waarom die regter van mening is dat die bepalings van artikel 6 slegs by aksieverrigtinge van toepassing kan wees. Die bepalings van artikel 6 kan maklik ook by

mosieverrigtinge toegepas word. Dit gebeur trouens dikwels in die praktyk dat die bepalings van hierdie artikel aanwending vind by reël 43-aansoeke om die tussentydse bewaring van of toegang tot 'n kind. So het die hof in *Terblanche v Terblanche* 1992 1 SA 501 (W) 'n reël 43-aansoek om die tussentydse bewaring van kinders na die gesinsadvokaat verwys vir haar verslag en aanbevelings. Verder gebeur dit dikwels by reël 43-aansoeke dat die hof die partye of ander getuies gelas om voor hom te verskyn en *viva voce* getuienis te lewer.

Regter Van Zyl verklaar dan weer self (533G) dat "[i]t may be argued that these matters can be dealt with on affidavit . . .", maar gaan ongelukkig voort om te sê:

> "[B]ut it is clear that the Legislature envisaged proceedings in the form of a *hearing* where all relevant evidence and related matters are placed before the Court for its consideration."

Die regter maak 'n groot ophef van die feit dat daar 'n verhoor ("a *hearing*") moet wees. Die punt is egter dat wanneer 'n aansoek voor die hof dien, dit in reël 6(5)(f) van die hooggeregshofreëls ook 'n verhoor genoem word. As 'n egskeidingsaak deur middel van 'n aansoek gevoer word, sal daar dus steeds 'n verhoor wees – en as die aansoek nie behoorlik op beëdigde verklaring beslis kan word nie kan die hof ingevolge reël 6(5)(g) beveel dat mondelinge getuienis aangehoor word ten einde 'n bepaalde feitegeskil te beslis.

In sy uitspraak het regter Van Zyl ook die sake behandel waarin daar aanvaar is dat huweliksake nie deur mosieverrigtinge aanhangig gemaak mag word nie. Hy steun (534C–F) veral op die volgende *dictum* van regter Roper in *Ex parte Van Loggerenberg supra* 772A–C:

> "The necessity for action proceedings in such causes [matrimonial causes] is based upon public grounds; it is undesirable that the Court should set aside the marriage tie without hearing the oral evidence of the parties, for two reasons: first, because the status, not only of the parties themselves but of the children, born and unborn, is involved, and secondly, because of the interest of the State in the preservation of the binding nature of marriage."

Hierdie *dictum* kan met reg egter gekritiseer word:

- Eerstens gebeur dit bitter selde in die praktyk dat ons howe werklik mondelinge getuienis in onbestrede egskeidingsake aanhoor.
- Tweedens is die moontlikheid van mondelinge getuienis by mosieverrigtinge nie uitgesluit nie (sien r 6(5)(g) van die hooggeregshofreëls).
- Derdens word daar dikwels in die praktyk van mosieverrigtinge gebruik gemaak in sake waar 'n persoon se status betrokke is. (Voorbeelde hiervan is oa sekwestrasie- en ander aansoeke om 'n persoon onder kuratele te plaas.)
- Vierdens is dit moeilik om in te sien hoe 'n kind wat reeds gebore is se status deur egskeiding verander kan word.
- Vyfdens doen die feit dat 'n egskeidingsgeding deur mosieverrigtinge ingestel word geen afbreuk aan die staat se belang in "the preservation of the binding nature of marriage" nie. As 'n huwelik onherstelbaar verbrokkel het ingevolge artikel 4(1) van die Wet op Egskeiding, moet die hof volgens die appèlhofbeslissing *Levy v Levy* 1991 3 SA 614 (A) 'n egskeidingsbevel verleen. Die feit dat 'n egskeidingsgeding met 'n aksie of met 'n aansoek begin is, gaan dus nie werklik 'n verskil maak nie.

Regter Van Zyl haal vervolgens (535C–I) 'n paar omskrywings van die huwelik deur enkele van ons gemeneregskrywers aan. Met verwysing na openbare belang kom hy dan tot die volgende gevolgtrekking (536E–F):

> "The significance of marriage as one of the foundation stones of any civilised community still pertains to this day. It cannot simply be regarded as a consensual contract which can be breached and cancelled as easily as it was concluded."

Dit is egter moeilik om die logika agter hierdie gevolgtrekking te verstaan. As 'n egskeidingsbevel verleen word na die aanhangigmaking van 'n aansoek, in plaas van 'n aksie, kan daar nog steeds nie gesê word dat die huwelik as 'n konsensuele kontrak beskou word nie. 'n Gewone kommersiële kontrak kan na willekeur (deur ooreenkoms) deur die betrokke partye self gekanselleer word. As 'n huwelik op aansoek van die partye ontbind word, is dit egter steeds die hooggeregshof wat die egskeidingsbevel verleen en kan daar nie gesê word dat die huwelik bloot na willekeur van die partye beëindig is nie.

In die lig van die hoë egskeidingsyfer en die groot toename in saamwoonverbintenisse in ons land is dit verder te betwyfel of die openbare belang vandag nog die huwelik as een van die hoekstene van 'n beskaafde gemeenskap beskou.

Regter Van Zyl sluit sy uitspraak met 'n laaste verwysing na die praktyk om egskeidingsgedinge slegs deur middel van aksieverrigtinge aanhangig te maak. Hy verklaar (537C–D) dat

> "a Court would be loath to depart or deviate from a practice which has been followed since the earliest times. Very good reasons would have to be put forward before such departure or deviation may be regarded as justifiable. In the present case no such reasons have been tendered. On the contrary, there are excellent reasons for retaining the practice".

Daar is inderdaad goeie redes vir die behoud van die bestaande praktyk in geval van bestrede egskeidingsake, maar uit die bogaande bespreking blyk duidelik dat daar beslis geen rede is waarom hierdie praktyk nog op onbestrede egskeidingsake van toepassing moet wees nie. Alhoewel 'n onbestrede egskeidingsaak tans steeds met 'n aksie begin word, word so 'n saak na die uitreiking van die dagvaarding basies op dieselfde wyse as 'n onbestrede aansoek afgehandel. (In die *Praktykshandleiding* van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling word die praktyksreëlings wat tav mosies en onbestrede egskeidings geld bv saam onder een en dieselfde opskrif behandel.) Daar is dus geen rede waarom onbestrede egskeidingsake nie deur middel van mosieverrigtinge ingestel kan word nie. Mosieverrigtinge is dan juis die gepaste prosedure om te volg in gevalle waar geen feitedispuut voorsien word nie. Verder sal die gebruik van mosieverrigtinge by onbestrede egskeidingsake 'n aansienlike kostebesparing vir die betrokke partye inhou. (Deur die gebruik van mosieverrigtinge in hierdie gevalle word advokaatsgelde vir die ondertekening van die *Besonderhede van Vordering* en 'n aantal opwagtingsgelde byvoorbeeld uitgeskakel.) Waar 'n wesenlike feitedispuut wel by bestrede egskeidingsake voorsien word, moet daar natuurlik van aksieverrigtinge gebruik gemaak word.

Regter Van Zyl se uitspraak is dus regtig teleurstellend. *Ex parte Inkley and Inkley* was eintlik 'n toetssaak wat deur sowel 'n senior as junior advokaat geargumenteer is in die hoop, veronderstel ek, dat ons howe uiteindelik die buigsamer benadering sou aanvaar in teenstelling met die ortodokse streng benadering wat ons regbank so lank gekarakteriseer het.

M DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

HORISONTALITEIT VAN FUNDAMENTELE REGTE AFGEWYS

Potgieter v Kilian 1995 1 BCLR 1498 (N)

1 Inleiding

Die uitspraak van regter McLaren (met wie Squires R saamgestem het) sal 'n teleurstelling wees vir daardie juriste wat van mening is dat die handves van fundamentele regte in hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 noodwendig beteken dat die beproefde bepalings van die gemenereg meteen daarmee heen is. Dit is voorspelbaar dat diegene wat 'n afkeer het van die beginsel dat die (vermoedelike) bedoeling van die wetgewer 'n belangrike rol by grondwetlike uitleg speel, ontevrede gaan wees met 'n *dictum* soos:

> "Dit kon tog sekerlik nie die bedoeling van die wetgewer gewees het om die voormelde drastiese verandering in ons reg aan te bring nie. Ek dink 'n mens kan met veiligheid aanvaar dat as die wetgewer sulke gevolge wou teweegbring (deur die horisontale aanwending van Hoofstuk 3 [van die Grondwet]) hy dit duidelik sou voorgeskryf het" (1518A).

(Sien in hierdie verband ook die opmerkings in *Du Plessis v De Klerk* saak no CCT 8/95 1996-05-15 (CC) par 29, 85 en 111.)

Alhoewel ek nie met alles in die *Potgieter*-uitspraak saamstem nie, is dit verblydend dat daar nog regters is wat nie die vae bepalings van die Grondwet as regverdiging wil gebruik om iewers in die loop van 'n verhoor te transformeer tot 'n regshervormingskommissie of 'n tipe wetgewer nie.

As Suid-Afrika inderdaad nou 'n *regstaat* is (en die "regstaat"-aanspraak stuit natuurlik teen die werklikheid dat die Grondwet bloot met 'n tweederdemeerderheid gewysig kan word – in praktyk is die parlement dus steeds 'n magsblok wat in die naam van 'n sterk meerderheidsparty onreg tot reg kan verklaar), is daar veel te sê vir 'n konserwatiewer benaderinġ tot die uitleg en toepassing van die Grondwet in die privaatreg. Die skepping van grootskaalse onsekerheid deur direkte horisontale werking van die handves van regte toe te laat (vgl bv Van Aswegen "The implications of a bill of rights for the law of contract and delict" 1995 *SAJHR* 53–55) ingevolge elke regter se siening oor hoe die privaatreg ooreenkomstig byvoorbeeld "demokratiese beginsels" hervorm moet word, kan beswaarlik die kenmerk van 'n "regstaat" wees. Die toelating van te veel ruimte vir regterlike willekeur is teenstrydig met die oppergesag van die reg: daar is 'n belangrike verskil tussen 'n "regstaat" en 'n "regterstaat".

In *Du Plessis v De Klerk supra* par 181 wys regter Sachs ook op die onwenslikheid daarvan om, in sy terminologie, 'n "dikastocracy" of 'n "juristocracy" te skep.

In die *Potgieter*-saak word vanselfsprekend nie die laaste woord gespreek oor die horisontale werking van die Grondwet en die besonder moeilike vraag na die korrekte verhouding tussen die fundamentele reg op vryheid van spraak en die beskerming van die *fama* nie.

Alhoewel wesenlike beginsels in die *Potgieter*-uitspraak in effek ook toegepas word in die uitsprake van die meerderheid regters van die konstitusionele hof in *Du Plessis v De Klerk supra*, word in laasgenoemde uitspraak (par 73) ook

verwys na die finale (1996-) Grondwet waarin verskillende formulerings voorkom wat 'n ander uitwerking op die probleem kan hê. Die nuwe voorgestelde Grondwet se erkenning van die belang van "human dignity" (bv in klousule 1) kan inderdaad andersoortige impulse na die privaatreg uitstuur, maar die algemene posisie betreffende horisontaliteit behoort nie dramaties te verander nie.

Daar is internasionaal 'n haas onoorsigtelike literatuur oor laster en vryheid van spraak wat duidelik bewys dat ons reg hom ook moet voorberei op 'n lang ontwikkelingspad (vgl die volgende meer onlangse bydraes: Van der Vyver "Constitutional free speech and the law of defamation" 1995 *SALJ* 572; Neethling en Potgieter "Laster: Die bewyslas, media-privilegie en die invloed van die nuwe Grondwet" 1994 *THRHR* 413; Neethling en Potgieter "Aspekte van die lasterreg in die lig van die nuwe Grondwet" 1995 *THRHR* 709; Barendt "Libel and freedom of speech in English law" 1993 *Public Law* 449; Fleming "Defamation: Political speech" 1993 *LQR* 12; O'Dell "Does defamation devalue free speech?" 1990 *DULJ* 50; Kriele "Ehrenschutz und Meinungsfreiheit" 1994 *NJW* 1897; die belangrike beslissing van die *Bundesverfassungsgericht* in die "Soldaten sind Mörder"-saak 1994 *NJW* 293; Prinz "Der Schutz der Persönlichkeitsrechte vor Verletzung durch die Medien" 1995 *NJW* 817; Grimm "Die Meinungsfreiheit in der Rechtsprechung des Bundesverfassungsgerichts" 1995 *NJW* 1697; Gounalakis "Freiräume und Grenzen politischer Karikatur and Satire" 1995 *NJW* 809; Kommers *The constitutional jurisprudence of the Federal Republic of Germany* (1989) 366–443; Currie *The Constitution of the Federal Republic of Germany* 174–243).

2 Feite en beslissing

Die hof moes 'n appèl bereg teen 'n landdroshof se uitspraak dat die appellante (applikante) nie geregtig is op 'n finale interdik wat die publikasie van 'n lasterlike brief in 'n koerant sou verhinder nie. Die landdros het onder meer op sterkte van *Mandela v Falati* 1994 4 BCLR 1 (W) beslis dat die respondent se vryheid van uitdrukking ingevolge artikel 15 van die Grondwet seëvier oor die applikante se "reg tot waardigheid". By monde van regter McLaren verwerp die hof die *ratio* in die *Mandela*-saak *supra* (en in die besonder ook die beslissing in *Gardener v Whitaker* 1994 5 BCLR 19 (OK) – sien vir 'n kritiese bespreking Visser "A successful invasion of private law" 1995 *THRHR* 745) dat hoofstuk 3 van die Grondwet horisontale werking het.

Vir geval sy beoordeling dalk verkeerd kan wees, ontleed regter McLaren ook die moontlike invloed van die Grondwet op die lasterreg in twee situasies, naamlik as die reg op goeie naam as deel van die reg op (menslike) waardigheid ingevolge artikel 10 beskou word, en waar dit nie deur artikel 10 gedek word nie. Ingevolge beide moontlike konstruksies bevind die hof dat die appellante op 'n finale interdik geregtig is.

3 Basiese evaluasie

Daar kan min twyfel wees dat die hof se beoordeling en toepassing van die algemene beginsels van die lasterreg (1531–1534) basies korrek is. Selfs al aanvaar 'n mens argumentshalwe dat die Grondwet direk toepassing ten aansien van die lasterreg het, kan die beginsels wat die regter *in casu* in ag geneem het, wel redelikerwys die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid ten grondslag lê, "bevorder" (a 35(1) van die Grondwet; sien hieroor ook Neethling en Potgieter 1994 *THRHR* 518).

Die logika, oortuigingskrag en vernuf van heelwat van regter McLaren se argumente (dieselfde geld Van Dijkhorst R se uitspraak in *De Klerk v Du Plessis* 1994 6 BCLR 124 (T)) word onderskraag, alhoewel nie *in eo nomine* nie, deur die benadering van die meerderheid regters van die konstitusionele hof in *Du Plessis v De Klerk supra* waar die hof ook teen algemene direkte horisontale werking van die handves van fundamentele regte beslis het. Hopelik sal hierdie rigting 'n demper plaas op die eksponente van die meer "vry-swewende" of "ronddrywende" uitlegmetodes wat met die nodige praal van geleerdheid die Grondwet soos 'n buikspreker se pop wil gebruik om hulle eie standpunte die skyn van regskrag te gee (vgl Van Dijkhorst R se gebruik van dié beeldspraak in *De Klerk supra* 128).

4 Enkele van die hof se argumente

In casu oorweeg die hof breedvoerig die moontlike horisontale werking van die Grondwet wat dan 'n invloed op die lasterreg kan hê deurdat die erkenning van die fundamentele reg op vryheid van uitdrukking soms die reg op die *fama* met minder beskerming as voorheen sal laat (1512–1527).

Regter McLaren aanvaar dat daar by die vertolking van die Grondwet nie 'n radikale afwyking van die gewone uitlegreëls mag wees nie (sien ook *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 1 BCLR 75 (OK) 81). Hy verwys goedkeurend na standpunte dat die vernaamste probleem wat die Grondwet wou aanspreek, die onaanvaarbare grondwetlike bedeling van die ou Suid-Afrika was (1515F–1516F 1520I). Alhoewel min juriste waarskynlik hiermee sal verskil, is dit twyfelagtig of die regter se afleiding korrek is dat die wetgewer *daarom* nie ook kon bedoel het nie dat die Grondwet horisontale werking moet hê. Na my mening is regter McLaren se redenasie nie 'n doeltreffende antwoord aan sekere ywerige regshervormers op (of agter) die regbank nie. Waarom, kan 'n mens byvoorbeeld vra, kon die wetgewer nie bedoel het om tegelykertyd politieke apartheid af te skaf *en* sekere ingrypende wysings aan die privaatreg te magtig nie? Die handves van fundamentele regte wat onder meer as regverdiging dien vir die publikasie en besit van pornografie, die wettiging van dobbelary, die beskerming van afgodsdiens en eise om die wettiging van aborsie, prostitusie en homoseksuele "huwelike", bewys immers duidelik dat dit om veel meer as die afskaffing van die stelsel van politieke apartheid gaan (vgl ook Visser en Potgieter "Some critical comments on South Africa's bill of fundamental rights" 1994 *THRHR* 494).

Terloops kan daarop gewys word dat alhoewel regter McLaren die *Gardener*-uitspraak *supra* verwerp (bv 1520B 1529B 1532G), hy tog met verwysing na *Gardener* aanvaar dat die wetgewer wat die horisontale vlak betref, geen hiërargie van fundamentele regte wou skep nie. Ek het reeds daarop gewys dat so 'n siening teenstrydig met die uitspraak van die konstitusionele hof in *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC) 451 is (sien vir 'n soortgelyke standpunt die insiggewende bespreking deur Van der Vyver 1995 *SALJ* 593–599).

Voorgestelde benaderings tot die uitleg van die Grondwet word dikwels deur eienaardighede gekenmerk. In die loop van sy uitspraak reken regter McLaren af met een so 'n vergesogte teorie van regter Hurt (in *Motala v University of Natal* 1959 3 BCLR 374 (D) 382D) dat die gebrek aan uitdruklike verwysings na die Grondwet se horisontale werking toegeskryf kan word aan die "high-powered, perhaps frantic, milieu in which the Constitution was forged". (Die implikasie is seker dat die hof die grondwetskrywers se taak moet voltooi – daar kan dan

soveel grondwette ontwikkel as wat daar regters is!) Die relevante geskiedenis in hierdie verband word vertel in Du Plessis en Corder *Understanding South Africa's transitional bill of rights* (1994) 112 en vir sover die skrywers se weergawe akkuraat is, steun dit interessant genoeg ten dele regter MacLaren se verwerping van die horisontale werking van die Grondwet.

Ongelukkig is regter McLaren se siening oor die verband tussen *fama* (wat nie *eo nomine* deur die Grondwet erken word nie) en die reg op waardigheid in artikel 10 (1528–1530) nie volkome oortuigend nie. Waarskynlik sal ons reg nog aanvaar dat artikel 10 (en sy nakomelinge) 'n tipe aanknopingspunt vir heelwat privaatregtelike persoonlikheidsontwikkeling kan wees en dat die "waardigheid" waarvan daar melding gemaak word, ook die uiterlike waardigheid of reputasie insluit (sien in die algemeen Burchell "Beyond the glass bead game: Human dignity in the law of delict" 1988 *SAJHR* 1).

Dit is nie nodig om vir doeleindes van hierdie bespreking op al die redes in te gaan wat regter McLaren aanvoer *teen* die horisontale werking van die Grondwet nie. Watter logiese oortuigingskrag sy argumente ook al mag hê (en hy noem heelwat interessante oorwegings – bv 1523F 1527A–B 1431A–B), gaan dit eintlik nie meer oor die vraag of die Grondwet wel horisontale werking het nie, maar oor watter *model van horisontale werking* gebruik behoort te word (vgl ook Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 82–83; sien verder par 6 hieronder oor wat regters in hierdie verband te doen staan).

Artikel 35(3) van die Grondwet (regter McLaren oorweeg skynbaar nie hierdie bepaling nie) wat onder meer voorskryf dat by die toepassing en ontwikkeling van die gemenereg 'n hof die gees, strekking en oogmerke van die handves van fundamentele regte in ag moet neem, maak ongetwyfeld vir 'n tipe (indirekte) horisontale werking voorsiening net soos in die Duitse reg waaraan dit ontleen is (sien bv Van Aswegen 1995 *SAJHR* 56–57). Dit staan nou ook vas dat in die algemeen daar indirekte horisontale werking van fundamentele regte is (*Du Plessis v De Klerk supra*). Ondanks die feit dat regter Van Dijkhorst in *De Klerk v Du Plessis supra* 501 horisontale werking uitdruklik verwerp, bied die volgende *dictum* deur hom tog steun vir 'n gematigde tipe horisontale werking:

> "Section 35(3) is intended to permeate our judicial approach to interpretation of statutes and the development of common law with the fragrance of the values in which the Constitution is anchored. This means that whenever there is room for interpretation or development of our virile system of law that is to be the point of departure. When in future the unruly horse of public policy is saddled, its rein and crop will be that value system."

Alhoewel dit nie nodig behoort te wees dat die hof by elke geding tussen private burgers besondere aandag skenk aan hoe hy die gemenereg verder moet "ontwikkel" nie, kan hierdie *dictum* toegepas op die feite voor regter McLaren beteken dat die reg op vryheid van spraak noodwendig 'n invloed op die lasterreg kan uitoefen buite die tradisionele gemeenregtelike bepalings in verband met spraakvryheid. Regsvergelyking leer dat grondwetlike vryheid van spraak druk op die lasterreg uitoefen (sien die lysie verwysings in par 1 hierbo). Alhoewel ek meen dat daar *in casu* nie ruimte vir 'n verandering aan die lasterreg was nie, moet aanvaar word dat byvoorbeeld die skuldlose aanspreeklikheid van die massamedia waarskynlik sterker onder druk gaan kom (vgl ook Van Aswegen 1995 *SAJHR* 61–62 en bv *New York Times Co v Sullivan* 376 US 254 (1964)). Dit is dus ietwat onrealisties om 'n skeidsmuur tussen privaatregtelike laster en die fundamenteelregtelike vryheid van uitdrukking te probeer opbou.

5 Slotgedagtes

Danksy regters McLaren en Squires is die nuutste onnodige aanslag op die privaatreg tydelik afgeweer. 'n Mens kan dankbaar wees dat die hof die inherente waarde van ons gemeenregtelike privaatreg bevestig (1515G–1516F), besondere klem op die gebruik van die bekender uitlegreëls plaas en hom nie laat mislei deur 'n onnodige vae "vergunnende en doeldienende" benadering tot grondwetuitleg wat noodsaaklike regsekerheid onredelik versteur nie. Die reg (en die Grondwet) is natuurlik noodwendig in sekere opsigte vaag maar ongelukkig pas sekere juriste se voorstelle oor hoe die Grondwet hanteer moet word, in by regter Van Dijkhorst se waarskuwing oor die buikspreker en sy pop (sien par 3 hierbo).

Wat die horisontale werking van die grondwetlike bepalings oor fundamentele regte betref, is die algemene internasionale neiging blykbaar een van toenemende *Drittwirkung*. Die idee is onder meer dat daar ook gewaak moet word teen magsmisbruik in die geval van private magsblokke (bv Du Plessis en Corder 113). Dit is twyfelagtig of Suid-Afrika aan hierdie tendense gaan ontsnap – en die magtige posisie van die massamedia kan miskien juis noodsaak dat ondanks hulle reg op redelike vryheid van uitdrukking, hulle skuldlose aanspreeklikheid op grond van laster gehandhaaf moet word.

Na my mening kan regters wat 'n waardering vir ons gemeenregtelike erfenis het, deur die ontwikkeling van 'n behoorlike model van horisontale werking (*Drittwirkung*) waarskynlik 'n sterker positiewe invloed op die privaatreg uitoefen as om enige horisontale werking summier af te wys. So kan hulle beter verseker dat beproefde gemeenregtelike bepalings nie onnodig onder verdenking kom nie en gesonde beheer uitoefen oor die verdere ontwikkeling daarvan.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

DIE TOEGANGSBEVOEGDHEDE VAN DIE ONGETROUDE VADER – IS DIE FINALE WOORD GESPREEK?

B v S 1995 3 SA 571 (A)

1 Inleiding

Die dilemma van die ongetroude vader is oorbekend – trouens, sy stryd het openbare besit geword. Die media is vol verhale van ongetroude vaders wat nie hulle kinders te sien kry nie, nie 'n lang hofstryd kan bekostig nie of wie se lang hofstryd onsuksesvol was.

Die appèlhof het in *B v S* bevestig dat die ongetroude vader ingevolge die huidige Suid-Afrikaanse reg geen inherente toegangsreg het nie. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het onlangs die aangeleentheid ondersoek (*'n Vader se regte ten opsigte van sy buite-egtelike kind* Werkstuk 44 Projek 79 (1993)). In 'n verslag wat in 1994 gepubliseer is, beveel die kommissie aan dat wetgewing aanvaar word wat die gemeenregtelike posisie bevestig en waarin riglyne neergelê word wat die howe in ag moet neem by aansoeke van hierdie aard (*Verslag*

oor die regte van 'n vader ten opsigte van sy buite-egtelike kind Projek 79 (1994) 83–89).

'n Ondersoek na die moontlike implikasies van die menseregtehandves (vervat in hfst 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993) vir die regsposisie van die ongetroude vader is noodsaaklik.

Ten spyte van die algemene gebruik van die term "toegangsreg" in regsgeskrifte word die term "toegangsbevoegdhede" verkies.

2 Beslissing in *B v S*

2 1 Feite

Die appellant het in 1992 by die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling aansoek gedoen om toegang tot sy buite-egtelike seun, welke aansoek deur die hof van die hand gewys is. Hy appelleer nou met verlof van die hof *a quo* teen daardie beslissing.

Die feite soos blyk uit die onbestrede getuienis is soos volg: Die appellant, 'n tegniese bestuurder, het gedurende die grootste gedeelte van 1988 en 1989 met die kind se moeder (respondent) saamgewoon. Hulle het (skynbaar vriendskaplik) uitmekaar gegaan toe die respondent swanger was. 'n Paar maande voor hulle seun se geboorte in 1990 het die appellant weer by die respondent ingetrek. Hoewel die partye tydens die swangerskap 'n aborsie oorweeg het, was die appellant teenwoordig toe die kind later deur middel van 'n keisersnee gebore is. 'n Paar maande na die geboorte het die appellant en respondent se weë finaal geskei maar die respondent het toegestem dat die appellant toegang tot die kind mag verkry. Die appellant het, benewens sy bydrae tot die respondent se hospitaalonkostes ook enkele onderhoudsbetalings gemaak. In Februarie 1991 is alle kontak tussen die respondent en sy seun verbreek. Sedertdien was die enigste vaderfiguur wat die seun geken het sy oupa aan moederskant. Na Februarie 1991 het die appellant geen onderhoud betaal nie maar hy het 'n uitkeerpolis ten gunste van sy seun uitgeneem en die maandelikse premie betaal (585G–586B).

Die bestrede getuienis is kortliks soos volg: Die appellant beweer dat hy graag vir die kind 'n vader wil wees en hom wil onderhou maar dat die respondent sonder rede weier om enige verdere onderhoudsbetalings te aanvaar en dat sy hom enige toegang tot die kind weier. Aan die ander kant beweer die respondent dat die appellant die toegangsbevoegdhede wat sy hom toegelaat het, misbruik het om haar te dreig en selfs fisies te molesteer. Sy beweer egter nie dat die appellant 'n swak karakter het of 'n swak vader sal wees nie (586C–E).

2 2 Die gemenereg soos toegepas deur die howe

Die appellant se eerste betoog was dat die vader van die buite-egtelike kind 'n inherente toegangsreg het wat op vaderskap alleen gebaseer is. Daar word geargumenteer dat die feit dat die Romeins-Hollandse skrywers swyg oor die toegangsbevoegdhede van die ongetroude vader nie beteken dat toegang in daardie tyd nie erken is nie. Daar word onder andere namens die appellant aangetoon dat die vader se bestaan en identiteit as vader wel in die Romeins-Hollandse reg erken is – hy was byvoorbeeld verplig om die kind te onderhou. Daar word alternatief namens die appellant aangevoer dat, sou die hof beslis dat so 'n reg nie gemeenregtelik erken is nie, beginsels van billikheid en geregtigheid die hof noodsaak om te verklaar dat so 'n reg wel bestaan, sodat die posisie van die ongetroude vader nie (wat toegang betref) ondergeskik is aan dié van die getroude vader nie (574I–575D).

Die hof wys daarop dat toegang, soos bewaring, 'n komponent van ouerlike gesag is. 'n Inherente toegangsreg kan slegs uit ouerlike gesag ontstaan. In die gemenereg het die ouerlike gesag (en dus bewaring en toegang) oor die buite-egtelike kind by haar moeder berus. Die vader het geen ouerlike gesag gehad nie. Hy kon slegs ouerlike gesag verkry deur met die moeder te trou of die kind aan te neem (575D–J).

Vervolgens ondersoek die hof die Suid-Afrikaanse regspraak oor die onderwerp en begin met *Wilson v Ely* 1914 WR 34 en *Matthews v Haswari* 1937 WLD 110. Nie een van hierdie beslissings is die hof van hulp nie. In *Wilson* is toegang toegestaan op die verkeerde veronderstelling dat dit 'n *quid pro quo* vir die betaling van onderhoud is. In *Matthews* is toegang toegestaan, skynbaar omdat dit in belang van die kind was, maar die hof het nie in sy uitspraak die regsbeginsels bespreek nie. Daarna ondersoek die hof die beslissings in *Docrat v Bhayat* 1932 TPD 125, *Douglas v Mayers* 1987 1 SA 910 (Z), *F v L* 1987 4 SA 525 (W), *F v B* 1988 3 SA 948 (D) en *B v P* 1991 4 SA 113 (T). Samevattend kan gesê word dat die howe nie 'n inherente toegangsreg erken nie maar aanvaar dat die vader deur middel van 'n hooggeregshofaansoek toegang kan verkry as hy kan bewys dat dit in die kind se belang sal wees (576B–577C).

2 3 Van Erk v Holmer *1992 2 SA 636 (W) in perspektief*

Van Erk v Holmer vorm die hoeksteen van die appellant se saak. In hierdie beslissing is 'n bestrede aansoek om toegang na die gesinsadvokaat vir ondersoek en aanbevelings verwys. Sy het aanbeveel dat sekere omskrewe toegangsbevoegdhede aan die vader verleen word. Hierdie aanbevelings is deur regter Van Zyl aanvaar. Die partye het 'n skikking bereik wat 'n bevel van die hof gemaak is. Daarna het hulle die hof versoek om redes vir sy aanvaarding van die gesinsadvokaat se aanbevelings te verstrek. Na 'n ontleding van verskeie gemeenregtelike bronne, die Suid-Afrikaanse regspraak en die posisie in Anglo-Europese stelsels, dui regter Van Zyl aan dat hierdie 'n geval is waar geen wetgewing, regspraak of gewoonte bestaan wat die hof van hulp kan wees nie, en waar die hof die saak moet beslis in ooreenstemming met oorwegings van redelikheid, geregtigheid, billikheid en openbare beleid (648B–C). Daarna bereik regter Van Zyl sy nou reeds bekende gevolgtrekking (649I–650A):

> "I believe the time has indeed arrived for the recognition by our Courts of an inherent right of access by a natural father to his illegitimate child. That such right should be recognised is amply justified by the precepts of justice, equity and reasonableness and by the demands of public policy. It should be removed only if the access should be shown to be contrary to the best interests of the child."

In *B v S* plaas appèlregter Howie die omstandighede waarin die *Van Erk*-beslissing gelewer is in perspektief. Hy noem dat niks in die hofverslag daarop dui dat die huidige regsvraag, met ander woorde of 'n vader inherente toegangsbevoegdhede tot sy buite-egtelike kind het, ooit 'n geskilpunt tussen die partye was waaroor die hof moes beslis nie. Die gesinsadvokaat moes besluit of toegang deur die vader gepas sou wees al dan nie, en nie of die vader inherente toegangsbevoegdhede het nie. Indien aanbeveel sou word, soos wat wel gedoen is, dat toegang wenslik is, kon hierdie aanbevelings alleen berus op die beste belang van die kind. Die vader is per slot van sake geregtig om toegang aan te vra as dit in belang van die kind sal wees. Daarom was die hof nie verplig om redes te gee vir sy aanvaarding van die gesinsadvokaat se aanbevelings nie. Die hof is dus van oordeel dat daar in *Van Erk v Holmer* nie sprake van 'n beslissing op 'n regspunt was nie. Selfs al sou dit vir die hof nodig gewees het

om argumente aan te hoor en 'n beredeneerde beslissing oor sy aanvaarding van die gesinsadvokaat se verslag te gee, sou die beslissing oor die vraag of 'n inherente toegangsreg bestaan *obiter* wees (578B–I).

Appèlregter Howie ondersoek nietemin die *Van Erk v Holmer*-beslissing en kom tot die gevolgtrekking dat aangesien die gemeenregtelike posisie ten aansien van die toegangsbevoegdhede van die vader van die buite-egtelike kind duidelik is, "the judicial function is to expound, not to legislate". Die vader het geen inherente toegangsbevoegdhede nie maar toegang kan aan hom toegeken word as dit in belang van die kind is (579H).

2 4 Toegang – aanspraak van ouer of kind?

Met verwysing na twee Engelse beslissings, naamlik *A v C* 1985 FLR 445 (CA) en *Re KD (a minor)* 1988 1 All ER 577 (HL), ondersoek appèlregter Howie die vraag of toegang as die inherente reg van die ouer of die kind gesien moet word (580B–582B). Die *dicta* wat hy aanhaal, beklemtoon die feit dat enige regte, voorregte of aansprake wat 'n ouer ten aansien van toegang tot sy of haar kind het, onderworpe is aan die beste belang van die kind. Die belang van die kind is die sentrale faktor in elke geval. Appèlregter Howie stel dit soos volg (582A):

> "It is thus the child's right to have access, or to be spared access, that determines whether contact with the non-custodian parent will be granted. Essentially, therefore, if one is to speak of an inherent entitlement at all, it is that of the child, not the parent."

2 5 Diskriminasie teen die vader?

Hierbo is aangetoon dat appèlregter Howie toegang as die inherente aanspraak van die kind, en nie die ouer nie, beskou. Volgens hom illustreer daardie gevolgtrekking die praktiese realiteit dat daar nie onbillik teen die vader van 'n buite-egtelike kind gediskrimineer word nie. Hy toon vervolgens aan hoekom die posisie van vaders van binne- en buite-egtelike kinders volgens hom nie in die praktyk wesenlik van mekaar verskil nie (582C–F) (sien par 3 3 hieronder). Die appellant se eerste betoog slaag dus nie.

2 6 "Some very strong and compelling ground"?

Die appellant se tweede betoog was dat die hof *a quo* (*B v S* 1993 2 SA 211 (W)) fouteer het deur te beslis dat die appellant 'n bewyslas het om die hof te oortuig van "a very strong and compelling ground" voordat bevind kan word dat toegang in die kind se belang sal wees, en dit nadat die hof *a quo* hom gebonde verklaar het aan *B v P*. Die hof *a quo* het verwys na 'n aanhaling uit *B v P* waarin daardie hof op sy beurt na *Douglas v Mayers* verwys het. Appèlregter Howie wys daarop dat die hof *a quo* die beslissing in *B v P* verkeerd geïnterpreteer het as sou dit die aanhaling uit *Douglas v Mayers* aanvaar, terwyl die hof uitdruklik in *B v P* beslis het dat die streng toets van "a very strong and compelling ground" wat in *Douglas v Mayers* gestel is, nie van toepassing is op gevalle waar die vader van 'n buite-egtelike kind om toegang aansoek doen nie (583H–584H).

2 7 Bewyslas

Verder vind die hof dit noodsaaklik om aan te toon dat waar 'n ouerpaar se toegangs- of bewaringsbevoegdhede vir die eerste keer deur 'n hof vasgestel moet word, daar nie werklik van 'n bewyslas sprake is nie. Die verrigtinge hier is nie normale siviele verrigtinge nie. Dit is nie adversatief van aard nie. As die

hof dus nie op die stukke alleen kan besluit oor die belang van die kind nie, sal die hof ten minste mondelinge getuienis van die partye self moet aanhoor "in order to form its own impression ... of their worth and commitment". Die gewone bestrede mosie-benadering moet nie gevolg word as dit feitelike geskilpunte relevant tot die belang van die kind onbeantwoord laat nie (584I–585F).

Die hof is dus van oordeel dat die hof *a quo* fouteer het deur te bevind dat die appellant hom van 'n bewyslas moet kwyt en dat die saak beslis moet word met verwysing na die erkende feite en beweringe deur die respondent gemaak. Die appellant se tweede betoog slaag dus (585F).

2 8 Die feitebevinding

Die appellant se finale betoog was dat hy op die feite moes slaag, met ander woorde dat die feite aantoon dat toegang in die kind se belang is. Appèlregter Howie dui aan dat die feite 'n neutrale indruk op die hof *a quo* gemaak het toe daardie hof bevind het dat niks in die stukke enige "compelling consideration in favour of allowing ... access" bevat het nie. Die hof is van oordeel dat hierdie aangeleentheid nie op die stukke alleen beslis kon word nie en dat die hof *a quo* die getuienis verkeerd geëvalueer het. Die hof *a quo* moes die partye *mero motu* opgeroep het om te getuig. Appèlregter Howie stel dit soos volg (586G–H):

> "Given the general desirability of the father-child bond and given the absence of any substantial allegations against appellant's worth as a person generally, and as a father in particular, there was a materially strong possibility that further investigation and the hearing of oral evidence might reveal access to be in the child's best interests."

2 9 Die bevel

Die appellant se eerste betoog was onsuksesvol maar hy slaag met die ander twee. Die appèl slaag dus en die bevel van die hof *a quo* word vervang deur 'n bevel ingevolge waarvan die aansoek terugverwys word na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling vir die aanhoor van mondelinge getuienis. Aangesien die verrigtinge reeds so lank sloer en die appellant reeds vir langer as vier jaar nie sy kind gesien het nie, probeer die hof die getuienis soveel as moontlik beperk. Die hof beslis spesifiek dat die getuienis wat aangehoor moet word dié is van die partye, enige getuies wat hulle wil roep en enige getuies wat die hof *mero motu* wil roep. Daarbenewens word die gesinsadvokaat opdrag gegee om die aangeleentheid te ondersoek en aan die hof verslag te doen. Die koste van die aansoek tot dusver word voorbehou vir beslissing deur die hof wat die getuienis aanhoor. Wat die koste van die appèl betref, beslis die hof dat, sou die appellant versuim om die griffier binne 30 dae in kennis te stel van sy voorneme om met die aansoek voort te gaan, die bevel van die hof *a quo* sal herleef en dat die appellant vir die koste van die appèl aanspreeklik sal wees (dit sal ook die geval wees as die aansoek van die hand gewys word). Sou die appellant slaag met sy aansoek om toegang, betaal elke party sy of haar eie appèlkoste.

3 Enkele opmerkings oor die beslissing in *B v S* en die huidige Suid-Afrikaanse regsposisie

3 1 Algemeen

Die gemeenregtelike reël wat handel oor die ongetroude vader se toegangsbevoegdhede is duidelik en korrek deur ons howe toegepas soos die appèlhof nou bevestig het.

Die gemeenregtelike reël is egter uitgedien. Daar is beslis sosiologiese en beleidsoorwegings wat die erkenning van inherente toegangsbevoegdhede noodsaak. Hierdie taak rus egter op die skouers van die wetgewer en nie die howe nie.

In 'n vorige bydrae is daarop gewys dat die huidige regsposisie verskeie probleme vir sowel vader as kind inhou (Kruger, Blackbeard en De Jong "Die vader van die buite-egtelike kind se toegangsreg" 1993 *THRHR* 696). Om saam te vat:

- Daar word vandag algemeen deur gedragswetenskaplikes aanvaar dat 'n kind 'n vader en 'n moeder nodig het vir die ontwikkeling van 'n eie persoonlikheid en identiteit (Eckard "Toegangsregte tot buite-egtelike kinders – behoort die wetgewer in te gryp?" 1992 *TSAR* 125; Labuschagne "Persoonlikheidsgoedere van 'n ander as regsobjek: opmerkinge oor die ongehude vader se persoonlikheids- en waardevormende reg ten aansien van sy buite-egtelike kind" 1993 *THRHR* 421).
- Die klaarblyklike grondslag van die gemeenregtelike reël, naamlik om Christelike huwelike aan te moedig en die vader te straf vir sy versuim om met die moeder te trou, is uitgedien. Die moontlikheid dat hulle kinders as buite-egtelik geklassifiseer sal word as hulle nie trou nie, oorreed vandag min mense om te trou (Eckard 1992 *TSAR* 124).
- Die huidige regsposisie van buite-egtelike vaders is onhoudbaar. Hulle slaag selde daarin om toegang tot hulle kinders te verkry en is dikwels in lang, uitgerekte en duur hofverrigtinge betrokke. Die feite van die saak onder bespreking illustreer hierdie punt. Toe die appèlhofbeslissing in *B v S* gelewer is, het die appellant reeds vir langer as vier jaar nie sy kind gesien nie. Daar het twee en 'n halwe jaar verloop tussen die beslissings van die hof *a quo* en die appèlhof. Die redes vir hierdie lang tydsverloop is onseker maar kan beslis nie net voor die appellant se deur gelê word nie. Die ironie is dat hierdie lang tydsverloop dalk 'n onherstelbare wig tussen vader en seun ingedryf het wat die hof kan noop om te beslis dat toegang nie meer in die kind se belang sal wees nie.

  Hieroor merk die hof in *B v S* op: "If the evidence on remittal shows that time and circumstance have driven an unshakable wedge between [father and child], so be it" (587D). So 'n ongeërgde skouerophaling is nie die oplossing nie. Daar behoort liewers ten alle koste gepoog te word om te verhoed dat vaders en hulle kinders só van mekaar wegdryf. Dit kan alleen gedoen word deur die erkenning van inherente toegangsbevoegdhede.
- Teenstanders van inherente toegangsbevoegdhede opper dikwels die beswaar dat die moeder se posisie daardeur verswak sal word. Eckard (1992 *TSAR* 129) toon oortuigend aan dat dit nie noodwendig sal gebeur nie. Toegang moet tog redelikerwys uitgeoefen word en as die vader sy reg onredelik uitoefen, sal die moeder die hof geredelik kan oortuig dat toegang nie in die kind se belang is nie.
- Nog 'n beswaar wat dikwels deur die teenstanders van inherente toegangsbevoegdhede geopper word, is dat dit daartoe sal lei dat die vader wat niks met sy kind te doen wil hê nie, periodiek sy regte kan uitoefen as dit tot sy eie voordeel strek en die gier hom beetpak (sien Sonnekus en Van Westing "Faktore vir die erkenning van 'n sogenaamde reg van toegang vir die vader van 'n buite-egtelike kind" 1992 *TSAR* 240).

Appèlregter Howie wys in *B v S* daarop dat

> "[i]t is difficult to see the fairness to the mother and child in a case where the father, whose contact with the mother has been little more than the act from which he derives his status, returns many years later and troublesomely insists on access to a child to whom he is a complete stranger" (582G–H).

Soos hy tereg aandui, is gevalle soos hierdie 'n rare verskynsel.

Uitsonderingsgevalle, soos die voorbeeld wat appèlregter Howie hierbo noem, behoort nie gebruik te word om die miskenning van inherente toegangsbevoegdhede te regverdig nie. 'n Mens kan tog nie sulke bevoegdhede misken net omdat dit soms in uitsonderingsgevalle misbruik kan word nie. Hierbo is reeds aangetoon dat die moeder haar tot 'n hof kan wend as die vader nie sy toegangsbevoegdhede redelik en in belang van die kind uitoefen nie. Daarbenewens word vandag algemeen aanvaar dat die meeste vaders besorg is oor die welstand van hulle kinders en dat vaders wat graag toegang tot hulle kinders wil hê, hierdie reg selde sal misbruik (Ohannessian en Steyn "To see or not to see? – that is the question" 1991 *THRHR* 258; *B v S* 579I). Om alle ongetroude vaders as onverantwoordelik, ongevoelig of onbelangstellend te brandmerk, is 'n verouderde stereotipe siening wat nie met hedendaagse realiteite rekening hou nie (Eckard 1992 *TSAR* 125; Labuschagne 1993 *THRHR* 426).

- Die belangrikste oorweging vandag is die menseregtehandves vervat in hoofstuk 3 van die Grondwet. Hierin word gelykheid gewaarborg en onbillike diskriminasie verbied (a 8). Hierdie bepaling sal hieronder bespreek word (sien par 3 3).

3 2 Die Suid-Afrikaanse Regskommissie

Die regskommissie het onlangs vir die tweede keer die vader van die buite-egtelike kind se regsposisie ondersoek (Werkstuk 44 Projek 79 (1993)). Hierdie ondersoek het uitgeloop op twee voorgestelde wetsontwerpe. Die eerste sou die huidige posisie behou waarvolgens die moeder van die buite-egtelike kind voogdy en bewaring oor die kind het en die vader deur middel van 'n hooggeregshofaansoek toegang tot die kind kan verkry. Die maatstaf is die beste belang van die kind. Die tweede wetsontwerp sou aan die vader van 'n buite-egtelike kind 'n reg op redelike toegang tot daardie kind verleen. Die hof sou die bevoegdheid behou om die vader se toegangsreg te omskryf, te beperk of weg te neem. Die maatstaf is weer eens die beste belang van die kind.

In 1994 het die regskommissie 'n verslag gepubliseer waarin hulle die eerste opsie aanvaar (Projek 79 (1994) 83–89). Hierdie opsie bevestig grootliks bloot die gemeenregtelike posisie; nietemin bring dit regsekerheid mee en lê riglyne neer wat by aansoeke van hierdie aard in ag geneem moet word. Hierbo is reeds gewys op die feit dat die gemeenregtelike posisie onbevredigend is en dat die ongetroude vader inherente toegangsbevoegdhede behoort te verkry.

3 3 Die menseregtehandves

Reëls van die gemenereg is nie immuun teen die bepalings van die menseregtehandves vervat in hoofstuk 3 van die Grondwet nie. Verskeie argumente word ten gunste van hierdie standpunt geopper. Een daarvan is dié van Van der Vyver ("The meaning of 'law' in the Constitution of the Republic of South Africa" 1994 *SALJ* 569). Hy argumenteer dat hoewel die Engelse teks van die tussentydse Grondwet vir uitlegdoeleindes gebruik word, die Afrikaanse teks gebruik moet word om die woord "law" uit te lê aangesien hierdie woord dubbelsinnig is

(dit kan die positiewe reg in die wye sin of statutêre reg beteken). In teenstelling daarmee gebruik die Afrikaanse teks van die Grondwet nooit die woord "wet" om die reg in wyer sin aan te dui nie. "Wet" verwys gewoonlik na 'n parlementswet (of die statutêre reg in die algemeen), terwyl "die reg" dui op die positiewe reg (statutêre reg, regspraak, die gemenereg en gewoontereg). As artikel 7(2) dus bepaal dat die menseregtehandves van toepassing is op *alle reg wat van krag is* (Engels: *all law in force*), het dit die wye betekenis van positiewe reg (*idem* 571–572; sien ook Sinclair "Family rights" in Van Wyk *et al* (reds) *Rights and constitutionalism: The new South African legal order* (1994) 521–522 538 vn 131).

Die menseregtehandves bepaal dat elke persoon 'n reg het op gelykheid voor die reg en gelyke beskerming deur die reg (a 8(1)), en dat daar teen niemand onbillik gediskrimineer mag word nie, onder andere op grond van geslag (a 8(2)). Laasgenoemde bepaling is 'n algemene bepaling en die spesifieke gronde daarin genoem doen nie afbreuk aan die algemeenheid daarvan nie.

In *B v S* het die appellant op algemene beginsels van billikheid en geregtigheid gesteun om aan te toon dat die gemeenregtelike posisie wat handel oor die ongetroude vader se toegangsbevoegdhede, onbillik teen die ongetroude vader diskrimineer (die tussentydse Grondwet het eers in werking getree nadat die beslissing van die hof *a quo* gelewer is). Die appèlhof maak egter 'n paar verontrustende opmerkings oor diskriminasie. Appèlregter Howie is van oordeel dat sy gevolgtrekking dat toegang die inherente reg van die kind eerder as dié van die ouer is, die praktiese realiteit illustreer dat daar nie onbillik teen die ongetroude vader gediskrimineer word nie. Hy illustreer hierdie gevolgtrekking met die volgende voorbeeld (582C–F):

> "It is true that the father of a legitimate child has a right of access at common law . . . with which right he can confront the mother if she refuses access. But that right will be to no avail if for any reason she persists in her refusal. He will then have to go to Court for an order enforcing access. If access is found to be adverse to the child's welfare, he will fail. By comparison, the father of an illegitimate child who considers access is in the best interests of the child can confront the mother with the contention that he should, on that ground, be granted access. If she refuses to concede that, he will have to go to Court to obtain an order granting him access. As in the other example, he will fail if access is not in the child's best interests."

Enkele opmerkings hieroor is nodig. Om toegang as algemene beginsel as die inherente reg van die kind, eerder as dié van die ouer te sien, illustreer slegs een beginsel naamlik die belangrikheid en plek van die beste belang van die kind-maatstaf by aansoeke van hierdie aard. Die feit dat toegang, as algemene beginsel, as die inherente reg van die kind gesien word, beteken nie dat die miskenning van toegang nie ook die vader se fundamentele regte kan aantas nie.

Om soos appèlregter Howie te sê dat daar in die praktyk nie van diskriminasie tussen getroude en ongetroude vaders sprake is nie, is simplisties. Die regspraak skets 'n ander prentjie. Die vader van die binne-egtelike kind het ingevolge die gemenereg inherente toegangsbevoegdhede. Dit is waar dat as die moeder weier dat hy hierdie bevoegdhede uitoefen, hy die hof moet nader om sy toegangsbevoegdhede af te dwing en dat hy nie sal slaag as die hof bevind dat toegang nie in die kind se belang is nie. Dit is egter ook waar dat die howe die ouerlike gesagsbevoegdhede van die binne-egtelike ouer jaloers beskerm en net in uitsonderlike gevalle met ouerlike gesag sal inmeng (Kruger "Enkele opmerkings oor die bevoegdhede van die hooggeregshof as oppervoog van minderjariges om in te meng met ouerlike gesag" 1994 *THRHR* 309).

Die vader van die buite-egtelike kind het aan die ander kant geen inherente toegangsbevoegdhede nie. Waar die moeder toegang weier, kan hy slegs toegang verkry na 'n hooggeregshofaansoek waarin hy die hof moet oortuig dat toegang in die kind se belang sal wees. Die regspraak illustreer hoe 'n moeilike taak dit is en hoe selde aansoeke van hierdie aard slaag.

Daarbenewens diskrimineer die gemeenregtelike reël nie net onbillik tussen getroude en ongetroude vaders nie maar ook tussen ongetroude vaders en ongetroude moeders (op grond van geslag), en tussen binne- en buite-egtelike kinders (Sinclair in Van Wyk *et al* (reds) 537–538; Labuschagne 1993 *THRHR* 417–419 428).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die diskriminasie teen die buite-egtelike vader en kind nie beperk is tot toegang nie maar dat dit wyer strek. Dit sluit voogdy en bewaring, aanneming en registrasie van geboortes in (Sinclair in van Wyk *et al* (reds) 538). Ingevolge die Wet op Kindersorg 74 van 1983 is slegs die moeder van die buite-egtelike kind se toestemming nodig vir die aanneming van daardie kind (a 18(4)(d)). Ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992 kan 'n buite-egtelike kind se van sonder die toestemming en medewete van die natuurlike vader verander word, selfs waar die kind aanvanklik met die vader se toestemming onder sy van geregistreer is (a 25(1)). (Die SA Regskommissie het nou aanbeveel dat vaders so ver moontlik kennis moet kry indien hulle buite-egtelike kinders vir aanneming beskikbaar gestel word, en dat die skriftelike toestemming van die vader van 'n buite-egtelike kind wat onder haar vader se van geregistreer is, verkry moet word voordat daardie kind se van verander mag word (Projek 79 (1994) 83–89).)

4 Gevolgtrekking

Die appèlhof het in *B v S* die gemeenregtelike posisie ten aansien van die toegangsbevoegdhede van die ongetroude vader bevestig. Dit is nou duideliker as ooit tevore dat hierdie posisie deur wetgewing hervorm moet word. Die regskommissie se voorgestelde wetsontwerp wat die gemeenregtelike posisie bloot bevestig, kan nie aanvaar word nie. Die ongetroude vader behoort inherente toegangsbevoegdhede te verkry wat slegs weggeneem mag word indien toegang nie in die kind se belang is nie. So 'n reëling sal nie die moeder se posisie verswak nie – sy bly die bewaargewende ouer. Toegang moet nie gesien word as 'n vermindering of aantasting van die moeder se ouerlike gesagsbevoegdhede nie maar as 'n aanvulling daarvan. Inherente toegangsbevoegdhede vir die vader sal nie in stryd met die belang van die kind wees nie – inteendeel, die belang van die kind vereis 'n verhouding met beide haar ouers. Die beste belang van die kind-maatstaf is wyd en buigsaam genoeg om enige besware teen die verlening van inherente toegangsbevoegdhede aan die ongetroude vader te ondervang.

JM KRUGER
Universiteit van Suid-Afrika

THE CORPORATE VEIL – AN UNNECESSARILY CONFINING CORSET?

Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd 1995 4 SA 790 (A)

The principle that a company is a legal person separate from its members has its origin in our common law (*Salomon v Salomon and Co Ltd* [1897] AC 22 31 51; *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 550). In terms of this principle, a company is liable for its own debts, capable of owning property, entitled to sue or liable to be sued in its own name and enjoys the advantages of perpetual succession. (See eg Gower *Gower's Principles of modern company law* (1992) 88ff; Cilliers, Benade, Henning and Du Plessis *Corporate law* (1992) 3 8; Beuthin and Luiz *Beuthin's Basic company law* (1992) 10–12.) As early as in *Salomon v Salomon supra* 33 52–53 the court implicitly recognised that there were circumstances (eg, where fraud or dishonesty was found to exist) which might justify disregarding the separate legal personality of the company; this was referred to as piercing the corporate veil (confirmed in *The Shipping Corporation of India Ltd v Evdomon Corporation* 1994 1 SA 550 (A) 566). The effect of piercing the corporate veil is to redirect the focus "from the company to the natural person behind it . . . as if there were no dichotomy between such person and the company" (*Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd*).

Although attempts have been made by various academic writers to categorise the circumstances in which our courts will pierce the corporate veil (Gower 88ff; Cilliers and Benade 11–12; Beuthin and Luiz 13–17; for a discussion of the potential dangers of the categorising approach, see Domanski "Piercing the corporate veil – a new direction?" 1986 *SALJ* 224), the law is far from settled. It is uncertain what circumstances our courts may regard as appropriate for the lifting of the corporate veil and upon what theoretical basis it is justifiable. (See eg Benade "Verontagsaming van die selfstandigheid van die maatskappyregspersoon" 1967 *THRHR* 213; Larkin "Regarding judicial disregarding of the company's separate identity" 1989 *SA Merc LJ* 277; Domanski 1986 *SALJ* 224; Davids "The lingering question: Some perspectives on the lifting of the corporate veil" 1994 *TSAR* 155; Ottolenghi "From peeping behind the corporate veil, to ignoring it completely" 1990 *MLR* 338.)

The question whether it was appropriate to lift the corporate veil arose in *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd.* In February 1979 Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd (LCI) sold its shares and loan account in Findon Investments (Pty) Ltd (Findon) to Cape Pacific Ltd (CP). These shares entitled the owner to the use and occupation of a certain flat in Clifton. After denying the sale of the shares and loan account to CP, LCI transferred them to Gerald Lubner Investments (Pty) Ltd (GLI) during the second half of 1979. CP became aware of this in June 1980. A certain Mr Lubner (Lubner) controlled LCI completely and was at all relevant times the sole shareholder of GLI. In 1987 CP was successful in an action heard before Friedman J in the Cape Provincial Division against LCI for delivery of the shares and the loan account in

Findon (the "original action"). Although LCI's subsequent appeal to the Appellate Division was dismissed in 1989, LCI failed to comply with the order to deliver the shares and loan account to CP. An application by CP for contempt of court for failure to comply with the court order was dismissed. (It appears from Van den Heever JA's judgment 809 that the reason for the failure of the contempt proceedings was certain false evidence given on affidavit, the falseness of which only became evident at a later stage. Unfortunately the judgment in the contempt proceedings was unobtainable.)

Thereafter, another action (the action in the "court *a quo*") was instituted by CP, this time against LCI, GLI and Lubner. In the court *a quo* in *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1993 2 SA 784 (C), CP asserted that GLI and Lubner were the real debtors and that the judgment in the original action should therefore be enforceable against them. Here the question was whether the transfer of the Findon shares to GLI had taken place in order to defeat CP's claim. If this was so, it had to be decided whether it was appropriate for the court to order the lifting of the corporate veil and the retransfer of the shares to LCI (799). It was clear from the evidence that Lubner controlled LCI completely and was the sole shareholder of GLI at all relevant times. Nothing in the evidence suggested that he did not also effectively control GLI's affairs (814). Nel J did not accept the assertion that the transfer of the shares from LCI to GLI formed part of the restructuring of Lubner's South African interests and had been motivated by a desire to avoid tax (815).

Notwithstanding Lubner's control over LCI and GLI, Nel J was of the view that neither company could be described as Lubner's *alter ego*. Apart from the Findon shares, both companies had considerable assets. LCI's original acquisition of the Findon shares was an ordinary transaction, there being nothing sinister about it. Although the subsequent transfer of these shares to GLI was not done surreptitiously in that CP had been aware of this fact before the original action was instituted (821), the judge found that the transfer had been effected on Lubner's instructions in an attempt to defeat CP's claim (815). After quoting from the judgment of Flemming J in *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W) 525, Nel J concluded that, despite the fact that the transfer was "clearly improper", it did not result in an "unconscionable injustice". CP had had the opportunity of joining GLI as a party to the original action but had failed to make timeous use of this opportunity to recover the shares from GLI. Nel J concluded that CP was "the author of his own misfortune" (822) and granted absolution from the instance.

For a second time, CP had to approach the Appellate Division for relief. Once again CP alleged that, notwithstanding the fact that Lubner knew of its rights in respect of the shares, he procured the transfer of these shares from LCI to GLI in order to defraud CP. The latter accordingly requested the court to pierce the corporate veils of both LCI and GLI and to enforce the judgment in the original action against them (797). CP had known that the Findon shares had been transferred to GLI before the original action was instituted and it was common cause that any action that CP would have had against GLI had since become prescribed (797). Only if the corporate veils could be pierced, would the original judgment against LCI be enforceable against GLI and Lubner (802).

Smalberger JA, who delivered the majority judgment, commenced by considering the factual findings of the court *a quo* (798ff). The first finding was that Lubner exercised complete control over LCI. According to Smalberger JA, it

was unnecessary to decide whether Lubner controlled the company as a whole. What was important was whether Lubner exercised absolute control over LCI *as far as the Findon shares were concerned.* The judge found that Lubner personally controlled the Findon shares as if they were his own and concluded that as far as the Findon shares were concerned, LCI was not only Lubner's puppet but was in fact Lubner in another guise (799). Smalberger JA agreed with the second finding of the court *a quo*, that is that Lubner effectively controlled the affairs of GLI, but went further to say that in respect of the Findon share transactions, GLI was in reality Lubner (799). The third finding of the court *a quo*, namely that the Findon shares had been transferred by LCI to GLI on Lubner's instruction to evade CP's claim to them, was held by Smalberger JA to be justifiable. However, the judge pointed out that it was more accurate to refer to CP's *rights* to the Findon shares rather than to its *claim*, since judgment in the original action had been granted in CP's favour and Lubner knew about and appreciated the validity of CP's claim (799). The transfer of the Findon shares from LCI to GLI was a "device or stratagem resorted to by him in a deliberate attempt to thwart [CP's] rights to delivery of the shares. His conduct in the circumstances, if not fraudulent, was at the very least gravely improper" (799–800).

Smalberger JA could not fault the factual findings of Nel J in the court *a quo* and considered whether, on these facts, the court should pierce the corporate veils of both LCI and GLI and grant CP the relief it sought. The Appellate Division confirmed that the separate legal personality of a company should not be easily ignored. However, it acknowledged that circumstances do exist, for example where fraud, dishonesty or other improper conduct has been proved, where it would be justifiable to pierce the corporate veil (803). The judgment in the court *a quo* (821) was interpreted by Smalberger JA as implying that, before the corporate veil could be pierced, the company should have been established with a fraudulent intention (804). However, Smalberger JA did not agree with this and it is submitted that he was correct in asserting that the corporate veil could be pierced on a particular occasion in relation to a specific transaction (in this case, the transfer of the Findon shares from LCI to GLI) whilst still recognising the corporate legal personality in all other respects (804) (see also Gower 133). He concluded that the corporate veils of both LCI and GLI should be pierced in respect of the Findon share transactions (804). This would expose Lubner as "the true villain of the piece" (804) and CP would be entitled to enforce the original judgment against GLI and Lubner (801–802).

Van Heerden JA, who delivered the dissenting judgment in the Appellate Division, conceded that fraud was not the only instance in which the corporate veil could be lifted. It could also be lifted where special circumstances existed which would indicate that the company is a mere facade concealing the true state of affairs (811). (See *Adams v Cape Industries plc* [1991] 1 All ER 929 (CA) 1022; *Jones v Lipman* [1962] 1 All ER 442 (Ch) 445; *Gilford Motor Company Limited v Horne* [1933] 1 Ch 935 (CA). For a discussion of "facade" see Rixon "Lifting the veil between holding and subsidiary companies" 1986 *LQR* 423.) However, on the facts Van Heerden JA found that there was no facade. Neither the transfer of the Findon shares nor the fact that Lubner controlled LCI and GLI was a secret. The judge concluded that the mere fact that Lubner was in control and that the transfer of the shares was effected with the intention of thwarting CP's rights, did not justify the lifting of the veil (811).

Smalberger JA stated that policy considerations demanded the lifting of the veil as the transfer of the Findon shares from LCI to GLI was in fraud of CP's

rights or at least effected by Lubner with an improper purpose or motive, namely to evade his legal obligation to transfer the shares to CP (804) (see also *Adams v Cape Industries plc supra* 1022 1024). Generally, the presence of fraud or other improper conduct in relation to the incorporation of, the use of, or the business carried on by the company would seem to be a sufficient reason to lift the corporate veil (*The Shipping Corporation of India Ltd v Evdomon Corporation supra* 566). It is uncertain what constitutes "improper conduct" and when conduct is sufficiently improper to warrant the piercing of the corporate veil (see also Davids 1994 *TSAR* 160). The court *a quo* found that Lubner's conduct in transferring the shares to GLI was clearly improper, yet it failed to lift the veil because the transfer did not cause an "unconscionable injustice" (*Botha v Van Niekerk supra* 525). The consideration that swayed the court *a quo* was the fact that CP had had another remedy which it had failed to use (822). The Appellate Division, however, weighed up the impropriety of Lubner's conduct against CP's inaction (806) and concluded on the same facts that the veil should indeed be lifted despite the fact that another remedy had been available which CP had failed to pursue (805 806). As far as Smalberger JA was concerned, too much emphasis should not be placed on the fact that CP had failed to exhaust the other available remedy (805).

Van Heerden JA, in his dissenting judgment, agreed that where a person has two remedies available he is entitled to elect which one he wishes to pursue. However, he was of the view that CP did not have two concurrent remedies, namely one based on the doctrine of notice and the other on lifting the corporate veil. As CP knew about the transfer of the shares to GLI, it originally had the right to claim the Findon shares from GLI and the remedy of piercing the corporate veil was not available to CP. This remedy falls to be considered only when a person cannot enforce his rights in any other manner (812). Although Van Heerden JA failed to quote any authority for this point of view, he asserted that as considerations of justice underlie the lifting of the corporate veil, an injustice would occur only if there was no other way in which a person could enforce his rights (812). CP could not rely either on its own failure to join GLI in the first action or on the fact that this claim subsequently prescribed, to invoke the remedy of piercing the corporate veil (812).

Smalberger JA, in delivering the main judgment, found on the facts that, as far as the Findon share dealings were concerned, Lubner was in fact LCI and GLI. Consequently, the court order which CP had originally obtained against LCI was in substance a judgment against Lubner in any guise. The judge was not deterred by the fact that neither GLI nor Lubner had been joined as a party to the original action, because Lubner was in fact present in the guise of LCI, and the outcome of the original action would not have been affected in any way had Lubner been present either personally or in the guise of GLI. Smalberger JA concluded that the corporate veils of both LCI and GLI should be pierced, resulting in the judgment debt which CP had against LCI being enforceable against GLI and Lubner as well (806).

Although CP's failure to join GLI and Lubner as parties to the original action may have been tardy, not even Friedman J (who delivered the original judgment) had envisaged a problem in enforcing the order. According to him, the fact that the Findon shares had been transferred from LCI to GLI did not deprive CP of his rights to an order against LCI for the transfer of the shares to CP. Friedman J continued by saying that, if necessary, LCI would be obliged to obtain the shares

from GLI and transfer them to CP. (Unfortunately the judgment of Friedman J was unobtainable and thus reliance was placed on Van den Heever JA's reference (808) to Friedman J's judgment. Van den Heever JA delivered a separate concurring judgment in the Appellate Division.) Perhaps, as Van den Heever JA observed, the judgment in the original action is an example of the court ignoring the separate existence of the company without conceding or specifically acknowledging this (808). (A recent example of this approach can be found in *Von Wuldfling-Eybers v Soundprops 2587 Investments CC* 1994 4 SA 640 (C) 645; see also Luiz "Ignoring the existence of a close corporation?" 1995 *SA Merc LJ* 102; Larkin 1989 *SA Merc LJ* 277–278.)

At the time of the commencement of the original action in the case under discussion, CP could have joined GLI and Lubner as parties on the basis of the doctrine of notice. Because of the availability of this remedy, CP could not have (and indeed need not have) requested the court to pierce the corporate veil. CP had obtained judgment against LCI and no one foresaw any problem in enforcing it. However, CP was unable to enforce this judgment and, moreover, contempt of court proceedings instituted against LCI for failure to comply with the court order proved to be unsuccessful. Even if one accepts that CP's conduct in failing to join GLI and Lubner in the original action was lax, it was insignificant when one compares it with Lubner's behaviour which was described in terms ranging from "clearly improper" (per Nel J 822) to "gravely improper" (per Smalberger JA 800) to morally despicable (per Van Heerden JA 810). The only way in which the court could come to CP's rescue was to pierce the corporate veils of LCI and GLI. In this way the judgment would be enforceable against GLI and Lubner.

The corporate veil should be respected and not be interfered with too readily. A general discretion simply to disregard the separate personality of a company whenever it seems just, does not exist (per Smalberger JA 803; see also *Botha v Van Niekerk supra* 524; *Adams v Cape Industries plc supra* 1020; Gower 133). However, a strict application of the law in a case where exceptional factual circumstances are present, could result in an injustice (see also Davids 1994 *TSAR* 161). It is submitted that exceptional circumstances indeed existed in *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd.* Even Van Heerden JA, who delivered the dissenting judgment, admitted that it was with regret that he had to conclude that the corporate veil should not be pierced in this case (810). It is therefore recommended, in line with the judgment of Smalberger JA (805), that a more flexible approach be followed to the question of when the corporate veil should be pierced and that each case be determined on its own facts.

JB CILLIERS
SM LUIZ
University of South Africa

DIE REG OP PRIVAATHEID, DIE PERS EN ARTIKEL 12 VAN DIE WET OP EGSKEIDING 70 VAN 1979

National Media Ltd v Jooste 1996 3 SA 262 (A)

1 Inleiding

Hierdie beslissing kan beskou word as 'n mylpaal in die beskerming van privaatheid teen vergrype van die pers in die besonder en die massamedia in die algemeen, en volg op die voetspoor van ander appèlhofuitsprake waarin die belangrikheid van die reg op privaatheid ook op ander terreine beklemtoon is: *Financial Mail (Pty) Ltd v Sage Holdings* 1993 2 SA 451 (A); *Jansen van Vuuren v Kruger* 1993 4 SA 842 (A); *Janit v Motor Industry Fund Administrators (Pty) Ltd* 1995 4 SA 293 (A) (1994 3 SA 56 (W)). Die verskansing van die reg op privaatheid as fundamentele reg in artikel 13 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 bevestig insgelyks onomwonde die belangrikheid van privaatheid as beskermingswaardige regsgoed (sien hieroor *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (CC) 784–795; Neethling en Potgieter "Aspekte van die reg op privaatheid" 1994 *THRHR* 704–706; Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 239). Terselfdertyd bring die grondwetlike erkenning van die reg op vryheid van spraak en persvryheid in artikel 15 egter onvermydelik 'n potensiële konflik van gelykwaardige fundamentele belange (privaatheid en persvryheid) na vore wat die Salomo-wysheid van die howe in die toekoms waarskynlik nog veel sal beproef (sien *Neethling's Law of personality* 268–273 oor die stand van die afbakeningsproses tussen die reg op privaatheid en die openbare inligtingsbelang voor die moontlike invloed van die Grondwet) – te meer as die enersyds selfregverdigende en andersyds amper minagtende houding van die massamedia oor hul klaarblyklike verontagsaming van die statutêre verbod op die publikasie van persoonlike inligting insake egskeidingsgedinge (a 12 Wet 70 van 1979) tydens die Mandela-egskeiding in ág geneem word (hieroor *infra* par 3 meer).

Die gretigheid van die pers om oor die veral intieme (meesal seksuele) en skandalige aspekte van die private lewens van persone te berig, is nie eie aan die moderne tyd nie. Trouens, die baanbrekersartikel van Warren en Brandeis waarmee appèlregter Harms (267–268) sy uitspraak afskop en wat die bal vir die fenomenale ontwikkeling van die Amerikaanse reg op privaatheid aan die rol gesit het, dateer reeds uit 1890 ("The right to privacy" 1890 *Harv LR* 193; sien Neethling *Die reg op privaatheid* (LLD-proefskrif Unisa 1976) 152–153). Warren en Brandeis sê onder andere die volgende (waarmee regter Harms (267) hom volkome vereenselwig):

> "The press is overstepping in every direction the obvious bounds of propriety and of decency. Gossip is no longer the resource of the idle and of the vicious, but has become a trade, which is pursued with industry as well as effrontery. To satisfy a prurient taste the details of sexual relations are spread broadcast in the columns of the daily papers. To occupy the indolent, column upon column is filled with idle gossip, which can only be procured by intrusion upon the domestic circle. The intensity and complexity of life, attending upon advancing civilization, have rendered necessary some retreat from the world, and man, under the refining influence of culture, has become more sensitive to publicity, so that solitude and privacy have become more essential to the individual; but modern enterprise and invention

> have, through invasions upon his privacy, subjected him to mental pain and distress, far greater than could be inflicted by mere bodily injury."

In ongeveer dieselfde tyd maak Melius de Villiers (*The Roman and Roman-Dutch law of injuries* (1899) 138 vn 32) die volgende stelling in Suid-Afrika:

> "The question may be mooted whether when a newspaper writer pries into the private life of an individual, and details for public delectation or amusement private affairs, of no consequence in themselves, in a manner calculated to disturb such an individual in the enjoyment of his privacy or peace of mind, this would amount to an injury."

2 *Jooste*-saak

In ons dag is die feite van die *Jooste*-saak 'n tipiese voorbeeld van privaatheidskending deur die pers wat by die opmerkings van Warren en Brandeis en De Villiers aansluit. Die verweerders (appellante) het tydskrifartikels gepubliseer aangaande die verhouding tussen 'n bekende rugbyspeler en sy beweerde minnares (die eiseres) en die buite-egtelike kind wat hy na bewering by haar verwek het. Die kernfeite oor hierdie verhouding is deur die eiseres self aan die pers bekendgemaak. Die betrokke artikels het egter belangrike en hoogs intieme besonderhede bevat wat nooit voorheen gepubliseer is nie. Dit het geblyk dat die eiseres 'n ooreenkoms met die eienaar en redakteur van die twee tydskrifte *Huisgenoot* en *You* aangegaan het ingevolge waarvan sy tot publikasie toegestem het onderworpe aan die voorwaardes dat sy die finale artikels en foto's eers moes goedkeur en dat daar oor 'n publikasiedatum ooreengekom moes word. Die verweerders het egter nie die voorwaardes behoorlik nagekom nie waarna die eiseres haar toestemming tot publikasie teruggetrek het. Die verweerders het nietemin voortgegaan met publikasie. Die eiseres stel 'n eis op grond van privaatheidskending in waarteen die verweerders die verwere opper dat die eiseres nie 'n privaathoudingswil gehad het nie (op grond daarvan dat daar voor publikasie van die betrokke artikels reeds wye publisiteit aan die beweerde verhouding gegee is en dat sy 'n gewillige medewerker tot die voorbereiding van die artikels was), en dat sy tot die publikasie toegestem het (*volenti non fit iniuria*). In die landdroshof word haar eis van die hand gewys. In hoër beroep slaag sy egter en R5 000 genoegdoening word toegeken (*Jooste v National Media Ltd* 1994 2 SA 634 (K); sien Neethling en Potgieter 1994 *THRHR* 703 ev vir 'n bespreking) – 'n bevinding wat deur regter Harms in appèl bekragtig word.

Die *Joose*-uitspraak is om verskeie redes vir die reg aangaande privaatheidsbeskerming van groot betekenis.

(a) Eerstens word onomwonde erkenning aan privaatheid as eiesoortige persoonlikheidsgoed verleen. Van 'n gelykskakeling van hierdie regsgoed met die eer of waardigheid van 'n persoon om sodoende 'n beledigende handeling of *contumelia* as noodsaaklike voorwaarde vir privaatheidskending te stel, is daar geen sprake nie (sien hieroor *Neethling's Law of personality* 37 240–242). Die hof aanvaar ook dat 'n *privaathoudingswil* 'n essensiële bestanddeel van privaatheid is en verwerp tereg die siening dat die privaathoudingswil die grense van die *reg op privaatheid* bepaal. In hierdie verband is dit van kardinale belang om 'n duidelike onderskeid te maak tussen die aard of hoedanigheid van privaatheid as individuele belang, en die juridiese erkenning en beskerming daarvan. Terwyl die hoedanighede van 'n individuele (persoonlikheids)belang net met verwysing na sy voorkoms in die *feitelike werklikheid* vasgestel kan word, word sowel die regserkenning as die grense of omvang van die regsbeskerming

van 'n belang, oftewel die erkenning van 'n subjektiewe reg daarop, weer net met verwysing na objektiewe regsnorme bepaal (hier die regsgevoel of -oortuiging van die gemeenskap: *boni mores*). Aangesien die privaathoudingswil 'n feitelike hoedanigheid van privaatheid uitmaak, kan dit dus nie die grense van die reg op privaatheid omlyn nie; nietemin dui afwesigheid van 'n privaathoudingswil onteenseglik daarop dat die betrokke individu dan geen belang in (die besondere aspek van) sy privaatheid het nie (vgl *Neethling's Law of personality* 27–28 35–36 243). Die regter stel dit soos volg (271A–D):

> "The starting point of Mr Burger's argument for the appellants related to the so-called 'privaathoudingswil', ie the individual's personal wish to withhold personal facts from others. Neethling, in his doctoral thesis, *Die Reg op Privaatheid* (UNISA) 1976) p 287 defined 'privacy' as follows:
>
> 'Privaatheid is 'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid. Hierdie lewenstoestand omsluit al daardie persoonlike feite wat die belanghebbende self bestem om van kennismaking deur buitestaanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het.'
>
> This definition can be interpreted to mean that the boundary of the individual's right to privacy is determined solely by that individual's wishes or will. I do not, however, accept that this was what Neethling intended. A footnote in Neethling, Potgieter & Visser, *Deliktereg*, (3rd ed) p 344 n 239 puts the 'privaathoudingswil' in its true perspective: Absent a will to keep a fact private, absent an interest (or a right) that can be protected. The boundary of a right or its infringement remains an objective question. As a general proposition, the general sense of justice does not require the protection of a fact that the interested party has no wish to keep private."

Regter Harms (271F) kom tot die slotsom dat aangesien die eiseres ongetwyfeld die wil gehad het om die gewraakte gedeeltes privaat te hou totdat aan haar voorwaardes voldoen is, 'n privaathoudingswil nie by haar afwesig was nie.

(b) Tweedens word naas die privaathoudingswil, die *selfbestemmingsfunksie* van die individu oor sy privaatheid – in die sin dat die individu self die inhoud en gevolglike omvang van sy privaatheidsbelang bestem – ook as essensiële (feitelike) eienskap van privaatheid beklemtoon. Hierdie funksie kan inderdaad as die wese van die individu se belang in privaatheid beskou word (sien hieroor *Neethling's Law of personality* 35). Appèlregter Harms (271G–272A) verduidelik:

> "A right to privacy encompasses the competence to determine the destiny of private facts (see Neethling's comment on the judgment of the court *a quo*: 1994 *THRHR* 703 at 705). The individual concerned is entitled to dictate the ambit of disclosure eg to a circle of friends, a professional adviser or the public (cf *Jansen van Vuuren and Another NNO v Kruger* 1993 (4) SA 842 (A); Neethling *Persoonlikheidsreg* (3rd ed) p 238–9). He may prescribe the purpose and method of the disclosure (cf the facts in *O'Keeffe v Argus Printing and Publishing Co Ltd and Another* 1954 (3) SA 244 (C) – whether that case was truly concerned with privacy does not require consideration). Similarly, I am of the view that a person is entitled to decide when and under what conditions private facts may be made public. A contrary view will place undue constraints upon the individual's so-called 'absolute rights of personality' (*Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 (3) SA 131 (A) 145I). It will also mean that rights of personality are of a lower order than real or personal rights. These can be limited conditionally or unconditionally and irrespective of motive."

(c) Derdens onderstreep die hof (272B–E) die rol wat die onderhawige tipe ooreenkoms in verband met deliktuele privaatheidsbeskerming kan speel: enersyds dien dit as bewys van die aan- of afwesigheid van die betrokkene se

privaathoudingswil of toestemming tot privaatheidskending, en andersyds kan kontrakbreuk aanduidend van deliktuele onregmatigheid wees:

> "The breach of the agreement is relevant to the claim in the sense that it may be a determinant of the scope of the complainant's 'privaathoudingswil'. Also, the general sense of justice of the community requires in my judgment due compliance with the terms of such an agreement. If, as here, it is breached intentionally, the breach may be a relevant fact to consider in assessing the wrongfulness (in a delictual context) of the publisher's action. On the other hand, had publication taken place according to the terms of the agreement, the publication of the erstwhile private facts could not have been wrongful for several reasons, such as lack of 'privaathoudingswil', consent and *volenti non fit iniuria*. (Where the one defence begins or the other ends is, from a practical point of view, difficult to discern and probably often of no consequence.)
>
> The alternative defence of consent is also devoid of any merit. According to the plea, the consent consisted of the agreement. It is axiomatic that the defence of consent can only succeed if the *prima facie* wrongful act falls within the limits of the consent (Neethling, Potgieter and Visser, *op cit*, p 101). The publication did not comply with the terms of the consent and it smacks of cynicism to argue in these circumstances that the publication took place pursuant to the consent."

(d) Vierdens bepaal regter Harms (270H–J) die "privaatheidswaarde" oftewel die juridiese beskermingswaardigheid van private feite met verwysing na die Amerikaansregtelike toets van "ordinary or reasonable sensibilities and not to hypersensitiveness":

> "The general sense of justice of the community as perceived by the court . . . does not, in a case such as this, require the protection of facts whose disclosure will not 'cause mental distress and injury to anyone possessed of ordinary feelings and intelligence, situated in like circumstances as the complainant'."

In hierdie verband moet nietemin gewaak word teen 'n slaafse navolging van die Amerikaanse reg. Myns insiens is die massapublikasie van private feite in stryd met die betrokkene se bestemming en wil in beginsel altyd onregmatig. Geen persoon hoef tog te duld dat selfs byvoorbeeld sy foto in 'n koerant gepubliseer word nie (sien Neethling "Foto's en privaatheidsbeskerming" 1993 *THRHR* 270 ev; *Neethling's Law of personality* 254–255) tensy daar natuurlik 'n regverdigingsgrond vir die publikasie bestaan. Daarenteen verklaar die Amerikaanse *Restatement of the law* par 867 400 (sien ook Neethling *Privaatheid* 89 ev) dat daar

> "no invasion of the right to privacy in the description of the ordinary goings and comings of a person or of weddings, even though intended to be entirely private, or of other publications to which people do not ordinarily seriously object"

is nie. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie gevalle eerder aan die hand van die beginsel *de minimis non curat lex* beoordeel moet word (*Neethling's Law of personality* 255 vn 111).

Nieteenstaande herhaling moet ten slotte weer eens beklemtoon word dat die feit dat 'n skending van 'n persoon se privaatheid strydig met sy bestemming en wil geskied, natuurlik nie noodwendig beteken dat sodanige skending sonder meer onregmatig is nie. Ten einde die *reg* op privaatheid aan te tas, moet, soos by alle subjektiewe regte die geval is, *normskending* ook teenwoordig wees – die privaatheidskending moet gevolglik nie alleen in stryd met die reghebbende se *subjektiewe* bestemming en wil wees nie, maar moet terselfdertyd ook *objektief* normstrydig wees (sien hieroor *Neethling's Law of personality* 243). Uiteraard skakel die teenwoordigheid van 'n regverdigingsgrond normskending en bygevolg onregmatigheid uit (*idem* 62 262 ev).

3 Artikel 12 van die Wet op Egskeiding

Die klaarblyklike erns waarmee die appèlhof die beskerming van privaatheid bejeën, staan in skrille kontras met die feitlik totale verontagsaming van die Mandelas se privaatheid tydens hulle onlangse egskeidingsgeding – en dit in stryd met artikel 12 van die Wet op Egskeiding wat 'n beperking op die bekendmaking van besonderhede van egskeidingsgedinge plaas (sien hieroor Barnard *Die nuwe egskeidingsreg* (1979) 98–99).

Artikel 12(1) magtig net die publikasie van die volgende inligting aangaande 'n egskeidingsgeding: die name van die partye in die geding; die feit dat 'n egskeidingsgeding tussen die partye in 'n geregshof hangende is; en/of die uitspraak of bevel van die hof. Geen ander besonderhede van 'n egskeidingsgeding of enige inligting wat in die loop van so 'n geding aan die lig kom, mag in die openbaar bekendgemaak word of vir kennisname deur die publiek of enige deel van die publiek gepubliseer word nie. Die volgende uitsonderings word nietemin ingevolge artikel 12(2) veroorloof, te wete waar die bekendmaking van egskeidingsinligting gedoen word vir doeleindes van die regspleging; of in 'n *bona fide*-hofverslag wat nie deel uitmaak nie van 'n ander publikasie as 'n versameling van verslae van die verrigtinge in geregshowe; of vir die bevordering van of gebruik in 'n besondere beroep of wetenskap. Barnard 99 merk tereg op (vgl ook *Neethling's Law of personality* 275 vn 241):

> "Dit is duidelik dat die gades en hul kinders beskerm word teen die openbaarmaking van besonderhede van die huweliksgeskiedenis wat tot die egskeiding aanleiding gegee het, terwyl die belang van derdes om te weet of twee bepaalde persone steeds met mekaar getroud is, behoue bly. Benewens die feit dat die openbaarmaking van die besonderhede van egskeidingsverrigtinge 'n misdryf en met 'n boete of gevangenisstraf strafbaar is [a 12(4) maak voorsiening vir 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf van hoogstens een jaar of beide so 'n boete en die gevangenisstraf], sal sodanige openbaarmaking waarskynlik ook op die skending van die privaatheid van die betrokke partye neerkom, en behoort dit 'n aksie om genoegdoening op die grond te fundeer."

In hierdie verband is dit interessant en insiggewend om die redakteurskommentaar in *Beeld* van 20 Maart 1996 volledig aan te haal:

> "***Mandela-saak***
>
> *Die Wet op Egskeiding bepaal dat geen inligting wat in die loop van 'n egskeidingsgeding aan die lig kom, gepubliseer mag word nie.* Ons het ons verslaggewing oor die Mandela-skeigeding in daardie lig benader, en met die nodige regsadvies wel noodsaaklike inligting aan lesers probeer gee.
>
> *Die grootste deel van die Suid-Afrikaanse media het egter besluit om volledig, selfs woordeliks, verslag te doen. Die SABC – die openbare uitsaaier van die land – het in sy nuusprogramme miljoene mense ingelig oor die intieme besonderhede van die geding.*
>
> Moderne tegnologie bring mee dat Suid-Afrika lankal nie meer 'n eiland is nie. Internasionale radio- en televisienetwerke wat ook na Suid-Afrika uitsaai, het in nuusbulletins die getuienis in die hof bekendgemaak.
>
> Al sou die hele Suid-Afrikaanse media dus die saak volgens die bepaling van die wet gehanteer het, sou buitelandse dienste soos BBC en CNN 'n onregverdige nuusvoorsprong gehad het.
>
> Dit kan dus gebeur dat miljarde mense in ander lande weet wat in die hof gebeur, maar dat Suid-Afrikaners deur hul media in die duister gelaat word (soos met die Angolese oorlog in die jare sewentig). Klaarblyklik is dit 'n absurde situasie, en is wetsbepaling en ontwikkelende tegnologie moeilik versoenbaar. Die

Regering sal dringend daarna moet kyk. Die Suid-Afrikaanse media moet 'n gelyke kans kry, of mense sal hul inligting elders gaan soek.

Ons glo in elk geval dat die Mandela-egskeidingsaak een van openbare belang is. Twee hoë politici pak mekaar, en die inligting wat na vore kom, kan vir mense belangrik wees in hul besluite oor die aanwysing van leiers.

In die lig van bostaande het ons geen ander keuse nie as om vandag volledig verslag te doen oor die Mandela-saak" (my kursivering).

Wat nou ook al die meriete van sommige van hierdie argumente oor wenslike wetswysiging mag wees, dit staan onomstootlik vas dat die massamedia, inbegrepe *Beeld*, willens en wetens nie net aan onregmatige privaatheidskending nie, maar veral, en dit moet onderstreep word, aan blatante *misdaadpleging* meegedoen het en sodoende hulle deel tot die kultuur van minagting van die reg wat tans botoon in die land voer, bygedra het (die vertroue word nietemin uitgespreek dat die polisiediens nie sal skroom om die oortreders aan die man te bring nie). As dit die tipe verslagdoening is wat met 'n beroep op vryheid van spraak en persvryheid in ons nuwe grondwetlike bedeling toegelaat gaan word, word voorsien dat Suid-Afrikaners, wat soos die deursneemens van die moderne tyd deur algemene beskawingsontwikkeling al hoe meer bewus geword het van sy wese, betekenis en waarde en sodoende al hoe meer sensitief geword het vir aantastings van sy persoonlikheid – veral sy waardigheid, privaatheid, goeie naam, gevoelslewe en identiteit – hulle teen die aanslae van die massamedia sal moet staal. Hoe ook al, 'n ligpunt is nietemin die duidelike standpunt in *Jooste* ten gunste van die beskerming van privaatheid teen vergrype van die pers – 'n standpunt wat hopelik in die toekoms deur die massamedia ter harte geneem sal word.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

There must be an acceptance and respect for the principles of privacy and freedom of choice. An individual has the right to choose his/her own associates, and to construct, mould, and fashion his/her private life as a matter of free choice. The right to freedom of movement does not involve the corollary that trespass is justified. The individual has and retains the right to choose where to live, with whom to associate, contract, marry. In other words the ordinary incidents of private law, and their relationships, are not subject to the horizontal dimension and application of the fundamental rights. An important consideration in this respect is that now we have a free society, and private rights such as marital and family privacy, to raise a family and marry, are of momentous and primary importance (per Friedman JP in *Baloro v University of Bophuthatswana* 1995 4 SA 197 (B) 240).

BOEKE

ADVERTISING AND THE LAW

deur CLARISSA DE JAGER in medewerking met ERICK SMITH

Butterworths Durban 1995; ix en 162 bl

Prys R109,44 plus AVB (sagteband)

Hierdie boek is beslis 'n aanwins tot die regsliteratuur aangesien dit die regsbeginsels wat op advertensies van toepassing is op 'n kort en bondige wyse uiteensit. Die outeurs verduidelik die rede vir die samestelling van hierdie publikasie soos volg:

> "There is simply no compact reference on the law and advertising in South Africa. Added to this is the complication that the South African advertising industry is by and large self-regulatory and no definitive legal commentary exists on the relationship between the self-regulatory and legal systems."

Die boek is geskryf as handige verwysing nie alleen vir die regs- en advertensiepraktisyn nie, maar ook vir verbruikers en hul organisasies. Soos die outeurs dit self stel:

> "The essential purpose of this work is therefore to be a general ready-reference to the matrix of the rather uncomfortable relationship shared by advertising, its self-regulatory rules and the law."

Hoofstuk 1 is 'n inleidende hoofstuk en verduidelik die indeling van die boek. Die beweegrede vir die samestelling van die boek en die teikengroep waarop dit gerig is, wat reeds in die voorwoord uiteengesit is, word ietwat onnodig weer hier herhaal.

Hoofstuk 2 handel oor die gesagsvereniging vir reklamestandaarde van Suid-Afrika (RGV). Die kode van advertensiepraktyk wat deur die RGV toegepas word asook die jurisdiksie, struktuur en funksionering van die RGV word bespreek. Dit is myns insiens jammer dat besluit is om die RGV-prosedures vir die indien en aanhoor van klagtes asook vir die vooraf goedkeuring van advertensies onderskeidelik in aanhangsel B en C agter in die boek te plaas. Dit sou meer logies gewees het om hierdie prosedures uiteen te sit in die hoofstuk waar die RGV bespreek word. Hierdie prosedures sal net so vinnig en maklik in die teks opgespoor kan word deur gebruik te maak van duidelike opskrifte en tipografiese afbakening in sowel die teks as die inhoudsopgawe. Indien die uitsluitlike oogmerk met die plasing van hierdie prosedures in die aanhangsels was om opsporing te vergemaklik, moes daar myns insiens ten minste in die inhoudsopgawe ook daarna verwys gewees het.

(b) Die element of elemente word as die eintlike rede beskou waarom die regsgevolge intree. Die wil van die betrokkenes by die regshandeling in die algemeen en die ooreenkoms in die besonder word byvoorbeeld deur sommiges gesien as die eintlike rede waarom die regsgevolge intree.[47]

(c) Manigk onderskei tussen *Tatbestandselementen* en *Wirksamkeitsvoraussetzungen* op grond daarvan dat "[d]er Tatbestand begrenzt regelmässig die Beweistlast, während Wirksamkeitshemmungen zur Exception gesteld sind".[48]

Die eerste twee redes waarom sekere element(e) van regsfeite beklemtoon word, is onaanvaarbaar omdat hierdie redes buite die positiewe reg gevind word. Die oorbeklemtoning van die wil by die tweede rede kan verder daartoe lei dat ooreenkomste waar die wil van die partye óf glad nie óf slegs in 'n geringe mate die inhoud van die regsgevolge kan bepaal, nie as ooreenkomste beskou word nie. Dit sou eerstens die begrip *ooreenkoms* onnodig beperk en 'n kenmerk van die regsgevolge betrek by die omskrywing van die begrip *ooreenkoms*.[49] Hierdie opvatting verloor tweedens uit die oog dat die positiewe reg bepaal wanneer die regsgevolge intree en in welke mate die wil 'n rol mag speel by die bepaling van die inhoud van die regsgevolge.[50] Derdens word uit die oog verloor dat al die elemente van 'n regsfeit ewe onontbeerlik vir die intrede van die regsgevolge is.[51] Die derde rede is gegrond op die bewysreg en is daarom onaanvaarbaar.

Sommige skrywers is van mening dat slegs waar die elemente en regsgevolge van 'n groep regsfeite deur gemeenskaplike regsreëls beheers word, 'n eie benaming vir die groep regsfeite geregverdig is.[52] Hierdie vereiste gaan nie op nie omdat dit die draagwydte van 'n regsbegrip te veel sal beperk.

---

44 Die soeke na 'n gemeenskaplike kenmerk of kenmerke is kenmerkend van begripsvorming in die regswetenskap – Meijers *Algemene leer* 30.

45 Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 14; Suijling *Inleiding* 299; Manigk *Das rechtswirksame Verhalten* 12; Meijers *Algemene leer* 287.

46 Meijers *Algemene leer* 228.

47 Van Schilfgaarde 1978 *RMTh* 548; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 18 148; Wolf *Algemeiner Teil* 204–205; Van der Merwe *Die wil* 16; Imboden "Der verwaltungsrechtliche Vertrag" 1958 2 *ZSR* 38. Sommige gaan selfs verder en verklaar dat die ooreenkoms regskeppende krag in sigself besit onafhanklik van die positiewe reg – Ruppert *Der öffentlich-rechtliche Vertrag* 6–7; Buddeberg 1925 *AöR* 123; Reinach *Grundlagen* 688; Gitzinger *Verwaltungsakt auf Unterwerfung* 20; Steffen *Der öffentlichrechtliche Vertrag* 15. Vir 'n bespreking van hierdie beskouing sien Rill *Gliedstaatsverträge* 8–16; Friauf "Zur Problematik des verfassungsrechtlichen Vertrages" 1963 *AöR* 278.

48 *Das rechtswirksame Verhalten* 119.

49 Vir vbc sien Floyd *Owerheidsooreenkoms* 36–37.

50 Kelsen 1919 *ZöffR* 166, 1913 *AöR* 53 195; Reusch *Der Vertrag im Verwaltungsrecht* (proefskrif Frankfurt 1929) 6–7.

51 Flume *Allgemeiner Teil* 2; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 18.

52 Walz 1931 *AöR* 219.

4 DIE ONDERSKEIDINGSKENMERKE VAN DIE OOREENKOMS

4 1 Inleiding

Soos reeds aangetoon, sal die onderskeidingskenmerke van die ooreenkoms vasgestel word deur die gemeenskaplike element of elemente van die groep regsfeite te bepaal wat in die privaatreg as ooreenkomste bekend staan.

Die meeste skrywers huldig die mening dat die wilsuiting (met of sonder die onderliggende wil) die onderskeidingskenmerk van 'n regshandeling is.[53] Daar word 'n onderskeid tussen eensydige en meersydige regshandelinge gemaak afhangende van die aantal wilsuitings van selfstandige regsubjekte wat betrokke is.[54] Die ooreenkoms word as 'n meersydige regshandeling beskou.[55] Hieruit is dit duidelik dat meer as een wilsuiting 'n kenmerk van die ooreenkoms is. Die meeste regswetenskaplikes in Duitsland, Nederland en Suid-Afrika is dit eens dat wilsooreenstemming die onderskeidingskenmerk van die ooreenkoms is en dat hierdie kenmerk die ooreenkoms van alle ander meersydige regshandelinge onderskei.[56] By beantwoording van die vraag wat presies met wilsooreenstemming bedoel word, loop die antwoorde uiteen.[57]

Daar is egter 'n groep skrywers wat die ooreenkoms as benaming vir die groep regsfeite wat wilsooreenstemming as gemeenskaplike element het,

---

53 Suijling *Inleiding* 325; Meijers *Algemene leer* 288; Rutten *Overeenkomsten* 3–4; Hartkamp *Overeenkomsten* 3–5; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 4; Flume *Allgemeiner Teil* 23; Rothoeft *System der Irrtumslehre als Methodenfrage der Rechtsvergleichung* (1968) 119; Holland *Jurisprudence* 118; Markby *Elements of law considered with reference to principles of general jurisprudence* (1905) 125; Fitzgerald *Salmond on jurisprudence* (1966) 334; Hahlo en Kahn *Legal system* 100; Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding tot die regswetenskap* (1982) 506–507.

54 Flume *Allgemeiner Teil* 135; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 147; Wolf *Allgemeiner Teil* 283; Steenbeek *Rechtshandeling* 85; Wiarda *Overeenkomsten met overheidslichamen* (proefskrif Amsterdam 1939) 4; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 9. Ander onderskei nog verder 'n tweesydige regshandeling – Hahlo en Kahn *Legal system* 100–101; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 220; Pitlo *Het systeem van het Nederlandse privaatrecht* (1972) 128.

55 Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 220; Rutten *Overeenkomsten* 3–4; Hartkamp *Overeenkomsten* 4; Steenbeek *Rechtshandeling* 85; Wiarda *Overeenkomsten* 4; Van Zyl en Van der Vyver *Inleiding* 507.

56 Goltz *Motivirrtum und Geschäftsgrundlage im Schuldvertrag* (1973) 6 157; Rothoeft *System* 119; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 225; Wolf *Allgemeiner Teil* 286; Larenz *Allgemeiner Teil des Deutschen Bürgerlichen Rechts* (1980) 482; Schimpf *Der verwaltungsrechtliche Vertrag unter besonderer Berücksichtigung seiner Rechtswidrigkeit* (1982) 33; Büchner *Die Bestandskraft verwaltungsrechtlicher Verträge* (1979) 88; Stelkens ea *Verwaltungsverfahrensgesetz* (1990) 1011; Rutten *Overeenkomsten* 8; Van der Ven "Bijdrage tot de kennis van het publieke contractenrecht" 1938 *NJB* 155–156; Van Poelje ea *Nederlands bestuursrecht* dl 1 (1974) 395; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 20; Hartkamp *Overeenkomsten* 10; Suijling *Inleiding* 364; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 7 9; Van Rensburg ea *Contract* par 111; Kerr *Contract* (1989) 3; Cronjé *Eiendomsvoorbehoud* 118–119; Kritzinger "Approach to contract: a reconciliation" 1983 *SALJ* 47; Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* (1991) 492. Sien ook *Willmore v South Eastern Electricity Board* 1957 2 Lloyd's Rep 375 380; *Pfizer Co v Ministry of Health* 1965 AC 512 535–536 548; *Read v Croydon Corporation* 1938 4 All ER 631 648; *Ondombo Beleggings (Edms) Bpk v Minister of Mineral and Energy Affairs* 1991 4 SA 718 (A) 724; *Minister of Home Affairs v American Ninja IV Partnership* 1993 1 SA 257 (A) 269.

57 Kritzinger 1983 *SALJ* 47.

verwerp en die ooreenkoms aan wilsooreenstemming gelykstel.[58] Hierdie opvatting verloor uit die oog dat die positiewe reg dikwels ook die aanwesigheid van ander elemente naas wilsooreenstemming vir die intreding van die regsgevolge vereis.[59] Die regsfeit kan dus nie aan 'n element van die regsfeit self gelykgestel word nie.

Wiarda[60] se bespreking van die onderskeidingskenmerke van die ooreenkoms kan as vertrekpunt dien omdat sy bespreking myns insiens die naaste aan korrek is. Hy aanvaar as uitgangspunt die omskrywing van 'n ooreenkoms as die ooreenstemming van twee of meer wilsverklarings wat op die intreding van dieselfde regsgevolge gerig is en vul die omskrywing met drie addisionele vereistes aan:

(a) Die wilsverklarings moet afkomstig van selfstandige regsubjekte wees.

(b) Daar moet 'n onderlinge afhanklikheid tussen die ooreenstemmende wilsverklarings bestaan.

(c) Die regsgevolge moet in beginsel die onderlinge verhouding van die betrokkenes self reël en nie uitsluitlik derdes raak nie.

Vervolgens kan die kenmerke wat inderdaad onderskeidingskenmerke van die ooreenkoms is, bespreek word.

4 2 Ooreenstemming van twee of meer wilsuitings[61]

Die vraag wat hier ontstaan, is of daar naas die uiterlike ooreenstemmende wilsuitings ook werklike of subjektiewe ooreenstemming van die partye se wil moet wees. Die regsposisie in die Suid-Afrikaanse reg is enigsins onduidelik wat die ander ooreenkomste in die privaatreg buiten die kontrak betref.

Werklike subjektiewe wilsooreenstemming word as uitgangspunt vereis by die saaklike ooreenkoms.[62] Hierdie uitgangspunt word enigsins gekwalifiseer deurdat die vereiste wilsooreenstemming uit die omringende omstandighede afgelei word.[63] Dit is onseker of hier dan enigsins sprake van subjektiewe wilsooreenstemming is.

---

58 Cronjé *Eiendomsvoorbehoud* 134; Van der Merwe *Sakereg* 301; Olivier "Vonnisbespreking" 1981 *THRHR* 210. *Agreement* word dikwels in Engels gebruik om wilsooreenstemming aan te dui – Christie *Contract* (1991) 21; Treitel *Contract* 1 8; Paton *Jurisprudence* 435.

59 Vgl Cronjé *Eiendomsvoorbehoud* 126–148; Christie *Contract* (1991) 106.

60 *Overeenkomsten* 14–16, "Publiekrechtlijke overeenkomsten" preadvies in *Geschriften van de Vereniging voor Administratief Recht* dl 8 (1943) 26–27. Verskeie ander Nederlanders gee ooreenstemmende omskrywings: Vegting *Het algemeen Nederlands administratiefrecht* dl 1 (1954) 210; Van der Linde "Dient de wetgever regelen te geven met betrekking tot overeenkomsten met de overheid?" preadvies in *Handelingen der Nederlandse Juristen-Vereniging* dl 1 (1965) 223; Rutten *Overeenkomsten* 8; Hartkamp *Overeenkomsten* 9–14. Hartkamp *Overeenkomsten* 9 betwyfel egter die moontlikheid om 'n uitputtende leerstellige opsomming te gee van al die kenmerke waaraan 'n regshandeling moet voldoen om 'n ooreenkoms te wees.

61 Wilsuiting is 'n beter benaming as wilsverklaring omdat dit die gedagte beter weergee dat die wil by die verbintenisskeppende ooreenkoms deur gedrag, gebare, spraak of skrif tot uiting kan kom – Kerr *Contract* 5; Schut *Rechtshandeling* 12.

62 Cronjé *Eiendomsvoorbehoud* 154 175; Van der Merwe *Sakereg* 302–303 312.

63 By lewering word dit afgelei uit die verbintenisskeppende ooreenkoms en by registrasie uit die volmag van 'n aktebesorger wat die oordraggewer teken om oordrag te magtig – Van der Merwe *Sakereg* 303; Cronjé "Die belang van die saaklike ooreenkoms by roerende sake in 'n abstrakte en kousale stelsel van eiendomsoordrag" 1984 *THRHR* 201.

Daar word ook bloot volstaan met die stelling dat die algemene reëls ten aansien van handelingsbevoegdheid en dwaling vir ooreenkomste ook vir die saaklike ooreenkoms geld.[64] Die probleem is egter dat daar in ons reg nie sulke algemene reëls bestaan nie tensy daar aan die reëls van die kontraktereg algemene gelding verleen word. Die rede waarom die saaklike ooreenkoms in ons regspraak en regsliteratuur nog nie indringende bespreking beleef het wat wilsooreenstemming betref nie, is geleë in die feit dat die praktiese waarde van die konstruksie van die saaklike ooreenkoms in twyfel getrek word omdat die verbintenisskeppende en saaklike ooreenkoms dikwels in een waarneembare gebeurtenis saamval.[65]

Sekere aspekte van wilsooreenstemming by huweliksluiting het al aandag gekry[66] maar dit is om verskeie redes onseker of werklike of bloot skynbare wilsooreenstemming by huweliksluiting voldoende is.[67] Die reëls met betrekking tot wilsooreenstemming by kontrakte is met enkele wysigings van toepassing op die skulddelgende ooreenkoms.[68]

Uit die voorafgaande wil dit voorkom of die reëls van wilsooreenstemming soos dit by kontrakte bestaan ook op ander ooreenkomste in die privaatreg (minstens wat die saaklike en skulddelgende ooreenkoms betref) met enkele

---

64 Cronjé *Eiendomsvoorbehoud* 124 154.

65 *Idem* 169–172, 1984 *THRHR* 204; Scott "Vonnisbespreking" 1981 *THRHR* 188–189.

66 Hahlo *Husband and wife* 83; Cronjé *Persone- en familiereg* 194–197; Van der Vyver en Joubert *Personereg en familiereg* 492–500.

67 (1) Die gewone kontraktuele reëls tav wilsooreenstemming is nie ten volle aanwendbaar nie omdat die openbare belang so 'n belangrike rol by die huwelik speel – Erasmus ea *Family* 36. Sommige skrywers is selfs van mening dat wesenlike dwaling die huwelik nie nietig nie maar slegs vernietigbaar maak – Hahlo *Husband and wife* 84; Erasmus ea *Family* 36–37. (2) Werklike wilsooreenstemming word skynbaar vereis – Hahlo *Husband and wife* 83; Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* 492–493; Cronjé *Persone- en familiereg* 194. Hierdie vereiste word afgewater deur die feit dat die howe die vervulling van 'n huwelik deur byslaap as 'n sterk aanduiding beskou dat daar geen dwaling was nie – Hahlo *Husband and wife* 88. Die vraag of 'n huwelik aanvegbaar is waar daar 'n wesenlike dwaling was, kom in elk geval selde in die praktyk voor. Die vereiste dat die dwaling redelik moet wees kom ten eerste al ter sprake by impotensie. Impotensie word deur sommige as 'n vorm van dwaling beskou – Erasmus ea *Family* 36. Alvorens 'n party egter op grond hiervan die huwelik kan aanveg, moet hy bewys dat hy daarvan onbewus was en dat dit nie redelikerwys voorsienbaar was nie – Erasmus ea *Family* 38 vn 1. Die vereiste van redelikheid is ten tweede ook bespreek tav dwaling oor die identiteit van 'n party en *error in negotio* – Hunt "Error in the contract of marriage" 1963 *SALJ* 236 250–251. Die redelike vertroue van 'n party kan nie op dieselfde wyse as by kontrakte beskerm word nie – Hunt 1963 *SALJ* 236. (3) Geen eenstemmigheid bestaan oor die vraag onder welke hoof die onderskeie gronde waarop die geldigheid van 'n huwelik aangeveg kan word, behandel moet word nie, nl onder dwaling, wanvoorstelling of veronderstelling – Hunt 1962 *SALJ* 424–442, 1963 *SALJ* 107–109; Hahlo *Husband and wife* 83–86; Van der Vyver en Joubert *Personereg en familiereg* 492–500.

68 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 260–266; *Cave's Imperial Brewery v The Cape Government Railways* 2 (1904) BAC 151; *Blackie Swart Argitekte v Van Heerden* 1986 1 SA 249 (A) 262 (die betoog van die respondent se advokaat); *Matador Buildings (Pty) Ltd v Harman* 1971 2 SA 21 (K) 25; *Barclays National Bank v Waisbrod* 1975 1 SA 45 (D); *Blumberg v Atkinson* 1974 4 SA 551 (T) 559; *Cecil Jacobs (Pty) Ltd v Macleod & Sons* 1966 4 SA 41 (N); *Tractor & Escavator Spares (Pty) Ltd v Lucan J Botha (Pty) Ltd* 1966 2 SA 740 (T). Die skulddelgende ooreenkoms neem verskillende vorme aan, nl voldoening van 'n verbintenis, skuldkwytskelding, novasie, delegasie en skikking. In lg drie gevalle kom die skulddelgende en verbintenisskeppende ooreenkoms saam in een transaksie voor.

wysigings toepassing vind. Die probleem van subjektiewe of skynbare wilsooreenstemming kan dus aan die hand van die Suid-Afrikaanse kontraktereg bespreek word. 'n Verdere rede vir laasgenoemde werkswyse is daarin geleë dat ons howe al hul gewilligheid getoon het om die reëls van die kontraktereg ten aansien van wilsooreenstemming in die publiekreg toe te pas.[69]

Hierdie vraag na wat wilsooreenstemming by kontrakte behels, word gewoonlik bespreek met verwysing na die wils-, verklarings- en vertrouensteorie.[70] Die wilsteorie vereis naas uiterlike wilsooreenstemming werklike of subjektiewe wilsooreenstemming alvorens kontraktuele aanspreeklikheid ontstaan. Die verklaringsteorie vereis slegs uiterlike ooreenstemmende wilsuitings, terwyl die vertrouensteorie die klem laat val op die vertroue wat die wilsuitings by die partye wek. Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid gestel word dat die wilsteorie gekwalifiseer deur die vertrouensteorie tans in die regspraak by kontrakte geld.[71] Die vertrouensteorie kom as beide direkte[72] en indirekte vertrouensbeskerming (*iustus error*)[73] voor.

Die vereistes vir direkte vertrouensbeskerming is skynbaar dieselfde as dié vir indirekte vertrouensbeskerming by die *iustus error*-benadering.[74] Daar is geen sekerheid oor welke vereistes aanwesig moet wees by sowel die direkte as indirekte vertrouensbeskerming nie. Daar is wel sekerheid oor twee elemente wat aanwesig moet wees, naamlik 'n optrede aan die kant van die een party (die kontrakontkenner) wat aanleiding gee tot die verwekking van 'n redelike vertroue van gebondenheid of van wilsooreenstemming by die ander party (die kontrakbeweerder).[75] Laasgenoemde party se vertroue is afwesig indien hy weet

---

69 *A to Z Bazaars (Pty) Ltd v Minister of Agriculture* 1975 3 SA 468 (A) 476–478; *Peri-Urban Areas Health Board v Breet* 1958 3 SA 783 (T) 789–790; *Broodryk v Smuts* 1942 TPD 47; *Rhode v Minister of Defence* 1943 CPD 40. Vir 'n bespreking van hierdie sake sien Floyd *Owerheidsooreenkoms* 440–442.

70 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 9–15; Joubert *General principles of the law of contract* (1987) 79–80; Kritzinger 1983 *SALJ* 47.

71 Vir 'n bespreking sien Floyd *Owerheidsooreenkoms* 17–25; Lubbe en Murray *Contract* 163–168; Christie *Contract* (1991) 21–28; Van der Merwe ea *Contract* 14–41; *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A); *Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 1 SA 49 (A).

72 *Spes Bona Bank (Pty) Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 1 SA 978 (A); *Steyn v LSA Motors Ltd supra.*

73 Sien bv *Logan v Beit* 1890 SC 197; *Maritz v Pratley* 1894 SC 345; *George v Fairmead (Pty) Ltd* 1958 2 SA 465 (A); *National and Overseas Distributors Co (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A); *Van Wyk v Otten* 1963 1 SA 415 (O); *Allen v Sixteen Stirling Investments (Pty) Ltd* 1974 4 SA 164 (D); *Nasionale Behuisingskommissie v Greyling* 1986 4 SA 917 (T); *Standard Credit Co Ltd v Naicker* 1987 2 SA 49 (N). Die *iustus error*-benadering kom kortliks daarop neer dat waar daar oënskynlik wilsooreenstemming is die kontrakontkenner eers moet bewys dat daar dwaling by hom aanwesig is wat wesenlik en redelik is.

74 Lubbe en Murray *Contract* 168; *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis supra* (*obiter*). Sien egter Reinecke "Regstreekse of onregstreekse toepassing van die vertrouensteorie?" 1989 *TSAR* 511–512 wat beweer dat die gronde vir redelikheid van 'n dwaling nie die presiese keersy van die vereiste vir vertrouensbeskerming is nie.

75 Christie *The law of contract in South Africa* (1981) 16; Van der Merwe *Die wil* 31 veral vn 39; Lubbe en Murray *Contract* 165; *George v Fairmead (Pty) Ltd supra* 471; *National and Overseas Distributors Co (Pty) Ltd v Potato Board supra*; *Shepherd v Farrels Estate Agency* 1921 TPD 62; *Van Wyk v Otten supra*; *Spindrifter (Pty) Ltd v Lester Donovan (Pty) Ltd* 1986 1 SA 303 (A) 316; *Du Toit v Atkinson Motors Bpk* 1985 2 SA 893 (A); *Sonap Petroleum (SA) Ltd v Pappadogianis supra.*

lie ander party dwaal en onredelik indien hy redelikerwys moes weet van die r party se dwaling.[76] Waar die kontrakbeweerder die ander party se dwaling s onskuldig of by wyse van 'n late) veroorsaak, ontbreek die vereiste kou- verband waar die oorsaak vir die vertroue die optrede van die kontrakbe- rder is.[77] Hoewel dit vroeër onseker was of dit 'n vereiste is dat die kon- ntkenner skuldig 'n redelike vertroue by die kontrakbeweerder moet ver- aak,[78] het die appèlhof hom onlangs uitdruklik daarteen uitgespreek.[79] die beskouing is vatbaar vir kritiek omdat die blaam (skuld of risiko) van die ve wel in sekere gevalle relevant kan wees by die beantwoording van die vraag i kontrak tot stand kom.[80] Daar is ten slotte weinig gesag vir die vereiste van el aan die kant van die party by wie 'n redelike vertroue opgewek is.[81]

it die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat in die geval van werklike ooreenstemming die volgende aanwesig moet wees:

Die ooreenstemmende wilsuitings van die partye.

Die onderliggende subjektiewe wil van die partye wat inderdaad ooreenstem hulle wilsuitings.

ie geval van vertrouensbeskerming moet skynbaar die volgende aanwesig s:

Die ooreenstemmende wilsuitings van die partye.

Die onderliggende subjektiewe wil van die party wie se vertroue gehandhaaf d en die ooreenstemming van sy wil met sy wilsuiting.[82]

'n Blaamwaardige opwekking van 'n redelike vertroue deur die skynver- ker.

'n Redelike vertroue van gebondenheid of van wilsooreenstemming by die ve wie se vertroue gehandhaaf word.

Lubbe en Murray *Contract* 165; *Spes Bona Bank (Pty) Ltd v Portals Water Treatment supra* 984–985; *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis supra* 240.

Lubbe en Murray *Contract* 166.

Die regspraak stel skuld nie as 'n vereiste by direkte vertrouensbeskerming nie. Sien die sake aangehaal deur Van der Merwe *Die wil* 32 vn 142. Die gesag dat skuld 'n vereiste is, is ietwat sterker by die *iustus error*-benadering – Van Rensburg ea *Contract* par 127 vn 11; Van der Merwe *Die wil* 33; De Vos 1974 *Acta Juridica* 180–181; Malan "Vonnisbe- spreking" 1985 *THRHR* 231; *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 539 540; *Standard Credit Co Ltd v Naicker supra* 53. Vir skrywers wat ontken dat skuld enigsins 'n vereiste is, sien Christie *Contract* (1991) 26; Kerr *Contract* 17; Beck "Mistake and fault" 1985 *SALJ* 8; Sharrock "Fault and iustus error" 1985 *SALJ* 3–4; Hoffmann "The basis of the effect of mistake on contractual obligations" 1935 *SALJ* 436; Hutchison en Van Heerden "Mistake in contract: a comedy of (justus) errors" 1987 *SALJ* 528; Lubbe en Murray *Contract* 165. Vir 'n bespreking van die vraag of blote onag- saamheid of agterlosigheid voldoende is, sien Van der Merwe en Van Huysstcen "Dissensus, reasonableness and contractual liability" 1987 *THRHR* 446–447.

Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis supra 240.

dat die ander party dwaal en onredelik indien hy redelikerwys moes weet van die ander party se dwaling.[76] Waar die kontrakbeweerder die ander party se dwaling (selfs onskuldig of by wyse van 'n late) veroorsaak, ontbreek die vereiste kousale verband waar die oorsaak vir die vertroue die optrede van die kontrakbeweerder is.[77] Hoewel dit vroeër onseker was of dit 'n vereiste is dat die kontrakontkenner skuldig 'n redelike vertroue by die kontrakbeweerder moet veroorsaak,[78] het die appèlhof hom onlangs uitdruklik daarteen uitgespreek.[79] Hierdie beskouing is vatbaar vir kritiek omdat die blaam (skuld of risiko) van die partye wel in sekere gevalle relevant kan wees by die beantwoording van die vraag of 'n kontrak tot stand kom.[80] Daar is ten slotte weinig gesag vir die vereiste van nadeel aan die kant van die party by wie 'n redelike vertroue opgewek is.[81]

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat in die geval van werklike wilsooreenstemming die volgende aanwesig moet wees:

(a) Die ooreenstemmende wilsuitings van die partye.

(b) Die onderliggende subjektiewe wil van die partye wat inderdaad ooreenstem met hulle wilsuitings.

In die geval van vertrouensbeskerming moet skynbaar die volgende aanwesig wees:

(a) Die ooreenstemmende wilsuitings van die partye.

(b) Die onderliggende subjektiewe wil van die party wie se vertroue gehandhaaf word en die ooreenstemming van sy wil met sy wilsuiting.[82]

(c) 'n Blaamwaardige opwekking van 'n redelike vertroue deur die skynverwekker.

(d) 'n Redelike vertroue van gebondenheid of van wilsooreenstemming by die partye wie se vertroue gehandhaaf word.

---

76 Lubbe en Murray *Contract* 165; *Spes Bona Bank (Pty) Ltd v Portals Water Treatment supra* 984–985; *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis supra* 240.

77 Lubbe en Murray *Contract* 166.

78 Die regspraak stel skuld nie as 'n vereiste by direkte vertrouensbeskerming nie. Sien die sake aangehaal deur Van der Merwe *Die wil* 32 vn 142. Die gesag dat skuld 'n vereiste is, is ietwat sterker by die *iustus error*-benadering – Van Rensburg ea *Contract* par 127 vn 11; Van der Merwe *Die wil* 33; De Vos 1974 *Acta Juridica* 180–181; Malan "Vonnisbespreking" 1985 *THRHR* 231; *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 539 540; *Standard Credit Co Ltd v Naicker supra* 53. Vir skrywers wat ontken dat skuld enigsins 'n vereiste is, sien Christie *Contract* (1991) 26; Kerr *Contract* 17; Beck "Mistake and fault" 1985 *SALJ* 8; Sharrock "Fault and iustus error" 1985 *SALJ* 3–4; Hoffmann "The basis of the effect of mistake on contractual obligations" 1935 *SALJ* 436; Hutchison en Van Heerden "Mistake in contract: a comedy of (justus) errors" 1987 *SALJ* 528; Lubbe en Murray *Contract* 165. Vir 'n bespreking van die vraag of blote onagsaamheid of agterlosigheid voldoende is, sien Van der Merwe en Van Huyssteen "Dissensus, reasonableness and contractual liability" 1987 *THRHR* 446–447.

79 *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis supra* 240.

80 Floyd en Pretorius "A reconciliation of the different approaches to contractual liability in the absence of actual *consensus*" 1992 *THRHR* 671–673. Van der Merwe en Van Huyssteen "Kontraksluiting en toerekenbare skyn" 1993 *TSAR* 496 wil die skuld van die partye in ag neem by die beoordeling van die vraag of 'n voorstelling redelik is.

81 De Wet *Dwaling en bedrog by die kontraksluiting* (1943) 4; Lubbe en Murray *Contract* 167–168; Christie *Contract* (1981) 18–20.

82 Reinecke en Van der Merwe "Vonnisbespreking" 1984 *TSAR* 293.

4 3 Die ooreenstemmende wilsuitings moet gerig wees op die intreding van regsgevolge asook op die inhoud van die regsgevolge

Hierdie vereiste vorm deel van die element van wilsooreenstemming of skynbare wilsooreenstemming. Die eenstemmigheid moet gerig wees op die intreding van regsgevolge.[83] Dit is juis hierdie wil wat 'n ooreenkoms onderskei van 'n sosiale afspraak en die *gentlemen's agreement*.[84]

Die eenstemmige wilsuitings moet ook op die inhoud van die regsgevolge gerig wees.[85] 'n Vraag wat hier ontstaan, is of die wilsuitings van beide partye op die volledige inhoud van die regsgevolge gerig moet wees. Die partye se wilsuitings moet wel sodanig wees wat betref die regsgevolge waaroor die partye self kan besluit en inderdaad self ook besluit, maar nie wat betref die regsgevolge wat van regsweë intree nie.[86] Waar die reg die meeste van die regsgevolge self voorskryf, moet die partye se wil wel op die gevolge gerig wees wat van regsweë intree en wat die bepaalde soort ooreenkoms tipeer.[87] Die wilsuitings moet ook gerig wees op die identiteit van die partye tussen wie die beoogde regsgevolge gaan ontstaan of wat deur die beoogde regsgevolge geraak gaan word.[88]

Die Duitse voorstanders van die *Vereinbarung*- en *Gesamtakt*-begrip vereis dat die wil van die partye tot 'n ooreenkoms gerig moet wees op die intreding van verskillende regsgevolge omdat die partye verskillende behoeftes wil bevredig.[89] So meen hulle dat die koper se wil op die skep van 'n leweringsverpligting

---

83 Sien in die algemeen Wolf *Allgemeiner Teil* 284; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 161; Rutten *Overeenkomsten* 11; Hartkamp *Overeenkomsten* 12; Wiarda *Overeenkomsten* 4; Paton *Jurisprudence* 433; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 21. Tav kontrakte sien Van Rensburg ea *Contract* par 111; Christie *Contract* (1991) 30–33 104–106; *Conradie v Rossouw* 1919 AD 279; *Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co Ltd* 1925 AD 173; *Kilburn v Estate Kilburn* 1931 AD 501; *Kock v Alma Modehuis (Edms) Bpk* 1959 3 SA 308 (A); *Kerkraad van Vanderbijlpark-Wes Gemeente van die NG Kerk Tvl v Van der Wath* 1964 3 SA 64 (A); *Phillips v Aida Real Estate (Pty) Ltd* 1975 3 SA 198 (A) 206; *Dilokong Chrome Mines v Direkteur-Generaal, Handel en Nywerheid* 1992 4 SA 1 (A) 18; *Electronic Building Elements v Huang* 1992 2 SA 384 (W). Tav huweliksluiting sien Hahlo *Husband and wife* 86; Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* 492; *Ress v Shapiro* 1914 EDL 390; *Martens v Martens* 1952 3 SA 771 (W). Tav die saaklike ooreenkoms sien Van der Merwe *Sakereg* 302; *Mannesmann Engineering and Tubes (Pty) Ltd v LTA Construction Ltd* 1972 3 SA 773 (W) 773.

84 Rutten *Overeenkomsten* 11; Hartkamp *Overeenkomsten* 12; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 4–5; Christie *Contract* (1991) 104; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 170–172; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 21 en 22; Wessels *Gentlemen's agreements* (1984); Booysen 1984 *SAYIL* 87.

85 Wolf *Allgemeiner Teil* 284–285; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 480–481; Baechi 1934 *ZöffR* 64; Van der Merwe ea *Contract* 14–15.

86 Van Rensburg ea *Contract* par 169; *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd supra* (dwaling oor die termyn van 'n huurkontrak); Van der Ven 1938 *NJB* 157.

87 Meijers *Algemene leer* 234 ev; Schut *Rechtshandeling* 26. Dit blyk ook uit die feit dat dwaling tav die huwelikseremonie in ons reg wel wilsooreenstemming uitsluit maar nie dwaling tav die regsgevolge van 'n huwelik nie – Hunt 1963 *SALJ* 249; Hahlo *Husband and wife* 84. So hoef die wil van die partye tot 'n kontrak ook glad nie op die *naturalia* van die kontrak gerig te wees nie – Kerr *Contract* 284–285.

88 Van Rensburg ea *Contract* par 111; Kerr *Contract* 39–42; *Bird v Summerville* 1961 3 SA 194 (A); *Levin v Drieprok Properties* 1975 3 SA 397 (A); Hahlo *Husband and wife* 82.

89 Walz 1931 *AöR* 188; Kuntze "Der Gesammtakt, ein neuer Rechtsbegriff" in *Festgabe der Leipziger Juristenfakultät für dr jur Otto Müller zum 14 mai 1892* (1892) 43; Steffen *Der öffentlichrechtliche Vertrag* 30; Flume *Allgemeiner Teil* 7; Wiarda *Overeenkomsten* 17–18.

die saak gerig is terwyl die verkoper se wil op die skep van 'n lewer-sverpligting van die prys gerig is. Waar die partye se wil nie op verskillende sgevolge gerig is nie, het 'n mens volgens hulle te doen met 'n *Gesamtakt* of *einbarung*.[90]

Hierdie gewaande onderskeidingskenmerk van die ooreenkoms gaan om die gende redes nie op nie:

Hierdie kenmerk is 'n kenmerk van die wederkerige kontrak en nie van alle eenkomste nie.[91]

Dit betrek die onderliggende motiewe van die partye in die onderskeidings-merke terwyl die wil van die partye inderdaad op die intreding van presies elfde regsgevolge gerig is.[92] So is beide die koper en verkoper se wil op die o van die leweringsverpligtings ten opsigte van die prys en die saak gerig.

gtans vereis verskeie skrywers in Duitsland en Nederland nog hierdie ge-nde kenmerk vir ooreenkomste.[93]

Minstens twee selfstandige regsubjekte

r is gewoonlik twee partye (wat elk uit meerdere regsubjekte kan bestaan) by ooreenkoms betrokke[94] maar daar kan meer as twee partye by sommige eenkomste betrokke wees.[95] Daar moet egter minstens twee selfstandige subjekte wees wat as partye teenoor mekaar staan.[96] Dit is onseker of die-de regsubjek met homself in verskillende hoedanighede mag kontrakteer.[97]

Vir 'n bespreking van die ontwikkeling van hierdie begrippe in Duitsland sien Walz 1931 *AöR* 177–201; Vogel *Vertrag* 4–8. Naas parallelle en ooreenstemmende wil word ook ander vereistes vir hierdie begrippe gestel. Daar is ook voorstanders van hierdie begrippe in Nederland – Wiarda *Overeenkomsten* 216.

Wiarda *Overeenkomsten* 18–19; Vegting *Administratiefrecht* 212; Nawiasky *Allgemeine Rechtslehre* 221.

Hahlo en Kahn *Legal system* 101; Von Tuhr *Der Allgemeiner Teil* 235; Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* (1964) 63–64.

Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; *Von Tuhr* Der Allgemeine Teil 232; Steenbeek *Rechtshandeling* 85; Flume *Allgemeiner Teil* 602; Salzwedel *Die Grenzen der Zulässigkeit des öffentlich-rechtlichen Vertrages* (1958) 31.

Sommige skrywers skep die indruk dat daar slegs twee partye betrokke kan wees deurdat hulle die ooreenkoms 'n tweesydige regshandeling noem – Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; Ferid *Das französische Zivilrecht* 255; Wolf *Allgemeiner Teil* 283.

Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 24; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 228; Hahlo *Husband and wife* 258 (huweliksvoorwaardeskontrak); Flume *Allgemeiner Teil* 135; Rutten *Overeenkomsten* 10; Hartkamp *Overeenkomsten* 11. Dit wil voorkom of daar slegs twee partye by sommige ooreenkomste betrokke kan wees (soos die verlowing en huweliksluiting) weens die besondere aard van die regsverhouding wat beoog word. Voorstanders van die *Vereinbarung*- en *Gesamtakt*-begrip meen ten onregte dat slegs twee partye by 'n ooreenkoms betrokke kan wees – Walz 1931 *AöR* 188; Kuntze *Der Gesamtakt* 31–32 43; Wiarda *Overeenkomsten* 19.

van die saak gerig is terwyl die verkoper se wil op die skep van 'n leweringsverpligting van die prys gerig is. Waar die partye se wil nie op verskillende regsgevolge gerig is nie, het 'n mens volgens hulle te doen met 'n *Gesamtakt* of *Vereinbarung*.[90]

Hierdie gewaande onderskeidingskenmerk van die ooreenkoms gaan om die volgende redes nie op nie:

(a) Hierdie kenmerk is 'n kenmerk van die wederkerige kontrak en nie van alle ooreenkomste nie.[91]

(b) Dit betrek die onderliggende motiewe van die partye in die onderskeidingskenmerke terwyl die wil van die partye inderdaad op die intreding van presies dieselfde regsgevolge gerig is.[92] So is beide die koper en verkoper se wil op die skep van die leweringsverpligtings ten opsigte van die prys en die saak gerig.

Nogtans vereis verskeie skrywers in Duitsland en Nederland nog hierdie gewaande kenmerk vir ooreenkomste.[93]

4 4 Minstens twee selfstandige regsubjekte

Daar is gewoonlik twee partye (wat elk uit meerdere regsubjekte kan bestaan) by 'n ooreenkoms betrokke[94] maar daar kan meer as twee partye by sommige ooreenkomste betrokke wees.[95] Daar moet egter minstens twee selfstandige regsubjekte wees wat as partye teenoor mekaar staan.[96] Dit is onseker of dieselfde regsubjek met homself in verskillende hoedanighede mag kontrakteer.[97]

---

90 Vir 'n bespreking van die ontwikkeling van hierdie begrippe in Duitsland sien Walz 1931 *AöR* 177–201; Vogel *Vertrag* 4–8. Naas parallelle en ooreenstemmende wil word ook ander vereistes vir hierdie begrippe gestel. Daar is ook voorstanders van hierdie begrippe in Nederland – Wiarda *Overeenkomsten* 216.

91 Wiarda *Overeenkomsten* 18–19; Vegting *Administratiefrecht* 212; Nawiasky *Allgemeine Rechtslehre* 221.

92 Hahlo en Kahn *Legal system* 101; Von Tuhr *Der Allgemeiner Teil* 235; Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* (1964) 63–64.

93 Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; *Von Tuhr* Der Allgemeine Teil 232; Steenbeek *Rechtshandeling* 85; Flume *Allgemeiner Teil* 602; Salzwedel *Die Grenzen der Zulässigkeit des öffentlich-rechtlichen Vertrages* (1958) 31.

94 Sommige skrywers skep die indruk dat daar slegs twee partye betrokke kan wees deurdat hulle die ooreenkoms 'n tweesydige regshandeling noem – Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; Ferid *Das französische Zivilrecht* 255; Wolf *Allgemeiner Teil* 283.

95 Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 24; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 228; Hahlo *Husband and wife* 258 (huweliksvoorwaardeskontrak); Flume *Allgemeiner Teil* 135; Rutten *Overeenkomsten* 10; Hartkamp *Overeenkomsten* 11. Dit wil voorkom of daar slegs twee partye by sommige ooreenkomste betrokke kan wees (soos die verlowing en huweliksluiting) weens die besondere aard van die regsverhouding wat beoog word. Voorstanders van die *Vereinbarung*- en *Gesamtakt*-begrip meen ten onregte dat slegs twee partye by 'n ooreenkoms betrokke kan wees – Walz 1931 *AöR* 188; Kuntze *Der Gesamtakt* 31–32 43; Wiarda *Overeenkomsten* 19.

96 Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; Christie *Contract* (1991) 21; Rutten *Overeenkomsten* 9; Hartkamp *Overeenkomsten* 11; Wiarda *Overeenkomsten* 15; Ruppert *Der öffentlich-rechtliche Vertrag* 3.

97 De Wet "*Agency and representation*" 1 (1993) *LAWSA* par 106 107 meen dat dit nie moontlik is nie. Sien daarteenoor *Joel Melamet and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A) 164 (die hof het dit bloot aanvaar); Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 228; Rutten *Overeenkomsten* 9; Hartkamp *Overeenkomsten* 11; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 19.

Hierdie vereiste is veral van belang by die vraag of verskillende owerheidsliggame met mekaar ooreenkomste mag sluit omdat die Suid-Afrikaanse staat deur die regspraak as 'n eenheid gesien word en die owerheidsliggame moontlik organe van dieselfde regspersoon (staat) kan wees.[98]

4 5 Interafhanklikheid van die ooreenstemmende wilsuitings

Hierdie kenmerk vorm ook streng gesproke deel van die element van wilsooreenstemming of skynbare wilsooreenstemming. Dit dui op die vereiste dat die partye hulle tot mekaar moet rig en bewustelik wilsooreenstemming moet bereik. Die een party maak gewoonlik 'n wilsuiting aan die ander party of partye in afwagting dat die ander party of partye daarop sal reageer en ook 'n ooreenstemmende wilsuiting sal maak wat dan ook inderdaad gebeur.[99]

Hierdie vereiste blyk duidelik uit die verbintenisskeppende ooreenkoms (kontrak). 'n Kontrak word gewoonlik geanaliseer in 'n aanbod en aanname,[100] al is dit nie altyd moontlik om in die onderhandelingsproses 'n aanbod en 'n aanname te onderskei nie.[101] 'n Aanbod moet gerig wees aan 'n bepaalde regsubjek of regsubjekte en moet tot die geadresseerde se kennis kom.[102] Die aanname moet weer in reaksie op die aanbod gemaak word[103] en moet gewoonlik tot die kennis van die aanbieder kom.[104]

Waar hierdie interafhanklikheid ontbreek, is die regshandeling nie 'n ooreenkoms nie maar wel 'n ander ongespesifiseerde meersydige regshandeling,[105] al is die aanwesigheid van meerdere wilsuitings noodsaaklik vir die intreding van die regsgevolge. 'n Voorbeeld hiervan is die regshandeling *besluit*.[106] Die regsgevolge tree dikwels in na slegs een party se wilsuiting al kom meerdere wilsuitings voor. 'n Eensydige regshandeling kom dan voor.[107]

---

98 Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* 101; Wiarda *Overeenkomsten* 15–16.

99 Wiarda *Overeenkomsten* 15–16; Rutten *Overeenkomsten* 10; Hartkamp *Overeenkomsten* 11; Suijling *Inleiding* 365; Vegting *Administratiefrecht* 211; Flume *Allgemeiner Teil* 618; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 224 427 429 461 473; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 31; Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* 101; Kohl *Die Möglichkeit öffentlichrechtlicher Verträge im Verwaltungsrecht* (proefskrif Freiburg 1934) 3; Friauf 1963 *AöR* 265 vn 39.

100 Kerr *Contract* 51; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 32; Van der Merwe ea *Contract* 42.

101 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 32.

102 *Bloom v The American Swiss Watch Co* 1915 AD 100; Christie *Contract* (1991) 50–51; Kerr *Contract* 5; Kahn "Some mysteries of offer and acceptance" 1955 *SALJ* 247; Suijling *Inleiding* 365.

103 *Bloom v The American Swiss Watch Co supra*; Christie *Contract* (1991) 66–67; Kerr *Contract* 5.

104 Christie *Contract* (1991) 76–70; *S v Henckert* 1981 3 SA 445 (A). Op hierdie algemene reël bestaan verskeie uitsonderings.

105 Die begrippe *Vereinbarung* en *Gesamtakt* word ontwikkel as oorkoepelende begrippe vir alle meersydige regshandelinge wat nie ooreenkomste is nie – Walz 1931 *AöR* 161. Hierdie begrippe is vreemd aan die Suid-Afrikaanse regswetenskap en sal dus nie gebruik word nie.

106 Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; Rutten *Overeenkomsten* 10 12; Noldus *Ongeldigheid van besluiten in de naamloze vennootskap* (1969) 25–33; Walz 1931 *AöR* 167–168 222–223; Wiechers *Administratiefreg* 97–98 vn 2. Die volgende redes word verder aangevoer waarom 'n besluit nie 'n ooreenkoms is nie: (1) Die regsgevolge kan uitsluitlik derdes raak. (2) Minderhede en afwesiges word deur 'n besluit gebind en gevolglik ontbreek wilsooreenstemming.

107 Ruppert *Der öffentlich-rechtliche Vertrag* 4; Rutten *Overeenkomsten* 9; Wiarda *Overeenkomsten* 6–7 13; Baechi 1934 *ZöffR* 77. Wiarda gee die volgende vbe uit die

vervolg op volgende bladsy

4 6 Die regsgevolge moet primêr gerig wees op die reëling van die individuele verhouding tussen die betrokkenes en nie uitsluitlik derdes raak nie

Uiteenlopende standpunte word oor hierdie vereiste gehuldig. Die een standpunt vereis bloot dat die regsgevolge die partye tot die ooreenkoms moet raak.[108] Ander skrywers is meer presies en vereis dat die ooreenkoms die subjektiewe regte en verpligtinge tussen die partye moet reël.[109] Laasgenoemde standpunt is te eng want nie alle regsgevolge van die erkende ooreenkomste in die privaatreg kan as die reëling van subjektiewe regte beskou word nie.[110]

'n Verdere standpunt is dat die regsgevolge die individuele verhouding tussen die partye moet reël deur die individuele verhouding tot stand te bring, te wysig of te beëindig.[111] As uitgangspunt kan hierdie stelling as geldig beskou word vir die privaatreg onderworpe daaraan dat daar wel uitsonderings kan wees. Hierdie stelling hou verband met die beginsel van privaatoutonomie in die privaatreg.[112] Regsubjekte mag binne die grense neergelê deur die positiewe reg self hulle eie individuele regsverhoudings reël.[113] Ooreenkomste kan indirek regsgevolge vir derdes hê al reël hul uitsluitlik andersins die individuele verhoudings tussen die partye direk.[114] 'n Ooreenkoms kan ook die individuele verhoudings van derdes reël naas die primêre reëling van die individuele verhoudings tussen die partye.[115] 'n Ooreenkoms kan selfs uitsluitlik regsgevolge vir iemand hê wat nie direk betrokke is by sluiting van die ooreenkoms nie en een van die partye.[116] Daar is twee voorbeelde hiervan: Eerstens kom 'n ooreenkoms, wat gesluit word

---

Nederlandse reg: begenadiging deur die koning wat gewoonlik slegs op versoek verleen word; die man se toestemming tot regshandelinge van sy vrou; en die ouers se toestemming aan hulle kinders wat gewoonlik op hulle versoek geskied.

108 Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 1 par 12; Vegting *Administratiefrecht* 211; Rutten *Overeenkomsten* 11; Hartkamp *Overeenkomsten* 13; Suijling *Inleiding* 364–365; Flume *Allgemeiner Teil* 7–9; Büchner *Die Bestandskraft* 94. Sien ook *Peri-Urban Areas Health Board v Estate Breet supra* 454; *Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buite-Stedelike Gebiede v Steyn Uitzicht Beleggings (Edms) Bpk supra* 358.

109 Walz 1931 *AöR* 189; Baechi 1934 *ZöffR* 62–64; Layer *Zur Lehre vom öffentlich-rechtlichen Vertrag, eine Studie aus dem österreichischen Verwaltungsrecht* (1916) 15–16; Van der Linde *Overeenkomsten* 225; Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* 54; Speiser *Über öffentlich rechtliche Verträge im Verwaltungsrecht* (proefskrif Basel 1922) 33; Reusch *Der Vertrag* 9. Ander se omskrywing gaan wyer. Sien Wiarda *Publiekrechtelike overeenkomsten* 70 (hy sluit ook statusooreenkomste in); Paton *Jurisprudence* 433–434 (hy sluit ook ander regte naas subjektiewe regte in).

110 Bv die regsgevolge van huweliksluiting; sien vn 9 *supra*.

111 Forsthoff *Lehrbuch* 274; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 146 167 227; Wiarda *Overeenkomsten* 16; Van der Linde *Overeenkomsten* 224; Noldus *Besluiten* 25; Rutten *Overeenkomsten* 11; Gitzinger *Verwaltungsakt auf Unterwerfung* 40; Fortshoff *Lehrbuch* 275; Wiechers *Administratiefreg* 129.

112 Flume *Allgemeiner Teil* 7–12; Christie *Contract* (1991) 310–312 (kontrakte).

113 Flume *Allgemeiner Teil* 1.

114 Larenz *Allgemeiner Teil* 287.

115 Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 147 227 237 vir vbe uit die Duitse reg. Die beding ten behoewe van 'n derde in die trustreg is 'n vb hiervan in ons reg – Christie *Contract* (1991) 320–321.

116 Salzwedel *Die Grenzen* 78 gaan te ver waar hy meen dat 'n ooreenkoms self uitsluitlik die individuele verhouding tussen derdes kan reël omdat die beginsel van privaatoutonomie heeltemal misken word.

deur 'n verteenwoordiger, tot stand tussen die prinsipaal en die ander party.[117] Tweedens kan 'n derde geldig die verskuldigde prestasie aan die skuldeiser lewer al weet die skuldenaar nie eers daarvan nie en selfs al is dit teen sy sin.[118]

Daar bestaan heelwat twis in veral Frankryk oor die vraag of 'n regshandeling naas die reëling van individuele regsverhoudings tussen die partye ook algemene verhoudings kan reël. Sommige Franse publiekregtelike teoretici wend sowel 'n formele as 'n materiële toets aan by die klassifisering van handelinge van die administrasie.[119] By die formele toets word na die handeling self gekyk terwyl daar by die materiële toets na die aard van die regsgevolge gekyk word. Laasgenoemde word as die deurslaggewende toets beskou. Hulle onderskei materieel gesproke tussen die volgende administratiewe handelinge:[120]

(a) Regulerende of reëlende handelinge (soos wetgewing) waardeur algemene regsverhoudings geskep word.

(b) Subjektiewe handelinge waardeur individuele regsverhoudings geskep word (kontrakte val hieronder).

(c) Bepalende of determinerende handelinge waardeur die objektiewe reg werking verkry sonder dat die betrokkenes self die gevolge bepaal (soos administratiewe beskikkings).

'n Ooreenkoms behoort tot die tweede groep al kan dit formeel gesproke by die derde groep ingedeel word omdat die materiële toets deurslaggewend is.[121] 'n Soortgelyke opvatting kom ook in ander lande voor.[122]

Hierdie beskouing bots met die erkenning van sekere privaatregtelike handelinge as ooreenkomste.[123] 'n Analise van die derde groep toon dat dit uit twee onderskeibare groepe bestaan:

(a) Die gevalle waar slegs 'n individuele verhouding tot stand kom wat geheel en al deur die reg beheers word.

(b) Die gevalle waar 'n individuele verhouding tot stand kom en 'n party in 'n bestaande algemene verhouding geplaas word.[124]

---

117 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg* 96.

118 *Idem* 260.

119 Lüthje *Die Theorie des Contrat administratif im französischen Verwaltungsrecht* (1964) 22–23.

120 *Idem* 22–23; Vegting *Administratiefrecht* 214–215; Baechi 1934 *ZöffR* 67–68; Wiechers *Administratiefreg* 97 vn 2.

121 Lüthje *Die Theorie* 23.

122 Duitsers wat sodanige standpunt huldig, is Burckhard *Der Vertrag* 42–44; Apelt *Der verwaltungsrechtliche Vertrag* 95–96 105–107; Stern "Zur Problematik des energiewirtschaftlichen Kozessionsvertrags" 1959 *AöR* 276; Rüfner *Formen öffentlicher Verwaltung im Bereich der Wirtschaft* (1967) 337. Sien ook die Switsers Imboden 1958 2 *ZSR* 38–39 en Baechi 1934 *ZöffR* 67–68. Die standpunt kom ook in Engeland voor: *Read v Croydon Corporation supra* 648; *Pfizer Co v Ministry of Health supra*; Guest *Anson's law of contract* (1984) 6. Die Nederlander Wiarda *Publiekrechtelike overeenkomsten* 71 beskou wel die geval waar die regsgevolge uitsluitlik deur die reg gereël word as 'n ooreenkoms, maar is nie heeltemal oortuig daarvan dat dit wenslik is nie. Sien ook die Suid-Afrikaner Labuschagne *Staatskontrakte* 7.

123 Baechi 1934 *ZöffR* 79 meen dat dit ook die geval in Duitsland is.

124 Lüthje *Die Theorie* 23; Wiechers *Administratiefreg* 97–98 vn 2; Stelkens ea *VwVfG* 1031.

ide groepe kan as statusooreenkomste beskou word.[125] Daar bestaan voorelde van beide groepe in die privaatreg wat as regshandelinge en selfs as reenkomste erken word. Voorbeelde van die eerste groep is die saaklike en ılddelgende ooreenkoms wat wel as ooreenkomste beskou word;[126] voorelde van die tweede groep is volmagverlening en die oprigting van 'n gemeentelike regspersoon. Volmagverlening is 'n regshandeling waardeur 'n individuele verhouding tussen die volmaggewer en gevolmagtigde ontstaan maar ook gevolmagtigde in 'n algemene verhouding plaas deurdat hy nou die bevoegdd het om namens die volmaggewer regshandelinge aan te gaan.[127] Die oprigg van 'n gemeenregtelike regspersoon geskied deur ooreenkoms en het naas skep van individuele verhoudings tussen die lede onderling en tussen die lede die regspersoon, ook die skep van 'n regspersoon tot gevolg waardeur die we regsubjek in 'n aantal algemene verhoudings geplaas word.[128]

Uit die voorgaande is dit duidelik dat 'n ooreenkoms gewoonlik die reëling n 'n individuele verhouding tussen die partye tot die ooreenkoms tot gevolg . Hierop bestaan uitsonderings:

Die ooreenkoms kan in die geval van verteenwoordiging en prestasie die lividuele verhouding tussen die prinsipaal of die party wie se skuld gedelg ord en die ander party reël.[129]

Die ooreenkoms kan naas die individuele verhoudings tussen die partye self k die individuele verhouding tussen een party en 'n derde reël.

Die ooreenkoms kan ook naas die individuele verhouding tussen die partye party binne 'n bestaande algemene regsverhouding plaas.

Verdere vraag is of 'n ooreenkoms uitsluitlik die skep, verandering of beëinging van algemene verhoudings tot gevolg kan hê. Hieroor bestaan veral in itsland 'n meningsverskil.[130] Dit is uit 'n doelmatigheidsoogpunt gesien beter die regsbegrip *ooreenkoms* nie uit te brei om ook uitsluitlik sodanige gevolge kan hê nie, omdat dit die onderskeid tussen wetgewing waardeur algemene

---

5 Vegting *Administratiefrecht* 214; Wiarda *Overeenkomsten* 26. So ook Labuschagne *Staatskontrakte* 91; Wiechers *Administratiefreg* 167.

6 Sien die teks tussen vn 6 en 8 *supra*.

7 De Wet *Agency* par 101; Larenz *Allgemeiner Teil* 563; Bloembergen en Kleyn *Contractenrecht* hfst 9 par 30; Van der Grinten *Asser's handleiding tot het beoefening het Nederlands burgerlijk recht. Vertegenwoordiging en rechtspersoon* (1985) 16.

8 Caney en Brooks "Associations" in 1 (1993) *LAWSA* par 455. Tav die oprigting van regspersone in die Duitse en Nederlandse reg sien Wiarda *Overeenkomsten* 20–21; Vegting *Administratiefrecht* 212–213 403; Hartkamp *Overeenkomsten* 13–14; Von Tuhr *Der Allgemeine Teil* 237.

'n Probleem waaraan aandag gegee moet word, is die volgende: welke toets moet deur die howe gebruik word om te bepaal of seksuele teistering neerkom op diskriminasie deur die werkgewer, al dan nie? Diskriminasie vind plaas as die vrou se geslag meer aandag trek as haar werk. Daar kan dus gevra word of die vrou se diensvoorwaardes afhang van normaal-aanvaarde faktore (soos die termyn wat sy reeds by die betrokke firma werk of haar kwalifikasies) en of dit bloot afhang van haar geslag. Is die vrou se aanvaarding (al dan nie) van die werkgewer se seksuele optrede teenoor haar die oorredende faktor of nie?

In die Kanadese saak *Stadnyk v Canada Employment and Immigration Commission*[21] word die "redelike vrou" as maatstaf gebruik. 'n Ander formulering sou die "redelike slagoffer" wees. As maatstaf is dit beter as die "redelike persoon"-beginsel wat die ervaring van vroue ignoreer. Die redelike persoon-beginsel is gebaseer op ingeburgerde manlike standaarde wat nie die verskillende perspektiewe van mans en vroue in ag neem nie. Die teisteraar se optrede moet dus beoordeel word in die lig van die perspektief van 'n redelike lid van die groep waaraan die slagoffer behoort.

Die aangeleentheid kan egter nie geheel en al eensydig behandel word nie. In *Waroway v Joan and Brian's Upholstering and Interior Decorating Ltd*[22] word bepaal dat die werkgewer net aanspreeklik kan wees indien hy geweet het of redelikerwys moes geweet het dat sy gedrag onwelkom sou wees. Hier word die aangeleentheid beoordeel uit die gesigspunt van die werkgewer. Hoe die werknemer die situasie ervaar het, word buite rekening gelaat.

Dit is belangrik om te bepaal of die howe 'n subjektiewe dan wel objektiewe benadering moet gebruik. 'n Subjektiewe benadering sou impliseer dat die hele aangeleentheid vanuit die oogpunt van die werknemer benader word. Daar word gekyk na die gevolge van die optrede wat moontlik as diskriminerend ervaar kan word en die effek wat dit op die betrokke werknemer het. Dit kan dus gebeur dat optrede wat volgens die werkgewer redelik is, aanstoot gee aan 'n sensitiewe werknemer. In so 'n geval sou die optrede dus op seksuele teistering neerkom terwyl dit ten opsigte van ander vroulike werknemers nie dieselfde effek sou hê nie.

In 1991 is daar in Brittanje 'n *Code of Practice* aanvaar wat poog om 'n eenvoudige definisie van seksuele teistering daar te stel:

> "Sexual harassment means unwanted conduct of a sexual nature, or other conduct based on sex affecting the dignity of women and men at work. This can include unwelcome physical, verbal or non-verbal conduct."[23]

Die *code* lê duidelik klem op die subjektiewe karakter van seksuele teistering. Deur woorde soos "unwanted" en "unwelcome" te gebruik, word aangetoon dat elke individu self moet besluit watter optrede vir hom of haar aanvaarbaar is en wat hy of sy as aanstootlik beskou. Aandag word gegee aan die reaksie van die ontvanger eerder as die bedoeling van die dader.

Alhoewel die howe veronderstel is om objektief te wees, is dit belangrik om in te sien dat op die terrein van veral die arbeidsreg, billikheid nie losgemaak kan word van die omstandighede van die bepaalde geval nie:

> "Fairness is the righteousness of the particular case; it can therefore only become relevant in specific situations . . ."[24]

---

21 Canadian Human Rights Commission *Annual report* (1993) 83.
22 Ontario Women's Directorate 13.
23 Rubenstein 71.
24 *UAMAWU v Fodens* (1983) 4 *ILJ* 212 (IC) 225.

Dit is belangrik om ten minste begrip te hê vir die ongeregtigheid, vooroordeel, nadeel of gevaar in die betrokke omstandighede. Handelinge wat op 'n onbillike wyse inbreuk maak op die arbeidsverhouding tussen die werkgewer en die betrokke werknemer, of dit benadeel, sal 'n onbillike arbeidspraktyk daarstel. Hier kan dit dalk nodig wees om 'n tweeledige toets aan te lê: (a) sou 'n redelike slagoffer in die posisie van die klaagster die werkgewer se optrede as benadelend ervaar het, en (b) het die werkgewer geweet, of moes hy redelikerwys geweet het, dat sy gedrag as benadelend ervaar sal word? Hierby kan gevoeg word die vraag of daar in die lig van al die omstandighede van diskriminasie sprake is.

Tot dusver is daar slegs na "onregmatige" seksuele teistering gekyk; daar word egter soms ook van die *quid pro quo*-eis as aksiegrond gebruik gemaak. Dit is gebaseer op die argument dat dit nie die seksuele teistering *per se* is wat onregmatig is nie maar eerder die diens-geassosieerde gevolge wat daaruit voortvloei. Die howe wat hierdie benadering gebruik, fokus op die *nexus* tussen die beweerde dreigemente (van byvoorbeeld ontslag) en ekonomiese benadeling. 'n "Clear and temporal link" word vereis.[25]

In Suid-Afrika is daar min hofsake oor die vraag of seksuele teistering diskriminasie daarstel. In *J v M* bevind die nywerheidshof dat

> "sexual harassment . . . will violate the right to integrity of body and personality which belongs to every person and which is protected in our legal system both criminally and civilly."[26]

Die volgende faktore word onder andere deur die hof in ag geneem om te bepaal of die betrokke seksuele teistering op geslagsdiskriminasie neerkom:

- Die verweerder het hom herhaaldelik aan sodanige optrede skuldig gemaak.[27]
- Die bestuurder het by verskeie geleenthede die verweerder se optrede met hom bespreek.[28]
- Die verweerder het volhard in sy gedrag alhoewel hy deur werknemers daarop gewys is dat sy optrede onwelkom is.[29]
- Die vroue wat hy geteister het, is almal persone onder sy beheer.[30]

5 2 Swangerskap

'n Verdere aspek wat van groot belang is, is dié van die swangerskap van 'n vroulike werknemer. Artikel 17(b) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes[31] bepaal onder andere dat 'n werkgewer nie mag vereis of toelaat dat 'n vroulike werknemer gedurende die tydperk wat vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling begin, en agt weke na die datum van haar bevalling eindig, werk nie.[32]

---

25 Vgl *Horne v Duke Homes Inc* 755 F 2d 599 604 (7th Cir 1985): "Clear and close, temporal nexus between plaintiff's rejection of her superior's sexual demands and her discharge."
26 (1989) 10 *ILJ* 755 757I–J.
27 759E.
28 759G.
29 759I.
30 760B.
31 3 van 1983.
32 In die Groenskrif: Beleidsvoorstelle vir 'n nuwe Wet op Diensstandaarde (Algemene Kennisgewing 156 van 1996 *SK* 1996-02-23) word aanbeveel dat wetgewing vir twee aangeleenthede voorsiening moet maak, nl (1) 'n periode waartydens werk verbied word en (2) 'n langer periode van verlof waartydens sekuriteit van diens gewaarborg word.

Kamerman[33] is van mening dat swangerskapregulasies soos hierdie aanvanklik ontwerp is om die gesondheid van die swanger vrou, nuwe moeders en hul babas te beskerm. Dit is slegs meer onlangs dat daar vanweë beleidsoorwegings kommer ontstaan het oor die ekonomiese bydrae wat die vrou tot die gesin maak. Hierdie breër benadering het die gevolg gehad dat die voortbring van kinders hergedefinieer is as 'n bydrae tot die voortbestaan en welsyn van die gemeenskap. Swangerskap word dus nou gesien as 'n sosiale risiko en nie bloot 'n aangeleentheid van persoonlike keuse nie.[34] Deur swangerskap te sien as 'n sosiale verpligting word 'n klimaat geskep waarin die gemeenskap meer besorg is oor die beskerming van vroue teen afdanking en die verlies aan inkomste tydens die periode van kraamverlof. Dit onderstreep die behoefte aan spesifieke en effektiewe beskerming van die funksie van die werkende vrou.

Bepalings soos artikel 17(b) word dikwels gebruik om die afdanking van die betrokke vrou te regverdig.[35] 'n Gegriefde werknemer moet in so 'n geval bewys dat sy minder gunstig behandel is bloot op grond van haar geslag.[36] Word hierdie toets gebruik, is die logiese probleem dat die posisie van die vrou nie vergelyk kan word met dié van 'n man in 'n soortgelyke posisie nie. Wat hierdie aspek betref, is die volgende bevinding in *Reamy v Kanda Jean Products Ltd*[37] van groot belang:

> "It is impossible for a man to become pregnant (at all events in the present state of scientific knowledge!). His situation therefore cannot be compared with that of a woman. The concept of discrimination involves by definition an act or treatment which in the case of a woman is less favourable than that which may be accorded to a man . . . [W]e can only make comparison of the cases of persons of different sex where the relevant circumstances in the one case are the same or not materially different than those in the other. In so far as the applicant complains that she is the victim of discrimination by comparison with the case of any other (hypothetical) man, the respective circumstances in each case are materially different for obvious reasons . . ."

Die gevolgtrekking wat noodwendig hieruit volg, is dat as 'n vergelyking nie moontlik is nie daar geen manier is waarop diskriminasie bewys kan word nie. Dit laat die benadeelde vrou remedieloos.

5 2 1 Die howe se benadering(s)

In 1978 is die Pregnancy Discrimination Act in die VSA gepromulgeer. Daarin word duidelik gestel dat diensvoorwaardes gebaseer op swangerskap en verwante toestande in die vervolg as geslagsdiskriminasie beskou sal word. Swanger werknemers moet dus op dieselfde wyse as ander werknemers behandel word wat betref aangeleenthede soos lone en ander diensvoorwaardes.

Dat swanger werknemers soms gedwing kan word om vir 'n bepaalde tyd nie te werk nie, word egter nie hierdeur uitgesluit nie. Aldus is onder andere in *California Federal Savings v Guerra*[38] beslis dat

---

33 *Maternity and parental benefits and leaves: an international review* (1980) 13.
34 Matthias "Neglected terrain: maternity legislation and the protection of the dual role of worker and parent in South Africa" 1994 *ILJ* 23.
35 In *Randall v Progress Knitting Textiles* 1992 *ILJ* 200 (IC) is beslis dat sodanige beëindiging van diens "be exercised in a fair manner and all the circumstances have to be taken into account".
36 Pannick 147.
37 1978 IRLR 427 428.
38 107 SC 683 (1987).

> "the Pregnancy Disability Act amendment might be read as only precluding fringe benefit discrimination against pregnant workers – but not discriminatory treatment which favours pregnant employees".

Die openbare belang in die fisiese welstand van die swanger vrou geniet voorrang bo die individuele begeertes van die werknemer.

In *Dekker v Stichting Vormingscentrum Voor Jonge Volwassen*[39] het 'n mens te doen met die geval waar 'n swanger vrou werk geweier is. 'n Saak van moontlike geslagsdiskriminasie is in die hof geargumenteer. Daar word bevind dat dit belangrik is om vas te stel of die rede waarom sy nie in diens geneem is nie, een is wat sonder onderskeid op beide geslagte van toepassing is (byvoorbeeld haar kwalifikasies) en of dit eksklusiewe toepassing op een geslag vind (naamlik swangerskap). Die hof bevind dan ook dat

> "only women can be refused employment on grounds of pregnancy and such a refusal therefore constitutes direct discrimination on grounds of sex. A refusal of employment on account of the financial consequences of absence due to pregnancy must be regarded as based, essentially, on the fact of the pregnancy. Such discrimination cannot be justified on grounds relating to the financial loss which an employer who appointed a pregnant woman would suffer for the duration of her maternity leave".

Dit is dus noodsaaklik om die kousale verband tussen die weiering van indiensname en die rede daarvoor vas te stel. Daar kan gevra word of die besluit anders sou gewees het as dit nie was vir die geslag van die aansoeker nie.

In die *Aldi*-saak[40] was die afdanking van 'n vrou weens lang afwesighede van die werk as gevolg van 'n siekte wat deur 'n vroeëre swangerskap veroorsaak is in geskil. Word *Dekker* se beginsel toegepas, het 'n mens hier met geslagsdiskriminasie te doen. In die *Aldi*-saak word egter bevind dat waar 'n mens te make het met 'n siekte wat eers na die kraamverlof ontstaan, daar geen rede is waarom dit anders behandel moet word as enige ander siekte nie. Die enigste vraag is dan of die vrou afgedank is weens afwesigheid op dieselfde grondslag as 'n man.[41]

'n Analise van direkte diskriminasie dui daarop dat dit uit twee komponente bestaan:

(a) Die kousaliteitselement – die optrede waaroor gekla word, moet op die geslag van die klaagster gegrond wees;

(b) Ongunstige behandeling – die optrede moet meer nadeel vir die klaagster inhou as optrede wat deur 'n lid van die teenoorgestelde geslag ondervind sou word.

In *Dekker* het die hof meer aandag gegee aan die kousaliteitselement terwyl die teenoorgestelde weer waar is van die uitspraak in *Aldi*.

5 2 2 Paradigmas waarbinne swangerskap beoordeel kan word

Wat die aangeleentheid van swangerskap betref, is daar diegene wat argumenteer dat dit 'n unieke toestand eiesoortig aan vroue is. Manlike norme en waardes kan

---

39 Case 177/88 [1990] ECR I–3941 3973.

40 *Handels-OG Kontorfunktionaerernes Farbund Danmark (acting for Hertz) v Dansk Arejdsgierforerung (acting for Aldi Marked K/S)* Case 179/88 [1990] ECR I–3979.

41 Dit sou dus oa veronderstel dat die reëls van natuurlike geregtigheid nagekom moet word indien afdanking noodsaaklik bevind word. Die moontlikheid van alternatiewe take wat aan die vrou opgelê kan word, moet in ag geneem word om die redelikheid van die besluit te verseker.

e as 'n standaard gebruik word nie. As kritiek teen hierdie benadering word weer dat spesiale behandeling van vroue die proses van geslagsgelykheid sal rtraag. Deur vroue anders as mans te behandel, word beklemtoon dat vroue nie lyk aan mans is nie.

Daar is andere wat meen dat swangerskap voldoende geakkommodeer kan ord onder die beginsel van gelyke behandeling deur die ontwikkeling van utrale beleidsoorwegings wat die fisiese effek van swangerskap in ag neem as ongeskiktheid eerder as die swangerskap self. Teen hierdie benadering word eer as kritiek genoem dat die behoeftes van die baba in ag geneem moet word. Baba het die behoefte om by sy moeder te wees vir 'n langer periode as wat ur normale ongeskiktheid toegelaat word. 'n Vraag wat in verband hiermee n ontstaan, is of die werkgewer enigsins 'n verpligting teenoor die ongebore nd het.[42] Normaalweg sou daar negatief hierop geantwoord word. Daar bestaan el 'n dienskontrak tussen die werkgewer en die moeder maar daar is tog geen danige verhouding met die ongebore kind nie. Die posisie van die ongebore nd is egter so onlosmaaklik verbonde aan dié van die swanger vrou dat 'n derskeid nie moontlik is nie.

Opsommenderwys kan die nadeel wat moontlik deur 'n vrou gely word wanr sy swanger word, op een van die volgende maniere benader word:

Eerstens is daar standpunte wat beweer dat die afdanking van 'n swanger vrou e as direkte diskriminasie beskou kan word nie omdat die vrou se situasie rgelyk moet word met dié van 'n man en mans nie swanger kan word nie. So standpunt sou in stryd wees met die bedoeling van die gelykheidsbeginsel.[43] elykheid kan nie afhanklik gemaak word van blote vergelyking nie, aangesien nstandighede dalk van so 'n aard kan wees dat selfs sogenaamde "gelyke" handelings nie vergelyk kan word nie.

Tweedens is daar standpunte waarvolgens dit wel op direkte diskriminasie kan erkom indien die swanger vrou kan aandui dat 'n man in soortgelyke omandighede meer gunstig behandel sou word. Die vraag wat weer eens hier tstaan, is of swangerskap as soortgelyk aan enige ander siekte of ongeskiktid beskou moet word. Volgens artikel 13(1) van die Wet op Basiese Diensorwaardes kwalifiseer 'n werknemer slegs vir siekteverlof indien hy weens geskiktheid van die werk afwesig is. Artikel 13(6)(c) bepaal dat "ongeskiktid" die onvermoë om te werk weens enige siekte of besering beteken, behalwe siekte of besering wat deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is. ierdie artikel sou gebruik kon word om swangerskap sowel in as uit te sluit. 'n egripsbepaling deur die wetgewer is nodig.

Dit is belangrik om te onthou dat in die meerderheid van gevalle die werkwer nie die vrou afgedank het omdat sy swanger is nie, maar weens die volge van die swangerskap. Die werklike rede vir die afdanking is dus die feit t die werkgewer nie wil hê dat sy werknemers van die werkplek afwesig moet ees vir 'n substansiële tydperk nie.[44]

nie as 'n standaard gebruik word nie. As kritiek teen hierdie benadering word beweer dat spesiale behandeling van vroue die proses van geslagsgelykheid sal vertraag. Deur vroue anders as mans te behandel, word beklemtoon dat vroue nie gelyk aan mans is nie.

Daar is andere wat meen dat swangerskap voldoende geakkommodeer kan word onder die beginsel van gelyke behandeling deur die ontwikkeling van neutrale beleidsoorwegings wat die fisiese effek van swangerskap in ag neem as 'n ongeskiktheid eerder as die swangerskap self. Teen hierdie benadering word weer as kritiek genoem dat die behoeftes van die baba in ag geneem moet word. 'n Baba het die behoefte om by sy moeder te wees vir 'n langer periode as wat deur normale ongeskiktheid toegelaat word. 'n Vraag wat in verband hiermee kan ontstaan, is of die werkgewer enigsins 'n verpligting teenoor die ongebore kind het.[42] Normaalweg sou daar negatief hierop geantwoord word. Daar bestaan wel 'n dienskontrak tussen die werkgewer en die moeder maar daar is tog geen sodanige verhouding met die ongebore kind nie. Die posisie van die ongebore kind is egter so onlosmaaklik verbonde aan dié van die swanger vrou dat 'n onderskeid nie moontlik is nie.

Opsommenderwys kan die nadeel wat moontlik deur 'n vrou gely word wanneer sy swanger word, op een van die volgende maniere benader word:

Eerstens is daar standpunte wat beweer dat die afdanking van 'n swanger vrou nie as direkte diskriminasie beskou kan word nie omdat die vrou se situasie vergelyk moet word met dié van 'n man en mans nie swanger kan word nie. So 'n standpunt sou in stryd wees met die bedoeling van die gelykheidsbeginsel.[43] Gelykheid kan nie afhanklik gemaak word van blote vergelyking nie, aangesien omstandighede dalk van so 'n aard kan wees dat selfs sogenaamde "gelyke" behandelings nie vergelyk kan word nie.

Tweedens is daar standpunte waarvolgens dit wel op direkte diskriminasie kan neerkom indien die swanger vrou kan aandui dat 'n man in soortgelyke omstandighede meer gunstig behandel sou word. Die vraag wat weer eens hier ontstaan, is of swangerskap as soortgelyk aan enige ander siekte of ongeskiktheid beskou moet word. Volgens artikel 13(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes kwalifiseer 'n werknemer slegs vir siekteverlof indien hy weens ongeskiktheid van die werk afwesig is. Artikel 13(6)(c) bepaal dat "ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens enige siekte of besering beteken, behalwe 'n siekte of besering wat deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is. Hierdie artikel sou gebruik kon word om swangerskap sowel in as uit te sluit. 'n Begripsbepaling deur die wetgewer is nodig.

Dit is belangrik om te onthou dat in die meerderheid van gevalle die werkgewer nie die vrou afgedank het omdat sy swanger is nie, maar weens die gevolge van die swangerskap. Die werklike rede vir die afdanking is dus die feit dat die werkgewer nie wil hê dat sy werknemers van die werkplek afwesig moet wees vir 'n substansiële tydperk nie.[44]

---

42 Sien die gedeelte oor fetale beskerming *infra*.

43 *Turley v Allders Department Stores Ltd* 1980 IRLR 4.

44 Sien oa *Hayes v Malleable Working Men's Club and Institute; Maughan v North East London Magistrates Court Committee* 1985 IRLR 367; *Webb v Emo Air Cargo (UK) Ltd* 1990 ICR 442.

Artikel 185 Wet 66 van 1995 bepaal dat elke werknemer die reg het om nie onbillik ontslaan te word nie. Volgens artikel 186 beteken ontslag onder andere dat 'n werkgewer weier om 'n werknemer toe te laat om werk te hervat nadat sy kraamverlof geneem het of vir 'n sekere tydperk van die werk afwesig was met die geboorte van haar kind.

Ontslag is outomaties onbillik indien die rede vir die ontslag die werknemer se swangerskap is, of haar voorgenome swangerskap of enige rede wat met haar swangerskap verband hou. Ontslag, gebaseer op diskriminasie van enige aard word ook as 'n outomatiese onbillike ontslag beskou. Dit sluit onder andere ontslag op grond van geslag, huwelikstaat of gesinsverantwoordelikheid in.[45]

Die wet erken drie gronde waarop diensbeëindiging wel regtens geregverdig is. Hulle is die gedrag van die werknemer, die geskiktheid of bekwaamheid van die werknemer en die bedryfsvereistes van die werkgewer se besigheid.[46]

Wat betref die beginsels wat hier toegepas moet word, kan leiding gevind word in die benadering wat die howe gevolg het voordat die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge op die wetboek gekom het. In *National Union of Mineworkers v Rustenburg Base Metals Refiners*[47] is 'n werknemer afgedank – nie vanweë sy fisiese onvermoë om die nodige werk te verrig nie, maar as 'n operatiewe vereiste omdat sy oormatige afwesigheid dit vir hom feitlik onmoontlik gemaak het om sy kontraktuele vereistes na te kom. Die nywerheidshof moes vasstel of dit billik en regverdig was om hom in die betrokke omstandighede af te dank deur onder andere in ag te neem (a) die aard van die siekte; (b) die tydperk wat die afwesigheid moontlik mag duur; en (c) die behoefte van die werkgewer om die werk afgehandel te kry waarvoor daar met die werknemer gekontrakteer is.

Die besluit om 'n swanger vrou af te dank, kan soms geregverdig word op die basis van operatiewe vereistes ("business necessity").[48] Dit beteken dat 'n onderskeid gebaseer op die inherente vereistes van die werk nie neerkom op diskriminasie nie. Die toets wat normaalweg hier gebruik word, is of

> "the company would have been prejudiced had it found itself in circumstances where a senior employee was on leave for a period of three months, and whether such a period of leave would have affected the operations at the plant in a negative way".[49]

Die "business necessity"-toets behels die volgende:[50]

(a) Daar moet vasgestel word of daar 'n oorkoepelende wettige besigheidsdoel is; en (b) of die praktyk noodsaaklik is vir (c) die veilige en effektiewe funksionering van die besigheid. (d) Die besigheidsdoel moet meer noodsaaklik en gebiedend wees as die nadelige gevolge wat dit veroorsaak. (e) Daar mag nie 'n aanvaarbare alternatief vir die onderskeidende praktyk wees nie.

---

45 A 187(1)(e) en (f) Wet 66 van 1995.
46 A 188 Wet 66 van 1995.
47 1993 *ILJ* 1094 (IC).
48 A 15(a) van die Canadian Human Rights Act. Ook die Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing maak nou hiervoor voorsiening in a 188(10)(a)(ii) Wet 66 van 1995.
49 *Progress Knitting Textiles supra* 202J–203A.
50 Sien *Robinson v Lorillard Corporation* 404 US 1006 (1971) waar dit op 'n geval van rassediskriminasie toegepas is.

5 2 3 Gevolgtrekking

Dit behoort nou duidelik te wees dat die reg op gelykheid nie absoluut is nie en dat daar uitsonderings op die algemene reël gemaak kan word sonder om een groep in die samelewing onbillik te benadeel. Die volgende kan as moontlike uitsonderings aangemerk word:

- Waar weens die aard van werksaktiwiteite geslag 'n bepalende faktor is in die aktiwiteite wat aan 'n werker toegesê kan word.
- Wetgewing wat vroue beskerm. Die Europese howe neem dikwels die spesiale verhouding tussen 'n moeder en haar baba, asook die vrou se biologiese toestand, in ag.

Teen-diskriminasie-wetgewing kan vroue beskerm teen geslagsdiskriminasie. Die Grondwet verbied reeds diskriminasie op grond van geslag uitdruklik. Dit stel ook maatstawwe daar vir die beskerming en die vooruitgang van die belange van persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

Dit is in belang van die gemeenskap dat die vaardighede van die vrouewerker vir die arbeidsmark beskikbaar moet bly en dat sy nie afgedank moet word vanweë swangerskap nie. Die arbeid wat beskikbaar is, moet effektief gebruik word. Daar rus egter geen verpligting op 'n werkgewer om die posisie van 'n werknemer wat siek is, onbepaald oop te hou nie. Hierdie beginsel behoort ook ten opsigte van swangerskap aanwending te vind.

Alternatiewe metodes moet ondersoek word om die vrou te akkommodeer sonder dat sy noodwendig afgedank word.[51] Die volgende kan as voorbeelde genoem word: alternatiewe werk in die firma tot en met (en soms selfs na) die bevalling; verminderde werksure (haar vergoeding kan *pro rata* daarby aangepas word); en die aanstel van 'n assistent vir die swanger vrou.

Een van die uitdagings van die uitwissing van diskriminasie teen die vrou is die invoer van bepalings wat vroue sal toelaat om hul loopbane voort te sit nieteenstaande die groter las wat betref die gesinsverantwoordelikheid wat hulle dra.[52]

Dit is moontlik om vroue tydens swangerskap te beskerm deur wetgewing daar te stel wat uitdruklik bepaal dat spesiale maatreëls wat ten doel het om swangerskap te beskerm, nie as diskriminasie beskou sal word nie.[53] Dit maak voorsiening dat vroue in sekere omstandighede anders behandel mag word. Daar moet egter verseker word dat swangerskap en die beskerming daarvan nie gebruik word om onbillike diskriminasie te verdoesel nie. Dit kan gedoen word deur in die handves van menseregte 'n bepaling in te sluit dat waar die diskriminasie geskied op grond van swangerskap of die geboorte van 'n kind, dit geag sal word op grond van geslag te wees.[54] Daar word reeds bepaal dat daar nie op grond van geslag gediskrimineer mag word nie. Hierdeur word verseker dat die gelykheidsbeginsel makliker in geval van swangerskap toepassing sal vind.

5 2 4 Fetale beskerming

'n Aangeleentheid wat binne die kader van geslagsdiskriminasie tuisgebring kan word, maar wat effens afwyk van die standaardraamwerk het met fetale

---

51 Natuurlik onderworpe aan die oorwegings soos hierbo bespreek.
52 Sien in hierdie verband die voorstelle vervat in die Groenskrif.
53 *Davis v Clean CC* 1992 *ILJ* 1230 (IC).
54 Vgl a 4(2) van die Konvensie mbt die Eliminasie van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue en a 15(6) van die Canadian Human Rights Act 1976–77.

beskerming te doen. Daar word geredeneer dat waar 'n swanger vrou werk geweier word omdat dit haar fetus sou benadeel, dit slegs gedoen word omdat sy 'n *vrou* is.

Die legaliteit van beleidsrigtings wat streef na fetusbeskerming in die werksplek is 'n aangeleentheid wat nog nie gefinaliseer is nie. Aanvanklik is daar in die VSA[55] bevind dat beleid wat vroue beskerm deur hulle uit te sluit van sekere werk, op Victoriaanse paternalisme neerkom. In meer onlangse sake is sodanige optrede as regmatig aanvaar.

Title VII van die Civil Rights Act van 1965 verbied diskriminasie in die arbeidsreg op grond van ras, kleur, geloof, geslag of nasionale oorsprong. Die bedoeling van die Amerikaanse Kongres met dié bepalings is deur die Supreme Court uitgelê as die verwydering van

> "artificial, arbitrary, and unnecessary barriers to employment when the barriers operate invidiously to discriminate on the basis of racial or other impermissible classification". [56]

Hierdie beginselverklaring suggereer dat in sekere situasies, natuurlike, beredeneerde of noodsaaklike grense – gebaseer op andersins ontoelaatbare klassifikasies – op arbeid toegelaat kan word. Hier sou dus gepraat kon word van geregverdigde diskriminasie.

Die beskerming van die fetus impliseer 'n unieke versameling van belange op die gebied van geslagsdiskriminasie. 'n Vrou het die reg op vryheid van keuse – sy het die reg om te besluit watter soort werk sy wil doen en wat die beste vir haar is. Fetusbeskermingsregulasies kan tot gevolg hê dat 'n vrou die reg ontsê word om self oor haar liggaam en reproduksie te besluit. Werkgewers het daarenteen die reg om hul besighede te bestuur soos hulle dit goedvind. Verder kan 'n werkgewer argumenteer dat hy nie deel wil hê aan die benadeling van ongeborenes nie. 'n Unieke reg kom verder hier na vore wat nie elders wat betref geslagsdiskriminasie aangetref word nie – die reg van die fetus op lewe en fisiese en psigiese integriteit. Die gemeenskap het 'n belang daarin dat daar 'n balans gevind word tussen al die belange.

Die huidige regsposisie in die VSA ten opsigte van hierdie aangeleentheid is baie onbevredigend. In *Johnson Controls*[57] bevind die hof dat

> "decisions about the welfare of future children, must be left to the parents who conceive, bear, support and raise them rather than to the employers who hire those parents".

Daar word geredeneer dat regulasies wat poog om die fetus te beskerm, op diskriminerende beleid neerkom. Die hof gaan kyk bloot of die beperking op die vrou se regte 'n "business necessity" was. Dit word dus behandel soos enige ander aangeleentheid rakende swangerskap. Die firma se besorgdheid oor vroulike steriliteit (en daarmee saam die belange van toekomstige generasies) is nie noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die besigheid nie.

Alhoewel daar nie in alle opsigte met die hof se beslissing saamgestem word nie, is dit regtegnies korrek. Nadat daar deeglik besin is oor die gelykheidsbeginsel

---

55 Wat *Title VII* (van die Civil Rights Act van 1965)-beslissings betref (sien *infra*); vgl a 3(2) van die Canadian Human Rights Act.

56 *Weeks v Southern Bell Tel & Tel Co* 408 F 2d 288, 1 FEP Cases 656, 661 (5th Cir 1969).

57 *International Union v Johnson Controls, Inc SCt* 1196 (1991) 1207.

ervat in *Title VII*, kom die hof tot die korrekte gevolgtrekking dat daardie egulasies nie beskerming aan fetusse verleen nie. Hierdie aangeleentheid strek gter wyer as bloot die gelykheidsbeginsel. Gemeenskaps- en fetale belange noet hiermee saamgelees word. Weer eens is die werking van die beperkings-lousule in die Grondwet belangrik. Enige beperking wat op die vrou se vryheid an keuse geplaas word, moet redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratie-e samelewing wees.

Daar kan algemeen aanvaar word dat die gemeenskap 'n belang het in die eskerming van fetusse. Daarom behoort enige redelike beperkings op die regte an vroue wat redelikerwys poog om die fetus te beskerm, regverdigbaar te wees n 'n demokratiese samelewing. Soos reeds hierbo gesê is, moet die betrokke epalings nie slegs redelik in die omstandighede wees nie maar die oogmerk vaarmee die bepalings daargestel is, moet ook geoorloofd wees. Indirekte iskriminasie kan dus nie goedgepraat word onder die voorwendsel van fetale eskerming nie. Indien wetgewing aanvaar sou word wat bepaal dat daar nie op rond van swangerskap deur werkgewers teen werknemers gediskrimineer mag vord nie, behoort die term "swangerskap" wyd geïnterpreteer te word om ook lle aangeleenthede wat met die swangerskap verband hou, in te sluit.[58]

Werkgewers wat werklik bekommerd is oor die gesondheid en veiligheid van wanger vroue en hul fetusse, sal buite die huidige wetgewing moet gaan soek na plossings vir die probleem. Daar kan moontlik gepoog word om werksplekke koon te hou van alle stowwe wat moontlik benadelende gevolge kan hê.[59]

Om indirekte diskriminasie te voorkom, sou dit verstandig wees om 'n alge-nene beperking op alle werknemers (beide manlik en vroulik) te plaas waar die evaar van steriliteit en benadeling van die fetus bestaan.

SLOTSOM

Suid-Afrika se Grondwet vereis dat daar nie teen 'n persoon gediskrimineer mag vord op grond van sy geslag nie. "Geslag" moet wyd geïnterpreteer word om lle subjektiewe attribute of hoedanighede wat aan 'n bepaalde geslag kleef, in te luit. 'n Gesonde onderskeid tussen *diskriminasie* en *differensiasie* is nodig om e verseker dat praktyke wat bydra om die vrou te bevoordeel nie as onregmatige iskriminasie uitgemaak word nie.

Swangerskap en seksuele teistering is maar twee van die vele gevalle waar eslagsdiskriminasie aan die orde van die dag is. Die beginsels wat hier aangedui s, kan egter ook met vrug op ander gevalle toegepas word.

vervat in *Title VII*, kom die hof tot die korrekte gevolgtrekking dat daardie regulasies nie beskerming aan fetusse verleen nie. Hierdie aangeleentheid strek egter wyer as bloot die gelykheidsbeginsel. Gemeenskaps- en fetale belange moet hiermee saamgelees word. Weer eens is die werking van die beperkingsklousule in die Grondwet belangrik. Enige beperking wat op die vrou se vryheid van keuse geplaas word, moet redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing wees.

Daar kan algemeen aanvaar word dat die gemeenskap 'n belang het in die beskerming van fetusse. Daarom behoort enige redelike beperkings op die regte van vroue wat redelikerwys poog om die fetus te beskerm, regverdigbaar te wees in 'n demokratiese samelewing. Soos reeds hierbo gesê is, moet die betrokke bepalings nie slegs redelik in die omstandighede wees nie maar die oogmerk waarmee die bepalings daargestel is, moet ook geoorloofd wees. Indirekte diskriminasie kan dus nie goedgepraat word onder die voorwendsel van fetale beskerming nie. Indien wetgewing aanvaar sou word wat bepaal dat daar nie op grond van swangerskap deur werkgewers teen werknemers gediskrimineer mag word nie, behoort die term "swangerskap" wyd geïnterpreteer te word om ook alle aangeleenthede wat met die swangerskap verband hou, in te sluit.[58]

Werkgewers wat werklik bekommerd is oor die gesondheid en veiligheid van swanger vroue en hul fetusse, sal buite die huidige wetgewing moet gaan soek na oplossings vir die probleem. Daar kan moontlik gepoog word om werksplekke skoon te hou van alle stowwe wat moontlik benadelende gevolge kan hê.[59]

Om indirekte diskriminasie te voorkom, sou dit verstandig wees om 'n algemene beperking op alle werknemers (beide manlik en vroulik) te plaas waar die gevaar van steriliteit en benadeling van die fetus bestaan.

6 SLOTSOM

Suid-Afrika se Grondwet vereis dat daar nie teen 'n persoon gediskrimineer mag word op grond van sy geslag nie. "Geslag" moet wyd geïnterpreteer word om alle subjektiewe attribute of hoedanighede wat aan 'n bepaalde geslag kleef, in te sluit. 'n Gesonde onderskeid tussen *diskriminasie* en *differensiasie* is nodig om te verseker dat praktyke wat bydra om die vrou te bevoordeel nie as onregmatige diskriminasie uitgemaak word nie.

Swangerskap en seksuele teistering is maar twee van die vele gevalle waar geslagsdiskriminasie aan die orde van die dag is. Die beginsels wat hier aangedui is, kan egter ook met vrug op ander gevalle toegepas word.

---

58 Soos wat inderdaad in a 187(1)(e) Wet 66 van 1995 die geval is.

59 Sien volledigheidshalwe Weil "Protecting employees' fetuses from workplace hazards: *Johnson Controls* narrows the options" 1993 *Berkley J of Employment and Labour L* 142–178.

A critical analysis of section 21 of the Insolvency Act 24 of 1936*

RG Evans
BLC LLM
Senior Lecturer, Department of Mercantile Law, University of South Africa

OPSOMMING

'n Kritiese ontleding van artikel 21 van die Insolvensiewet 24 van 1936

Dit is 'n basiese uitgangspunt van die Insolvensiewet 24 van 1936 dat al die bates van die insolvent deel van sy insolvente boedel uitmaak. In die praktyk kan die kurator egter probleme ondervind met die insameling van eiendom vir die insolvente boedel wanneer daardie eiendom deur die insolvent vervreem is by wyse van 'n gesimuleerde kontrak. Die versoeking om bates buite die bereik van krediteure te plaas, kan veral groot wees waar gades buite gemeenskap van goed getroud is of waar twee persone as man en vrou saamwoon.

Artikel 21 van die Insolvensiewet is veronderstel om die kurator se bewyslas aangaande sodanige gesimuleerde kontrakte te verlig en om die bewyslas na die solvente gade te verskuif dat die betrokke eiendom aan hom of haar behoort. Artikel 21 blyk egter 'n drastiese en onbillike stuk wetgewing te wees. Probleme met betrekking tot die uitleg van die artikel het gelei tot hewige akademiese debat en die oorweging daarvan deur die howe. Die probleem is vererger deur artikel 22 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 wat skenkings tussen gades wettig.

In hierdie artikel word die praktiese toepassing van artikel 21 eers kortliks bespreek; daarna volg 'n kritiese analise van die uitwerking wat artikel 22 van die Huweliksgoederewet op artikel 21 van die Insolvensiewet het, asook 'n bespreking van die uitleg van artikel 21(5). Met betrekking tot laasgenoemde word daar spesifiek gekyk na die wyse waarop die solvente gade se bates op die kurator van die insolvent oorgaan, asook na die botsing van belange tussen die krediteure van die solvente en insolvente gades wat veroorsaak is deur hierdie subartikel. Die moontlikheid van 'n botsing tussen artikel 21 en die nuwe Grondwet word laastens kortliks behandel. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat artikel 21 eerder uit die wetboek geskrap moet word.

1 INTRODUCTION

Prior to the amendment of the Insolvency Act 32 of 1916 by the Amendment Act of 1926,[1] debtors frequently attempted to avoid payment of their debts by

---

* This article is based partly on the author's LLM thesis *A critical analysis of section 21 of the Insolvency Act 24 of 1936* (UP 1995). It should be pointed out that since the completion of this article the South African Law Commission has recommended the deletion of s 21 from future insolvency legislation on the ground that it is potentially unconstitutional – see the Draft Insolvency Bill and Explanatory Memorandum of the South African Law Commission (*infra* fn 5).

1 29 of 1926.

transferring their assets to a spouse, thereby defrauding their creditors while simultaneously benefiting themselves. Particularly in marriages entered into by antenuptial contract, or in cases where two people were merely living together as man and wife, it could be tempting to place estate assets beyond the reach of creditors by means of simulated transactions. Upon sequestration, the trustee then carried the onus of proving that such transfers were simulated transactions. This was a heavy burden which rested on the trustee by virtue of the fact that proprietary rights of assets between spouses are normally matters falling within their particular knowledge.[2] The trustee could experience great difficulty in distinguishing which spouse owned what, sometimes making it impossible for the trustee to separate the property of one spouse from that of the other. In *Maudsley's Trustees v Maudsley*[3] Greenberg JP succinctly referred to such deviant behaviour as follows:

> "One knows that before the amendment of the law in 1926, it was common practice for traders (and perhaps others) to seek to avoid payment of their debts by putting property in their wives' names; on insolvency the burden rested on the trustee to attack the wife's title."

This practice was halted by the enactment of section 21, which enactment simultaneously altered the common law. It was the purpose of section 21 to relieve the trustee of the onus to show that the property claimed by the solvent spouse was in fact her separate property. Section 21 placed this onus on the solvent spouse.[4]

Section 21, however, has not been received without criticism. While section 21 has been described as a drastic provision,[5] it is also an example of legislation which, in terms of the new Constitution of the Republic of South Africa,[6] may be regarded as discriminating on sexual grounds. Section 21 may also be in conflict with various other provisions of the Constitution. A further bone of contention relates to the nature of the vesting of the separate property of the solvent spouse in the trustee. Further, section 21 creates a conflict of interest between the separate creditors of the insolvent and solvent spouses. This conflict is founded on the premise that the interests of the insolvent estate and its creditors should take precedence over those of the solvent spouse and his or her creditors.

Within the context of this article, these points of criticism and questions relating to section 21 will be considered. At this point it may be appropriate to mention that the South African Law Commission has had as one of its projects the review of the law of insolvency in South Africa.[7] In my opinion, section 21 of the Insolvency Act[8] is one of the sections which perhaps best illustrate the

---

2 Smith *The law of insolvency* (1988) 108.

3 1940 TPD 399 404.

4 De Wet and Van Wyk *De Wet en Yeats Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (1978) 455; Smith 108; Joubert "Skenkings tussen man en vrou, simulasie en artikel 21 van die Insolvensiewet 24 van 1936" 1992 *TSAR* 345; Joubert "Artikel 21 van die Insolvensiewet: Tyd vir 'n nuwe benadering?" 1992 *TSAR* 699; *Coetzer v Coetzer* 1975 3 SA 931 (E); *Snyman v Rheeder* 1989 4 SA 496 (T); *De Villiers v Delta Cables* 1992 1 SA 9 (A).

5 South African Law Commission Working Paper 41 Project 63 *Review of the law of insolvency* "Voidable dispositions and dispositions that may be set aside and the effect of sequestration on the spouse of the insolvent" (1991).

6 Act 200 of 1993 (see also the Constitution of the Republic of South Africa Bill, 1996).

7 *Supra* fn 5.

8 24 of 1936, hereinafter referred to as the Act.

need for this project. The following commentary by Voet in respect of a similar provision in our common law is clear evidence that our law of insolvency has become somewhat antiquated:

> "But today such presumptions of base gain fall away, since in case of doubt everyone is believed to be honest until the contrary has been proved. For that reason it is no longer necessary to presume that what a wife holds has come to her from the generosity of her husband, but rather is a donation to be proved, especially if the wife is a public trader."[9]

2 A BRIEF EXPLANATION OF THE PRACTICAL APPLICATION OF SECTION 21

2 1 Vesting of solvent spouse's property in the master or trustee

One of the results of the sequestration of the estate of one of two spouses is that all the property of the spouse whose estate has not been sequestrated vests in the master, and in the trustee, once he has been appointed, as if it were property of the sequestrated estate.[10] Section 21 of the Act applies only to spouses married out of community of property. In marriages in community of property there is only one estate, the joint estate, and section 21 will therefore not apply.[11]

"Spouse" in section 21 also includes a wife or husband by virtue of a marriage of any law or custom, as well as a woman living with a man as his wife or a man living with a woman as her husband, even though they are not married to each other.[12] In considering this section, the court in *Chaplin v Gregory (or Wyld)*[13] was prompted to say the following:

> "By introducing this subsection the Legislature quite obviously intended to bring into the net those persons who while not legally married were occupying the *de facto* position of husband and wife. The method by which this was done was, to say the least, a clumsy one."

After considering section 21(1) read together with section 21(13), the court found that it was not empowered to grant an order vesting in the trustee of an insolvent man the property of a woman with whom he has been living as her husband where such man in fact has a legal wife from whom he is either not living apart or is living apart, though not under an order of judicial separation.[14]

---

9 24 1 16, Gane's translation as quoted in the South African Law Commission Working Paper 41 *supra* fn 5.

10 S 21(1) Act 24 of 1936. Unless otherwise stated, it will be assumed in this article for the sake of convenience that the husband is the insolvent and the wife the solvent spouse; see also Ailola "The rights of the separate creditors of a solvent spouse – understanding section 21 is the key" 1993 *J for Judicial Science* 143.

11 See *Badenhorst v Bekker* 1994 2 SA 155 (N); Nagel and Boraine "Badenhorst v Bekker NO en Andere (ongerapporteerde saaknr 3259/92 (N)): Gevolge van sekwestrasie van [illegible] uitgeslote bates" 1993 *De Jure* 457; Lee and

need for this project. The following commentary by Voet in respect of a similar provision in our common law is clear evidence that our law of insolvency has become somewhat antiquated:

> "But today such presumptions of base gain fall away, since in case of doubt everyone is believed to be honest until the contrary has been proved. For that reason it is no longer necessary to presume that what a wife holds has come to her from the generosity of her husband, but rather is a donation to be proved, especially if the wife is a public trader."[9]

2 A BRIEF EXPLANATION OF THE PRACTICAL APPLICATION OF SECTION 21

2 1 Vesting of solvent spouse's property in the master or trustee

One of the results of the sequestration of the estate of one of two spouses is that all the property of the spouse whose estate has not been sequestrated vests in the master, and in the trustee, once he has been appointed, as if it were property of the sequestrated estate.[10] Section 21 of the Act applies only to spouses married out of community of property. In marriages in community of property there is only one estate, the joint estate, and section 21 will therefore not apply.[11]

"Spouse" in section 21 also includes a wife or husband by virtue of a marriage of any law or custom, as well as a woman living with a man as his wife or a man living with a woman as her husband, even though they are not married to each other.[12] In considering this section, the court in *Chaplin v Gregory (or Wyld)*[13] was prompted to say the following:

> "By introducing this subsection the Legislature quite obviously intended to bring into the net those persons who while not legally married were occupying the *de facto* position of husband and wife. The method by which this was done was, to say the least, a clumsy one."

After considering section 21(1) read together with section 21(13), the court found that it was not empowered to grant an order vesting in the trustee of an insolvent man the property of a woman with whom he has been living as her husband where such man in fact has a legal wife from whom he is either not living apart or is living apart, though not under an order of judicial separation.[14]

---

9 24 1 16, Gane's translation as quoted in the South African Law Commission Working Paper 41 *supra* fn 5.

10 S 21(1) Act 24 of 1936. Unless otherwise stated, it will be assumed in this article for the sake of convenience that the husband is the insolvent and the wife the solvent spouse; see also Ailola "The rights of the separate creditors of a solvent spouse – understanding section 21 is the key" 1993 *J for Judicial Science* 143.

11 See *Badenhorst v Bekker* 1994 2 SA 155 (N); Nagel and Boraine "Badenhorst v Bekker NO en Andere (ongerapporteerde saaknr 3259/92 (N)): Gevolge van sekwestrasie van gemeenskaplike boedel op testamentêre uitgeslote bates" 1993 *De Jure* 457; Lee and Honoré *Family, things and succession* (1983) 74; Sonnekus "Insolvensie by huwelike in gemeenskap van goed" 1986 *TSAR* 92; Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* (1991) 359. For the possibility of an opposing view see Hahlo *The South African law of husband and wife* (1985) 166; Van Aswegen "Die insolvente gade en die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984" 1986 *De Rebus* 273.

12 S 21(13).

13 1950 3 SA 555 (C) 564.

14 566. It should be noted that it is no longer competent for a court to grant an order for judicial separation – s 14 of the Divorce Act 70 of 1979.

This prompted Smith[15] to comment that where a single man lives with a woman as her husband, although not married to her, and his estate is sequestrated, her estate automatically vests in his trustee. But if a legally married man chooses to live with another woman, her estate on insolvency does not vest in his trustee. This, Smith says, seems like placing a premium on adultery as contrasted with concubinage.

Thus one can find a myriad of further problems in the practical application of section 21. For example, in *Malcomess' Estate v De Kock*[16] it was pointed out that the vesting of the solvent spouse's estate in the insolvent's trustee does not stay civil proceedings against the solvent spouse. However, as long as the assets of the solvent spouse remain vested in the trustee, her estate cannot be surrendered. In *Ex parte Venter*,[17] for example, an order for the surrender of the applicant's estate was refused and a postponement granted to enable the applicant to have his assets released by the trustee in his wife's estate. Section 21(11) attempts to circumvent problems relating to the sequestration of the solvent spouse. It provides that where application is made to the court for the sequestration of the estate of the solvent spouse resulting from an act of insolvency committed by that spouse after the vesting of her property in the trustee, and the court is satisfied that the act of insolvency resulted from such vesting, the court may under certain circumstances postpone the hearing of the application or make such interim order as may seem just.

In beginsel het 'n staatsorgaan (die Departement van Binnelandse Sake soos verteenwoordig deur sy direkteur-generaal) beheer oor data wat in die openbare belang beskikbaar gestel kan word. Indien die versekeringsbedryf byvoorbeeld kan aantoon dat inligting oor kanker of HIV-infeksie onder daardie deel van die bevolking wat versekering uitneem vir doeleindes van risiko-onderskrywing nodig is, sal dit waarskynlik in die openbare belang wees om hierdie inligting beskikbaar te stel.

2 2 2 Fundamentele reg op toegang tot inligting

Die tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 het op 27 April 1994 in werking getree as die hoogste reg van die land waaraan alle wetgewing getoets kan word. Die Grondwet brei die reg op toegang tot inligting, soos in die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes uiteengesit, nog verder uit. Die reg van toegang tot inligting word nou beskou as 'n fundamentele reg wat teen die staat en sy organe afgedwing kan word en word in die handves van fundamentele regte vervat. Artikel 23 bepaal dat elke persoon (en waar toepaslik sluit dit regspersone soos maatskappye in) die reg op toegang het tot alle inligting wat deur die staat of enige orgaan van die staat gehou word *in soverre sodanige inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van sy of haar regte.* Dit beteken dat indien 'n derde (soos 'n versekeringsmaatskappy) kan aantoon dat inligting wat deur die Departement van Binnelandse Sake gehou word, benodig word om sy ekonomiese of besigheidsregte te beskerm, daardie derde in beginsel 'n reg op toegang tot sodanige inligting sal hê. In teenstelling hiermee magtig die wet onder bespreking bloot die direkteur-generaal om inligting beskikbaar te stel indien dit in die openbare belang is.

Die nuwe Grondwet (soos op 1996-05-08 deur die Grondwetlike Vergadering aanvaar en op 1996-10-11 gewysig) bevestig hierdie reg. Klousule 32(1) van die 1996-Grondwet (wat waarskynlik nie later nie as 1997-07-01 in werking sal tree) bepaal dat elkeen die reg op toegang het tot (a) enige inligting wat deur die staat gehou word, en (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word. Klousule 32(2) bepaal onder meer dat nasionale wetgewing verorden moet word om aan die reg op inligting gevolg te gee. Klousule 23(1) van die oorgangsbepalings (vervat in Bylae 6) bepaal dat die beoogde nasionale wetgewing binne drie jaar vanaf die datum waarop die nuwe Grondwet in werking getree het, verorden moet word. Totdat dit gebeur, word klousule 32(1) geag soos volg te lui:

> "Elke persoon het die reg op toegang tot alle inligting wat deur die staat of enige van sy organe ... gehou word vir sover daardie inligting benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van hulle (sic) regte."

Kortliks kom dit daarop neer dat nasionale wetgewing gevolg sal moet gee aan die horisontale toepassing van die reg (bv tussen individue onderling). In tussentyd sal die reg op toegang tot inligting net teenoor die staat en sy organe geld.

Geen reg geld egter absoluut nie. Die fundamentele reg op toegang tot inligting kompeteer byvoorbeeld met die fundamentele reg op privaatheid (lg reg is vervat in a 13 van die tussentydse Grondwet en in kl 14 van die nuwe Grondwet). Daar is hierbo in oorweging gegee dat slegs lewende persone (en in sekere toepaslike gevalle ook regspersone) die reghebbendes van die reg op privaatheid kan wees. Die gesinslede van die oorledene kan moontlik probeer steun op *hul* reg op privaatheid. Privaatheid het egter betrekking op die "persoonlikheid van die reghebbende, op sy persoonlike lewe en sy lewe in sy private huis" (Joubert *Grondslae van die persoonlikheidsreg* (1953) 135) en dit is

> "'n individuele lewenstoestand van afsondering van openbaarheid ... [wat] al daardie persoonlike feite [omsluit] wat die belanghebbende self bestem om van kennismaking deur buitestaanders uitgesluit te wees en ten opsigte waarvan hy 'n privaathoudingswil het".

(Neethling *Persoonlikheidsreg* (1985) 44; sien ook *National Media Ltd v Jooste* 1996 3 SA 262 (A) 271; vgl *Bernstein v Bester* 1996 2 SA 751 (CC) 789–790.) Privaatheid word geskend deur die bekendmaking van feite teen die wilsbestemming van die individu. Dit is egter twyfelagtig of *persoonlike feite* ook feite aangaande gesinslede sal insluit.

Die gesinslede se gevoel van piëteit teenoor die oorledene sou moontlik as 'n grondslag vir regsbeskerming geopper kon word. Ons howe het egter nog nie veel geleentheid gehad om die gevoelslewe as 'n onafhanklike en eiesoortige persoonlikheidsgoed te erken nie. Gesinslede sou moontlik sterker kan steun op hul subjektiewe reg op menswaardigheid of *dignitas* (wat in a 10 van die tussentydse Grondwet en kl 10 van die nuwe Grondwet as fundamentele reg erken word). Hierdie reg kan hul gevoelens van agting en liefde teenoor die oorledene insluit (Neethling ea *Neethling's law of personality* 219 ev). Of die fundamentele reg op toegang tot inligting sal moet swig voor die reg op menswaardigheid in die konteks van gekrenkte gevoelens, is egter onseker. Daar word in oorweging gegee dat derdes se reg op toegang tot inligting, wat nodig is vir die uitoefening of beskerming van hul regte, nie ligtelik opgehef moet word nie.

3 Die praktyk

In die praktyk word die reg, soos vervat in die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, egter nie streng toegepas nie. Volgens 'n segsman van die Departement van Binnelandse Sake stel die departement hoofsaaklik belang in geboortes en sterftes ten einde 'n volledige bevolkingsregister te kan saamstel. Tweedens wil die departement weet of die oorsaak van dood natuurlik of onnatuurlik was. Verder word geneeshere teenswoordig 'n taamlik vrye hand gegee by die aangee van besonderhede oor die oorsaak van dood op die mediese sertifikaat ten opsigte van dood.

Die departement versamel inligting van 'n hoogs vertroulike aard maar die maatreëls wat daarop gerig is om die vertroulikheid van data te beskerm (bv die vereistes tov openbare belang en 'n opgaaf van redes soos vervat in a 29(2)(b)), word nie in die praktyk toegepas nie. Enige aansoeker wat die besonderhede van die oorledene op die vorm kan aandui en die voorgeskrewe R30 betaal, kan die volledige doodsertifikaat bekom. Artikel 29(1) verbied voorts (met enkele uitsonderings) die bekendmaking van enige inligting wat verkry is uit dokumente of stukke en wat iemand uit hoofde van sy werksaamhede bekom het, maar geen strawwe word vir die oortreding van hierdie bepaling voorgeskryf nie.

Verskeie skrywers het al daarop gewys dat maatreëls wat op databeskerming gerig is, byna geheel en al in Suid-Afrika ontbreek (Neethling ea *Neethling's law of personality* 296; Geldenhuys *Die regsbeskerming van inligting* (LLD-proefskrif Unisa 1993)). Totdat sulke maatreëls aanvaar word, moet algemene beginsels wat op ons gemenereg gebaseer is, toegepas word. Een so 'n beginsel is dat die departement die inligting mag gebruik of beskikbaar stel slegs vir doeleindes wat in die wet erken word. Indien bewys kan word dat die departement in die praktyk nie aan hierdie beginsel voldoen nie (en indien verder aan al die ander vereistes vir aanspreeklikheid voldoen word) behoort 'n interdik, die *actio iniuriarum* vir persoonlike genoegdoening en die *actio legis Aquiliae* vir die verhaal van skadevergoeding ter beskikking te wees van die benadeelde individu (bv 'n gesinslid van die oorledene wie se gevoelslewe geskend is).

4 Slotopmerkings

Die probleem wat geneeshere ondervind en wat hierbo uiteengesit is, word veroorsaak deur twee botsende belange: die belang in die beskerming van vertroulikheid en die belang in die inwin van en toegang tot belangrike inligting. Die behoefte aan die inwin van en die toegang tot inligting moet ontleed en opgeweeg word teen die behoefte aan die behoud van vertroulikheid. Waarskynlik behoort die hele situasie in heroorweging geneem te word deur 'n taakgroep waarop soveel moontlik belangegroepe verteenwoordig is, byvoorbeeld die mediese professie, die versekeringsbedryf en die betrokke staatsdepartemente. Indien voldoende konsensus bereik kan word, behoort dit redelik eenvoudig te wees om die nodige regswysigings aan te bring. Aangesien die Minister van Binnelandse Sake by magte is om die bestaande regulasies te wysig of nuwes te maak, hoef die parlement nie in dié verband genader te word nie.

'n Interessante verwikkeling is die verskyning op die Internet van die hersiene ontwerp van die "Open Democracy Bill" van 1995 wat deur die "Task Group on Open Democracy" in opdrag van adjunk-president Mbeki voorberei is (http://www.polity.org.za/govdocs/bills (1995)). Die doelstelling van die ontwerp (waarvan die status tans onseker is) is onder meer

> "to give the public a right of access to information held by governmental bodies, so far as that can be done without jeopardising good governance, personal privacy and commercial confidentiality ... and to protect individuals against abuse of information held by governmental or private bodies about themselves" (kl 2).

Klousule 3 bepaal dat hierdie wet op so 'n wyse geïnterpreteer en toegepas moet word dat die doelstellings vervat in klousule 2 maksimaal bevredig word en in die besonder dat die "maximum possible access to records of governmental bodies" verleen word.

Die ontwerp bevat 'n aantal interessante bepalings ten opsigte van oorledenes. Klousule 11(4)(iii) bepaal dat 'n aansoek om toegang tot 'n dokument wat persoonlike inligting oor 'n oorledene bevat, slegs deur die persoonlike verteenwoordiger van daardie individu gedoen mag word. (Ingevolge kl 1 beteken "persoonlike inligting" inligting oor 'n identifiseerbare individu.) Verder word in die vooruitsig gestel dat oorledenes ook 'n reg op privaatheid moet hê. Klousule 28(1) bepaal dat 'n regeringsorgaan 'n aansoek om toegang tot 'n dokument moet weier indien die blootlegging daarvan 'n inbreuk op die privaatheid van 'n identifiseerbare individu (anders as die aansoeker self) sal daarstel. So 'n identifiseerbare individu sluit 'n individu in wat minder as tien jaar voor die ontvangs van die aansoek gesterf het. Hierdie verbod op toegang tot inligting geld egter nie indien die inligting reeds "publicly available" is nie, die aansoeker self die oorledene se naasbestaande is, die aansoek gebring word met die toestemming van so 'n naasbestaande, of indien die openbare belang in inligting swaarder weeg as die belang in vertroulikheid "giving due weight to the importance of open, accountable and participatory administration" (kl 28(1), saamgelees met kl 41 en 42(1)(b)). Die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes word nie gelys as een van die wette wat herroep of gewysig word deur die wetsontwerp nie.

Met die eerste oogopslag lyk dit of hierdie ontwerp dalk sommige van die leemtes kan vul wat daar ten opsigte van databeskerming in Suid-Afrika bestaan. Verder ontstaan die gedagte ook dat dit dalk die beoogde nasionale wetgewing kan wees wat ingevolge klousule 32(2) van die nuwe Grondwet verorden moet word om aan die reg op inligting gevolg te gee. Of hierdie lywige dokument

egter wel aan die behoeftes voldoen en of dit versoenbaar is met die bepalings in die nuwe Grondwet, verdien 'n diepgaande ondersoek. Dit sal in elk geval interessant wees om te sien of die ontwerp daarin gaan slaag om die reg op privaatheid uit te brei na persone wat reeds oorlede is.

CW VAN WYK
Universiteit van Suid-Afrika

THE ATTENUATED FORM OF INTENTION: A CONSTITUTIONALLY ACCEPTABLE ALTERNATIVE TO STRICT LIABILITY FOR THE MEDIA

It is somewhat surprising, given the rise in prominence of the right to freedom of expression, that the media's strict liability for defamation has not yet been tested against the provisions of the bill of rights. In the past, *Pakendorf v De Flamingh* 1982 3 SA 146 (A) was severely criticised by journalists, media lawyers and academics, even before the interim Constitution, and the Constitution has strengthened their case even further. This note assesses the extent to which constitutional developments could affect the rule relating to strict liability.

The elements of a defamation action are well-known: the wrongful and intentional publication of defamatory matter referring to the plaintiff. In proving their cases, plaintiffs are assisted by two rebuttable presumptions once the factual invasion of a personality interest (publication of defamatory material referring to the plaintiff) is proved: a presumption of wrongfulness and a presumption of intention (*Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley* 1977 3 SA 394 (A); *May v Udwin* 1981 1 SA 1 (A); *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (E)). The defendant bears the onus to rebut these presumptions, in the former instance on a balance of probabilities (*Neethling v Du Preez; Neethling v The Weekly Mail* 1994 1 SA 708 (A)), but it is uncertain whether a full onus or an evidentiary burden (a "weerleggingslas") suffices for the latter (*Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley supra* 403; but cf *Neethling v Du Preez; Neethling v The Weekly Mail supra* 764 767). On the grounds of public policy, *Pakendorf*'s case modified the general principles by introducing strict liability in respect of the media: plaintiffs need not prove the intention element at all. If the defendant is a mass medium, only one presumption, that of wrongfulness, arises, and the onus is on the defendant to rebut it on a balance of probabilities. This means that the media can raise defences which exclude wrongfulness but not those which are directed at the fault element.

Is strict liability for mass media unconstitutional? The issue here is not the horizontal or vertical application of the bill of rights, for we are not considering whether or not the bill binds ordinary citizens or non-governmental institutions: instead we are testing the validity of a law to see whether or not it reflects constitutional values (*Gardener v Whitaker supra* 683–684; *S v Zuma* 1995 2 SA 642 (CC)). Section 35(2) of the interim Constitution (Act 200 of 1993) authorises the testing of law against the bill of rights and section 35(3) enjoins courts to

have regard to the section when using their ability to develop the common law (see also s 39(3) of the working draft of the new Constitution). In the same way as *Pakendorf*'s case developed the common law by imposing strict liability, so, too, can the courts develop the law by abandoning the concept. Any new provision, however, must reflect and promote the spirit, purport and objects of the bill of rights (s 35(3) of the interim Constitution; s 39(3) of the working draft). Courts may therefore consider the validity of the strict liability rule.

Two approaches are possible: first, that strict liability falls foul of the freedom of speech and expression provision (s 15 in both the interim Constitution and the working draft); and, secondly, that the law breaches the equality provision (s 8 in both documents).

In terms of the first approach, one would argue that strict liability places an undue restriction upon the media's right to freedom of expression (as was done in *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W) 259–260). I do not think it necessary, as part of this argument, to weigh this right against that of either dignity (s 10 in the interim Constitution and s 9 in the working draft), or privacy (s 13 in both documents), or both. Whatever the result of such a balancing act, it would not distinguish media liability from that of any other defendant. However, one would have to show (the onus being on the media: but cf *Gardener v Whitaker supra*) that strict liability places a prior restraint upon media which causes them to limit their comments more than would be the case if fault of some nature were required. Frankly, I doubt whether that feature makes one iota's difference to the behaviour of the media. But assuming that it would make a difference, the plaintiff would then have to show that the restraint is unreasonable, or unjustifiable in an open and democratic society, or that it negates the essential content of the right to freedom of expression (s 33(1)). In the context of free and fair political activity, the limitation must also be necessary (*ibid*). (Also of relevance is s 35(2), which states that restricted interpretations which *prima facie* exceed the bill of rights could still be acceptable if another justification, not in conflict with the bill of rights, can be found.)

The policy factors which justified strict liability – the greater potential harm of a defamatory remark by a mass medium and the plaintiff's difficulty in proving intent – are not trivial. However, while they may carry sufficient weight to render a lesser restriction of the right reasonable and justifiable, strict liability amounts to overkill. Courts may also find the restriction on freedom of expression unnecessary in a political context. In my view, the requirements of section 33 cannot be met and the strict liability provisions ought to be struck down.

The second approach is as follows. Media are treated differently from other defendants in defamation actions and the requirement of strict liability is clearly more onerous than that which applies generally. *Prima facie* section 8 has been breached. The onus then is on the plaintiff to show that the breach complies with the provisions of section 33. The result should be no different to that of the first approach. It is, however, an easier route to follow, with less opportunity for adverse decisions based purely upon policy.

Should the courts find that strict liability for the media is unconstitutional, the appropriate form of liability remains to be determined. The rationale for deviating from the traditional requirement of intention remains and commentators who attack the strict liability criterion tend not to favour a return to the position prior to *Pakendorf*. One option, in line with *New York Times Co v Sullivan* 376 US 254 (1964), is that plaintiffs who are public officials or public figures should

prove actual malice: knowledge of falsity or reckless disregard as to the truth of the material (see Van der Westhuizen in Van Wyk *et al* (eds) *Rights and constitutionalism* 287–288; Marcus 1994 *SAJHR* 143–144). I am reluctant to support this suggestion and I agree with Burchell's comments on the *Sullivan* decision:

> "The terms 'malice' and 'recklessness' are notoriously slippery and the distinction between public official/figure and private individual is not an easy one to draw and could even fall foul of equal treatment provisions. The obvious problems of defining public as opposed to private persons has led the United States Supreme Court to concentrate on the nature of the speech rather than the public status of the plaintiff . . ." ("Freedom of expression and the law of defamation" paper delivered at the Congress of the Society of University Teachers of Law 1996-1-24).

Others suggest negligence as a suitable fault criterion for media liability (see Burchell *The law of defamation in South Africa* (1985) 193–194; Neethling and Potgieter 1994 *THRHR* 517–518, 1995 *THRHR* 713; Van der Westhuizen *supra* 288). The unequal treatment is acceptable. The policy factors which justified strict liability still remain and serve to justify the less onerous restriction. I can support this solution but not without some reluctance. One of the reasons why I disliked strict liability was the fact that this form of liability disregarded a fundamental feature of the *actio iniuriarum*, the requirement of intention. Fault in the form of negligence would perpetuate this deviation from principle, regardless of whether it applies to all cases or media defendants only. If there is another way of dealing with the problem which does not deviate substantially from fundamental principles, such a solution, in my opinion, is to be preferred. Fortunately, such an option exists.

At the time of *Pakendorf v De Flaming supra* the choice was between strict liability and liability based upon intention, the latter

> "encompassing the direction of the will to the attainment of a particular consequence, and the consciousness of the fact that such result being achieved in an unlawful or wrongful manner" (8 *LAWSA* first reissue part 1 "Delict" par 87).

However, courts have recently acknowledged that policy considerations may justify an attenuated form of intention in which consciousness of wrongfulness is not required at all (*Ramsay v Minister van Polisie* 1981 4 SA 802 (A) 818–819; *Dantex Investment Holdings (Pty) Ltd v Brenner* 1989 1 SA 390 (A) 396; *Minister of Justice v Hofmeyr* 1993 3 SA 131 (A) 154; *Tödt v Ipser* 1993 3 SA 577 (A) 588). Intention, in this instance, consists of a single component only: the intention to achieve a particular result (*LAWSA supra*). If this attenuated form of intention were required in media cases, a defendant could rebut the presumption of *animus* by showing that no invasion of the plaintiff's rights was desired. However, a defence aimed at the consciousness-of-wrongfulness component, such as mistake, whether reasonable or unreasonable, could not be raised. This approach achieves all the objectives which critics of strict liability wish to attain, and more. It conforms, in my opinion, with the spirit, purport and objects of the bill of rights as well as the fundamental principles of the common law.

There are, of course, additional ways in which perceived hardship may be alleviated. One is by adjusting the onus of proof required for rebutting the presumption of intention. A full onus, on a balance of probabilities, favours the plaintiff, an evidentiary burden the defendant. As it stands at present, the law already leans towards defendants on this issue (*Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley supra*; *Neethling v Du Preez*; *Neethling v The Weekly Mail supra*) and, in general, academics support this approach (see eg Burchell "Freedom of

expression and the law of defamation" *supra*; Neethling and Potgieter 1995 *THRHR* 712; but cf *LAWSA supra* par 90). Another is by re-examining the defence of public interest and introducing a defence of media privilege (see *LAWSA supra* par 84). The issue of media liability should therefore not be seen in isolation: the entire body of law applicable to the media should be considered to ensure the most equitable approach overall.

The attenuated form of intention provides an acceptable middle-ground alternative to strict liability. It places a less severe burden upon the media than is currently the case and it recognises the policy factors which led to strict liability in the first place. The suggestion also appears constitutionally sound: on the one hand, a balance between the right to dignity and the right to freedom of expression is achieved; on the other, the unequal treatment is less severe than before and complies with the provisions of section 33. Above all, the integrity of the *actio iniuriarum* is maintained. We have already experienced how hasty decisions regarding bail and the imprisonment of children have caused the legislature to introduce more restrictive, yet still constitutional, approaches to these issues. There is no need for the pendulum once again to swing to the other extreme.

JR MIDGLEY
Rhodes University

DIE NORMATIEWE SKULDBEGRIP IN DIE STRAFREG – 'N ANTWOORD

1 Inleiding

In 'n reeks van twee artikels onder die titel "The psychological fault concept versus the normative fault concept: *Quo vadis* South African criminal law?" wat in 1995 *THRHR* 361 en 568 verskyn het, weeg FFW van Oosten die psigologiese en die normatiewe skuldbegrippe in die strafreg teen mekaar op en verwerp dan uiteindelik die normatiewe skuldbegrip ten gunste van die psigologiese skuldbegrip. Aangesien ek nie saamstem met hierdie gevolgtrekking nie, sou ek graag enkele standpunte en argumente wil stel wat, volgens my beskouing, aantoon waarom ek Van Oosten se standpunt nie kan ondersteun nie, en waarom die normatiewe skuldbegrip bo die psigologiese skuldbegrip te verkies is.

Ter inleiding moet enkele aspekte van die aantekening wat volg eers beklemtoon word. Eerstens: ten einde onnodige herhaling van stof uit te skakel, gaan ek nie die twee skuldbegrippe waaroor hierdie bespreking handel, weer eens uiteensit nie. Die leser wat hom- of haarself op die hoogte wil bring oor die betekenis van hierdie begrippe, word na Van Oosten se artikelreeks verwys.

Tweedens: daar kan na my mening geen twyfel bestaan nie dat Van Oosten in sy goed deurvorsde artikelreeks die beoefening van wat as die "strafregwetenskap in Suid-Afrika" beskryf kan word, 'n groot guns bewys het. Om oor gemelde twee skuldbegrippe te skryf, behels 'n ondersoek na veel meer as slegs die skuldvereiste in die strafreg. Dit behels noodwendig 'n besinning oor die hele

samestelling van strafregtelike aanspreeklikheid, met ander woorde, 'n nadenke oor onder meer die verhouding tussen sekere kernbegrippe soos handeling, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld. So 'n besinning bestryk uit die aard van die saak bykans die hele gebied van die algemene beginsels van die strafreg. Gevolglik is besprekings van hierdie onderwerp – in elk geval besprekings wat gekenmerk word deur die graad van diepsinnigheid wat in Van Oosten se artikelreeks aangetref word – in die Suid-Afrikaanse regsliteratuur maar redelik skaars. (Die howe kan verskoon word dat hulle hulle byna nooit begewe in 'n ondersoek van hierdie aard nie, omdat 'n wye, dogmatiese ondersoek na die grondslae van aanspreeklikheid oor die algemeen nie deel van hulle normale alledaagse funksie is nie.)

Juis ómdat 'n besinning oor gemelde twee skuldbegrippe in die strafreg so 'n uiters breë gebied omvat, is dit onmoontlik om binne die beperkte ruimte van hierdie aantekening elke argument van Van Oosten in besonderhede te ontrafel en te beantwoord. 'n Vollediger uiteensetting van my eie standpunte oor die psigologiese en normatiewe skuldbegrippe verskyn in elk geval in my boek *Strafreg* (1992), veral op 69–77, 99–110 en 151–161. Slegs enkele kernaspekte van die onderwerp kan in hierdie aantekening onder die loep geneem word. Daar word gepoog om, deur die ander kant van die saak te stel, by te dra tot die debat, nie net omtrent die vraag na die aard van skuld nie maar (iets wat onvermydelik is in 'n debat van hierdie aard) ook omtrent die hele vraag oor hoe strafregtelike aanspreeklikheid begrond moet word.

2 Skuldbegrippe, verbodsbeskrywing en wederregtelikheid

Die elemente of "boustene" van aanspreeklikheid wat Van Oosten erken, is handeling, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld. Ofskoon hy wel deeglik bewus is van die element wat in Duitsland as "Tatbestand" (of "Tatbestandsmässigkeit") bekend staan, en wat ek self as "verbodsbeskrywing" tipeer, is daar geen blyke in die artikelreeks dat hy dit erken en aanvaar as 'n noodsaaklike bousteen vir aanspreeklikheid naas die ander elemente soos handeling, wederregtelikheid en skuld nie. In hierdie verband moet met Van Oosten se konstruksie van aanspreeklikheid verskil word. Die verbodsbeskrywing is in werklikheid 'n lewensnoodsaaklike bousteen in hierdie konstruksie. Sonder 'n erkenning van sy bestaan, is dit onmoontlik om (a) 'n behoorlike begrip van die element "wederregtelikheid" te verkry; (b) 'n wetenskaplik samehangende konstruksie van aanspreeklikheid te verkry; en (c) die noodsaaklikheid van die normatiewe skuldbegrip in te sien.

Voordat daar verder op hierdie punt uitgebrei word, is dit nodig om eerstens iets te sê oor die terminologie wat gebruik word om "Tatbestand" in Afrikaans te beskryf. Van Oosten (1995 *THRHR* 363 vn 3) is krities oor die woord wat ek gebruik om hierdie element te beskryf, naamlik "verbodsbeskrywing". 'n Mens kan lank debatteer oor die vraag of dit nie beter sou wees om, in plaas van "verbodsbeskrywing", eerder van "daadsbeskrywing" te praat nie. Om lank oor hierdie suiwer terminologiese vraag uit te brei, sal die aandag egter te veel aflei van die sentrale punt wat ek wil beklemtoon, naamlik die noodsaaklikheid van die erkenning van hierdie element. Ek is nie getroud met die term "verbodsbeskrywing" nie en sou bereid wees om te erken dat 'n mens net sowel kan praat van "gebods- of verbodsinhoud" (wat egter 'n omslagtige term is) of "paradigma" ('n baie akkurate beskrywing, maar een wat miskien – minstens in hierdie stadium van die debat of regsontwikkeling – nog ietwat vreemd op die

oor val), of selfs "die omskrywingselemente van die misdaad" ("the definitional elements of the crime"). Bloot om praktiese redes sal ek verder in hierdie antwoord maar by die begrip "verbodsbeskrywing" bly.

'n Miskenning van die bestaan van die verbodsbeskrywing as 'n selfstandige element lei daartoe dat die vereistes wat in werklikheid onder hierdie element tuishoort, bewustelik of onbewustelik op 'n kunsmatige wyse ingeforseer word by die handelings-, wederregtelikheids- en skuldelemente – waar hulle nie tuishoort nie. By die wederregtelikheidsvereiste is die vraag slegs of die verbodsomskrewe gedrag ingevolge die *boni mores* of regsoortuigings van die gemeenskap geregverdig kan word. Om hierdie vraag te beantwoord, moet die beoordelaar eers nagegaan het of die besondere vereistes wat deel vorm van die verbodsbeskrywing (soos die vraag by diefstal of die handeling gepleeg is *ten opsigte van 'n roerende, liggaamlike saak*, die vereiste by hoogverraad *dat die dader trou aan die Republiek verskuldig moet wees* en die vereiste by die misdaad van bestuur onder die invloed van drank dat die motor *op 'n openbare pad* bestuur moet gewees het) wel aanwesig was. Dit is verkeerd om, soos Van Oosten blykbaar doen, hierdie gemelde vereistes onder die handelings- en die wederregtelikheidsvereistes in te deel.

Dit is van die grootste belang om in gedagte te hou dat daar in die verbodsbeskrywing ook *subjektiewe* vereistes is *wat nie onder die skuldbegrip tuishoort nie*. Aanvaar 'n mens hierdie feit, is dit baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om skuld as bloot die psigologiese band tussen die dader en die daad te beskou.

Van Oosten is bewus van die bestaan van hierdie subjektiewe vereistes by die "onreg"-gedeelte van aanspreeklikheid (dws die handeling, verbodsbeskrywing en wederregtelikheid), maar beskou dit as blote uitsonderings op 'n reël (1995 *THRHR* 577–568). Met hierdie beskouing kan nie saamgestem word nie. Wat Van Oosten as blote uitsonderings op 'n reël beskou, blyk by nadere ondersoek eerder 'n vaste patroon te wees. Die patroon is die volgende: hierdie subjektiewe vereistes vorm deel van die minimum vereistes vir aanspreeklikheid wat nodig is om 'n verstaanbare of sinvolle verbod (of gebod) uit te maak. Dit is juis die rede waarom hulle deel van die verbodsbeskrywing vorm en nie van skuld nie.

Voorbeelde van hierdie subjektiewe vereistes binne die verbodsbeskrywing is die toe-eieningsvereiste by diefstal, die vyandige opset by hoogverraad, die opset vereis by poging om 'n misdaad te pleeg – veral by ondeugdelike poging – asook die bykomstige opset wat vereis word by die sogenaamde dubbele-opsetmisdade, soos abduksie (opset om die minderjarige weg te neem plus opset dat iemand met hom of haar geslagsgemeenskap het), korrupsie, alle gekwalifiseerde aanrandings, huisbraak en 'n verskeidenheid statutêre misdade. (Vir 'n breedvoeriger verduideliking van die subjektiewe komponente in die verbodsbeskrywing, insluitende die redes waarom die pasgemelde misdade subjektiewe vereistes bevat wat nie deel van die skuldelement kan vorm nie, sien my artikel "The definition of the proscription and the structure of criminal liability" 1994 *SALJ* 74–78.)

Dit staan bo twyfel dat die vraag na skuld eers beantwoord kan word nadat die beoordelaar vasgestel het dat daar wel aan die wederregtelikheidsvereiste voldoen is. 'n Mens kan tog nie skuld hê ten aansien van regmatige gedrag nie. Wat baie belangrik is om in gedagte te hou, is dat die vraag na wederregtelikheid eers beantwoord kan word nádat die beoordelaar vasgestel het dat die vereistes vervat in die verbodsbeskrywing, dit wil sê die bogemelde minimum vereistes vir 'n verstaanbare verbod – *wat die gemelde subjektiewe vereistes insluit* – wel

aanwesig is. In Van Oosten se artikelreeks is daar geen teken daarvan dat hy laasgenoemde beginsel erken nie. (Dieselfde kritiek kan ook ingebring word teen die opvattings oor wederregtelikheid wat deur De Wet in *De Wet en Swanepoel Strafreg* (1985) 69 en Burchell en Milton *Principles of criminal law* (1991) 106 gehuldig word.)

Die toets vir wederregtelikheid is in wese bloot negatief: 'n mens stel slegs vas of die vereistes waarvoor alreeds positief getoets is by die handeling en verbodsbeskrywing, nie dalk geregverdig kan word nie – in welke geval hulle aanwesigheid nie meer teen die dader se rekening geplaas word nie. (Sien in hierdie verband die insiggewende opmerkings van Rabie *A bibliography of South African criminal law (general principles)* (1987) 33.) Dit wil voorkom of Van Oosten, net soos die ander genoemde skrywers, verkeerdelik 'n positiewe toets by wederregtelikheid aanwend deur by die toets vir wederregtelikheid vas te stel of die "omskrywingselemente van die misdaad" – dit wil sê die vereistes wat in werklikheid deel vorm van die verbodsbeskrywing – aanwesig is. Hierdie omskrywingselemente van die misdaad (dws die elemente wat by die bestudering van die besondere misdade te voorskyn kom en aantoon hoe die een soort misdaad van die ander verskil) vorm nie deel van wederregtelikheid nie maar van die verbodsbeskrywing.

Dus: ten einde vas te stel of die handeling wederregtelik is, moet die beoordelaar eers tevrede wees dat die handeling aan die verbodsbeskrywing voldoen. Waar daar duidelik subjektiewe vereistes in die verbodsbeskrywing inbegrepe is, beteken dit dat die bestaan van hierdie subjektiewe vereistes nagegaan moet word *voordat* die vraag na wederregtelikheid beantwoord kan word. Hierdie feit maak dit onmoontlik om skuld te sien as die inbegrip van al die subjektiewe aanspreeklikheidsvereistes, oftewel die psigologiese band tussen dader en daad. (Hier word natuurlik slegs na opsetmisdade verwys. Wat nalatigheid in die strafreg betref, word daar algemeen aanvaar dat nalatigheid 'n rol speel by sowel die "onreg" (verbodsomskrewe handeling) as by die skuld.)

Kom ons illustreer hierdie punt aan die hand van 'n praktiese voorbeeld: X word van die misdaad korrupsie (dws oortreding van a 1 van die Wet op Korrupsie 94 van 1992) aangekla. Om aan hierdie misdaad skuldig bevind te word, word vereis dat X 'n voordeel aan iemand anders oorhandig met die opset om laasgenoemde te beweeg om op 'n sekere manier op te tree. Veronderstel X beroep hom op die verweer van noodtoestand in die vorm van dwang. Hierdie verweer is 'n regverdigingsgrond wat, indien dit sou slaag, die wederregtelikheid van die handeling ophef. Ten einde te weet of die handeling wederregtelik was, moet 'n mens eers nagaan of al die vereistes vervat in die verbodsbeskrywing nagekom is. Die vereiste dat X die opset moet hê om deur die gee van die voordeel die ontvanger te beweeg om op 'n sekere manier op te tree, is een van die minimum vereistes om 'n verstaanbare en sinvolle verbod daar te stel. Dit vorm derhalwe deel van die verbodsbeskrywing. Hoe is dit egter moontlik om die vraag na wederregtelikheid te beantwoord as die beoordelaar nie weet of X die voordeel aan die ontvanger gegee het *met die opset om hom oor te haal om op 'n sekere manier op te tree* nie? Die blote objektiewe oorhandiging van geld aan byvoorbeeld 'n beampte is tog nie strafbaar nie. Dit sal eers as verbodsomskrewe gedrag erkenbaar wees indien 'n mens weet dat die geld oorhandig is met die opset om die ontvanger te beweeg om, as teenprestasie, op die een of ander manier onbehoorlik op te tree, soos om aan die gewer op 'n onbehoorlike manier 'n tender toe te staan.

Dit volg dus dat die beoordelaar eers die opset waarmee die geld oorhandig is, moet vasstel vóórdat hy kan besluit of die handeling wederregtelik was – dit wil sê of X onder dwang opgetree het toe hy die geld oorhandig het. Omdat die vraag na skuld altyd beantwoord word eers nadat die vraag na wederregtelikheid positief beantwoord is, volg dit dat die opset om die ontvanger deur middel van die afgifte van die voordeel te beweeg om iets te doen, nie deel van die skuldvereiste kan vorm nie.

Deur die verbodsbeskrywing te erken as 'n selfstandige aanspreeklikheidselement naas handeling, wederregtelikheid en skuld, is dit geen probleem om die subjektiewe vereistes waarvan hierbo gepraat is, uit die skuldbegrip te verwyder nie; hulle word eenvoudig in die verbodsbeskrywing geakkommodeer.

3 Skulduitsluitende noodtoestand

Dit is nodig om kortliks iets te sê oor die verweer van noodtoestand, en meer bepaald oor die verband wat daar tussen sekere aspekte van hierdie verweer en die normatiewe skuldbegrip bestaan.

Na my mening slaag Van Oosten (en die ander aanhangers van die psigologiese skuldbegrip) nie daarin om te verduidelik hoe dit moontlik is dat iemand kan voldoen aan al die elemente vir aanspreeklikheid wat daar volgens sy konstruksie van aanspreeklikheid bestaan, maar nogtans onskuldig anderkant kan uitstap nie. Die moontlikheid dat die dader in hierdie omstandighede onskuldig bevind kan word, kom voor by skulduitsluitende noodtoestand. Wat hier gebeur, is die volgende: X, wat toerekeningsvatbaar is, word deur Z gedwing om 'n verbode daad te verrig. X moet kies tussen twee euwels. Deur die verbode daad te verrig, skend hy (X) egter 'n belang wat nie geringer is as die belang wat hy beskerm (soos sy eie lewe of liggaamlik integriteit wat bedreig word) nie. Omdat noodtoestand nie hier as 'n regverdigingsgrond kan geld nie, tree hy wederregtelik op. X *weet* dat hy wederregtelik optree, maar gaan nogtans voort om dit wat hy beveel word om te doen, uit te voer, omdat weiering om die bevel uit te voer daarop sou neerkom dat hy as 't ware 'n martelaar van homself maak, of 'n bogemiddelde heroïese daad sou verrig. Dit blyk uit die omstandighede dat die normale, deursnit-mens nie hierdie tipe dade sou verrig nie. X verdien dan om onskuldig bevind te word.

Die volgende is 'n voorbeeld van so 'n situasie: Z beveel vir X om Y dood te maak en dreig terselfdertyd om X dood te maak as hy nie die bevel gehoorsaam nie. X kan die noodsituasie nie ontkom deur te vlug nie. Uit vrees vir sy eie lewe maak X vir Y dood. Deur vir Y dood te maak het X 'n belang geskend wat nie geringer is as die belang wat hy beskerm nie. Die reg kan nie aanvaar dat Y se lewe minder werd is as X se lewe nie. X behoort nietemin in hierdie feitestel onskuldig bevind te word.

'n Onskuldigbevinding ten spyte van die aanwesigheid van al die "tradisionele" vereistes vir aanspreeklikheid wat die aanhangers van die psigologiese skuldbegrip vereis, is slegs verklaarbaar op die grondslag dat daar vir skuld, naas toerekeningsvatbaarheid, opset en wederregtelikheidsbewussyn, iets bykomstig vereis word. Dit is die sogenaamde "vergbaarheidskriterium", naamlik die oorweging dat iemand slegs skuld het as (bykomstig tot toerekeningsvatbaarheid, opset en wederregtelikheidsbewussyn) die omstandighede waarin die handeling plaasvind sodanig is dat die regsorde van hom kon *verwag* of *geverg* het om anders op te tree. In die voorbeeld hierbo kon die regsorde dit nie van X verwag het nie, en derhalwe het hy nie met skuld opgetree nie.

Ofskoon 'n algemene "vergbaarheidskriterium" moontlik te vaag is om, naas byvoorbeeld toerekeningsvatbaarheid en wederregtelikheidsbewussyn, in alle gevalle as 'n algemene voorvereiste vir of komponent van skuld te geld, kan dit nogtans 'n nuttige rol speel as 'n grond vir die bestaan van skulduitsluitende noodtoestand – 'n vorm van noodtoestand wat slegs verklaarbaar en bestaanbaar is indien die normatiewe skuldbegrip aangehang word.

Na my mening is enige twyfel wat daar dalk nog kon bestaan het oor die vraag of een mens se lewe kosbaarder is as 'n ander se lewe, uit die weg geruim deur die bepalings van artikel 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993, wat bepaal dat elke persoon die reg op lewe het. Saamgelees met ander artikels in hoofstuk 3 van die Grondwet, wat 'n lys van fundamentele regte bevat, veral artikels 8(1) (wat handel oor die reg op gelyke beskerming deur die reg) en (2), 33(2) en 35, val dit na my mening nie te ontken nie dat X se optrede in die voorbeeld hierbo nie as regverdigende noodtoestand beskou kan word nie. Die enigste grondslag waarop 'n hof X onskuldig kan bevind, is deur die noodtoestand waarin hy verkeer het, as 'n skulduitsluitingsgrond te beskou. As 'n hof dit doen – soos 'n hof na my mening inderdaad móét doen – kom dit neer op 'n aanvaarding van die normatiewe skuldbegrip, want dan bevind 'n hof iemand onskuldig ten spyte van die feit dat hy aan al die vereistes vir aanspreeklikheid soos deur Van Oosten gestel, voldoen. So 'n bevinding is geensins so vergesog nie. Dit is reeds in die vooruitsig gestel in *S v Bailey* 1982 3 SA 772 (A) 796A, waarin die appèlhof uitdruklik verklaar het dat noodtoestand óf 'n regverdigingsgrond óf 'n skulduitsluitingsgrond kan wees, asook in die uitspraak van appèlregter Wessels in *S v Goliath* 1972 3 SA 1 (A) 27–37.

Die bepalings in die Grondwet waarna hierbo verwys is, kan in die toekoms 'n belangrike rol speel in die debat oor die aanvaarbaarheid van die normatiewe skuldbegrip, veral indien feitestelle soortgelyk aan *Bailey* en *Goliath* weer voor ons howe dien. Hierdie oorweging is nie deur Van Oosten (1995 *THRHR* 573–576) in sy bespreking van noodtoestand in aanmerking geneem nie (veral nie in sy argument in (vii) 575–576 nie). Sy stelling (576) "(t)aking into account the difference in quality of life . . .", is moeilik versoenbaar met die grondwetlik verskansde reg op lewe en reg op gelykheid voor die reg en op gelyke beskerming deur die reg (a 9 en 8(1) van die Grondwet).

Uit Van Oosten (1995 *THRHR* 573–576) se bespreking van noodtoestand wil dit voorkom of hy verkeerdelik van mening is dat 'n aanvaarding van die normatiewe skuldbegrip daartoe lei dat noodtoestand *slegs* as 'n skulduitsluitingsgrond kan dien. In werklikheid ontken die aanhangers van die normatiewe skuldbegrip nie vir een oomblik dat noodtoestand ook 'n regverdigingsgrond kan wees nie. Volgens hulle is noodtoestand óf 'n regverdigingsgrond óf 'n skulduitsluitingsgrond. Dit is 'n regverdigingsgrond indien die dader twee botsende belange teen mekaar moet opweeg en dan die belang wat volgens die regsoortuigings van die gemeenskap van geringer waarde is, skend ten einde die belang wat volgens dieselfde regsoortuigings van groter waarde is, te beskerm. Dit is 'n skulduitsluitingsgrond indien die dader die grotere belang skend ten einde die geringer belang te beskerm, maar in omstandighede waarin die opoffering van die geringer belang sou beteken dat hy soos 'n martelaar of 'n held sou moes optree – iets wat die reg in alle billikheid nie van hom kan verg nie. As toegewing teenoor verstaanbare menslike swakheid verskoon die reg hom sy wederregtelike optrede. (Sien die bewysplase genoem in Snyman 123–125 261.)

4 Toerekeningsvatbaarheid: Deel van skuld of afsonderlike element?

Van Oosten is van mening (bv 1995 *THRHR* 572–573) dat toerekeningsvatbaarheid nie as 'n onderdeel van die skuldvereiste beskou moet word nie maar as 'n heeltemal afsonderlike aanspreeklikheidsvereiste. Hierdie siening kan nie gedeel word nie. Die dader se toerekeningsvatbaarheid is 'n onmisbare bousteen van die skuldvereiste, want by skuld gaan dit om die gronde waarop 'n dader vir sy wederregtelike verbodsomskrewe handeling verwyt kan word.

By opsetmisdade word die dader verwyt omdat (a) hy kennis gedra het van die omstandighede vermeld in die verbodsomskrywing; (b) hy geweet het dat daar geen regverdigingsgronde vir sy optrede is nie (wederregtelikheidsbewussyn); (c) hy oor die geestesvermoëns beskik het om te kon onderskei tussen reg en verkeerd en om in ooreenstemming met hierdie insig te kon optree (toerekeningsvatbaarheid); en (d) hy nogtans voortgegaan het met sy normoorskrydende optrede. (As 'n mens die normatiewe skuldbegrip tot sy volle konsekwensies volg, moet nog ook bygevoeg word dat hy (e) opgetree het in omstandighede waarin die regsorde van hom kon geverg het om anders op te tree, dws om nie met sy onregspleging voort te gaan nie.)

Vastelandse skrywers behandel toerekeningsvatbaarheid deurgaans as 'n onderdeel van skuld. Selfs De Wet *De Wet en Swanepoel* 103, wat die psigologiese skuldbegrip volg (èn wie se invloedryke werk saam met Swanepoel soveel daartoe bygedra het om die idees onderliggend aan die psigologiese skuldbegrip in ons reg ingang te laat vind) bespreek dit onder skuld. De Wet beskryf skuld as "die laakbare gesindheid waarmee 'n persoon handel" en heeltemal tereg verklaar hy:

> "Die verwyt dat hy met 'n laakbare gesindheid gehandel het, is slegs geregverdig ten opsigte van die persoon wat oor die geestesvermoëns beskik om sy doen en late so in te rig soos van regsweë van hom verlang word."

Die gevolg van Van Oosten se verwydering van toerekeningsvatbaarheid uit die skuldbegrip is dat dit al hoe moeiliker, indien nie onmoontlik nie, word om laasgenoemde begrip nog hoegenaamd as "skuld" te tipeer. Van Oosten wil blykbaar nie begrippe soos verwyt, blaamwaardigheid of laakbaarheid as deel van die skuldbegrip beskou nie (sien bv 1995 *THRHR* 577–579 580). Hy skryf (580): "Blameworthiness can be no more than a consequence of fault and not fault itself." As dit so is, wonder 'n mens hoekom hierdie element reeds vanaf die tydperk van die Romeinse reg beskryf is as *culpa* – wat verwyt of blaam beteken. Volg 'n mens Van Oosten se siening moet 'n mens wegdoen met terme soos *culpa*, verwyt, verwytbaarheid, blaamwaardigheid, en Engelse ekwivalente daarvan soos *blameworthiness* en *culpability* ('n begrip wat tog direk van *culpa* afkomstig is). Verwyt word dan nie meer die poolster wat 'n mens volg om vas te stel hoe jy hierdie laaste vereiste vir aanspreeklikheid moet konstrueer nie.

Selfs al aanvaar 'n mens dat verwyt nie 'n *element* van skuld is nie, moet skuld nogtans "iets" bevat, dit wil sê so gekonstrueer wees dat dit die *gronde* uiteensit waarop die dader vir sy wederregtelike daad verwyt kan word. Blote opset, selfs gekoppel aan wederregtelikheidsbewussyn, is nog nie voldoende om 'n mens by verwyt of skuld uit te bring nie. Om hierdie rede moet minstens toerekeningsvatbaarheid ook nog as 'n onderdeel van die skuldvereiste beskou word.

5 Skuld en verwyt

As 'n mens Van Oosten se konstruksie van aanspreeklikheid volg, is daar geen rede waarom die woord "skuld" nie maar geheel-en-al uit die strafregwoordeskat verban kan word nie. Dan sou die elemente van aanspreeklikheid soos volg daar uitsien: handeling, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en óf opset óf nalatigheid. Miskien is dit juis wat Van Oosten in gedagte het waar hy verklaar (1995 *THRHR* 583):

> "Forcing both intention and negligence under a single normative fault umbrella goes as much against the grain of South African criminal practice as forcing both intention and negligence under a single psychological fault umbrella."

As dit so is, vra 'n mens jouself af: wat is dan die sambreelbegrip waaronder sowel opset as nalatigheid tuisgebring word? Blykbaar (volgens Van Oosten) bestaan daar nie so 'n sambreelbegrip nie. Die gevolg is dat die skuldbegrip ophou om as 'n eenheid te bestaan.

Selfs al word aanvaar dat skuld en verwyt nie sinonieme is nie, is hierdie twee begrippe so nou met mekaar vervleg dat die een nie sonder die ander denkbaar is nie. Net so min as wat Van Gogh 'n skildery van 'n appelboord kon geskilder het as daar nie 'n werklike appelboord bestaan het wat hy gesien het nie, en net so min as wat iemand sy pragtigste angelier op 'n blommeskou sou geplaas het as hy nie geweet het dat daar 'n eerste prys vir die beste angelier toegeken sou word nie, net so min kan daar 'n skuldbegrip gekonstrueer word sonder die idee van verwyt of blaam as die rigtinggewende gedagte agter, of bestaansrede vir, die skuldbegrip.

It is clear that merely the first shots have been fired about "appropriate relief" in constitutional matters. A conclusion might not yet be justified, but there is a strong indication from *Van Huyssteen* that where an infringement of the right to fair administrative procedure has been proved, a finding of irreparable harm and balance of convenience in favour of the applicant would almost follow as a matter of course. However far-fetched this might sound, the possibility exists that in many cases proof of the infringement of a fundamental right would be sufficient for interim relief. This view is based on Farlam J's conclusion that the denial of fair administrative procedure, as called for by section 24(b) of the Constitution, is tantamount to irreparable harm.

From another angle it may even be argued that, in view of the fact that fair administrative procedure is a fundamental right, once a person has persuaded a court that this right has been infringed, the burden would shift to the administration to justify the infringement. This would be a very hard task. A planning authority might find its decisions thrown out of court far more easily than before solely on the basis of unfair procedure.

JEANNIE VAN WYK
DAWID VAN WYK
University of South Africa

Saldanha Steels' contention that the board's investigation might take too long, the judge answered by allowing them, with proper notice, to approach the court when they felt that time was running out.

5 Conclusions

There is more to *Van Huyssteen* than meets the eye. Apart from the court's interpretation of section 24(b) of the Constitution, planning authorities would be well-advised to consider at least the following implications of the judgment:

- Planning, like all administrative action, finds itself fully exposed to the piercing light of the supreme Constitution. There is no escape.
- The court, in its own approach to the case as a whole and the individual issues, confirmed the celebrated words of the late Etienne Mureinik about the new constitutional dispensation: we have moved from a culture of authority to one of justification ("A bridge to where?" 1994 *SAJHR* 32). This requires a specific attitude and style on the part of the administration in the performance of its duties. The emphasis is less on power than on service; more on openness, co-operation, interaction and assistance than on skilful and legalistic narrowing down of individual rights.
- The final Constitution is not in force yet, but notice of greater emphasis on co-operative governance has been served (cf ch 3 of the final Constitution). From the first page to the last, Farlam J's judgment underscores the duty of different authorities dealing with the same issue to have regard for each other. This is particularly applicable to "physical" planning, as a typical function shared by the various "spheres" of government (the term used by the final Constitution for what previously were "levels").
- Fair procedure is more than proper compliance with procedure. "Fair" has a value side to it; "fair" in fundamental rights terms means substantive or material fairness. Farlam J's finding on this issue in *Van Huyssteen* suggests that the trigger is rather light.
- It is clear that merely the first shots have been fired about "appropriate relief" in constitutional matters. A conclusion might not yet be justified, but there is a strong indication from *Van Huyssteen* that where an infringement of the right to fair administrative procedure has been proved, a finding of irreparable harm and balance of convenience in favour of the applicant would almost follow as a matter of course. However far-fetched this might sound, the possibility exists that in many cases proof of the infringement of a fundamental right would be sufficient for interim relief. This view is based on Farlam J's conclusion that the denial of fair administrative procedure, as called for by section 24(b) of the Constitution, is tantamount to irreparable harm.
- From another angle it may even be argued that, in view of the fact that fair administrative procedure is a fundamental right, once a person has persuaded a court that this right has been infringed, the burden would shift to the administration to justify the infringement. This would be a very hard task. A planning authority might find its decisions thrown out of court far more easily than before solely on the basis of unfair procedure.

JEANNIE VAN WYK
DAWID VAN WYK
University of South Africa

ONREGMATIGHEID, NALATIGHEID; REGSPLIG, "DUTY OF CARE"; EN DIE ROL VAN REDELIKE VOORSIENBAARHEID – PRAAT DIE APPÈLHOF UIT TWEE MONDE?

Government of the Republic of South Africa v Basdeo 1996 1 SA 355 (A)

Die weermag het 'n nagtelike padblokkade opgestel ten einde onwettige wapens te onderskep in voertuie wat vanaf die Transkei noordwaarts deur Natal beweeg. A was 'n passasier in B se voertuig wat suidwaarts na die Transkei op pad was, verby die padversperring in die teenoorgestelde baan gery het, toe omgedraai het in die rigting van die versperring, dit opgemerk, weer 'n U-draai gemaak en in die rigting van die Transkeise grens begin wegjaag het. Onbewus daarvan dat die voertuig oorspronklik suidwaarts onderweg was, en onder die indruk dat die insittendes die blokkade probeer ontduik, het die soldate die voertuig met handgebare en flitsligte probeer stop. Die voertuig het egter onverpoos deur die soldate gebars en een van hulle (C) het 'n skoot na 'n agterband geskiet om die voertuig te probeer stuit. Die ongelukkige resultaat was dat die koeël die teeroppervlakte van die pad getref, opgeslaan en A noodlottig verwond het. A se weduwee stel namens haar en haar minderjarige kinders 'n onderhoudseis teen die staat in. Die kernvrae voor die hof was of A onregmatig gedood is; indien wel, of die skoot nalatig afgevuur was; en, indien wel, of B bydraend nalatig was. Net die eerste twee vrae is vir hierdie bespreking van belang.

Wat die onregmatigheidsvraag betref, aanvaar appèlregter Hefer (365H–I) dat "every man has a right not to be injured in his person or property" en dat die onus dus op die verweerder rus om regverdiging vir A se dood aan te toon. Die hof aanvaar voorts – sonder om so te beslis – dat wat B betref, die gewraakte skoot ingevolge artikel 49(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 geregverdig was. Op grond van die beginsel "that conduct which is lawful towards one person may be unlawful towards others" (367B), geld hierdie aanname egter nie sonder meer ten aansien van A nie. Daarom moet steeds bepaal word of die skoot ook met betrekking tot A se dood regmatig was. Regter Hefer vervolg (367E–F):

> "This question falls to be decided by applying the general criterion of reasonableness ... In doing so we must bear in mind that the value judgment which the application of the general criterion of reasonableness requires is based on considerations of morality and policy and the Court's perception of the legal convictions of the community, and entails a consideration of all the circumstances of the case."

Uit die uitspraak is dit duidelik dat nie alleen C se (subjektiewe) *wete of kennis* van A se teenwoordigheid in die voertuig nie, maar ook die objektiewe *redelike voorsienbaarheid* daarvan, die skaal volgens die regter ten gunste van 'n onregmatigheidsbevinding sou laat swaai. (Vir doeleindes van kommentaar, is dit nodig om die uitspraak ietwat breedvoerig aan te haal.) Ten aansien van eersgenoemde verwoord die hof dit so (368B–H):

> "There can be no doubt that, had [C] actually been aware of the deceased's presence, he would have had a legal duty towards him to act reasonably in the exercise of his powers of arrest. In saying this I am not unmindful of the need for criminals to be detained and brought to justice, and of the duty of every police

> officer, and all others to whom police powers have been entrusted, to do so; nor am I insensitive to the inherent difficulties of such a hazardous task. We cannot pretend to be unaware, moreover, of the public outcry in recent times for better protection against crime, and for offenders to be brought to book speedily and effectively in order to receive their just deserts. On the other hand, however, we must bear in mind that s 49(2) invests arresting officers with the power of taking human lives even on a mere (albeit reasonably held) suspicion. Such an awesome power plainly needs to be exercised with great circumspection and strictly within the prescribed bounds. Section 49(2) should not, and indeed cannot, be regarded as a licence for the wanton killing of innocent people; nor can any attempt to extend its operation to cases not falling within its ambit be countenanced . . .
>
> It is in effect for such an extension that Mr *Marnewick* [for the defendant] contended because what his argument really amounts to is that an arresting officer may exercise his powers under s 49(2) notwithstanding any actually foreseen harm it may cause to innocent bystanders. If correct, his submission would entail, for instance, that a police officer would be legally blameless if he were to shoot in a crowded street at a fleeing suspect and his bullets were to kill innocent bystanders . . . The submission falls to be rejected as *offensive to the legal convictions of the community and accepted principles of morality and legal policy*" (my kursivering).

En wat redelike voorsienbaarheid betref, vervolg appèlregter Hefer (368H) dat dit duidelik is dat "the foreseeability of harm is a relevant consideration in the determination of lawfulness". Volgens hom (368H–369A) vind hy steun vir dié standpunt by Millner *Negligence in modern law* (1967) 25 waar Millner verklaar:

> "The law lays down two tests for ascertaining the existence of a duty of care; firstly that the injury was such as *a reasonable man would have foreseen and guarded against*; secondly, that the nature of the interest infringed was one which the law protects against negligent conduct. These two elements must occur to give rise to a duty of care.
>
> *Now it is plain that the first test is in no way different from the test applied in order to decide the 'negligence issue', that is, in order to answer the question: was the defendant's conduct negligent?* It reiterates the identical abstract standard of reasonableness. If *the reasonable man*, placed in the circumstances of the defendant, would have foreseen that his conduct might endanger or prejudice others in regard to their legally protected interests, then the defendant is deemed to have been under a legal duty towards such others to exercise appropriate care" (my kursivering).

Die regter verwys (369B–C) dan na die volgende *dictum* van hoofregter Rumpff in *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 833:

> "The duty concept, on the contrary, shows abounding vitality. The key to this paradox is the utility of the concept as a device of judicial control over the area of actionable negligence on grounds of policy. *Here the ascertainment of liability is linked to the second of the two elements of duty of care referred to above. This second element is not at all concerned with reasonable foresight; it is to do with the range of interests which the law sees fit to protect against negligent violation*" (my kursivering);

en lewer soos volg kommentaar daarop (355C–D):

> "The remark in the last sentence refers, not to the duty concept in general, but to that concept in so far only as it allows for judicial control on grounds of policy. That this is what *Millner* intended to convey appears from his own emphasis on the words 'on grounds of policy' and from his analysis which has already been quoted. This is obviously how Rumpff CJ understood it since he found (at 835E–G) that the defendant did not owe the plaintiff a legal duty because he could not reasonably have anticipated that the plaintiff would not make proper enquiry."

Appèlregter Hefer beslis dan op die feite *in casu* dat nie alleen die moontlikheid van die aanwesigheid van 'n passasier in die motor nie, maar ook die moontlikheid van besering van sodanige persoon weens die gewraakte skoot "real and entirely foreseeable" (vgl 369E–370B) was. Gevolglik het C onregmatig opgetree. Hy stel dit so (369G 370C):

> "The conclusion that the presence of a passenger was reasonably foreseeable leads us to the last stage of the enquiry into the lawfulness of [C's] conduct. As indicated in the first-quoted passage from Millner, the so-called 'duty issue' is determined by the answer to the question whether it was reasonably foreseeable that others may be harmed by the conduct in question ... In these circumstances ... the possibility of harm to a passenger was real and entirely foreseeable. The trial Court's finding that [C] unlawfully caused the deceased's death was unavoidable."

In die lig van hierdie slotsom het die regter geen probleme om nalatigheid aan C se kant te bevind nie (370C–D):

> "The finding that he was negligent is beyond criticism. The enquiry relating to this issue is, of course, so intertwined with the previous one that much of what has already been said goes towards proof of the unreasonableness of his conduct. All that needs to be added is that the circumstances in which he fired at the car were such that a reasonable man in his position would not have done so ... In my view his conduct deviated from the norm of the reasonable man to such an extent that it cannot be ascribed to a non-culpable error of judgment."

Alhoewel nou met die resultaat van die uitspraak saamgestem word, te wete dat C wel op onregmatige en nalatige wyse A se dood veroorsaak het, dui dit tog op 'n ongelukkige verwarring van nalatigheid en onregmatigheid as selfstandige delikselemente deur ons hoogste hof – 'n verwarring wat vergroot word deur enersyds 'n verkeerde aanwending van die Engelsregtelike "duty of care"-begrip in ons reg, en andersyds weens die feit dat die appèlhof klaarblyklik uit twee monde spreek oor die rol van redelike voorsienbaarheid by die onregmatigheidsvraag.

Ten aanvang moet duidelikheid oor die onderskeid tussen onregmatigheid en nalatigheid verkry word. Die volgende faktore is hier van belang (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 148–150):

(a) By onregmatigheid word die *redelikheid* van die dader se optrede beoordeel deur 'n belange-afweging aan die hand van die *regsopvattings van die gemeenskap* (*boni mores*) (sien ook *Basdeo* 367E–F, hierbo aangehaal); by nalatigheid word die *redelike man* se optrede bepaal met verwysing na die *redelike voorsienbaarheid en voorkombaarheid van skade* (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 35 ev 134 ev; sien ook *S v Robson; S v Hattingh* 1991 3 SA 322 (W) 333; *Knop v Johannesburg City Council* 1995 2 SA 1 (A) 27).

(b) By onregmatigheid word die *juridiese ongeoorloofdheid van die daad* bepaal (onregmatigheid kwalifiseer dus die daad); by nalatigheid word die *juridiese verwytbaarheid van die dader* vir sy ongeoorloofde daad vasgestel (nalatigheid kwalifiseer dus die dader) (Van der Walt *RAU Studiehandleiding: onregmatige daad* (1983) 40).

(c) Omdat dit oor juridiese ongeoorloofdheid gaan, word die onregmatigheid van die handeling beoordeel in die lig (of met kennisname of inagneming) van *al die relevante feite en omstandighede wat werklik aanwesig was en al die gevolge wat werklik ingetree het*. Omdat dit oor juridiese verwytbaarheid gaan, word die nalatigheid van die dader beoordeel vanuit die *posisie waarin die dader hom inderdaad bevind het*: dit geskied deur die redelike man in die posisie van die

dader op die tydstip van die handeling te plaas en dan, met inagneming *slegs van die omstandighede en feite waarvan die dader inderdaad kennis gedra het, aangevul deur die feite waarvan die redelike man in sy posisie kennis sou gedra het*, te bepaal welke gevolge waarskynlik uit sy handeling sou gevolg het (redelike voorsienbaarheid van skade) en of die gevolge redelik voorkombaar was. Kort gestel, onregmatigheid word beoordeel op grond van *werklikhede* ('n diagnose), nalatigheid op grond van *waarskynlikhede* ('n prognose) (sien Van Rensburg *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf in die privaatreg* (1972) 19 vn 65; Neethling "S v Pretorius 1975 2 SA 85 (SWA)" 1975 *THRHR* 301–303; Van Aswegen *Die sameloop van eise om skadevergoeding uit kontrakbreuk en delik* (1991) 138 vn 145 152; vgl ook Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 131; Boberg *The law of delict Vol I Aquilian liability* (1984) 38–40).

Beskou 'n mens nou appèlregter Hefer se beroep op Millner 25 as sou dié skrywer steun vir sy standpunt bied dat redelike voorsienbaarheid 'n relevante oorweging by die onregmatigheidsvraag is, dan is dit duidelik dat hy die toets vir nalatigheid – soos Millner dit self ook sien (vgl weer sy stelling dat die eerste toets (of element) vir die bepaling van 'n "duty of care" geensins verskil van die toets vir die sg "negligence issue" nie, nl die vraag: "was the defendant's conduct negligent?") – pens en pootjies by onregmatigheid betrek. Die gesaghebbendste formulering van die toets vir nalatigheid in ons reg (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 127) word gevind in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430:

> "For the purposes of liability culpa arises if –
>
> (a) a *diligens paterfamilias* in the position of the defendant –
>
> (i) would foresee the reasonable possibility of his conduct injuring another in his person or property and causing him patrimonial loss; and
>
> (ii) would take reasonable steps to guard against such occurrence; and
>
> (b) the defendant failed to take such steps.
>
> This has been constantly stated by this Court for some 50 years. Requirement (a)(ii) is sometimes overlooked. Whether a *diligens paterfamilias* in the position of the person concerned would take any guarding steps at all and, if so, what steps would be reasonable, must always depend on the particular circumstances of each case. No hard and fast rules can be laid down."

Dat hierdie formulering van nalatigheid "reiterates the *identical* abstract of reasonableness" (Millner 25 *supra*) as die eerste toets (element) vir die bepaling van die bestaan van 'n Engelsregtelike "duty of care", behoef werklik geen betoog nie. In 'n onlangse Vrystaatse beslissing, *Masureik (t/a Lotus Corporation) v Welkom Municipality* 1995 4 SA 745 (O) 756–757 op 757, stel regter Hattingh dit onomwonde so:

> "The foreseeability test for the determination of negligence is basically similar to reasonable foresight as a criterion to establish the existence of a duty of care (cf the test as formulated in *Kruger v Coetzee* . . .)"

Anders as wat appèlregter Hefer ook laat blyk, het die tweede been (element) van die Engelsregtelike "duty of care"-begrip soos deur Millner geformuleer en myns insiens korrek in die *Trust Bank*-saak *supra* 833 verduidelik word, niks met redelike voorsienbaarheid (nalatigheid) te make nie maar betrek dit die vraag ("value judgment") na die beskermingswaardigheid van individuele belange met behulp van die toepassing van beleidsoorwegings ("grounds of policy"), dit wil sê die vraag na onregmatigheid (vgl Neethling, Potgieter en

Visser *Deliktereg* 287–289 mbt suiwer ekonomiese verlies; sien Van Aswegen "Policy considerations in the law of delict" 1993 *THRHR* 171 ev oor die rol van beleidsoorwegings). Hierdie siening blyk in soveel woorde ook uit 'n resente beslissing van die appèlhof, *Knop v Johannesburg City Council* 1995 2 SA 1 (A) 27, waar appèlregter Botha verklaar (vgl ook die klaarblyklike goedkeuring van die benadering in *Trust Bank supra* in *Indac Electronics (Pty) Ltd v Volkskas Bank Bpk* 1992 1 SA 783 (A) 786–787):

> "For present purposes . . . the difference between the two elements of a duty of care is perhaps more aptly described by Millner . . . 'The duty concept in negligence operates at two levels. At one level it is fact-based, at another it is policy-based.' The fact-based duty of care forms part of the enquiry whether the defendant's behaviour was *negligent* in the circumstances. The *whole enquiry is governed by the foreseeability test*, and 'duty of care' in this sense is a convenient but dispensable concept. In the phraseology of our law the 'policy-based or notional duty of care is more appropriately expressed as a legal duty', in consonance with the requirement of wrongfulness as an element of delictual liability . . ." (my kursivering).

Juis omdat regter Hefer nalatigheid inspan om onregmatigheid vas te stel, is dit glad nie verbasend nie dat hy, nadat hy bevind dat C onregmatig opgetree het, summier tot die slotsom geraak dat nalatigheid ook by hom teenwoordig was (370C):

> "The enquiry relating to [negligence] is, of course, so intertwined with the previous one [wrongfulness] that much of what has already been said goes towards proof of the unreasonableness of his conduct."

Uit bostaande blyk duidelik dat appèlregter Hefer se benadering die onderskeid tussen nalatigheid en onregmatigheid geheel en al verdoesel. Ten onregte. Hierdie twee elemente word nie net in die Suid-Afrikaanse deliktereg nie maar in talle Westerse stelsels om klaarblyklike oorwegings (sien weer die faktore hierbo) as selfstandige aspekte van 'n onregmatige daad geag (vgl ook *Simon's Town Municipality v Dews* 1993 1 SA 191 (A) 196 waar Corbett HR met goedkeuring verwys na die "modern distinctions in our law of delict between fault and unlawfulness"). Indien hierdie gevestigde onderskeid negeer word, word nie alleen die regsteoretiese grondslae van ons deliktereg ondergrawe nie, maar kan die proses ook net dien as 'n geleibuis vir verwarring en gevolglike regsonsekerheid – en soveel te meer as selfs ons hoogste hof oënskynlik nog nie klaarheid in die onderhawige verband het nie deur duidelik uit twee monde te praat. 'n Mens kan maar net vertrou dat die appèlhof die aangeleentheid by die eersvolgende geleentheid in die reine sal bring.

Gesien die peil van gesofistikeerdheid wat die ontwikkeling van die deliktereg in Suid-Afrika bereik het, bly dit in elk geval onbegryplik waarom regters (sien bv die *Masureik*-saak *supra* 756H–757D) soms nog ook wat nalatigheid betref, terugval op die omslagtige en verwarringstigtende "duty of care"-leerstuk van die Engelse reg (sien Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 144–145), in plaas daarvan om nalatigheid eenvoudig deur die redelike voorsien- en voorkombaarheidstoets, oftewel redelike man-toets, vas te stel.

Volgens die "duty of care"-benadering word daar gevra of die verweerder teenoor die eiser 'n "duty of care" verskuldig was (die sg "duty-issue", wat weer, soos gesien, sowel nalatigheid as onregmatigheid betrek); en of daar 'n nienakoming ("breach") van daardie "duty" was (die sg "negligence-issue"). As albei vrae bevestigend beantwoord word, bestaan daar nalatigheid. In die eerste

plek moet dan vasgestel word of 'n "duty of care" bestaan. Die kriterium is of die redelike man in die posisie van die verweerder sou voorsien het dat sy handeling nadeel vir die eiser kan veroorsaak. Om die tweede vraag te beantwoord, naamlik of daar 'n "breach of the duty to take care" plaasgevind het, word nagegaan of die dader die sorgvuldigheid aan die dag gelê het wat 'n redelike man aan die dag sou gelê het om nadeel te voorkom. Anders gestel, sou die redelike man die gevolg wat die dader nie voorkom het nie, wel voorkom het (sien in die algemeen Boberg 30–31 274 279 736; Van der Walt *Delict: principles and cases* (1979) 23 ev; Van der Merwe en Olivier 129–130)?

Die benadering onderliggend aan "duty of care" is vreemd aan die beginsels van die Romeins-Hollandse reg wat die grondslag van ons deliktereg vorm. Daar kan dus uit 'n regshistoriese oogpunt beswaar gemaak word teen die toepassing daarvan in ons reg. 'n Belangriker beswaar teen die invoering en toepassing van "duty of care" in ons reg is egter, soos duidelik uit die voorafgaande uiteensetting daarvan blyk, dat dit 'n onnodige en omslagtige metode is om te bepaal wat direk deur die redelike man-toets gedoen word, naamlik of die redelike man nadeel sou voorsien en voorkom het. Daar bestaan werklik dus geen rede om die "duty of care"-benadering te gebruik in die vasstelling van nalatigheid nie en dit wil tans voorkom of die howe in die meeste gevalle eenvoudig met die toets van die redelike man werk. Nieteenstaande herhaling moet voorts nogmaals onderstreep word dat die gebruik van "duty of care" boonop net verwarring kan laat ontstaan tussen die toets vir onregmatigheid en dié vir nalatigheid – soos duidelik uit die bespreking van *Basdeo* hierbo, en die volgende *dictum* uit die *Masureik*-saak *supra* 757B–C blyk:

> "The existence of a duty of care depends on a comparative judicial evaluation of the relevant individual and social interests involved in the particular circumstances of the case. The basic question remains whether the plaintiff's interest should be accorded judicial protection against inadvertent conduct in the particular type of situation [onregmatigheidsvraag]. The foreseeability of harm is a factor which is taken into consideration [nalatigheidsvraag]."

Hierdie verwarring blyk ook uit die feit dat die howe soms die "duty of care"-begrip as sinoniem vir 'n regsplig by onregmatigheid (sien hieroor Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 53 ev) gebruik. Ten einde regsonsekerheid te voorkom, is dit daarom beter om "regsplig" by onregmatigheid met "legal duty" te vertaal (vgl die *Knop*-saak 27, aangehaal hierbo; Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 145) en die begrip "duty of care" geheel en al te vermy.

Indien onregmatigheid en nalatigheid suiwer uitmekaar gehou word, ontstaan die vraag ten slotte hoe onregmatigheid dan volgens die feite in *Basdeo* hanteer moet word. Die uitgangspunt is (vgl ook Hefer AR op 365H–I, aangehaal hierbo) dat onregmatigheid *in casu* in die op die oog af onredelike (*contra bonos mores*) skending van A se subjektiewe reg op sy fisiese integriteit geleë is, welke *prima facie* onregmatigheid deur die aanwesigheid van 'n regverdigingsgrond aan C se kant opgehef kan word (sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 43–44 47 ev 51–52 71–73; Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 60–62 90 ev 101 ev). Die voor-die-hand-liggende regverdigingsgrond waarop C hom kon beroep het en inderdaad ook baie aandag van die hof in *Basdeo* 367–368 ontvang het, is statutêre of amptelike bevoegdheid, en wel ingevolge artikel 49(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 102–105; *Neethling's Law of personality* 109–110). Waar die fisiese integriteit van 'n persoon ingevolge 'n

statutêre of amptelike bevoegdheid gekrenk word, is sodanige krenking regmatig. Oorskry die dader egter sy bevoegdheid, is daar natuurlik nie van regverdiging sprake nie. Met betrekking tot liggaamsaantasting kom hierdie regverdigingsgrond veral ter sprake by die optrede van vredesbeamptes, soos die polisie en weermagslede in *Basdeo*.

Alhoewel die vraag na die regmatigheid al dan nie van 'n liggaamsaantasting deur die uitoefening van hierdie bevoegdhede primêr met verwysing na die betrokke veroorlowende statuut of gemeenregtelike reël geskied, moet die uitoefening van die bevoegdhede steeds redelik wees (en hier het 'n mens steeds, soos ook hieronder blyk, met onregmatigheid te doen). (In die *Basdeo*-saak 367E–F, aangehaal hierbo, lê Hefer AR ook klem op die "general criterion of reasonableness".) Die toepassing van die redelikheidskriterium in hierdie verband deur die regspraak word juis goed geïllustreer deur uitsprake in verband met die verwonding van 'n verdagte wanneer hy hom verset en geweld teen hom gebruik word of wanneer hy vlug en op gewelddadige wyse verhinder word. Besonder insiggewend vir huidige doeleindes is die volgende *dictum* van hoofregter Rumpff in *Matlou v Makhubedu* (1978 1 SA 946 (A) 956; sien ook bv *Macu v Du Toit* 1983 4 SA 629 (A) 637 ev oor die analoë uitleg van a 49 van die Strafproseswet 51 van 1977, wat a 37 van die 1955-Strafproseswet vervang het):

> "Ek dink dit moet aanvaar word dat wanneer 'n reg tot arrestasie in die gemene reg en in die 1955-Wet . . . gegee word, implisiet 'n reg toegeken word om gebode weerstand teen te gaan en om vlug te verhinder. Dit beteken ook dat *noodsaaklikerwys* daar opsetlike geweld op die oortreder of verdagte toegepas kan word wat 'n besering kan veroorsaak. Ek dink ook dat by die toepassing van geweld 'n *redelike optrede* van die arresteerder toegelaat moet word en dit sal, in die algemeen, van al die relevante omstandighede afhang of die geweld redelik was of nie. En hierby sal oa die erns van die misdaad teen die mate van geweld wat toegepas is opgeweeg moet word. Ook die vraag wat in art 37 genoem word, nl of die verdagte nie *op 'n ander wyse* in hegtenis geneem en verhinder kan word om te ontsnap nie, en die vraag of die arresteerder *redelike gronde tot verdenking* gehad het, sou in die gemene reg oorweeg moet word" (my kursivering).

Regter Rumpff (958) verduidelik die toepassing van hierdie beginsels op die geval van 'n vlugtende verdagte soos volg: Indien die omstandighede dit toelaat, behoort eers 'n mondelinge waarskuwing gegee te word; indien hieraan nie gehoor gegee word nie, dan 'n waarskuwingskoot in die lug of op die grond; waar hierdie optrede ook geen gevolg het nie, dan eers 'n poging om die verdagte in die bene te skiet. Hierdie benadering kan onderskryf word. Dit kom ooreen met die beginsels wat ten aansien van noodweer en noodtoestand geld (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 77–81 86 88; *Neethling's Law of personality* 103–104 105). Dit is naamlik dat die noodwendigheid van 'n liggaamsaantasting moet vasstaan en, indien dit vasstaan, dat die dader steeds redelik moet optree. Wat redelik is, is natuurlik 'n feitelike vraag (sien *Neethling's Law of personality* 110). Hieruit behoort onmiddellik reeds duidelik te wees dat die verwonding of dood van 'n onskuldige persoon in die proses van die uitoefening van die bevoegdheid ingevolge artikel 49 in die reël nie geregverdig sal kan word nie – in elk geval nie waar die verwonding en dood hoegenaamd nie noodsaaklik of die noodwendige middel was om die verdagte aan te keer nie – soos in die *Basdeo*-feitestel – en die dader boonop daarvan bewus was dat 'n onskuldige persoon die slagoffer van sy optrede kan word (sien *Basdeo* 368B–G, aangehaal hierbo; vgl Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 42 oor die rol van sg dadersubjektiewe faktore, soos wete of motief,

by die onregmatigheidsvraag). (Hoe ook al, dit is in elk geval te bevraagteken – soos Hefer AR 368D–G, aangehaal hierbo, dan ook doen – of a 49 ooit aangewend mag word om die dood van 'n onskuldige persoon te regverdig. Hierbenewens kan verwag word dat vir sover die artikel wel die dood van 'n verdagte regverdig, dit as 'n ongrondwetlike beperking van die reg op lewe ingevolge a 9 en 33(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 aangeveg sal word (*Neethling's Law of personality* 110).) En aangesien geen ander regverdiging vir A se dood aangebied is nie, is sy dood dus op 'n onredelike wyse, *contra bonos mores*, en bygevolg onregmatig deur C veroorsaak.

In verband met die onredelike uitoefening van 'n statutêre bevoegdheid word soms gesê dat die verweerder aanspreeklik is indien hy die bevoegdheid op "nalatige" wyse uitgeoefen het en die eiser daardeur skade gely het. Dit is 'n verkeerde manier van stel. Die vraag is hier nie of die verweerder nalatig (skuldig) gehandel het nie, maar of hy deur onredelike optrede sy bevoegdhede oorskry het en dus onregmatig gehandel het (sien *Simon's Town Municipality v Dews* 1993 1 SA 191 (A) 196, met verwysing na Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* 103–104, Van der Merwe en Olivier 105–106 en Boberg 771–773). Hoofregter Corbett verwoord dit soos volg:

> "[T]hese writers all correctly state that jurisprudentially the consequences of the repository of the statutory power having exercised it without due care and without having taken reasonable precautions to avoid or minimise injury to others, are that the repository must be taken to have exceeded the limits of his authority and accordingly to have acted unlawfully ... I am ... satisfied that the analysis is sound and that it accords with modern distinctions in our law of delict between fault and unlawfulness. The principle of statutory authority renders lawful what would otherwise have been unlawful; and if the implied limits of the statutory authority are not observed the repository of the power acts without authority, or in excess of his authority, and consequently unlawfully."

Hierdie gesonde en regsteoreties-korrekte benadering tot onregmatigheid en nalatigheid as twee onafhanklike, selfstandige elemente van die onregmatige daad, wat onder andere ook uit die *Trust Bank*- en *Knop*-saak *supra* blyk, sal hopelik genoeg stukrag hê om die pendulum in die nabye toekoms finaal teen die onaanvaarbare tendens in *Basdeo* te laat swaai.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

CESSION OF FUTURE RIGHTS

First National Bank of SA Ltd v Lynn 1996 2 SA 339 (A)

1 Introduction

Like most cases dealing with cession, this one is very interesting for various reasons. It deals principally with the legal construction of a cession of future rights, but also touches on controversial issues such as the object of cession and the nature of security cessions.

Although the cession of future rights has been accepted in South African case law, very little attention has been paid to the problems surrounding such recognition. De Wet and Van Wyk (*Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (1992) 254) reject the possibility that future rights can be ceded and the courts have not concerned themselves with the legal construction of such cessions. For years I have accepted the cession of future rights and propagated a construction which gives effect to the intention of the parties to such cessions (see *The law of cession* (1991) ch 10 2 2 3).

In *Sashwood (Pty) Ltd v The Fund Constituting Proceeds of the First and Second Judicial Sales of the MV Nautilus (Erasmus, Nel and Standard Bank of SA Ltd Intervening)* 1994 2 SA 528 (C) 556D–I, Scott J affirmed the construction which I advocate of a cession of future rights and which, to a certain extent, had already been confirmed in *Muller v Trust Bank of Africa Ltd* 1981 2 SA 117 (N) 126G–H. However, he found it unnecessary to decide the issue.

Van den Heever JA, in *Standard General Insurance Co Ltd v SA Brake CC* 1995 3 SA 806 (A) 815E, basically also adopted this approach. She clearly and correctly distinguished between a future and a contingent right, and also indicated that a right to claim in terms of an insurance policy is a contingent and not a future right (see also Scott *Cession* ch 10 2 2 3). It is a contingent right because the obligation creating agreement already exists, but the insurer's liability in terms of this contract is subject to a condition or a term, depending on the terms of the contract.

Very recently, however, the Appellate Division of the Supreme Court expressed itself conclusively on this issue in *First National Bank of SA Ltd v Lynn.*

2 Facts

On 31 December 1984 the cedent, Natal Earthworks (Pty) Ltd ("the contractor"), executed a deed of cession of all money "which may now (be) or which may hereafter become due and owing to us . . ." *in securitatem debiti* in favour of the cessionary, the First National Bank of Southern Africa Ltd ("the bank"). Much later, on a date not mentioned in the papers, the contractor concluded a building contract with the Government of QwaQwa ("the employer"). By 29 August 1990 the contractor had completed all work in terms of the contract and had moved off the site. A "certificate of completion" was issued on 27 August 1990, specifying the exact sum that was retained by the employer against defective work and for maintenance for the agreed period of one year. At the expiry of this period, namely on 27 August 1991, subject to any defect being repaired, the contractor's claim for the payment of the retention moneys would become enforceable. On 10 February 1991, a progress certificate was issued. It certified a sum of R1 106 376,37 as the balance of the retention money. This sum would become payable when a final certificate had been issued by the engineer, which he was obliged to do within 14 days of the expiry of the retention period. On 10 June 1991 the contractor was placed under provisional liquidation, and the respondents were appointed as liquidators of the company. A final order of liquidation of the contractor was issued on 26 July 1991. On 2 July 1992 the engineer issued a final certificate of completion, which meant that any retention money not yet paid out, had become due and payable. The respondents contended that the appellant, the bank, was not a secured creditor in relation to the said retention money. The crux of their contention was that there was no indebtedness to the contractor by the employer in respect of retention money prior to

the provisional order of liquidation, because it was not due and payable to the contractor prior to the said order. When the appellant disputed this contention, the respondents approached the Natal Provincial Division for an appropriate declaratory order. The court upheld the respondents' contention. It is against this judgment that the appeal was lodged.

3 Judgment

The court's judgment was not unanimous. However, all the judges concurred in the decision of Joubert JA on the definition and legal nature of cession. In the minority judgment, Joubert JA, with Nestadt JA concurring, supported the view of De Wet and Van Wyk, referred to above, and held that a cession of future rights is not possible. He consequently dismissed the appeal. The majority judgment of Van den Heever JA, Van Coller JA and Olivier JA upheld the appeal and held that the bank was entitled to be treated as a secured creditor. Van Coller JA concurred with Van den Heever JA, and although Olivier JA also concurred on the outcome of their judgment, he gave a separate judgment. I shall now discuss the various issues that were raised in this case and the different judges' approach to them.

3 1 Definition of cession

Joubert JA, with all the judges concurring, defined cession as follows:

> "Cession is a particular method of transferring rights in a movable incorporeal thing in the same manner in which delivery (*traditio*) transfers rights in a movable corporeal thing. It is in substance an act of transfer ('oordragshandeling') by means of which the transfer of a right (*translatio juris*) from the cedent to the cessionary is achieved. The transfer is accomplished by means of an agreement of transfer ('oordragsooreenkoms') between the cedent and the cessionary arising out of a *justa causa* from which the former's intention to transfer the right (*animus transferendi*) and the latter's intention to become the holder of the right (*animus acquirendi*) appears or can be inferred. It is an agreement to divest the cedent of the right and to vest it in the cessionary. Moreover, the agreement of transfer can coincide with, or be preceded by, a *justa causa* which can be an obligatory agreement, also called an obligationary agreement ('verbintenisskeppende ooreenkoms'), such as a contract of sale, exchange or donation. See *Johnson v Incorporated General Insurances Ltd* 1983 (1) SA 318 (A) at 331G. Even an agreement to provide security by means of a cession in *securitatem debiti* is in itself adequate *justa causa* for the cession. See De Wet and Van Wyk *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 5th ed vol 1 at 420: 'As 'n *causa* noodsaaklik is vir die sessie, dan is die afspraak dat dit in *securitatem debiti* geskied, tog seker genoegsame *causa* daarvoor . . .' (345G–346A).

3 2 Security cession

Although it was not necessary for the judges to express an opinion on the nature of the security cession involved here, and their remarks are therefore clearly *obiter dicta*, it is interesting to take note of these briefly. Joubert JA did not express an opinion on the issue, but Van den Heever JA (349J–350A) and Olivier JA (357D–E) seemed to regard a security cession as a pledge or at least in the nature of a pledge.

3 3 Future rights

With reference to Van Bynkershoek (1673–1743) (*Observationes Tumultuariae Obs* 2448), Gomezius (a 16th century Spanish jurist) and De Wet and Van Wyk

254 Joubert JA, in his minority judgment on this issue, rejected the possibility of a cession of future rights (346A–347D). Since he apparently regarded the right to claim retention money as a future right and not as a conditional right, he dismissed the appeal (349E–H). In a discussion of *Muller v Trust Bank of Africa Ltd* 1981 2 SA 117 (N) 126G–H (see 1982 *DJ* 183) and in my textbook (*Cession* ch 10 2 2 3) I indicate that it is incorrect to regard a claim for retention money as a future claim, since the origin of this claim, the obligation which creates it, already exists, but is subject to an uncertain future event.

In a stimulating and lucid judgment Van den Heever JA came to a different conclusion. She crisply phrased the issues to be determined as follows:

> "In my view the questions to be determined are:
>
> (a) whether the cession contemplated a transfer only of the contractor's then exigible debts and of future ones as and when they became so exigible; or whether the parties to the document contemplated also a transfer of the contractor's claims then extant but imperfect because, for example, subject to some time clause or condition, and of similar imperfect claims as and when they arose in the future; and , if the latter,
>
> (b) whether the contractor's claim against the employer is merely a future claim or such an imperfect one; and, if so,
>
> (c) whether present effective transfer is possible of such a claim, or whether future and contingent rights are equally incapable of present 'delivery'" (350C–E).

The judge clearly regarded the right to claim retention money as a conditional right and not as a future right. She also indicated that as such it was cedable and came to the following conclusion:

> "In short, in my view the contractor acquired before liquidation a personal right to performance by the employer of its part of their bargain. The performance-payment was delayed for the maintenance period, and was subject to the condition that the amount held in the retention fund could be reduced. That personal right was transferred in terms of the cession to the bank before liquidation and the Master was in my view correct in upholding the objection of the appellant to the joint liquidators' account" (353F–G).

After giving a clear exposition of the facts of the case, Olivier JA gave the correct interpretation of the nature of a right to claim retention money. He described it as a contingent (conditional) right which can be freely ceded. He furthermore accepted and explained the nature of a cession *in anticipando* of a future right. Olivier JA referred to De Wet and Van Wyk and the various cases in which cession of future rights were accepted – despite De Wet's consistent criticism against such a possibility. The judge also evaluated the two approaches to the issue (357H–I), referred to the cases supporting the idea of a cession of future rights (358J–359I) and considered the impact of rejecting the validity of such cessions (359J). He then came to the following conclusion:

> "The position, in my view, then is that it has been accepted in commerce and by the Courts of our country for more than a century that future rights can be ceded and transferred *in anticipando*. The decisions of our Courts have thus been regarded for a very long period of time as being correct. Clearly these decisions have been acted upon and served as the basis for the general and well-known practice of taking security in the form of the cession of book debts (including future debts), cession of existing and future rights *in securitatem debiti* and factoring of existing and future rights. In these circumstances I am not inclined to hold that these decisions are wrong . . ." (360A–B).

4 Evaluation of judgment

4 1 Criticism

This case illustrates why one should be very careful in relying on the head notes of reported cases. This one, for example, may at first glance create the impression that the majority judgment was given by Joubert JA on all the issues whereas all the judges concurred only with that part of his judgment which dealt with the definition of cession.

I have some difficulty in accepting the decision of Joubert JA: It is regrettable that he described the object of the cession in this case as "rights in a movable incorporeal thing" (345G), whereas he had described it so aptly and correctly as a claim ("vorderingsreg") in *Johnson v Incorporated General Insurances Ltd* 1983 1 SA 318 (A) 331G–H. It would, furthermore, appear as if Joubert JA preferred to consult 16th century Spanish jurists rather than modern writers on contentious issues pertaining to the law of cession. He is also wrong in regarding the right to retention money as a future right, as the decisions of Van den Heever JA and Olivier JA also indicate.

4 2 Interesting aspects

Although it has been generally accepted, in this judgment it was clearly stated (for the first time, to my knowledge) that a security agreement can be the *causa* of a cession (346A).

I find various remarks by Van den Heever JA very interesting and stimulating. For example, she referred to "the legal fiction" equating a cession of incorporeal rights *in securitatem debiti* with the legal institution of a pledge of corporeals as security and stressed the problems caused by this as follows:

> "The fiction has its origin in the practical needs of modern commerce but has caused much strenuous intellectual gymnastics on the part of scholars and lawyers in trying to prise one legal concept into the garb not ideally suited" (350A).

I fully agree. The latter is the main reason for the confusion that exists in practice on the nature of security cessions. The only way to remedy this situation is legislation, as I have often advocated.

Van den Heever JA also explained the specificity principle in the following words:

> "The requirement that the object of a cession must be certain does not mean that the money value of the (defined) right which is ceded must be precisely calculable when the transfer of that right occurs" (352H–I).

I may be wrong, but I perceive a slight measure of irritation on the part of the judge with both the minority judgment (see eg the following statement 349I–J: "I have read the judgment of Joubert JA but have come to a different conclusion. I obviously have no quarrel with his erudite elaboration on the propositions that a cession is by definition an act of transfer . . .") and the so-called "old authorities". For her own interpretation of the effect of the cession of the right to claim retention money, she relied on logic and rejected the view of Sande:

> "There is nothing in logic that militates against acceptance of the notion that an extant right may be transferred to another forthwith despite its being subject to a condition. If *Sande* perhaps said it was impossible, it was in another age and of procedural rules different to ours, not rules of logic" (352E–F).

It must, however, be pointed out that Sande actually, even on Joubert JA's and De Wet's interpretation of his viewpoint, states that such a cession is possible. It is jurists of more recent times who have difficulties in accepting this notion!

I think the judgment of Olivier JA is excellent, one that can be highly recommended to students. The judge commenced with a chronological exposition of the facts (353I–354G), then discussed and separated the various legal questions in issue and rounded off his discussion with a conclusion. He clearly distinguished between a conditional right and a future right (355E–356H), and indicated that conditional rights may be ceded (356I–357A), although he seemed to be uncertain about the moment at which this right is created.

From one statement it would appear as if he was, correctly, of the opinion that the right is created on conclusion of the contract ("But the fact that a claim to payment is dependent on the fulfilment of a condition does not mean that it comes into existence or 'vests' only upon fulfilment of the condition. On the contrary, [when] the right is created, it forms part of the patrimony of the creditor, it 'vests' in the creditor; its enforceability is merely postponed" (356C–D)), but from others it would seem as if he is not so sure (see eg: "When the certificate of completion was issued, it signified the coming into existence of a right to claim performance . . ." (355D); "The personal right exists and forms part of the patrimony of the creditor, but its enforceability is postponed" (355G); and "Thus, at the latest on 27 August 1990, when the 'certificate of completion' was issued, a right of action ('vorderingsreg') subject to a suspensive condition came into being" (357B)).

Olivier JA did not restrict his judgment to this aspect of cession, but went further to hold that cessions *in anticipando* are valid in South African law. Although he did not elaborate on the nature of such cessions, from his references to the relevant pages in my textbook I presume that he accepted the construction propagated there.

An aspect of the law of cession which fascinates me more and more, and which was also highlighted by this case, is the terminology employed to denote the object of cession. As I have indicated above, Joubert JA had defined it, correctly to my mind, in *Johnson v Incorporated General Insurances Ltd supra* as a claim ("vorderingsreg"), whereas he referred to it here as "rights in a movable incorporeal thing". Van den Heever JA also referred to the problem of terminology (350G–H) and preferred to use the terms "debts" and "claims", but she then continued and used the following terms: "rights" (349J 351A 351H 356G–H 357I), "exigible debts" (350C), "personal rights" (351G 352H 353F–G), "the right to institute action" (352B), "incorporeal rights" (352B) and "book debts" (353A). Olivier JA referred to "book debts" (353I 359J 360B), "right" (355E 356B 360A), "claim" (356C 356B), "right to claim payment" (356D), "right of action" (356I 357B 357I) and "future debts" (359I).

5 Conclusion

The majority judgment in this case will no doubt be welcomed in practice, especially by factoring institutions and banks. The judgment is also to be commended from a theoretical point of view.

SUSAN SCOTT
University of South Africa

GEEN AFSONDERLIKE EIS OM "GRONDWETLIKE SKADEVERGOEDING" NIE

Fose v Minister of Safety and Security 1996 2 BCLR 232 (W)

1 Opsomming van feite en beslissing

In hierdie saak het die eiser beweer dat hy deur lede van die polisie aangerand en gemartel is en daarvoor 'n bedrag van R135 000 geëis vir die normale skadeposte soos mediese uitgawes, pyn en lyding en *contumelia.* Hierbenewens het hy op dieselfde feite ook op sogenaamde "constitutional damages" aanspraak gemaak aangesien die marteling onder meer sy regte op menslike waardigheid, vryheid en sekuriteit van die persoon ingevolge die handves van regte vervat in die (tussentydse) Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 sou gekrenk het (a 10 11 en 13). Na 'n vergelykende studie van veral die posisie in die Verenigde State van Amerika en Kanada, handhaaf regter Van Schalkwyk 'n eksepsie deur die verweerder dat die eis om "grondwetlike skadevergoeding" nie volgens ons reg bestaanbaar is nie:

> "I am of the opinion that the common law, properly adapted where needs be, provides ample scope for the remedy sought to be invoked by the plaintiff in this case. If punitive damages are to be recovered they should be recovered as part of the plaintiff's delictual claim. There is, in my view, no scope for a separate action, based on the same facts, for a claim for constitutional damages" (246B).

Desnietemin bewys hierdie beslissing dat die Suid-Afrikaanse deliktereg in die toekoms interessante ontwikkeling kan ondergaan ten einde die realiteit te verreken dat talle regte wat privaatregtelike beskerming geniet, tans ook grondwetlik verskanste fundamentele regte is (vgl in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 83). Voorts is daar sekere ander fundamentele regte wat ook vir privaatregtelike beskerming in aanmerking sal kom. Boonop word in klousule 7(2) van die nuwe (1996-) konsepgrondwet spesifiek bepaal dat "the state must respect, protect, promote and fulfil the rights in this Bill of Rights". Aangesien die staat die regsprekende organe insluit, kan tereg van die howe verwag word om binne die terrein van hulle jurisdiksie en algemene bevoegdhede die deliktereg met die waardes van die Grondwet te harmoniseer. Reeds in 1991 het Burchell ("Delict in a Bill-of-Rights era" 1991 *Businessman's Law* 177) hom so hieroor uitgelaat:

> "The introduction of a bill of rights in South Africa will, in my opinion, affect the scope and the emphasis of the law of delict, which will have to play a part in ensuring that adequate protection is given to constitutionally entrenched rights and will constitute a point of contact between public and private law."

2 Sekere argumente namens die eiser en die verweerder

Daar is *in casu* namens die eiser onder meer aangevoer dat die doel van deliktuele skadevergoeding is om persoonlike restitusie te verkry vir die nadeel wat veroorsaak is. Hierteenoor sou dit die doel van die geëisde "grondwetlike skadevergoeding" wees om: (a) krenking van fundamentele regte te voorkom deur afskrikking; (b) die waardes wat sodanige regte onderlê te "vindiseer" of te bevestig; (c) die skender van die regte (privaatregtelik) te straf; en (d) kompensasie vir gelede nadeel te bied (236A). As gesag is onder meer verwys na die

bekende artikel van Pilkington "Damages as a remedy for infringements of the Canadian Charter of Rights" 1984 *Canadian Bar R* 535. (Sien in die algemeen oor die doel van skadevergoeding en genoegdoening in deliktuele verband Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 158–162 176 ev 439 ev.) Namens die eiser is ook aangevoer dat die gemenereg nie 'n voldoende remedie bied vir gevalle van skendings van fundamentele menseregte soos *in casu* plaasgevind het nie.

Die verweerder het onder andere betoog dat die gemeenregtelike remedies in 'n geval soos die onderhawige toereikend is en dat 'n hof boonop ingevolge artikel 35(1) en (3) van die (tussentydse) Grondwet die bepalings oor fundamentele regte so moet uitlê en die gemenereg so kan ontwikkel dat daar aan die grondwetlike eise voldoen kan word (236H; sien kl 38(1) en (2) van die ontwerpgrondwet wat basies gelykluidend hiermee is). Boonop is die *actio iniuriarum* wyd genoeg om vir genoegdoening met 'n strafelement voorsiening te maak (244I; sien hieroor ook die gesag na verwys in Visser "Genoegdoening met betrekking tot vermoënskade" 1983 *TSAR* 73–76; "Genoegdoening in die deliktereg" 1988 *THRHR* 486–489).

3 Sekere van die hof se argumente

Die hof haal in die loop van sy uitspraak uitvoerig uit die Amerikaanse en Kanadese regspraak aan (en verwys kortliks na die bepalings van die Europese Konvensie oor die beskerming van fundamentele regte). 'n Aantal laer howe in Kanada het wel al "grondwetlike skadevergoeding" toegeken maar die Kanadese Supreme Court het hierdie benadering nog nie goedgekeur nie (238B). Die hof se evaluasie van die Amerikaanse regspraak is soos volg:

> "While the Supreme Court recognises a claim for constitutional damages for violations of constitutional rights and while these are said to be significantly different to and more serious than ordinary common law violations, the remedy has grown out of the peculiarities which are intrinsic to the United States' jurisprudence. The judgments can be looked at for guidance but should, I think, be viewed with care" (242C; vgl ook 237H 242G 244B).

(Sien in die algemeen Van der Vyver "Constitutional free speech and the law of defamation" 1995 *SALJ* 577 vir kritiek op standpunte wat na die Amerikaanse, Kanadese of Duitse reg wil gryp om byvoorbeeld die moontlike toepassingsgebied van ons eie handves te probeer bepaal.)

Regter Van Schalkwyk aanvaar die (korrekte) argument dat 'n radikale aanpassing van die gemeenregtelike deliktereg nie deur die Grondwet vereis word nie (237F). Dit is volgens hom wel waar dat in sekere situasies, byvoorbeeld die skending van die reg om te stem, "grondwetlike skadevergoeding" erken kan word om aan die eise van die Grondwet te voldoen. Nogtans vind die hof dit onnodig om hieroor 'n konkrete mening uit te spreek (244F).

Dit hof meld dat die gemenereg nie 'n delik soos "marteling" ken nie maar voeg nogtans by dat die gemenereg verskillende "grade" van aanranding erken en dat indien 'n eis op grond van byvoorbeeld "marteling" ingestel word, die besondere "malevolence which attaches to such an unlawful act can be accommodated within the common law by an appropriate (and if needs be, punitive) order for the payment of damages" (245D–E; vgl oor die wye betekenis van die aantasting van die *corpus* ingevolge die gemenereg *Neethling's Law of personality* 90 ev).

4 Evaluasie en toekomsblik

Daar kan min twyfel wees dat die hof se beoordeling van die gesag, sy stawende argumente en die uiteindelike handhawing van die eksepsie teen die eiser se aanspraak op "grondwetlike skadevergoeding" basies korrek is.

Ten aanvang moet daarop gewys word dat die hele kwessie van die horisontale werking van die handves van regte (sien bv *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC)) natuurlik nie hier ter sprake gekom het nie aangesien die verweerder die *staat* is wat in elk geval deur die handves gebind word (sien in die algemeen oor horisontaliteit Van Aswegen "Implications of a Bill of Rights for the law of contract and the law of delict" 1995 *SAJHR* 59–65; Strydom "The private domain and the Bill of Rights" 1995 *SA Publiekreg/Public Law* 52; De Waal "A comparative analysis of the provisions of German origin in the interim Bill of Rights" 1995 *SAJHR* 9 ev; Van der Vyver 1995 *SALJ* 572). Alhoewel daar oor die *beginsel* van direkte en/of indirekte horisontaliteit waarskynlik min twyfel kan wees – slegs die aard en grense daarvan moet bepaal word – kan dit probleme skep indien 'n mens belangrike verskille kry betreffende deliktuele aanspreeklikheid en vergoeding na gelang die verweerder die staat of 'n ander nie-staatlike entiteit is. Dit lyk byvoorbeeld in die algemeen onbillik om eisers teen die staat gunstiger te behandel as eisers teen private instellings of persone.

Toe die kwessie van "grondwetlike skadevergoeding" deur Burchell (175) oorweeg is (sien ook die vroeë bydrae deur Neethling "Enkele gedagtes oor die juridiese aard en inhoud van menseregte en fundamentele vryhede" 1971 *THRHR* 240 wat ook hier relevant is), was een van sy gevolgtrekkings die volgende (177):

> "Any bill of rights enacted for South Africa should expressly include a claim for damages in the range of remedies available to the victim of an infringement of its provisions."

Artikel 7(3) van die tussentydse Grondwet wat bloot melding maak van "gepaste regshulp" in geval van die inbreuk of bedreiging, kan beswaarlik as 'n algemene magtiging vir die hof beskou word om "grondwetlike skadevergoeding" as regsfiguur tot stand te bring. Juis hierom was dit waarskynlik dan ook nodig gevind om in die finale Grondwet die volgende bepaling as klousule 8(3) in te voeg:

> "In applying the provisions of the Bill of Rights to natural and juristic persons . . . a court–
>
> (a) in order to give effect to a right in the Bill, must apply, or, where necessary, develop, the common law to the extent that legislation does not give effect to that right; and
>
> (b) may develop rules of common law to limit the right, provided that the limitation is in accordance with section 36(1)" (algemene bepaling waarvolgens grense aan fundamentele regte gestel kan word).

'n Vorige weergawe van hierdie bepalings het in sekere opsigte verder gegaan:

> "When a right in the Bill of Rights binds a natural or juristic person, and there is no law of general application that grants a remedy based on that right, a court must develop the common law to grant a remedy based on that right. In granting a remedy, the court may formulate rules that limit the right, provided that the limitation is in accordance with section 35(1)" (algemene begrensing van regte).

In die lig van die afwesigheid van 'n bepaling soos klousule 8(3) in die tussentydse Grondwet sou regter Van Schalkwyk waarskynlik sy regterlike bevoegdhede

oorskry het deur 'n remedie van "grondwetlike skadevergoeding" te skep en reëls vir die funksionering daarvan te bepaal. Dit is onnodig om hier volledig kommentaar op klousule 8(3) te lewer behalwe deur die volgende algemene waarnemings te maak:

(a) Die kwessie waaroor dit gaan, is om voldoende "effek" aan 'n fundamentele reg te gee. Dit gaan klaarblyklik wyer as bloot skadevergoeding of genoegdoening. 'n Reg kan immers deur die strafreg, administratiefreg of op ander wyses direk en indirek beskerm word.

(b) Klousule 8(3) bedoel klaarblyklik dat waar daar reeds 'n algemene vergoedingsremedie in die gemenereg of wetgewing vir die skending van 'n bepaalde reg bestaan wat direk relevant is, byvoorbeeld 'n persoonlikheidsreg wat ook in die Grondwet verskans word, daardie remedie toegepas moet word (vir sover dit natuurlik moontlik is). Voorts geld die bepaling ook hier dat die hof in die toepassing daarvan die gees en strekking van die Grondwet in ag behoort te neem – artikel 35(1) en (3) van die tussentydse Grondwet kan ook in die finale Grondwet voorkom. Algemene remedies wat bestaan, sluit die normale deliktuele aksies en dan veral die *actio iniuriarum* in.

(c) Waar daar nie reeds duidelik 'n algemene remedie ten aansien van die skending van 'n bepaalde reg in die gemenereg is nie (en hier kan 'n mens dink aan skendings van bv 'n persoon se reg op politieke vryheid, stakingsreg, vrye assosiasie, reg om te betoog, aspekte van die reg ten aansien van die omgewing, aspekte van die reg op onderwys, onbillike diskriminasie waar belediging bv nie sterk ter sprake kom nie) en waar daar dus nie 'n klassieke geval van 'n skending van die *corpus, dignitas* of *fama* ter sprake is nie, bestaan daar interessante ontwikkelingsmoontlikhede. Waar wetgewing nie genoegsame "effek" (beskerming, erkenning ens) aan die reg verleen nie, *moet* 'n hof die gemenereg ontwikkel (en dan toepas) vir sover dit nodig mag wees. Dit sou beteken dat die hof nie totaal nuwe aksies hoef te skep nie maar bloot die strekkingswydte van die bestaande deliktuele remedies kan verbreed in die lig van die algemene vereistes van sodanige aksie(s) vir sover dit toepaslik is. Suid-Afrika is gelukkig dat die *actio iniuriarum* 'n soepele remedie is wat beslis geskik is om uitgebrei te word (sien in die algemeen *Neethling's Law of personality* 51 53 oor die rol van die *boni mores* in die ontwikkeling van die *actio iniuriarum*). Nogtans is dit goed denkbaar dat ook die Aquiliese aksie en die aksie weens pyn en lyding in hierdie verband relevant kan wees.

Wat die posisie van die deliktereg betref in 'n regstelsel waar daar 'n handves van fundamentele menseregte bestaan, is daar onlangs insiggewende navorsing gepubliseer waarna die hof *in casu* ongelukkig nie verwys het nie. Von Bar ("Der Einfluss des Verfassungsrechts auf die westeuropäischen Deliktsrechte" 1995 *RabelsZ* 207 ev; sien ook afdeling 6 van sy leerboek *Gemeineuropäisches Deliktsrecht* (1996)) wys op die besondere aard van die deliktereg, naamlik dat dit in die moderne regstaat 'n wyse is waarop die staat sy verpligting om fundamentele menseregte te beskerm deur "privatrechtlichen Mitteln" nakom (vgl ook Von Bar *Deliktsrecht* par 570). Dit sou onaanvaarbaar wees om 'n handves van regte te hê en die staat daardeur te bind maar daardie regte nie behoorlik te beskerm teen delikte tussen private persone nie. Die staat het 'n plig om fundamentele regte te waarborg onder meer deur 'n behoorlike privaatregtelike skadevergoedingstelsel op te rig en te laat funksioneer, en deurdat die deliktereg inhoudelik ook die waardes van die handves van regte behoorlik weerspieël (sien hieroor Von Bar 207–208; ook in die algemeen Drion "Civielrechtelijke werking

van de grondrechten" 1969 *NedJbl* 589–591). Die duidelike verband tussen die aard van die strafreg (wat as publiekreg ooglopend binne die domein van die staat val en ook ten grondslag het om die gemeenskap te beskerm) en die deliktereg, is ook 'n aanduiding dat die staat nie eenvoudig die deliktereg en skadevergoedingsreg onaangetas mag laat nie maar moet verseker dat daar behoorlike remedies bestaan ten aansien van die skending van regte wat ook fundamentele menseregte is. Onaanvaarbare hindernisse in die weg van aksies, moontlike onrealistiese delikselemente (bv opset of sekere regverdigingsgronde), aantastings van die algemene gelykheidsbeginsel en selfs die toeganklikheid van die regsproses is maar enkele voorbeelde van aangeleenthede wat ter sprake sal kom.

Hoe die horisontale werking van die Suid-Afrikaanse handves ook al gaan wees, moet kennis geneem word van die feit dat selfs in Europese state wat 'n minimum van horisontale werking aanvaar, die deliktereg nietemin 'n uitsondering bied deurdat sterker horisontale uitwerking van fundamentele regte hier toepassing vind (sien Von Bar 1995 *RabelsZ* 211). Von Bar (*Deliktsrecht* par 554) som die posisie so op:

> "Denn mehr und mehr wird das Deliktsrecht im heutigen Europa als eine Form der Konkretisierung der verfassungsrechtlich verbürgten Freiheitsrechte begriffen" (sien verder Markesinis 1990 *MLR* 10 wat selfs praat van die "constitutionalisation of private law").

Deur sekere regte as fundamentele regte te erken, aanvaar die staat dus aanspreeklikheid om as regskepper en -instandhouer te sorg dat 'n behoorlike privaatregtelike vergoedingstelsel tot beskikking van sy onderdane is.

Wat Suid-Afrika betref, betree ons nou maar eers die era waar die inhoud en werking van die deliktereg aan grondwetlike norme en eise getoets sal word en daar geleidelike veranderinge kan intree. Die bepalings van die ontwerpgrondwet waarvolgens hoë waarde aan "human dignity" geheg word, is 'n belangrike impuls en norm vir sodanige ontwikkeling.

Dit is duidelik dat die historiese strafkarakter van die *actio iniuriarum* besondere moontlikhede in hierdie verband bied (sien in die algemeen Visser 1988 *THRHR* 487 oor bv die afskrikkingsgedagte by hierdie aksie). Dit is in die algemeen onnodig vir die Suid-Afrikaanse reg om byvoorbeeld die Amerikaanse voorbeeld van "punitive damages" te probeer naboots. Die veelsydige *actio iniuriarum* met sy verskillende doelstellings is die korrekte remedie solank die aangetaste fundamentele reg maar na die een of ander persoonlikheidsreg herlei kan word. Die tradisionele persoonlikheidsgoed wat veral relevant sal wees, is die *dignitas* (sien bv *Neethling's Law of personality* 48–49). Hierdie *dignitas*-begrip kan moontlik selfs vergelyk word met "human dignity" waarna telkens in die ontwerpgrondwet verwys word (bv kl 1 7 10 35; sien egter ook Cachalia ea *Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 33–34 wat meld dat die woord "dignity" ingevolge internasionale menseregte-instrumente verder as die Romeins-Hollandsregtelike betekenis daarvan strek). Dit is waarskynlik moontlik om die krenking van 'n verskeidenheid grondwetlike regte tot die *dignitas*, wyd verstaan, te herlei sonder dat die kwessie van belediging ter sprake kom. Skendings van fundamentele regte met betrekking tot die omgewing kan waarskynlik in bepaalde gevalle na die reg op die *corpus* herlei word terwyl regte betreffende byvoorbeeld vryheid van assosiasie en betoging moontlik met die liggaamlike vryheid, wyd verstaan, in verband gebring kan word. Die een of ander vorm van skade, hetsy in die vorm van vermoënskade of nie-vermoënskade

(persoonlikheidsnadeel) sal natuurlik vereis moet word alvorens daar van skadevergoeding of genoegdoening sprake kan wees. Die skuldvereiste kan ook in gedrang kom en hier sal daar waarskynlik in bepaalde gevalle van opset afgesien moet word en bloot nalatigheid vereis word (sien bv *Neethling's Law of personality* 64–66).

Wat die kwessie van *eisoorsaak* betref (bv Visser en Potgieter 130 ev), moet daarop gewys word dat dit onwenslik sal wees om in geval van die krenking van 'n fundamentele reg waar 'n vergoedingseis relevant is, aparte eisoorsake te erken byvoorbeeld ten aansien van *iniuria* en ten aansien van 'n eis om "grondwetlike skadevergoeding" (sien die verwysing hierna deur Van Schalkwyk R 241H). Die posisie behoort eenvoudig te wees dat waar daar reeds 'n voldoende gemeenregtelike eisoorsaak bestaan, die relevansie van die feit dat die skending van 'n fundamentele reg ter sprake is, bloot is dat dit die kwantum van genoegdoening kan beïnvloed ten einde die ernstigheidsgraad van die delik te beklemtoon (245D–246I). Die bestaande beginsels ten aansien van kwantumbepaling is soepel genoeg om hierdie feit te kan akkommodeer (vgl in die algemeen Visser en Potgieter 402 ev oor die kwantum van vergoeding by nievermoënskade). Waar 'n nuwe eisoorsaak binne die raamwerk van die bestaande deliktereg deur die hof geskep word, kom die vraag van twee eisoorsake nie ter sprake nie aangesien dit dan juis gaan oor die erkenning van 'n eis wat die gemenereg sonder die nodige aanpassing nie sou toestaan nie.

Ten slotte kan gemeld word dat dit verblydend is om kennis te neem van die hof se bevestiging *in casu* dat die huidige Suid-Afrikaanse deliktereg in die algemeen voldoende is om die eise wat die nuwe grondwetlike bedeling stel, te kan hanteer (bv 237E–F). Die bestaande deliktereg is volgens internasionale standaarde in die algemeen 'n gesofistikeerde stelsel wat beslis nie radikale aanpassing nodig het nie. Hierdie feit beteken natuurlik nie dat verdere ontwikkeling, verfyning en akkommodering van die posisie rakende fundamentele regte onnodig is nie. Die geldende deliktereg en die delikteregwetenskap gaan sekerlik voordeel trek uit die nuwe impulse vanuit die grondwetlike terrein. Daarby sal die gemeenregtelike persoonlikheidsreg waarskynlik ook 'n belangrike rol speel in die uitleg en toepassing van gelyknamige fundamentele regte soos die reg op privaatheid, die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon ensovoorts.

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

TO TAX OR NOT TO TAX: VAT IS THE QUESTION

Strydom v Duvenhage 1996 3 SA 27 (NC)

1 Introduction

Value-added tax (VAT) is a classic example of an indirect tax. Section 7(1) of the Value-Added Tax Act 89 of 1991 provides that the vendor must charge VAT on all taxable supplies made by him. In terms of section 7(2) of that Act, VAT is payable by the vendor who makes taxable supplies. In other words, the vendor

(as the supplier of goods or services) is the taxpayer. The end-result is that the recipient of the taxable supply bears the tax, but the liability as against the fisc rests with the vendor. Transfer duty, on the other hand, is a direct tax. In terms of section 2(1) of the Transfer Duty Act 40 of 1949, transfer duty is levied on the person who acquires property (as defined). In other words, the recipient of property is the person who pays the tax and bears the tax burden.

Where immovable property changes hands, the position is as follows: If VAT is payable, the taxpayer is the supplier of the property (although the supplier will recover the tax payable from the recipient). If transfer duty is payable, it must be paid by the recipient (the person who acquires the property). Although their respective tax bases overlap, VAT and transfer duty cannot be paid on the same acquisition of property. Section 9(15) of the Transfer Duty Act exempts any acquisition of property from transfer duty if VAT was payable and the transferor certifies that VAT has been paid to him by the transferee and has been accounted for by the transferor in a relevant tax return. When the Value-Added Tax and Transfer Duty Acts are read together, section 9(15) of the Transfer Duty Act clearly has the effect that transfer duty is levied only if VAT is not applicable. Where "property" (as defined in the Transfer Duty Act) is acquired, the first issue to be settled from a VAT/transfer duty point of view, is whether the supplier of the property is a registered vendor. If it is a VATable supply, VAT *must* be charged (s 7(1) of the Value-Added Tax Act) by the vendor. If not, VAT *cannot* be charged. In principle, the recipient is then liable for transfer duty. Should a contract for the acquisition of property fail to mention anything about tax liability, the fisc will seek to extract VAT from the supplier (registered vendor) if the transaction is VATable, whilst the recipient will be liable for transfer duty if VAT is not payable.

In terms of the Value-Added Tax Act (hereinafter "the Act") vendors are saddled with various responsibilities regarding the charging, assessing and collection of VAT. In other words, the primary obligation for payment of VAT in terms of this Act rests with vendors. Only under exceptional circumstances will the recipient of a taxable supply be burdened with a direct responsibility against the fisc (s 7(1)(b) and (c) read with s 7(2) of the Act).

2 Facts and decision

In *Strydom v Duvenhage* (also reported as *Strydom v KBI* [1996] 2 All SA 194 (NC)) the court had to deal with a situation where transfer duty was mistakenly paid, instead of VAT.

The applicant bought certain farms from the executrix of a deceased estate (first respondent) at a public auction. The deed of sale provided that the seller would be liable for the payment of the advertising costs, the auctioneer's commission and VAT thereon, and that the costs pertaining to the conditions of sale, *transfer duty*, transfer and small disbursements were payable by the purchaser. The estate's bookkeeper was unaware that the deceased had been a vendor and that, in terms of section 53(1) of the Act, the executrix was therefore deemed to be a vendor in respect of the enterprise previously carried on by the deceased in relation to anything done in connection with the termination of the enterprise. In fact, both the applicant and the first respondent were vendors. Applicant had initially paid transfer duty in respect of the sale and claimed the notional input tax available in terms of the Act (s 1 read with s 16) which amounted to much more than the transfer duty paid by him. Soon afterwards the Commissioner for

Inland Revenue (second respondent) informed the parties that, because first respondent was a vendor, VAT and not transfer duty was payable. The transfer duty was refundable (s 20 of the Transfer Duty Act). As it was now common cause that the sale of the farms constituted a "taxable supply", the question arose: Who was responsible for the payment of VAT? The answer to this question depends on the interpretation of section 64(1) of the Act which reads as follows:

> "Any price charged by any vendor in respect of any taxable supply of goods or services shall for the purposes of this Act be deemed to include any tax payable in terms of section 7(1)(a) in respect of such supply; whether or not the vendor has included tax in such price."

Basson J held that section 64(1) only applies to a situation where a vendor *unilaterally* decides on a price, for example a shopkeeper who sells items in his shop at a specified price. Where a price has been arrived at through negotiation, the provisions of the agreement (rather than s 64(1)) must be considered to determine who is liable for the payment of VAT. *In casu* it was held that the contract provided that transfer duty was payable by the purchaser, in other words that the purchaser would pay an additional amount above the purchase price. Therefore, VAT and transfer duty could be equated, so that the purchaser should pay an additional amount of VAT. The court further held that it was unnecessary to rectify the contract to this effect, as it was a tacit term of the contract that, should VAT be payable (instead of transfer duty), the purchaser would be liable for payment thereof in addition to the price.

3 Comment

3 1 "A rose by any name . . ."

As mentioned above, VAT and transfer duty are two different taxes – despite the fact that their bases overlap. The following statements by Basson J, treating these two taxes on par, are therefore worrying:

> "Hereregte is maar 'n vorm van belasting betaalbaar by oordrag van vaste eiendom. Net so is BTW 'n vorm van belasting betaalbaar in plaas van hereregte in die besondere omstandighede van hierdie saak . . ." (33C–D)

> "Dit kon nooit, en was nooit, die bedoeling van die partye dat die verkoper belasting ten aansien van die transaksie moes betaal as die belasting 'n ander naam (BTW) sou hê nie" (34B).

Although Basson J referred to section 9(15) of the Transfer Duty Act (32I–33A 33G), his viewpoint seems to be that VAT is payable if transfer duty is not (33C). As indicated *supra*, transfer duty is payable when VAT is not. The correct emphasis is important. It may have a bearing on how one interprets the Value-Added Tax and Transfer Duty Acts and how one applies the provisions of these Acts in a particular case. In the case of VAT primary liability rests with the vendor; in case of transfer duty, with the recipient. The obligation which the Act places on the vendor has not, it is submitted, received enough attention in this case.

3 2 "A comedy of errors"

The court's decision *in casu* is based on a very narrow interpretation of the scope of section 64(1). It is important to note that the English text of section 64(1) (quoted *supra*) uses the word "any" with reference to "price", "vendor" and "taxable supply". The Afrikaans text uses "'n". It is submitted that "any" normally

has a much wider meaning than "'n" – which can only be translated as "a". The English text, not referred to by the court, was signed and should thus enjoy preference. The court's interpretation of section 64(1) is too narrow and is incorrect in some respects – as is indicated below.

3 2 1 Literal interpretation of the words used

In terms of the so-called literal approach to the interpretation of statutes, words should generally be accorded their ordinary grammatical meaning within the context in which they are used. Deviation is allowed only to avoid absurdity or to resolve ambiguity (see Devenish *Interpretation of statutes* (1992) 26–33). The ordinary grammatical meaning of the word "any" as defined in *The Shorter Oxford English dictionary* (1973) 84(6) refers to "anyone, anybody ... any persons" (see also Black *Black's law dictionary* (1979) 86(6); Hiemstra and Gonin *Trilingual legal dictionary* (1992) 9. It is also discussed in *Asprint Ltd v Gerber Goldschmidt SA Ltd* 1983 1 SA 254 (A) 261B–G). The word "charge" merely means "to state as the price due for" (see *The shorter Oxford English dictionary* 316 11(10); Hiemstra and Gonin 22; Black 211). There are no indications that the legislator intended that section 64(1) should be limited to certain types of transactions only. If it were the intention of the legislator to limit section 64(1) to situations where the price is set by the seller, surely it would have stated this clearly. It would not have used "any price", "any vendor", or "any taxable supply". The court's restrictive interpretation (32D) cannot be correct. A court may not *mero motu* depart from the literal meaning of words to escape the consequences of the application of the statute which is considered absurd or unjust by subjective standards (see Devenish 11).

Although the literal method of interpretation has been subjected to criticism as it does not facilitate a composite and contextual approach, it is nevertheless still applied by the courts (see *idem* 30).

3 2 2 General purport of the Act

The purposive approach (see Botha *Statutory interpretation* (1996) 33; Devenish 35) in terms of which one looks at the general purport of the Act, read as a whole, also suggests a wider interpretation than Basson J would permit. As stated *supra*, the Act places liability and responsibility squarely on the vendor. If the Act generally saddles the vendor with the obligation to account for VAT, surely section 64(1) strengthens (rather than weakens) this notion.

3 2 3 Distinction between unilateral and negotiated prices

According to Basson J, section 64(1) applies only where a vendor sets a price "unilaterally" (32C–D). In support of his view, he cited the example of a shopkeeper selling goods at certain prices in his shop. It is trite law that one of the parties to a contract of sale cannot *unilaterally* set a price (see Mostert, Joubert and Viljoen *Die koopkontrak* (1972) 13; *Westinghouse Brake & Equipment v Bilger Engineering* 1986 2 SA 555 (A) 574B–C).

If it is Basson J's view that only cases involving a haggling about the price imply a price set by negotiation ("onderhandeling"), it conflicts with the general principles of the law of contract. When a shopkeeper sets prices for the goods in his shop, he is merely inviting offers from the public to conclude contracts of sale (see the *locus classicus* in *Crawley v Rex* 1909 TS 1105 1108). His intention to sell at a specific price does not imply that the price is set "unilaterally". When

a member of the public reacts to this invitation, this is construed as an offer to buy the advertised or displayed goods. If the dealer accepts this offer, consensus is reached on all essential terms (including the price) and a contract concluded. "Accepting" a displayed or advertised price does not rule out consensus. Furthermore, if the shopkeeper's "pricing" is merely an invitation to do business, it is indeed an advertisement. Advertisements are covered by the explicit wording of section 65 (see *infra*). Lastly, if a distinction has to be drawn, what criteria or objective test should be used to decide if a price was set "unilaterally" or through "negotiation"?

3 2 4 "[W]hether or not the vendor has included tax in such price"

According to the court (32G), the last part of section 64(1), namely "whether or not the vendor has included tax in such price", suggests that the section cannot apply to "negotiated" prices because this would imply that, regardless of an agreement between the parties that VAT still has to be added to the price, the price is deemed to include VAT. This deduction is incorrect. This phrase was added to section 64(1) by section 36 of the Taxation Laws Amendment Act 136 of 1992. According to clause 36 of the Explanatory Memorandum (W.P.1–'92) this amendment "negatives (*sic*) any suggestion that where tax is payable, it is not recoverable from the vendor because he has not included it in his price". It was clearly not meant to prevent contracting parties from providing for the payment of VAT (in addition to the price), but to prevent a vendor from claiming that he is not liable for VAT where VAT has *not* been included in the (negotiated) price – for instance because of ignorance or absence of thought.

3 2 5 Interaction between sections 64(1) and 65

Section 65 reads as follows:

> "Any price advertised or quoted by any vendor in respect of any taxable supply of goods or services shall include tax and the vendor shall in his advertisement or quotation state that the price includes tax, unless the total amount of tax chargeable under section 7(1)(a), the price excluding tax and the price inclusive of tax for the supply as advertised or quoted by the vendor . . ."

This section imposes a duty on a vendor ("*shall* include tax . . . and the vendor . . . *shall* state that the price includes tax . . .") and a contravention thereof is an offence (s 58 of the Act). Section 65 refers to the *pre-contractual* phase where vendors use advertisements or quotations. It also pertains to shopkeepers and traders advertising by way of "price tickets" and "displays" who, according to the court *in casu*, sell goods at "unilaterally" fixed prices (32D). Basson J's example of a section 64(1) situation accords exactly with what is envisaged by section 65. If "unilateral price fixers" are provided for expressly in section 65 and section 64(1) does not apply where prices are reached by agreement (according to the court), section 64(1) would in effect be redundant. This does not accord with one of the most important presumptions applied in the interpretation of statutes, namely that legislation does not contain futile or meaningless provisions (see Devenish 207; Botha 53).

3 2 6 Contract between the parties

Basson J believed that if VAT is not expressly mentioned in an agreement, this does not necessarily imply that VAT is deemed to be included in the price (32G–H). According to the court the contract (intention of the parties) must then

determine whether VAT is included in the price. It could be argued that section 64(1) was enacted precisely to prevent litigation on this issue.

The Act is based on the New Zealand Goods and Services Tax Act 1985 (GST Act). In the New Zealand *Taxation Review Authority Case 68* (1990) 15 TRNZ 36 47 the following was stated:

> "Generally the parties do not determine when and if GST is charged. It is charged by virtue of the provisions of the Act and not by virtue of the intentions or terms of the contract made by the parties, although the contract is normally a necessary incident of the application of GST to a transaction."

The New Zealand GST Act does not contain a provision similar to section 64(1). However, in *New Zealand Refining Company Ltd v Attorney-General* (1991) 16 TRNZ 685 it was held that *prima facie*, GST is included in a consideration. Once the consideration has been paid or the supply made, the supplier can have no entitlement to seek a further payment if he has forgotten about the tax.

3 2 7 Terminology

It is not clear to what extent the court was familiar with the all-important VAT concepts of "input tax" and "output tax". These terms are not mentioned anywhere in the judgment. Furthermore, the court's use of the phrase "geagte BTW" ("deemed VAT"), instead of "denkbeeldige insetbelastingkrediet" (notional input tax credit) (30C), is worrying.

4 "Much ado about nothing"?

A few relevant issues, not sufficiently addressed by the court, should be mentioned.

First, the first respondent's negligence as regards her VAT status was not canvassed at all. This is difficult to understand in the light of the purport of the Act generally and sections 46(g), 48 and 49 specifically. A non-registered person who should be registered as a "vendor" is charged with the same obligations and liabilities as a vendor (see "vendor" in s 1 of the Act). It seems strange, then, that a vendor who is unaware of her VAT status should be deemed by the court to fall outside the scope of section 64(1). Surely it was primarily the first respondent's ignorance that resulted in the absence of a reference to VAT in clauses 8 and 16 of the contract?

Secondly, it was inferred by the court that the parties tacitly agreed that the applicant (the purchaser) would be liable for VAT, should transfer duty not be payable. Basson J stated (34H):

> "As in die onderhawige geval vir die partye gevra sou gewees het: 'Wat sal gebeur as hereregte nie betaalbaar is nie maar wel BTW?' sal die partye *vanselfsprekend* geantwoord het dat die koper dan BTW moet betaal."

Although such an inference is possible, it is debatable whether it is self-evident ("vanselfsprekend"). If transfer duty was indeed payable (as was mistakenly thought to be the case), applicant would be entitled to a notional input tax credit amounting to R39 317,82 (ie 10/110 × R432 496,06) while paying only R19 624,80 in transfer duty.

He stood to "gain" R19 693,02 under these circumstances. (This loophole, which existed since the introduction of VAT on 1991-09-30, has been closed by s 9(1)(c) of the Taxation Laws Amendment Act 20 of 1994.) If the executrix's VAT status had been known to the applicant, he may not have been prepared to

pay the original price as well as additional VAT. It is furthermore stated that applicant *denied* that he had agreed to pay VAT in addition to the purchase price (33H). It could be argued that the windfall gain in fact persuaded the applicant to buy. Even a conjecture like this may lead to the conclusion that it cannot be said, on a preponderance of probabilities, that it was self-evident that the parties would have agreed that the purchaser was liable for VAT in addition to the agreed amount. Also, the farms were bought at a public auction by applicant's wife as his agent (29I). To what extent could there have been room to read a tacit term into the contract, where neither of the parties was directly involved at the time the contract was negotiated (34J)? It is submitted that these aspects should have been canvassed in more detail.

5 "All's well that ends well"?

The court implied that the end-result would be inequitable if the applicant were to get away "scot free". However, one could ask whether it is equitable to "circumvent" section 64(1) and allow the negligent executrix to add VAT to a price fixed at a public auction. Section 64(1) of the Act is on the statute book specifically to prevent a vendor who has already concluded a contract from charging any further amount as output tax or from denying liability for payment of output tax because VAT was not charged. Section 64(1) is concerned with equity from the point of view of receivers of taxable supplies generally, rather than equity from the point of view of a specific ignorant vendor making taxable supplies. The fact that first respondent stands to lose a fair amount by way of output tax which is deemed to be included in the price paid (following the broad interpretation of s 64(1)), whilst the applicant only loses his windfall gain on the other (the narrow interpretation favoured by the court *in casu*), should not have clouded the issue.

RCD FRANZSEN
BA VAN DER MERWE
University of South Africa

REGSONSEKERHEID IN DIE LASTERREG IN DIE LIG VAN DIE GRONDWET – DIE PAD VORENTOE?

Bogoshi v National Media Ltd 1996 3 SA 78 (W);
Holomisa v Argus Newspapers Ltd 1996 2 SA 588 (W)

Hierdie twee beslissings van dieselfde afdeling van die hooggeregshof bevestig die uiteenlopende benaderings van die howe tot die lasterreg in die lig van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993. Aan die een kant is daar die beslissings, waarby die *Holomisa*-saak aansluit, wat die standpunt huldig dat die lasterreg in die lig van die Grondwet drasties hersien moet word, veral wat die bewyslas en vryheid van spraak (a 15 van die Grondwet) as verweer betref (bv *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W); *Jurgens v Editor, Sunday Times Newspaper* 1995 2 SA 52 (W); *Gardener v Whitaker* 1995 2 SA 672 (OK)).

Die teenoorgestelde benadering, waarmee die *Bogoshi*-saak vereenselwig kan word, word weer deur byvoorbeeld die volgende sake gevolg: *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 49 (T); *Potgieter v Kilian* 1995 (11) BCLR 1498 (N). Hierdie tweeledige benadering veroorsaak regsonsekerheid wat die appèlhof hopelik in die afsienbare toekoms sal kan besweer.

In *Bogoshi* was die eiser se aksie op die publikasie van 'n aantal na bewering lasterlike artikels in 'n koerant gebaseer. Die aanvanklike verweer was afwesigheid van *animus iniuriandi* (op grond daarvan dat die verweerders *bona fide* en sonder die bedoeling om die eiser te benadeel, gepubliseer het), en alternatief dat die artikels waar en in die openbare belang was. Daarna beroep die verweerders hulle ook daarop dat publikasie nie onregmatig was nie op grond van artikel 15 van die Grondwet wat vryheid van spraak en van die media waarborg. Alternatief maak die verweerders staat op artikel 15 saamgelees met artikel 35(3) wat inhou dat by die vertolking van enige wet of by die toepassing en ontwikkeling van die gemenereg en die gewoontereg, die gees, strekking en oogmerke van die handves van fundamentele regte (hfst 3 van die Grondwet) behoorlik in ag geneem moet word. Volgens die verweerders wysig die toepassing van hierdie twee artikels die bestaande lasterreg met betrekking tot strikte aanspreeklikheid van die pers (*Pakendorf v De Flamingh* 1982 3 SA 146 (A) 157) en die beginsel dat die verweerder 'n volle bewyslas het om onregmatigheid te weerlê (*Neethling v Du Preez; Neethling v The Weekly Mail* 1994 1 SA 708 (A) 770).

Op die veronderstelling dat die handves van fundamentele regte horisontale werking het wat die lasterreg betref, moet volgens regterpresident Eloff (82F–I) in eerste instansie uitgemaak word of die verweerders reg het dat artikel 15 die gemenereg soos vervat in die *Pakendorf*- en *Neethling*-saak wysig. Die belangrikste gesag waarop die verweerders hulle vir hierdie argument beroep, naamlik *Gardener v Whitaker supra*, word deur regter Eloff verwerp (82I–84F), en wel op die volgende drie gronde:

(a) In teenstelling met wat regter Froneman in *Gardener* beslis, moet volgens regter Eloff geen besondere betekenis geheg word aan die feit dat die reg op die *fama*, anders as die reg op vryheid van spraak, nie uitdruklik in die Grondwet vermeld word nie aangesien eersgenoemde reg onder die reg op waardigheid in artikel 10 tuisgebring kan word. (Oor lg aspek bestaan daar, met die uitsondering van die *Potgieter*-saak *supra* 1529–1530, in die algemeen eenstemmigheid: sien die *Gardener*-saak *supra* 690–691; die *Holomisa*-saak 606E; vgl *Mandela supra* 258–259; sien ook Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1996) 20 vn 130; Neethling en Potgieter "Laster: die bewyslas, media-privilegie en die invloed van die nuwe Grondwet" 1994 *THRHR* 516–517; Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 14 vn 84.)

(b) Tweedens ontken regter Eloff dat die reg op vryheid van spraak dieselfde gewig as die reg op waardigheid (inbegrepe die reg op die goeie naam) dra. Hy steun veral op die beslissing van die konstitusionele hof in *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC) 451 waar president Chaskalson verklaar dat die "rights to life and dignity are the most important of all human rights . . . [W]e are required to value these two rights above all others". (Soos reeds voorheen aangedui, steun ons hierdie standpunt ten volle: Neethling en Potgieter "Aspekte van die lasterreg in die lig van die Grondwet" 1995 *THRHR* 712–713.)

(c) Derdens verskil hy ook van regter Froneman se standpunt dat die gemenereg vryheid van spraak aan die reg op die goeie naam ondergeskik stel (84A). Regter

Eloff verklaar (met verwysing na *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Esselen's Estate* 1994 2 SA 1 (A) 25):

> "I believe that our common law was interpreted and applied so as to achieve an equitable balance between freedom of speech and the protection of a person's reputation."

(Ons vereenselwig ons ook met hierdie standpunt dat vryheid van spraak, soos vergestalt in die tradisionele regverdigingsgronde, in die gemenereg in beginsel op gelyke vlak met die reg op die goeie naam staan (Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 711).)

Gevolglik besluit regterpresident Eloff dat die *Gardener*-uitspraak verkeerd is en dat artikel 15 van die Grondwet bygevolg nie die gemenereg wysig met betrekking tot die aanspreeklikheid van die media vir laster nie (84E–F):

> "The right of free speech is subject to the right of a person such as the plaintiff *in casu* to preserve his reputation unblemished. The defendants can only escape liability (if it is found that the statements are defamatory and were published by the defendants) if they can at least establish that what they said was true. It is no answer to say that the articles were published in good faith and without the intention of defaming the plaintiff, and that the articles concern matters of public interest."

In *Holomisa* het 'n politieke amptenaar sy lasteraksie gebaseer op na bewering valse aantygings in 'n koerant aangaande sy optrede as militêre leier van die Transkei. Die verweerder beroep hom, soos in *Bogoshi*, op artikel 15 van die Grondwet wat volgens hom impliseer dat 'n lasteraksie van 'n openbare figuur (amptenaar) net kan slaag indien die eiser bewys dat daar 'n gesindheid analoog aan *animus iniuriandi* (*dolus eventualis* inbegrepe) by hom aanwesig was (met verwysing na die Amerikaanse beslissing in *New York Times Co v Sullivan* 376 US 254 (1964)).

Regter Cameron (597F) aanvaar dat hoofstuk 3 (fundamentele regte) bedoel was om ook 'n rol te speel in geskille tussen onderdane onderling. Gevolglik besluit hy (598E) dat

> "it would be improper to consider the defences available to a defendant in a defamation action without taking into account, as between defendant and plaintiff, the fact that s 15(1) guarantees *every person* 'the right to freedom of speech and of expression'".

Met verwysing na die verweer dat die eiser *animus iniuriandi* aan die kant van die verweerder moet bewys, is regter Cameron (599A–601G) van mening dat, gesien in die lig van die feit dat die pendulum met betrekking tot sekere gevalle van *iniuria* weg van die dader se subjektiewe gesindheid swaai in die rigting van 'n objektiewe beoordeling van regverdiging ("justification") vir sy optrede, bedoelde verweer nie "*on the defamer's state of mind* (animus iniuriandi) [fokus nie], *but on the objective circumstances that make publication lawful*" (599A). Ten einde aan hierdie benadering gevolg te gee, is die regter van oordeel dat die bestaande lasterreg ingrypend deur die nuwe grondwetlike bedeling geraak word (601G–606B) en dat regverdiging in die lig van konstitusionele waardes (in besonder die reg op vryheid van spraak) (606C–613C) uitloop op 'n nuwe regverdigingsgrond (613D–618E), naamlik dat

> "free and fair political activity is constitutionally protected, even if false, unless the plaintiff shows that, in all the circumstances of its publication, it was unreasonably made" (618E).

By die bespreking van die aard van hierdie regverdigingsgrond – wat ons kortweg *politieke privilegie* noem – is regter Cameron in eerste instansie van mening

dat die Amerikaanse benadering in *Sullivan* ontoepaslik en onwenslik vir ons reg is (613G–615F), veral omdat "it gives wholly insufficient weight to an individual's right of reputation" (615B) (vgl ook ons bespreking oor die hoë premie wat die mens op sy goeie naam plaas in 1995 *THRHR* 712–713). Sy regverdiging vir die erkenning van die nuwe regverdigingsgrond verwoord regter Cameron soos volg (616I–617B):

> "Our constitutional structure seeks to nurture open and accountable democracy. Partly to that end, it encourages and protects free speech and expression, including that practised by the media. If the protection the Constitution affords is to have substance, there must in my view be some protection for erroneous statements of defamatory fact, at least in the area of 'free and fair political activity'. These considerations led the Australian High Court to adopt a standard of reasonableness as a justification for publishing false defamatory statements. The High Court imposed on the defendant the burden of proving entitlement to constitutional protection. As I have already indicated, the structure of the South African Constitution seems to me to indicate that the plaintiff, who seeks to inhibit speech in the area of free and fair political activity, should bear the onus of proving that the defendant has forfeited entitlement to constitutional protection."

Met verwysing na die posisie in Australië en die oplossing wat daar aan die hand gedoen is om die konflik tussen vryheid van spraak en die reg op die goeie naam te beredder, verklaar regter Cameron voorts (617C–E):

> "That resolution, it seems to me, lies in affording constitutional protection to one who exercises his or her right of free speech by publishing even false defamatory statements in the area of 'free and fair political activity', unless the plaintiff shows that the publisher acted unreasonably. In such a case the publisher would forfeit entitlement to constitutional protection.
>
> The reasonableness standard offers a powerful tool for resolving the difficulties inherent in protecting reputation while at the same time giving recognition to the role the Constitution accords free speech and expression. It will not be reasonable to publish most untrue statements of fact. Only due inquiry and the application of reasonable care will mark such conduct out for protection."

'n Aanknopingspunt vir die toepassing van hierdie beginsel van redelikheid in die Suid-Afrikaanse lasterreg, vind regter Cameron in die gesag wat nalatigheid (redelike man-toets) as aanspreeklikheidsvereiste vir laster steun (bv *Hassen v Post Newspapers Pty Ltd* 1965 3 SA 562 (W); Burchell *The law of defamation in South Africa* (1985) 193; sien ook ons bespreking in 1995 *THRHR* 713–714). (Dit spreek vanself – en Cameron R propageer dit dan ook nie – dat nalatigheid en onregmatigheid nie hiermee gelykgeskakel word nie.) Ongelukkig wou die regter hom nie uitlaat oor definitiewe en maklik toepasbare beginsels wat die grense van "politieke privilegie" as nuwe regverdigingsgrond omlyn nie (619G–620C).

Die uiteenlopende benaderings van die *Bogoshi*- en *Holomisa*-saak onderstreep die noodsaak dat die appèlhof so spoedig moontlik duidelikheid moet bring met betrekking tot hierdie belangrike aspekte van die lasterreg. Dat dit inderdaad die taak van die appèlhof is, is in die onlangse uitspraak van die konstitusionele hof in *Du Plessis v De Klerk* 1996 5 BCLR 658 (CC) par 64 bevestig.

Ter oorweging deur die appèlhof wil ons graag die volgende gedagtes opper. Alhoewel ons geen twyfel het nie dat die handves van fundamentele regte wel indirekte horisontale werking op die lasterreg het (soos ook duidelik uit die twee sake onder bespreking blyk; sien ook a 8 van die 1996-Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wetsontwerp), behoort die appèlhof na ons mening nie

geredelik te aanvaar dat die bestaande lasterreg, wat die kwessies van bewyslas, regverdigingsgronde en skuldlose aanspreeklikheid van die media betref, deur die handves gewysig is nie. In die besonder behoort nie sonder meer aanvaar te word dat die bestaande regverdigingsgronde onvoldoende ruimte aan die media bied om die openbare inligtingsbelang te bevredig nie, veral nie waar die uitbreiding daarop gemik is om die publikasie van *onware* beriggewing te regverdig nie – soos regter Cameron met betrekking tot die politieke terrein aan die hand doen. Soos ons vroeër reeds gesê het, kan die media waarskynlik deur middel van ondersoekende joernalistiek hul vryheid steeds voldoende binne die grense van die bestaande regverdigingsgronde uitleef (Neethling en Potgieter "Openbare belang as selfstandige verweer by laster" 1993 *THRHR* 326; 1994 *THRHR* 516).

Indien daar na die mening van die appèlhof in die lig van die Grondwet egter wel 'n behoefte aan verandering van die lasterreg bestaan, sou die volgende oorweeg kon word (vir 'n meer uitvoerige bespreking sien Neethling en Potgieter 1995 *THRHR* 711–713):

(a) Eerstens sou, wat die bewyslas betref, die status *ante quo* die *Neethling*-saak herstel kon word. Dit beteken dat die eiser die volle bewyslas dra om die skuldoorsaak (laster as *iniuria*) te bewys, maar dat die verweerder 'n *weerleggingslas* het om die vermoede van onregmatigheid (en dié van opset) te weerlê (sien Neethling, Potgieter en Visser 333–334; Neethling, Potgieter en Visser *Neethling's Law of personality* (1996) 153–154).

(b) Tweedens sou, wat die strikte aanspreeklikheid van die media weens laster betref, *nalatigheid* eerder as basis vir aanspreeklikheid aanvaar kon word (sien *Neethling's Law of personality* 181–182 vn 354; Burchell *Principles of delict* (1993) 184; vgl ook *Holomisa* 617F–618C).

(c) Derdens, wat die voorgestelde regverdigingsgronde "media privilegie" (Neethling en Potgieter 1994 *THRHR* 514–516) en "politieke privilegie" (sien hierbo) betref – wat op die oog het dat ook die publikasie van *onware* bewerings in die openbare belang, en daarom geregverdig mag wees – moet die aangeleentheid met die grootste omsigtigheid benader word; noukeurige riglyne moet daarom vir die begrensing daarvan neergelê word en behoort nie, soos regter Cameron doen, bloot op 'n vae "redelikheidsmaatstaf" gesteun te word nie. Ten minste die volgende faktore, benewens die oorwegings wat gewoonweg by die verweer waarheid en openbare belang in ag geneem word om te bepaal of die betrokke bewering in die *openbare belang* is (*Neethling's Law of personality* 166–167), behoort oorweeg te word (vir 'n vollediger bespreking sien Neethling en Potgieter 1993 *THRHR* 324–325):

Die redelikheid al dan nie van die stappe wat deur die verweerder gedoen is om die waarheid al dan nie van die publikasie te bepaal (anders gestel: die publikasie moet sover as wat redelikerwys moontlik is, met die waarheid ooreenstem) (vgl ook *Holomisa* 617E); die erns van die aangeleentheid waarop die laster betrekking het; die dringendheid van die kommunikasie aan die publiek; die feit dat die inligting van 'n betroubare bron afkomstig is; 'n onbehoorlike motief aan die kant van die verweerder; die noodsaaklikheid, nie alleen van die feit van publikasie nie, maar ook van die wyse waarop dit gedoen is; en die omvang van verspreiding en die mark waarop die publikasie gemik is.

Nieteenstaande herhaling wil ons ten slotte die vertroue uitspreek dat die appèlhof die moontlike hersiening van die lasterreg in die lig van die Grondwet

baie versigtig sal benader. Daar moet in gedagte gehou word dat as die deur vir wysigings oopgemaak word wat die reg op die goeie naam onredelik teenoor vryheid van spraak inperk, dieselfde ontwikkeling moeilik ten aansien van ander persoonlikheidsregte, soos dié op privaatheid, die eer, die gevoelslewe en die identiteit gestuit sal kan word.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

ACTIONS FOR WRONGFUL BIRTH AND WRONGFUL LIFE

Friedman v Glicksman 1996 1 SA 1134 (W)

1 Introduction

In this case an action for wrongful birth was allowed, but that for wrongful life was unsuccessful.

The action for wrongful birth is one instituted by the parent(s) of a disabled child against a medical doctor, genetic consultant or other person involved. It is based on the ground that the latter's omission to inform the parent(s) of the possibility that the unconceived or unborn child may be disabled, deprived them of the opportunity to decide whether to have the child or not. The action for wrongful life is, on the other hand, instituted by the disabled child, usually against a medical doctor, because the latter's omission to inform the parents about the disability or the failure (duly) to perform a medical procedure such as amniocentesis, deprived the parents of their choice whether or not they wanted the child. The action is based on the fact that, but for the doctor's omission to inform his or her parents, the disabled child would not have been born.

2 Facts of the case and decisions taken by the court

The plaintiff alleged that, when she was pregnant, she consulted the defendant, a specialist gynaecologist, to advise her about the risk that she might be carrying a potentially abnormal and/or disabled *foetus*. They agreed that the plaintiff wished to terminate her pregnancy if there was any risk greater than the normal of the unborn child being born abnormal and/or disabled. After carrying out certain tests, the defendant advised the plaintiff that there was no greater risk than the normal of having an abnormal and/or disabled child, and that it was quite safe for her to proceed to full term to give birth. This advice, however, was erroneous, and the child was born disabled.

The plaintiff alleged that the defendant had acted negligently in giving his advice, and this negligence was a breach of duty of care, and also a breach of contract. The contract was entered into when the parties agreed that the defendant would advise the plaintiff of the risk of her being pregnant with a potentially abnormal and/or disabled infant, so that she could make an informed

decision on her own behalf, and on behalf of the unborn child, whether to terminate the pregnancy.

The plaintiff claimed first of all in her personal capacity, for expenses of maintaining and rearing the child, and for all future medical and hospital treatment and other special expenses (the action for wrongful birth). Secondly, in her capacity as mother and natural guardian of the child, the plaintiff claimed, on behalf of the child, general damages and future loss of earnings (action for wrongful life).

The defendant excepted to the particulars of claim, as disclosing no cause of action cognisable in South African law. He argued that it would be against public policy to enforce this contract, as it would encourage abortion and thus be inimical to the right to life enshrined in section 9 of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 200 of 1993, and also to the generally recognised sanctity accorded by society to life and the process by which it is brought about.

The judge held that there was no substance in this submission as it is in contrast to the Abortion and Sterilization Act 2 of 1975, which states that an abortion may be procured where a serious risk exists that the child to be born will suffer from a physical or mental defect of such a nature that he or she will be irreparably seriously disabled (s 3(c)). The legislature therefore recognised that there are certain instances where it is in the interests of the parents, family and even society that a *foetus* not be allowed to develop into a disabled person with consequential financial and emotional problems. The mother is given the right to decide whether she would rather terminate the pregnancy, or continue to give birth to a disabled child. The judge held that an agreement between a pregnant woman and her doctor that he would advise her whether there was a greater risk than normal that she might have a potentially abnormal or disabled child so that she might make an informed decision on whether or not to terminate the pregnancy, is not *contra bonos mores* but sensible, moral and in accordance with modern medical practice. She is seeking to enforce her right in terms of section 3(c) of Act 2 of 1975 to terminate her pregnancy if there is a serious risk that her child might be seriously disabled (1138H–J).

The defendant submitted that the plaintiff had no cause of action in delict as the disabled child's condition was not caused by any act or omission on his part but was caused by a congenital defect arising at the time of conception. The court held that the defendant was employed to prevent, by way of giving proper medical advice, the birth of a disabled child. Because of his negligence, a disabled child was born, causing the plaintiff to incur considerable expense. The court further held that, if a doctor incorrectly informs a pregnant patient that she is not at a greater risk than normal to have an abnormal or disabled child, or fails to inform her that she is at a greater risk, when she reasonably requires such information in order to make an informed choice whether to terminate such pregnancy, he is delictually liable to her for the damage she has suffered by giving birth to an abnormal or disabled child. The fault element of the delict is to be found in the foreseeability of harm which the doctor-patient relationship gives to the doctor. If proper disclosure is not made, depriving the patient of her option, the damage she suffers by giving birth to a disabled child are caused by the fault of the doctor, provided that she would have terminated the pregnancy if the information had been made available to her. The claim for wrongful birth was thus successful.

As far as the claim for wrongful life is concerned, the court held that the mother, as mother and natural guardian of her abnormal or disabled child, cannot claim general damages and loss of future earnings on behalf of her child from the doctor who agreed to advise her, when she was pregnant, whether she was at a greater risk than normal of having an abnormal or disabled child, so that she could make an informed decision whether or not to terminate her pregnancy, and who incorrectly informed her that she was at no greater risk than normal.

The court held, first of all, that there can be no claim in contract, as the child's legal personality only commences at birth and an agent cannot claim on behalf of a non-existent principal, and secondly that the agreement cannot be a contract for the benefit of a third party, since the third party could only accept the alleged benefit (ie the termination of pregnancy) when it was no longer possible (after she was born) (1140F–H).

After discussing a number of American and English cases, the court held that no cause of action existed in delict either, first of all because the doctor owed no duty to the child to give the child's mother an opportunity to terminate the pregnancy, and secondly because it was impossible to calculate damages, as the only measure that can be used in calculating damages is the difference in value between non-existence and existence in a disabled state. No criteria can exist in law to establish such a difference. The plaintiff submitted that the proper measure of damages is that the child must be compensated for having to live in a disabled state. The court held that this is completely contrary to the measure of damages permitted in delict (1143A–B).

The court correctly held that although it recognised the *nasciturus* fiction as applied by Hiemstra J in *Pinchin v Santam Insurance Co Ltd* 1963 2 SA 254 (W), it was not necessary to apply it in this case, since the disabled child's action arose, not when the pregnancy was not terminated, but when she was born.

The court furthermore held that it would be contrary to public policy for a court to decide that it would be better for a person not to have the unquantifiable blessing of life rather than to have such life albeit marred by disability. It is thus contrary to public policy to say that it would be better for a person not to be alive rather than to live a disabled life.

Lastly the court held that to allow such a cause of action, would open the way of a disabled child to sue his or her parents because, having being informed of the possibility that they may have a disabled child, they nevertheless made an informed decision to have the child.

3 Discussion

The recognition of the action for wrongful birth is to be welcomed. The parent(s) of a disabled child must be compensated for damages incurred as a result of the birth of a disabled child, because a medical doctor, genetic consultant or other person involved failed to inform them of the possibility that their unborn child may be disabled, or wrongly informed them that the child was normal, depriving them of the opportunity to decide whether to have the child or not.

It is, however, far more difficult to recognise an action for wrongful life. First of all, life, in whatever form (disabled eg) is, legally speaking, not regarded as damage. To determine the presence of damage, the condition of the plaintiff before birth must be compared to the disabled condition after birth – no life must

therefore be compared to a disabled life. The court correctly held that this is impossible to do. Public policy decrees that any form of life, whether disabled or not, is better than no life. It is difficult to conceive of a condition of no life, as no life exists where there has never been any life.

There is, however, a new philosophy that has come to the fore that life is not always preferred to no life. It all depends on the circumstances of each case and the degree of disability. There are a few examples of conditions where pain and misery are such that no life is deemed to be preferable to life. (An example is the Lesch-Nyhan syndrome, which is a genetically-orientated-enzyme deviation marked by serious mental illness and motorical defects. Persons suffering from this syndrome usually eat their own lips and fingers, are hostile towards other persons and react to them by biting, hitting and spitting.)

Another problem is the calculation of damages, as the plaintiff must be placed in the position he or she would have been in had no negligent act occurred, in other words, in a condition of "no life". The person is alive (although disabled) and it is thus impossible to place him or her in a condition of no life. According to most courts, including Goldblatt J in the case under discussion, it is impossible to compare no life with a disabled life (eg *Becker v Schwarz* (1977) 400 NYS 2d 119 AD, (1978) 413 NYS 2d 895; *Parker v Chessin* (1977) NY A2d 80). Those courts which have allowed this action, have decided that the child must be compensated for his or her disability, without comparing no life to a disabled life – as the plaintiff in the case under discussion proposed (eg *Curlender v Bio-Science Laboratories* (1980) Cal App 3d 811, 165 Cal Rptr 477).

Another problem is the duty of a doctor towards an unborn child. The doctor has a duty to inform the *parents* of an unborn child that they may have a disabled child so that they may decide whether they would like to keep the child. What duty does the doctor have towards the unborn child? In the United States of America, a doctor has a duty to take care of a *foetus* in the third trimester of pregnancy (*Hartman v Jackson* (1978) Pa CP Phil, as referred to by Werthmann *Medical malpractice law: how medicine is changing the law* (1984) 118). In England, the position is regulated by section 1(2)(a) of the Congenital Disabilities (Civil Liability) Act of 1976, which provides that for a tort to be recognised, a plaintiff need not have been conceived or born when it was committed against him or her. A doctor therefore has a duty towards an unborn child to ensure that the unborn child is not prejudiced. He or she may then even have a duty to prevent or end life with a genetically-inherited defect. Should a doctor, however, have a duty towards an unborn child to prevent that he or she be born disabled, the child may have the right to be born "as a whole and functional human being". No such right can, however, be recognised, as no objective standard exists to determine what is understood by "whole and functional". What is "whole and functional" for one person is not necessarily the same for the next person (Louw "'Wrongful life': 'n aksie gebaseer op die onregmatige veroorsaking van lewe" 1987 *TSAR* 209). In the case under discussion, Goldblatt J thus correctly decided that the doctor owed no duty to the child to give the child's mother an opportunity to terminate the pregnancy.

In conclusion, Goldblatt J correctly decided that, to allow such an action for wrongful life would open the way for a disabled child to sue his or her parents, where they made an informed decision to have a disabled child. This would be immoral and untenable.

It therefore seems highly unlikely that an action for wrongful life will ever be recognised in South African law.

M BLACKBEARD
University of South Africa

DIE BORGKONTRAK, AKSESSORITEIT EN VERJARING

Bulsara v Jordan and Co Ltd (Conshu Ltd) 1996 1 SA 805 (A)

1 Agtergrond

Daar is in die verlede lank veronderstel dat stuiting van verjaring teen 'n hoofskuldenaar ook stuiting van verjaring teen die borg tot gevolg het (sien *Cronin v Meerholtz* 1920 TPD 407; *Volkskas Bpk v The Master* 1975 1 SA 69 (T)). Die effek van die beslissings was die volgende: Indien 'n krediteur vonnis neem teen die hoofskuldenaar maar nie teen die borg nie, bevind die borg hom in die onbenydenswaardige posisie dat hy (borg) vir 'n periode van 30 jaar, die verjaringstydperk vir 'n vonnisskuld, teenoor die krediteur aanspreeklik bly. De Wet het lank verkondig dat hierdie standpunt 'n onbillike toedrag van sake daarstel (sien De Wet en Van Wyk *Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* (1992) 124 350–351). In *Randbank v De Jager* 1982 3 SA 418 (K) bevind regter Baker na 'n deeglike ondersoek van die ou bronne dat die standpunt van De Wet korrek is. Die beslissing is ook gevolg in *Bank of Orange Free State v Cloete* 1985 2 SA 859 (OK).

In *Jordan and Co Ltd v Bulsara* 1992 2 SA 457 (OK) onderskei regter Mullins *Randbank v De Jager* egter van die aangeleentheid waaroor hy moes beslis. Hy merk ook op dat hy nie met die bevindings van regter Baker in *Randbank* saamstem nie. Die verweerder (Bulsara) appelleer egter teen hierdie uitspraak na die appèlafdeling. Dié hof het uiteindelik, of so het dit gelyk, die geleentheid gekry om oor die korrektheid van die *Randbank*-saak te beslis.

2 Feite

Die feite van die onderhawige saak was kortliks soos volg (807H–808G): (1) Op 29 Augustus 1985 het Bulsara hom teenoor die krediteur verbind as borg en medehoofskuldenaar vir sekere skulde van die hoofskuldenaar. (2) Op 20 Maart 1987 het die krediteur in die landdroshof dagvaarding teen die hoofskuldenaar uitgereik en beteken vir goedere verkoop en gelewer gedurende September tot Desember 1986. In appèl teen die uitspraak van die landdros het die Oos-Kaapse Provinsiale Afdeling op 23 Mei 1989 uitspraak gegee ten gunste van die krediteur. (3) Op 21 Mei 1990 het die krediteur in die landdroshof aksie ingestel teen Bulsara as borg en medehoofskuldenaar. Die dagvaarding is op 28 Mei 1990 beteken. (4) Op 14 Maart 1991 het Bulsara by wyse van 'n spesiale pleit die verweer geopper dat die krediteur se eis verjaar het. (5) Op 29 Augustus 1991 bevind die landdros dat verjaring wel plaasgevind het en handhaaf die spesiale pleit. Die landdros het verder bevind dat die oorspronklike skuld op 20 Maart 1987 opeisbaar en betaalbaar geword het, naamlik toe dagvaarding teen die hoofskuldenaar uitgereik en beteken is, op welke datum verjaring 'n aanvang

teen die hoofskuldenaar geneem het. Die landdros bevind voorts dat die vonnis op 23 Mei 1989 teen die hoofskuldenaar nie 'n novasie van die oorspronklike skuld tot gevolg gehad het nie en ook nie 'n nuwe eisoorsaak geskep het nie. (6) Die hof *a quo* moes beslis of die vonnis van 23 Mei 1989 teen die hoofskuldenaar 'n nuwe skuld daarstel waarvoor die hoofskuldenaar aanspreeklik is, en indien wel, of Bulsara as borg aanspreeklik is vir hierdie nuwe skuld.

3 Beslissing van hof *a quo*

Die hof *a quo* bevind dat die loop van verjaring teen die hoofskuldenaar kragtens artikel 15(1) van die Verjaringswet 68 van 1969 gestuit is met die uitreik en betekening van die dagvaarding op die hoofskuldenaar op 20 Maart 1987; dat die vonnis van 23 Mei 1989 'n nuwe eisoorsaak teen beide hoofskuldenaar en borg (Bulsara) daarstel; en dat met betekening van die dagvaarding op Bulsara die nuwe skuld nog nie verjaar het nie. Die hof *a quo* handhaaf die appèl van die krediteur met koste.

4 Argumente in appèl

Namens die appellant is geargumenteer dat die bewoording van die borgakte nie wyd genoeg is om 'n vonnisskuld van die hoofskuldenaar teenoor die krediteur in te sluit nie. Voorts is betoog dat die bevinding ten aansien van hierdie submissie afhang van die behoorlike uitleg van die borgakte.

Die respondent se argument was tweeledig. Ten eerste argumenteer hy dat die eis van die krediteur teen Bulsara nie gebaseer is op die borgkontrak vir goedere verkoop en gelewer nie maar gegrond is op die borgakte vir 'n vonnisskuld wat 'n nuwe eisoorsaak daarstel. Tweedens argumenteer hy dat selfs al het die eisoorsaak gebaseer op die borgkontrak ten aansien van goedere verkoop en gelewer verjaar, die krediteur se huidige aksie teen Bulsara gegrond is op 'n onafhanklike nuwe eisoorsaak wat gebaseer is op die vonnisskuld van die hoofskuldenaar. Daardie eisoorsaak het op die vroegste eers op 23 Mei 1989 ontstaan en die dagvaarding teen Bulsara is op 28 Mei 1990 uitgereik – gevolglik kon die skuld nog nie verjaar het nie.

5 Regsvrae

Die eerste vraag wat die hof moes beantwoord, is of die vonnisskuld 'n *nuwe eisoorsaak* daarstel. Tweedens moes beslis word wat die regsverhoudinge tussen die hoofskuldenaar, die krediteur en die borg is. Die vraag handel spesifiek met die kwessie van *aksessoriteit* en moes beantwoord word ten einde die derde vraag, wat met verjaring handel, te kon beantwoord. Laastens moes die hof beslis of die eis van die krediteur teen die borg *verjaar* het.

6 Uitspraak

(a) Nuwe eisoorsaak Appèlregter Joubert bevind dat ten einde die vraag te beantwoord of daar vanweë die vonnis teen die hoofskuldenaar 'n nuwe eisoorsaak ontstaan het, daar uitsluitlik na die uitleg van die borgakte gekyk moet word (809B–809H). Hy verwys vervolgens na die belangrikste bepalings in die borgakte, wat soos volg lui:

> "I, the undersigned, Hammant Bulsara, do hereby interpose and bind myself as surety and co-principal debtor for the due and punctual payment of all amounts or any obligations which may *now or in the future* become due by Bulsara Outfitters

> in respect of goods sold and delivered by the creditor to the debtor or in respect of interest on overdue payments, legal costs or for *any other causes of debt arising out of such transactions*" (my kursivering).

Na uitleg van die bepalings van die borgakte kom die hof tot die gevolgtrekking dat die borgakte baie wyd gestel is en dat die partye bedoel het dat die borg hom aanspreeklik stel vir enige skuld wat sou voortvloei uit die transaksies van verkoop en lewering van goedere, wat ook insluit 'n vonnisskuld van die hoofskuldenaar vir goedere verkoop en gelewer (809H–J).

(b) Aksessoriteit Regter Joubert bevind dat die volgende regsverhoudings tussen die partye bestaan. In die eerste plek bestaan daar 'n regsverhouding tussen die krediteur en die hoofskuldenaar, synde die partye tot 'n koopkontrak vir goedere verkoop en gelewer. Hulle is die enigste partye tot hierdie kontrak wat aanleiding gee tot 'n kontraktuele skuld, ook bekend as die hoof- of oorspronklike skuld.

Die tweede regsverhouding is die kontraktuele ooreenkoms tussen krediteur en borg. Die borgkontrak is egter aksessoor tot die hoofkontrak tussen die krediteur en die hoofskuldenaar. Die hof verklaar tereg soos volg:

> "By signing the deed of suretyship as surety and co-principal debtor and by his renunciation of the exceptions of excussion, division and cession of action, Bulsara did not in law become a party to the principal contract between the creditor and the principal debtor [810C–D] . . . The position here is that the principal contract and the suretyship contract are two separate and distinct contracts existing side by side in respect of the same debt, viz the original debt. They give rise to two distinct obligations on the part of the principal debtor and Bulsara in respect of the original debt" (810D–F).

Die hof bevind dat die krediteur 'n keuse gehad het om beide partye gesamentlik in dieselfde aksie aan te spreek of om hulle afsonderlik in verskillende aksies aan te spreek. Die krediteur het egter besluit om eers die hoofskuldenaar en daarna Bulsara aan te spreek. Die hof bevind voorts dat daar geen verpligting op die krediteur was om beide die hoofskuldenaar en Bulsara gesamentlik op 20 Maart 1987 aan te spreek nie.

(c) Verjaring Die laaste vraag wat die hof moes beantwoord, is of die twee skulde uit onderskeidelik die hoofkontrak en die borgkontrak verjaar het al dan nie. Die hof bevind dat artikel 12(1) van die Verjaringswet bepaal dat verjaring 'n aanvang neem sodra die skuld opeisbaar is. Die betekenis van die woorde skuld en opeisbaarheid word dan uitgelê (810G–811A).

Appèlregter Joubert beslis dat ingevolge artikel 11(d) van die Verjaringswet die termyn van verjaring vir die hoofskuld drie jaar is. Toe vonnis op 23 Mei 1989 ten gunste van die krediteur teen die hoofskuldenaar verkry is, het die verjaringstermyn van 30 jaar toepaslik geraak ten aansien van hierdie eisoorsaak. Die verjaringstermyn ten aansien van skuld deur 'n borgkontrak verseker, is kragtens artikel 11(d) ook drie jaar. Hierdie eis het op 23 Mei 1989 ontstaan en dagvaarding is op 28 Mei 1990 uitgereik en op Bulsara beteken, wat binne die voormelde periode van drie jaar val. Die hof kom tot die gevolgtrekking dat die pleit van verjaring daarom nie kan slaag nie.

Ten laaste wys die hof daarop dat dit vir doeleindes van sy uitspraak onnodig is om te beslis oor die korrektheid van *Randbank v De Jager* 1982 3 SA 418 (K) en *Bank of Orange Free State v Cloete* 1985 2 SA 859 (OK) (811D–E).

7 Kommentaar

Die effek van hierdie uitspraak is dat die beslissing in *Randbank v De Jager* steeds goeie gesag is; die appèlafdeling het dus nie van die geleentheid gebruik gemaak om die korrektheid daarvan te bevraagteken nie. Dit is egter insiggewend dat appèlregter Joubert bevind dat ten spyte van die feit dat die skuld waarvoor die borg homself verbind het 'n vonnisskuld is, ten opsigte waarvan die verjaringstermyn 30 jaar is, die borg se aanspreeklikheid na drie jaar verjaar. By implikasie stem die appèlhof dan tog saam met die *Randbank*-saak aangesien daar beslis is dat verskillende verjaringstermyne ten opsigte van die hoofskuldenaar en die borg geld.

C LOUW
Universiteit van Pretoria

It follows that I am necessarily of the view that the legal convictions of the community have not yet reached the stage where they can sanction the dissolution of a marriage on paper, as it were, by way of application on motion. Public policy demands that a Court should consider granting a divorce only after it has had the opportunity of hearing the evidence of at least the plaintiff in an action claiming such relief. If it should feel the need for further, or corroborative evidence, it must be free to call for it (per Van Zyl J in *Ex parte Inkley and Inkley* 1995 3 SA 528 (C) 537).

BOEKE

HET VERTROUWENSBEGINSEL EN DE CONTRACTUELE GEBONDENHEID

deur JAN M SMITS

Handelsedisie Gouda Quint Arnhem 1995; xvii en 363 bl

Inleiding

Smits het in 1995 te Leiden gepromoveer met 'n proefskrif getiteld *Het vertrouwensbeginsel en de contractuele gebondenheid. Beschouwingen omtrent de dogmatiek van het overeenkomstenrecht*. Smits bewys hom as 'n baie grondig en wyd belese outeur. In nege hoofstukke behandel hy naas die wil, belofte, vertroue en *causa* as grondslag vir kontraktuele gebondenheid, temas soos die redelikheid en billikheid, die bronne van verbintenisse, die totstandkoming van die ooreenkoms, verryking, saakwaarneming, die *samenhang-criterium* (wederkerigheid) en die eensydige prestasiebelofte (skenking en toesegging).

In die eerste plek is dit interessant dat Smits die vertroue as grondslag vir gebondenheid as "te weinig dogmatisch" verwerp. Hy praat van die "Janusgesig" van die vertrouensbeginsel:

> "Het vertoont aan de ene zijde een aansprekend en daarmee praktisch legitimerend beginsel, aan de andere een gelet op de dogmatische eisen zo algemene maatstaf dat iedere (en dus geen enkele) gebondenheid ermee kan worden verklaard" (341).

Smits sien die vertrouensbeginsel as 'n onnodige omweg om tot gebondenheid te kom. Die proefskrif laat hom dan ook – in sy eie woorde (339) – lees as 'n langgerekte betoog omtrent die *gewenste* grondslae van die kontrakte- en orige verbintenissereg. Die grondslag vir kontraktuele gebondenheid vind Smits dan in die *causa*-leer, waaraan hy 'n eie invulling gee en wat omskryf word as die wederkerige samehang-kriterium of die wederkerige afhanklikheid van die prestasies (233–251).

In die tweede plek is dit interessant dat Smits se opvattings geheel en al ingebed is in sy eie regsvindingsteorie, wat hy in besonderhede in die eerste twee hoofstukke uiteensit.

Hierdie regsvindingsteorie kan 'n nuwe impuls gee aan die wedersydse bestudering deur Suid-Afrikaanse en Nederlandse juriste van mekaar se reg. Immers:

> "Saamwerking van Suid-Afrikaanse juriste met regsgeleerdes uit ander lande waar die reg ook uit die Romeins-Hollandse Reg gegroei het en waar daardie reg nou nog wetenskaplik beoefen word, is volgens ons oordeel die aangewese weg" (1937 *THRHR* 2).

Smits se beskouings aangaande die grondslag van kontraktuele gebondenheid sal binnekort geresenseer word deur Abas in die *Nederlands Tijdschrift voor Burgerlijk Recht* (*NTBR*) en deur Hartkamp in die *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* (*WPNR*). In hierdie boekbespreking kom die regsvindingsteorie aan die orde. Ter wille van duidelikheid is dit die beste om met die onderskeid tussen eenvoudige en moeilike gevalle te begin.

Eenvoudige en moeilike gevalle

Die onderskeid tussen *easy* en *hard cases* kom van die Amerikaanse regsfilosoof Dworkin. Volgens sy insig is 'n *easy case* 'n geval wat direk onder die toepassingsgebied van 'n duidelike regsreël val en wat aan die hand van dié regsreël beslis kan word. Daar is spráke van *hard cases* wanneer (a) daar geen regsreël te vinde is wat die geval kan beslis nie; (b) regsreëls bots; of (c) dit onduidelik is wat regsreëls vereis. Ook in dié gevalle het een van die gedingvoerende partye 'n *reg* op 'n beslissing in sy guns (die sg *rights thesis*) en die ander party 'n verpligting om daardie reg te eerbiedig (Dworkin *Taking rights seriously* (1994) 81 85 ev). Om dié reg te vind en vas te stel, vereis 'n afweging van beginsels (*idem* 114). Verskillende regters kan tot uiteenlopende bevindinge kom; dit misken egter dat een antwoord die beste is, naamlik die een wat in ooreenstemming met *the soundest theory of law* is. Dáárdie antwoord is dan die juiste oplossing (*the right answer*).

Daarmee is die sogenaamde *heuristiek* (die wyse waarop die regter sy beslissings vind) en *legitimasie* (die wyse waarop die regter sy beslissings motiveer vir andere) as 't ware inmekaar geskuif. In die proses van afweeg word die juiste antwoord in 'n enkele deurslaggewende regsbeginsel gevind en daarmee is die antwoord juis en dus gelegitimeer.

Die onderskeid verworpe?

Smits hou vas aan die Dworkiniaanse onderskeid tussen eenvoudige en moeilike gevalle. Hy verwerp nietemin laasgenoemde se siening van die rol van regsbeginsels. Daar sal nie net in 'n moeilike geval op regsbeginsels teruggeval moet word nie; ook by die gewone regstoepassing speel hulle 'n rol "al was het maar om impliciet de aanvankelijk aan de regel gehechte betekenis bevestigd te zien" (69). Die funksie van beginsels is ook dat hulle regsreëls 'n ander inhoud kan gee, kan herinterpreteer en herskryf (Nieuwenhuis *Drie beginselen van contractenrecht* (1979) 39 praat van 'n wisselwerking tussen regsbeginsels en regsreëls). As dit die geval is – en dit word hier aangeneem – is 'n belangrike konklusie dat beginsels die betekenis van regsreëls ook kan wysig en ontken. Die reël, wat *steeds* verduidelik moet word, kan nooit 'n alles-of-niks-karakter besit nie. Die reël het die beginsel nodig om begryp te word en het eweseer as die regsbeginsel 'n element van afweging in hom (*ibid*).

Die afweging wat Smits ten doel het, is kennelik dié van 'n regsreël teen beginsels, of as 'n mens wil, van die een regsreël teen die ander aan die hand van beginsels. Laasgenoemde stem ooreen met wat Dworkin betoog. Die eerste vorm, as dit is wat Smits bedoel om te sê, 'n regverdige kritiek teen Dworkin. Indien die betekenis van 'n onduidelike reël en die vraag of hierdie reël wel 'n reël van die positiewe reg is, gesien word in die lig van regsbeginsels wat daaraan ten grondslag lê (Dworkin 107 110–11 115–116), dan bepaal regsbeginsels of daar sprake van 'n *easy case* is of nie. Dit beteken dat beginsels by die beslissing betrek moet word al dan nie daar waar die betrokke beginsels bepaal

of hulle by die beslissing betrokke moet wees al dan nie. Dit is dan óf 'n sirkelredenasie, óf dusdanig dat die stelling sigself ontken.

"Reëlgevalle" en "problematiese gevalle"

Smits maak van 'n skema gebruik wat na dié van Dworkin lyk. Hy onderskei tussen "reëlgevalle" of standaardsituasies enersyds en "problematiese gevalle" andersyds. In 'n standaardsituasie (of reëlgeval) gaan *heuristiek* en *legitimasie* hand aan hand. In die oorgrote meerderheid gevalle kom dit voor of die reël geskik is en sonder meer toepasbaar op die betrokke geval te wees (74): 'n Standaardsituasie is dus in die regsreël neergelê waaroor, wat die juiste oplossing betref, in beginsel nie langer getwis hoef te word nie. Die regsreël is 'n gestandaardiseerde belange-afweging (75–76). Die omstandighede van die geval hoef nie 'n rol te speel by die bepaling van regverdiging vir die beslissing nie. Legitimasie geskied eenvoudig deur verwysing na die reël.

Maar wanneer die omstandighede van die geval te veel verskil van dié in die reëlgeval, kan nie daarop teruggeval word nie (*ibid*). Dan kom 'n mens by die problematiese gevalle. Volgens Smits speel omstandighede van 'n meer feitelike aard in dié geval 'n rol by die bepaling van die juiste oplossing. Hierin kom die invloed van die sogenaamde *probleemdenken* tot uiting: die feite, nie die regsreëls nie, bepaal watter resultaat juis is. Dit is die heuristiese funksie van die feitelike omstandighede van die geval, wat ooreenstem met die ideë van die "topica" en die hermeneutiek.

Volgens Smits is dit egter verkeerd om die oplossing ook in die feite te *legitimeer*. Daarvoor is die toevallige feitekonstellasies te talryk en uiteenlopend. Ter legitimasie van die beslissing dien na 'n vaster grondslag verwys te word. Daarom moet aanknopingspunte gevind word by die leerstukke van die burgerlike reg, "de vaste eilanden in de zee van het recht" (72–73). In dié leerstukke is die kennis en ervaring van eeue opgeneem.

Reëls en leerstukke

'n Leerstuk (*rechtsinstitut*) moet gesien word as 'n min of meer sistematiese en samehangende geheel van gevalle met bybehorende reëls. Die leerstukke bevat 'n

> "arsenaal aan reeds besliste en met elkaar in verband te brengen gevallen en geven daarmee een schat aan kennis omtrent een rechtvaardige wijze van recht doen".

Deur middel van gevalsvergelyking kan 'n mens in problematiese gevalle tot so 'n regverdig as moontlik oplossing kom (73). Die vergelyking kan verder gaan as die *hic et nunc*. Ook uit *casus*-posisies wat in verwante regstelsels beslis is – en stellig nog meer uit die regsgeskiedenis – kan argumente geput word. Ter wille van duidelikheid: met "argumente" bedoel Smits argumente ten gunste van die legitimasie, nie die heuristiek nie. Om die juiste beslissing te vind, is volgens Smits immers meer 'n kwessie van die afweging van feitelike omstandighede van die geval.

Kritiek op Smits (en Dworkin)

Smits se regsvindingsleer skep in 'n bepaalde opsig verwarring. Weliswaar maak Smits 'n onderskeid tussen die problematiese geval en die standaardsituasie (reëlgeval), maar hy is nie heeltemal konsekwent in hierdie onderskeiding nie. Eweas vir Dworkin, ontstaan daar vir Smits 'n probleem met betrekking tot die afgrensing tussen *easy* en *hard cases*.

In die problematiese geval, dit wil sê die geval waar daar nie 'n enkele standaardsituasie voorhande is nie, voldoen reëls nie en moet op leerstukke teruggeval word. Maar die leerstuk word gesien as 'n versameling van samehangende, deur die hele regsgeskiedenis heen besliste gevalle waar daar *altyd êrens 'n standaardsituasie aanwesig is*. Is Smits se gedagte dat dit nuttig is om te soek na 'n standaardsituasie terwyl dit – per definisie – nie teenwoordig is nie? Die antwoord is uiteraard ontkennend. Met die problematiese geval bedoel Smits die geval waarin *skynbaar* nie by voorbaat 'n standaardsituasie aan te wys is nie. Die werklike onderskeid is derhalwe tussen *verborge* standaardsituasies (problematiese gevalle) en *evidente* standaardsituasies (reëlgevalle, regsreëls) (78–79).

Hieruit volg dat die onderskeid nie eenvoudig te maak is nie. In die daaglikse regspraktyk is daar geen sprake van so 'n tweedeling nie. 'n Mens kan die ryke kasuïstiek wat die regspraak kenmerk op verskillende maniere beskou. In die eerste plek is dit moontlik om die klem te lê op die afbakening tussen vanselfsprekende en verborge standaardsituasies. Sekerlik bestaan daar ook minder ooglopende standaardsituasies, maar met 'n bietjie soek- of dinkwerk kan hulle darem tog gevind word. Gevolglik bestaan daar drie kategorieë gevalle en dus twee afgrensingsprobleme, naamlik tussen *evidente* situasies en situasies wat betreklik eenvoudig "ontdek" kan word, én tussen situasies wat betreklik eenvoudig ontdek kan word en verborge situasies. Dit lê dan meer voor die hand – en dit strook meer met die realiteit – om te aanvaar dat hierdie indeling van die kasuïstiek prakties nie gemaak kan word nie. Die oordeel aangaande vanselfsprekendheid of verborgenheid is nie van nature gegee nie maar hang in hoë mate van die juris se evaluasie af.

Vranken gaan uit van 'n geleideliker oorgang van eenvoudige na moeilik*er* gevalle (Asser-Vranken *Algemeen deel* (1995) nrs 85 88). Hy onderskei vyf groepe wat elk hul eie tipe probleme ken. So is daar die situasies waarin die toepaslike norm gegee is en op sigself nie omstrede is nie, maar nie sonder meer geskik is vir die omstandighede van die konkrete geval nie. Gevalle kan ook problematies word indien die feitelike omstandighede regstreeks onder die reël val, maar die toepaslike norm nie meer toepaslik is nie. Daar moet besin word, in die lig van veranderde of veranderende maatskaplike opvattings, of aanpassing van die norm moontlik is. Vervolgens is daar die situasies waar die norm aangetas is as gevolg van ontwikkelings op samehangende gebiede van die reg (nr 95), asmede wat Vranken noem die "a-tipiese" gevalle: daar is geen reël van die positiewe reg waaronder hulle presies val nie (nr 97). Laastens is daar die gevalle waar 'n toepaslike norm of leerstuk wel tot die regsisteem behoort (nrs 99–100). Namate hierdie probleme toeneem, neem die moeilikheidsgraad toe. Dit lyk vir ons na die mees realistiese insig. Gevalle is nie óf moeilik óf eenvoudig nie, maar daar is sprake van 'n glyende skaal.

Altyd êrens aanwesige standaardsituasies

Die tweede punt van kritiek teen Smits gaan oor die klem wat hy op die "altijd ergens aanwezige standaardsituaties" plaas. Soos almal het Smits eerbied vir die prinsiepe dat gelyke gevalle gelyk behandel moet word en ongelyke gevalle ongelyk na die mate van hulle ongelykheid. (Vgl ook Fikentscher *Methoden des Rechts bd IV* (1977) 203–205 wat die *Gleichgerechtigkeit* ten grondslag lê aan sy "*Fallnorm*-teorie".) Soos reeds aangedui, geld dit vir Smits nie net in die sogenaamde reëlgevalle (*evidente* standaardsituasies) nie, maar ook in problematiese gevalle wat vergelyk moet word met dié in die leerstukke ontwikkelde

standaardsituasies. Uiteraard ontstaan dan in elke konkrete geval, moeilik of maklik, steeds die vraag of dit gelyk is aan die vroeër besliste geval al dan nie. Vir die beantwoording van hierdie vraag gee Smits geen antwoord nie. Sy boodskap vir die regter in die regsvindingsproses blyk so daaruit te sien: daar is altyd een geval te vind wat lyk na dit wat voorhande is; meestal is daar selfs talle. Welke 'n mens kies, maak nie saak nie: wat 'n mens ook al kies, is altyd goed want of die geval in 'n relevante opsig lyk soos die een wat voorhande is, stel 'n mens self vas. *Die keuse legitimeer sigself.* Die "juiste" oordeel waarvan Smits praat, kom dan wel in 'n willekeurige soeklig te staan.

Dit beklemtoon nog meer Smits se visie op die reg, wat saamgevat kan word as "vir elke gevalsituasie sy eie reël" (65). Aangesien elke geval hom tot in die oneindige kan bly voordoen, bly *alle* norme wat ooit geformuleer is, van belang. Nou lyk dit of Smits twee stellings tegelykertyd stel wat onverenigbaar is. Enersyds: daar is altyd 'n standaardsituasie aanwesig. Iedere gevalsituasie het hom al eenmaal voorgedoen: geen gevalsituasie met bypassende norm is derhalwe nuut nie. Andersyds: die versameling gevalsituasies neem voortdurend in aantal toe. 'n Nuut opgestelde reël is innig verbind met die nuwe omstandighede wat hulle in 'n gegewe geval voorgedoen het. Die ou norm maak nooit plek vir die nuwe nie, want 'n nuwe norm word geformuleer *naas* die ou een *vir 'n ander geval.* Die feit dat 'n norm al of nie *hic et nunc* gebruik word, lewer geen bewys dat hierdie norm al of nie "juis" is nie. Sy waarde lê daarin dat hy *op enige tydstip* gebruik sou kon word (65–66). Is Smits se stellings teenstrydig? Die antwoord is nee. Die ambivalensie val weg wanneer 'n mens veronderstel dat nuwe norme (regsreëls) ontstaan deur herskikkings (verfynings of juis veralgemenings) van die gevalle wat reeds plaasgevind het (standaardsituasies). 'n Dergelike sienswyse stem sterk ooreen met dié van die *common law* en die manier waarop dit ontwikkel. Dit laat die vraag wat ook die Engelse reg in verleentheid bring, onopgelos. Kontinentale regstelsels kan verwys na 'n "beginperiode", te wete die tydperk waarin die *Corpus iuris civilis* geresipieer is. In die aanneming van destyds is ons reg in 'n sekere sin gelegitimeer. Die *common law*-regter legitimeer tradisioneel sy beslissings in vroeëre beslissings in vergelykbare gevalle, wat op hul beurt eweneens gelegitimeer geword het deur verwysings na presedente. So ontstaan 'n *regsressus ad infinitum*, wat in die Engelse leer somtyds "opgelos" word deur 'n verwysing na die *immemorial custom of the realm* of *general immemorial usage*, waarmee "dit" alles 'n aanvang sou geneem het (David en Brierly *Major legal systems of the world today* 385 nr 349).

Die vraag aan Smits is: vanaf watter moment in die geskiedenis kan 'n mens sê: "tans het elke geval voorgekom"? Daar moet iewers 'n oomblik uit te wys wees tussen die daeraad van die mensdom en die oomblik vanaf wanneer dit geld. In geval hierdie moment bestaan, beteken dit logieserwys dat daarvóór 'n periode was waarin nog nie alle denkbare standaardsituasies voorgekom het nie. Dit val nie in te sien hoekom in daardie periode geheel nuwe feitelike gevalsituasies voorgekom het maar tans nie meer nie.

Standaardsituasies en *Fallnormen*

Die derde onderwerp van kritiek sluit aan by die voorafgaande. Smits wyk af van die *Fallnorm*-teorie van Fikentscher wat betref die versoenbaarheid van die altyd êrens teenwoordige standaardsituasie met nuwer norme. Fikentscher los die probleem op deur 'n onderskeid te maak tussen die objektiewe reg en die positiewe

reg. Die positiewe reg is die reg wat na die regsbronne herlei kan word. Die objektiewe reg is die versameling van alle in 'n bepaalde regsorde benodigde reëlgevalle (*Fallnormen*), dit wil sê die uit die verlede, hede en toekoms. Daartoe behoort derhalwe ook "diejenige Fallnormen, die bisher zur Lösung von Fällen noch nicht benötigt werden" (Fikentscher 218). Deur middel van dié konstruksie is Fikentscher in staat om te aanvaar dat "nuwe" *Fallnormen*, dit wil sê hedendaagse en toekomstige, tot onlangs nog nie benodigde *Fallnormen*, reeds bestaan in die objektiewe reg. Vir die positiewe reg is hulle nuut, dog nie vir die objektiewe reg nie.

By Smits daarenteen verwys die aanwesige, dus bestaande standaardsituasies – meer in ooreenstemming met die gewone taalgebruik – na hede en verlede maar *nie* ook na die toekoms nie. As egter enersyds altyd êrens 'n standaardsituasie aanwesig is en andersyds die reël 'n bepaalde standaardsituasie beskryf, dan is in die sienswyse van Smits die leerstuk te sien as 'n reserwe van altyd aanwesige, alhoewel verborge *regsreëls*. Daarmee het die ook deur Smits gemaakte onderskeid tussen reëlgevalle en problematiese gevalle geheel en al verval. Hy sê dus eintlik: daar is altyd 'n regsreël aanwesig. Aldus heg Smits wel veel waarde aan die regstradisie en die reëls wat daarin te vind is. In dié sin vorm Smits se visie die amper volmaakte spieëlbeeld van Dworkin se leer: Dworkin se regter het altyd te make met beginsels, dié van Smits steeds met reëls.

Koning Rex

Ten slotte lyk dit sinvol om die wyse lesse van Lon Fuller in gedagte te hou. Fuller beskryf en analiseer in sy *The morality of law* (1969) "eight ways to fail to make law" aan die hand van die lotgevalle van koning Rex, wat nie daarin geslaag het om enige reg (goeie of slegte) te skep nie. Die riglyne van Fuller om die ongelukkige situasie van koning Rex te voorkom, kan in die eerste plek gesien word as wetgewingsriglyne vir die wetgewer. Maar koning Rex was wetgewer en regter tegelyk. Die riglyne kan sonder moeite toegepas word op die regsvinding deur die regter.

Smits kom onses insiens met 'n aantal van hulle in konflik. Dit betref in die besonder algemeenheid, bekendmaking, terugwerkende krag en frekwente wysiging van regsreëls.

Die algemeenheids*desideratum* vereis dat 'n mens werklik tot *reëls* kom sodat dit nie nodig is om elke geval *ad hoc* te beslis nie (Fuller 46). Wil 'n regsreël 'n reël wees, dan moet hy ten minste *algemeen* wees. Dit is kenmerkend vir 'n reël om in meer as een geval toepassing te kan vind. Die beslissing van die regter in 'n konkrete geval moet vatbaar wees vir veralgemening (Asser-Vranken nr 91; Wiarda *Drie typen van rechtsvinding* (1988) 34; Drion "Functies van rechtsregels in het privaatrecht" 1973 *Speculum Langemeijer* 52). Regverdigheid moet soms wyk voor die algemeenheid van die reg wat nie altyd billik *in concreto* kan wees nie (Scholten *Verzamelde geschriften I* (1949) 274 312).

Die teendeel van die algemeenheids*desideratum* van Fuller is die regsvindingsleer van Smits. Dié is saam te vat in die volgende drie "pylers": (a) daar is altyd iewers 'n regsreël aanwesig; (b) elke gevalsituasie het sy eie reël; en (c) die ou norm maak nooit plek vir die nuwe nie, aangesien die nuwe norm geformuleer word langs die ou een vir 'n ander geval. Die kombinasie van hierdie "pylers" blyk 'n vrypas te gee om in elke klein afwyking 'n afsonderlike reëlgeval te ontdek. Daardeur ontstaan 'n oneindige versnippering van die reg aan die hand van alle êrens ooit vorige besliste gevalle. Die gevaar bestaan dat die reg

vervorm word tot "[t]hat wilderness of single instances" (Tennyson, aangehaal deur Hahlo en Kahn *The South African legal system and its background* (1973) 215). Ofskoon Smits toegee dat die geval sy normstellende krag verloor wanneer die inkorporasie van die geval in die reël volledig is, erken hy nie dat die versnippering, wat die gevolg is van sy leer, regsonsekerheid skep en om dié rede bevraagtekenbaar is nie. Inteendeel meen Smits dat die regspraktyk gedien word deur 'n so groot as moontlike arsenaal van reëls, beginsels en gevalle waaruit geput kan word. Die keuse van die regter uit alle Nederlandse en buitelandse vonnisse van die hede en die verlede "kan op geen enkele wijze worden ingeperkt" (66).

Wat die bekendheids*desideratum* betref, meen Nieuwenhuis dat ongeskrewe reg "bestaat en kan worden gekend". Dit kan geken word deur die regter maar ook deur die "justisiabeles" in die samelewing. Daar is reëls wat, hoewel hulle nie gepubliseer is nie, nietemin tot die "publieke domein" behoort. Hulle is sulke "voor de hand liggende" norme dat hulle toeganklik is vir almal wat oor 'n redelike insig beskik (Nieuwenhuis *Confrontatie en compromis* (1992) 12). Indien hierdie toeganklikheid as regverdiging moet dien vir die gebruik van ongeskrewe reg, wat per definisie nie tevore afgekondig word nie, dan is dit wel 'n bietjie skraal. Die regverdiging vereis later 'n nogal vrye interpretasie van wat "voor de hand liggend" was. Dit is dan asof Smits se verborge regsreëls as *evidente* regsreëls geïnterpreteer word.

So kom 'n mens op die terugwerkende krag. Dit is nie noodsaaklik dat die ongeskrewe reg vóór die beslissing in die vorm van regsreëls moet bestaan het nie, soos Nieuwenhuis wél betoog. In *hard cases*, soos Dworkin beskryf (81), is die ongeskrewe reg aanwesig in erkende regsbeginsels en juis nie in regsreëls nie. Regsreëls is verander by Smits, eweas by Dworkin en hulle ontstaan vir bepaalde nuwe gevalle. Hulle word van *hard case* tot *easy case*, van verborge standaardsituasie (problematiese geval) tot *evidente* standaardsituasie (reëlgeval). By Dworkin verander daar ook niks in die reg waaroor die een party beskik om sy hofsaak te wen nie. 'n Mens sou kon stel dat die objektiewe reg in sy vorm wysig maar nie inhoudelik nie.

Dikwels is dit ook so dat die maatstawwe wat die regter vir die eerste keer hanteer, miskien nie reeds as reg bestaan het nie maar nietemin as regsopvattings, morele standaarde, sedes of gesigspunte aanwesig was (vgl Scholten 52–53 57). Kenbaar is en was die gebruikte maatstawwe as algemene of reeds lang aanvaarde opvattings. Hierdie insig ontken nie die terugwerkende krag van ongeskrewe reg nie. Dit verplaas die probleem na die kenbaarheid in die voorfase van die reg en doen 'n beroep op 'n sekere *Vorverständnis* by die burgers.

Dit is nie duidelik hoe Smits dit sien nie. Ook Smits se leerstukke bevat so 'n element van langdurige ervaring en aanvaarding. Maar behoort die verborge standaardsituasies tot die objektiewe reg? Waarskynlik wel. Immers: word daar 'n nuwe reël geformuleer, bly volgens Smits die ou reël bestaan vir 'n ander geval. Die waarde van die ou reël bestaan daarin dat dit nog eens aangewend kan word. Omdat alle gevalle hulle egter al voorgedoen het volgens Smits se insig, kan die nuwe gevalle slegs verfynings en uitbreidings van vorige gevalle wees. Dit beteken dat 'n spesifieke feitekompleks wat eens met die een standaardsituasie gelykgestel is, tans met 'n ander een gelyk geskakel word. Met ander woorde: die reël is nie meer dieselfde nie. Wat is dan die waarborg dat nie elke geval as 'n ander reëlgeval gesien word nie? Indien die regsreël van geval tot

geval kan verander, skep dit regsekerheidsprobleme en "[a] law that changes every day is worse than no law at all" (Fuller 37).

Konklusie

Smits pleit tereg vir aansluiting by die sisteem en die bestaande leerstukke. Dit kan vir oorsigdoeleindes ten goede strek. Maar met die uitleg wat Smits aan reëls en leerstukke gee, word oorsigtelikheid nie gedien nie. Die waarde van Smits se teorie lê veral daarin dat hy meer as vele ander aanknoping vind by die regsgeskiedenis én die ervaringe van buitelandse reg, by die leerstukke van die reg wat hulle deur die eeue gevorm het (hy praat van die "eeuwigheidskarakter der leerstukken").

Baie gevalle het inderdaad êrens in die wêreldgeskiedenis wel al voorgekom. Uit die ervaring daarmee en uit die wysheid waarmee juriste van weleer dié gevalle beoordeel het, kan meer gehaal word as wat 'n mens teenswoordig geneig is om te dink. Van die nut van bestudering van buitelandse reg en regsvergelyking word ons vandag steeds meer oortuig; die rykdom van die regsgeskiedenis word dikwels verontagsaam. Vir diegene wat hulle besig hou met die onderlinge bestudering van die Suid-Afrikaanse en die Nederlandse reg is dit jammer, want hier vervleg hedendaagse reg, regsgeskiedenis en regsvergelyking.

Smits se prikkelende en oortuigende boek is nie net 'n waardevolle aanwins vir die regsteorie nie, maar ook vir die regsvergelyker bied dit interessante perspektiewe. Op Smits se opvattings aangaande die vertrouensbeginsel en die grondslag van kontraktuele gebondenheid is hierbo slegs kortliks ingegaan. Ter afsluiting word volstaan met die opmerking dat ook op hierdie gebied Smits hom bewys het as 'n outeur wat 'n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling van die reg lewer.

OA HAAZEN
JDR GORTER
Katholieke Universiteit Brabant, Tilburg, Nederland

WORKPLACE LAW
by JOHN GROGAN
Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1996; xx and *258 pp*
Price R115,00 (excluding VAT) (soft cover)

In some ways the advent of a new labour law dispensation is akin to a gold rush. New and experienced diggers line up to be first in the field. John Grogan, an old hand, was first past the post with his work, *Workplace law.*

It is, as he explains, a replacement for his two well-known works, *Riekert's Basic employment law* and *Collective labour law.* Professor Grogan marries individual labour law with collective labour law in the context of the new Labour Relations Act of 1995. The style of the new book mirrors that of its prede-

cessors. It is clear and incisive and written with a journalistic flair (a happy glimpse of a previous career) and an eye for detail. It highlights infelicities in the new Act, raises some challenging questions and explores the past in search of solutions. This adds up to a highly readable text which initiates readers into the new system by leading them from the known to the new. This is done in such a way that first-time readers will also be eased into the new system with sufficient background for them to appreciate the origins of the new system.

The jurisprudence of the former system was largely based on a small and seemingly fragile peg – the concept of the unfair labour practice. The unfair labour practice which conferred on the labour courts their equity jurisdiction gave the courts wide ranging powers to remedy such actions as unilateral amendments of contracts of employment. Now the unfair labour practice has been regulated to a schedule, where it survives only because of the imperative of society to retain a measure for ensuring equity in employment (including affirmative action) until a comprehensive employment equity statute sees the light of day. This is in progress (see The Department of Labour's Employment and Occupational Equity: Policy Proposals in *GG* 17303 of 1996-07-01).

Grogan alludes to the implications of the absence of an unfair labour practice jurisdiction in the context of unilateral implementation of amendments to a contract of service. An employee who refuses to acquiesce in an employer's change may be dismissed by notice at common law. Under the previous dispensation the labour court would investigate the nature of the amendment and interdict an amendment or restore the *status quo* and, if necessary, reinstate the employee. The determination would be preceded by an evaluation of the fairness of the amendment and other relevant considerations.

The new remedy is for the employee to refuse to accept the change and, if the employer dismisses him or her, to complain to a bargaining council or the Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration (the CCMA). Here the dispute will be mediated and if necessary arbitrated. Grogan suggests that "he or she will in all probability be reinstated" (28). Reinstatement is the preferred remedy but it follows only if the dismissal was unfair. In deciding on the fairness of the dismissal, the arbitrator will be obliged to make a value judgment which will include an assessment of the merits of the unilateral amendment.

Some amendments may be regarded as fair, and employees who refuse to accept them will do so at their peril. The best approach may be to follow the advice "obey now, grieve later". This approach may not be suited to the individual, however, as this kind of dispute may be mediated but not arbitrated. Industrial action will be available only if enough employees are concerned about the change. Industrial action may be an entirely inappropriate response but it may be the only one available.

Later on in the work, Grogan explores miscellaneous unfair labour practices and revisits unilateral changes in contracts of employment (143). Here he points out that the Labour Appeal Court has sanctioned such changes if there are sound commercial reasons for them and if there has been negotiation in good faith.

In a cross-reference to chapter 20 (wrongly indicated at 28 as a reference to ch 19) the author indicates an intention to deal with unilateral implementation in the context of a strike. What was intended was a discussion of the concept of an automatic *status quo* order like that which prevailed to some degree under earlier Industrial Conciliation Acts and which has resurfaced in the new Act.

Unfortunately this section seems to be missing. The reader can, however, read the relevant section, section 64(5), as an excerpt from it appears on page 212.

The death of an employee results in the termination of the contract of employment. The death of the employer, where the employer is a natural person, is more problematical. The author states baldly (62) as he did in *Riekert's Basic employment law*, that the death of either the employee or the employer terminates the contract. There may be a good case to be made out for this proposition but it does not reflect our law at present. The death of the employer, if the employer is a natural person, is not regarded as terminating the contract of employment in Roman-Dutch law. The statement should, at least, have been qualified.

The sections on dispute resolution are adequate as an introduction but will require more attention once the Labour Court and the CCMA begin functioning. The index is unfortunately inadequate given the depth of the debate, a debate which is often conducted in footnotes. Clearly the author must have agonised about which excerpts from the Act to include. Assuming that, as always, the twin considerations of space and costs were decisive, he has reproduced the most important sections in an annexure.

All in all a useful, enjoyable book. The description on the cover, that it is "[d]esigned as a student text and a work of first reference for employers, union officials and practitioners", is amply borne out by the presentation and treatment of the law.

ADOLPH A LANDMAN
University of South Africa

HUMAN RIGHTS AND AFRICAN CUSTOMARY LAW
by TW BENNETT
Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1995; xli and 174 pp
Price R120,00 (VAT incl)

In this book, Professor Tom Bennett, an eminent scholar in the area of customary law, discusses the impact that the interim Constitution may have on customary law. He explores the manifold conflicts between the African legal tradition and human rights, suggesting means for the resolution of these conflicts and identifying circumstances in which one regime should prevail over the other.

The book is the first in a series on human rights and constitutional law to be published under the auspices of the Community Law Centre of the University of the Western Cape.

As mentioned in the preface, the book is based on an assumption that South Africa is now bound to respect the cultural tradition of those of its people who live according to an African way of life. Such respect implies that state courts may recognise and apply customary law, the legal regime associated with African culture. Once this obligation is acknowledged, conflicts with the fundamental

rights contained in chapter 3 of the 1993 Constitution are bound to arise, for the values encoded in customary law on the one hand and the Constitution on the other, frequently contradict one another.

In chapter 1, which deals with fundamental rights and the African cultural tradition, the author points out that although it is often claimed that fundamental rights represent a universal, and therefore a culturally neutral, value system, they betray their origins in Western law and philosophy at every turn. Rules had no particular value *per se* for African societies. Social harmony was achieved through other means.

Of major importance is chapter 2 in which customary law as a constitutional right is discussed in terms of section 31 of the Constitution which provides:

> "Every person shall have the right to use the language and to participate in the cultural life of his or her choice."

On the basis of this section, supplemented with the authority of international and comparative foreign law, the author argues that an argument can be made that the state is now obliged to recognise and apply customary law in its courts.

Chapter 3 covers the relationship between customary law and the fundamental rights and deals with the contradiction between customary law and fundamental rights, the application of human rights in the private sphere, the interpretation of the fundamental rights, the limitation clause, judicial review of customary law and legislative amendment of customary law.

The application and nature of customary law are discussed in chapter 4. The discussion is divided into the application of customary law, the nature of customary law, the "official" version, social change, and the "invented tradition". In the last part the authenticity of customary law is questioned.

Chapter 5, which deals with traditional leaders, provides a discussion of indigenous government and colonial intervention, legislative functions of traditional rulers under the Constitution and executive and judicial powers of traditional leaders.

Chapter 6 considers the position of women and more specifically patriarchy, resistance and reform, women in the "official" version of customary law, implication of the equality clause and the limits of judicial review under the equality clause.

In chapter 7 an overview is given of the rights of the child with particular emphasis on proprietary and delictual capacity, contractual capacity and *locus standi*, custody and guardianship, adoption, discipline and initiation, as well as legitimacy.

The importance of a uniform code of marriage in South Africa is argued in chapter 8, and the effect of the Constitution on the formation of the marriage, spousal relations, divorce and succession, is examined.

The last chapter deals with property rights and land under the following headings: the problem of describing customary conceptions of property, powers of traditional leaders, individual rights, the constitutional right to property, restitution and redistribution of land.

The content of the book is well structured and reproduced in a concise manner. It contains a case index, bibliography, abbreviations and references to the Constitution.

In conclusion – this is an extremely well written book which will no doubt prove its worth to government officials, law students and the legal profession. Indigenous law teachers should seriously consider including this book in their curriculum.

FPvR WHELPTON
University of South Africa

PERSONEREGBRONNEBUNDEL/LAW OF PERSONS SOURCE BOOK

deur RA JORDAAN en T DAVEL

Tweede uitgawe; Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1996; xxix en 506 bl

Prys R145,00 (sagteband)

Die eerste uitgawe van hierdie werk het in 1992 verskyn en was bedoel om saam met Van der Vyver en Joubert se *Persone- en familiereg* gebruik te word (sien oor die eerste uitgawe De Jong 1993 *THRHR* 527). Behalwe vir uittreksels uit Engelse beslissings, was die eerste uitgawe uitsluitlik in Afrikaans. Intussen het *Personereg: studentehandboek* en *Law of persons: students' textbook* onderskeidelik in 1994 en 1995 uit die pen van dieselfde outeurs verskyn. Die nuwe baadjie van *Personeregbronnebundel/Law of persons source book* kan toegeskryf word aan die feit dat die werk aangepas moes word om saam met hierdie twee handboeke gebruik te word en die feit dat die werk nou (amper) heeltemal tweetalig is.

Die bundel bestaan uit 'n voorwoord, inhoudsopgawe, lys van belangrikste handboeke aangehaal, vonnisregister, lys van aangehaalde statute en sewe hoofstukke.

Terwyl die inhoudsopgawe van die eerste uitgawe slegs die nommers van die bronne aangedui het wat onder 'n sekere afdeling aangehaal word en glad nie bladsynommers bevat het nie, bevat die inhoudsopgawe van die tweede uitgawe slegs bladsynommers. Dit is baie makliker om dit op hierdie manier te gebruik. Trouens, in die tweede uitgawe word die bronne glad nie genommer nie.

In die register van aangehaalde statute word by elke wet in vetskrif aangedui watter wetsartikels in die geheel aangehaal word (met bladsynommers). Wetsartikels waarna net in die aantekeninge verwys word, word in gewone druk aangedui (met bladsynommers). Dit is ook 'n verbetering op die eerste uitgawe waarin dit nie duidelik was watter artikels van die betrokke wet aangehaal word nie (sien De Jong 1993 *THRHR* 528).

Die hoofkenmerk van die bronnebundel is die tweetaligheid daarvan. Die voorwoord, inhoudsopgawe, aangehaalde statute en aantekeninge verskyn in beide Afrikaans en Engels. Die feite van aangehaalde sake verskyn ook in beide Afrikaans en Engels. Uittreksels uit beslissings wat in Engels gelewer is, verskyn

onveranderd terwyl uittreksels uit Afrikaanse beslissings ook in Engels vertaal is. Hierdeur word veral studente wat glad nie Afrikaans magtig is nie, tegemoetgekom.

In die eerste hoofstuk word hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 aangehaal met 'n baie bondige aantekening oor die invloed van die menseregtehandves op die personereg.

Die ander hoofstukke volg min of meer dieselfde indeling as *Personereg: studentehandboek* en *Law of persons: students' textbook.* Die feit dat opskrifte tot in die sesde vlak genommer is, is verwarrend (bv 4.3.1.5.2.2).

Vonnisse wat tot en met November 1995 gerapporteer is, en wetgewing wat tot en met die eerste week in November 1995 goedgekeur en gepubliseer is, is vir insluiting oorweeg. Heelwat van die ouer vonnisse (bv *Adams v Adams* (1882) 2 SC 24; *Govu v Stuart* (1903) 24 NLR 440; *Jooste v Jooste* 1938 NPD 212; *Wells v Dean-Willcocks* 1924 CPD 89) word in die tweede uitgawe nie meer in die geheel aangehaal nie. Daar word bloot in die aantekeninge na hierdie vonnisse verwys. Aan die ander kant is ook heelwat onlangse vonnisse in die tweede uitgawe ingesluit. Een daarvan is die resente *B v S* 1995 3 SA 571 (A) wat handel oor die ongetroude vader se toegangsbevoegdhede tot sy buiteegtelike kind. Dit val egter vreemd op dat hierdie beslissing nie in die geheel aangehaal word nie, maar *F v L* 1987 4 SA 525 (W) en *Van Erk v Holmer* 1992 2 SA 636 (W) wel.

Die volgehoue ontwikkeling en hervorming waaraan die personereg onderworpe is, word duidelik weerspieël in die keuse van bronne. Daarvan getuig die feit dat 'n hele hoofstuk afgestaan is aan die personereg en grondwetlike hervorming. Die insluiting van die Wet op Voogdy 192 van 1993 aan die begin van die hoofstuk oor die invloed van ouderdom op status is sinvol. Dit bly dikwels agterweë met die gevolg dat die begrip "voog" vir studente onduidelik is. Daarbenewens word studente gewys op die tendens in ons reg om weg te beweeg van juridiese differensiasie wat op geslag gebaseer is (385). Hierdie tendens word geïllustreer deur onder andere te verwys na die Vierde Algemene Regswysigingswet 132 van 1993 en die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld 133 van 1993.

Die aantekeninge plaas die aangehaalde bronne in perspektief binne die breë personeregvakgebied. Daar word ook soms in die aantekeninge aanknopings gevind by vraagstukke wat nie noodwendig in die aangehaalde bronne aangespreek word nie.

Personeregbronnebundel/Law of persons source book is 'n volledige, gebruikersvriendelike werk wat vir beide dosent en student (veral studente wat glad nie Afrikaans magtig is nie) van groot nut behoort te wees. Dit is 'n onontbeerlike aanvullende handboek vir studente wat *Personereg: studentehandboek* of *Law of persons: students' textbook* as voorgeskrewe handboek gebruik.

JM KRUGER
Universiteit van Suid-Afrika

**BUTTERWORTHS LEGISLATION SERVICE/
BUTTERWORTHS WETGEWINGSDIENS
RESTITUTION OF LAND RIGHTS ACT 22 OF 1994/
WET OP HERSTEL VAN GRONDREGTE 22 VAN 1994**

Butterworths Durban 1995; loose-leaf format

Price R68,40

This loose-leaf publication is a further one in the series of the Butterworths Legislation Service. The review copy contained only the Afrikaans versions of the Restitution of Land Rights Act 22 of 1994 as well as the (complementary) Expropriation Act 63 of 1975. Also included are tables of cases and indexes.

The contents of the remainder of the volumes in the series are in both English and Afrikaans. I suspect that the review copy is, therefore, incomplete. If not, I would urge the publishers to include the text of the legislation in both languages.

In the light of the currency of the Restitution of Land Rights Act it was timeous to publish it in this format. In view of the importance of this Act it is suggested that the regulations and (some of the) decisions of the Land Claims Court also be included at some stage.

JEANNIE VAN WYK
University of South Africa

What erotic material I may choose to keep within the privacy of my home, and only for my personal use there, is nobody's business but mine. It is certainly not the business of society or the State. Any ban imposed on my possession of such material for that solitary purpose invades the personal privacy which s 13 of the interim Constitution (Act 200 of 1993) guarantees that I shall enjoy. Here the invasion is aggravated by the preposterous definition of 'indecent or obscene photographic matter' which s 1 of the statute [Indecent or Obscene Photographic Matter Act 37 of 1967] contains. So widely has it been framed that it covers, for instance, reproductions of not a few famous works of art, ancient and modern, that are publicly displayed and can readily be viewed in major galleries of the world. That s 2(1) clashes with s 13 seems to be indisputable (per Didcott J in *Case and Curtis v Minister of Safety and Security* 1996 3 SA 617 (CC) 656–657).

BRIEWE

The following letter was received by the editor:

Sir,

In 1995 *THRHR* 672 you published a note by Susan Scott, "Notarial bonds and insolvency", containing certain statements which should not remain uncontradicted. Professor Scott's valuable note revisits a topic of great theoretical and practical interest, and helps to elucidate some of the salient points in respect of the position once insolvency interrupts the relationship between the bondholder and bondgrantor under a notarial bond. She also expresses welcome support for some hitherto underestimated proposals, especially those of Sonnekus.

To my mind, however, the following statements need to be reconsidered:

First, Scott states that Van der Walt, Pienaar and Louw, "Sekerheidstelling deur roerende goed – nog steeds onsekerheid?" 1994 *THRHR* 675, "err where they seem to imply that a perfection clause in a bond may make provision for the bondholder to take control of the bonded property without a court order".

In fact, this is an understatement. What those authors were referring to is exactly what is to be found in many standard contract terms that used to (and, sadly, still do) appear in notarial bond documents! The view held by Scott (and others) that such a contract term must surely be regarded as unacceptable and unenforceable, is fully endorsed by Van der Walt. Unfortunately, however, there is often no penalty for drafters or users of standard term contracts who include terms in contracts which are bad in law or (even sometimes) contractually immoral. The seriousness of this situation is only fully realised when one considers that very few disputes about contracts ever come before a court. Where that does happen, of course, as is to be expected, such contract clauses can be scrutinised and struck out, or be made less objectionable by way of interpretation, to mention but one method generally applied. Such misuse of the law with regard to unfair contracts can now also be reported to the Unfair Contract Terms Committee, a liaison subcommittee of the Business Practices Committee, established under the Harmful Business Practices Act 71 of 1988, which has the power to deal with such matters.

However, the result of the inclusion of such objectionable terms in contracts is still that most non-drafting parties (who often do not have the necessary knowledge, or experience, or courage and tenacity, or means and circumstances, or trust in the law to defend themselves effectively) never really challenge the use of such terms. Many non-drafting parties will simply be intimidated by such a term (even if it may be bad in law) when they are made to realise that it actually does appear on the document, which was signed by them – even more so when the meaning of *pacta servanda sunt* is pointed out to them. It really is unfortunate that so little consideration is often given to what may be called the "psychology of standard form contracting".

In conclusion: Whether Scott, or Van der Walt, Pienaar and Louw, or whoever approves of it or not, and whether or not such terms will be enforced by a court

eventually, bad terms do appear in contracts only too regularly. If such a case does not come before a court, for whatever reason, the chances are that most non-drafting parties will abide by whatever appears in the contract document, albeit unhappily. It is, therefore, not Van der Walt, Pienaar and Louw who err in this respect, but those drafters of standard form notarial bond documents who include terms in their contracts which provide for the taking of control without a court order. The authors merely wished to remind readers of the existing malpractice of including such bad terms in contracts of this nature. Naturally, their note was focused on the matter at hand, namely the question whether the legislature has succeeded in alleviating the most important uncertainties in the field of notarial bonds by the promulgation of the Security by Means of Movable Property Act 57 of 1993. That is the only reason why they did not elaborate on the contractual aspects in that note. However, the practice of including such bad terms as those referred to above, is so serious that it could not and still cannot simply be allowed to pass without comment. That, one would think, goes without saying.

Secondly, Scott finds that Van der Walt "Aspekte van die reg insake notariële verbande" 1983 *THRHR* 334 "unconvincingly questions the correctness of the viewpoint that a notarial bondholder in control of the movables should be regarded as a pledgee".

Van der Walt's argument there was that the notarial bondholder in control is in fact in a stronger position than a pledgee, since he still enjoys the usual measure of protection as a notarial bondholder even if he loses control, whereas a pledgee would lose his real security right altogether. It is for this reason that Van der Walt sees the notarial bondholder as being in a stronger position once (and whilst) he is in control of the bonded property, than he would otherwise have been. And even if control is subsequently lost, the notarial bondholder is still in the stronger position, however marginally, than a notarial bondholder is in relation to non-secured and other non-preferent creditors. This is still Van der Walt's opinion, as the existence of a notarial bond is not terminated the moment the bondholder gains control over the movable involved, only to reappear if the (then) pledgee loses such control. Put differently, the notarial bond is not cancelled when the bondholder obtains control over the bonded property – the bondholder's position is merely "enhanced" (per Didcott J in *Barclays National Bank Ltd v Natal Fire Extinguishers Manufacturing (Pty) Ltd* 1982 4 SA 650 (D) 656F) for the duration of his control.

Van der Walt (1983 *THRHR* 335) also points out that in the case of the bondholder-pledgee both the statutory requirements regarding notarial bonds (cf s 61(1) of the Deed's Act) and the common law requirements for a pledge, would have to be satisfied. This strengthens his view that the notarial bond will not simply vanish if the bondholder gains control of the bonded property, to reappear if he were to lose such control. What really happens is that the bondholder's position is improved for as long as his control lasts.

In the light of the above, it therefore seems that Scott and Van der Walt are more in agreement than Scott seems to think.

In any case, Scott states further that Van der Walt seeks support for his argument in the *Barclays Bank* case *supra* 656C–D, in which case, if Scott is understood correctly, the court was of a different opinion. This is not so, as is clear from the quotation from Didcott J's judgment (676) made by Van der Walt and Scott. In fact, Didcott J quite clearly stated that the bondholder gaining control

over the bonded property "improves" his position (656G), thereby coming into an "enhanced" position (656F).

The above comments should not be seen as detracting from Scott's otherwise lucid explanation of the situation pertaining to notarial bondholders upon insolvency, but as intended to assist readers by rectifying some possible misunderstandings.

CHRIS VAN DER WALT
Professor, Department of Private Law, Potchefstroom University for CHE

I must agree with his [Didcott J's] conclusion that the 1967 [Indecent or Obscene Photographic Matter] Act unreasonably and unjustifiably infringes the constitutional right to privacy. I would, however, respectfully part company from Justice Didcott to the extent that any part of his opinion might be read to suggest that it is not in any circumstances the business of the State to regulate the kinds of expressive material an individual may consume in the privacy of her or his own home. It may be so that, as in England, a 'South African's home is his (or her) castle'. But I would hesitate to endorse the view that its walls are impregnable to the reach of governmental regulation affecting expressive materials (per Mokgoro J in *Case and Curtis v Minister of Safety and Security* 1996 3 SA 617 (CC) 647).